

DIE ADVISERENDE KOMITEESTELSEL EN POLITIEKE ORGANISASIE SOOS  
AANGETREF IN DIE STEDELIKE GEBIED VAN PRETORIA  
MET BESONDERE VERWYSING NA TOESTANDE IN  
ATTERIDGEVILLE.

deur

ROELOF DEWALD COERTZE

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die  
graad

M.A. (Volkekunde)

in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte

van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA

Oktober 1957.

HOOFSTUK I. INLEIDING.

1 - 4

A. Probleemstelling.	1
B. Doel van ondersoek en indeling van verhandeling.	1
C. Metode van ondersoek.	3
D. Terminologie.	4

HOOFSTUK II. DIE POLITIEKE STELSEL VAN VOLKE MET BE-SONDERE VERWYSING NA DIE GESAGSBEGINSEL. 5- 21

A. Inleiding.	5
B. <u>Politieke organisasie.</u>	5
1. Die bestaan van 'n sosiale organisasie.	6
2. Die bestaan van 'n bepaalde gebied.	9
3. Die bestaan van 'n gesagseenheid.	10
(1) Gesagsbeoefening na buite.	11
(2) Gesagsbeoefening na binne.	11
(3) Definiëring van gesag.	14
4. Gewilligheid tot onderdanigheid aan gesag.	17
5. Definisie van politieke organisasie.	19

HOOFSTUK III. DIE POLITIEKE ORGANISASIE VAN DIE SOTHO. 22 - 90

A. Inleiding.	22
B. <u>Die sosiale eenhede.</u>	26
1. Die kleiner gesinne-eenheid.	26
2. Lešika.	27
C. <u>Die politieke administratiewe eenhede.</u>	28
1. <u>Die Wyk.</u>	28
(1) Samestelling.	28
(2) Die totstandkoming van wyke.	33
(3) Die rangorde van wyke.	35
(4) Wykshoofmanskap.	38
2. Groter politieke eenhede - distrikte - afdelings.	42
(1) Distriksvorming deur organiese groei.	43
(2) Distriksvorming deur sekondêre oorwegings.	46
(a) Die Bamangwato.	47
(b) Die Suid-Sotho.	50
(c) Die Batawana.	51
(d) Die Balobedu.	53
(3) Posisie en pligte van distrikshoofde.	56
3. <u>Die stamhoofskap of opperhoofskap.</u>	59
(1) Die posisie van die opperhoof.	59
(a) Afkoms.	59
(b) Pligsvervulling.	63
(i) Voorbereiding.	63
(ii) Pligte op sosiale terrein.	65
(iii) Pligte op magiese en gods-dienstige terreine.	65
(iv) Pligte op ekonomiese terrein.	65
(v) Pligte op militêre terrein.	67
(vi) Pligte op regtelike terrein.	67
(2) Raadgewende instellings.	68
(a) Private rade.	69
(b) Geslote rade.	72
(c) Openbare raadgewende instellings.	75
(i) Die stamvergadering.	76
(ii) Die regsverhoor deur die opperhoof.	79
(3) Plaasvervangende gesagsinstellinge.	80
D. Tipering.	82
E. Tendense van verandering.	87

HOOFSTUK IV. DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE WETLIKE  
 BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN BEHEER OOR DIE  
 LOKASIE.

91 -128

A. Inleiding.	91
B. <u>Inleidend oor beheer.</u>	92
1. Die aanstelling van amptenare in beheer van lokasies.	93
2. Die instelling van rade ten opsigte van lokasies.	94
3. Voorsiening van fondse vir lokasie-administrasie.	95
4. Opsommend.	97
C. <u>Blanke beheer en administrasie oor Atteridgeville.</u>	97
1. Beheer deur die Staatsdepartement van Naturellesake.	97
2. Beheer deur die Stadsraad van Pretoria.	98
(1) Die superintendent en sy kantoor.	98
(a) Algemeen.	98
(b) Magte van die superintendent.	98
(c) Die personeel van die superintendent.	102
(2) Ander Stadsraadsbeheer oor die lokasie.	103
(a) Die beheer oor die superintendent.	103
(b) Direkte kontrole oor lokasiesake deur die Stadsraad.	105
(c) Aandeel van ander Stadsraadsdepartemente.	105
D. <u>Beheer deur Bantoe of Naturelle instansies.</u>	106
1. Die Adviserende Naturellekomitee.	107
(1) Die instelling van die Komitee.	107
(2) Die huidige samestelling van die Komitee.	108
(3) Die funksies van die Komitee.	111
(4) Die pligte van die Komitee i.t.v. Wet 12/36.	112
(5) Verteenwoordiging van ander groepe dan naturelle.	113
2. Die Blokkomitees.	113
(1) Die doel met hierdie stelsel.	114
(2) Historiese herkoms en ontwikkeling van die stelsel.	115
(3) Die huidige samestelling van die komitees.	118
(4) Die pligte van die Blokkomitees.	119
(5) Die Sentrale Blokkomitee.	119
(6) Besoldiging van Blokkomitee-lede.	121
3. Die "Sub-komitees" van die Adviserende Komitee.	122
(1) "Die Sub-komitee vir Behuising.	123
(a) Die instelling van die komitee.	123
(b) Die samestelling van die komitee.	124
(c) Die werking van die komitee.	125
E. Opsommend.	126

HOOFSTUK V. DIE FUNKSIONERING VAN DIE STELSEL VAN BLANKE  
 BEHEER EN ADMINISTRASIE.

129 -144

A. Inleiding.	129
B. Die persoonlikheid van die superintendent.	129
C. Interdepartementele samewerking.	131
D. <u>Die funksionering van die lokasieregulasies.</u>	133
1. Die probleme wat voortvloei uit verskuiwing.	133
2. Die onwettige binnekoms van die lokasie.	135
3. Straathandel.	137
4. Uitsetting uit die lokasie.	138
5. Oprigting van buitegeboue.	139
6. Rapportering van misstande.	140
7. Kafferbier.	141
8. Samewerking.	142
E. Die koördinerende posisie van die superintendent.	144

<u>HOOFSTUK VI. DIE HISTORIESE ONTWIKKELING EN AANDEEL</u>		
<u>VAN POLITIEKE PARTYE IN DIE VERKIESING</u>		
<u>VAN LEDE VAN DIE ADVISERENDE KOMITEE.</u>		145 - 216
A.	Inleiding.	145
B.	<u>Die bestaan van verskillende partye.</u>	146
	1. Die historiese ontwikkeling van die huidige partyverdeling.	146
	2. Die doelstellings van die verskillende partye.	162
	3. Die ontstaan en herkoms van die name en kleure van die verskillende partye.	166
C.	<u>Die organisasie van die verskillende partye.</u>	168
	1. Inleiding.	168
	2. Die Kgudu Morôhô.	169
	(1) Organisatoriese samestelling.	169
	(2) Die werking van die stelsel.	172
	3. Die Transvaalparty.	176
	4. Die Namune.	178
D.	<u>Metodes van ledgewerwing.</u>	181
	1. Die ledetal van die verskillende partye.	181
	2. Individuele bearbeiding.	182
	3. Oorheersing deur 'n besondere groep.	184
	4. Verskillende soorte vergaderings.	185
	5. Oorstap van leiers en terrorisasie van kiesers.	187
	6. Beloftes en omkoperij.	188
	7. Algemene beloftes vervat in verkiesingsmanifeste.	190
	(1) Die Kgudu Morôhô en Transvaalparty.	191
	(2) Die Namune party.	198
	(3) Vetes tussen die partye.	202
	(4) Vergelyking.	204
	(5) Invloed van Blanke politiek op verkiesingsmanifeste.	207
E.	<u>Verdere konsolidering van lede of ondersteuners.</u>	209
	1. „The Kgudu Morôhô Youth Brigade (Torch Commando)“	209
	2. Die verband tussen partye en begrafnisverenigings.	213
F.	<u>Die wyse waarop party-fondse verkry word</u>	215
<u>HOOFSTUK VII. DIE HISTORIESE ONTWIKKELING EN AANDEEL</u>		
<u>VAN POLITIEKE PARTYE IN DIE VERKIESING</u>		
<u>VAN LEDE VAN DIE ADVISERENDE KOMITEE .</u>		
<u>(VERVOLG)</u>		217 -249
G.	<u>Die Stemstelsel.</u>	217
	1. Historiese ontwikkeling.	217
	2. Voor- en nadele volgens informante.	218
H.	Die opstel van die kieserslys.	222
I.	Die Nominasiestryd.	226
J.	<u>Die Verkiesing.</u>	228
	1. Inleiding	228
	2. Die aanstelling van opsieners.	229
	3. Die Verkiesingstryd.	230
	4. Die stemprosedure.	231
	(1) Toestande buite die stemlokaal.	231
	(a) Kleurvertoon.	232
	(b) Dansvertoon.	233
	(2) Toestande binne die stemlokaal.	234
	5. Die uitslag van die verkiesing.	236
	6. Laksheid om te stem.	242
	7. Die afwikkeling van die verkiesing.	244
	8. Die bestryding van die verkiesingsonkoste.	246
	9. Algemene opmerkings oor die verkiesingstelsel.	248

HOOFSTUK VIII. DIE WYSE WAAROP DIE ADVISERENDE KOMITEE-  
STELSEL IN PRETORIA FUNKSIONEER. 250-308

A. <u>Die Adviserende Komitee self.</u>	250
1. <u>Algemeen.</u>	250
(1) Vergaderingsprosedure.	250
(2) Aanstelling van sub-komitees.	252
(3) Bywoning van vergaderings.	254
2. <u>Pligsvervulling deur die Adviserende Komitee.</u>	255
(1) <u>Nakoming van adviesverpligting.</u>	257
(a) Algemeen.	257
(b) Behuising.	258
(c) Onwilligheid tot verantwoordelikeids- besef.	260
(d) Wye adviesmagte.	262
(e) Naturelle-belange in die lokasie.	264
(f) Afkeer aan die tradisionele.	265
(g) Wier uniale adviesmagte.	266
(h) Advies by wyse van petisie.	267
(2) Uitoefening van verantwoordelike magte.	270
(3) Die mate waarin opposisie ondervind word.	272
(4) Die omvang van korrupsie.	281
B. <u>Die wyse waarop die Blokstelsel en ander Komitees Funksioneer.</u>	281
1. <u>Die Blokstelsel.</u>	281
(1) Die samestelling van die komitees.	282
(2) Die wyse waarop die Blokkomitees hulle pligte vervul.	286
(3) Die Sentrale Blokkomitee	292
2. Die Departementele Sub-komitee vir Behuising.	293
3. Die Beurskomitee.	296
C. <u>Waardeskattling van die werking van die Adviserende Komitee en die Blokstelsel.</u>	299
1. Die Adviserende Komitee.	299
2. Die Blokstelsel.	303
3. Die Superintendent.	307

HOOFSTUK IX. DIE POSISIE VAN DIE ADVISERENDE NATURELLEKOMITEE  
IN DIE TOEKOMS. 309-374

A. <u>Inleiding.</u>	309
B. <u>Die Adviserende Komitee in breëre politieke verband.</u>	315
1. <u>Politieke aanskakeling van die Adviserende Komitee en stedelike naturelle.</u>	315
(1) Binne selfstandige eenheid.	315
(2) Binne die bestaande tradisionele Bantoe- patroon.	319
(3) Binne die bestaande Blanke politieke orde.	321
2. <u>Die mate van verbintenis met die Blanke politieke   struktuur.</u>	322
(1) Direkte deelverkryging.	322
(2) Die posisie van die Adviserende Komitee as drukgroep.	325
C. <u>Die gevolge van die voortbouing op die huidige toe- stand.</u>	333
1. <u>Die huidige verhouding tussen Adviserende Komitee   en die Stadsraad.</u>	333
2. <u>Implikasies van die logiese uitbouing van die   huidige verhouding.</u>	335
(1) Logiese voortsetting.	335
(2) Implikasies vir Pretoria.	338

D. <u>Onmoontlikheid van die aanvaarding van politieke samegroepering.</u>	344.
1. Onwilligheid van die Blanke.	344.
2. Beleidsverdeeldheid.	347.
3. Regeringsbeleid.	349.
E. <u>Die reg van die Toegepaste Volkekunde om homself uit te spreek.</u>	353.
1. Omvang van uitspraaksbevoegdheid.	354.
(1) Die Britse metode.	354.
(2) Die metode van Beals.	356.
(3) Die Amerikaanse metode.	357.
2. Uitspraak in die Suid-Afrikaanse situasie.	361.
F. <u>Voorstelle vir die toekoms ten opsigte van die Adviserende Komitee.</u>	364.
1. Afskaffing van die Adviserende Naturellekomitee.	364.
2. Afskaffing van die Blokstelsel.	365.
3. Afskaffing van die Adviserende Komitee Kongres.	365.
4. Behoud van Blanke administrasie.	366.
5. Etniese vestiging.	367.
6. Instelling van Kapteinsverteenwoordigers.	370.
<u>HOOFSTUK X.            SAMEVATTING.</u>	374 - 375.
A. Tipering.	374.
B. Bruikbaarheid.	374.
C. Uitbouing.	375.
<u>BIBLIOGRAFIE.</u>	376 - 381.
<u>KAART.</u>	aan end.

Met dank en erkentlikheid word hier vermeld dat die navorsingswerk waardeur die aanbieding van hierdie verhandeling moontlik gemaak is, gedaan is as deel van die Opname van 'n Nie-blanke stedelike gebied, wat met ondersteuning van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, onder leiding van prof. P.J. Coertze, van die Universiteit van Pretoria, uitgevoer word.

Graag bedank ons prof. P.J. Coertze ook in sy hoedanigheid as leier by die skrywe van hierdie verhandeling. Sy indringende kritiek en volkome visie van die probleemstelling was te alle tye van onmisbare waarde.

Ons dankbetuiging gaan ook aan mnr Brent, Kingsley, van Wyk, Naude, Zimmerman, Louw en Cloete vir die onvoorwaardelike wyse waarop hulle hulle kennis ten opsigte van die administrasie van naturelle in Atteridgeville tot ons beskikking gestel het. Ons bring ook langs die weg ons dank oor aan Koos Matli, A.H.S. Sehloho, I.B. Moroe, S. Mogale, D. Modise en F. Mareka, die leiers en hoofde van die onderskeie politieke groepe, vir hulle hartelike samewerking om die ondersoek so volledig as moontlik te maak. Ons wil die hoop uitspreek dat daar uit die gegewens wat hulle aan ons verstrek het, 'n beter begrip van die probleme en aspirasies van die stedelike naturel gehore sal word.

Ten slotte vermeld ons graag die naam van Barney Motsepe, van die kantoor van die Supersintendent van Atteridgeville, sonder wie se legendariese kennis van die inwoners van die lokasie die verwerking van die verkiesingstatistiek onmoontlik sou gewees het.

Die Skrywer.

1 Augustus 1957.

INLEIDING.

A. PROBLEEMSTELLING.

Die aanwesigheid van groot getalle naturelle in stedelike gebiede, weg van hulle oorspronklike stamtuistes af, bring 'n verandering in hulle algemene lewenspatroon in die rigting van die westerse lewenswyse, vanaf die basis van die basis van die oorspronklike tradisionele lewenswyse, mee.

Die aanwesigheid van sodanige naturelle noodsaak 'n bepaalde wyse van administrasie binne die geografiese verband van die stedelike gebied, waar hulle aangetref word. 'n Faset hiervan word verteenwoordig deur die instelling van Adviserende Naturelle Komitees. Daar ontstaan dan 'n onbevredigende toestand in die praktyk wanneer die naturelle-inwoners van lokasies soos Atteridgeville, binne die raamwerk van die administrasie poog, om deur gebruikmaking van die verteenwoordiging wat op Adviserende Komitees aan hulle toegeken word, hulle ideale van verwestering aan die blanke administrasie voor te hou.

Die probleem neem verder 'n verwikkelde vorm aan wanneer die verwesentliking van aspirasie wat so aangebied word, indruis teen die vermoë van die blanke administrasie, as toepassers van 'n bepaalde landsbeleid, om daaraan gevolg te verleen.

B. DOEL VAN ONDERSOEK EN INDELING VAN VERHANDELING.

Die doel van hierdie ondersoek is daarom, om in die lig van die probleemstelling, die feitelike gegewens en interpretasie soos volg aan te bied:

1. Omdat ons in die bestudering van die funksionering van die Adviserende Komiteestelsel ons beweeg op die politieke faset van die lewe van volke, moet ons duidelikheid verkry oor die aard en omvang van hierdie politieke lewensterrein soos dit by geïntegreerde volksbestaan, aangetref word. In hoofstuk II word daarom aandag gegee aan die aard en omvang van politieke ordening by volke volgens prinsipiële stellingname.

2. Daarby  University of Pretoria



2. Daar is 'n verandering te wagte van die tradisionele politieke struktuur by aanraking van die draers daarvan met die westerse lewenswyse en die inpassing van die draers van die tradisionele politieke struktuur ondergeskik aan 'n blanke administratiewe stelsel. In hoofstuk III word daarom aandag gegee aan die samestellingswyse en sfeer van optrede van die tradisionele politieke struktuur soos dit tegelykertyd 'n weergawe is van die korrekte prinsipiële stellingname in hoofstuk II.

3. Dit is nodig om die Adviserende Naturellekomitee in sy korrekte verband te sien: as onderdeel van die blanke administratiewe van stedelike lokasies soos Atteridgeville. In hoofstukke IV en V word daarom aandag gegee aan die ontwikkeling van die totale administratiewe sisteem ten opsigte van naturelle-lokasies met besondere verwysing na, die kragtens wet en regulasie bepaalde magte van die verskillende onderafdelings van hierdie sisteem van beheer, vir die stedelike gebied Pretoria.

4. Die funksioneringswyse van die Adviserende Komiteestelsel binne die stedelike gebied van Pretoria, word bepaal deur totstandkoming langs party-politieke weg. Dit is so ten opsigte van die Adviserende Komitee self en die verskillende blokkomitees, sowel as ander ondergeskikte administratiewe komitees. In hoofstukke VI en VII word daarom aandag gegee aan die omvang en aard van die aandeel van politieke partye in die totstandkoming van die betrokke komitees. In hoofstuk VIII word aandag gegee aan die wyse en die omvang van die funksionering van die Adviserende Komiteestelsel.

5. Omdat die Adviserende Komiteestelsel, as die beliggaming van die politieke aktiwiteite van stedelike naturelle in Atteridgeville, as deel van 'n groter struktuur gesien moet word, volgens die prinsipiële stellingname in hoofstuk II, word in hoofstuk IX A en B 'n aanduiding gegee van die strukturele eenheidsverband met die blanke politieke struktuur. Om dan te bepaal wat die ontwikkelingsmoontlikheid van die Adviserende Komiteestelsel vir die toekoms is, word in Hoofstuk IX. C. aandag

gegee aan moontlike ontwikkeling volgens die bestaande orde. Omdat hierdie moontlikhede van ontwikkeling vir ons, volgens die werking van die stelsel in die praktyk en ooreenkomstig die tradisionele landsbeleid (IX.D.), onvrugbaar is, word in dieselfde hoofstuk, na betragting van die reg van die Volkekunde en Toegepaste Volkekunde om aanbevelings te maak (IX.E.), enkele voorstelle vir toekomstige ontwikkeling gemaak, (IX.F.).

6. Die vernaamste gevolgtrekkings en aanbevelings word in hoofstuk X kortliks verhaal.

### C. METODE VAN ONDERSOEK.

Die metodes wat by hierdie ondersoek aangewend is, kan saamgevat word as bestudering van beskikbare literatuur en veldwerk. Omdat gehele hoofstukke die resultaat is van die aanwending van een of die ander van die twee metodes, kan elk afsonderlik bespreek word.

1. Literatuurstudie. Die vernaamste afdelings wat langs hierdie weg gedek is, is die prinsipiële uiteensetting van politieke ordening en die beskrywing van die tradisionele politieke struktuur.

Ten opsigte van eersgenoemde afdeling is die studie met opset beperk tot algemeen volkekundige werke om die omvang van die aanbieding te beperk. Ten opsigte van die beskrywing van die tradisionele politieke struktuur is ons in ons vergelyking gestrem deur die beperkte omvang van beskikbare literatuur oor die Noord-Sotho.

Vir die doeleindes van hoofstuk IX is gebruik gemaak van die beskikbare verbandhoudende literatuur oor naturelle in stedelike gebiede, veral ten opsigte van die politieke aspek van hulle lewe. Dit is jammer dat die meeste publikasies wat oor hierdie onderwerp handel 'n besliste tendensieuse karakter dra. Ons moet in hierdie verband in besonder verwys na die publikasies van die South African Institute for Race Relations, wat die stempel van liberalistiese denke dra. Dit is binne die beleidsverklaring van die organisasie te wagte en kan daareen nie prinsipiël gekritiseer word nie. Dit is alleen jammer dat dieselfde

publikasies ook in die meeste gevalle die enigste beskikbare literatuur vir wetenskaplike werk vorm.

## 2. Veldwerk.

Alle veldwerk ten opsigte van hierdie ondersoek is voltooi in 'n periode van ses maande vanaf 1/9/52 tot 28/2/53.

Die versameling van gegewens oor die bestuurswyse van die lokasie Atteridgeville en oor die politieke lewe van die inwoners, is gedoen by wyse van onderhoude. Daar is nie van 'n vraelys wat skriftelik beantwoord moes word, gebruikgemaak nie. Die onderhoude wat gevoer is, is deur middel van 'n draad-opname masjien vasgelê en later verwerk. Vir die gebruik van hierdie apparaat, die eiendom van die Opname van 'n Nie-blanke stedelike gebied, wil ons langs hierdie weg ons dank betuig.

Om die navorsing binne die kort periode tot ons beskikking te voltooi, is onderhoude beperk tot die leiers van die verskillende politieke groepe in die lokasie en alleen in enkele gevalle onderhoude met gewone ondersteuners van die partye gevoer. Omdat die navorsing uitgevoer is kort na die inwerkingstelling van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950, Wet nr. 44 van 1950, en omdat ons die verbatim getuigenis elektronies vasgelê het, het ons aanvanklik 'n baie terughoudende en versigtige gesindheid van die verskillende politieke leiers ondervind. Dit het op sy keper beskou, alleen meeghelp tot die bewaring van objektiwiteit daar ons in alle gevalle uiteindelik daarin geslaag het om die vertroue van ons informante te wen.

## D. TERMINOLOGIE.

Ons vestig die aandag daarop dat die terme Bantoe en Naturel in hierdie verhandeling as sinonieme gebruik word.

DIE POLITIEKE STELSEL VAN VOLKE MET BESONDERE  
VERWYSING NA DIE GESAGSBEGINSEL.

A. INLEIDING.

Alvorens ons aandag kan gee aan die politieke organisasie van die naturellegemeenskap in die lokasie Atteridgeville is dit nodig om 'n deeglike besef te vorm van wat werklik onder die term politieke organisasie verstaan word.

Die terrein van die verhandeling dek 'n aspek van die lewe van 'n groep mense wat nie meer as afsonderlike gemeenskap of volksorganisme leef nie. By die bepaling van die omvang van hulle besondere politieke ordeningswyse is dit beter om van 'n prinsipiële standpunt uit te gaan, want dit is onmoontlik om, sonder om ander skrywers te na te kom, op arbitrêre wyse die omvang van die politieke organisasie van 'n lokasie, geadministreer as onderdeel van 'n blanke administratiewe sisteem, af te baken.

Werklike definisies van politieke organisasie as algemene lewenskenmerk by volke is in 'n hoë mate by volkekundige studies oor hierdie onderwerp afwesig. Ons vind egter tog 'n mate van ooreenstemming in die uiteensetting van die voorwaardes wat nodig is vir die bestaan van 'n politieke organisasie. Ons gee daarom eerstens daaraan aandag.

B. POLITIEKE ORGANISASIE.

Die Amerikaanse volkekundige Herskovits sê: (Herskovits: 1949: p327) „no people is without ways and means of controlling conduct and directing the affairs of the group. (Ek onderstreep) Dus aanvaar hy 'n ordeningswyse binne die gemeenskap as kenmerk van politieke ordening. Dit impliseer egter ook 'n regulering van verhoudinge na buite tussen gemeenskappe. Vir Hoebel is die totale omvang van politieke organisasie: „a system of regulation of relations between groups or members of different groups within the society at large.” (Hoebel: 1949: p.376.) (Ek onderstreep). Vir Hoebel dus lê die wese van politieke organisasie in die ordening van verhoudinge tussen groepe en nie so seer binne die groep as sodanig nie.

Albei hierdie gesigspunte word saangevat en beter uitgebou in 'n definisie van prof. Radcliffe-Brown in sy Voorwoord tot African Political Systems van Fortes en Evans-Pritchard. Hy sê: „In studying political organization we have to deal with the maintenance or establishment of social order, within a territorial framework, by the organized exercise of coercive authority through the use, or the possibility of use of physical force." (Fortes en Evans-Pritchard:1940: p.xiv). Prof. Radcliffe-Brown bring dus by die bogaande erkenning van ordening binne en buite die eie sosiale groep, die feit dat die ordening berus op 'n dwingende instansie wat gesag voer oor die sosiale eenheid binne 'n bepaalde afgebakende gebied.

Samevattend uit hierdie drie gesigspunte sou 'n mens dus geregtig wees om as algemene voorwaardes vir die bestaan van politieke organisasie te stel, as sou dit gekenmerk word; (a) deur die aanwesigheid van 'n bepaalde sosiaal-geordende eenheid, deur m.a.w. vooraf aanwesigheid en gelyktydige aanwesigheid van 'n sosiale organisasie; (b) deur die aanwesigheid van 'n bepaalde afgebakende woongebied waarbinne die sosiale eenheid woonagtig is, en (c) die aanwesigheid van een of ander vorm van gesag wat oor die eenheid binne daardie gebied gesag voer en wat deur daardie sosiale eenheid as sodanig erken en gehoorzaam word. Die laaste, onderstreepte gedeelte, volg nie logies uit die aangehaalde oortuigings nie. Dit is egter na ons oordeel 'n aksiomatiese veronderstelling as ons die aanwesigheid van gesag as voorwaarde vir die bestaan van politieke ordening aanvaar.

Ons gee <sup>dus</sup> aanvanklik kortliks aandag aan hierdie vier basiese erkende voorwaardes vir die bestaan van politieke organisasie.

#### 1. Die bestaan van 'n sosiale organisasie.

By die bepaling van die verband tussen sosiale organisasie en politieke organisasie gaan dit volgens die bewering van Lips in die eerste instansie om die totale omvattende sosiale eenheid, die stam, volk of selfs nasie. Lips beweer tereg: „We may define government among primitives as the institutions

which/.....

which serve the purpose of holding the community together..... and guaranteeing peace within and without its borders. "(Lips: 1938: p.490). Onder Community verstaan hy: "the community which exceeds the single family, be it local group, clan, tribe or people." (Lips: 1938: P.490).

Elke volk op aarde leef volgens 'n bepaalde algemeen aanvaarde lewenspatroon, 'n algemene kultuur waardeur daardie volk homself handhaaf binne sy omgewing. Elke kultuur vertoon 'n bepaalde verskeidenheid van fasette: sosiaal, ekonomies, godsdienstig en politiek. Hierdie fasette is nie van mekaar skeibaar nie; uitgaande van die een kom 'n mens noodwendig op die terrein van die ander want elk het 'n invloed op die ander. Dit is om hierdie rede dat Herskovits so duidelik die onderlinge verbintenis tussen politieke organisasie, tegniese vaardigheid en bedryfsprestasies beklemtoon. Hy sê: "Governmental institutions are more complex where population mass is great and where the technological base permits the production of an economic surplus sufficient to support those who must exercise the function of supervision, control and direction, than where the population mass is small and the technological base is less adequate." (Herskovits: 1949: p.328.)

Dit is 'n aksionatiese gemeenplaas wat deur Hoebel gestel word wanneer hy sê dat die staat, die politieke eenheid, en society, die sosiale eenheid in werklikheid dieselfde organisme aandui slegs gesien vanuit twee verskillende sferes van belangstelling. In elkeen word daar slegs klem gelê op 'n besondere aspek van die lewe van 'n bepaalde volk. (Hoebel: 1949: p.376.) Die ongelukkige feit bestaan egter dat by elke sodanige studie, sosiaal of politiek georiënteerd, dit dikwels met noodlottige gevolge buite rekening gelaat word dat elkeen van die sosiale of politieke organisasies slegs aspekte van die groter geheel, n.l. die kultuur van daardie volk vorm. In hierdie geheel is die eenhede wat op sosiale terrein onderskei word in hoofsaak dieselfde as die politieke eenhede en die rangordening en onderlinge verhouding en ver-

band tussen sosiale eenhede word by die meeste primitiewe volke ook van belang by die begryping van die funksionering van die politieke stelsel. Die blote funksionering van 'n bepaalde sosiale eenheid op politieke terrein is egter nie die omvang van onderlinge skakeling tussen/<sup>die</sup>lewensfasette nie. Vir die werklike begrip van een bepaalde kulturaspek bv. die politieke moet die inwerking van en verband met alle ander aspekte van daardie kultuur in aanmerking geneem word. Wanneer dit nie gedoen word nie is wanverhoudings en ten minste skewe voorstellings die noodwendige gevolg van 'n te enge uitgangspunt. Byvoorbeeld waar vir die bepaling van die aanwesigheid van politieke gesag deur baie skrywers (vgl. Hoofstuk II.B.3) as norm aangelê word, enkel en alleen die vermoë tot die aanwending van dwang tot ordening van die gemeenskap sodat die werklike herkoms van daardie gesag nl. die erkenning daarvan uit hoofde van leierskap op die sosiale terrein, en in die geval van die Bantoe, ook op godsdienstige en ekonomiese terrein, uit die oog verloor word.

Daar is egter één fout waarteen gewaak moet word by inagneming van kulture as geheel by die bestudering van 'n aspek daarvan: Dit is moontlik om binne die sosiale verband van een volk verskillende kultuurvorme aan te tref bv. wanneer daar vreemde elemente in die geledere van daardie volk opgeneem is hetsy as gelykwaardig met, of ondergeskik aan, die oorspronklike lede daarvan. Linton sê van Amerikaanse toestande: "It seems probable that the nucleus of a tribe is always formed through the increase and splitting of an original band, but bands of foreign origin may come to be included." (Linton: 1936: p.232.) In elk geval kan ons aanvaar dat vreemdelinge hulle onder, en binne die gelede van ander sosiale en politieke eenhede voeg. Om in so'n geval die kultuurvorm van hierdie vreemde groepe, waar dit ernstig van die oorspronklike lede s'n verskil, as uitgangspunt te neem, sou verkeerd wees, want waar sulke toestande heers berus die sentrale gesag nóg steeds binne die hande van die oorspronklike groep, en/..... © University of Pretoria

en dit is hulle kultuur wat die geheelbeeld sal verskaf, hoe belangrik die ondergeskikte kultuurtypes ook al mag wees, vir die begryping van die politieke beheer wat binne 'n kleiner groepie van die geheel aangetref word.

## 2. Die bestaan van 'n bepaalde gebied.

Sosiale eenhede bewoon in die meeste gevalle 'n bepaalde aanduibare gebied waarin hulle 'n bestaan maak. Dit is waar selfs in die geval van die primitiefste jagtersvolke waar hierdie gebied gewoonlik slegs swak aanduibaar is. Naas die beginsel van verwantskap wat 'n groot rol speel in die instandhouding van sosiale ordening, sê Beals en Hoijer, is die beginsel van co-residence van uiterste belang. „It is this principle that apparently underlies all forms of politico-territorial grouping, from the informal and amorphous group to the highly organized modern state.” (Beals en Hoijer: 1953: p.443). Ook vir Lips is die beginsel van gebiedsbewoning van besondere belang. (Lips: 1938: p.490 et seq.) Netsoos die sosiale eenheid dus in mindere of meerdere mate aan 'n bepaalde gebied verbind is, is die politieke ordening ook aan daardie gebied verbindbaar.

Die blote bewoning van 'n bepaalde gebied is na ons oordeel nie genoeg om dit te noem as 'n saambindende faktor met invloed op die sosiale en politieke organisasie nie. Die sosiale eenheid wat 'n bepaalde gebied bewoon moet nie slegs 'n bestaan uit die bodem maak nie maar moet vir hulle voortbestaan as 'n volkseenheid daarvan afhanklik wees. Hulle moet die woongebied as hulle vaderland, hulle nasionale tuiste beskou en gewillig wees om dit te alle tye teen invallers van buite te verdedig. Hierdie noodwendige verbintenis tussen volk en vaderland word verder in alle gevalle verstrekkend deurdat die dooies daar begrawe lê: omdat bande van sentiment die volkseenheid daaraan bind. Daar word dus 'n hele historiese tradisie op daardie bepaalde woonplek opgebou. Hierdie laasgenoemde ontwikkeling wortel nie in die politieke lewensaspek as sodanig nie maar wortel in die res van die kultuur,



in die godsdiens en selfs in die historiese verhaleskat van 'n volk. Al die aangehaalde skrywers volstaan slegs by samenwoning as grond vir eenheid op politieke terrein en vergeet hierdie uiters belangrike vaderlandsgebondenheid wat in ons eie maatskappy daartoe gelei het dat selfstandige volke, met 'n eie kultuurbesit, ook op politieke terrein, in kolonies van die moederland ontstaan het en nog ontstaan.

### 3. Die bestaan van 'n gesagseenheid.

Politieke organisasie het in alle gevalle te make met die regulering van die lewe van mense of groepe van mense wat binne 'n bepaalde gebied woon. Die gesag wat hierdie regulering doen, oefen dus 'n invloed uit oor daardie hele gebied. Die bestaan van gesag wat in 'n bepaalde instelling setel en die onderhorigheid daaraan van 'n sosiale eenheid is vir baie volkekundiges die enigste en in elk geval vir almal die belangrikste kriterium vir die bestaan van 'n politieke organisasie.

Dit is dus nodig om 'n duidelike begrip te kry van wat onder die gesagseenheid of gēsagsinstelling verstaan word en verstaan moet word. Prof. Radcliffe-Brown sê in 'n verkorte definisie: „The political organization of a society is that aspect of the total organization which is concerned with the control and regulation of the use of Physical force.” (Ek onderstreep). (Fortes en Evans-Pritchard: 1940: p.xxiii). Volgens hom en ook volgens Herskovits is die omvang van die plig van die politieke gesag, wat op die vermoë tot die aanwending van geweld berus,

(a) in die eerste instansie die regulering van verhoudinge van die eie groep met ander groepe, en

(b) in die tweede instansie die regulering van die verhoudinge tussen lede en groepe binne die eie groep.

Herskovits sê: „Political systems order the relations between groups by means of diplomacy and warfare. They control conduct within the group by the exercise of law.” (Herskovits: 1949: p.343.) Met hierdie uitgangspunt stem Radcliffe-Brown hierdie in hoofsaak saam want ook hy onderskei/twee aksiesfere van

die politieke gesag. (Fortes en Evans-Pritchard: 1940: p.xiv.)

(1) Die bestaan van gesagsbeoefening na buite.

Die verhouding tussen groepe van mense waar dit die botsing of moontlike botsing van belange raak, geskied in die meeste gevalle deur die vertoning van 'n gemeenskaplike gesindheid van 'n groep soos geopenbaar deur (a) 'n enkele ambassadeur of 'n diplomatieke sending waardeur tot stand gebring word „the peaceful resolution of disputes between autonomous groups” (Herskovits: 1949: p.343) of, (b) deur die weerbare mans van die gemeenskap by wyse van oorlogvoering. Tereg dui Herskovits aan dat ons ten opsigte van oorlogvoering moet onderskei tussen georganiseerde oorlogsvoering, waarby 'n permanente leër bestaan wat as sodanig in standgehou word en - blote strooptogte. Die laasgenoemde is vir hom die eintlike wyse van primitiewe oorlogvoering hoewel ons hom gelyk gee dat die Zoeloes bv. ook georganiseerde oorlog gevoer het. (Herskovits: 1949: p.343). Tot hierdie twee tipes van gesindheidopenbaring na buite voeg <sup>n derde by</sup> Radcliffe-Brown/nl. die vete (feud) tussen groepe verwante binne die eie groep. Ten opsigte van hierdie laaste tipe optrede moet ons egter volledigheidshalwe byvoeg dat die duur van die beoefening van bloedwraak nie onbeperk is nie aangesien dit meewerk tot die versplintering van die eie groep.

Ons kan volmondig akkoord gaan met hierdie uiteensetting van Herskovits en Radcliffe-Brown omdat die beslegting van geskille in elke geval geskied deur die vertolking van die gevoel van die groep as geheel, of dit nou voorgedra word deur 'n persoon, groep van persone, of die groepe as geheel. Indien hierdie woordvoerders namens die groep van hulle magte sou misbruik maak, sou die belange van die groep as geheel skade lei en groepsoprede volg om hierdie skade te herstel. Die aanwending van physical force is dus in die eerste en laaste instansie, waar dit verhoudinge tussen groeperaak, 'n groepsaangeleentheid en enige optrede is onderhewig aan die stilswyende of aktiewe goedkeuring van die groep.

(2) Die bestaan van gesagsbeoefening na binne.

In beginsel stem ons volmondig saam dat die bestaande gesag in enige sosiale eenheid ook verantwoordelik is vir die uitoefening van die regtelike of judisiële reëling van verhoudinge tussen die lede van daardie groep.

Volgens die opvattinge van Herskovits en Hoebel is die politieke gesag ook bedeel met die bevoegdheid tot die aanwending van physical force binne die gemeenskap en die regulering van verhoudinge tussen die lede van die groep. Self sê Herskovits egter: „They (political systems) control conduct within the group by the exercise of law.” (Herskovits: 1949: p.343). Onder law verstaan hy egter dieselfde as Hoebel nl. : „a law is a social norm the infraction of which is sanctioned in threat or in fact, by the application of physical force by a party possessing the socially recognized privilege of so acting”. (Hoebel: 1949: p.364. vgl. ook Hoebel: 1954: p.28).

Die bostaande bring Herskovits en Hoebel, asook Radcliffe-Brown miskien in 'n effens mindere mate, op dieselfde vlak t.o.v. die aanname van die bevoegdheid tot aanwending van geweld na buite en na binne as die kriterium vir die uitkenning van 'n politieke gesagseenheid. In die beredenering van die aanwendingswyse van geweld in geval van oorlog en ander struwelinge tussen groepe was dit onnodig om die begrip geweld te omskrywe. Waar dit egter nou die aanwending van geweld binne die eie groep geld onder die dekmantel van law - reg - is dit nodig dat ons dit nader beskrywe, anders raak die stelling soos gehuldig deur die bogenoemde skrywers onhoudbaar: Regsreëling geskied tog onder die bevoegdheid tot die aanwending van dwang van verskillende aard (vgl. hieronder) en nie soseer bloot deur die aanwending van geweld nie.

Volgens Hoebel en ook Herskovits, wat Hoebel se siening van reg onderskryf, is al die regulerende beperkings binne die gemeenskap nie deel van die regstelsel nie. Hy onderskei tussen 'n social norm (wat vertaal kan word met sosiale norm of slegs wellewendheidsbepaling) wat nie afgedwing kan word deur geweld nie en regsvoorskrifte wat wel op daardie wyse afdwingbaar is.

Hy sê „The essentials of legal coercion are general acceptance of the application of physical power, in threat or in fact, by a privileged party, for a legitimate cause, in a legitimate way, and at a legitimate time. This distinguishes the sanction of law from other social rules." (Ek onderstreep). (Hoebel: 1949: p.363). Verder op dieselfde bladsy sê hy: „The really fundamental sine qua non of law in any society is the legitimate use of physical coercion." en „force in law has a special meaning. Force means coercion, which in its absolute form is physical compulsion."

Hierdie aanhalings bring ons tot die aanvaarding dat Hoebel binne die groep 'n gesagseenheid veronderstel, volgens sy definisie socially recognized, wat deur die bewuste aanwending van dwingende maatreëls wat in sy uiterste vorm geweld omvat, die orde binne die gemeenskap bewaar en verhoudinge tussen die lede reël. Dit blyk dus dat die aard van die beherende gesag klaarblyklik volgens Hoebel nie verskil in sy aktiwiteite na buite of na binne die groep nie. In alle gevalle berus dit op die finale aanwendingsmoontlikheid van geweld.

Na ons oordeel is die uiteensetting van Hoebel blootgestel aan ernstige kritiek. Ons mis in sy uiteensetting enige beredenering van die frase „the socially recognized privilege of so acting" in sy definisie. Na ons oordeel is die implikasie van hierdie frase dat die regtelike gesag binne enige gemeenskap ten minste as sodanig erken en aanvaar moet word. Sonder erkenning van en onderwerping aan die gesag deur die sosiale eenheid, word enige uitoefening daarvan 'n belaglike klug. Vir die waarborg van hierdie stilswyende erkenning is dit na ons oordeel vir hierdie gesag nodig om in sy aanwending van sy bevoegdheid om geweld te gebruik deeglik rekening te hou met die heersende algemene lewenswyse binne die gemeenskap. Die gesag moet m.a.w. sy regulering van die verhoudinge tussen lede van die groep volgens die tradisie van die volkseenheid, volgens die vorige presedente wat daar bestaan vir die regulering van botsende verhoudinge tussen individue, uitvoer. Hierdie

gesag moet dus deeglik rekening hou met die lewenwyse, die kultuur van die onderhoriges wat onder hom gestel is.

Indien die interne gesag sou waag om van hierdie gebaande weg van tradisioneelbepaalde reguleringswyse af te wyk sou hy onderhewig wees in elke geval aan onmiddellike of uiteindelijke teregwysing deur die gemeenskap onder hom. Alle regspraak of interne lewensregulering berus op die goedkeuring van die gemeenskap. Hierdie interne gesag berus dus nie slegs op die aanvaarding en apatiese erkenning daarvan deur die lede van die gemeenskap nie, maar is onderhewig aan hulle kontrole en hierdie kontrolering vind plaas ooreenkomstig die tradisionele lewenswyse, die kultuur, van daardie groep.<sup>x</sup>

Dit bring ons tot die gevolgtrekking dat die gesag wat binne die gemeenskap die noodsaaklike geweld aanwend tot die naking van sekere lewensreëls, dit doen vir die instandhouding van die gemeenskap ooreenkomstig 'n bepaalde kultuurpatroon, as verpersoonliking van die gemeenskap aan wie se kontrole die gesagsinstansie verantwoording moet doen.

### (3) Definiëring van gesag.

By die uiteindelijke definiëring van die politieke gesag wat oor 'n bepaalde gemeenskap heers en na buite sowel as na binne optree, kan ons t.o.v. die optrede namens die groep teenoor ander groepe dit beskou as die instelling wat op geweldadige wyse of potensiele geweldadige wyse die belange van die groep beskerm, en kan ons sonder meer die besondere skrywers gelyk gee.

By die bepaling van die aard van interne gesag is dit korrek om te aanvaar dat dit interne verhoudinge tussen lede van die groep volgens die bepaalde lewenswyse en tradisie van daardie groep reël, mits ons hieronder nie 'n regspleging volgens 'n bepaalde gemeenskapsreg verstaan nie, want, indien ons reg, of die geldende wet, binne 'n gemeenskap verbind met daardie reëls waarvan die oortreding normaalweg in die uiterste instansies/.....

<sup>x</sup> In hierdie beredenering gee Hoewel ons gelyk in sy jongere werk Hoebel: 1954; Hoofstuk 1 en 2.

instansies deur die aanwending van geweld geken word, (vgl. Hoebel: 1954: p.18 et seq.) volg dit logies dat die omvang van primitiewe reg 'n veel kleiner boog van aktiwiteite sal oorspan as die geregimenteerde regstelsels van moderne volke. By gevolg word ook die aksiesfeer van die politieke terrein by primitiewe volke daarmee saam beperk. Die rede hiervoor is dat 'n groot deel van die voorskrifte wat by ons as deel van die reg geld, by primitiewe volke as deel van die morele kode geld of as deel van die godsdiensovoorskrifte of selfs deur die vrees vir die werking van towerkragte bepaal word. Vir die instandhouding van hierdie voorskrifte in totaal, wat by ons deur hofsanksies gedra word, vind 'n mens dus 'n verskeidenheid van sanksies by primitiewe volke. Alleen as ons al hierdie regulerende bepalinge as deel van die regstelsel beskou soos Driberg wat sê: „law comprises all those rules which regulate the behaviour of individuals and communities and which by maintaining the equilibrium of society are necessary for its continuance as a corporate whole, "(Driberg: 1928: p.65.) sou 'n mens in 'n mate geregverdig kan wees om die funksie van politieke gesag te sien as die toepassing van die regstelsel.

Dit is na ons oordeel nie moontlik om die begrip reg of law so wyd te omskrywe dat alle aktiwiteite van die politieke gesag daaronder tuisgebring kan word nie. Alhoewel die aanwending van regspraak en die daaruit voortvloeiende regulering van dwang 'n kenmerk is van politieke gesag binne die groep is dit nie die enigste nie. Daarby moet onthou word dat dit nie gaan om die toepassing van lewensreëls en regulasies soos geformuleer deur 'n vreemde instansie en toegepas deur dwangmaatreëls binne die groep nie, maar dat dit gaan om die bewaring van orde deur die toepassing van die reëls waarvolgens die gemeenskap tradisioneel hulle lewe reël. Die regspraak geskied dus volgens die kulturele verlede van daardie volk vir daardie volk deur iemand of instansie wat sy statusposisie alleen kan behou solank hy op hierdie wyse regspraak.

Die politieke gesag staan in werklikheid vir korter of

langer tyd, en in geval van permanente politieke instellings, permanent, aan die hoof nie alleen van die politieke aspek van die lewe van daardie volk nie maar ook aan die hoof van die sosiale. As sodanig gee hy toon aan en verskaf rigting aan die sosiale lewe bloot deur die mate waarin hy hom hou aan die voorskrifte van tradisie. In meeste gevalle en veral by die Suid-Afrikaanse Bantoe, soos ons sal aantoon, het hy verder besondere ekonomiese en godsdienstige verpligtinge.

Politieke gesag word normaalweg gekenmerk deur 'n mate van kontinuïteit hetsy deur opvolging op 'n bepaalde wyse of deur verkiesing of aanwysing binne 'n bepaalde gemeenskap. Nogtans word 'n persoon se gesag nie erken bloot slegs ten gevolge van opvolging of verkiesing nie. Die draer van politieke gesag se posisie word gesterk of gaan tot niet volgens sy vermoë en bekwaamheid om hom te kwyt van al die verpligtinge wat integraal deel vorm van die posisie waarin hy opgevolg het, nie alleen op die regtelike terrein nie maar ook op die sosiale, godsdienstige, ekonomiese en selfs militêre as die tradisie dit van hom vereis.

Hierdie stelling bring twee belangrike feite na vore nl. (a) die politieke gesag setel in 'n persoon of ander instansie in die gemeenskap uit die gemeenskap vir die gemeenskap volgens die geldende tradisie, die gesag is nie slegs blote aanwender van dwang nie, en (b) sy posisie word bepaal deur die goedkeuring wat stilswyend deur die gemeenskap gegee word aan die wyse waarop hy sy pligte as leier nakom. Deur hierdie stilswyende goedkeuring betuig die gemeenskap ook hulle onderdanigheid aan hierdie gesag.

Interne politieke gesag sou 'n mens daarom kan definieer as dié gesagsinstansie wat die sosiale orde instand hou deur die regulering van die lewe van die groep, eensyds deur die gee van leiding en nakoming van verpligtinge op sulke terreine van die lewe as wat die kultuurpatroon voorskryf en andersyds deur die toepassing van dwingende maatreëls volgens die tradisioneel erkende wyse binne die gemeenskap.

#### 4. Gewilligheid tot onderdanigheid aan gesag.

Ons het reeds daarop gewys dat Linton (Linton: 1936:p.231) uitgaan van die standpunt dat 'n volksgemeenskap opgebou is uit 'n kern waarby verskillende vreemdelinggroepe hulle voeg. As ons hierby ingedagte hou dat elke sodanige totale eenheid 'n bepaalde gebied bewoon en dat daar gedurig onderlinge kultuurbeïnvloeding tussen die verskillende kultuurgroepe binne dieselfde volks- en politieke verband plaasvind, dan kan ons verstaan dat al die faktore wat 'n rol speel in die totstandkoming van 'n gemeenskap wat almal saam trou aan dieselfde politieke gesag verskuldig is, hier byeen is.

Binne elke volkseenhed sou 'n mens in staat kan wees om drie verskillende groepe, wat in hulle samestelling geensins staties is nie te onderskei. Ten eerste is daar die kerngroep by wie die gesag binne die groter eenheid gewoonlik setel, as permanente politieke gesag 'n kenmerk van so'n eenheid is: 'n groep wat in elke geval 'n kulturele eenheid vorm, een na lewenspatroon dus. Hierdie groep is aan die gesag gebind deur „verwantskap“ deurdat die gesagsdraer of gesagsinstansies deel van hulle is. Om hierdie rede toon hulle gewilliglik /aan die gesag wat oor hulle langs tradisionele weg totstand kom, te meer daar hierdie gesagsdraer(s) gewoonlik ook op sosiale terrein die mees senior persoon binne die kerngroep is. Dan be- rus erkenning van gesag ook op die praktiese werking van sosiale senioriteit.

Rondom hierdie kerngroep skakel in die tweede instansie die verskillende vreemdelinggroepe, sommige waarvan reeds ten dele, sommige waarvan feitlik gladnie die kultuur van die kern- groep aanvaar het nie. By alle volke is hierdie groepe in sta- tus ondergeskik aan die kerngroep; van laer status in die rang- leer van senioriteit binne die volksverband. Hulle is gedwing tot onderdanigheid aan die heersende gesag vanweë hulle wil of behoefte om binne die sfeer van daardie gesag, soos bepaal deur die grense van die woongebied van die kerngroep, te woon. Indien hulle vir 'n lang periode onder die bepaalde gesag en



binne die invloedssfeer van die kerngroep lewe en bly, sal daar noodwendig met verloop van tyd 'n verandering in die lewenswyse van hierdie vreemdelinggroepe intree, in die rigting van aanname van die kultuur van die kerngroep omdat daar binne die totale volksverband 'n premie geplaas word op dit wat eie is aan die groep by wie die gesag setel. Alleen deur hierdie aanname van die lewenspatroon van die kerngroep kan enige vreemdelinggroep hom langamerhand volkome een maak met die gesagsdraers binne sy lewensverband.

Langs hierdie weg word 'n politieke eenheid langamerhand werklik 'n sosiaal-geïntegreerde eenheid. Die waarbergevir die bereiking van hierdie toestand is bloot die gesamentlike bewoning van dieselfde gebied en die onderhorigheid aan 'n bepaalde gesag. Die uiteindelijke eenheid op kulturele gebied en die band van onvoorwaardelike trou aan die gesag, mits hy volgens die kulturele tradisie handel, en die gewilligheid om onder sy leiding die vaderland, die bodem van die volksorganisme teen vreemdelinge te verdedig, is almal gevolge van die sametreffing van verskillende groepe binne die gebied van een volk: want, soos Beals en Hoijer dit kernagtig stel: „the introduction of political organization into the local group, gives rise to a unity between its members which stands over and above that imposed by kinship.” (Beals en Hoijer:1953: p. 444.)

Hierdie totstandkoming van 'n homogene eenheid onder 'n bepaalde gesag wat deur hulle gewillige onderdanigheid daaraan, volume en aansien daaraan verleen, is na ons oordeel 'n kenmerk van politieke organisasie wat deur al die vorige aangehaalde skrywers nie genoeg beklemtoon word nie. Gesag is alleen gesag as dit op die wyse innerlik gesterk word vir optrede na binne en na buite. Deur hierdie onderdanigplasing van die eenheid aan die gesag word daar 'n natuurlike kontrole uitgeoefen op die aktiwiteite van die politieke gesag, ook op die aanwending van geweld vir watter doel ook al. Indien die gesag van sy vermoëns sou misbruik maak, gee die onderdane pad

en verval die krag van die gesagsinstansie. Die gesagsdraers is dus ook langs hierdie weg aan sy onderdane verantwoordelikheid verskuldig. Politieke organisasie berus dus nie net op die aanwesigheid van 'n bepaalde gesag wat regeer nie, maar ook op die aanwesigheid van 'n aantal onderdane en die wisselwerking tussen onderdane en gesag bepaal die aard en krag van die politieke instelling.

##### 5. Definisie van politieke organisasie.

Volgens ons uitgangspunte verkry uit die opvattinge van ander skrywers, hou politieke organisasie verband met die instellings binne 'n bepaalde gemeenskap wat daardie gemeenskap op politieke terrein deur die uitoefening van gesag, na binne en na buite, in die wydste sin van die woord, orden. Politieke organisasie moet dus saam met gesag genoem word, hoewel mens moet onthou dat die gesagsbeoefening deur verskillende politieke instellings nie losgedink kan word van die geografiese gebied waaroor daardie politieke gesag erken word deur buitestaande eenhede as sprekende namens die inwoners, sowel as die interne sosiale eenheid wat die verordeninge van daardie gesag binne daardie vaderland erken nie. Dit moet onthou word dat die sosiale eenheid homself van ander onderskei veral op politieke terrein deur die afbakening van sy vaderland waarbuite alle ander mense vreemdelinge is.

Daardie instellings wat namens die totale gemeenskap na buite as mondstuk en leier optree en so die politieke gesagsinstelling na buite vorm, is gewoonlik maklik onderskeibaar omdat hier namens 'n aanduibare groep gepraat word wat hulleself van ander onderskei. Dit is veral in hierdie verband dat die kenmerk van gesamentlike vaderlandsbewoning homself duidelik openbaar omdat daar grense getrek word tussen die eie en die ander groep.

Waar hierdie gesagsinstellinge wat na buite funksioneer ook as die vernaamste permanente leier op politieke en ander terreine binne die groep erken word, is die omvang van die interne politieke struktuur of organisasie gewoonlik redelik mak-

lik aanduibaar in daardie eenhede wie se leierskapsposisie binne die gemeenskap deur hierdie sentrale instelling erken word en wat politieke gesag voer soos hulle dit in gedelegeerde vorm van die sentrale gesag ontvang. Hierdie kleiner politieke eenhede omvat egter gewoonlik aanduibare kleiner sosiale eenhede waarbinne die leier op politieke terrein ook leier op sosiale terrein is. Trouens, die erkenning van sy leierskapsposisie op sosiale terrein deur die sentrale gesag werk mee tot die hegte verbintenis van die totale sosiale eenheid op politieke terrein. Ons erken egter geredelik dat die verbintenis tussen plaaslike politieke gesag en die kleiner sosiale eenheid soms slegs op politieke terrein geleë is waar 'n groep vreemdelinge ingeskakel is onder die sentrale volksgesag en nog nie deel geword het van daardie kulturele eenheid nie. Hier is die kriterium vir plaaslike gesagsbeoefening slegs sy vermoë om plaaslike leiding te gee soos daartoe gemagtig deur die sentrale gesag wat deur al die lede erken word. By volke waar ons 'n statusrangorde van individue kry volgens senioriteit in 'n bepaalde unilaterale afkomslyn, by wie die politieke gesag setel, is die politieke gesagsposisies direk verbindbaar, selfs in dalende orde, met die status op sosiale terrein. Mens vind dus dat sosiale status en leierskap gelyk geskakel word met politieke gesag en leierskap. In sulke gevalle word dit moeilik om te onderskei tussen sosiale eenhede en politieke eenhede van plaaslike aard omdat die omvang identies is en die leierskapsposisie op albei terreine deur dieselfde persoon gevul word. Orals waar mens te doen het met iemand van besondere status wie se leierskap deur die gemeenskap eerbiedig word en wat namens 'n bepaalde groep as spreker kan optree, het 'n mens dan in werklikheid ook met politieke ordening te doen omdat sy gesagsposisie geëerbiedig word deur sy ondergeskiktes. Die werklike toets vir die insluiting van sodanige groepe, as onderdele van 'n bepaalde gesagshiërargie, in die interne politieke struktuur, is dan of hierdie plaaslike leier as leier van sy groep deur die sentrale politieke gesag erken word en

sy plaaslike funksie vervul kragtens magte aan hom afgedra. Dit is nie moontlik om in geval van sulke kleiner politieke eenhede die toets van gesamentlike gebiedsbewoning aan te lê nie, want in baie gevalle tree die leier op sosiale terrein, wie se onderhoriges as 'n kleiner politieke eenheid binne die interne organisasie beskou kan word, nie soseer namens die bewoners van 'n bepaalde area op nie, maar namens die afstammelinge in 'n bepaalde afkomslyn wat nie altyd noodwendig bymekaar hoef te woon nie.

Binne sulke hiërargiese eenhede sou 'n mens dus die politieke organisasie kan definieër as daardie organisatoriese geheel gebaseer op instellings waarvolgens bepaalde gesagsinstansies namens en ten behoeve van die gemeenskap na buite, teenoor ander gemeenskappe, met gesag optree en binne die gemeenskap orde handhaaf deur die gee van leiding en uitoefening van gesag in die wydste sin van die woord, binne die eie vaderland waar die interne gesagseenheid die beoefeningsreg van gesag deur delegasie en erkenning van die sentrale gesag ontvang het en waar die beoefeningswyse van gesag steeds onderworpe is aan die toets van die bereidwilligheid van die gemeenskap om te gehoorsaam as onderdane.

By gemeenskapseenhede waar ons nie hierdie duidelik-omlynde omvang van politieke organisasie vind nie en leierskap dus meer tydelik van aard is, is die eenhede egter kleiner en kan ons daarom as minimum definisie stel: omvat die politieke organisasie daardie instellings wat na buite en na binne deur die uitoefening van leiding en gesag daardie gemeenskap orden binne sy bepaalde woongebied of vaderland.

DIE POLITIEKE STELSEL VAN VOLKE MET BESONDERE  
VERWYSING NA DIE GESAGSBEGINSEL.

A. INLEIDING.

Alvorens ons aandag kan gee aan die politieke organisasie van die naturellegemeenskap in die lokasie Atteridgeville is dit nodig om 'n deeglike besef te vorm van wat werklik onder die term politieke organisasie verstaan word.

Die terrein van die verhandeling dek 'n aspek van die lewe van 'n groep mense wat nie meer as afsonderlike gemeenskap of volksorganisme leef nie. By die bepaling van die omvang van hulle besondere politieke ordeningswyse is dit beter om van 'n prinsipiële standpunt uit te gaan, want dit is onmoontlik om, sonder om ander skrywers te na te kom, op arbitrêre wyse die omvang van die politieke organisasie van 'n lokasie, geadministreer as onderdeel van 'n blanke administratiewe sisteem, af te baken.

Werklike definisies van politieke organisasie as algemene lewenskenmerk by volke is in 'n hoë mate by volkekundige studies oor hierdie onderwerp afwesig. Ons vind egter tog 'n mate van ooreenstemming in die uiteensetting van die voorwaardes wat nodig is vir die bestaan van 'n politieke organisasie. Ons gee daarom eerstens daaraan aandag.

B. POLITIEKE ORGANISASIE.

Die Amerikaanse volkekundige Herskovits sê: (Herskovits: 1949: p327) „no people is without ways and means of controlling conduct and directing the affairs of the group. (Ek onderstreep) Dus aanvaar hy 'n ordeningswyse binne die gemeenskap as kenmerk van politieke ordening. Dit impliseer egter ook 'n regulering van verhoudinge na buite tussen gemeenskappe. Vir Hoebel is die totale omvang van politieke organisasie: „a system of regulation of relations between groups or members of different groups within the society at large.” (Hoebel: 1949: p.376.) (Ek onderstreep). Vir Hoebel dus lê die wese van politieke organisasie in die ordening van verhoudinge tussen groepe en nie so seer binne die groep as sodanig nie.

Albei hierdie gesigspunte word saangevat en beter uitgebou in 'n definisie van prof. Radcliffe-Brown in sy Voorwoord tot African Political Systems van Fortes en Evans-Pritchard. Hy sê: „In studying political organization we have to deal with the maintenance or establishment of social order, within a territorial framework, by the organized exercise of coercive authority through the use, or the possibility of use of physical force." (Fortes en Evans-Pritchard:1940: p.xiv). Prof. Radcliffe-Brown bring dus by die bogaande erkenning van ordening binne en buite die eie sosiale groep, die feit dat die ordening berus op 'n dwingende instansie wat gesag voer oor die sosiale eenheid binne 'n bepaalde afgebakende gebied.

Samevattend uit hierdie drie gesigspunte sou 'n mens dus geregtig wees om as algemene voorwaardes vir die bestaan van politieke organisasie te stel, as sou dit gekenmerk word; (a) deur die aanwesigheid van 'n bepaalde sosiaal-geordende eenheid, deur m.a.w. vooraf aanwesigheid en gelyktydige aanwesigheid van 'n sosiale organisasie; (b) deur die aanwesigheid van 'n bepaalde afgebakende woongebied waarbinne die sosiale eenheid woonagtig is, en (c) die aanwesigheid van een of ander vorm van gesag wat oor die eenheid binne daardie gebied gesag voer en wat deur daardie sosiale eenheid as sodanig erken en gehoorzaam word. Die laaste, onderstreepte gedeelte, volg nie logies uit die aangehaalde oortuigings nie. Dit is egter na ons oordeel 'n aksiomatiese veronderstelling as ons die aanwesigheid van gesag as voorwaarde vir die bestaan van politieke ordening aanvaar.

Ons gee <sup>dus</sup> aanvanklik kortliks aandag aan hierdie vier basiese erkende voorwaardes vir die bestaan van politieke organisasie.

#### 1. Die bestaan van 'n sosiale organisasie.

By die bepaling van die verband tussen sosiale organisasie en politieke organisasie gaan dit volgens die bewering van Lips in die eerste instansie om die totale omvattende sosiale eenheid, die stam, volk of selfs nasie. Lips beweer tereg: „We may define government among primitives as the institutions

which/.....

which serve the purpose of holding the community together..... and guaranteeing peace within and without its borders. "(Lips: 1938: p.490). Onder Community verstaan hy: "the community which exceeds the single family, be it local group, clan, tribe or people." (Lips: 1938: P.490).

Elke volk op aarde leef volgens 'n bepaalde algemeen aanvaarde lewenspatroon, 'n algemene kultuur waardeur daardie volk homself handhaaf binne sy omgewing. Elke kultuur vertoon 'n bepaalde verskeidenheid van fasette: sosiaal, ekonomies, godsdienstig en politiek. Hierdie fasette is nie van mekaar skeibaar nie; uitgaande van die een kom 'n mens noodwendig op die terrein van die ander want elk het 'n invloed op die ander. Dit is om hierdie rede dat Herskovits so duidelik die onderlinge verbintenis tussen politieke organisasie, tegniese vaardigheid en bedryfsprestasies beklemtoon. Hy sê: "Governmental institutions are more complex where population mass is great and where the technological base permits the production of an economic surplus sufficient to support those who must exercise the function of supervision, control and direction, than where the population mass is small and the technological base is less adequate." (Herskovits: 1949: p.328.)

Dit is 'n aksionatiese gemeenplaas wat deur Hoebel gestel word wanneer hy sê dat die staat, die politieke eenheid, en society, die sosiale eenheid in werklikheid dieselfde organisme aandui slegs gesien vanuit twee verskillende sferes van belangstelling. In elkeen word daar slegs klem gelê op 'n besondere aspek van die lewe van 'n bepaalde volk. (Hoebel: 1949: p.376.) Die ongelukkige feit bestaan egter dat by elke sodanige studie, sosiaal of politiek georiënteerd, dit dikwels met noodlottige gevolge buite rekening gelaat word dat elkeen van die sosiale of politieke organisasies slegs aspekte van die groter geheel, n.l. die kultuur van daardie volk vorm. In hierdie geheel is die eenhede wat op sosiale terrein onderskei word in hoofsaak dieselfde as die politieke eenhede en die rangordening en onderlinge verhouding en ver-

band tussen sosiale eenhede word by die meeste primitiewe volke ook van belang by die begryping van die funksionering van die politieke stelsel. Die blote funksionering van 'n bepaalde sosiale eenheid op politieke terrein is egter nie die omvang van onderlinge skakeling tussen/<sup>die</sup>lewensfasette nie. Vir die werklike begrip van een bepaalde kultuuraspek bv. die politieke moet die inwerking van en verband met alle ander aspekte van daardie kultuur in aanmerking geneem word. Wanneer dit nie gedoen word nie is wanverhoudings en ten minste skewe voorstellings die noodwendige gevolg van 'n te enge uitgangspunt. Byvoorbeeld waar vir die bepaling van die aanwesigheid van politieke gesag deur baie skrywers (vgl. Hoofstuk II.B.3) as norm aangelê word, enkel en alleen die vermoë tot die aanwending van dwang tot ordening van die gemeenskap sodat die werklike herkoms van daardie gesag nl. die erkenning daarvan uit hoofde van leierskap op die sosiale terrein, en in die geval van die Bantoe, ook op godsdienstige en ekonomiese terrein, uit die oog verloor word.

Daar is egter één fout waarteen gewaak moet word by inagneming van kulture as geheel by die bestudering van 'n aspek daarvan: Dit is moontlik om binne die sosiale verband van een volk verskillende kultuurvorme aan te tref bv. wanneer daar vreemde elemente in die geledere van daardie volk opgeneem is hetsy as gelykwaardig met, of ondergeskik aan, die oorspronklike lede daarvan. Linton sê van Amerikaanse toestande: "It seems probable that the nucleus of a tribe is always formed through the increase and splitting of an original band, but bands of foreign origin may come to be included." (Linton: 1936: p.232.) In elk geval kan ons aanvaar dat vreemdelinge hulle onder, en binne die gelede van ander sosiale en politieke eenhede voeg. Om in so'n geval die kultuurvorm van hierdie vreemde groepe, waar dit ernstig van die oorspronklike lede s'n verskil, as uitgangspunt te neem, sou verkeerd wees, want waar sulke toestande heers berus die sentrale gesag nóg steeds binne die hande van die oorspronklike groep, en/..... © University of Pretoria



en dit is hulle kultuur wat die geheelbeeld sal verskaf, hoe belangrik die ondergeskikte kultuurtypes ook al mag wees, vir die begryping van die politieke beheer wat binne 'n kleiner groepie van die geheel aangetref word.

## 2. Die bestaan van 'n bepaalde gebied.

Sosiale eenhede bewoon in die meeste gevalle 'n bepaalde aanduibare gebied waarin hulle 'n bestaan maak. Dit is waar selfs in die geval van die primitiefste jagtersvolke waar hierdie gebied gewoonlik slegs swak aanduibaar is. Naas die beginsel van verwantskap wat 'n groot rol speel in die instandhouding van sosiale ordening, sê Beals en Hoijer, is die beginsel van co-residence van uiterste belang. „It is this principle that apparently underlies all forms of politico-territorial grouping, from the informal and amorphous group to the highly organized modern state.” (Beals en Hoijer: 1953: p.443). Ook vir Lips is die beginsel van gebiedsbewoning van besondere belang. (Lips: 1938: p.490 et seq.) Netsoos die sosiale eenheid dus in mindere of meerdere mate aan 'n bepaalde gebied verbind is, is die politieke ordening ook aan daardie gebied verbindbaar.

Die blote bewoning van 'n bepaalde gebied is na ons oordeel nie genoeg om dit te noem as 'n saambindende faktor met invloed op die sosiale en politieke organisasie nie. Die sosiale eenheid wat 'n bepaalde gebied bewoon moet nie slegs 'n bestaan uit die bodem maak nie maar moet vir hulle voortbestaan as 'n volkseenheid daarvan afhanklik wees. Hulle moet die woongebied as hulle vaderland, hulle nasionale tuiste beskou en gewillig wees om dit te alle tye teen invallers van buite te verdedig. Hierdie noodwendige verbintenis tussen volk en vaderland word verder in alle gevalle verstrekkend deurdat die dooies daar begrawe lê: omdat bande van sentiment die volkseenheid daaraan bind. Daar word dus 'n hele historiese tradisie op daardie bepaalde woonplek opgebou. Hierdie laasgenoemde ontwikkeling wortel nie in die politieke lewensaspek as sodanig nie maar wortel in die res van die kultuur,

in die godsdiens en selfs in die historiese verhaleskat van 'n volk. Al die aangehaalde skrywers volstaan slegs by samenwoning as grond vir eenheid op politieke terrein en vergeet hierdie uiters belangrike vaderlandsgebondenheid wat in ons eie maatskappy daartoe gelei het dat selfstandige volke, met 'n eie kultuurbesit, ook op politieke terrein, in kolonies van die moederland ontstaan het en nog ontstaan.

### 3. Die bestaan van 'n gesagseenheid.

Politieke organisasie het in alle gevalle te make met die regulering van die lewe van mense of groepe van mense wat binne 'n bepaalde gebied woon. Die gesag wat hierdie regulering doen, oefen dus 'n invloed uit oor daardie hele gebied. Die bestaan van gesag wat in 'n bepaalde instelling setel en die onderhorigheid daaraan van 'n sosiale eenheid is vir baie volkekundiges die enigste en in elk geval vir almal die belangrikste kriterium vir die bestaan van 'n politieke organisasie.

Dit is dus nodig om 'n duidelike begrip te kry van wat onder die gesagseenheid of gēsagsinstelling verstaan word en verstaan moet word. Prof. Radcliffe-Brown sê in 'n verkorte definisie: „The political organization of a society is that aspect of the total organization which is concerned with the control and regulation of the use of Physical force.” (Ek onderstreep). (Fortes en Evans-Pritchard: 1940: p.xxiii). Volgens hom en ook volgens Herskovits is die omvang van die plig van die politieke gesag, wat op die vermoë tot die aanwending van geweld berus,

(a) in die eerste instansie die regulering van verhoudinge van die eie groep met ander groepe, en

(b) in die tweede instansie die regulering van die verhoudinge tussen lede en groepe binne die eie groep.

Herskovits sê: „Political systems order the relations between groups by means of diplomacy and warfare. They control conduct within the group by the exercise of law.” (Herskovits: 1949: p.343.) Met hierdie uitgangspunt stem Radcliffe-Brown hierdie in hoofsaak saam want ook hy onderskei/twee aksiesfere van

die politieke gesag. (Fortes en Evans-Pritchard: 1940: p.xiv.)

(1) Die bestaan van gesagsbeoefening na buite.

Die verhouding tussen groepe van mense waar dit die botsing of moontlike botsing van belange raak, geskied in die meeste gevalle deur die vertoning van 'n gemeenskaplike gesindheid van 'n groep soos geopenbaar deur (a) 'n enkele ambassadeur of 'n diplomatieke sending waardeur tot stand gebring word „the peaceful resolution of disputes between autonomous groups” (Herskovits: 1949: p.343) of, (b) deur die weerbare mans van die gemeenskap by wyse van oorlogvoering. Tereg dui Herskovits aan dat ons ten opsigte van oorlogvoering moet onderskei tussen georganiseerde oorlogsvoering, waarby 'n permanente leër bestaan wat as sodanig in standgehou word en - blote strooptogte. Die laasgenoemde is vir hom die eintlike wyse van primitiewe oorlogvoering hoewel ons hom gelyk gee dat die Zoeloes bv. ook georganiseerde oorlog gevoer het. (Herskovits: 1949: p.343). Tot hierdie twee tipes van gesindheidopenbaring na buite voeg <sup>n derde by</sup> Radcliffe-Brown/nl. die vete (feud) tussen groepe verwante binne die eie groep. Ten opsigte van hierdie laaste tipe optrede moet ons egter volledigheidshalwe byvoeg dat die duur van die beoefening van bloedwraak nie onbeperk is nie aangesien dit meewerk tot die versplintering van die eie groep.

Ons kan volmondig akkoord gaan met hierdie uiteensetting van Herskovits en Radcliffe-Brown omdat die beslegting van geskille in elke geval geskied deur die vertolking van die gevoel van die groep as geheel, of dit nou voorgedra word deur 'n persoon, groep van persone, of die groepe as geheel. Indien hierdie woordvoerders namens die groep van hulle magte sou misbruik maak, sou die belange van die groep as geheel skade lei en groepsoprede volg om hierdie skade te herstel. Die aanwending van physical force is dus in die eerste en laaste instansie, waar dit verhoudinge tussen groeperaak, 'n groepsaangeleentheid en enige optrede is onderhewig aan die stilswyende of aktiewe goedkeuring van die groep.

(2) Die bestaan van gesagsbeoefening na binne.

In beginsel stem ons volmondig saam dat die bestaande gesag in enige sosiale eenheid ook verantwoordelik is vir die uitoefening van die regtelike of judisiële reëling van verhoudinge tussen die lede van daardie groep.

Volgens die opvattinge van Herskovits en Hoebel is die politieke gesag ook bedeel met die bevoegdheid tot die aanwending van physical force binne die gemeenskap en die regulering van verhoudinge tussen die lede van die groep. Self sê Herskovits egter: „They (political systems) control conduct within the group by the exercise of law.” (Herskovits: 1949: p.343). Onder law verstaan hy egter dieselfde as Hoebel nl. : „a law is a social norm the infraction of which is sanctioned in threat or in fact, by the application of physical force by a party possessing the socially recognized privilege of so acting”. (Hoebel: 1949: p.364. vgl. ook Hoebel: 1954: p.28).

Die bostaande bring Herskovits en Hoebel, asook Radcliffe-Brown miskien in 'n effens mindere mate, op dieselfde vlak t.o.v. die aanname van die bevoegdheid tot aanwending van geweld na buite en na binne as die kriterium vir die uitkenning van 'n politieke gesagseenheid. In die beredenering van die aanwendingswyse van geweld in geval van oorlog en ander struwelinge tussen groepe was dit onnodig om die begrip geweld te omskrywe. Waar dit egter nou die aanwending van geweld binne die eie groep geld onder die dekmantel van law - reg - is dit nodig dat ons dit nader beskrywe, anders raak die stelling soos gehuldig deur die bogenoemde skrywers onhoudbaar: Regsreëling geskied tog onder die bevoegdheid tot die aanwending van dwang van verskillende aard (vgl. hieronder) en nie soseer bloot deur die aanwending van geweld nie.

Volgens Hoebel en ook Herskovits, wat Hoebel se siening van reg onderskryf, is al die regulerende beperkings binne die gemeenskap nie deel van die regstelsel nie. Hy onderskei tussen 'n social norm (wat vertaal kan word met sosiale norm of slegs wellewendheidsbepaling) wat nie afgedwing kan word deur geweld nie en regsvoorskrifte wat wel op daardie wyse afdwingbaar is.

Hy sê „The essentials of legal coercion are general acceptance of the application of physical power, in threat or in fact, by a privileged party, for a legitimate cause, in a legitimate way, and at a legitimate time. This distinguishes the sanction of law from other social rules." (Ek onderstreep). (Hoebel: 1949: p.363). Verder op dieselfde bladsy sê hy: „The really fundamental sine qua non of law in any society is the legitimate use of physical coercion." en „force in law has a special meaning. Force means coercion, which in its absolute form is physical compulsion."

Hierdie aanhalings bring ons tot die aanvaarding dat Hoebel binne die groep 'n gesagseenheid veronderstel, volgens sy definisie socially recognized, wat deur die bewuste aanwending van dwingende maatreëls wat in sy uiterste vorm geweld omvat, die orde binne die gemeenskap bewaar en verhoudinge tussen die lede reël. Dit blyk dus dat die aard van die beherende gesag klaarblyklik volgens Hoebel nie verskil in sy aktiwiteite na buite of na binne die groep nie. In alle gevalle berus dit op die finale aanwendingsmoontlikheid van geweld.

Na ons oordeel is die uiteensetting van Hoebel blootgestel aan ernstige kritiek. Ons mis in sy uiteensetting enige beredenering van die frase „the socially recognized privilege of so acting" in sy definisie. Na ons oordeel is die implikasie van hierdie frase dat die regtelike gesag binne enige gemeenskap ten minste as sodanig erken en aanvaar moet word. Sonder erkenning van en onderwerping aan die gesag deur die sosiale eenheid, word enige uitoefening daarvan 'n belaglike klug. Vir die waarborg van hierdie stilswyende erkenning is dit na ons oordeel vir hierdie gesag nodig om in sy aanwending van sy bevoegdheid om geweld te gebruik deeglik rekening te hou met die heersende algemene lewenswyse binne die gemeenskap. Die gesag moet m.a.w. sy regulering van die verhoudinge tussen lede van die groep volgens die tradisie van die volkseenheid, volgens die vorige presedente wat daar bestaan vir die regulering van botsende verhoudinge tussen individue, uitvoer. Hierdie

gesag moet dus deeglik rekening hou met die lewenwyse, die kultuur van die onderhoriges wat onder hom gestel is.

Indien die interne gesag sou waag om van hierdie gebaande weg van tradisioneelbepaalde reguleringswyse af te wyk sou hy onderhewig wees in elke geval aan onmiddellike of uiteindelijke teregwysing deur die gemeenskap onder hom. Alle regspraak of interne lewensregulering berus op die goedkeuring van die gemeenskap. Hierdie interne gesag berus dus nie slegs op die aanvaarding en apatiese erkenning daarvan deur die lede van die gemeenskap nie, maar is onderhewig aan hulle kontrole en hierdie kontrolering vind plaas ooreenkomstig die tradisionele lewenswyse, die kultuur, van daardie groep.<sup>x</sup>

Dit bring ons tot die gevolgtrekking dat die gesag wat binne die gemeenskap die noodsaaklike geweld aanwend tot die naking van sekere lewensreëls, dit doen vir die instandhouding van die gemeenskap ooreenkomstig 'n bepaalde kultuurpatroon, as verpersoonliking van die gemeenskap aan wie se kontrole die gesagsinstansie verantwoording moet doen.

### (3) Definiëring van gesag.

By die uiteindelijke definiëring van die politieke gesag wat oor 'n bepaalde gemeenskap heers en na buite sowel as na binne optree, kan ons t.o.v. die optrede namens die groep teenoor ander groepe dit beskou as die instelling wat op geweldadige wyse of potensiele geweldadige wyse die belange van die groep beskerm, en kan ons sonder meer die besondere skrywers gelyk gee.

By die bepaling van die aard van interne gesag is dit korrek om te aanvaar dat dit interne verhoudinge tussen lede van die groep volgens die bepaalde lewenswyse en tradisie van daardie groep reël, mits ons hieronder nie 'n regspleging volgens 'n bepaalde gemeenskapsreg verstaan nie, want, indien ons reg, of die geldende wet, binne 'n gemeenskap verbind met daardie reëls waarvan die oortreding normaalweg in die uiterste instansies/.....

<sup>x</sup> In hierdie beredenering gee Hoewel ons gelyk in sy jongere werk Hoebel: 1954; Hoofstuk 1 en 2.

instansies deur die aanwending van geweld geken word, (vgl. Hoebel: 1954: p.18 et seq.) volg dit logies dat die omvang van primitiewe reg 'n veel kleiner boog van aktiwiteite sal oorspan as die geregimenteerde regstelsels van moderne volke. By gevolg word ook die aksiesfeer van die politieke terrein by primitiewe volke daarmee saam beperk. Die rede hiervoor is dat 'n groot deel van die voorskrifte wat by ons as deel van die reg geld, by primitiewe volke as deel van die morele kode geld of as deel van die godsdiensovoorskrifte of selfs deur die vrees vir die werking van towerkragte bepaal word. Vir die instandhouding van hierdie voorskrifte in totaal, wat by ons deur hofsanksies gedra word, vind 'n mens dus 'n verskeidenheid van sanksies by primitiewe volke. Alleen as ons al hierdie regulerende bepalinge as deel van die regstelsel beskou soos Driberg wat sê: „law comprises all those rules which regulate the behaviour of individuals and communities and which by maintaining the equilibrium of society are necessary for its continuance as a corporate whole, "(Driberg: 1928: p.65.) sou 'n mens in 'n mate geregverdig kan wees om die funksie van politieke gesag te sien as die toepassing van die regstelsel.

Dit is na ons oordeel nie moontlik om die begrip reg of law so wyd te omskrywe dat alle aktiwiteite van die politieke gesag daaronder tuisgebring kan word nie. Alhoewel die aanwending van regspraak en die daaruit voortvloeiende regulering van dwang 'n kenmerk is van politieke gesag binne die groep is dit nie die enigste nie. Daarby moet onthou word dat dit nie gaan om die toepassing van lewensreëls en regulasies soos geformuleer deur 'n vreemde instansie en toegepas deur dwangmaatreëls binne die groep nie, maar dat dit gaan om die bewaring van orde deur die toepassing van die reëls waarvolgens die gemeenskap tradisioneel hulle lewe reël. Die regspraak geskied dus volgens die kulturele verlede van daardie volk vir daardie volk deur iemand of instansie wat sy statusposisie alleen kan behou solank hy op hierdie wyse regspraak.

Die politieke gesag staan in werklikheid vir korter of

langer tyd, en in geval van permanente politieke instellings, permanent, aan die hoof nie alleen van die politieke aspek van die lewe van daardie volk nie maar ook aan die hoof van die sosiale. As sodanig gee hy toon aan en verskaf rigting aan die sosiale lewe bloot deur die mate waarin hy hom hou aan die voorskrifte van tradisie. In meeste gevalle en veral by die Suid-Afrikaanse Bantoe, soos ons sal aantoon, het hy verder besondere ekonomiese en godsdienstige verpligtinge.

Politieke gesag word normaalweg gekenmerk deur 'n mate van kontinuïteit hetsy deur opvolging op 'n bepaalde wyse of deur verkiesing of aanwysing binne 'n bepaalde gemeenskap. Nogtans word 'n persoon se gesag nie erken bloot slegs ten gevolge van opvolging of verkiesing nie. Die draer van politieke gesag se posisie word gesterk of gaan tot niet volgens sy vermoë en bekwaamheid om hom te kwyd van al die verpligtinge wat integraal deel vorm van die posisie waarin hy opgevolg het, nie alleen op die regtelike terrein nie maar ook op die sosiale, godsdienstige, ekonomiese en selfs militêre as die tradisie dit van hom vereis.

Hierdie stelling bring twee belangrike feite na vore nl. (a) die politieke gesag setel in 'n persoon of ander instansie in die gemeenskap uit die gemeenskap vir die gemeenskap volgens die geldende tradisie, die gesag is nie slegs blote aanwender van dwang nie, en (b) sy posisie word bepaal deur die goedkeuring wat stilswyend deur die gemeenskap gegee word aan die wyse waarop hy sy pligte as leier nakom. Deur hierdie stilswyende goedkeuring betuig die gemeenskap ook hulle onderdanigheid aan hierdie gesag.

Interne politieke gesag sou 'n mens daarom kan definieer as dié gesagsinstansie wat die sosiale orde instand hou deur die regulering van die lewe van die groep, eensyds deur die gee van leiding en nakoming van verpligtinge op sulke terreine van die lewe as wat die kultuurpatroon voorskryf en andersyds deur die toepassing van dwingende maatreëls volgens die tradisioneel erkende wyse binne die gemeenskap.



#### 4. Gewilligheid tot onderdanigheid aan gesag.

Ons het reeds daarop gewys dat Linton (Linton: 1936:p.231) uitgaan van die standpunt dat 'n volksgemeenskap opgebou is uit 'n kern waarby verskillende vreemdelinggroepe hulle voeg. As ons hierby ingedagte hou dat elke sodanige totale eenheid 'n bepaalde gebied bewoon en dat daar gedurig onderlinge kultuurbeïnvloeding tussen die verskillende kultuurgroepe binne dieselfde volks- en politieke verband plaasvind, dan kan ons verstaan dat al die faktore wat 'n rol speel in die totstandkoming van 'n gemeenskap wat almal saam trou aan dieselfde politieke gesag verskuldig is, hier byeen is.

Binne elke volkseenheid sou 'n mens in staat kan wees om drie verskillende groepe, wat in hulle samestelling geensins staties is nie te onderskei. Ten eerste is daar die kerngroep by wie die gesag binne die groter eenheid gewoonlik setel, as permanente politieke gesag 'n kenmerk van so'n eenheid is: 'n groep wat in elke geval 'n kulturele eenheid vorm, een na lewenspatroon dus. Hierdie groep is aan die gesag gebind deur „verwantskap“ deurdat die gesagsdraer of gesagsinstansies deel van hulle is. Om hierdie rede toon hulle gewilliglik /aan die gesag wat oor hulle langs tradisionele weg totstand kom, te meer daar hierdie gesagsdraer(s) gewoonlik ook op sosiale terrein die mees senior persoon binne die kerngroep is. Dan be- rus erkenning van gesag ook op die praktiese werking van sosiale senioriteit.

Rondom hierdie kerngroep skakel in die tweede instansie die verskillende vreemdelinggroepe, sommige waarvan reeds ten dele, sommige waarvan feitlik gladnie die kultuur van die kern- groep aanvaar het nie. By alle volke is hierdie groepe in sta- tus ondergeskik aan die kerngroep; van laer status in die rang- leer van senioriteit binne die volksverband. Hulle is gedwing tot onderdanigheid aan die heersende gesag vanweë hulle wil of behoefte om binne die sfeer van daardie gesag, soos bepaal deur die grense van die woongebied van die kerngroep, te woon. Indien hulle vir 'n lang periode onder die bepaalde gesag en

binne die invloedssfeer van die kerngroep lewe en bly, sal daar noodwendig met verloop van tyd 'n verandering in die lewenswyse van hierdie vreemdelinggroepe intree, in die rigting van aanname van die kultuur van die kerngroep omdat daar binne die totale volksverband 'n premie geplaas word op dit wat eie is aan die groep by wie die gesag setel. Alleen deur hierdie aanname van die lewenspatroon van die kerngroep kan enige vreemdelinggroep hom langamerhand volkome een maak met die gesagsdraers binne sy lewensverband.

Langs hierdie weg word 'n politieke eenheid langamerhand werklik 'n sosiaal-geïntegreerde eenheid. Die waarbergevir die bereiking van hierdie toestand is bloot die gesamentlike bewoning van dieselfde gebied en die onderhorigheid aan 'n bepaalde gesag. Die uiteindelijke eenheid op kulturele gebied en die band van onvoorwaardelike trou aan die gesag, mits hy volgens die kulturele tradisie handel, en die gewilligheid om onder sy leiding die vaderland, die bodem van die volksorganisme teen vreemdelinge te verdedig, is almal gevolge van die sametreffing van verskillende groepe binne die gebied van een volk: want, soos Beals en Hoijer dit kernagtig stel: „the introduction of political organization into the local group, gives rise to a unity between its members which stands over and above that imposed by kinship.” (Beals en Hoijer:1953: p. 444.)

Hierdie totstandkoming van 'n homogene eenheid onder 'n bepaalde gesag wat deur hulle gewillige onderdanigheid daaraan, volume en aansien daaraan verleen, is na ons oordeel 'n kenmerk van politieke organisasie wat deur al die vorige aangehaalde skrywers nie genoeg beklemtoon word nie. Gesag is alleen gesag as dit op die wyse innerlik gesterk word vir optrede na binne en na buite. Deur hierdie onderdanigplasing van die eenheid aan die gesag word daar 'n natuurlike kontrole uitgeoefen op die aktiwiteite van die politieke gesag, ook op die aanwending van geweld vir watter doel ook al. Indien die gesag van sy vermoëns sou misbruik maak, gee die onderdane pad

en verval die krag van die gesagsinstansie. Die gesagsdraers is dus ook langs hierdie weg aan sy onderdane verantwoordelikheid verskuldig. Politieke organisasie berus dus nie net op die aanwesigheid van 'n bepaalde gesag wat regeer nie, maar ook op die aanwesigheid van 'n aantal onderdane en die wisselwerking tussen onderdane en gesag bepaal die aard en krag van die politieke instellinge.

##### 5. Definisie van politieke organisasie.

Volgens ons uitgangspunte verkry uit die opvattinge van ander skrywers, hou politieke organisasie verband met die instellings binne 'n bepaalde gemeenskap wat daardie gemeenskap op politieke terrein deur die uitoefening van gesag, na binne en na buite, in die wydste sin van die woord, orden. Politieke organisasie moet dus saam met gesag genoem word, hoewel mens moet onthou dat die gesagsbeoefening deur verskillende politieke instellings nie losgedink kan word van die geografiese gebied waaroor daardie politieke gesag erken word deur buitestaande eenhede as sprekende namens die inwoners, sowel as die interne sosiale eenheid wat die verordeninge van daardie gesag binne daardie vaderland erken nie. Dit moet onthou word dat die sosiale eenheid homself van ander onderskei veral op politieke terrein deur die afbakening van sy vaderland waarbuite alle ander mense vreemdelinge is.

Daardie instellings wat namens die totale gemeenskap na buite as mondstuk en leier optree en so die politieke gesagsinstelling na buite vorm, is gewoonlik maklik onderskeibaar omdat hier namens 'n aanduibare groep gepraat word wat hulleself van ander onderskei. Dit is veral in hierdie verband dat die kenmerk van gesamentlike vaderlandsbewoning homself duidelik openbaar omdat daar grense getrek word tussen die eie en die ander groep.

Waar hierdie gesagsinstellinge wat na buite funksioneer ook as die vernaamste permanente leier op politieke en ander terreine binne die groep erken word, is die omvang van die interne politieke struktuur of organisasie gewoonlik redelik mak-

lik aanduibaar in daardie eenhede wie se leierskapsposisie binne die gemeenskap deur hierdie sentrale instelling erken word en wat politieke gesag voer soos hulle dit in gedelegeerde vorm van die sentrale gesag ontvang. Hierdie kleiner politieke eenhede omvat egter gewoonlik aanduibare kleiner sosiale eenhede waarbinne die leier op politieke terrein ook leier op sosiale terrein is. Trouens, die orkenning van sy leierskapsposisie op sosiale terrein deur die sentrale gesag werk mee tot die hefter verbintenis van die totale sosiale eenheid op politieke terrein. Ons erken egter geredelik dat die verbintenis tussen plaaslike politieke gesag en die kleiner sosiale eenheid soms slegs op politieke terrein geleë is waar 'n groep vreemdelinge ingeskakel is onder die sentrale volksgesag en nog nie deel geword het van daardie kulturele eenheid nie. Hier is die kriterium vir plaaslike gesagsbeoefening slegs sy vermoë om plaaslike leiding te gee soos daartoe gemagtig deur die sentrale gesag wat deur al die lede erken word. By volke waar ons 'n statusrangorde van individue kry volgens senioriteit in 'n bepaalde unilaterale afkomslyn, by wie die politieke gesag setel, is die politieke gesagsposisies direk verbindbaar, selfs in dalende orde, met die status op sosiale terrein. Mens vind dus dat sosiale status en leierskap gelyk geskakel word met politieke gesag en leierskap. In sulke gevalle word dit moeilik om te onderskei tussen sosiale eenhede en politieke eenhede van plaaslike aard omdat die omvang identies is en die leierskapsposisie op albei terreine deur dieselfde persoon gevul word. Orals waar mens te doen het met iemand van besondere status wie se leierskap deur die gemeenskap eerbiedig word en wat namens 'n bepaalde groep as spreker kan optree, het 'n mens dan in werklikheid ook met politieke ordening te doen omdat sy gesagsposisie geëerbiedig word deur sy ondergeskiktes. Die werklike toets vir die insluiting van sodanige groepe, as onderdele van 'n bepaalde gesagshiërargie, in die interne politieke struktuur, is dan of hierdie plaaslike leier as leier van sy groep deur die sentrale politieke gesag erken word en

sy plaaslike funksie vervul kragtens magte aan hom afgedra. Dit is nie moontlik om in geval van sulke kleiner politieke eenhede die toets van gesamentlike gebiedsbewoning aan te lê nie, want in baie gevalle tree die leier op sosiale terrein, wie se onderhoriges as 'n kleiner politieke eenheid binne die interne organisasie beskou kan word, nie soseer namens die bewoners van 'n bepaalde area op nie, maar namens die afstammelinge in 'n bepaalde afkomslyn wat nie altyd noodwendig bymekaar hoef te woon nie.

Binne sulke hiërargiese eenhede sou 'n mens dus die politieke organisasie kan definieër as daardie organisatoriese geheel gebaseer op instellings waarvolgens bepaalde gesagsinstansies namens en ten behoeve van die gemeenskap na buite, teenoor ander gemeenskappe, met gesag optree en binne die gemeenskap orde handhaaf deur die gee van leiding en uitoefening van gesag in die wydste sin van die woord, binne die eie vaderland waar die interne gesagseenheid die beoefeningsreg van gesag deur delegasie en erkenning van die sentrale gesag ontvang het en waar die beoefeningswyse van gesag steeds onderworpe is aan die toets van die bereidwilligheid van die gemeenskap om te gehoorsaam as onderdane.

By gemeenskapseenhede waar ons nie hierdie duidelik-omlynde omvang van politieke organisasie vind nie en leierskap dus meer tydelik van aard is, is die eenhede egter kleiner en kan ons daarom as minimum definisie stel: omvat die politieke organisasie daardie instellings wat na buite en na binne deur die uitoefening van leiding en gesag daardie gemeenskap orden binne sy bepaalde woongebied of vaderland.

## H O O F S T U K    I I I .

### DIE POLITIEKE ORGANISASIE VAN DIE SOTHO.

#### A. INLEIDING.

Vir die bepaling van die aard van die politieke ordeningswyse van die Bantoe as voorspel tot die weergawe van verbandhoudende instellings binne die lokasie Atteridgeville en om toestande aldaar teen die tradisionele agtergrond te beskou, gee ons in hierdie hoofstuk aandag aan die politieke organisasie van die Sotho-volke. Ons beperk ons tot die Sotho-volke omdat die samestelling van die lokasie Atteridgeville, soos in hoofstuk IV A. uiteengesit, hoofsaaklik bestaan uit mense van algemene Sotho herkoms. Dit gaan dus hier om die oorsigtelike tipering van die algemene Sotho politieke organisasie soos verkry as 'n sintese van die politieke organisasiewyse van Sotho-volke van die suidelike, westelike en noordelike afdelings.

By die keuse van die stamme wat behandel sal word, moes ons ons noodgedwonge laat lei deur die beskikbaarheid van literatuur oor die verskillende stameenhede. Die onderliggende patroon vertoon egter so'n mate van eenvormigheid dat ons met veiligheid 'n algemene tendens kan vaslê. Waar afwykings en plaaslike verskille van besondere stamme gerapporteer is, sal dit in die teks aangedui word. Uit die Noord-Sothogroep kon slegs drie stamme geneem word, nl. die Balobedu, soos beskrywe deur Krige en Krige (Krige: 1947), die Batau volgens besonderhede verkry uit ongepubliseerde navorsing van Bothma (Bothma: M.S.), asook die Bapedi, volgens die redelik onvolledige gegewens van Harries (Harries: 1929) en Eiselen, (Eiselen: 1932). Van die Suid-Sotho is redelik uitvoerig kennis geneem veral aan die hand van die werk van E.H. Ashton (Ashton E.H.: 1938 en : 1946) en H. Ashton (Ashton H: 1952) asook met kennisname van die weergawe van ander skrywers. (MacGregor J.C.: 1909, Cassalis: 1861). Die Wes-Sotho of Tswana is na literatuur op hierdie gebied, die beste verteenwoordig en ons gee daarom ook aandag aan die Bakgatla (Schapera: 1938). In besonder aan die

BagaKgafêla groep van Betsjoeanaland, (Schapera: 1933 en 1935),  
 en die BagaMosêthla groep van Hammanskraal Transvaal, (Van Zyl:  
 1952), asook aan ander stamme soos die Bahurutshe (Lestrade:  
 1928), die Bangwaketse, (Schapera: 1947), die Bamangwato,  
 (Schapera: 1935, 1938 en 1940), asook aan die Batawana, (Ash-  
 ton E.H.: 1937), en die Batlhaping (Language: 1943). Van  
 hierdie verskillende beskrywings reken ons die van Lestrade  
 oor die Bahurutshe as van besondere belang, want die stam is,  
 volgens Tucker, (Tucker: 1929:12) en Schapera (Schapera: 1938:  
 3) sowel as volgens Language en Lestrade self, die mees senior  
 Tswana stam. Hulle gebruike en politieke organisasie vorm,  
 soos die feite sal aantoon, dan ook die basiese patroon van  
 Tswana politieke organisasie.

Alvorens ons aandag gee aan die verskillende politieke  
 instellinge by die Sotho is dit nodig om 'n algemene beeld te  
 verkry van die wyse waarop 'n Bantoestam in sy eenvoudigste  
 vorm saamgestel is. 'n Bantoestam het min of meer 'n organiese  
 grondslag. Dit is 'n eenheid wat, soos ons in die vorige hoof-  
 stuk II B.4 aangetoon het, bestaan uit 'n kerngroep by wie die  
 gesag setel, naas verskillende vreemdelingroepe wat hulleself  
 aan die gesag van daardie kerngroep ondergeskik gestel het.  
 Ten opsigte van die kerngroep kan ons sê dat daar 'n groeipro-  
 ses van binne uit aangedui kan word. Die kerngroep is 'n in-  
 nerlike eenheid gebaseer op verwantskap. Die res van die stam  
 word dus vanuit hierdie organiese groep in die sekondêre in-  
 stansie bewustelik georganiseer. 'n Mens kan daarom aanneem  
 dat die stam, meer bepaald die kerngroep, ontwikkel het uit die  
 vaderregtelike familiegroep van die bepaalde opperhoof, waar-  
 binne die status van die persone binne die groep bereken word  
 volgens hulle verwantskapsverband met die afkomslyn van die  
 opperhoof. Die gesag setel by die mees senior persoon van die  
 mees senior afkomslyn bereken van die oorspronklike stamvoor-  
 vader en vererf van vader na die oudste seun van die hoofvrou.  
 Die ander seuns van die oorspronklike stamvader was ondergeskik  
 aan die statusposisie van die oudste seun en van die hoofvrou.

Soos/.....

Soos die groter stameenheid gaandeweg ontwikkel uit die afstammeling van die oorspronklike en latere gebore seuns van die direkte afstammingslyn, word die oorspronklike rangorde behou en mens vind later kleiner afkomseenhede, nasate van mindere persone in die afkomslyn, wat die een teenoor die ander 'n bepaalde rangorde inneem en in dalende rangorde geplaas kan word volgens die senioriteit van die bepaalde voorvader uit die kapteinshuis van wie hulle, meer in besonder, hulle afkoms reken. Oor elk van hierdie kleiner eenhede word daar 'n senior persoon as leier erken sodat daar langamerhand 'n verskeidenheid van administratiewe eenhede ontwikkel waarvan die leiers almal verwant is aan die kaptein en hom as sodanig erken as die persoon van vernaamste sosiale status binne die totale kerngroep wat in werklikheid die totale stameenheid vorm. Binne hierdie afkomseenhede van administratiewe belang kan die verskillende gesinseenhede ook weer in 'n soortgelyke dalende rangorde geplaas word.

Deur die normale beweging van groepe van mense van een stam tot 'n ander word daar gedurig vreemdelinggroepe in die geleedere opgeneem of van die eie groep afgestaan aan ander stamme. So kan 'n hele afkomseenheid, soos bo genoem, wegtrek uit die verwantskaps- en stamverband en hulle elders gaan vestig. Hulle kan inskakel by 'n vreemde stam of hulle selfstandig vestig en die kerngroep van 'n nuwe ontwikkelende stam vorm. Daar is vandag geen Bantoestam wat suiwer alleen bestaan as 'n groep onderlinge verwante, asof hulle stam slegs uit die kerngroep bestaan nie. Almal het in mindere of meerdere mate vreemde groepe in hulle geleedere opgeneem waardeur 'n heterogeniteit van herkoms tot stand kom. Wanneer sulke vreemde groepe hulleself aan 'n bestaande stameenheid toevoeg, plaas hulle hulle onder die gesag van daardie opperhoof en word hulle deur diegene wat verwantskapsverbintnisse het met die opperhoof se afkomslyn as van laer sosiale status beskou. Hulle rangskakeling teenoor ander vreemdelinggroepe word bepaal deur die duur van hulle onderhorigheid aan daardie stam. Dit wil



sê die vreemdelinggroepe wat reeds baie lank binne daardie stamteenheid ingeskakel is, word van hoër status geag as die wat onlangs bygekom het.

Sulke mense van vreemde oorsprong kan egter ok vir administratiewe doeleindes ingeskakel word by een van die bestaande afkomseenhede wat direkte verwantskapsverband met die opperhoof besit. In so'n geval neem hulle gewoonlik die status aan van die afkomslynie waarin hulle opgeneem word. (Oor hierdie punt is daar minder duidelikheid). Langs hierdie verskillende weë word die rangorde van afkomseenhede as administratiewe eenhede binne die stam bewaar. Die wat tot die oorspronklike kerngroep behoort besit hulle status kragtens verwantskap terwyl die later gekome vreemdelinge of as afsonderlike eenhede of as onderdele van bestaande groepe bewustelik binne die raamwerk van rangorde 'n posisie aangewys word. Hierdie bewuste organisering van die stam eenheid vorm die basis van die totstandkoming van 'n politieke eenheid waarin elkeen sy besondere posisie ken. (Bothma M.S., Schapera: 1938: 3 et. seq).

Die getalsverhouding van die groepe wat tot die oorspronklike kerngroep hoort en die verskillende vreemde toevoegings toon 'n geweldige wisseling van stam tot stam. Volgens Schapera se berekening vorm die kerngroep onder die Bakgatla baga-Kgafêla slegs een-derde van die totale stamteenheid. Onder die Bamangwato is dit slegs een-vyfde en onder die Batawana is dit selfs nog minder. (Schapera: 1938: 4). Onder die Balobedu is hierdie eenheid slegs een-tiende van die totale stamteenheid. (Krige: 1947: 14).

Daar is dus by enige Sotho-stam 'n mate van parallelskaeling tussen sosiale statusposisies soos bepaal deur afkoms en die politieke gesagsposisies. Veral binne die kerngroep is die leiers van die betrokke sosiale afkomseenhede ook leiers op politieke en administratiewe terreine. Al die posisies van sosiale status is egter nie van politieke belang nie want volgens ons definisie regverdig posisies van sosiale status slegs insluiting binne die politieke sfeer wanneer daardie posisie as leier/.....

leier oor 'n bepaalde sosiale en politieke eenheid deur die sentrale gesag van die stam erken word. Ons moet derhalwe in ons betoog onderskei tussen suiwer sosiale verwantskapseenhede onder sosiale leierskap wat ten gevolge van latere erkenning van politieke belang kan word, en sosiale eenhede wat deur erkenning reeds van politieke belang is.

### B. DIE SOSIALE EENHEDE.

#### 1. Die kleiner gesinne-eenheid. (Kgoro-Kgorwana).<sup>x</sup>

Hierdie eenheid wat normaalweg bestaan uit 'n man, sy vrouens en hulle kinders, vorm die basis van die sosiale organisasie by die Sotho en soos ons sal probeer toon die uitgangspunt by die groepsvorming van die interne politieke eenhede binne die stam. Indien een man meer as een vrou het, woon elkeen in 'n aparte huishoudingseenheid (lapa) wat in die ideale toestand van die huishoudings van die ander vrouens deur 'n klei- of klipmuur geskei word. Soms word binne hierdie woon-eenhede ook ander verwante aangestref, verwante van of die man of van één van sy vrouens wat hier permanent inwoon. Almal egter is onderhewig aan die gesag van die man en is daarom onderhewig aan sy beslissings in huishoudelike geskille, sy leierskap op rituele terrein en 'n skakeling deur hom binne die politieke instellings van die stam.

Gewoonlik maak getroude seuns van die vader hulle woon-aanleg (kgoro) naby die van hulle vader, soms selfs daarbinne. (In lg. gevalle het ons te doen met 'n aparte lapa binne die kgoro van die vader). Vir die eerste paar jaar van die getroude lewe is die inwoning in elk geval binne die wooneenheid (kgoro) van die vader. So ontwikkel daar langamerhand in 'n bepaalde lokaliteit 'n groep van gesinne wat almal verwant is aan die oorspronklike kgoro wat hulle as die senior wooneenheid erken en wie se hulp ingeroep kan word wanneer ernstige geskille tussen gesinnegroepe binne hierdie totale struktuur ontstaan, want die oorspronklike eenheid bly behou deurdat die oudste seun as opvolger van sy vader bly woon waar

sy/.....

<sup>x</sup> Spreek uit Kgôrô en Kgôrwana.

sy vader en moeder gewoon het, d.w.s. in die senior kgoro.  
 (Van Zyl: 1952: 43).

## 2. Lešika.

Die lešika - 'n term wat ons van Van Zyl oorneem, - "is 'n groep van mense wat binne die stam 'n sosiale eenheid vorm op grond van hulle gemeenskaplike afkoms van 'n bepaalde stamvader en die draer van 'n gemeenskaplike naam, oorgegee in die vaderlike lyn." (Van Zyl: 1952: 43). Mens het hier nie te doen met 'n sibbe-eenheid wat sy vleuels sou strek oor die hele stamgebied nie, maar veel eerder met 'n groep van vaderregtelike verwante wat op 'n aanduibare punt of punte saamwoon. 'n Groep wat deur verdere verdeling dus sy ontstaan uit die kgoro-eenheid het.

Hierdie afkomsgroep staan onder leiding en beheer van 'n mogolwane die mees senior lid van die afkomsgroep. Hy beklee sy posisie op grond van die feit dat hy die stigter van die groep is of omdat hy deur geboorte en erfreg in die posisie van leierskap opgevolg het. Hy word deur die lede van die lešika geraadpleeg, gee die toon aan op elke terrein van die lewe en is die voorsitter op familievergaderings waar probleme bespreek word wat van belang vir die bepaalde groep is. D.i. die phutēgō ya bana ba mpa - vergadering van die kinders van een maag, of phutēgō ya bana ba motho - vergadering van die kinders van (een) mens. Die lede van hierdie raad bestaan uit die mans van die groep. "Die vernaamste funksie van die familie-raad is om huweliks-aangeleenthede te bespreek, reëlings te tref vir feeste, boedels te beredder, die lot van weduwees te bespreek en aandag te skenk aan alle sake wat die groep as geheel raak..... Die leier het die reg (hoewel nie van die hoofman verkry nie) om lede van sy groep tot lyfstraf te vonnis vir minder ernstige oortredings. ....Hierdie gesag beklee hy nie amptelik nie; dit is gesag waaraan die familiebetrekkinge hulle vrywilliglik onderwerp. .... Hy is uitsluitlik 'n arbitrator met morele gesag en sy vernaamste funksie is om versoening te bewerkstellig en nie om die wet tot sy reg

te/.....

te laat kom nie. In sy pogings om hierdie doel te bereik, doen hy 'n beroep op die gevoelens van sy familie-betrekkinge, die letter van die wet speel 'n minder belangrike rol." (Van Zyl: 1952: 45). Hierdie eenheid word deur Schapera onder die Tswana waar dit ook aangetref word as die kleinste lokale politieke eenheid genoem ondanks die feit dat dit nie as sodanig deur die opperhoof erken word nie. Die hoof van die lokale groep, (family -group), „(the elder), has no means of enforcing his decisions except through general domestic discipline." (Schapera: 1938: 90). Van die beslissings van hierdie familie-hoof is daar egter 'n appél moontlik na die hof van die wykshoof.

Hierdie verwantskapseenheid word by al die Sotho stamme aangetref. Dit word egter nêrens so uitvoerig bespreek as deur Van Zyl by die Bakgatla bagamosêthlha nie. Ons is dus nie geregtig om te beweer dat bogenoemde toestand by alle Sotho stamme identies aangetref word nie. Maar die algemeenheid van so 'n instelling verbind met die besliste leierskapsposisie van die senior manlike lid dwing ons tot die aanvaarding dat ons in wese hier te doen het met 'n instelling wat potensieel van politieke aard kan wees. Trouens sodra die gesagsposisie deur die opperhoof as sodanig erken sou word sal die verwantskapseenheid 'n politieke eenheid wees soos duidelik sal blyk uit die onderstaande bespreking van die organisasie van die Wyk wat wel van politieke belang is.

### C. DIE POLITIEKE ADMINISTRATIEWE EENHEDE.

#### 1. Die Wyk. (-Kgoro).

##### (1) Samestelling.

Wanneer ons die organiese groeiproses wat binne die stam kan plaasvind, verder wil voer, soos Van Zyl dit vind onder die Bakgatla bagamosêthlha, dan vind ons dat twee māsika kan saamsmelt en 'n wykseenheid vorm. Hierdie twee of meer patriliniêre familiegroepe wat min of meer in dieselfde omgewing saamwoon onderwerp hulle dan aan die gesag van die wykshoof/.....

hoof - mokgômana (Van Zyl: 1952: 46) -. Hierdie wykshoof is tegelykertyd die hoof van die senior lešika binne die wyk, beklees sy posisie oorerflik en is verwant aan die kaptein omdat die stameenheid in sy eenvoudigste vorm 'n vergrote verwantskapseenheid vorm. Die belangrikste onderskeidingspunt tussen hierdie posisie en die wat ons voorheen genoem het, is dat die wykshoof as sodanig deur die kaptein of hoofman erken word en dat hy sy sosiale statusgesag gesterk vind deur die delegering van politieke en administratiewe gesagsbevoegdheid aan hom deur die kaptein.

Schapera verduidelik hierdie skakeling in verskillende wykseenhede soos volg: „The South Central tribes were somewhat similarly divided into dikgoro, groups comprising a number of families united under the leadership of a kgosana headman, whose position was hereditary in the male line. The constituent families were in most (ek kursiveer) cases directly related either by birth or by marriage to its headman, although this was not necessarily the case (ek krusiveer) .....The Kgoro was essentially a localized administrative unit.” (Schapera: 1934: 18).

Ons vind dus 'n wisseling in die samestellingswyse van die wyk soos uit die bogaande voorbeelde duidelik is. Die beskrywing deur van Zyl waar geen besondere vreemdeling groepe binne die wyk aanwesig is nie, kan ons as die eenvoudigste beskou. Volgens Schapera se beskrywing is die aanwesigheid van vreemdeling groepe, selfs in groot getalle, 'geen vreemde verskynsel onder die Sotho nie. Daarom beskou ons hierdie samestelling as die mees algemene. Langs hierdie weg word die wyk nie slegs 'n verwantskapseenheid van administratiewe belang nie maar 'n werklike administratiewe eenheid waarvan die funksies anders is as die van die eenhede waaruit hy saamgestel is.

Oor die algemeen kan ons drie verskillende vorme van wyksamestelling by die Sotho onderskei nl.

(1) Die genoemde eenvoudigste vorm waar die wykshoof gesag uitcefen oor 'n groep van mense wat in hoofsaak aan hom

verwant is. Dit is dus nie 'n geografiese eenheid nie want almal wat tot 'n bepaalde wyk behoort woon nie meer noodwendig bymekaar nie (Van Zyl: 1952: 60). By die Bathaping heers bykans 'n soortgelyke toestand. Hier word 'n wyk deur language soos volg gedefinieer: „'n administratiewe eenheid bestaande uit een of meer families wat in dieselfde omgewing saamwoon en hulle onderwerp aan die gesag en leierskap van die wykshoof wat byna deurgaans ook die hoof is van die vernaamste familie.” Die grense van hierdie eenhede is dikwels moeilik bepaalbaar. (Language: 1943: 9).

(2) Die toestand onder die groter Tswana-stamme soos die Bamangwato Bangwaketse sowel as die Bakgatla багаKgafêla, soos beskrywe deur Schapera, waar die mense soms in hulle duisende binne een stat bymekaar woon. Die posisie van die wykshoof moet egter altyd deur sy onderdane erken word. Daarom vind mens hier dat die wykshoof gesag voer oor nie net alleen sy verwante nie, maar ook oor vreemdelinge wat by sy wyk ingeskael is en oor wie hy sy gesag suiwer as 'n politieke en administratiewe ordende faktor laat geld. Hier kan 'n wyk bestaan uit 'n aparte stat of slegs 'n gedeelte van 'n stat. Schapera sê: „(The Ward) may territorially constitute either a separate village, or more generally, part of a villiage; but in the latter case it is always socially and-administratively distinct from the other wards in the village”. (Schapera: 1935: 205). Ten opsigte van die Bangwaketse verduidelik hy verder: „The Ward may be defined as a patrilineal but non-exogamous body of people bearing a common name, occupying their own hamlet. (Schapera: 1947: 3) en verder, „the families belonging to a ward are in the first instance closely related to their headman through descent in the male line from one common ancestor. The ward may indeed be regarded as originating in a lineage group of this kind (Schapera: 1938:19 and 20); maar 'n wyk is nie dieselfde as 'n „lineage group” nie: „The lineage group is distinct from the ward, and may even include people not belonging to the ward; for a man may change his ward affiliation but

never can depart from his lineage." (Schapera: 1935: 222 et. seq.). Onder die Bamangwato moet elke persoon lid wees van 'n bepaalde wyk en normaalweg saam met die ander lede daarvan op een bepaalde plek saamwoon. Van die 300 wyke wat Schapera binne die stam onderskei is 113 binne die hoofstat Serowe geleë. (Schapera: 1940: 56).

Hoewel ons hier onder die Tswana dus sprake het van wyksgrense het ons beslis nie te doen met 'n territoriale eenheid nie. Die wyk is hier net soos in die vorige gevalle 'n eenheid van mense. Gedurende die somermaande wanneer die lande, wat dikwels ver van die statte geleë is, bewerk word, woon die mense tydelik by hierdie lande maar behou nogtans hulle wyksverbintenis, ondanks die feit dat die mense binne die woongroepe wat by die lande ontstaan van verskillende wyks-herkoms is. Selfs vandag waar die mense onder meer vreedsame omstandighede hulle dikwels permanent by hulle lande gaan vestig, kan hulle nog nie hulle wyksaanhorigheid afsê sonder toestemming van die kaptein nie. (Schapera: 1947: 1-3).

Die naam vir hierdie wykseenhede wissel geweldig onder die verskillende Tswana en Noord-Sotho stamme. Onder die Bakgatla багаKgafêla, die Batlôkwa en die Batau, is die normale term kgoro, terwyl die Bakgatla багаMosêtlha die verkleinwoord nl. kgorwana gebruik. Die term kgotla word vir dieselfde eenheid onder die meeste Tswana stamme aangetref, maar die Bangwaketse en Bakwena praat van ntlha terwyl die Bamangwato volgens Schapera die term motse gebruik. Selfs binne dieselfde stam is verskillende van hierdie terme as wisselvorme moontlik en soms word verskillende sake met dieselfde term aangedui. So kan die woord kgotla by alle Tswana stamme gebruik word om 'n wykseenheid aan te dui of ook die vergaderplek van die mans by die wooneenheid van enige lid van die stam.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat hierdie tweede vorm van wykseenhede soos ons dit onder die Tswana en meeste Noord-Sotho stamme aantref nie so veel van die eersgenoemde vorm verskil nie. In albei gevalle is die kern van die wyk steeds

die verwante van die wykshoof en in albei gevalle is daar die moontlikheid dat vreemdelinge binne die wykseenheid aangetref kan word. In laasgenoemde geval egter het ons onder die Tswana en Noord-Sotho te doen met stamme wat groot hoeveelhede vreemdelinge in hulle geledere opgeneem het sodat dit hier dikwels voorkom dat die wykshoof nie so seer op die ondersteuning van sy verwante staat maak vir die hantering van die sake van sy wyk nie as op die erkenning deur die opperhoof van sy gesag waaraan alle wyksinwoners, verwante of vreemdelinge onderheilig is omdat hulle almal die gesag van die opperhoof erken.

(3) Onder die Suid-Sotho is die wyk of kleinste administratiewe eenheid geheel anders saamgestel. Dit is nie 'n eenheid wat van binne uitgegroeï het en vreemdelinge met verloop van tyd by hulle ingeskakel het nie, maar dit is 'n eenheid wat van buite af, van bo-af deur die sentrale gesag van die stam as sodanig ingestel is en erken word. Daarom is die wyk hier anders as by die Noord-Sotho en Tswana 'n geografiese eenheid. (Ashton H.: 1952: 186-193). Die inwoners van 'n wyk, wat verspreid kan woon oor 'n paar statjies of dorpië, is egter nog in hoofsaak die getroude manlike verwante van die wykshoof sowel as moontlike aangetroude verwante en groepies vreemdelinge maar die eenheid is geografies van aard. (Ashton E.H.: 1938: 297). „The ward is the smallest political group in Sotho (d.w.s. Suid-Sotho) social organization. It is also a geographical area containing the residential sites, the pastures and arable lands used by the members of the ward. In this it differs from the Tswana ward, which is primarily a residential and political group. (Ashton E.H.: 1946: 1). The boundaries of the wards are defined by natural physical features such as streams .....and by beaconing and description. (Ashton E.H.: 1946: 3).

Hierdie afwyking van die toestande elders by Sotho-volke deur die afbakening van die wyk as 'n geografiese eenheid lê vir ons, soos ons in die volgende afdeling sal aandui (Hoofstuk III C.2(2)(b)) in die verskil in totstandkoming van die ander/.....



ander Sotho-stamme en die Suid-Sotho volk. Deur die doelbewuste samevoeging van 'n verskeidenheid van vreemdelinggroepe onder een sentrale gesag is daar hier 'n groter mate van formele sekondêre organisasie nodig gewees om die politieke masjinerie te skep. Dit is die rede vir die effens geforseerde afbakening van die wykseenhede. Die beginsel van onderlinge verwantskap wat by die ander stamme so'n groot rol speel kan egter ook by die Suid-Sotho nog nagespreek word.

(2) Die totstandkoming van wyke.

Ons het reeds onder (1) daarop gewys dat 'n wyk as politieke administratiewe eenheid alleen tot stand kom as dit deur die kaptein of opperhoof as sodanig erken word. Hierdie erkenningsreg van die opperhoof gee aanleiding tot die moontlikheid dat daar binne 'n bepaalde stam voortdurend nuwe wyke tot stand kom. Dit is dan ook in werklikheid orals die geval en hierdie vermeerdering van wykseenhede geskied hoofsaaklik langs die volgende weë.

Die kaptein van die stam is hoof van sy eie wyk en naas sy eie is daar verskillende ander wykseenhede waarvan die leiers aan hom op een of ander wyse verwant is. Hierdie verwantskap tussen wyke is die gevolg van die moontlikheid van afsplintering van wyke: die verdere onderverdeling van bestaande wykseenhede. Deur die groei binne een wyk kan die opperhoof naderhand verplig wees om een of meer van die subgroepe in daardie wyk as aparte wyke te erken. Gewoonlik geskied dit wanneer die grondgebied van een bepaalde wyk te klein word en een van die subgroepe dan wil wegtrek. Wanneer daar onderlinge rusie tussen die lede van een wyk uitbreek kan die opperhoof die wyk in twee verdeel om langs hierdie weg weer die vrede te herstel. (Schapera: 1947: 3). Dit is uit die voorgaande dus duidelik dat 'n persoon se wyksaanhorigheid in die eerste plek gereël word deur sy geboorte, en in die tweede plek deur sy rondtrekkery in later lewe. (Schapera: 1938: 20).

Onder die Bangwaketse was dit in vroeëre jare gebruiklik vir die kaptein om vir al die seuns gebore uit een van sy vrou-

ens 'n aantal onderdane te verskaf en so 'n nuwe wykseenheid te skep waarvan die leiers dan aan hom verwant sal wees. (Schapera: 1947: 3). Onder die Bamangwato en die Batawana was dit verder in vroeëre jare gebruiklik dat 'n opperhoof een van sy getroue diensknagte aanstel as wykshoof oor 'n aantal volgelinge. Langs hierdie weg is hy verseker van die hoogte trou van sy wyksonderdane want die leier is iemand sonder status wat sy posisie slegs aan die guns van sy meester, die opperhoof, te danke het. (Vgl. t.o.v. die Batawana Ashton E.H.: 1937: 77).

Wanneer 'n stam groepe vreemdelinge binne hulle geledere opneem soos baie van die Sotho stamme veral die Tswana maak het, kan hierdie vreemdelinge, of as aparte wykseenhede binne die stameenheid erken word, of die lede van die vreemdeling-groepe onder een of 'n paar bestaande wyke ingedeel word. Baie dikwels word die vreemdelinge as 'n aparte groep erken deur die opperhoof deur hulle eie hoofman oor hulle as wykshoof te erken. (Schapera: 1947: 3).

Uit die voorgaande is dit dus duidelik dat daar tussen die sentrale gesag van die stam en die verskillende wykseenhede verbintenisse bestaan wat 'n verskeidenheid van vorm kan aanneem. Mens kan onderskei tussen daardie wyke waarvan die hoofde aan die kaptein verwant is, daardie wyke waarvan die hoofde aan die kaptein besondere trou verskuldig is vanweë die feit dat hy hulle uit sy diensknagte uitverkies het, en ten slotte daardie wyke waarvan die hoofde en onderdane slegs politieke trou aan die opperhoof verskuldig is omdat hy hulle binne die geledere van sy stam herberg gegee het en hulle status oor hulle eie mense erken het. Op dieselfde wyse onderskei Schapera vier verskillende soorte wyke volgens hulle totstandkoming by die Tswana-stamme. As eerste en vernaamste wyke geld die wat verwantskap met die opperhoof, met die Sentrale gesag kan bewys. Volgende geld daardie wyke wat bestaan uit lede van die stam waarby ingesluit is kleiner groepe van vreemdelinge. Ten derde onderskei hy die wyke wat gevorm word

deur die vreemdelinggroepe en ten laaste wyke wat ontstaan uit groepe wat hulle aanvanklik as bediendes by die kerngroep gevoeg het maar aan wie later volle wykstatus toegeken word. Soos ons reeds daarop gewys het kom hierdie laasgenoemde tipe wyk in hoofsaak by die Bamangwato en die Batawana voor. Tussen al hierdie verskillende wyke is daar by al die Sotho stamme, behalwe in die geval van die Suid-Sotho 'n bepaalde aanduibare rangorde van voorkeur binne die stamaktiwiteite. (Schapera: 1938: 19 et seq.)

### (3) Die Rangorde van Wyke.

By die eenvoudigste stamsamestelling vind ons by alle Sothostamme, behalwe by die Suid-Sotho waar dit afwesig is, (Ashton E.H.: 1946: 33) en by die Bamangwato waar dit 'n gewysigde vorm aanneem (vgl Hoofstuk III.C2(2)(a)), dat die rangorde van wyke bepaal word eerstens deur die graad van verwantskapsverbintenis met die kapteinshuis en tweedens, in die geval van vreemdelingwyke, hang dit af van die periode waaroor die vreemdelinggroep ingeskakel woon onder die bepaalde stam.

Hierdie rangordeningsverskynsel is algemeen aanwesig onder die Tswana stamme asook onder die Noord-Sotho, met moontlike uitsondering van die Balobedu (vgl. Hoofstuk IIIC.2(2)(d)). Dit is die onvermydelike gevolg van die verbintenis van unilaterale afkoms met die totstandbringings van administratiewe eenhede. Schapera sê dat die wyk van die opperhoof onder die Tswana die hoogste in rang is: „ The other royal wards rank according to the chief from whom their headman is descended. The most inferior royal ward therefore embrace the collateral descendants of the most ancient chiefs. Next in the tribal hierarchy are the wards of commoners of the ruling community, those more recently formed being inferior to their predecessors. Then come the wards of the affiliated communities, ranking also according to the order in which they were incorporated into the tribe. The more recent their incorporation, the lower their status." (Schapera: 1938: 23). Hierdie woorde kon net sowel gesig gewees het t.o.v. die Batau (Bothma M.S.) en van die

Batlhaping (Language: 1943: 9 et seq.) waar ons weet dat dieselfde toestande heers.

Hierdie rangorde het dan ook gewoonlik 'n invloed op die bouwyse van die hoofstat. Die kaptein en sy onmiddellike afstammeling bewoon die sentrale gedeelte van die hoofstat terwyl die vreemdelinge die buiterande bewoon. (Schapera: 1938:23) Onder die Batawana waar die opperhoof nie sy eie verwante probeer gebruik vir plaaslike administrasie nie is hierdie orde in 'n mate omgekeer. Die rangorde van die wyke is nog soos bo gestel maar die woonwyse binne die hoofstat is anders: E.H. Ashton sê t.o.v. die samestelling van die hoofstat onder die Batawana: „It is sub-divided into a number of makgotla or wards each with its own head, some of these are sub-divided into minor wards, and the ultimate unit is the family." Hierdie wykeenheid verdeel hy in vier groepe volgens hulle verband met die opperhoof en volgens hulle konsentriese bewoningswyse van die hoofstat. Die kgotla van die kaptein is sentraal geleë. Daar om is gegroepeer die makgotla van bediendes van die kaptein wat hy tot hierdie posisie deur ekonomiese hulp verhef het en daarom groter lojaliteit van hulle kan verwag as van sy eie verwante, d.i. die makgotla a basimane ba kgosi. Verder na buite is die wyke van die dikgosana geleë d.i. die wyke van die kapteinsafstammeling. Op die heel buitenste rand word die wyke aangetref van die badintlha d.i. vreemdeling groepe wat in die stam ingesluit is. „In all these wards there are also people, or the descendants of people, who on joining the Tswana were assigned to a particular ward. (Ashton E.H.:1937: 75).

Onder die Bakgatla, veral die Kgafêla-groep, waarvan Schapera ons duidelike besonderhede gee, neem hierdie rangordening van wyke 'n besondere vorm aan. Onder die Kgafêla net soos onder die Mosêthla-groep en soos feitlik by alle ander Sotho stamme word die wyke saamgegroepeer in groter administratiewe eenhede. (Vgl. Hoofstuk III C.2). Onder die Kgafêla is hierdie groter saamgroeperings wat Schapera Sections noem verbind-

baar met die herkoms van die verskillende wyke. Schapera onderskei hier vyf afdelings van wyke: nl. Bakgosing, Bamorêma, Bamabodisa, Batshukudu en Bamanamakgôlê. (Schapera: 1935: 205). Hierdie groter groepe staan in 'n bepaalde rangorde soos ons hulle hierbo gennem het. Kgosing bevat al die wyke wat ontstaan het uit die kapteinshuis. Morêma en Habodisa bevat wyke van vreemde Kgatla groepe wat uit hoofde van hulle Kgatlaskap nuwer verbindbaar is met die kapteinshuis en daarom hoër in status is as die Tshukudu en Bamanamakgôlê-afdelings wat slegs wyke bevat van vreemdelinge, d.w.s. nie-kgatla wat in die stam-eenheid geïnkorporeer is. Binne elke van hierdie afdelings staan die wyke weereens in 'n bepaalde rangorde tot mekaar: "The four sections, excluding Kgosing, are sometimes referred to collectively as badintlha, outsiders, indicating that they are not regarded as belonging to the ruling stock of the tribe" (Schapera: 1938: 25).

Opsommenderwys kan ons dus sê dat by alle Sotho stamme waar die vorming van wyke verbind kan word met die afkomsverband, en in die geval van vreemdelinge, met hulle inwoningsduur by 'n bepaalde stam, ons 'n basiese rangorde kry van wyke beginnende by die wyk van die opperhoof en eindigende by die verskillende vreemdelingwyke. Soms egter soos in die geval van die Batawana en die Bakgatla багаKgatla word hierdie algemene rangorde verder gekwalifiseer deur die wyke saam te groepeer in groter eenhede volgens hulle herkoms.

Die betekenis van die rangorde van wyke is op politieke en sosiale gebied daarin geleë dat 'n man se aansien binne die stam bepaal word deur sy aanhorigheid aan of hoofmanskap oor 'n bepaalde wyk. Die rangordening van wyke is egter van besondere belang omdat dit gebruik word om die orde van voorkeur te bepaal by alle Sotho stamme waar dit aangetref word, t.o.v. die besnydenis en ontgroening, die gebruik van die eerste vrugte, die aanlê van nuwe statte en die magiese behandeling van die leër. (Schapera: 1938:23 en 1934: 13:).

Hierdie rangordening van wyke is volgens E.H. Ashton geheel afwesig by die Suid-Sotho waar die stam of volk saangestel is/.....

is uit so'n groot verskeidenheid van splintergroepe dat die organiese verband waarop sodanige rangordening gebou is, totaal afwesig was. Ashton verduidelik egter: „the different tribal and lineage groups tend to occupy separate wards or separate in a mixed ward," (Ashton E.H.:1946: 7), en verder „so far as my information goes there is no ranking of wards as Schapera found among the Bakgatla. Its main significance is that it is the basic residential, agricultural and administrative unit of the Sotho social organization." (Ashton E.H.:1946. 33). Selfs onder 'n bepaalde splintergroep byvoorbeeld die Batlakoa waar twee groepe van dieselfde stam saam met vreemdelinge 'n verskeidenheid van wyke bewoon is dit blykbaar die geval. (Ashton E.H. 1946: 6).

#### (4) Wykshoofmanskap.

Die wykshoofman as administratiewe funksionaris, oor 'n bepaalde gebied, soos by die Suid-Sotho, of as hoof van 'n groep mense, soos elders, het sy posisie te danke aan die erkenning daarvan deur 'n hoër gesagvoerder, hetsy die distrikshoofman of die opperhoof. Die administratiewe verband in sy eenvoudigste vorm waar ons slegs wyke onder 'n opperhoof kry soos by die Batau (Bothma M.S.) en Bahurutshe (Lestrade: 1928: 429 et seq.) is dus geleë in die skakeling van die kaptein of opperhoof met die wykshoofmanne. By baie stamme waar die wyke in 'n aantal groter eenhede verdeel is, soos by die meeste Tswana stamme, bestaan die administratiewe skakeling dus uit die kaptein of opperhoof via hoofde van distrikte na die wykshoofman. In sulke gevalle, bv. by die Batlhaping berus die erkenning van wykshoofmanskap soms by die betrokke distrikshoof en nie by die opperhoof nie.

In die meeste gevalle is die wykshoofman die hoof van die belangrikste familie, of die mees senior lid van die verwantskapseenheid wat in die wyk woonagtig is. Waar stamvreemdes in 'n wyk georganiseer word kan die hoofman se posisie bloot op erkenning berus deur die hoër gesag. Wanneer die stamvreemdes 'n genealogiesverbonde groep op homself vorm, vind

nens egter gewoonlik dat die mees senior persoon binne die afkomsverband as sodanig erken word. Dit is die toestand bv. by die Bamangwato. By wyksorganisasie is daar dus by die meeste stamme 'n poging om die sosiale rangstatus te skraag deur politieke erkenning daaraan te verleen. Om hierdie rede is die posisie gewoonlik oorerflik van vader na oudste seun van die betrokke hoofvrou. Desondanks is dit moontlik bv. onder die Batlhaping (Language: 1943: 11) vir die distrikshoof om in die geval van wangedrag iemand anders van status aan te stel om die afgesette wykshoof se pligte te vervul.

Die wykshoofman is in die eerste instansie die skakel tussen sy wyksonderdane en die hoër instansies van politieke gesag. As sodanig is hy op administratiewe gebied verantwoordelik vir die toesegging van landbougrond en weivelde aan bepaalde gesinne woonagtig binne sy wyk; vroeër het hy ook belastings namens die distrikshoof of opperhoof ingevorder; (Language: 1943: 15) (Van Zyl: 1952: 46) dit is ook sy verantwoordelikheid om bevale wat via die distrikshoof tot hom kom aan sy onderdane bekend te maak; (Schapera: 1938: 94). By die Bamangwato voer hy ook namens die lede van sy wyk sekere magiese en godsdienstige handeling uit: (Schapera: 1940: 59). Onder die Bangwaketse kan hy in sommige gevalle vry arbeid eis van sy onderdane. (Schapera: 1947: 4). Ashton dui die pligte van 'n wykshoof by die Suid-Sotho hoofsaaklik aan as: die handhawing van wet en orde, die verdeling van grond, die toewysing van boupersele, die uitoefening van kontrole oor die sny van dekgras ens, en die kennisgewing aan die distrikshoof van enige vreemdelinge wat in sy regsgebied mag aankom, die verlening van hulp by die opsporing van gesteelde goedere. In vroeër jare moes die wykshoof en sy onderdane ook 'n bepaalde land bewerk tot voordeel van die distrikshoof. (Ashton E.H.: 1946: 2). (By die ander Sotho-stemme is hierdie reg om landerye te laat bewerk deur die onderdane die voorreg van die opperhoof self en dit word daarom deur die verskillende distrikshoofde en nie die wykshoofde nie, gedoen . Onder die Suid-Sotho hoort hierdie voorreg/.....

voorrreg egter blykbaar ook tot die van die distrikshoofde). Die pligte van wykshoofde by die verskillende stamme wissel dus, maar dit is 'n wisseling wat misleidend is omdat nie al die skrywers breedvoerig oor hierdie sake gesels nie. Die mate van coreenstemming is egter so groot dat ons ons geregtigdig voel om te beweer dat die pligte van wykshoofde basies by al die Sotho stamme eners is.

Onder sommige Tswana-stamme soos die Bakgatla en Baman-gwatō vind 'n mens wyke en sub-wyke, waar laasgenoemde deur onderverdeling uit bestaande wyke ontstaan het en oor wie 'n selfstandige hoof erken word. Hierdie subwyke staan dan egter ondergeskik aan hulle oorsprongswyk ondanks die feit dat albei hoofde dieselfde taak verrig. (Schapera: 1938: 94). Aangesien daar by die meeste Sotho-stamme 'n bepaalde rangorde van afkomseenhede binne 'n bepaalde wyk is, en die wykshoof die senior persoon van die vernaamste afkomseenheid is, is hy ook gewoonlik daarom die leier van sy wyk se lede van sy ouderdomsgroep. Omdat die ouderdomsgroep<sup>s</sup> organisasie die basis vorm vir die destydse militêre organisasie van die stam volg dit logies dat die wykshoof langs die weg ook op militêre terrein die leier was van sy onderdane wat lede was van sy ouderdomsgroep.

Die belangrikste plig van die wykshoof is egter geleë op die regtelike terrein, want wykshoofde het by alle Sotho stamme een of ander vorm van regsprekende bevoegdheid. Gewoonlik is dit egter van beperkte omvang. Die werklike omvang van hierdie bevoegdheid van die wykshoofde by die Sotho word nêrens in die literatuur deeglik bespreek nie. Ons sal daarom slegs op een besondere punt van verskil wys. Ten opsigte van die Batlhaping sê Language: „Die wykshoof het geen jurisdiksie om enige hofsak op formele wyse te verhoor, daarvoor uitspraak te doen en die skuldige te beboet of te straf nie.” (Language: 1943: 13). Hy het slegs die vermoë om in geval van geskille tussen wykslede op informele wyse as arbiter op te tree. By die ander Sotho-stamme onder bespreking vind ons orals dat die wykshoofman formeel uitspraak kan gee in kleiner geskille boe-



tes kan onlê en dat daar 'n appél bestaan van sy uitspraak na die hof van die volgende senior politieke gesagvoerder hetsy die distrikshoof of die opperhoof. Wanneer mens dus die toestand by die ander Sotho-stamme in oënskou neem het ons hier 'n eienaardige verskynsel. By die behandeling van die lešika-eenheid waar die senior manlike afstammeling met sy raad as hoof optree, hoewel hulle nie regtens deel van die politieke organisasie uitmaak nie, het ons presies dieselfde toestand gekry, nl. die beoefening van slegs arbitrêre regspraakbevoegdheid. Hier soos by die meeste Sotho-stamme waar ons kennis van dra is daar dan 'n appél teen enige beslissing geleë na die formele hof van die betrokke wykshoof. Mens vind dus by die Batlhaping dat die posisie van wykshoof as erkende administratiewe funksionaris sekere pligte insluit maar nie die van formele regspraak nie. Of ons hier te doen het met 'n oorgang van die posisie van lešika-hoof tot die van wykshoof kan nie met sekerheid vasgestel word nie omdat die literatuur daar geen uitsluitel oor gee nie.

Die terrein van die verpligtinge van 'n wykshoof omvat naas die regtelike ook die politieke deurdat hy aan hoër instansies verslag moet doen en raad moet gee namens die lede van sy wyk asook die godsdienstige en die sosiale omdat hy ook soms namens sy onderdane rituele handelingte moet uitvoer en omdat hy as persoon van belangrikste sosiale status ook leiding op die sosiale terrein moet gee.

In die uitvoering van al hierdie verpligtinge staan die wykshoof egter nie alleen nie. Trouens indien hy op eie houtjie sou probeer optree, sal daar gou ontevredenheid onder sy volgelinge wees. Hy word daarom in alle sake bygestaan deur 'n raad bestaande uit die vernaamste persone wat binne sy wyk woonagtig is. Gewoonlik is die lede van hierdie raad die senior lede van al die verskillende afkomseenhede wat binne die wyk woonagtig is en waarvan dié van die wykshoof die mees senior een is. Dit is daarom verstaanbaar dat tenninste 'n hele paar van hierdie raadgewers uit sy eie familie afkomstig

is en gewoonlik ten minste van sy vader se lewende broers omvat. Hierdie raad is nie formeel aangestel nie en die hoofman hoef ook nie alle lede daarvan te raadpleeg nie. Die klem val egter eerstens op die feit dat die inwoners van sy wyk die reg het om te verwag dat hulle geraadpleeg sal word en tweedens op die feit dat die hoofman deur tradisie verplig is om geen stap te doen, mins van almal uitspraak in 'n hofsak te gee, alvorens hy nie die belangrikste inwoners van sy wyk daarin geken het nie. Die raadpleging kan slegs informeel geskied maar dit moet daar wees. Onder die Tswana kan die wykshoof selfs deur sy raadgewers aangekla word as hy nie sy pligte na behore nakom nie. (Schapera: 1938: 93.) en by die Bakgatla bagaMosêthla verduidelik Van Zyl dat die raadslede uitvoerige reg het tct kritisering van die handelswyse van die wykshoofman. (Van Zyl: 1952: 46). By laasgenoemde stam is dit vir die hoofman ook gebruiklik om in baie ernstige sake en vir gewigtige mededelings 'n vergadering van al die volwasse manlike lede van die wyk te belê. (Van Zyl: 1952: 49). Dit is iets wat nie by die ander Sotho-stamme besonder gebruiklik is nie.

## 2. Groter Politieke indelings - distrikte - afdelings.

Sover het ons ons besig gehou met die aanduiding van die organiese skakeling van politieke eenhede op die laagste vlak van politieke ordening by die Sotho. Hierin het ons aangedui die aanwesigheid van stamlede en stamvreemdes en hoe daar deur ontwikkeling mense saam gevoeg is of saam gegroei het tot wykeenhede. Binne hierdie eenhede kon ons 'n kerngroep wat die gesag dra en moontlike vreemdeling onderdane onderskei. Wanneer ons egter by die groter stameenheid en sy politieke groepering kom vind ons (a) 'n voortsetting van die organiese verbintenis wanneer wykshoofde verwantskap met die kaptein besit, in groter eenhede; terwyl die gesag steeds bly setel in die belangrikste verteenwoordiger van die afstammingslinie wat uiteindelik kulmineer in die posisie van die opperhoof; en (b) gevalle waar hierdie organiese verbintenis onmoontlik is ten gevolge van die geringe getalsterkte van die kerngroep, in welke gevalle/.... © University of Pretoria

gevalle dit ook nodig word vir die opperhoof om sy gesag op kunsmatige wyse by die vreemdelinggroepe tuis te bring, deur sy volgelinge bv. sosiaal, ekonomies of polities aan hom te bind as die draër van die hoogste gesag binne die stam. Dit moet in hierdie laasgenoemde gevalle duidelik gestel word dat hoewel die verbinding tussen die persoon van die kaptein en sommige onderdane plaasvind die persoon van die kaptein nie losgedink kan word van sy posisie as hoof van die stam waardeur by die opinies van verskillende rade moet eerbiedig. Hierdie verbintenis met die opperhoof kom dan neer op 'n nouer verbintenis met die sentrale gesag van die stam. Omdat die wyse waarop hierdie sekondêre verbintenis verkry word, wissel, sal die stamme waar dit aangetref word apart bespreek word.

Die eenvoudigste vorm van totale politieke organisasie vind 'n mens steeds in daardie gevalle wat ons bespreek het waar die administratiewe skakeling gaan van wykshoof na die opperhoof of die wyke nou verwante, ander stamlede of selfs vreemdelinge bevat. Voorbeelde hiervan vind ons by die Bahurutshe, (Iestrade: 1928) en die Batau (Bothma; M.S.).

(1) Distriksvorming deur organiese groei.

Ondanks die feit dat ons hier van organiese groei praat sluit ons tog onder hierdie groep stamme ook die Bathaping en die Bakgatla bagaKgafêla in wat groepe vreemdelinge binne hulle geledere opgeneem het. Hierdie opname van vreemdelinge het onder hierdie stamme geen verskil gemaak aan die organiese stamverbintenis nie, eensyds onder die Thlaping omdat die vreemdelinge verspreid aangetref word in verskillende wyke en andersyds onder die Bakgatla bagaKgafêla omdat die vreemdelinge van assimileerbare Tswana-groepe was wat die senioriteit en gesag van die kerngroep erken het.

Die eenvoudigste organiese tdstandkoming van 'n distrik by die Sotho kan soos volg verduidelik word. By die verdeling en herverdeling van 'n bepaalde wyk in verskillende subwyke vind 'n mens steeds dat hierdie subwyke ondergeskik in status bly aan die oorspronklike wyk waaruit hulle ontstaan het, sodat

'n mens/.....

'n mens langamerhand 'n verbintenis kry wat vir ons as blankes as twee afsonderlike eenhede voorkom nl. die distrikseenheid, wat die totaal van die wyke omvat en daarbinne die verskillende wykseenhede wat ons ten gevolge van hulle plaaslike aard as sodanig kan herken. In werklikheid het 'n mens hier te doen met 'n aantal wyke wat in 'n bepaalde rangorde staan en waar die gesag van die ouer wyke senior is bo en erken word deur jonger wyke en die gesag van die mees senior wyk oor al die ander wyke gestel is. Daarom dat die distrikshoof ook hoof is van 'n bepaalde wyk, die mees senior wyk, en daarom ook dat daar deur die Sotho self nie terminologies onderskeid gemaak word tussen die kleiner wykseenhede en die totale distrikseenheid nie - die kleiner eenhede word nog steeds beskou as uitvloeiings van die vernaamste senior wyk. In hierdie bogenoemde geval is dit duidelik dat die politieke gesagsposisies en sosiale status steeds hand aan hand loop. Selfs wanneer 'n redelik groot getal vreemdelinge ingeskakel word kan hierdie organiese struktuur nog behoue bly. Wanneer die getal vreemdelinge egter te groot word of wanneer die stamgebied te groot word vind mens dat daar sekondêre pogings aangewend word om die politieke gesag te bestendig.

By die Batlaping vind Language elf verskillende distrikte, elk onder 'n distrikshoofman wat 'n verwant is van die kaptein. Binne die distrik is die hoofman ook hoof van die mees senior wyk. Omdat die verbintenis hier onder verwante plaasvind kan die verskillende distrikte ook in 'n bepaalde rangorde die een teenoor die ander geplaas word volgens die graad van verwantskap van die distrikshoof met die opperhoof. Die posisie van distrikshoof is in hoofsaak erflik maar hy word erken en aangestel deur die kaptein. Afsetting by wangedrag is moontlik maar die opvolger in die posisie van so 'n afgesette distrikshoof moet sy junior in status wees want dit sou 'n belediging iemand van hoër status aan te stel in die posisie van sy mindere. Die distrikshoof moet hier binne sy distrik woonagtig wees. (Language: 1943: 16 et seq.). Die administratiewe skadeling/.....

skakeling is hier dus wykshoof - distrikshoof - kaptein of opperhoof.

Onder die Bakgatla bagamosêtlha vind Van Zyl dat die wyke (kgorwana) binne die stam saamgevat is in vier afdelings of distrikte (dikgoro). Die wyke binne elke afdeling kan in 'n bepaalde rangorde geplaas word, die distrikshoof is hoof van die vernaamste wyk en is verwant aan die kapteinshuis. Die stamhoof of opperhoof is hoof van die kgoro ya mosate, die distrik van die hoofstat. „Wyke mag in getal toeneem omdat nuwe wyke van tyd tot tyd gestig word; daar bestaan egter net vier Afdelings en geen nuwe afdelings word saamgestel nie. Nuwe wyke word by die bestaande afdelings ingedeel. Die Afdelings is dus vaste instellings waarvan die leierskap so oud is soos die stam self en word deur die oudste seun van die hoofvrou van sy vader geërf.“ (Van Zyl:1952: 50). Vroeër het die lede van 'n bepaalde afdeling min of meer op een plek gebly, vandag woon hulle egter oor die stamgebied verspreid maar kinders hoort nog tot die afdeling van hulle vader ongeag die geboorteplek. (Van Zyl: 1952: 60). Hierdie vier afdelings of distrikte staan ook tot mekaar in 'n bepaalde rangorde nl.

1. Kgoro ya mošate met nege wyke; 2. Kgoro ya masunyeng met twee wyke; 3. Kgoro ya mmekwa sonder enige kleiner wyke; en 4. Kgoro ya mmamarama met drie wyke.

Ook hier kan mens dus praat van organiese verband. Die administratiewe skakeling bly dus wykshoof - distriks- of afdelingshoof - opperhoof met die verdere kwalifikasie dat die opperhoof alleen genader kan word deur 'n tussenganger nl. die motseta wa kgosi nl. 'n oom van die kaptein aan vaderskant wat nomineel hoof is van die kgoro ya mošate wanneer 'n vergadering van kgoro-hoofde plaasvind onder voorsitterskap van die kaptein.

Die samevoeging van die wyke in groter eenhede onder die Bakgatla bagaKgaŋêla is reeds verduidelik nl. die verdeling van wyke in die afdelings Bakgosing, Bamorêma, Bamebodisa, Batshukudu en Bamannamakgôle; waarvan die eerste wyke bevat

wat ontstaan het uit die kapteinshuis; die volgende twee wyke van verwante Kgatla-groepe en die laaste twee die wyke ontstaan ten gevolge van die toevoeging van vreemdelinge. Binne elke so'n afdeling is die hoof die hoofman van die vernaamste wyk en appél in hofsake gaan van die beslissings van die wykshoofde na die hof van hierdie afdelingshoof. Schapera sê:

„The section is primarily an administrative unit.“ Elke afdeling moet verder 'n stuk land bewerk vir die opperhoof. (Schapera: 1938: 25 et seq.) Daar is hier egter ook direkte kontak moontlik tussen die verskillende wykshoofde en die opperhoof sodat die administratiewe skakeling in hierdie geval is: Wykshoof - (afdelingshoof in geval van hofsake op appél) - opperhoof. Die werklike betekenis van hierdie afdeling onder die kgafêla lê egter op die sosiale terrein omdat dit 'n rol speel by die fees van die eerste vrugte en ontgroeningskole. Nogtans is dit 'n organiese ontwikkeling uit die samestellingswyse van die stam met 'n gevolglike invloed op die politieke terrein. Die afdelings hier is weereens nie noodwendig geografiese gebiede nie maar omvat eerder 'n besondere groep mense.

Die vorming van groter politieke eenhede by die bogenoemde voorbeelde is dus verbindbaar met die genealogiese rangordening tussen die afkoms-groepe binne die normale Sotho-stam waar die getalle vreemdelinge nie so'n groot omvang het nie. Schapera sê: „In such tribes as the Kgatla, Tlôkwa and Maletse these foreign communities constitute a minor proportion of the population. Among the Kgatla, for instance, they are less than one-third of the total.“ (Schapera: 1938: 4).

## (2) Distriksvorming deur sekôndêre oorwegings.

Wanneer die kerngroep van die stam dreig om te verdrink in die getal vreemdelinge wat binne die stangeledere opgeneem word soos by die Bamangwato waar die kerngroep slegs een-vyfde van die totaal bedra of by die Balobedu of Batawana waar hulle getalle nog minder is en daar dus nie die organiese verwantskapsverbintenis bestaan tussen gesagdraer en onderdaan

om die onderdanigheid aan politieke gesag deur die erkenning van die sosiale status te verseker nie; vind ons dat die groter politieke eenhede 'n meer formele karakter dra en dat die hoofde daarvan hulle gesag in die eerste plaas ontleen van die opperhoof d.w.s. van bo-af en dus plaaslike verteenwoordigers word van die stamgesag wat alle onderdane deur hulle bewoning van die stamgebied erken. Die wyse waarop die opperhoof dan sy onderdane aan hom bind kan verskillend van aard wees.

(a) Bamangwato.

Onder die Bamangwato het mens vroeër volgens Schapera gevind dat verskeie vreemdelinggroepe by die stam ingeskaakel is. Hulle het gewoonlik in die buitewyke van die stamwoon-gebied gaan woon waar hulle eie hoofmanne as wykshoofde oor hulle erken is. Aanvanklik het die Bamangwato opperhoofde hierdie buite groepe geplaas onder die beskerming van 'n motlhanka - hoofman woonagtig binne die hoofstat van die opperhoof. Hierdie posisie was dan erflik. Sy pligte was om met die inwoners van die buite distrikte in verbinding te bly en as tussenganger tussen hulle en die opperhoof te ageer en sake te verhoor op appél van die wykshoofde alvorens dit op finale appél na die hof van die opperhoof kon gaan. Met die verdere uitbreiding van hierdie vreemdelinggroepe was die administratiewe prosedure nie genoegsaam nie en Kgama I en sy opvolgers „therefore devised a more direct system of administration. He (Kgama) grouped the more remote communities into districts.... and in each placed a resident governor, usually a member of his own family, but sometimes a prominent and reliable headman." (Schapera: 1940: 61). Hier het ons dus 'n werklike inwonende aangestelde distrikshoof wat vir sy posisie alleen afhanklik is van die erkenning van die opperhoof. So'n posisie kan van vader na seun vererf mits die opperhoof dit goed vind om die seun as opvolger van sy vader te erken. (Schapera: a.w.: t.a.p.). Die distrikskakel - motlhanka - in die hoofstat van die opperhoof het egter geoly hoewel sy administratiewe pligte verval het. „The protector of a foreign community continues/.....

tinues to represent it at Serowe, and is still the medium through whom its people must approach the chief when they come there to appeal against their district governor or for some other official purpose. But he no longer visits them . . . . , nor does he try the cases in which they are involved. He is now little more than their "consular agent", his administrative duties having been taken over by the district governor." (Schapera: 1940: 61). Van hierdie distrikte onderskei Schapera nege buite die hoofstat Serowe. Ons neem daarom aan dat die hoofstat wat 113 van die 300 wyke van die stam omvat direk onder die opperhoof ressorteer as die distrik van die hoofstat.

Naas hierdie formele distriksorganisasie wat oënskynlik 'n geografiese grondslag dra wil dit voorkom of die Bamangwato opperhoofde probeer het om die vreemde groepe binne die stam bewus organies aan die kerngroep van die stam te verbind deur die totstandbringings van stamafdelings- (Schapera: Sections) - van 'n geheel ander aard as die van die Bakgatla bagaKgafêla of elders. Al die wyke van die stam word hier verdeel in vier parallele afdelings nl. Ditimamodimo, Basimene, Maalosô en Maalosô-a-ng-wana. Die herkoms van hierdie afdelings is verbindbaar met die gebruik van die vroeëre kapteins om aan hulle opvolger voor sy aanname van die opperhoofskap 'n groep mense toe te wys bestaande uit 'n afdeling van die stam, as persoonlike volgelingen en onderdane. (Iets soortgelyks vind ons by die Suid-Sotho maar met heel ander gevolg). „The creation of new sections ceased in the reign of Sekgoma I (ongeveer 1834 - 1875 vgl. Schapera 1938: 304) who consolidated the system into its present form. All wards since created were placed at the discretion of the chief within one or other of the existing sections." (Schapera: 1940 :62). Al vier hierdie afdelings is verteenwoordig in die hoofstat Serowe waar die hoof van die afdeling - d.w.s. die hoof van die senior wyk in daardie afdeling - woonagtig is. Hy verhoor alle sake op appél wat binne wyke van sy afdeling binne die hoofstat ontstaan het, of van sake van distrikshoofde waarin lede van wyke van sy afdeling



buite die hoofstat, betrokke is, voor dit op finale appél na die hof van die opperhoof mag gaan.

Hierdie vier afdelings van die stam staan in geen bepaalde rangorde tot mekaar nie. Wanneer die opvolger van die opperhoofskap uit 'n bepaalde afdeling kom, soos dit vroeër moontlik was spreek dit vanself dat daardie afdeling vir die duur van die regeringstyd die belangrikste is. Elke afdeling bevat verder wyke van verskillende status en herkoms. "Each contains many wards of dikgosana (descendants of the Ngwato chiefs), of batlhanka (commoners of long established Ngwato stock), of bafaladi (allien communities), and even of malata (servant peoples like the Sarwa and Kgalagadi).... . Within each section it is possible to rank the wards of dikgosana according to descent, and the wards of batlhanka according to seniority of creation. (Schapera: 1938: 27). Na ons oordeel berus hierdie toestand op 'n formele poging om organiese verbintenis te verkry binne die stam tussen groepe van geweldig heterogene herkoms en die sentrale gesag. Die politieke funksie van die afdelings is in die praktyk geleë in die vermoë van die opperhoof om een of al die afdelings te raadpleeg slegs deur hulle hoofmanne te raadpleeg, hoewel algemene vergaderings van elke spesifieke afdeling ook gehou kan word, asook deur hulle aktiwiteit in die reorganisasie van die stam.

Die administratiewe skakeling by die Bamangwato is dus heelwat ingewikkelder as elders. Die algemene weg is aanvanklik ook van wykshoof na distrikshoof; daarna, t.o.v. judisiële sake via die afdelingshoof na die opperhoof en, in ander sake soos bv. moontlike klagte teen die distrikshoof, van die senior wykshoof buite die hoofstat via die verteenwoordiger - motlhanka - in die hoofstat na die opperhoof. Binne die hoofstat waar die bevolking meer homogeen Bamangwato van aard is, is die skakeling natuurlik wykshoof - afdelingshoof - opperhoof. Die oorsake vir die totstandkoming van hierdie besondere stelsel by die Bamangwato is geleë eerstens in die formele bevestiging van stangesag deur lojale persone as distrikshoofde

aan te stel en tweedens die formele indeling in afdelings om meer organiese verbintenis van elke stamlid met die stamgesag te verkry. Aangesien hierdie skakeling effens geforseerd voorkom is dit 'n afwyking van die normale wyse van organiese skakeling soos reeds verduidelik.

(b) Suid-Sotho.

Onder die Suid-Sotho vind 'n mens 'n analoë toestand. Die Suid-Sotho is 'n volk, saangestel uit brokstukke van stamme en individue van verskillende oorsprong wat almal die gesag van die sentrale opperhoof erken binne die stamgrondgebied wat hulle bewoon. Binne die eenheid het 'n mens dus in hoofsaak te make met politieke onderdanigheid sonder die moontlikheid van werklike organiese verbintenis van die groot verskeidenheid heterogene groepe. Dit is die rede vir Ashton se woorde: "There is however one thing that binds all Sotho nationals together irrespective of culture, .... and that is their political allegiance." (Ashton E.H. 1938: 287). Dit is dan ook die rede waarom die onderskeie politieke administratiewe eenhede hier berus enkel alleen op die erkenning van gesag binne 'n bepaalde geografiese gebied. (Vgl. die wyksorganisasie). Om 'n regeerbare eenheid te verkry het Moshoeshoe die landsgebied verdeel in verskillende distrikte en oor elk iemand aangestel wat hy kon vertrou. Aanvanklik was dit getroue persoonlike volgelingen en later van sy seuns. Latere opvolgers in die opperhoofskap het dieselfde gedoen m.a.w. bestaande distrikte saamgevoeg tot nuwes onder gesag van hulle eie afstammelinge en oorspronklike distrikte op die wyse verlaag tot sub-distrikte. Die distrikshoofde wat meesal ook van adellike bloede was het sub-distrikte binne hulle gebied weer onder hulle afstammelinge verdeel en sub-distrikte op hierdie weg dikwels verlaag tot sub-sub-distrikte. "These divisions have all been made on political grounds, and consequently bear no inherent relation to the original position of the people or of the old tribes." (Ashton E.H. 1938: 296) en H. Ashton verklaar: "For instance, the descendants of Moorosi, chief of the Baphuthi,

who were among the original inhabitants of the country, were systematically demoted and their positions whittled away, until today they are nothing more than rather junior headmen.' (Ashton H: 1952: 202). Om hierdie rede vind E.H. Ashton in 1946 negentien distrikte onder distrikshoofde wat direk onder die opperhoof ressorteer. Onder elk van hulle 'n aantal sub-distrikte met sub-distrikshoofde; onder elke sub-distrikshoof 'n aantal sub-sub-distrikte met hulle hoofde en eers binne die laasgenoemde eenhede die verskillende wyke. Hy wys egter verder daarop dat mens ook by die Suid-Sotho die tipiese verskynsel aantref dat elke politiek funksionaris ook gesag voer oor sy eie wyk, nl. die belangrikste wyk binne die distrik, sub-distrik of sub-sub-distrik. (Ashton E.H. 1946: 1). Daarom kan hy ook tereg beweer dat: „Generally speaking, throughout the country the smaller the division, the stronger its tribal complexion." (Ashton E.H. 1938: 287). Al die eenhede waarvan hier sprake is, is net soos die Suid-Sotho wyke geografiese eenhede want hulle is immers gebou op die wykseenhede. Onder die Suid-Sotho vind mens dus die bevestiging en uitbreiding van die sentrale gesag deur die formele verdeling en herverdeling van die onderdane in geografiese gesagseenhede onder verteenwoordigers van die sentrale gesag. Die administratiewe skakeling by hierdie stam is die normale nl. wykshoof - deur al die distrikte in orde van belangrikheid - opperhoof.

(c) Batawana.

Onder die Batawana waar die kerngroep ook maar gering in getal is vind ons weereens 'n formele bevestiging van die sentrale gesag oor die onderdane. Waar hierdie formele bevestigingswyse in die twee voorgaande voorbeelde verband hou met die statusrangorde binne die verwantskapseenheid van die kaptein waar hy sy eie verwante gebruik as sy oë en ore in die buite gebiede van die stam, is dit hier nie die geval nie. By hierdie stam het daar vroeër tien distrikte bestaan. Elke distrikshoof was aangestel en bevestig deur die opperhoof. Die opperhoof was hoof van sy eie distrik wat [© University of Pretoria](#) en/.....

en ongewing ingesluit het. Die distrikshoofde is feitlik deur-  
 gaans gekies uit die troue volgelinge selfs dienaars van die  
 kaptein. „Royal headmen were rarely given districts no doubt  
 because of the Chiefs jealousy and lack of confidence in them.“  
 (Ashton E.H. 1937:70). Hierdie batlhanka- dienaars - van die  
 kaptein het 'n besondere rede gehad om getrou te wees aan hulle  
 heer en meester want hulle was almal kgamêlo-houers van die kap-  
 tein. Dit beteken dat hulle van die kaptein 'n aantal beeste  
 ontvang het waarvan hulle die vruggebruik gehad het, 'n vrug-  
 gebruik wat net soos hulle hoofskap in die vaderlike lyn ver-  
 erf het. Ashton sê t.o.v. hierdie kgamelo-beeste: „The holding  
 becomes to all intents and purposes the holders property which  
 he treats and uses as his own“. (Ashton E.H.:1937: 82). Ashton  
 beweer verder dat indien 'n persoon sulke beeste van die kap-  
 tein ontvang, hy eintlik daardeur alles wat hy besit, as die  
 eiendom van die kaptain bevestig, want indien hy van sy pos as  
 distrikshoof onthef word en die kgamêlo van hom weggeneem word,  
 het die kaptein die reg om alle ander besittings as sy eie ver-  
 beurd te verklaar. Dit gaan nie hier om 'n besondere strafbepa-  
 ling nie want selfs waar 'n kgamêlo-houer nie distrikshoof was  
 nie kon sy eiendom op hierdie wyse gekonfiskeer word. Langs hier-  
 die weg was die distrikshoofde dus ekonomies gebind aan die  
 kaptein en daarom verplig om aan hom trou te betoon. Hierdie  
 distrikshoofde het in die hoofstat gewoon en hulle distrikte  
 periodiek besoek en was die oord van appél teen enige beslis-  
 sing van 'n wykshoof van sy distrik voor dit op finale appél na  
 die hof van die opperhoof kon gaan.

Mens vind in die posisie van hierdie batlhanka-distriks-  
 hoofde dus feitlik dieselfde toestand as by die Bamangwato  
 verteenwoordiger van die distrik wat in die hoofstat woon. Die  
 Batawana is 'n jonger tak van die Bamangwato. (Ashton E.H.:  
 1937:68). Hierdie feit kan 'n moontlike verklaring bied vir  
 die ooreenstemming.

Mens vind dus by die Batawana dat die administratiewe ska-  
 keling weer die bekende pad volg nl. wykshoof - distrikshoof-  
 opperhoof, maar die punt van belang is dat die formele poli-  
 tiese/..... © University of Pretoria

tieke ordening hier verkry en instandgehou word deur ekonomiese maatreëls; teen alle organiese presedente in soos deur ona voorheen behandel.

(d) Die Balobedu.

By die Balobedu waar die kerngroep by wie die gesag setel uiters gering in getal is, vind ons 'n verdere wyse waarop die onderdane tot politieke trou aan die opperhoof verbind word. By hierdie stam is die vernaamste bron (Krige: 1943) geensins duidelik oor die verskillende lokale politieke eenhede nie. Daar word slegs distrikte aangedui, die term wyk word glad nie gebruik nie. Volgens die skrywers kan hierdie distrikte verskillende wyse van ontstaan hê: (1) eenhede bewoon deur lede van die kwevo d.w.s. afstammeling van die koninklike huis of ander oorspronklike Balobedu-groepe; (2) eenhede bewoon deur 'n groep mense onder 'n aangestelde distrikshoof wat kan bestaan uit, vrouens en raadsmanne van die opperhoofde Modjadji; (3) eenhede bewoon deur stamvreemde groepe wie se hoofde oor hulle erken word as distrikshoofde deur die opperhoofde. Binne al hierdie distrikte word geen kleiner politieke eenhede onderskei nie. Volgens die aanduidings op die kaarte (Krige: 1943): teenoor 177) is dit duidelik dat daar deur die term eerder woonareas aangedui word wat in samestelling kan wissel want ons lees: „The district is a political and territorial unit, often very small in size" (Krige: 1943: 178), en „owing to patrilocal marriage, the patrilineal kin tend to form the core of a district" (Krige: 1943: 179) asook dat dit noontlik is om die verwantskapsverband van die inwoners van een distrik in sommige gevalle terug te voer tot afstamming van een oorspronklike gesinne-eenheid. Op p.183 word verduidelik dat binne dieselfde distrik daar soms 'n verskeidenheid van stamgroepe aangetref word. Dit kom ons dus voor of daar nie deur die skrywers onderskei word tussen organiese wykseenhede en die groter distrikseenhede nie. Al die distrikseenhede staan verder klaarblyklik sonder enige bepaalde rangverbindeenis omdat elk, sover ons kan oordeel gelyk gestel is met die ander

t.o.v. die verbintenis met die opperhoofde. Al die verskillende distrikte se hoofde word verder slegs deur die opperhoofde erken en nie aangestel nie. Distrikshoofde beklee verder 'n besonder outonome posisie deurdát hulle onafhanklik van die res van die stam die inisiasie seremonies of die fees van die eerste vrugte vir hulle distrik kan organiseer (Krige: 1943: 183). Die politieke eenheid van die stam word dus versteur deur die afwesigheid van die erkenning van die leierskap van die opperhoofde op belangrike magies rituele gebiede en die afwesigheid van organiese verbintenis, met die opperhoofde waardeur lojaliteit en trou verseker kan word.

Die lojaliteit van die kleiner groepe binne die stam word by die Balobedu dus op heel ander terrein as die reeds genoem, verseker. Die distrikseenhede word volgens Krige aan die opperhoofde verbind (1) deur „the pattern of reciprocities created by marriage and munywalo” en (2) deur die afhanklikheid van haar onderdane aan die opperhoofde of koningin as reënmaakster.

„In return for protection and security they (distrikshoofde van vreendelinggroepe) sent their daughters and sisters to be the wives of the queen., and in the system these wives, after a period of training at the royal court, were reallocated to district heads and royal relatives. (Krige: 1943: 164). Through her wives the queen becomes, 'son-in-law' to all her district heads, and by allocating these wives to other district heads and to noblemen she becomes 'parent-in-law' to them.” (Krige: 1943: 175). Llangs hierdie weg gebaseer op die verpligtinge van skoonseun en skoonouer binne die huweliksverband word elke distrik dus aan die opperhoofde verbind; maar meer nog, die stam eenhede word onderling ook aan mekaar gebind deur haar reg om haar vrouens ook aan ander distrikshoofde toe te sê. Wanneer distrik A 'n vrou aan die opperhoofde lewer, en sy hierdie vrou aan distrik B oordra, is nie alleen sy, die opperhoofde, die skoonouer van distrik B nie, maar ook die mense van distrik A. Onder die heersende reëling van voorkeur hu-

welike, gaan distrik B se mense dus voortaan vrouens uit distrik A trou. Deur hierdie huweliksverbintenisse en verpligtinge 'n tientalle male te vergroot kan 'n deeglike besef gevorm word van die hegtheid en trou teenoor die stam en die opperhoofde wat deur hierdie rituele ondertrouing veroorsaak word. Hierdie vrouens van die opperhoofde staan bekend as vatanoni. Wanneer hulle nie aan een of ander distrikshoof toegewys word nie en in die hoofstat aanbly kan hulle selfs later as hoof oor 'n eie kraal en distrik aangewys word. (Krige: 1943: 175).

Die tweede wyse waarop onderdaansgroepe tot trou teenoor die opperhoofde verbind word, nl. deur hulle geloof in die magiese vermoë van die opperhoofde om reën te kan maak, kan nie ondergeskik aan die bogenoemde eerste beweging gestel word nie. Dit is van primêre belang. Die reënmaak vermoë van odjadji, die opperhoofde van die Iobebu is ver buite die stamgrense bekend en gevrees.

Vir administratiewe doeleindes vind ons verder in die hoofstat persone wat deur die opperhoofde uit haar verwante aangestel is om 'n bepaalde distrik te verteenwoordig en die offisiële kanaal te vorm vir nadering tot die opperhoofde in alle sake. (Krige: 1943: 186-7). Die administratiewe skakeling by hierdie stam is distrikshoof/wykshoof - distriksverteenwoordiger in die hoofstat - opperhoofde.

Uit die voorgaande bespreking van die verskillende wyses waarop die stamgesag sy onderdane aan hom bind is dit duidelik dat ons basies twee vorme kan onderskei. (1) Gevalle waar die die gemeenskap op organiese wyse verbind is en die opperhoof as die persoon met die vernaamste status deur die hele stam aanvaar word. 'n Verbintenis dus wat sy wortels in die sosiale terrein het. (2) Gevalle waar die gemeenskap op besondere sekondêre wyse aan die stam gesag verbind word ten gevolge van 'n heterogene stameenheid. Hierdie sekondêre verbindingswyse kan op enige terrein van die lewe geleë wees soos bv. op die ekonomiese terrein by die Batawana, op die magies rituele en

sosiale terrein by die Balobedu, en ook suiwer op die politieke terrein soos by die Bamangwato en die Suid-Sotho.

Op al hierdie verskillende terreine, sosiaal, polities en magies ritueel, is die opperhoof, soos ons sal aantoon, leier van sy stam. En die beklemtoning van een van hierdie terreine om die nodige en gewenste verbintenis tussen die stamgesag en die onderdane te verkry, is volkome in ooreenstemming met die gebruike van die Sotho.

### (3) Posisie en pligte van distrikshoofde.

Hoewel dit moeilik is om te veralgemeen oor die omvang van die pligte van die vernaamste leier binne 'n politieke eenheid wat by die Sotho so'n verskeidenheid van samestellingsmoontlikhede het, kan ons tog beweer dat die posisie van die distrikshoof in alle gevalle bepaal word en versterk word deur sy betroubaarheid en lojaliteit aan die oppergesag van die stam. Om dit te verseker word hy in die meeste gevalle aangestel of ten minste openlik erken deur die opperhoof as leier van die mense wat binne 'n bepaalde gebied val soos by die Suid-Sotho, of wat lede vorm van bepaalde wyksgroepe soos by al die ander Sotho-stamme. Die distrikshoof is hoof van sy eie wyk, en wanneer daar 'n bepaalde rangorde van wyke bestaan is hy ook hoof van die vernaamste wyk. Dit moet onthou word dat dit nie die geval is onder die Suid-Sotho nie want daar word nie enige rangorde van wyke erken nie.

Die distrikshoof is in die klein vir sy distrik en onderdane wat die opperhoof is vir die stam as geheel. Hy is die persoon wat moet waak oor die belange van sy onderdane op al die terreine van die lewe. In geval van hongersnood bv. moet hy onder die Batawana bv. die distrik uit sy eie skure voed. (Ashton E.H.: 1937: 70).

Hy ontvang 'n bepaalde regsgebied waarin hy moet toesien dat die bevels van die opperhoof uitgevoer word, waarbinne hy belasting moet vorder vir die opperhoof en waarbinne hy wei- en landbougronde toeken aan die verskillende wykshoofde. By die rechte/...



meeste stamme vind ons binne die distrik 'n land van die opperhoof wat deur die distrikshoof en sy onderdane tot voordeel van die opperhoof bewerk moet word. (Vgl. Van Zyl: 1952: 50; Language: 1943: 23 en andere). Onder die Balobedu, waar die posisie van die distrikshoof baie meer outonoom is as elders, sê die betrokke skrywers, dat hy die grond toeken, beheer uitoefen oor die weiveld, die versameling van veldvoedsel en produkte soos gras en heuning en dat hy net soos die opperhoofde in sy gebied ook sy lande in die kleiner eenhede onder hom het wat vir sy voordeel deur sy onderdane bewerk moet word. Hy het die eerste reg op die eerste termietvangste van die jaar, moet gereeld morulabier ontvang, en kan vir sy distrik, sonder medewerking met die opperhoofde die ontgroeningsereenies en sereenies van die eerste vrugte instel. Hy alleen is verantwoordelik vir die rites waardeur die oes op die lande teen voëls en ape beveilig word. (Krige: 1943: 131 et. seq.) Om uit die voorgaande af te lei dat die distrikshoof 'n baie ryk man is met veel gesag, is foutief. Sy verpligtinge teenoor reisigers en sy onderdane teenoor wie hy steeds besonder gulhartig en vrygewig moet optree, vorm die balanserende regverdiging vir die lewering van soveel rykdom en voorregte aan die distrikshoof.

Op regtelike gebied vervul die hof van die distrikshoof 'n baie belangrike funksie deurdat sy hof as hof van appél geld vir enige sake wat nie tot skikking gebring kon word in die hof van die wyke onder hom nie. As sodanig kan sy hof boetes opleë en skadevergoeding en lyftraf toeken en toedien. Van die hof van die distrikshoof is daar volgens die normale prosedure 'n verdere appél moontlik na die hof van die opperhoof wat die finale appélinstansie in die oorspronklike Sotho stamteenheid was. Onder die Tswana kan volgens Schapera sake wat tussen lede van twee wyke onder hom ontstaan het, alleen in die hof van die distrikshoof verhoor word. (Schapera: 1938: 97). Van hierdie algemene toestand vind ons verskeie afwyking soos bv. onder die Batlhaping waar die distrikshof die eerste hof is wat formele regspraak bevoegdheid besit. Hier het wykshoofde

soos ons reeds aangetoon het het geen formele regspraakvermoënie. (Language: 1943: 13). Onder die Bakgatla bagaMosêtlha vind ons in praktyk geen appél van die wykshowe na die distriks-hof nie. Die rede hiervoor word deur Van Zyl aangedui as die feit dat die wykshoofde selde of ooit 'n saak alleen verhoor, die distriks- of afdelingshoof doen dit gewoonlik saam met hulle. Die uitspraak is gesamentlik en die enigste appél-moontlikheid is dus geleë van daardie uitspraak na die hof van die opperhoof. Dat wykshoofde egter die reg van selfstandige regspraak het en daar dan 'n appél moontlik is na die hof van die distrikshoof, word nie deur hom in twyfel getrek nie. (Van Zyl 1952: 46).

Ons het reeds daarop gewys dat die distrikshoof gewoonlik vir die vervulling van sy pligte binne die distrik woonagtig moet wees. Mens vind egter weereens uitsonderings op hierdie reël. Onder die Batawana het ons reeds ook daarop gewys dat die distrikshoofde by hierdie stam binne die hoofstat woonagtig is. Onder die Bamangwato waar die distrikshoof binne die distrik woonagtig moet wees, vind 'n mens egter die distrikverteenvoordiger in die hoofstat tot wie die inwoners van die distrik hulle kan wend as voerspraak by die opperhoof wanneer die inwonende distrikshoof hom misdra. (Schapera: 1938: 98). By al die ander Sotho-stamme geskied hierdie rapport direk aan die opperhoof.

Die verpligtinge van die distrikshoof strek hom dus uit oor al die terreine van die lewe van sy onderdane, sosiaal, polities, godsdienstig ritueel sowel as regtelik.

By die vervulling van hierdie verskeidenheid van verpligtinge staan die distrikshoof nie alleen nie en mag hy nie alleen optree nie, anders sou hy die respek en ondersteuning van sy onderdane verloor. Veral is dit waar ten opsigte van die regtelike aspek. Om hierdie rede word die distrikshoof by alle stamme bygestaan deur 'n raad van onbepaalde omvang saargestel uit die verskillende wykshoofde onder hom. Teoreties is al die wykshoofde lede van hierdie raad, maar die distrikshoof is nie

verplig om hulle almal te raadpleeg nie, hy kan selfs slegs sommige informeel raadpleeg of kan die raad volg van enige individu wat hy daaron vra. Wanneer die distrikshoof egter as 'n normale prosedure die wense van sy raadslede verontagsaam in sy optrede, kan dit tot ernstige ontevredenheid lei; want die distrikshoof is naas verteenwoordiger van die stamgesag ook die verteenwoordiger van sy onderdane teenoor die opperhoof ondanks die feit dat hy self aangestel word deur die opperhoof. Om hierdie rede sal hy hom gewoonlik die voorstelle van sy raadslede, wat sy onderdane verteenwoordig, laat welgeval, tensy dit 'n geval is van 'n direkte bevel van die opperhoof wat hy moet uitvoer. (Vgl. Language: 1943: 19 et seq., Van Zyl: 1952: 46 en Schapera: 1938: 96 et seq.)

### 3. Die stamhoofskap of Opperhoofskap.

#### (1) Die posisie van die opperhoof.

In al die voorgaande gevalle waar dit gegaan het om kleiner politieke eenhede binne die totale stam eenheid het al die funksionariesse op politieke terrein in mindere of meerdere mate hulle gesagsvermoë ontleen aan die erkenning van hulle posisie deur die sentrale stamgesag wat setel by die opperhoof en sy raad. Waar dit hier die opperhoof self geld moet hy sy aanspraak op en vermoë tot gesagsbeoefening ontleen aan 'n meer primêre bron want hy kan homself tog nie erken en aanstel nie.

Hierdie primêre herkoms van die gesag van die opperhoof is in die eerste instansie geleë in die afkoms van die opperhoof. Deur die opvolgingsreëls is daar 'n bepaalde persoon aangewys wat die opperhoof moet opvolg. 'n Persoon wat deur sy afkoms geregtig is om die mees sentrale posisie binne die stam te beklee. In die tweede plaas moet die opperhoof en elk van sy opvolgers in staat wees om die pligte en verpligtinge wat hom toegewys is, waardig te vervul. Soms onsal aantoon is die tweede uitgangspunt ondergeskik aan die eerste maar desondanks nog van besondere belang.

#### (a) Afkoms.

Die opperhoof van 'n Sotho-stam dank sy be-

sondere posisie in die eerste plaas aan sy afkoms. Die kaptein of opperhoof, as die leier van die stam, is die hoof van die kerngroep binne die stam by wie die gesag setel. Hy is dus gebore uit die belangrikste persoon binne die kerngroep, seun van die mees senior persoon volgens die rangorde van status. Op sosiale terrein is hy dus die persoon met die hoogste status binne die kerngroep. Omdat die kerngroep die hoogste in rang is binne die stam as geheel, volg dit logies dat die kaptein op sosiale terrein ook die vernaamste persoon binne die stam as geheel is. Vanaf hierdie posisie van sosiale statusleierskap tot politieke-leierskap is onder die Sotho, soos ons aangetoon het in die geval van wyksorganisasie, slegs 'n verskil in graad.

In hierdie posisie word 'n opperhoof gewoonlik opgevolg deur die oudste seun van sy hoofvrou. By afwesigheid van so 'n opvolger word daar/<sup>n</sup>opvolger bepaal ooreenkomstig die reëls van opvolging by elke bepaalde stam; maar in alle gevalle is die persoon wat opvolg die volgende in senioriteit en rangorde naas die opperhoof self.

Omdat die hoofvrou van die opperhoof uit wie die opvolger gebore moet word nie altyd die opperhoof se eerste vrou is nie, vind ons by die Sotho gewoonlik een of ander gebruik waardeur die opperhoof se hoofvrou aangedui word as die vrou uit wie die opvolger gebore sal word. Onder die Bapedi neem dit gewoonlik die vorm aan dat die hele stam moet bydra tot die bogadi - (trougoedere) wat vir die hoofvrou gelewer word. Hierdeur kry die hele stam deel aan die huwelik van die vader van die stam met die moeder van die stam. Wanneer die hoofvrou die eerste keer in die hoofstat aankom, word alle vure geblus en weer aangesteek vanaf 'n vuur wat in haar lapa nuut geboor word, as sinnebeeld van die feit dat sy die lig van die stam sal verskaf. (Harries: 1929: 32). By die Batlhaping word dit bewerkstellig deurdat die bogadi vir die hoofvrou eerste oorgepra word. Ondanks die feit dat die hoofvrou gewoonlik nie die kaptein se eerste vrou is nie word die bogadi hier eerste oorgepra. (Language: 1943: 73 et. seq.). Dit is nie die doel om die huweliksgebruike/.....

hweliksgebruike van die Sotho deeglik te ondersoek met die oog op die aanduiding van soortgelyke toestande elders nie. Ons volstaan met die bewering dat die hoofvrou op een of ander wyse duidelik van die opperhoof se ander vrouens onderskei moet word sodat daar later geen twyfel sal bestaan oor watter seun van die opperhoof die opperhoofskap sal erf nie. Wat Schapera van die Bamangwato sê is algemeen t.o.v. die Sotho ook netso waar nl: "Kgosi ke kgosi kaa tswetswe ('n kaptein is 'n kaptein deur sy geboorte). "The chiefs status as head of the leading family in the tribe is sufficient in itself to secure for him the respect and obedience of his people." (Schapera: 1940: 75).

'n Belangrike afwyking van die normale opvolgingsprosedu-  
re by die Sotho word by die Balobedu aangetref. Hier is die opperhoof 'n vroulike persoon. Volgens die beskikbare literatuur wil dit voorkom asof daar geen spesifieke hoofvrou aangewys word nie. Die opperhoofde word egter opgevolg deur een van die dogters van haar vrouens. (Selfs hierdie bewering is aanvegbaar omdat Krige op p. 173 laat deur skemer dat dit moontlik is vir 'n dogter van die opperhoofde self om haar moeder op te volg.) Hierdie vrou uit wie die opvolger gebore word, moet egter vooraf bekend wees, want Krige sê ook: "he who must raise the heir to the queens is chosen by a inner 'secret council' of relatives". (Krige: 1943: 171). Deur hierdie prosedure moet die moeder van die opvolgster bekend wees. Verbonde met die sterk inslag van die heilige koningskap, vind ons by die Balobedu dat die opperhoofde haarself op 'n bepaalde tyd deur die gifbeker te drink om die lewe moet bring. Na verloop van die normale tussenperiode word die oorlye van die opperhoofde aangekondig en alle moontlike aanspraakmakers op die troon na die hoofstat ontbied waar elkeen probeer, na hy hom of haarself aan die gees van die oorledene bekendgestel het, om die deur van die sterfhut van die opperhoofde oop te maak. Volgens verklaring kan slegs die aanvaarde opvolgster aan die eise van hierdie magiese uitverkiesing voldoen. Na verloop van tyd word sy dan as opvolgster en opperhoofde aan die hele volk bekendgestel. Haar posisie as opperhoofde word erken/.....

erken en aanvaar deur die geloof dat slegs sy van die voorvaders die vermoë ontvang het om in die toekoms reën aan die stam te verskaf. Daarom is dit korrek om in hierdie geval te beweer dat „power and authority derive from the queen's divine appointment, her exclusive secret of rainmaking and her strategic position in the social web.” (Krige: 1943: 172).

Die normale rangorde van persone binne die stamverband is egter nie net beperk tot die huidige lewende persone nie. Die gestorwenes het in hulle lewe ook 'n posisie gehad binne hierdie rangordening en by hulle afsterwe het hulle hulle statusverband met hulle lewende nakomelinge behou. Omdat ons by die Sotho soos by alle Bantoeestamme 'n geloof in, en diens aan die geeste van die voorvaders vind as deel van die godsdiens, beteken dit dat die afgestorwenes nog betekenis het selfs binne die lewende rangorde van wêre hulle vermoë om die lewe op aarde te beïnvloed. Dit beteken verder dat hierdie rangordening erken word en eerbiedig word in hulle gebede en offerandes aan die voorvaders. Net soos 'n man namens sy gesin of familie offerandes bring en gebede doen aan sy voorvaders, so kan 'n wykshoof en distrikshoof aan sy voorvaders offer namens die betrokke distrik of wyk; want sy voorvaders was voor hom wyks- en distrikshoofde en behou hulle belangstelling in die sake en aktiwiteite van die wyk of distrik. Waar 'n wyks- of distrikshoofman slegs "vader" en voorvader van die besondere wyk of distrik kan wees, is die opperhoof in sy lewe "vader" en na sy dood voorvader van die stam en behartig in die hiernamaals steeds die belange van die stam. Hoewel goeie gawes van Modimo die oppergod afkomstig is kan die versoek daarom slegs deur die voorvaders aan hom oorgedra word en dit volgens die eise van die rangordening, van die mees junior voorvader na die mees senior voorvadergees wat die oor van Modimo het. Binne hierdie verband is die lewende opperhoof, ten gevolge van die feit dat hy die senior lewende afstammeling is van die kapteinslinie, die enigste persoon wat namens die stam die oor sal kan vind van sy oorlede vader, die junior persoon in die rangorde van voorvaders. Tot hierdie priesterlike p

© University of Pretoria

hoof/.....

hoof dus gebore.

Die stam is dus in sy erkenning van die posisie van 'n opperhoof gebind om sosiale sowel as godsdienstige redes om slegs die korrekte opvolger as sodanig te erken en onderdanigheid te betoon. (Vgl. Eiselen: 1932: 302, Language: Proefskrif: 264 et seq.).

(b) Posisie deur pligsvervulling.

In die tweede plaas word die posisie van die opperhoof bepaal deur sy vermoë om die pligte verbonde aan sy amp uit te oefen. Die verpligtinge van die opperhoof teenoor die stam, teenoor sy onderdane, strek hom uit oor al die terreine van die lewe. Nie alleen is hy leier op sosiale en godsdienstige terreine nie, maar van hom word verwag om deur sy persoonlikheid en dapperheid leiding te gee op politieke en militêre terreine terwyl sy gasvryheid en onbesproke hantering van hofsake sy volgelinge op ekonomiese en regtelike terreine na hom sal laat opsien. Ernstige leentes in die vervulling van sy pligte op bogenoemde terreine kan nie direk lei tot afsetting nie maar sal gewoonlik die oorsaak wees van afsplintering van die stam eenheid wat hy deur sy regering byeen moet hou. Indien sy optrede aanhoudend teen die gebruiklike indruis kan dit wel gebeur dat hy om die lewe gebring sal word. Schapera is heeltemal korrek in sy bewering dat: „People become members of a tribe by submitting to the rule of its chief, and it is primarily through their allegiance to the same chief that the different communities and individuals making up a tribe give expression to their unity: The chief is therefore not only the ruler of the tribe. He is also the visible symbol of its cohesion and solidarity.” (Schapera: 1938: 5).

(i) Voorbereiding.

Die eenheid van die stam waarvan die opperhoof se politieke grootsheid afhang berus dus eensyds op die onderdane se erkenning van hom as opperhoof maar andersyds ook op die nakoming van sy verpligtinge teenoor hulle volgens die

vaste tradisionele patroon. Sy verpligtinge teenoor die stam as regeerder word reeds as jong seun by hom ingeskerp, sodat dit moontlik is om te praat van 'n langdurige opleidingsperiode wat dikwels nie eindig met sy aanvaarding van die kapteinskap nie.

Die opgroeiende opvolger word deur sy vader en 'n paar betroubare raadsmanne in hierdie sake onderrig, voor en na sy deurloping van die ontgroeningseremonie. (Language: 1943: 69). Onder die Balobedu word die opvolgster blykbaar deur haar moedersbroer onderrig gedurende 'n verbanningsperiode. (Krige: 1943: 171). Hierdie onderrig sluit in 'n besondere deeglike kennis van die wette en gewoontes van die stam; praktiese ondervinding van die administrasie van die stam deur die bywoning van kgotla vergaderings reeds as jong seun; praktiese ondervinding van onpartydige regspraak en ondersoeking van getuies en getuies deurdat hy soms in die kgotla direk om sy opinie gevra word hoewel hy geen reg het om dit te gee nie; die verlening van gasvryheid aan stamlede en vreemdelinge; kennis omtrent die rituele handeling wat hy namens die volk sal moet uitvoer. In die algemeen, onderrig om te lewe onder die spreekwoord wat sê "Kgosi ke thutubudu"- (die kaptein is 'n vulgoedhoop); almal, goed en sleg, sal altyd na hom kom en hy moet almal eners en ewe onpartydig behandel". (Language: 1943: 110). Voeg hierby dat die werklike aanvaarding van die opperhoofskap gewoonlik plaasvind lank na die bereiking van volwasseheid, dan kan die intensiteit en duur van hierdie voorbereidingsperiode eers besef word. (Language: 1943: 97 et seq., Krige: 1943: 170 et seq., Eiselen: 1932).

By die uitvoering van sy verpligtinge teenoor die stam het ons in werklikheid nie te doen met een persoon, die opperhoof nie, maar met 'n instelling nl. die opperhoof-in-rade. By wannakoming van sy pligte kan hy deur hierdie raad selfs gestraf word as hy nie luister na hulle waarskuwings en voorligting nie want; amolaô o betsa ngwana wa ôné- die wet straf sy eie kind". (Language: 1943: 108).



(ii) Pligte op sosiale terrein.

As die vernaamste persoon binne die stam op sosiale terrein is die opperhoof geregtig op die respek en onderdanigheid van sy onderdane. Hy is ook die hoof van die ontgroeningseremonie en probeer verder gewoonlik om sy onderdane aan hom te bind deur te trou met vrouens afkomstig uit die verskillende groepe van die gemeenskap. Sy dogters (en vrouens by die Balobedu) gee hy gewoonlik ten huwelik aan belangrike persone binne en buite die stam om langs die weg sy posisie as sentrum van die sosiale netwerk te verstewig. (Eiselen: 1932, Krige: 1943: 175, Schapera: 1940: 76).

(iii) Pligte op magiese en godsdienstige terreine.

Ten opsigte van die pligte van die opperhoof op godsdienstige terrein het ons reeds aandag gegee aan sy priesterlike funksie namens die stam by die bring van offerandes aan die voorvadergeeste. Die vernaamste van hierdie geleentheid is die dankfees van die eerste vrugte (vgl. die besondere toestand by die Balobedu waar die distrikshoofde die vermoë het om dit elk namens hulle distrik uit te voer) asook die bring van offerandes by nasionale rampe, soos langdurige droogte, siektes onder gesaaides, vee en onderdane wat beskou word as strafmaatreëls van die voorvaders. (Eiselen: 1932, Language: Proefskrif 264 et seq., Van Zyl: 1952: 51, Schapera: 1940: 76 en 1938: 53 et seq.)

Naas hierdie algemene priesterlike handelwyse waardeur die kaptein optree as hoofmiddellaar namens sy volk is hy egter ook hoof van die magiese seremonies vir die beveiliging van die land, d.w.s. hooftoordokter. By sommige stamme is hy ook die vernaamste reënmaker en die bewaarder van die reënmedisyne. (Eiselen: 1932, Krige: 1943: 271). Hiernaas kan hy verantwoordelik wees vir die magiese behandeling van die landerye en van die saad waardeur die vrugbaarheid van die oes verseker word. (Van Zyl: 1952: 51, Eiselen: 1932).

(iv) Pligte op Ekonomiese terrein.

Op ekonomiese terrein kan die pligte van die opperhoof opgesom word as organiseerder van jagtogte, die oopsteller van die saai-seisoen en oes-seisoen, die reguleerder van weiding-regte as die persoon wat die reg verleen vir die ingebruikneming van die afgeoste lande as winterweiding. (Van Zyl:1952: 51). As die verpersoonliking van die eenheid van die stam is die opperhoof die trusthouer van die stamgrond. Saam met sy rade verdeel hy die gebruiksreg van hierdie grond onder sy hoofmanne wat dit op hulle beurt aan verskillende families toesê. By die Suid-Sotho word enige geskille wat oor die benutting van grond mag ontstaan daarom altyd in sy hof uitgewys. (Ashton E.H.: 1938: 310, Ashton H: 1952: 213).

By alle Sotho-stamme is die opperhoof verder gedwing om besonder vrygewig op te tree teenoor sy onderdane en vreemdelinge. Nie alleen moet hy besonder gasvry wees nie maar hy moet ruimskoots presente uitdeel. Hierdie verpligtinge word veral van belang in tye van hongersnood wanneer van die kaptein verwag word om vir sy mense te sorg. Die Suid-Sotho sê daarom ook: "Morêna ke Morêna ka lijo" - 'n kaptein is 'n kaptein deur kos, en die Bamangwato - "Kgosi ke mosadi wa morafe" - die kaptein is die vrou van die stam. (Schapera: 1940: 76 et. seq.) Om hierdie ideaal werklikheid te maak wanneer dit nodig is het elke opperhoof verskillende lande wat dwarsoor die stangebied verspreid lê, gewoonlik een in elke distrik, wat deur die inwoners bewerk, gesaai en geoes moet word. Die kaptein besit verder inkomstes uit boetes wat in sy hof opgelê word en uit belastings wat alles vir hierdie doel aangewend moet word.

Dit word ook van die opperhoof verwag dat hy van sy beeste in bruikleen volgens die mafisa-stelsel aan armer stamlede sal gee. (Bekend as kgamelô onder die 'swana-volke). Ons het reeds daarop gewys hoe die opperhoof, deur die uitplasing van sy beeste sy onderdane op ekonomiese wyse aan hom bind onder die Batawana. Daar moet egter op gelet word dat waar die opperhoof by die Suid- en Noord-Sotho eiendomsreg oor sulke

uitgeplaaide beeste behou, hy by die Tswana nie alleen die eiendomsreg behou nie maar eiendomsreg verkry oor al die besittings van die houer van sy beeste. „The entire property of a motlhanka was regarded as kgamelô and since the chief could withdraw his kgamelô whenever he wished, he could at any time ruin the holder.” (Schapera: 1940: 78). Die terugneming van sulke beeste het egter baie selde voorgekom want dit sou 'n aanduiding wees dat die opperhoof nie meer die vermoë het om volgens voorskrif vir sy onderdane te sorg nie.

Hiernaas het die opperhoof ook aanspraak gehad op die vry arbeid van enige groep van sy onderdane. Hierdie groepe wat op die wyse opgeroep was was gewoonlik die verskillende ouderdomsgroepe mans sowel as vrouens. Die werk waarvoor hierdie oproep gedoen word moet egter vir die stam as geheel tot voordeel strek soos die bou van 'n nuwe hoofstat, en in die huidige tyd die maak van damme en die bou van skole. „Regimental labour is both compulsory and unpaid.” (Schapera: 1940: 74 en 1938: 405.)

(v) Pligte op militêre gebied.

Op militêre gebied was die opperhoof hoof van die leër. Hy kon egter nie op eie houtjie ander stamme die oorlog aansê nie, daarvoor het hy die toestemming nodig gehad van sy raad of selfs in sommige gevalle van 'n vergadering van al die volwasse mans van die stam. Dapperheid van die opperhoof as aanvoerder voor en na sy ampsaanvaarding vorm deel van sy roem as opperhoof. (Van Zyl: 1952: 51).

(vi) Pligte op regtelike terrein.

Naas die ekonomiese het die regtelike funksie van die opperhoof die mees direkte verbinding met die daaglikse lewe van die lede van die stam. Die opperhoof vorm met sy raadgewers die hoogste regsprekende gesag binne die stam. In sy hof word in die eerste instansie sake verhoor wat ontstaan het tussen lede van sy wyk en van sy distrik, maar verder is sy hof ook hof van appél vir enige ontevredenheid oor die beslissing van 'n ander distrikshoof binne die stam. Die

wyse waarop en die kanale waarlangs die hofsake aan die kapteinshof voorgedra word verskil van stam tot stam, maar orals is daar 'n bepaalde persoon aangewys deur wie toenadering om 'n beslissing tot die opperhoof gescek moet word. Ernstige oortredings soos moord, towery, die stook van opstand word egter direk in die hof van die opperhoof verhoor en van sy beslissing is daar geen verder appel moontlik nie. By die Suid-Sotho kan geskille oor die gebruiksreg van grond alleen in sy hof verhoor word. (Schapera: 1940: 68, Ashton H: 1952: 206-213).

Alleen wanneer die stam opperhoof aan al die bogenoemde vereistes van pligsvervulling suksesvol voldoen, kan hy reken op die volledige steun en onderdanigheid van sy onderdane. Sy onvermoë om hierdie pligte namens die stam uit te voer word weerspieël as onvermoë om die stam bymekaar te hou. Mens is daarom geregtig om te beweer dat die wyse waarop die stam opperhoof hom van sy taak kwyt netso belangrik vir die bepaling van sy posisie as opperhoof is as wat sy afkoms van die vorige kapteins is.

## (2) Raadgewende instellinge.

Soos ons reeds in die verbygaan aangetoon het, beskik die opperhoof van 'n Sotho-stam oor geen besliste outokratiese magte nie. Alle vervulling van sy verpligtinge is onderhewig aan die kritiek of stilswyende goedkeuring van sy volgelinge soos dit aangedui word in die menings van die verskillende raadgewende instellinge waardeur die opperhoof sy kontak met die gewone stamlid probeer bewaar. Die Batlhaping spreekwoord gee hier ondubbelsinnig uitspraak: "Kgosi e busa ka tumelano ya morabe - die kaptein regeer met die toestemming van die stam." (Language: 1943: 32).

Die samestelling van hierdie rade is tradisioneel bepaal sodat geen opperhoof in die vermoë is om deur die samestelling van sy rade 'n rubberstempel te skep wat op al sy wense ja en amen sal antwoord nie. Volgens die wyse waarop hierdie rade geraadpleeg word kan ons by die Sotho onderskeid maak tussen drie soorte rade nl. privaat rade, geslote rade en openbare raadgewende instellings.

(a) Private rade.

H<sub>o</sub>wel die geheimhouding van besprekings op alle rade die normale prosedure is, is die raadplegingswyse op hierdie rade meer informeel en persoonlik van aard en nie so formeel en openbaar soos die toestande by die volgende groepe raadgewende instellinge nie. Mens sou in hierdie geval netso-wel van informele raadpleging kon gepraat het.

Hierdie private rade van kapteins is in hoofsaak gewoonlik saamgestel uit familie en ander persoonlike vertrouelinge. By die Sotho-stamme is die kaptein deur tradisie gebind om die mening van sy naaste bloedverwante te ken in sy optrede. Dit geld veral vir sy vader se jonger broers wat uit die aard van hulle senior posisie as sy vernaamste raadgewers optree. Hulle het dus die reg om te verwag dat hulle deur die opperhoof in alles geken sal word. Naas dié van sy ooms aan vaderskant geld ook die opinie van sy eie broers, mits hulle natuurlik oud genoeg is, asook die opinie van sy moeder se broer, sy malome, van besondere belang. By die Tswana raadpleeg 'n opperhoof naas die bogenoemde ook nog sy eie moeder. Dit geskied egter streng in die geheim. Naas vervulling van hierdie funksie is haar lapa ook die erkende toevlugsoord vir alle voortv<sup>u</sup>gtende oortreders in die stam. (Language: 1943: 35). Schapera sê van haar: „The chief's mother, while alive, is the most important woman in the tribe... her house is a recognized asylum to which victims of persecution can flee." Eers na haar dood bekleed die hoofvrou van die kaptein werklik haar posisie van belang as die moeder van die opvolger van haar man. (Schapera: 1938: 74).

Naas hierdie verskillende bloedverwante staan dit die opperhoof vry om enige lid van die stam persoonlik en informeel te raadpleeg oor enige saak as hy dit goed vind.

Uit hierdie verskillende oorde kies die kaptein in die loop van sy regeringstyd 'n groepie houer vertrouelinge met wie hy sake bespreek, as 'n raad, waarvan die verloop van die vergaderings geheim en informeel is, of as blote informele raadgewers/..... © University of Pretoria

wers, waarvan hy nie verplig is om almal altyd te raadpleeg nie.

Die beskikbare literatuur dui daarop dat hierdie raadgewers onder die meeste Tswana volke as 'n duidelik omlynde geheime of private raad optree terwyl dit wil voorkom, hoofsaaklik op grond van onvolledige gegewens, of hierdie private en geheime raadpleging by die Noord- en Suid-Sotho van meer persoonlike aard is.

Onder die Tswana-stamme staan die raad bekend as sekwêna, of khurutamagara by die Batlhaping (Language: 1943: 44), as khurutamaga onder die Bahurutsche (Lestrade: 1928: 429 et.seq), terwyl daar elders na die raadsmanne verwys word as bagakolodi ba Kgosi - die herinneraars van die opperhoof. (Lestrade: 1928: 429 en Schapera: 1938: 75). By die Batlhaping, soos ook by die die ander Tswana stamme is die ledetal van hierdie raad onbepaald. Die opvolgende opperhoof erf die raad van sy vader. Hy kan daaraan toevoeg, maar die lede moet almal, nie te jonk wees nie, gewoonlik verwant wees aan die kaptein, van goeie karakter en suiwer van oordeel wees en bowe-al, lojaal aan die kaptein wees. Die opperhoof is fietlik verplig om hulle raad aan te neem, dog kan dit ook in die wind slaan (dit gebeur egter baie selde), maar nie sonder 'n refleksie op die raad nie. Die vergaderings vind gewoonlik in die geheim plaas agter die hoofhut van die kaptein. (Language: 1943: 44 et.seq.) Schapera dui tereg daarop dat hierdie raadslede nie as sodanig aangesel word nie. Hy sê „Through long association with the Chief, they become known to the tribe at large as the men whom he generally consults. .... should he neglect to make such use of them, he will be blamed by the tribe as a whole." (Schapera: 1938: 75).

Lestrade som die funksie van hierdie raad soos volg op: „The khurutamaga is a private advisory body of the chief's, its deliberations are secret and informal, its purpose is to predigest matters that have to be laid before the lekgotla in full meeting, and its aim is to put its own opinions through such meeting." (Lestrade: 1928: 431). As informele raadsmanne van/.....

van die opperhoof het hierdie raadslede ook die reg, en die verpligting teenoor die stam om die kaptein vrylik te kritiseer. Omdat hierdie raad gewoonlik saangestel is uit die vernameste leiers binne die stam sal die opperhoof deeglik moet nadink voor hy sulke kritiek negeer.

By die Bangwaketse, Bamangwato, Suid-Sotho en Balobedu, d.w.s. Tswana en Suid- en Noord-Sotho stamme waar die stamvreemdes onder die kapteinsgesag aansienlike getalle bereik het, vind ons gewoonlik nie 'n aanduibare geheime of persoonlike raad nie. Maar mens vind wel dat die opperhoof persone persoonlik en vertroulik raadpleeg voor hy bepaalde stappe in die oopenbaar aankondig vir algemene goedkeuring. Hierdie persone is hoofsaaklik verwante van die opperhoof maar ook rykes en ander invloedryke leiers van groepe binne die stam van wie se ondersteuning die opperhoof verseker moet wees vir die voortbestaan van die stamregering. (Schapera: 1947: 6 en 1940: 68, Ashton H: 1952: 215 en Eiselen: 1932). Ashton sê bv. ten opsigte van die Suid-Sotho: dat sulke raadgewers beperk is tot "A few, (who) by virtue of their political standing or kinship relation to the chief, have the right to expect to be consulted by him". (Ashton E.H.: 1938:312).

Dit is dus uit die voorgaande duidelik dat die raadpleging deur die opperhoof op geheime en informele wyse van verskeie persone binne die stam vir die verkrying van voorlopige goedkeuring vir enige saak wat in die ope vergadering ter sprake gebring moet word, baie wyd verspreid is onder die Sotho-stamme. Dit is egter opvallend dat daar soveel klem gelê word op die raadpleging van verwante van die opperhoof. Dit wil dus voorkom of hierdie raadplegingswyse as vernameste oogmerk het die konsolidering van die kerngroep by wie die gesag van die stam setel vir ondersteuning van die opperhoof wat namens hulle die regering waarneem. Dit is veral duidelik in gevalle waar daar groot groepe vreemdelinge binne die stamgeledere is wanneer dit alleen by uitsondering geskied dat lede van hierdie vreemde groepe sitting het op hierdie geheime raadgewende instellings.

(b) Geelote rade.

Die geslote stamraad wat die vernaamste voorbeeld van hierdie raadstipe is omvat daardie instelling waarbinne die opperhoof die geleentheid het om verteenwoordigers van alle groepe van sy onderdane se opinies aan te hoor om op daardie wyse kennis te kry van die algemene gevoel onder die volk. Van hierdie algemene volksgevoel moet die opperhoof deeglik kennis neem hoewel hy deur die voorafbespreking van sake met sy vertrouelinge in die geheime raad sy standpunt op die vergadering ook gestel kan kry. Wat Lestrade in hierdie verband van die Bahurutshe sê kan netso wel van enige Sotho-opperhoof gesê word nl.: „His word is the expression of the general will, and insofar as it fulfils that function, is supreme and incontestable.” (Lestrade: 1928: 429). Die stamraad is die instelling wat hierdie noodsaaklikheid moontlik maak.

Die samestelling van die stamraad is by die meeste Sotho-stamme teoreties dieselfde hoewel mens in die praktyk waar dit by raadpleging kom uitsonderings kry. Normaalweg is alle hoofde van distrikte sowel as sommige hoofde van senior wyke lede van hierdie stamraad. Onder die Batlhaping is alle wykshoofde teoreties ook lede van hierdie stamraad maar in praktyk woon nie almal hierdie vergaderings by nie. (Language: 1943: 52 et. seq.) Volgens sy basiese samestelling verteenwoordig die aanwesiges op raadsvergaderings van die stamraad dus die hele volk (Vgl. ook Ashton E.H.: 1937: 76 et. seq. oor soortgelyke toestande onder die Suid-Sotho ondanks die feit dat die organiese verband tussen lede van die raad in 'n groot mate ontbreek).

Die lede van die privaat raad van die opperhoof is ook lede van hierdie raad. Hiernaas staan dit die opperhoof vry om vreemdelinge en ander gunstelingte op sy uitnodiging die raadsvergaderings te laat bywoon. (Language: 1943: 52 en Lestrade 1928: 429 et. seq.) Hierdie verskynsel het ten gevolge dat die lede van die private raad die voortou neem in die besprekings en die ander lede probeer oorhaal tot die standpunt en beslissing wat reeds in die geheim oor die saak bereik is. Dit het



ten gevolge dat die opperhoof nie 'n besondere standpunt moet inneem nie, sy raadslede van die geheime raad doen dit vir hom. Hy kan dus aan die einde van die besprekings slegs die bevindinge van die meerderheid as sy eie wens opsom; want die wens van die stam soos vertolk deur die stamraad moet ook die wens van die opperhoof wees, anders volg onenigheid.

Die vergaderingswyse van hierdie raad is ook geheim, daarom staan ook hierdie raad by die Batlhaping bekend as sekwêna, of ook khurutamaga by die Bakgatla (Schapera: 1938: 79) maar ook as phutegô ya magôšana (Bakgatla) ten gevolge van die feit dat dit 'n vergadering is van al die leiers van die volk.

By sommige stamme waar daar groot getalle vreemdelinge binne die geleedere van die eenheid opgeneem is vind ons dat die stamraad nie op presies dieselfde wyse funksioneer as by die ander stamme nie. Dit word aangedui uit ons gegewens oor die funksionering van die stamraad onder die Bangwaketse, die Bamangwato en die Balobedu. By die Bangwaketse vind ons dat die opperhoof in plaas van 'n verteenwoordigende stamraad te raadpleeg volstaan met die geheime raadpleging van 'n paar persone. In ernstige gevalle kan 'n vergadering van tien tot dertig vertrouelinge belê word om die saak in die nag in die beeskraal van die opperhoof te kom bespreek. Vandaar die naam van hierdie vorm van raadpleging nl.: phutego ya lesaka - vergadering van die beeskraal. In uiters ernstige gevalle, alleen in krisis tye, sal die kaptein daartoe oorgaan om al die leiers van die volk, distrikshoofde en wykshoofde, vir raadpleging op te roep. (Schapera: 1947: 6.).

By die Bamangwato het die vier verskillende afdelings van die stam wykshoofde wat verdeel kan word in afstammeling van die kapteinshuis en afstammeling van getroue diensknagte van die opperhoofde. Hierdie dikgosana- en batlahanka-hoofmanne word deur die opperhoof afsonderlik geraadpleeg. Die totale aantal hoofde word egter nooit geraadpleeg nie, alleen die wat lojaal en getrou teenoor die opperhoof is kom in enige instansie ter sprake vir raadpleging. Die raadplegingsprosedure was

soos volg: Eerstens word sommige van die dikgosa-na-hoofde opgeroep vir 'n geheime vergadering en die probleem aan hulle gestel, bespreek en daaroor besluit ondanks die feit dat die opperhoof nie teenwoordig is nie. Op dieselfde wyse word die batlahanka-hoofde in die tweede plaas so in die geheim geraadpleeg. By verskil van beslissing word gewoonlik 'n derde gesamentlike vergadering belê waarop die opperhoof dan teenwoordig is. Na die neem van die finale meerderheidsbesluit kan die saak vir verdere besluite deur die opperhoof aan 'n vergadering van mans in die openbaar voorgedra word. (Schapera: 1940: 72 en 1938: 79).

Ons kennis omtrent die vergelykbare gebruike van die Balobedu is uiters skraal, hoofsaaklik omdat die betrokke skrywers die politieke raadgewende sisteem nie indringend genoeg beskrywe nie. Die enigste werklike raad wat ons hier kan onderskei is die privaat raadgewers en vertrouelinge van die opperhoofde wat bestaan uit sommige distrikshoofde en ander verwante en raadgewers waarvan die meeste in die hoofstat woonagtog is. Daar bestaan geen werklike raad wat vergelykbaar is met die stamraad soos ons dit elders onder die Sotho aantref nie. (Krige: 1943: 172). Hierdie afwesigheid van deeglike kennis, dui na ons oordeel op 'n moontlike afwesigheid van die stamraad; dit sou volkome in ooreenstemming wees met dit besondere outonome posisie wat die distrikshoofde onder die Balobedu beklee.

Dit is dus interessant om daarop te let dat dit weereens moontlik is om onderskeid te maak tussen die prosedure onder redelike homogene stamme en stamme van heterogene herkoms. In veral die laasgenoemde gevalle is dit nodig om te onthou dat raadsmanne van die opperhoof vir die stamraad ook kom juis uit daardie wyke wat ons as lede van die kerngroep kan beskou. Daar word dus duidelik onderskeid gemaak tussen mense wat deur geboorte en kultuur die eenheid van die stam sal bevorder en diegene wat juis omdat hulle vir 'n korter tydperk onder die stam gewoon het, nie die reg het, of kan verkry om aan die politieke raadpleging deel te neem nie.

Hierdie verskillende vorme van die gelote stamraad, soos hierbo genoem staan die opperhoof by in die uitoefening van al sy funksies en alle sake wat van groot belang is, word eers voor die stamraad gelê voor daar opgetree sal word. Die instelling van stamheffings, oorlogvoering, hongersnood, ontevredenheid van groepe binne die stam is voorbeelde van die normale aktiwiteite van die stamraad. As die leiers van die stam, het ook die lede van die stamraad die reg om die opperhoof vrylik te kritiseer indien hulle om grondige redes nie met sy optrede tevrede is nie. (Language: 1934: 55 et.seq.). Die opperhoof moet hierdie menings van sy raadslede aanhoor en ernstig opneem. Dit is alleen in uitsonderlike gevalle waar die persoonlikheid van die opperhoof sodanig is dat hy vir sy raadslede voorskryf, dat die normale beperking op die gesagsvermoë van die opperhoof effens verwater. (Vgl. Schapera: 1938: 84). Onder die Bahurutshe is Iestrade se waarnemings baie beslissend dat die kaptein die opinie van sy raad in ag moet neem in sy optrede. Doen hy dit nie, kan hy na herhaaldelike onenigheid in sy eie hof, in die openbaar, deur die raadsmanne tot orde geroep word en selfs skuldig bevind en gestraf word. Sy raadslede is daar om toe te sien dat die opperhoof hom in sy hele optrede hou by die voorskrifte van die tradisie van die betrokke stam. (Iestrade: 1928: 431).

By die meeste Sotho-stamme berus die finale seggenskap in belangrike beslissings soos oorlogsverklaring en die oplê van nuwe belastings by 'n stamvergadering. D.i. 'n vergadering van 'n gedeelte of van alle geïnisiëerde mans van die stam. Die belangrikheid van die aktiwiteite van die stamraad in die voorbereiding vir die weg tot die byeenroeping van die stamvergadering kan nie gering geskat word nie. Schapera sê; "Decisions arrived at here (d.i. in die stamraad) are generally sure of acceptance by the rest of the tribe, for this council really embraces all the important men, whose voices will carry most weight at the general tribal assembly." (Schapera:1938:78).

(c) Openbare raadgewende instellings.

(1) Die stamvergadering.

Die stamvergadering of vergadering van geïnisieerde mans van die stam waarby in uitsonderlike gevalle ook vreemdelinge toegelaat word, is 'n kultuurtrek onder die Sotho-volke die omvang waarvan nog net onder die Tswana deeglik nagevors is. Onder die Suid-Sotho sê H. Ashton het dit vandag tot 'n groot mate in onbruik geraak (Ashton H: 1952:215 et seq.). In die literatuur oor die Noord-Sotho word daar slegs hier en daar in die verbygaan na hierdie vergaderingsvorm verwys.

Die mees algemene funksie van die stamvergadering was die aanhoor van nasionale aankondigings en ten tweede die bespreking van uiters belangrike sake. Hierdie basiese tweeledige funksie word van al drie Sotho groepe Suid, Noord en Wes gerapporteer.

Onder die Tswana is stamvergaderings vir aankondigings gehou in die kgotla - vergaderplek van mans, by die stat van die kaptein en was oop vir bywoning deur alle geïnisieerde mans. Bywoning was nie verpligtend nie, maar die meeste hoofmanne en raadgewers van die opperhoof was altyd teenwoordig. Onder die Bathlaping sê Language (Language: 1943: 59): „Geïnisieerde mans van vreemde stamme word onder normale omstandighede ook by stamvergaderings toegelaat, selfs kleurlinge en blankes, maar by geheime vergaderings van die stam word hulle uitgesluit.” Sulke vergaderings staan onder die Bathlaping bekend as phutêgô ya morabe of pitšô. (Language: 1943: 58.). Die naam phutêgô is ook gebruiklik onder die Bakgatla en is van toepassing op enige byeenroeping van mans vir die bekendmaking van besluite of behandeling van onbelangrike sake. Dit is nie nodig dat al die mans van die stam teenwoordig moet wees nie. Die aanwesiges vir die bespreking van onbelangrike sake of die aanhoor van aankondigings is gewoonlik slegs afkomstig uit die hoofstat. (Schapera: 1938: 81). By die Bamangwato en Bangwaketse is die toestande dieselfde en die meeste stamvergaderings is van hierdie minder ernstige aard. (Schapera: 1938: 79 en 1940: 72 en 1947: 6). Onder die Bangwaketse staan hierdie stamvergaderings bekend as lebatla.

Die aard van hierdie vergaderings verskil in wese feitlik niks van die normale ope hofsittings en regspreking wat die opperhoof in die kgotla uitvoer nie. Om die rede word daar by sommige skrywers soos Lestrade: 1928, onder die Bahurutshe geen verskil gemaak tussen kgotla-vergaderings waar die opperhoof sake vir ope bespreking voorlê aan die mans van die stam en hofsittings nie.

Onder die Bapedi, vind ons slegs 'n verwysing na die voorkoms van die pitšô waar dit die aankondiging van die stamskool deur die opperhoof geld. (Harries: 1929: 65). Onder die Balobedu, sê Krige kom die pitšô of stamvergadering nie voor nie mens vind wel die sogenaamde khivijo (khijijo) wat 'n soortgelyke funksie het: The khivijo is neither the more or less determinate body of private advisors (kgotla), nor even the tribal gathering (pitšô), of the Sotho. It is mainly constituted by district heads, or their representatives, and the men of the capital, but any one attends; and it is never conceived of as a general assembly of all the initiated men of the tribe. It has little power and less initiative; it is summoned mostly to discuss European matters, and there is now a tendency to place some decisions of the men of the capital before it for confirmation; but it is hardly a means of gauging popular feeling or of expressing the royal will." (Krige: 1943: 173). Hierdie verskynsel soos Krige en Krige dit vaagweg beskrywe kom so nou ooreen met die stamvergadering dat ons dit as van feitlik identiese aard beskou.

Die stamvergadering vir die bespreking van meer ernstige sake ken ons alleen uit die beskrywings oor die Tswana-stamme breedvoerig. Dit word volgens die gegewens belê vir die bespreking van bepaalde belangrike sake, soos, oorlogvoering, rooftogte teen naburige stamme, hongersnood, droogte en die oplegging van stambelasting.

Hierdie soort vergadering staan onder die Bakgatla bekend as pitšô. Hier kan alle mans verplig word om die vergadering by te woon, en daarom selfs van die buitenste distrikte van

die stam afkomstig wees. Soms, op bevel van die opperhoof moet die mans ook gewapen wees as hulle die vergadering bywoon, iets wat verbode is en selfs 'n belediging sou inhou as dit op 'n normale stamvergadering gedoen word. Wanneer die bespreking sal gaan oor uiters belangrike sake soos bv. onenigheid binne die geleedere van die stam self, word die vergadering in die veld gehou, word dit voorafgegaan deur 'n dryfjag en moet alle mans gewapen wees. Dan word daar ook van so'n vergadering gepraat as 'n letsholo - stamdryfjag. (Schapera: 1938: 82). Onder die Bangwaketse word so'n vergadering met dryfjag gereeld gehou vir die instelling van die plantseisoen, die vorming van nuwe regimente, die maak van nuwe wette en in politieke krisis. (Schapera: 1947: 6.).

Die Batlhaping ken ook hierdie vergaderingswyse. Omdat die stamvergadering wat op hierdie besondere wyse in die veld vergader die finale seggenskap gehad het in die verklaring van oorlog is dit logies om te aanvaar dat dit in redelik beperkte omvang gefunksioneer het. (Language: 1943: 60 et.seq.) Onder die Noord-Sotho verwys Harries onder die Bapedi weereens slegs in die verbygaan na die moontlikheid van 'n pitšô in die veld vir die behandeling van ernstige sake soos wangedrag van die opperhoof wat dreig om die stam in twee seksies te laat skeur. (Harries: 1929: 87).

Op albei hierdie soorte van stamvergaderings kan enige persoon teoreties die onderwerp bespreek en hom ten gunste of daarteen uitspreek en selfs die opperhoof se optrede in die saak kritiseer. In praktyk temper die vrees vir latere "teregwysing" deur die opperhoof die vryheid van spraak. Die opperhoof gee in elk geval sy beslissing in die saak aan die einde van die vergadering en indien die algemene openbare mening teen sy eie opvattinge indruis en teen die aktiwiteite van sy adviseurs in die vergadering gaan, is die moontlikheid baie sterk dat die opperhoof hom sal berus by die besluit van die meerderheid. (Schapera: 1938: 83).

Onder die Suid-Sotho was die pitšô vroeër gebruiklik

alleen vir die gee van toestemming deur die stam vir die handelwyse van die opperhoof in onbelangrike sake „when later the chief's power was strengthened by the protection of the British Administration, the chiefs paid less attention to public opinion and the pitšō tended to fall into disuse." Vandag word dit slegs gebruik vir aankondigings en by feesgeleenthede. (Ashton E.H.: 1938: 34).

(ii) Die regsverhoor deur die opperhoof.

Ons het reeds daarop gewys dat sommige skrywers nie onderskeid maak tussen die vergadering van mans in die kgotla van die opperhoof vir die aanhoor van aankondigings en die optrede wat die opperhoof van voornemens is om te volg, en die normale hofsitting wat ook in die kgotla van die opperhoof plaasvind nie. Die aard van die vergadering is dieselfde. Die dryfveer vir aanwesigheid is normaalweg nuuskierigheid, behalwe in die geval van die hofsak waar daar 'n groep persone, naas die opperhoof en sy raadslede aanwesig is, wat meer spesifiek in die saak belangstel.

Die opperhoof laat sy aanwesige raadslede toe om die twee partye deeglik te ondervra en aan te hoor en na hulle die saak onder mekaar beredeneer het, bepaal die kaptein aan die hand van hulle beslissing die skuldigheid, al dan nie, asook die vonnis. Hierdie beslissings beredering en vonnis moet geskied streng ooreenkomstig die gebruike van die bepaalde stam. Vrouens is gewoonlik nie by sulke vergaderings/hofsittings toegelaat nie, tensy hulle beskuldigdes of getuies is. Daar is geen vasgestelde aantal raadslede wat die opperhoof moet bystaan onder enige van die Sotho-stamme nie. (Schapera: 1938: 80 en 292 et. seq. en Language: 1943: Hoofstuk V.)

Alleen onder die Balobedu vind ons 'n afwyking van hierdie normale prosedure maar dit alleen omdat die opperhoof hier 'n vrou is, wat nie by die vergaderplek van die mans toegelaat mag word as normale aanwesige nie. Hier word sake deur die raadsmanne van die opperhoofde verhoor en beslis. In belangrike sake alleen word die opperhoofde tersyde geraadpleeg en

uitspraak gegee volgens haar wens. (Krige: 1943: 136 et.seq.)

In hierdie openbare kgotla-vergadering behartig die opperhoof dus die regtelike funksie wat hy teenoor die stam het. Sy hof is die hoogste appélhof en as sodanig hoor hy alle belangrike appélsake naas die wat hulle ontstaan het in sy eie wyk en distrik. (Lestrade: 1938: 431).

### (3) Plaasvervangende gesagsinstellinge.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die opperhoof te-  
 same met 'n aantal raadsmanne voortdurend hulle aandag aan stam-  
 sake gee. By sommige stamme is die omvang van die werk so  
 groot dat daar bepaalde plaasvervangers benoem word om die op-  
 perhoof behulpsaam te wees in die uitvoering van sy verplig-  
 tinge. Hierdie mense is soos al sy ander raadsmanne ook sy ver-  
 trouelinge en moet trou aan die opperhoof bly anders kom hulle  
 posisie in gevaar. Namens die opperhoof vervul hulle pligte  
 op die politieke, magies rituele, regtelike en militêre ter-  
 reine van sy verpligtinge.

Die vernaamste van hierdie plaasvervangers is die verskil-  
 lende ditona wat as tussenpersone kan dien vir die voorlegging  
 van probleme aan die opperhoof self, sy raad, of sy hof.

Die vernaamste van hierdie ditona is gewoonlik die opper-  
 hoof se vader se jonger broer. Hy is gewoonlik ouer as die hui-  
 dige regerende opperhoof en word formeel deur die opperhoof in  
 daardie posisie aangestel. By die Bathaping ontvang hy mense  
 in die hoofstat, reël vergaderings van die hof, is algemeen tus-  
 senganger tussen die opperhoof en die volk, praat namens die  
 opperhoof op vergaderings en kan selfs as waarnemende opperhoof  
 in besondere gevalle optree. Juis uit hoofde van sy besondere  
 posisie en sy verwantskap met die opperhoof is hierdie tona  
 ook lid van die geheime raad van die opperhoof. (Language: 1943:  
 38 et.seq.)

Onder die ander Tswana-stamme word daar soms verdere loja-  
 le dienaars van die opperhoof aangewys wat die opperhoof se  
 huishouding en sake rakende die opperhoofs familie behartig. In  
 die verlede was daar ook sulke plaasvervangers aangewys om die



leër namens die opperhoof aan te voer en die opperhoof behulpzaam te wees in die uitvoering van magiese en rituele verpligtinge wat eie aan sy posisie binne die stam was. (Schapera: 1938: 77 et seq.).

Soortgelyke toestande het ook onder die Suid-Sotho geheers. Hier kon so 'n tona selfs alle hofsake behalwe belangrike en ingewikkelde sake en enige saak rakende die verdeling van grond namens die opperhoof verhoor. By hierdie stam was daar vroeër twee ditona aangewys wat verantwoordelik was vir die verdeling van stamgrond, die regulering van die sny van dekgras asook vir die vervulling van ander pligte. (Ashton H.: 1952. 213 en Ashton E.H. 1938: 311).

Onder die Noord-Sotho is hierdie delegering van magte ook die normale prosedure. Onder die Balobedu bv. is daar bepaalde persone aangewys wat die sake van bepaalde distrikte aan die opperhoofde moet voorlê. Hulle staan bekend as "moeders" van die verskillende distrikte en is in die hoofstat woonagtig. Omdat die Balobedu opperhoofde so'n vermaarde reputasie as reën maakster geniet vind mens die eienaardige versynsel dat vreemde en outonome opperhoofde ook sulke moeders of ambassadeurs in die hoofstat het deur wie hulle versoeke om reën aan haar oorgedra kan word. (Krige: 1947: 180 en 186 et seq.)

Naas hierdie besondere posisies wat deur erkende plaasvervangers van die opperhoof beklee word, moet dit egter onthou word dat die opperhoof die reg het om enige persoon te beveel om namens hom 'n boodskap oor te dra, waarna so iemand gehoorzaam moet word as die offisiële mondstuk van die opperhoof in daardie saak. Dit geld hier veral die aansegging om op 'n gestelde tyd in die hof te verskyn of ook uitvoering van hofbevele. Die opperhoof kan ouderdomsgroepe- mephato, oproep tot gemeenskapsdiens. Daarom kommandeer hy gewoonlik die lede van 'n bepaalde mophato om vir 'n bepaalde tyd as die bodes van sy hof op te tree, boetes in te vorder indien nodig, en aan alle ander hofbevele uitvoering te laat geskied. Hierdie gebruik is geldig by die meeste Sotho-stamme. (Iestrade 1928: 43). Onder

die Suid-Sotho kan enige persoon teen vergoeding hierdie plig  
*uitoefen*  
 ontvang. (Ashton: 1938: 311).

Die belangrikste plaasvervangende persoon vir die opperhoof is egter die regent. Die persoon wat namens die oorlede opperhoof gesagvoer gedurende die minderjarigheid van die opvolger. Hierdie regent is in alle gevalle onder die Sotho gewoonlik die broer van die oorlede opperhoof; maar wanneer die oorledene se broer ook minderjarig is, verval hierdie plig na die oudste lewende broer van die vader van die oorlede opperhoof. (Schapera: 1938: 61 en 1947: 6). Onder die Suid-Sotho geld hierdie algemene reël ook; maar die moontlikheid dat die regent 'n vrou kan wees is nie uitgesluit nie. Wanneer dit gebeur is die regent in alle gevalle die moeder van die toekomstige maar minderjarige opperhoof. (Ashton H. 1952: 193). Oor die regentskap by die Balobedu, waar vroulike opperhoofde regeer, is daar geen afdoende verduideliking van wat in die geval van minderjarigheid van die korrekte opvolgster gebeur nie. Die literatuur swyg.

#### D. TIPERING.

Uit die voorgaande oorsig oor die politieke organisasie van die Sotho-stamme, vir sover die literatuur daarvoor uitsluitel gee, is dit duidelik dat politieke organisasie ook hier te make het met, en 'n samevatting is, van alle instellings wat binne die gemeenskap en to.v. die gemeenskap of dele daarvan, gesag uitoefen en leiding gee. Binne die onderlinge geskakelde verband tussen die verskillende eenhede word die kleiner interne politieke gesagseenhede erken en ondersteun deur die sentrale gesag, wat namens die gemeenskap ten behoeve van die groep na buite kan optree.

Die politieke organisasie van enige Sotho-stam omvat dus 'n verskeidenheid van eenhede beginnende by die wyk, wie se hoofman deur die sentrale gesag van die stam erken word, en omvat allengs groter wordende eenhede soos die distrik die afdeling tot die uiteindelijke totale eenheid: die stam, onder gesag van die opperhoof-in-rade. Die organisatoriese verband

kan dus voorgestel word as 'n piramiedagtige struktuur met 'n breë basis bestaande uit 'n groot aantal wyke onder hulle wykshoofde en 'n toppunt in die posisie van die opperhoof en sy raade van die stam. Suiwer polities gesproke is die ondergeskikte politieke gesagsdraers vir hulle gesagsvermoë afhanklik van die erkenning en ondersteuning van die sentrale gesag. Hierdie proses van skakeling in dalende orde van gesagsinstellinge binne die groep, wat hulle gesag van die sentrale gesag ontleen, noodsaak die aanwesigheid van 'n verbintenis tussen sentrale gesag en alle onderdane. Hiersonder sou die erkenning van die politieke funksie van die afskynsels van die sentrale gesag onmoontlik wees.

Hierdie verband tussen sentrale owerheid en onderdaan berus op die erkenning van elke lid van die gemeenskap van sy onderdanigheid aan daardie sentrale gesag en die verpligting van elke lid van die gemeenskap om lojaliteit en troue aan die heersers van die stam te betoon. Hierdie noodsaaklikheid van lojaliteit en onderdanige trou, is 'n algemene verpligting vir elke lid van enige Sotho-stam. Dit maak nie saak of hy 'n nuut bygekome vreedeling is, nie, of 'n persoon is wat deur sy afkoms en geboorte sy tuiste binne daardie stam het nie. Hierdie onderdanigheid spruit voort uit die erkenning van die leierskap van die politieke gesag, binne die bepaalde geografiese stamgebied, vaderland, op alle terreine van die lewe, sy dit ekonomies magies/ritueel of sosiaal of regtelik. Waar ons aangedui het dat die normale waarborg van die erkenning van gesag geleë is in die aanvaarding van die opperhoof as die vernaamste persoon op sosiale terrein, moet dit onthou word dat die sentrale gesag by sommige stamme deur die uitbouing van sy skakeling op ekonomiese terrein (vgl. die Batawana) of magiese terrein (vgl. die Balobedu) die onderdane deegliker aan hom kan bind. Die beklemtoning van onderdanigheid ten gevolge van blote geografiese gebiedsbewoning kan ook tot hierdie doel aangewend word soos onder die Suid-Sotho en die Bamangwato.

Hierdie direkte verbintenis tussen opperhoof en onderdaan

maak dit moontlik, juis soms deur die moontlikheid van addisionele verbintenisse soos genoem, om binne die geledere van één stam 'n groot verskeidenheid vreemdelinge aan te tref. Hierdeur word dan 'n kultureelheterogene en genealogies onverbonde groep onder één gesag saamgevoeg. Hierdie verskynsel is vir Language kenmerkend van sommige Tswana-stamme waar hy Schapera (Schapera: 1938: 4). wat verduidelik dat die moderne Bamangwato-stam uit 17, die Bangwaketse uit 14, en die Bakgatla en Bakwena elk uit 7 etnies verskillende groepe saangestel is aanhaal. Hierdie verskynsel is normaal by die meeste Sotho-stamme van groot formaat. Vergelyk bv. die samestellings van die Suid-Sotho die Bapedi en die Balobedu. Hierdie vreemdelingeenhede is egter soos ons aangedui het, geweef om, en ondergeskik aan die kerngroep van elke stam binne wie se geledere die opperhoof op sosiaal-organiese wyse die vernaamste posisie beklee. Deurdat die verbintenis op politieke terrein primêr geleë is tussen die sentrale gesagsinstelling en die onderdaan, volg dit logies dat die onderdane hulle daarom ook onderdanig ag aan die mindere politieke instellings wat die gesagsuitvoering behartig in die kleiner plaaslike eenhede. Dit alleen egter waar die gesagsposisie van die kleiner politieke leier nie gedra word deur sosiale senioriteit nie. Soos ons aangetoon het is lg. die normale organiese toestand binne die kleiner politieke eenheid, in besonder binne die wyk.

Daar is dus twee moontlike verbindingswyses tussen gesag en onderdaan binne die Sotho politieke organisasie. Dit kan saamgevat word as (a) die organiese toestand waar die onderdane deur verwantskap verbind is, en daarom onderdanig en trou is, aan die wykshoofman, en deur hom met die distrikshoofman en deur laasgenoemde met die opperhoof, hier is sosiale status en politieke gesag dus gesetel binne dieselfde persone; en (b) die normale toestand waar die onderdaan primêr deur sy bewoning van die stamgebied onderdanig moet wees, hoewel nie genealogies verbind nie, aan die stamgesag en daarom ook aan die mindere instellings binne die stam.

Dit moet verder onthou word dat die reg tot beoefening van politieke gesag by die Sotho steeds berus, by 'n persoon bygestaan deur 'n raad. Dit is so vanaf die eenvoudigste wykshoofman met sy raad tot by die opperhoof met sy stamraad. In alle gevalle is hierdie rade saangestel uit die verneemste leiers, onder die onderdane van elke hoof. Die aanwesigheid van hierdie toestand het drieërlei gevolge: Eerstens dat daar ruim geleentheid bestaan vir onderdane om hulle sienswyse aan die owerheidspersone oor te dra deur hulle segsmanne op die rade, asook dat owerheidspersone verplig is om die uitoefening van hulle gesag so te reël dat dit die steun van die onderdane, ten minste van die meerderheid, wegdra.

Tweedens dat dit die nodige masjinerie verskaf vir die verskering van optrede volgens 'n bepaalde tradisionele patroon wat vasgelê is as deel van die kultuur van daardie stam. Indien enige politieke leier dit sou waag om voortdurend teen die openbare mening op te tree en daardeur die tradisionele wyse van optrede op politieke terrein geweld sou aandoen, is daar ruim geleentheid, of vir afsetting van die weerbarstige hoofman, of vir versplintering van die stam waardeur die status of volume van die voorspraak van die betrokke leier vermindert word. Hierdie handeling geskied deur die selfstandige optrede van die lede van die verskillende rade wat elkeen binne sy area of verwantegroep redelike aanhang het.

Derdens dat selfs waar 'n politieke leier of opperhoof in sy hoedanigheid as leier op sosiale en ander terreine optree, hy nog steeds die gevoel, van sy raadsmanne, van sy onderdane wat deur hulle verteenwoordig word, moet ken.

In sy hantering van die politieke organisasie van die Bahurutshe kom Lestrade ten slotte tot die gevolgtrekking dat die politieke organisasie van die Bahurutshe getimeer kan word as demokraties, synde androkraaties, aristokraties, asook gerontokraties. (Lestrade: 1928: 429). Dieselfde uiteensetting en woorde kan met min verandering ten opsigte van die Sotho in die algemeen gebruik word.

Die politieke organisasie van die Sotho is:

Ten eerste androkraties, omdat die mans in die meeste gevalle die politieke gesagsposisies beklee hetsy as raadsmanne of as hoofde. Vir suiwere korrektheid moet egter in hierdie verband onthou word dat daar heelwat voorbeelde onder die Sotho genoem kan word waar vroulike persone posisies van politieke belang kan beklee bv. onder die Suid-Sotho waar regentesse aangetref word of onder die Balobedu waar die opperhoof normaalweg 'n vrou is.

Ten tweede aristokraties, omdat die leierskapsposisies van hoofmanne en raadsmanne gewoonlik in die vaderlike lyn van vader na seun vererf. Hier weer is Lestrade korrek as die uitsondering onder die Balobedu waar die opvolging in die opperhoofskap op kwasië-nagiese wyse bepaal word in gedagte gehou word.

Ten derde demokraties, omdat daar ruim geleentheid bestaan vir kennisname van die algemene volksgevoel oor belangrike sake hetsy deur die raadpleging van die verteenwoordigers van die mindere politieke eenhede op die raad van die opperhoof, of deur die byeenroeping van 'n volle volksvergadering. Dit gaan hier egter nie net om die bestaan van die geleentheid tot raadpleging nie, maar ook om die verpligting wat daar op die hoofman rus om die voorsegginge van sy raad te eerbiedig; dit is moontlik om weerbarstige hoofde wat die volkswil miskien van hulle posisies te verwyder deur gerieflike likwidasië, of deur wegtrekking van die onderdane waardeur die hoof se politieke status in gedrang kom.

Ten vierde gerontokraties, omdat die politieke leierskap en raadmanskap berus by persone wat, ten minste volwasse is, maar meer algemeen by persone wat redelik bejaard en besadig is. Die lewensjare bring die nodige ondervinding en konserwatisme mee om 'n waardige beskermmer van die volkstradisie te wees.

By hierdie vier algemene kenmerke voeg Language nog 'n vyfde by nl. die moontlikheid dat die politieke organisasie tog outokraties kan wees. Soos hy tereg erken, sou so iets alleen kan voorkom waar die persoonlikheid van die hoofman sodanig is

dat hy aan sy raadslede voorskryf. Dat gevalle van sulke onwrikbare eiesinnigheid voorkom is waar maar dit is eerder die kortstondige uitsondering as die reël. (Language: 1843: 165).

### E. TENDENSE VAN VERANDERING.

Geen behandeling van die Sotho politieke organisasie sou volledig wees indien daar nie aandag gegee word aan die verandering wat ingetree het op hierdie terrein veral in die laaste aantal jare nie. Tot sover het ons in meeste gevalle van die teenwoordige tyd in die beskrywing van die politieke organisasie van die Sotho gebruik gemaak. Van die sake wat beskryf is, is daar vandag in sommige opsigte nie veel meer oor nie; die verlede tyd sou in baie gevalle meer gepas gewees het as die teenwoordige. Hierdie verandering en verval het as sy oorsaak die aanraking wat daar plaasgevind het tussen die Sotho en die blanke lewensomgewing. Aanraking wat die waarborge vir die bestaan van die politieke organisasie, nl. die waarborg van die stamleierskap op politieke terrein deur optrede volgens goedkeuring van die stam, vernietig het.

In die Unie van Suid-Afrika en ook in feitlik alle ander Afrikaanse gebiede, in besonder in die Britse gebiede in Afrika, word daar op een of ander wyse probeer om die tradisionele stamorganisasie te gebruik tot inskakeling van die Bantoe of inboorling by die blanke administrasie-sisteen van daardie betrokke gebied. Langs hierdie weg word daar probeer om die tradisionele instellinge van die inboorlinge te gebruik om die inboorlinge te lei tot ontwikkeling in 'n westerse rigting.

In die eerste instansie bring dit mee dat die posisie van die opperhoof nou nie meer gewaarborg word deur sy erkenning van die opinies van sy volgelinge in sy optrede nie, maar deur die erkenning wat aan sy posisie verleen word deur die blanke administrasie. E.H. Ashton sê ten opsigte van toestande in Afrika meer bepaald in die twee Britse Protektorate, dat die vermoë van die stam om kontrole uit te oefen verval het deur „the policy of the British administration, working through the local Native Authorities and regarding them as the link between  
 itself/.....

itself and the people, without ensuring that their people are consulted". (Ashton E.H.: 1947: 249). Ten opsigte van die Suid-Sotho, aan die hand van verskillende bronne, sê Ashton H.: „Owing to the breakdown of the old sanctions the chiefs have little inducement to win the support and popularity of their people by the exercise of justice, generosity, and graciousness, and, . . . . . many are more interested in satisfying their own desires than in serving their subjects, they abuse their authority and the privileges of their position for own selfish needs. Many are drunkards, corrupt and immoral, and, like their forebears, oppose development and innovations proposed or introduced for the benefit of the country." (Ashton H. 1952: 220). Aan die wortel van hierdie vervreëding tussen onderdaan en sentrale gesag lê die feit dat die opperhoof tans 'n amptenaar van die administrasie geword het. (Mair: 1936: 307) Ons wil geredelik toegee dat die toestande onder al die Sotho-stamme nie so gevaarvol is as wat ons deur bogaande algemene beweringsaandui nie maar orals, sonder uitsondering kan ons spore aandui dat, tensy daar iets aan gedoen word die aanvaargreeds gemaak is om dieselfde paadjie as hierbo aangedui te bewandel.

Ten tweede bring dit mee dat dit nou onmoontlik geword het vir die onderdane om so'n noue aandeel te neem in die normale aktiwiteite van die opperhoof van die stam op ander terreine as die suiwer politieke bv. op godsdienstige, militêre, regtelike en ekonomiese terrein. Die vernietiging van die geloof in die voorvadergeeste en die magiese invloede wat reën, vrugbaarheid en gesondheid op aarde beïnvloed deur die opgang en aanname van die Christelike geloof deur die Sotho, het sy nawerking ook op die stabiliteit van die politieke ordening gehad. Die opperhoof as middelaar van sy volk met die bonatuurlike kragte, persoonlik sowel as onpersoonlik, het onnodig geword bygevolg waarvan die leierskapsposisie van die opperhoof in sy kern aangetas is.

Die erkenning van sy posisie as opperhoof word juis gewaarborg deur die geloof in sy enige vermoë om namens die volk in



sulke sake te spreek. Ekonomies is die opperhoof vandag gewoonlik arm, en nie instaat om sy stamonderdane te dra in tyd van nood soos hy dit vroeër kon gedoen het nie, die plig word nou deur die blanke administrasie op onpersoonlike wyse behartig. Op militêre<sup>terrein</sup>/het hy geen funksie meer nie. Op regtelike terrein is die regspraakvermoë van die opperhoof en sy ondergeskikte hoofmanne ernstige gekortwiek. Ook dit word deur die blanke administrasie behartig. Al hierdie feitelike toestande wat aangetref word by alle Sotho-stamme werk mee om die posisie van die opperhoof en sy raad in die oë van die gemeenskap te verswak. Maar meer nog, waar die opperhoof direk en konstruktief met die administrasie saamwerk om die posisie van sy onderdane te verbeter verloor hy juis ook kontak met sy onderdane want soos E.H. Ashton dit onder die Suid-Sotho gevind het: „The people have been drawn into the stream of European economic and social influences. As they have neither the education nor the experience to understand them, they can no longer play a significant part in the administration of their public affairs and are therefore dependant on the leadership of the British administration, and of their chiefs, whom, by the same token, they are in no position to control. Thus their government has become largely authoritarian and out of touch with the ordinary tribesman.” (Ashton E.H.: 1947: 249). Daar tree dus 'n verval in in die vermoë van die raadgewende instellinge om hulle pligte te vervul. Ons wil egter betoog dat hierdie tendens beheer kan word deur die ontwikkeling van stamgebiede te lei aan die hand van die ontwikkeling stadium van die hele gemeenskap in plaas van die van die opperhoof alleen.

Ten derde vind 'n mens juis dat die onderdane met opset die bestaan en magte van 'n stangesag minag en verontagsaam. Deur hulle aanname van die westerse lewenswyse in 'n mindere of meerdere mate verag hulle die beperkinge wat op hulle beweginge en selfstandigheid gelê word deur die stangesag wat uit die aard van sy samestelling nl. opperhoof-in-rade effens konserwatief teenoor sake staan. Dan word ondervind wat in Afrika

reeds iets algemeen geword het, nl. dat hierdie half-verwesterde inboorlinge hulle stamverband afsê en hulleself begin organiseer op 'n breër grondslag as die van die stam ten gevolge van hulle gedeeltelike aanname van die westerse kultuur. 'n Breër grondslag waarin etniese verband juis met opset misken word om daardeur vrye teuels te gee aan die neiging tot individualisme wat ontstaan. Langs hierdie weg verloor die opperhoof dan kontak en vermoë tot kontrole oor sy mense. Hierdie tendens is in die Suid-Afrikaanse milieu nog nooit van die kant van die blanke administrasie teengegaan nie want hierdie half-ontstande Bantoe is die arbeidersgemeenskap van die blanke ekonomiese stelsel. Dit is hierdie gevoel van selfstandigwording van individue in plaas van gemeenskappe wat Schapera reeds in 1933 ondervind het waar hy ten opsigte van die Bakgatla bagaKgaŋêla sê: „There is, however, a slight but growing tendency on the part of the tribe to resent his (the chief's) right to call upon their services at any time for his own purposes.” Dit gaan hier om die lewering van diens aan die opperhoof, gewoonlik vir een of ander aangeleentheid van nasionale belang. (Schapera: 1933: 402).

---

## H O O F S T U K IV.

### DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE WETLIKE BE- PALINGS TEN OPSIGTE VAN BEHEER OOR DIE LOKASIE.

#### A. INLEIDING.

Die natuurlike-lokasie Atteridgeville wat 'n aantal myle ten weste van Pretoria geleë is, het sy ontstaan te danke aan die groeiende behoefte aan addisionele huisvesting vir natuurlike werksaam in die stedelike gebied van Pretoria gedurende die dertiger jare. Hierdie behuisingstekort het sy herkoms gehad in die onbeheerde oorbewoning wat in die destyd bestaande lokasies Marabastad, Bantule en Schoolplaats aan die orde was.

Reeds in 1930 het die Stadsraad se Gesondheidsdepartement die aandag gevestig op die besonder ongesonde toestand wat in die toenmalige lokasies geheers het. Na die oorweging van verskeie lokaliteite vir die aanlê van 'n nuwe natuurlike-lokasie is in Augustus 1936 deur die Stadsraad besluit op 'n stuk grond, stadseiendom, aan die westekant van Pretoria. Hierdie grond is dan ook vir hierdie doel kragtens Goewermentskennisgewing 1340 op 11 Desember 1936 afgesonder.

Aanvanklik is besluit om in die lokasie 'n sub-ekonomiese sowel as 'n ekonomiese behuisingskema tot stand te bring. In 1938 is besluit op 'n totaal van 3000 huise vir bewoning in die sub-ekonomiese skema. Van die huise is daar tans (1952) reeds 1532 gebou.

Op Sondag 26 Mei 1940 is die eerste groep natuurlike-gesinne vanuit die ou lokasies na Atteridgeville verskuif; die ander het stelselmatig daarna gevolg. In 1951 was die totale bevolking van Atteridgeville 10,017 inwoners. Hierdie mense het gesamentlik 1514 huise bewoon; 15 huise is aangewys as besigheidspersoneel, 2 is gebruik as 'n plek van Veiligheid en Bewaring binne van die Kinderwet, 1937 en 1 huis word gebruik as 'n biblioteek.

Volgens hulle etniese herkoms kan met sekerheid volgens

twee verskillende opnames (Opname van 'n Nie-Blanke stedelike gebied,<sup>x</sup> en Eloff: 1952: 31) gekonstateer word dat tussen 60% en 70% van die inwoners tot die Sotho-groep behoort. Daar moet egter in ag geneem word dat Atteridgeville se inwoners vir 'n groot gedeelte mense is wat reeds vir geruime tyd, soms selfs solank as twee geslagte, stedelike lokasies bewoon en dat 'n mens daarom 'n hoë mate van verandering van lewenswyse vanaf die tradisionele basis moet verwag. Die etniese herkoms word egter steeds duidelik weerspieël in die huistaal.


#### B. INLEIDEND OOR BEHEER.

Atteridgeville is 'n lokasie binne die regsgebied van die stedelike plaaslike bestuur van die Pretoriase Munisipaliteit en word daarom beheer volgens regulasies wat uitgevaardig is kragtens artikels 22 en 23(3) van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet, 1923. Hierdie regulasies het van regs-krag gebly ingevolge art. 46(1) en (2) van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet, 1945 wat die voortbestaan van regulasies en die lokasies waarvoor dit uitgevaardig is bevestig het. Hierdie regulasies omskrywe die bevoegdhede en pligte van die verskillende rade en amptenare wat met die beheer van lokasies belas is baie uitvoerig en gee in hoofsaak gevolg aan die reg van die stedelike plaaslike bestuur om kragtens die bepaling van art. 28(3) van die Konsolidasie Wet 25 van 1945, op 'n vergadering van die plaaslike bestuursraad van die gebied waarby 2/3 van die lede teenwoordig is, regulasies uit te vaardig wat nie met die bepalinge van die Stadsgebiede Wet onbestaanbaar is nie. Kragtens die bepaling van art. 38(4) van die Konsolidasie Wet 1945 kan hierdie regulasies slegs regs-krag verkry nadat dit goedgekeur is deur die Minister van Naturelle-sake en die Administrateur van die betrokke provinsie.

Hierdie regulasies is in hoofsaak 'n uitbreiding van die bepalinge van die Stadsgebiede Wet 1945 t.o.v. die beheer en administrasie van naturelle woonagtig in stedelike lokasies.

Die/....

---

\* Hierdie opname het geskied onder Prof. P.J. Coertze van die Universiteit van Pretoria, as direkteur onder beskerming van die Nasionale Raad vir Sosiale Bevordering.  University of Pretoria

Die besondere bepalings van die Wet in hierdie verband sal eers uiteengesit word waarna ons aandag sal gee aan die bepalings van die regulasies soos dit op Atteridgeville van toepassing is.

1. Die aanstelling van amptenare in beheer van lokasies.

Die amptenaar in bevel van 'n bepaalde lokasie, die persoon wat die bogenoemde regulasies namens die plaaslike bestuur in die lokasie moet toepas, word aangestel ingevolge art. 22 (1) van die Stadsgebiede Konsolidasie Wet, 1945. Sodanige amptenare word deur die plaaslike bestuur aangestel en deur die Minister van Naturellesake gelisensieër om die betrokke posisie te beklee. So'n lisensie kan deur die Minister ingetrek word om grondige redes waarna so'n persoon nie meer as beherende amptenaar mag optree nie.

Soos ons uit die voorgaande kan aflei is sulke amptenare op besondere wyse aan ministeriële goedkeuring onderhewig. (Art. 22(1) en (2)). Daarom kan sulke amptenare nie, behalwe onderworpe aan die diensregulasies van die plaaslike bestuur, wat aftree-ouderdom kan bepaal, uit die diens van die plaaslike bestuur ontslaan word of 'n salarisvermindering ontvang, sonder die goedkeuring van die Minister nie, tensy die amptenaar self tot so'n ontslag of salarisvermindering toestem.

Hierdie amptenaar is egter in diens van die plaaslike bestuur en moet as sodanig die opdragte van hierdie owerheid uitvoer. Om enige ongewenstede in die beleid van die plaaslike bestuur of om die lokasiebewoners te vrywaar van wanadministrasie deur die beherende amptenaar kan die Minister kragtens art. 22(3) inspekteurs aanstel wat die reg het om lokasies te alle tye binne te gaan om toestande daar te ondersoek. Hulle het ook vrye toegang tot die boeke en rekenings van die plaaslike bestuur. Dit is deel van plig van sulke amptenare om met die plaaslike bestuur te beraadslaag oor sake rakende die welsyn en welvaart van die naturelle. "Elke naturellekommissaris word geag kragtens hierdie sub-artikel as 'n amptenaar (inspekteur vir sy regsgebied aangestel te gewees het." (Art. 22(3)).

Ons onderskei dus hier tussen amptenare wat die plaaslike bestuur met goedkeuring van die Minister kan aanstel en amptenare wat die Minister self aanstel om die beheer soos uitgeoefen deur die plaaslike bestuur te kontroleer. Soos ons ook ten opsigte van Atteridgeville sal aantoon staan dit die plaaslike bestuur vry om verdere amptenare aan te stel wat die lokasie superintendent (Gelisensieerd) behulpsaam kan wees in die administrasie van die lokasie.

## 2. Die instelling van Rade ten opsigte van lokasies.

Tot sover het dit slegs gegaan oor die wyse waarop lokasies van owerheidsweë geadministreer word. Die wet maak egter ook voorsiening vir 'n bepaalde aandeel van die natuurlike self in die beheer oor hulle ingestel.

Kragtens art. 21(1) van die Stadsgebiede Konsolidasie Wet 1945 moet vir elke lokasie onder beheer van 'n plaaslike bestuur, of na oorleg met die Minister vir 'n besondere gedeelte van die gebied onder beheer van die plaaslike bestuur 'n adviserende natuurlike-komitee ingestel word. Hierdie komitee moet bestaan uit minstens drie lede onder voorsitterskap van 'n persoon wat 'n blanke mag wees. Die lede moet almal natuurlike wees behalwe waar die komitee ingestel is vir 'n lokasie waarbinne ook kleurlinge gehuisves is. In die laaste instansie is die kleurlinginwoners van die lokasie ook geregtig om bv. te stem en kan self as lede van die komitee verkies word. Die wyse van verkiesing of benoeming, werkswyse, ampstermyn ens., word deur die betrokke plaaslike bestuur by wyse van regulasie onder die Wet bepaal.

Hierdie komitee is ingestel om verslag uit te bring oor:

Alle regulasies wat die plaaslike bestuur van plan is om uit te vaardig, enige saak wat die Minister of die plaaslike bestuur na hulle mag verwys, sowel as enige saak wat die belange van die natuurlike in besonder raak en waaroor hulle 'n verslag wil uitbring. In die laaste instansie kan die adviserende komitee ook enige regulasies voorstel wat hulle in belang van die natuurlike graag toegepas wil sien. Wanneer regulasies onder

die Wet deur enige plaaslike bestuur uitgevaardig word en dit deur die Minister goedgekeur moet word, word sodanige goedkeuring slegs verleen as die minister tevrede is dat die adviserende komitee behoorlik geraadpleeg is.

Op hierdie stadium wil ons graag die aandag daarop vestig dat die adviserende komitee, wat sy funksies betref, wetlik geen integrale onderdeel vorm van die lokasie-administrasie nie. Dit is 'n liggaam wat saamgestel is uit lokasie-bewoners wat sy aanbevelings direk aan die Minister of die plaaslike bestuur doen oor sake wat na hulle oordeel verbeter moet word. In hierdie hoedanigheid hou hulle funksionering in, enige moontlike vorm van kritiek oor die wyse waarop die administrasie van die lokasie deur die betrokke departement van die plaaslike bestuur behartig word. Die komitee is deur die Wet met geen verantwoordelikheid beklee nie en het daarom geen belang by die instandhouding van 'n bepaalde algemeen erkende wyse van lokasie-administrasie nie.

### 3. Die voorsiening van fondse vir die Administrasie van Lokasies.

Enige beheer van natuurlike binne 'n bepaalde gebied noodsaak uitgawes om sodanige beheer doeltreffend te maak. Om die rede word daar ook bepaal in die Stadsgebiede-Konsolidasie Wet 1945 per art. 19 dat elke plaaslike bestuur wat 'n besondere area vir natuurlike-bewoning afgesonder het, of kragtens die Wet die uitsluitlike monopolie oor die brou of verkoop van kafferbier verkry het, 'n Naturelle-Inkomsterekening moet open waarin in hoofsaak die volgende as bates inbetaal moet word:

(a) Alle gelde aan die plaaslike bestuur oorbetaal t.o.v. boetes opgelê deur 'n regtelike gesag vir die oortreding van lokasie-regulasies asook gelde wat die stedelike plaaslike bestuur toekom ingevolge art. 19(10). van die Wet.

(b) Alle inkomstes wat die plaaslike bestuur verkry uit die registrasie van dienskontrakte ingevolge art. 23 van die Wet.

(c) Alle gelde verkry deur die plaaslike bestuur ingevolge sy monopolie oor die brou en verkoop van kafferbier.

(d)/.....

(d) Alle huurgelde of ander gelde wat die plaaslike bestuur ontvang t.o.v. handelspersele in 'n lokasie of enige winste self gemaak uit eie winkels wat hy in die lokasie mag oprig.

(e) Alle huurgelde of ander inkomste wat die plaaslike owerheid van die naturelle self ontvang uit hoofde van hulle bewoning van so'n lokasie. Hierdie gelde sluit in alle inkomstes uit die verhuur van huise binne 'n lokasie asook gelde ontvang vir die lewering van noodsaaklike dienste aan die naturelle wat daar woonagtig is.

(f) Alle gelde wat aan die plaaslike bestuur betaal word ingevolge die bepalings van die Wet op Heffings vir Naturelle-dienste, 1952.

Hierdie Naturelle-Inkomsterekening word belas met:

(a) Uitgawes t.o.v. dienste wat aan die naturelle gelewer word.

(b) Uitgawes wat per ander wette of met die goedkeuring van die Minister aan hierdie rekening ten laste gelê mag word.

(c) Uitgawes ten opsigte van die lewering en verkoop van kafferbier aan naturelle word egter teen 'n sub-rekening gedebiteer. Hierdie rekening word gebalanseer deur inkomstes verkry uit die lewering van kafferbier.

(d) Op soortgelyke wyse is daar 'n spesiale rekening die Heffingsfonds vir Naturelle-dienste vgl. art.19(3) bis. vir inkomstes en uitgawes ingevolge die Wet op Heffings vir Naturelle-dienste, 1952.

Ingevolge art. 19(7) van die Wet is dit nie verpligtend vir 'n plaaslike bestuur om sy uitgawes t.o.v. naturelle-administrasie binne die inkomste van hierdie Naturelle-Inkomsterekening te hou nie, enige tekorte kan deur die oorpasing van geld uit die Algemene Fonds-rekening van 'n plaaslike bestuur eangesuiwer word.

Hoewel die bepalings van hierdie artikel van die Wet nie direk gemoeid is met die wyse waarop lokasies beheer word nie, het ons dit nogtens redelik volledig weergegee omdat die



Wet bepaal (art. 19(5)) dat die begroting van die Naturelle Inkomsterekening (uitgesonderd die deel wat die stand van die Hefningsfonds weerspieël) voor die adviserende komitee moet dien vir aanbevelings en kommentaar alvorens die plaaslike bestuur dit mag aanvaar. Enige kommentaar wat die Adviserende komitee gelewer het moet daur die plaaslike bestuur oorweeg word.

Uit hierdie bepalinge kan ons dus aflei oor watter wye veld die adviserende komitee die reg het om homself uit te spreek. Die feit dat daar aan hom adviesreg toegeken is oor die hele rekening maak dat hy die reg het om kritiserende advies te lewer oor sake wat beslis nie in suiwere verband met lokasie-aangeleenthede staan nie, en in die tweede plek selfs die onderskeie bedrae wat as salarisse aan amptenare betaal word aan hulle "goedkeuring" onderhewig is.

#### 4. Opsomming.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet, 1945 waarvolgens lokasies tans ingestel en administreeer word, voorsiening maak vir die bestaan van 'n drieledige aandeel in die beheer oor lokasies. In die eerste instansie maak die Wet voorsiening vir die instelling van beheer deur die plaaslike owerheid. Daarnaas word in die tweede plaas bepaal op watter wyse die naturelle self 'n aandeel sal hê in hulle eie administrasie. Ten slotte word daar in die Wet ook voorsiening gemaak vir die direkte beheer en kontrole oor lokasie-aangeleenthede deur die Staatsdepartement van Naturellesake.

Hierdie drie aspekte van beheer kan verder saamgevat word as beheer deur Blanke instansies en beheer deur Bantoe of Naturelle instansies. Vervolgens sal ons aandag gee aan die werking van hierdie stelsels van beheer binne die stedelike naturelle-lokasie Atteridgeville te Pretoria.

### C. BLANKE BEHEER EN ADMINISTRASIE OOR ATTERIDGEVILLE.

#### 1. Beheer deur die Staatsdepartement van Naturellesake.

Die Naturelle-kommissaris te Pretoria is soos ons aangedui

het ingevolge art. 22(3) van die Wet 'n inspekteur wat verantwoordelikheid het om te sorg vir die doeltreffende beheer oor die betrokke lokasie.

Volgens getuienis van amptenare van die kantoor van die Naturelle-kommissaris en van die Afdeling Nie-blankesake van die Stadsraad is daar baie beslis verklaar dat die Naturelle-kommissaris nog nooit in die verlede van sy reg tot toesig en inspeksie gebruik moes maak nie. Die kantoor van die Naturelle-kommissaris het uitdruklik verklaar dat die beheer oor die lokasie deur die Stadsraad so onbesproke is dat hy nog nooit nodig gehad het om sybesondere gesag te laat geld nie.

## 2. Beheer deur die Stadsraad van Pretoria.

### (1) Die Superintendent en sy kantoor.

#### (a) Algemeen.

Die Superintendent van die lokasie Atteridgeville is vir die naturelle, veral die gemiddelde lokasie bewoner, die vernaamste administratiewe amptenaar. Hulle sowel as die lede van die Adviserende Komitee beskou hom as die kaptein of hoofman van die inwoners van Atteridgeville. Dit is daarom verstaanbaar dat die Superintendent iemand moet wees wat die Bantoe ken, hulle probleme kan verstaan en hoewel hy nie altyd gevolg daaraan kan verleen nie, moet hy altyd gewillig wees om simpatiek na enige klagte te luister.

Dit is om hierdie rede dat die Afdeling Nie-blankesake voorkeur gee aan persone wat akademies geskool is by die vulling van die superintendents-poste. As algemene kwalifikasie, soos neergelê deur die Staatsdepartement van Naturellesake, geld egter dat die superintendent tenminste 'n matrikulasie-sertifikaat moet besit. Die Stadsraad van Pretoria het dit egter goedgevind om hoër kwalifikasies as die minimum te vereis. Normaalweg word die pos van superintendent dus gevul deur iemand wat aan 'n Universiteit 'n drie-jarige kursus in tenminste twee maar dikwels in al drie die vakke Volkekunde, 'n Bantoetaal en Naturelle-administrasie gevolg het.

#### (b) Magte van die Superintendent.

Die Superintendent is in volle beheer van die lokasie. Alles wat daarin plaasvind, is in die eerste instansie aan sy jurisdiksie onderhewig soos bepaal deur die lokasie-regulasies. Hierdie regulasies, uitgevaardig na goedkeuring van die Minister van Naturellesake en die Administrateur van Transvaal, bestaan as Administrateurskennisgewing nr. 561 gedateer 12 Desember 1925 soos dit van tyd tot tyd gewysig is tot en met Administrateurskennisgewing nr. 939 van 1954.

Hierdie regulasies bepaal ten opsigte van die belangrikste aspekte die volgende ten opsigte van die bevoegdhede en pligte van die superintendent t.o.v. die regulering van die binnekoms van persone in die lokasie, die reëling van die okkupasie van persele deur naturelle en die versekering van die doeltreffende handhawing van wet en orde in Atteridgeville.

Die binnekoms van alle persone in die lokasie sonder 'n geldige permit uitgereik deur die superintendent is verbode uitgesonderd die volgende groepe: sendelinge en predikante en hulle werknemers, hulle moet egter in besit wees van 'n brief wat hulle status verduidelik, mediese praktisyns, lede en amp-tenare van die Stadsraad, lede van die S.A. Polisie of van die Sentrale regering, of van die Provinsiale Administrasie. Wanneer 'n naturel slegs op besoek aanwesig is moet hy in besit wees van 'n geldige permit uitgereik deur die superintendent wat hom die reg gee om vir die bepaalde tyd in die lokasie aanwesig te wees.

Aansoek om okkupasie van woonhuise in die lokasie moet by die superintendent gemaak word en slegs persone bo 18 jaar wat wettiglik in die stadsgebied van Pretoria in diens is, kom hiervoor in aanmerking. Die toekenning van huise in Atteridgeville is egter nie in die hande van die superintendent alleen nie, (ondanks die feit dat die regulasies dit as sodanig bestempel), maar word behartig deur 'n Sub-komitee vir Behuising wat later afsonderlik bespreek sal word. Die persoon aan wie op hierdie wyse 'n huis toegewys is het, die reg om dit tesame met sy familie en bona fide afhanklikes te bewoon. Die Superintendent/.....

intendent registreer al die inwoners van 'n besondere huis en reik aan die hoof daarvan 'n permit uit wat hom en sy afhanklikes die reg gee om die huis te bewoon. As bona fide afhanklikes geld in terme van die regulasies alle kinders en verwante van 'n lokasiebewoner mits hulle geskikte persone is en daar voldoende akkommodasie vir hulle beskikbaar is in die huis van hulle familielid by wie hulle kom bly. Die superintendent registreer sulke persone as inwoners van die lokasie en die huishuurder in wie se huis hulle tuis gaan betaal geen ekstra bedrag vir hulle teenwoordigheid nie.

Indien daar geskikte akkommodasie in sy huis is, mag enige lokasiebewoner die superintendent versoek om hom verlof te verleen om een of meer loseerders in te neem. Hierdie verlof word verleen indien die superintendent tevrede is dat daar werklik voldoende en geskikte woonplek daar aanwesig is. Hierdie bepaling van die regulasie word in praktyk nooit toegepas nie omdat die natuurlike aanwes van die oorspronklike bevolking sedert 1940 toe die eerste inwoners na Atteridgeville verhuis het steeds 'n toestand wat grens aan oorbewoning laat voortduur het.

Die reëling van die aantal persone wat 'n huis mag bewoon word deur die regulasies soos volg vasgelê. Dit is die plig van elke inwoner om toe te sien dat daar vir elke persoon bo 10 jaar wat in sy huis slaap ten minste 40 vk. vt vloerspasie en 400kub.vt. lugspasie aanwesig is. Ten minste die helfte van hierdie syfers word voorgeskryf vir persone onder 10 jaar. Dit is die plig van die superintendent om hierdie bepalings in gedagte te hou wanneer hy verdere persone in 'n reeds geëkoopte huis laat tuis gaan.

Enige persoon wat van die Stadsraad per lisensie die reg verkry het om in die lokasie handel te dryf moet ook van die superintendent die nodige permit daartoe verkry.

Enige persoon wat geld aan die Stadsraad skuld in die vorm van agterstallige huur of ander tariewe soos op die lokasie van toepassing is en nalat om dit binne 30 dae nadat dit verskul-

dig geword het, te betaal, is aan 'n misdryf skuldig. Die Superintendent kan 'n regsproses instel en indien ook dit sonder gevolg is kan die persoon beveel word om die lokasie te verlaat en as hy weier kan hy per hofbevel hiertoe gedwing word. Wanneer 'n huurder so 'n uitsettingsbevel teen hom uitgevaardig kry geld dit ook vir enige loseerders, albei moet die lokasie ontruim.

Om die superintendent in staat te stel om die regulasies deeglik toe te pas is dit die plig van elke huurder in die lokasie om die superintendent binne drie uur na die aankoms in kennis te stel van enige besoeker in sy huis. Indien hulle die lokasie permanent verlaat, is dit hulle plig om die superintendent daarvan in kennis te stel. Dit is ook die plig van elke huurder en van enige lokasiebewoner om die superintendent in kennis te stel van enige sterfgeval of afwesigheid uit die lokasie. Elkeen en almal moet te alle tye gewilliglik enige informasie wat die superintendent mag verlang onmiddellik verstrek.

Die inwoners is ook verplig om hulle persele skoon te hou van vuilgoed en mag geen toevoegings tot die bestaande geboue doen nie. Die superintendent kan egter toestemming verleen vir die bou van hoenderhokke mits die huurder hom tevrede stel dat die struktuur van die hok van duursame aard sal wees.

Om op doeltreffende wyse wet en orde in die lokasie te handhaaf het die superintendent die reg om enige perseel in die lokasie te eniger tyd binne te gaan vir die doel van inspeksie, niemand mag hom hinder in die uitvoering van sy plig nie. Hy kan verder 'n verbod plaas op enige vorm van aanstootlike of onbehoorlike ontspanning. Daar word ook voorsiening gemaak vir 'n aandklokkeël waarvolgens niemand behalwe 'n lokasiebewoner na 9 uur in die aand in die lokasie mag wees nie. Die superintendent moet verder ook waak teen die opsetlike vernieling van bome wat as straatversiering aangeplant is.

Benewens hierdie talryke verbodsbepalings en ander reëlings in die lokasie is dit ook 'n uitdruklike bepaling van die regu-

lasies dat die lokasiebewoners onderhewig is aan die bepalinge van al die bywette van die munisipaliteit behalwe in die gevalle waar uitsondering gemaak is. Hier geld dit hoofsaaklik plaaslike verordeninge wat handel oor gesondheid en lisensiëring vir verskillende aktiwiteite. Die superintendent is in die meeste gevalle ook verantwoordelik vir die nakoming van hierdie regulasies hoewel die ander stadsraadsdepartemente deur hul le inspekteurs ook toesig hou oor toestande binne die lokasie vgl. bv. verkeersregulasies.

Die superintendent en sy kantoor word verder deur die regulasies verplig om 'n register van lokasiebewoners te hou, alle huurgelde te ontvang en alle klagtes van die inwoners aan te hoor. Hierdie laaste plig van die superintendent is vir die meeste lokasiebewoners van die allengrootste belang. Die superintendent is verplig om alle klagtes rakende die wyse van administrasie, klagtes teen die bure of oor struwelinge tussen individue aan te hoor. Die belangrikste van hierdie klagtes is hy verplig om maandeliks in sy verslag aan sy hoofde te vermeld. Dit is veral in hierdie saak dat die superintendent eindelose geduld en 'n baie simpatieke oor moet toon want baie van die klagtes wat sy kantoor bereik kom van naturelle wat slegs 'n geselsie kom aanknoop oor sake wat vir die administrasie van geen belang is nie.

(c) Die personeel van die superintendent.

Die superintendent word in die uitvoering van die lokasieregulasies en ander pligte aan sy amp verbonde bygestaan deur 'n personeel (1952) van een blanke en drie naturelle wat onder hom funksioneer en aan wie hy sekere van sy magte oordra.

Die blanke persoon is die assistent-superintendent en is hoofsaaklik belas met interne lokasie-administrasie en die reëling van klopjagte op verdagte persele.

Die naturelle ondergeskiktes omvat 'n kassier wat verantwoordelik is vir die ontvangs van alle gelde en twee naturelle klerke wat die instandhouding van die lokasierekords behartig.

Hiernees vind ons ook 'n aantal naturelle konsultantebels van die polisiemag van die Stadsraad. Hulle ressorteer egter nie direk onder die superintendent in funksionele verband nie, hoewel hulle vir hulle pligte aan hom onderhewig is. Hierdie polisiemag bestaan slegs uit 21 man wat in drie skofte van agt uur elk diens doen. Daar is gewoonlik slegs een patrollie van drie of vier man sterk op diens, die res doen diens by die hekke of die administratiewe kantore. Dit is aan ons verduidelik dat hierdie polisiemag te karig is om die hele lokasie doeltreffend te patrolleer.

Behalwe die bogenoemde naturelle personeel vind ons ook 'n naturelle welsynswerker wat indirek aan die kantoor van die superintendent verbonde is. Funksioneel skakel hy egter met die Welsyn- en Ontspanningsafdeling van die Departement Nie-blanke-sake. Vanweë sy daaglikse noue omgang met die lokasiebewoners is hy egter instaat om die superintendent van waardevolle feitelike informasie te voorsien en word dan ook deur die superintendent informeel vir hierdie doel gebruik.

Uit bestaande is dit duidelik dat die Superintendent van Atteridgeville oor genoegsame kantoorpersoneel beskik om die lokasie-administrasie vlot te laat verloop, maar dit is eweneens duidelik dat die superintendent nie oor genoegsame personeel beskik om deeglik met die daaglikse behoeftes en toestande in die lokasie op hoogte gehou te word nie. Tot hierdie doel het die Stadsraad in die verlede en ook tans nog van administratiewe eenhede gebruik gemaak wat saamgestel is uit die inwoners van die lokasie self. Hier bedoel ons die blokstelsel wat later weer bespreek sal word. Hierdie blokstelsel bestaan uit 'n aantal blokmanne elk met sy eie komitee wat uit die lokasie-inwoners self voortkom en die ordehouding binne 'n bepaalde blok self behartig en in die hoedanigheid met die superintendent skakel en van hom hulp ontvang en hom adviseer.

(2) Ander Stadsraadsbeheer oor die lokasie.

(a) Die Beheer oor die Superintendent.

Hoewel die naturelle self verklaar dat die superintendent van die lokasie vir hulle van groter belang is as

sels die Bestuurder van die Departement Nie-blankesake van die Stadsraad, moet ons onthou dat die superintendent slegs 'n munisipale amptenaar is en as sodanig verplig is om die beleid van die Stadsraad t.o.v. natuurlike-aangeleenthede uit te voer soos dit aan hom oorgedra word. Hy vorm dus eintlik slegs 'n onderdeel van die totale natuurlike-administrasie van die Stadsraad.

Die Superintendent van Atteridgeville is vir sy daad en wyse van pligsvervulling direk verantwoordelik aan die assistent-senior-superintendent vir gesinsbehuising wat op sy beurt via die senior-superintendent vir behuising aan die Bestuurder van Nie-blankesake self verantwoordelik is. Hierdie aspek van die bestuurder se pligte word gewoonlik deur die assistent- of adjunk-bestuurder behartig.

Die Departement Nie-blankesake is in alle lokasiesake oor die superintendent gestel. Dit is ook die oord waar die inwoners van die lokasie hulle deputasies heen stuur as hulle nie met 'n besondere aspek van die lokasie-administrasie tevrede is nie. Dit mag 'n onbenullige deel van die administratiewe masjinerie voorkom maar vir die inwoners van die lokasie, wat gewoonlik alle weë probeer voordat hulle 'n klagte laat vaar is dit 'n toevlugsoord wat in die praktyk dikwels gebruik word.

Die Bestuurder van die Afdeling Nie-Blankesake werk in noue voeling met en onder bevel van die Komitee vir Nie-blankesake van die Stadsraad. Hierdie komitee bepaal in samewerking met ander, soos die Komitees vir Finansies en Algemenesake, die beleid van die Stadsraad ten opsigte van natuurlike sake in die algemeen. Die besluite van die komitee is egter onderhewig aan die goedkeuring van die volle Stadsraad en dus moet die bestuurder ook sorg dra dat die verskillende besluite van die Stadsraad oor natuurlike-aangeleenthede deur die werknemers van sy departement uitgevoer word. Die uitvoering van besluite oor lokasie-aangeleenthede gaan dus van die Stadsraad deur die Komitee vir Nie-blankesake na die Bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake wat deur sy assistente en superintendente vir behuising/.....



huising sorg dat dit die Superintendent van Atteridgeville bereik en dat hy dit uitvoer.

(b) Direkte kontrole oor lokasiesake deur die Stadsraad.

Hoewel die belange van die inwoners van die lokasie op bevredigende wyse deur die administrasie behartig word en daar deur die administratiewe kanale en deur die stuur van petisies en deputasies aan die bestuurder miskien op genoegsame wyse van die griewe van die inwoners kennis geneem kan word, maak die Stadsgebiede Wet, 1945 ook voorsiening, soos ons aangedui het vir 'n Adviserende Naturellekomitee wat direk aan die Stadsraad moet rapporteer. Langs hierdie weg het die Stadsraad deur sy kontak met die Adviserende Komitee 'n addisionele wyse waarop daar kontrole oor die aangeleenthede binne die lokasie en kontak met die inwoners daarvan verkry word.

Hierdie kontak word verkry enersyds deur die notules van die maandelikse vergaderings van die Adviserende Komitee wat die Stadsraad deur sy Komitee vir Nie-blankesake bereik, en andersyds deurdát een van die lede van die Stadsraad die voorsitter is van die Adviserende Naturellekomitee. Hierdie komitee kan, soos ons reeds aangedui het, voorstelle maak oor verbeterings wat hulle graag in die lokasie aangebring wil sien. Hierdie aanbevelings moet almal deur die Stadsraad oorweeg word hoewel hulle natuurlik nie verplig is om die aanbevelings te aanvaar nie.

Langs hierdie weg het die inwoners van die lokasie die geleentheid om hulle griewe en aanbevelings direk voor die Stadsraad te lê. Wanneer die wyse waarop die verskillende groepe binne die lokasie op die komitee verteenwoordig/nie bevredigend is nie sal die wense van die inwoners in sy verskeidenheid nie korrek aan die hoogste instansie oorgedra kan word nie.

By die bespreking van die verteenwoordigingswyse op die Adviserende Naturellekomitee sal hierdie laaste bewering weer aandag kry. (Vgl. Hoofstuk IV D.1(2))

(c) Aandeel van ander Stadsraadsdepartemente in die administrasie van die lokasie.

By die aanduiding van die verskillende instansies belas met die administrasie van die lokasie soos per wet, regulasie en interne administratiewe reëling bepaal, moet ons onthou dat die verskaffing van noodsaaklike dienste deur verskeie stadsraadsdepartemente onderneem word.

Die voorsiening van water, elektrisiteit en voldoende gesondheidsfasiliteite aan die inwoners van die lokasie word in opdrag van die Stadsraad behartig deur dieselfde departemente wat hierdie dienste aan blanke voorstede verskaf. Hierdie opmerking geld ook vir die onderhoud van parke en paale, die verwydering van vuilgoed en die verskaffing van riolering.

Al hierdie dienste word gelewer volgens 'n jaarlikse kwotasie deur die betrokke departemente aan die Afdeling Nie-blankesake en die koste daaraan verbonde word bestry uit die naturelle-inkomsterekening. Dit vloei dus logies uit die voorgaande voort dat die superintendent van die lokasie geen seggenskap oor die uitvoering van hierdie dienste het nie. Indien die superintendent ontevrede is oor die wyse van uitvoering moet sy klagte via die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake aan die hoof van die betrokke departement oorgedra word.

#### D. BEHEER DEUR BANTOE- OF NATURELLEINSTANSIES.

Die aandeel van naturelle in hulle eie administrasie is van tweërlei aard. Ons onderskei hulle aandeel in, ten eerste die Adviserende Naturellekomitee waarvoor in art. 21 van die Stadsgebiede Wet, 1945, voorsiening gemaak word, en ten tweede hulle aandeel in administratiewe eenhede ingestel per Stadsraadsbesluit vir die vergemakliking van die administrasie, soos bv. die verskillende blokkomitees, die sub-komitee vir behuising en die beurskomitee.

Die Adviserende Naturellekomitee is 'n liggaam waarop die naturelle van die lokasie verteenwoordig is, deur die aanwysing van verteenwoordigers by 'n verkiesing. Die wyse waarop die verkiesing gereël word gee mens die reg om hierdie komitee as 'n politieke liggaam in die westerse sin van die

woord te beskou. Hierteenoer staan die blokkomitees en andere hierbo genoem as suiwer administratiewe eenhede.

### 1. Die Adviserende Naturellekomitee.

Hierdie komitee ingestel kragtens art. 21 van die Stadsgebiede Wet, 1945, en funksioneer ten opsigte van die Pretoriase Naturellelokasie wat in Admin. Kg. 561/25 soos gewysig, soos volg benaderd, omskryf word.

(1) Marabastad, uitgesonderd die gedeelte bekend as die Asiate Bazaar maar insluitende 19 standplase in die Nuwe Kaaplokasie. (2) Bantule, insluitende die gebied vroeër bekend as Howe's Ground, en (3) Atteridgeville, die nuwe naturellelokasie, ongeveer 1000 ak. groot, en ongeveer agt myl ten weste van Kerkplein geleë, aan alle kante begrens deur Dorpsgrond.

Die Adviserende Komitee verteenwoordig dus in werklikheid drie lokasies tw. Marabastad, Bantule en Atteridgeville, almal gebiede afgesonder vir uitsluitlike bewoning deur naturelle behalwe die genoemde klein gedeelte van die Kaaplokasie waar onder andere ook kleurlinge woonagtig is. Die Adviserende Komitee verteenwoordig dus naturelle sowel as kleurlinge.

Die feit dat daar nie 'n afsonderlike Adviserende Komitee vir Atteridgeville ingestel is nie, het ons in hierdie studie genoodsaak om 'n ondersoek in te stel na die struktuur en funksie van die Adviserende Komitee in die hele Pretoriase gebied met alleen besondere verwysing na Atteridgeville.

#### (1) Die Instelling van die Komitee.

Die instelling van 'n Adviserende Naturellekomitee in Pretoria is reeds baie oud „In Bloemfontein en Pretoria . . . advisory bodies had indeed been established before the passing of the Natives (Urban Areas) Act, 1923.” (Simons: 1940:106). Die eerste wetlike vaslegging van die instelling sover ons kan vasstel het voorgekom in die lokasieregulasies Admin. Kg. 561/25. Aanvanklik was die Komitee ingestel slegs vir Marabastad en Bantule maar kragtens die wysiging van die regulasies per Admin. Kg. 576/40 is sy funksies ook tot Atteridgeville uitgebrei.

Die samestellingswyse van die Komitee is aanvanklik

bepaal deur hoofstuk III van Admin. Kg. 561/25. Hierdie hoofstuk is egter in 1943 vervang per Admin. Kg. 29/43, en daarna herhaaldelik gewysig. Die historiese verloop van die samestellingsbepalings is kortliks soos volg.

In die vroegste tye het die Komitee uit ses lede bestaan. Almal was naturelle en die inwoners van die lokasie het drie van die lede verkies terwyl die ander drie deur die Stadsraad genomineer was. Die verkiesing van die drie verteenwoordigers het plaasgevind deur middel van die kommune stemstelsel waarvolgens elke stemgeregtigde lokasie-inwoner drie stemme gehad het en die drie kandidate op wie die hoogste aantal stemme uitgebring is, was verkies.

Met die instelling van Atteridgeville in 1940 is die posisie verander. Die komitee se ledetal is tot 10 verhoog en die bepaling neergelê dat al tien hierdie lede verkies moes word deur die naturelle. Daar is tot hierdie veranderde stelsel oorgegaan hoofsaaklik omdat die bestuurder, wat 'n soortgelyke stelsel van volledige verkiesing te Kroonstad geken het oortuig was van die sukses van die praktiese werking daarvan.

## (2) Die Huidige samestelling van die Komitee.

Die belangrikste bepalinge van die bogenoemde Admin. Kg. 561/25 ten opsigte van die samestelling van die Komitee van dag is kortliks die volgende.

Die Adviserende Naturellekomitee bestaan uit 10 lede verkies vir twee jaar onder voorsitterskap van 'n blanke Stadsraadslid.

Binne sewe dae na die verkiesing van die Komitee moet die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake die lede bymekaar roep om 'n voorsitter te kies. Op hierdie vergadering moet minstens sewe van die tien lede aanwesig wees. Die Adviserende Komitee verstrekk dan aan die bestuurder wat as voorsitter optree die name van twee Stadsraadslede wat hulle graag as voorsitter sal wil hê. Die voorsitter beklee die stoel vir één jaar waarna hy deur die Adviserende Komitee herkies kan word. Indien die termyn van die Komitee binne

die dienstryd van 'n bepaalde voorsitter word sy voorsitterskap ook outomaties be-eindig. Die voorsitter is verder net soos die ander naturellelede lid van die Komitee en het daarom 'n gewone sowel as 'n beslissende stem.

Daar moet op die eerste vergadering van die Komitee uit hulle eie geledere 'n sekretaris verkies word.

'n Kandidaat vir die Adviserende Komitee se nominasie moet deur tenminste tien inwoners van die lokasies, van wie die name op die kieserslys verskyn, onderteken wees. Wanneer die nominasie aan die kiesbeampte oorhandig word moet 'n deposito van £5 gestort word wat die kandidaat sal verbeur as hy nie daarin slaag om die helfte van die stemme te trek wat op die suksesvolle kandidaat met die laagste stentotaal uitgebring is nie. Elke kandidaat moet 'n kieser wees wie se naam op die kieserslys verskyn en moet vir tenminste twee jaar voor 1 Julie van die jaar van die verkiesing in die lokasies van die Stadsraad van Pretoria, gewoon het. In hierdie twee jaar wat sy nominasie voorafgaan mag hy ook nie veroordeel gewees het tot meer as 7 dae dwangarbeid sonder die opsie van 'n boete nie.

Die kiesers wat by enige verkiesing mag stem word aangedui deur 'n kieserslys wat deur 'n amptenaar van die Tesoure-afdeling van die Stadsraad saangestel word uit al die persone wat volgens die lokasieregisters huurders is van persele of huise van die Stadsraad en wat op of voor 7 Julie van die jaar van die verkiesing alle verskuldigde gelde tot die einde van Junie aangesuiwer het. Klagtes aangaande moontlike weglatings uit die kieserslys moet die stadsklerk binne sewe dae nadat die lys openbaar gemaak is, bereik. Die lys sluit egter op die 21 Augustus van die jaar van die verkiesing en na die datum is daar geen verandering meer moontlik nie.

Die verkiesing deur stemming geskied so gou moontlik na die sluiting van die lys. Elke kieser het 10 stemme en die 10 kandidate wat die hoogste aantal stemme behaal word deur die kiesbeampte as verkies verklaar. (Die verkiesingswyse word deur die naturelle as die Kommune-stelsel aangedui). Wanneer

die laaste suksesvolle posisie gevul word deur twee persone word die verkose kandidaat aangewys deur lotsbeslissing onder toesig van die kiesbeampte.

Die lede van die Adviserende Komitee wat so verkies is bekleë hulle posisies vanaf 1 Oktober van die jaar van die verkiesing tot 30 September, twee jaar later. Enige lid wat gedurende sy dienstermyn skuldig bevind word aan 'n misdaad en gestraf word met meer as 7 dae dwangarbeid sonder die opsie van 'n boete, of wat die Stadsgebied van Pretoria vir meer as drie maande verlaat, sonder die toestemming van die komitee, of wat drie agtereenvolgende gewone vergaderings van die Komitee nie bywoon nie, of wat bedank, se posisie sal deur die voorsitter vakant verklaar word en deur 'n tussenverkiesing op die beskrywe wyse weer gevul word. Enige persoon wat in die tussenverkiesing verkies word sal in die Komitee dien totdat die Komitee se diensperiode normaalweg verstryk.

Daar word elke maand een gewone vergadering van die Komitee gehou; spesiale vergaderings vir afhandeling van besondere probleme kan belê word. By al hierdie vergaderings geld die kworum van die Komitee as ses lede.

Die notules van sulke vergaderings word nie deur die verkose sekretaris gehou nie maar deur 'n klerk van die Komitee wat die voorsitter in oorleg met die stadsklerk aanwys. Hierdie persoon was in die verlede nog altyd 'n blanke amptenaar van die Stadsraad.

Geen wisie mag deur die komitee bespreek word indien die klerk van die Komitee nie sewe dae voor die aanvang van die vergadering daarvan in kennis gestel was nie. Hierdeur word daar verseker dat die lede van die Komitee reeds voor hulle na die vergadering gaan, sal weet wat daar bespreek sal word, want volgens regulasie moet elkeen sy kopie van die agenda tenminste drie dae voor die vergadering van die notuleklerk ontvang.

Die vergaderingsprosedure van die Komitee is geheel op die Europese lees geskoei. Alle lede moet die voorsitter staande aanspreek, niemand mag meer as eenkeer die vergadering oor

dieselfde onderwerp toespreek nie en alleen die voorsteller van 'n mosie het die reg van repliek-lewering. Alle voorstelle moet gesekondeer word en deur hoofdelike stemming aangeneem of verworp word. Alle lede wat teenwoordig is, is kragtens regulasie verplig om hulle stem uit te bring tensy hulle verskoning daarvoor deur die voorsitter aanvaar word. Geen lid mag stem vir enige mosie waarby hy enige belang het of voordeel uit sal trek nie.

Die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake en die superintendente van die verskillende lokasies moet van elke vergadering van die Komitee in kennis gestel word en tenninste een van hulle moet teenwoordig wees om aan die Komitee enige inligting wat hulle mag verlang te verstrek. Die Bestuurder het ook die reg om enige saak van belang voor die Komitee te lê vir kommentaar.

### (3) Die Funksies van die Komitee.

Tot 1944 was daar slegs twee aanduidings in die Stadsgebieden Wet, 1923, wat die pligte van die Adviserende Komitees bepaal het. Art. 10(2) het bepaal dat "whenever a native advisory board had been established and was performing its functions for any location or native village in an urban area, no regulation for that location or native village could be made or withdrawn..... until after consultation with that native advisory board..... ." (Brent: MS).

Die tweede aanduiding was dat art. 21(1) bepaal het dat "a municipality could not pass a resolution asking the Minister of Native Affairs to give it the exclusive right to manufacture and sell kaffir beer unless it had first referred the matter to the Native Advisory Board." (Brent: M.S.). In 1944 is die Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle, 1944, (nr. 36 van 1944) gepromulgeer wat die omvang van die pligte van Adviserende Naturellekomitees verder omskryf het. Hierdie bepaling soos hulle herhaaldelik na 1945 gewysig is bestaan vandag as art. 21 van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet, nr. 25 van 1945. Hierdie bepaling is reeds bespreek (vgl. Hoofstuk/....

stuk IV. B. 2 en 3.)

Dit moet egter daarop gelet word dat hierdie Adviserende Naturellekomitees in die lig van die aanvanklike omskrywing van hulle pligte 'n instelling was wat tot lokasies en ten opsigte van lokasies beperk sou gebly het. Eers na 1944 ontvang hierdie Adviserende Komitees wye magte wat hulle in praktyk die reg gee om namens die hele naturellebevolking van 'n gebied te praat al is hulle nie deur daardie totale eenheid aangewys nie.

Die algemene bepalings van art. 21 van die Wet is in Pretoria aangevul deur meer praktiese aanduiding van die pligte van die Adviserende Komitee in die administrasie van die lokasie. Hierdie bepalinge geld egter bo en behalwe die algemene wetsbepalings en kan dit nie vervang nie. Admin. Kg.561/25 soos gewysig bepaal ten opsigte van die belangrikste aspekte soos volg. Dit word as die plig van die Adviserende Komitee gestel om die Stadsraad te adviseer in alle sake wat die belange van naturelle raak, en op die wyse die belange van die naturel te beskerm en alle sake wat hulle verbeter wil hê onder die aandag van die Stadsraad te bring. In die lokasie-administrasie moet hulle alle hulp aan die amptenare verleen om wet en orde in die lokasie te handhaaf. Die Komitee moet verder as 'n kanaal dien waardeur alle klagtes en aangeleenthede wat deur die inwoners of organisasies in die lokasies onder hulle aandag gebring word, die Stadsraad kan bereik. Die wyse waarop die Komitee hierdie pligte vervul het word later bespreek. (Vgl. Hoofstuk VIII.A.).

(4) Pligte van die Komitee i.t.v. Wet 12 van 1936.

Ingevolge die bepalings van die Naturelle Verteenwoordigings Wet, 1936, vorm die Adviserende Komitee 'n steneenheid vir die verkiesing van 'n naturelleverteenwoordiger vir Transvaal in die Senaat.

Ingevolge art. 32(2) van hierdie Wet mag die Adviserende Komitee een blanke persoon nomineer vir die Senaat. Die normale prosedure is dat voornemende kandidate vir die Senaat die Adviserende Komitee vir nominasie nader. Die nominasie word dan



deur die Komitee aan die Naturelle-kommissaris te Pretoria gedoen. Hy korreleer al die verskillende nominasies van al die stemeenhede binne sy regsgebied.

In die verlede het die Adviserende Komitee heelhartig aan hierdie plig deel gehad. Hulle beskou hierdie plig as 'n reg wat aan hulle toegeken is om die sentrale regering van hulle oortuigings in landsake te verwittig.

(5) Verteenwoordiging van ander groepe dan naturelle op die Komitee.

Soos ons reeds daarop gewys het maak die Stadsgebiede Wet, 1945 daarvoor voorsiening dat daar kleurlinge in 'n naturelle-lokasie aanwesig kan wees en dat hulle daarom dan ook aandeel en seggingskap in die verkiesing van die Adviserende Komitee kan kry.

Ons het verder ook reeds daarop gewys dat ten gevolge van die insluiting van 'n klein gedeelte van die Kaaplokasie daar wel kleurlinge binne die kiesgebied van die Adviserende Komitee aanwesig was. Vandag is dit nog so. Ons vind hierdie kleurlinge hoofsaaklik in Marabastad, naas 'n klein minderheid wat in Atteridgeville self woonagtig is. Hier geld dit gewoonlik kinders van naturelle-ouers met 'n twyfelagtige vaderskap, of kinders van kleurlinge wat met naturelle getroud is.

Die lokasieregulasies maak geen uitsondering vir hierdie mense nie en gevolglik word hulle vir administratiewe doeleindes as naturelle behandel. Om hierdie redes kan ook hulle, mits hulle daarvoor kwalifiseer, in die verkiesing van die Adviserende Komitee stem en kan selfs op die Komitee verkies word. Ons het in ons ondersoek op een of twee gevalle afgekomm waar persone met kleurling-vanne op die Komitee gedien het. Die naturelle self maak egter geen onderskeid nie. Hulle weet nie of die betrokke persone werklik kleurlinge is nie. Hulle word eenvoudig as naturelle beskou, veral omdat hulle almal 'n naturelle taal praat, met naturelle vrouens getroud is en saam met die naturelle van die lokasie as naturelle saamleef.

2. Die Blokkomitees.

Uit die voorgaande is dit dus duidelik dat die Advise-  
rende/.....

rende Komitee in Pretoria direk onder die Stadsraad funksioneer. Organies is die Komitee nie verbonde aan die lokasie administrasie nie, uitgesonderd egter daardie mate waarin die individuele lede die superintendent behulpsaam is met die handhawing van wet en orde. Om aan naturelle 'n werklike aandeel in hulle eie administrasie te gee was die Stadsraad genoodsaak om ander eenhede waardeur hierdie doel bereik kon word in te stel. Hierdie andersoortige eenhede is die Blokkomitees.

die  
 Onder/Blokstelsel is die lokasies in Pretoria verdeel in 'n totaal van 10 blokke of wyke. Sewe van hierdie blokke is in Atteridgeville geleë, die ander drie in Bantule en Marabastad. Elke blok is aan 'n lid van die Adviserende Komitee toegewys en hy is tesame met 'n komitee, saangestel uit die inwoners van die blok, verantwoordelik vir ordehouding en die beslegting van kleiner geskille onder die inwoners van die blok. So'n blokman skakel direk met die superintendent en is vir die uitvoering van sy plig aan die superintendent onderhorig.

(1) Die doel met hierdie stelsel.

Die blokstelsel soos dit in Pretoria en elders bestaan moet gesien word as 'n poging van die kant van die Stadsraad om te probeer om iets van tradisionele wyse van lokale administrasie oor te plant binne die raamwerk van die huidige vir die Bantoe vreemde patroon. Die stelsel as sodanig bestaan nêrens by enige Bantoestan nie. Die stelsel moet dus op die keper beskou gesien word as 'n poging om die naturel. se samewerking te verkry in die administrasie van die lokasie, en om hom deur sy deelname daaraan ondervinding te laat opdoen van die omvang van die pligte wat aanvaar moet word wanneer ander mense deur jou administreer word. Langs hierdie weg is daar dus ook probeer om die belangstelling van die gemiddelde lokasie bewoner te wek vir die sake van sy blok en dus ook vir sake wat die lokasie as geheel raak.

Die doel met die instelling van die blokstelsel was uitstekend maar soos ons sal aantoon is die werking daarvan nie ontbloot van alle kritiek nie: nie omdat die werking deur swak administrasie belemmer is nie, maar veel eerder omdat die stelsel/.....

sel deur die naturelle self aangewend is tot doeleindes wat nie voorsien kon word nie. Vandag is dit selfs moontlik om te beweër dat ten gevolge van die besondere samestellingswyse die blokkomitees geensins die mondstuk van die inwoners van die lokasie vorm nie. (Vgl. Hoofstuk VIII B.).

(2) Historiese herkoms en ontwikkeling van die stelsel in Pretoria.

Die Blokstelsel is in Pretoria ingestel deur mnr. J.R. Brent, die huidige bestuurder van die Afdeling Nie-blanksake, in die jaar 1938.

Mnr. Brent het die stelsel goed geken daar hy kort tevore gehelp het om dit in die munisipale gebied van Kroonstad in te stel. Ons gee dus eers kortliks 'n oorsig van die stelsel soos dit te Kroonstad werk voordat ons aantoon hoe dit in Pretoria ten gevolge van besondere plaaslike omstandighede op veranderde wyse ingestel is.

In Kroonstad is die Blokstelsel anders as in Pretoria, integraal verbind met die Adviserende Komitee. Hier is die lokasie net soos in Pretoria in 'n aantal blokke verdeel. Die verteenwoordigers op die Adviserende Komitee word per blok of wyk genomineer en verkies. Die suksesvolle kandidaat is dan verteenwoordiger van 'n bepaalde blok in die Adviserende Komitee. Hiernaas is hierdie verteenwoordiger ook blokman vir sy blok en oefen sy administratiewe pligte uit bygestaan deur 'n blokkomitee wat deur sy kiesers uit hulle geledere verkies word. Hierdeur het die inwoners van 'n bepaalde blok of wyk 'n mate van kontrole verkry oor die doen en late van die blokman en sy uitlatings op die Adviserende Komitee.

Toe die stelsel in 1938-1940 in Pretoria ingestel<sup>is</sup> tesame met die verhoging van die ledetal van die Adviserende Komitee na 10 en die verlening van die reg van volledige verkiesing, is daar probeer om die Kroonstadse stelsel onveranderd in Pretoria werklikheid te maak. Daar was egter teenkanting met die gevolg dat die stelsel ingrypend gewysig en in baie opsigte kragteloos gemaak is.

Hierdie teenkanting het sy herkoms in die feit dat die lede van/.....

van die Adviserende Komitee te Pretoria op 'n partybasis deur twee sterk en georganiseerde politieke partye verkies word. In die verlede het elke party onder die kommuniste die geleentheid gehad om al sy kandidate sonder enige opposisie in die Adviserende Komitee verkies te kry. (Elke stemgeregtigde het 10 stemme sodat die verkiesingsuitslag ten opsigte van die eerste tien suksesvolle kandidate baie na aan mekaar lê en slegs kandidate van die meerderheidsparty omvat). Die instelling van 'n wyksverkiesingstelsel het eenparig teenkanting ondervind. Die kommuniste het gebly maar die lede van die blokkomitee is aanvanklik deur die inwoners van elke blok verkies. Ook dit was 'n mislukking. Hierdie geskiedenis word duidelik deur mnr. Brent self soos volg verduidelik: „This was mainly due to the fact that the Advisory Board, purely for selfish motives of party political advantage persuaded the City Council, against my strong protests and warnings, to delete from the relative draft regulations the provisions enforcing separate voting in blocks and the compulsion of a candidate to stand for election in the block in which he resided. As a result, some candidates were elected by the majority of votes of the whole location or village to serve as blockmen in blocks in which they were unknown, or if known, were "Personae non gratae". The result can easily be imagined. The blockman called a meeting of his block inhabitants to elect his committee, they all turned up, ignored the blockman's nominations and elected their own committee consisting entirely of members of the political faction in opposition to the blockman. Two or three blockmen, although they strenuously denied this, were undoubtedly guilty of faking the list of block committee men elected, in order to obtain committees not in direct opposition to them. Some were honest and put up with the committees elected by the inhabitants of their blocks. I then received urgent representations from the Advisory Board members to allow them to select their own committee men. (Dit was ongeveer in 1941/42). I refused unless it was agreed to introduce the system of separate voting in each

block and the compulsion of a blockman to reside in the block for which he was elected. The Board members refused to accept this, because they had swept the Board for their political party at the election by getting all their supporters throughout the area to vote on their political ticket. I appealed to the opposition political party, but they also refused to accept the compulsion to vote separately in blocks etc., because they also aimed to sweep the Board at the next election by using the same tactics. It was therefore stalemate ... .. but in the meantime, the City Council was compelled to revise its Advisory Board Regulations and purge the blocksystem therefrom." (Brent: M.S.) (Dit is gedaan per Admin. Kg. 29/43.).

Die Adviserende Komitee wat net hierna verkies is (1943) het die Stadsraad egter gevra om die blokstelsel weer in te stel. "I have tentatively done so purely on administrative and not an electoral basis, and, solely upon the authority of a resolution by the City Council." (Vgl. hier die Raadsbesluit van 28/10/43.) (Brent: M.S.).

Bogaande is dan vandag nog die posisie ten opsigte van die blokstelsel. Volgens hierdie Raadsbesluit het die blokmanne die reg gekry om hulle eie blokkomitee lede te benoem. Die blokmanne as lede van die Adviserende Komitee was almal van dieselfde politieke party en het dus feitlik sonder uitsondering slegs lede van hulle party wat in die blok woon as lede van hulle onderskeie komitees benoem. Dit volg<sup>dus</sup>/logies dat daar 'n redelike gedeelte van die bevolking van die lokasie was wat geen seggenskap in lokasiesake verkry het nie, nie in die Adviserende Komitee nie, en ook nie in die Blokkomitees nie. Hierdie toestand is vandag nog verantwoordelik vir heelwat ontevredenheid in die lokasie.

Die instelling van die blokkomitees op hierdie wyse het egter ook geskied onder beswaar van die onderskeie superintendente van die lokasies wat gevrees het dat die instelling van die komitees hulle gesag onder die natuurlike sal ondermyn. Hierdie besware was nie gegrond nie daar die blokstelsel hom reeds

elders as 'n gesonde metode van lokale administrasie bewys het. Wat wel gebeur het is dat die superintendent deur die instelling van die komitees volgens die eensydige patroon bo verduidelik, offisiëel kontak verloor het met 'n gedeelte van die inwoners van die lokasies, want offisiële kontak het nou geskied deur of die Adviserende Komitee of die Blokkomitees wat slegs lede van een politieke party ingesluit het.

### (3) Die huidige samestelling van die komitees.

Die bogenoemde Stadsraadsbesluit van 28/10/43 soos vervang op 25/7/46 waarvolgens die komitees vandag nog saamgestel word, het bepaal dat die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake in samewerking met die superintendent en die lede van die Adviserende Komitee die lokasies in blokke verdeel oor elkeen waarvan 'n lid van die Adviserende Komitee aangestel word en sal dien as „ex officio” voorsitter van die blokkomitee.

Binne 14 dae na die afloop van die verkiesing van 'n nuwe Adviserende Komitee moet die Blokman onderhewig aan die goedkeuring van die superintendent en die bestuurder 10 volwasse inwoners van sy blok wie se name op die kieserslys van die afgelope verkiesing verskyn, as sy blokkomitee benoem. Normaalweg word die name van die lede van die verskillende blokkomitees ad hoc deur die Adviserende Komitee (!) aan die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake voorgelê. Sover ons segsmanne bekend is daar nog nooit in die verlede deur enige ampsdraer van die Stadsraad van die reg tot veto gebruikgemaak wanneer die name goedgekeur moet word nie.

Op die eerste vergadering van die komitee moet die lede 'n geskikte en bekwame persoon as hulle sekretaris verkry. Hierdie sekretaris moet liefers in die blok woonagtig wees, hoef egter nie een van die genomineerde lede van die komitee te wees nie en sy aanstelling kan deur die bestuurder geveto word indien nodig.

Die voorsitter en vyf lede van die komitee vorm 'n kworum. Die dienstyd van die komitee of van enige lid daarvan strek slegs tot die datum waarop die blokman nie meer lid van die

Adviserende Komitee is nie. Daarna moet die nuwe blokman sy eie komitee nomineer. Die Voorsitter, sekretaris en lede van die komitee ontvang besoldiging wat weerhou kan word indien hulle nie hulle pligte nakom nie.

#### (4) Die Pligte van die blokkomitee.

Die pligte van die blokmanne en hulle komitees word in die betrokke Stadsraadsbesluit baie vaag gestel maar kom in hoofsaak op die volgende neer.

Die blokman en die lede van die komitee is verplig om hulp te verskaf in die versekering van wet en orde in die blok en moet as sodanig die superintendent van alle misstande wat die rus mag verstoor verwittig. Die blokkomitee is daarom ook 'n arbitrêre instansie voor wie alle geskille van minder belangrike aard tussen bewoners van die betrokke blok dien. Daar is geen gesag aan hulle toegesê om hulle bevindinge af te dwing nie maar die strydende partye luister gewoonlik.

Die blokman en sy komitee moet ook die owerhede soos die Polisie behulpsaam wees om orde in die lokasie as geheel te bewaar. Hierdie plig skakel met die van die Adviserende Komitee. Soos ons later sal aandui is dit nie slegs holle woorde nie en het hierdie mense getoon dat hulle met goeie gevolg orde onder hulleself kan hanfhaaf.

Die vernaamste plig van die blokman is egter om as tussen-ganger vir sy blokbewoners na die superintendent te dien. Hy moet alle klagtes aan die superintendent oordra en moet sy saamewerking gee in die deeglike en onpartydige toepassing van die lokasie-regulasies. Dit is in hierdie laaste instansie dat die blokstelsel nie so bevredigend werk nie. (Vgl. Hoofstuk VIII.B.)

#### (5) Die sentrale blokkomitee.

Hoewel die verskillende blokkomitees direk met die verskillende superintendente skakel, vind ons dat daar in die lokasies kragtens besluit van die Stadsraad ook 'n blokkomitee ingestel is waarop al die voorsitters van die verskillende komitees dien.

Dit beteken dus dat die Sentrale Blokkomitee bestaan uit al die verkose lede van die Adviserende Komitee. Die sekretaris hier is die sekretaris van die Adviserende Komitee. Die voorsitter van hierdie Sentrale Blokkomitee word op die eerste vergadering verkies uit die lede. Hy is dus 'n naturel en gewoonlik ook die leier van die politieke party wat aan bewind is.

Hierdie komitee is ingestel om te verseker dat algemene lokasiesake ook deur die naturelle self bespreek kan word. Die reëls van die komitee is nie so sterk op die blanke lees geskoei nie en naturelle kry die kans om hulle self uit te praat, voor sake na die Adviserende Komitee of elders heen verwys word. Die Sentrale Blokkomitee dien as oord waarheen alle aansoeke om huise in die lokasie verwys word nadat dit deur die betrokke blokkomitee ingevorder is. Hier word dit bespreek voor dit na die sub-komitee vir behuising verwys word.

Indien daar ernstige sake opduik wat die lede van die Adviserende Komitee graag onder die aandag van die lokasie-administrasie wil bring, sal dit deur die Sentrale Blokkomitee na die superintendent verwys word. Indien dit direk voor die Adviserende Komitee te berde gebring word, gaan die saak outomaties verder na die Stadsraad. Dikwels verkies die Adviserende Komitee lede om 'n saak langs die administratiewe eerder as die "politieke" kanaal verder te voer.

Kontrole word oor die aktiwiteite van die komitee uitgeoefen deur die superintendent en die bestuurder wat albei van alle vergaderings in kennis gestel moet word. Hierdie here het ook die reg om die vergadering toe te spreek oor enige saak wat hulle in belang van die werksaamhede ag.

Die doel met die instelling van die komitee was dus om die naturelle die geleentheid te gee om gesamentlik oor lokasiesake te beraadslaag en om hulle bevindinge dan gesamentlik aan die administrasie oor te dra. Anders as die Adviserende Komitee is ook hierdie Sentrale Blokkomitee suiwer administratief van aard en onderhewig aan die kontrole van die superintendent. Juis daarom vorm dit organies deel van die administratiewe/.....



tiewe Masjinerie van die lokasie. Dit is 'n kenmerk wat by die per wet ingestelde Adviserende Komitee afwesig is.

(6) Besoldiging van Blokkomiteeëde.

Aanvanklik na die instelling van die Blokkomitee-stelsel in 1938 is die werk gratis gedoen deur die verskillende blokmanne en hulle komitees. Later is daar 'n geringe vergoeding aan die blokmanne en hulle komitees betaal. In 1943/44 met die herinstelling van die stelsel is die besoldiging verhoog en die totale uitgawe aan hierdie item het in daardie jaar £50-10-0 p.m. bedra. Gedurende 1944 en weer in 1949 is daar ingevolge verstoë van die komitees 'n verhoging van besoldiging op die bogenoemde bedrag ingevoer. Tans (1952) word die uitbetaling van die gelde gereël volgens die bepalings van die Stadsraadsbesluit van 3 /5/52.

Kragtens hierdie besluit is daar deur die Stadsraad besluit op 'n maandelikse bedrag van £100 wat volgens die diskresie van die Bestuurder onder die verkillende funksionariesse verdeel moet word. Hierdie verdeling vind tans soos volg plaas.

10 Blokmanne (Voorsitters van Blokkomitees maar ook lede van die Adv.Kom. @ 45/- p.m.	£22-10-0
10 Sekretariesse van Blokkomitees @ 30/- p.m.	£15-0-0
100 Blokkomitee lede (10 Komitees) @ 10/6 p.m.	£52-10-0
Toelae aan Sekr. Sentrale Blokkomitee p.m.	£6-10-0
Toelae aan Voorsitter Sentr. Blokkomitee p.m.	£2-0-0
Toelae aan Sekr. Sentr. Blokkomitee vir Vervoer p.m.	<u>£1-10-0</u>
	<u>£100-0-0</u>

Volgens 'n reëling tussen die blokmanne ontvang die sekretaris van die Sentrale Blokkomitee al die geld en betaal aan elke blokman die deel uit van sy komitee (insluitende sy eie). Deur die blokmanne word die geld dan verder verdeel.

Dit moet verder aangedui word dat hoewel die verskillende blokkomitee lede elke slegs 10/6 per maand ontvang, daar van die ander funksionariesse is wat besoldiging ontvang in meer as een hoedanigheid.

Op die wyse ontvang die sekretaris van die Sentrale Blok-

komitee benewens sy maandelikse toelaes (£8) ook nog £2- 5- 0 as blokman, 'n inkomste van £10- 5- 0 per maand. Op dieselfde wyse ontvang die voorsitter van die Sentrale Blokkomitee benewens sy toelaag van £2 ook nog £2- 5- 0 as blokman, dus £4-5-0 in totaal. Waar die sekretaris van 'n bepaalde Blokkomitee ook een van die 10 genomineerde lede is word ook hy dubbeld betaal: 30/- as sekretaris en 10/6 as blokkomitee lid, 40/6 in totaal.

Die Stadsraadsbesluit waarvolgens die Blokstelsel weer ingevoer is bepaal verder dat die Stadsraad die reg het om hierdie besoldiging van die ontvangers te weerhou as hulle pligte nie na behore nagekom word nie.

In die verlede het hierdie bepaling 'n waardevolle metode geblyk waarvolgens kontrole uitgeoefen kon word. Die wyse van pligsvervulling in die verlede het egter die inwerkingstelling van hierdie uiterste straf slegs een of twee keer ten gevolge gehad. Die geval wat die meeste opspraak verwek het was van 'n sekretaris van 'n bepaalde blokkomitee wat nie sy notules op die voorgeskrewe wyse volledig gehou het nie.

### 3. Die "Sub-komitees" van die Adviserende Komitee.

Naas hierdie bogenoemde tweeledige administratiewe kontaklyne in die lokasie, nl. die deur die Adviserende Komitee self en die deur die Blokkomitees, vind ons nog drie eenhede wat in mindere of meerdere mate 'n aandeel het in die regulering van sake in die lokasie. Dit geld hier verskeie "onderkomitees" van die Adviserende Komitee, nl. die Konsultatiewe Komitee, die Departementele Sub-komitee vir Behuising en die Beurskomitee. Uitgesonderd die Konsultatiewe komitee wat eintlik die dagbestuur van die Adviserende Komitee vorm word die ander twee komitees saamgestel uit sowel Blanke as Naturellelede, en vorm dus addisionele kontakpunte tussen die administrasie aan die een kant en die naturelle inwoners by monde van hulle verteenwoordigers aan die anderkant. Aangesien die departementele Sub-komitee vir Behuising direk aan die Departement Nie-blankesake en die Beurskomitee via die Adviserende Komitee aan die Komitee vir Nie-blankesake van die Stadsraad, rapporteer, is nie een van hierdie komitees

in werklikheid onderkomitees van die Adviserende Komitee nie. Die inwoners sien hulle egter as sodanig en in die wandel staan hulle so bekend. Om hierdie rede word die Adviserende Komitee deur die inwoners verantwoordelik gehou vir die besluite waartoe hierdie komitees geraak. Van hierdie laasgenoemde twee komitees is die Sub-komitee vir Behuising die belangrikste vir die verkryging van 'n deeglike oorsig oor die verskillende eenhede belas met die administrasie van die lokasie. Die ander twee sal later deeglik aandag kry. (Vgl. Hoofstuk VIII A.1. en B.3.).

(1) Die Sub-komitee vir Behuising.

(a) Die instelling van die komitee.

Die lokasie Atterdidgeville bestaan vandag (1952) in geheel uit 'n sub-ekonomiese behuisingskema. Ingevolge die lokasieregulasies is die superintendent alleen verantwoordelik vir die toekenning van huise aan applikante en in teorie was daar geen appél moontlik van sy beslissing nie. In praktyk egter het dit daarop neergekom dat die superintendent se beslissinge onderhewig was aan die veto van die bestuurder /die Afdeling Nie-blankesake.

In alle ander sub-ekonomiese behuisingskemas, veral die blanke skemas, het die toekenningsreg van huise egter berus by 'n openbare liggaam wat hoewel verbonde aan die offisiële instansie wat die verlies op die skema dra, nie absoluut aan hulle onderworpe was nie. Daarom het die Stadsraad dit ongeveer 1948 goedgevind om die naturelle self die geleentheid te gee, om aanbevelings te maak oor die toekenning van huise in Atteridgeville. Hierdie toekenningsreg sou egter steeds onderworpe wees aan die absolute toekenningsreg van die superintendent volgens die lokasie-regulasies. Hiervolgens is toe die Sub-komitee vir Behuising ingestel. (Na die omskepping van die lokasie in 'n ekonomiese behuisingskema in 1955/56 is hierdie komitee afgeskaf).

Hierdie komitee kon toe onderhewig aan die vetoreg van die Afdeling Nie-blankesake, aanbevelings maak oor hoe en aan

wie huise, beskikbaar in die lokasies van Pretoria, toegeken moes word. Die doel was duidelik, nl. om die naturelle langs nog 'n weg 'n aandeel te gee in die administrasie van hulle eie huise en hulle hierdeur 'n deel van die verantwoordelikheid vir beslissings te laat toekom.

Hierdie veranderde stelsel van toekenning het die naturelle se heelhartige goedkeuring weggedra omdat hulle in die verlede heelwat klagtes ingedien het dat die superintendent nie genoegsaam onderskei tussen verdienstelike gevalle wanneer hy toekennings maak nie. Vroeg in 1948 was daar 'n besondere bitsige aanval op die superintendent gemaak en 'n departementele ondersoek het gevolg wat bewys het dat die aantygings in alle gevalle ongegrond was. Die toekennings is in die verlede gedoen in samewerking met die verskillende blokmanne coreenkomsig 'n lys van aansoeke wat in orde van ontvangs afgehandel is behalwe waar mediese getuienis, t.o.v. byvoorbeeld die aanwesigheid van toring, optrede onmiddellik noodsaaklik gemaak het. Voortaan sou die toekenning dus geskied deur die Sub-komitee vir Behuising.

(b) Die samestelling van die komitee.

Volgens Stadsraadsbesluit sou die komitee soos volg saangestel word. Die Bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake of sy plaasvervanger sou voorsitter wees. Benewens die voorsitter was die enigste ander blankelede die superintendente van die lokasies (2blankes). Hiernaas sou die Adviserende Komitee drie lede uit hulle eie geledere kies op die komitee en die sekretaris van die Sentrale Blokkomitee sou die sekretaris van die Sub-komitee vir Behuising wees.

Die ledeverdeling was dus in die guns van die naturelle met vier lede teenoor die drie van die administrasie. Hierdie verdeling het in die periode net na 1948 ernstige moeilikhede veroorsaak, want in alle gevalle waar die administrasie van die naturellelede verskil het oor die toekenning van huise, op welke grondige redes ook al, is die beslissing steeds in die guns van die naturelle se eie voorstelle geneem. Die beslissings

was wel onderworpe aan die vetoreg van die departement maar sover ons kon vasstel, is hierdie vetoreg nooit gebruik nie.

(c) Die werking van die komitee.

Hierdie komitee is soos alle ander ook ingestel vir die hele Pretoriase lokasie wat in werklikheid verskillende onderdele omvat. Sy werksaamhede was daarop nie alleen beperk tot Atteridgeville nie. In praktyk egter is hoofsaaklike huise toegesien in Atteridgeville self want hier het huise vinniger leeggegaan as in die ander lokasies waar die toestande van oorbewoning steeds ernstiger gebly het as in Atteridgeville self.

Daarby moet onthou word dat die Stadsraad besig was om die lokasie Marabastad te ontruim en dat enige huise wat daar leeggeword het deur verskuiwing na Atteridgeville nie weer gevul is nie. Daarom het die Stadsraad dan ook bepaal dat geen toekennings aan buitelanders in Atteridgeville gemaak mag word nie alvorens die inwoners van Marabastad nie eers verskuiwe is nie. Die gedagte was dus dat die komitee slegs moes toesien dat die besluit van die Stadsraad streng deurgevoer word.

Die normale prosedure was dat 'n voorgenome oorplassing na Atteridgeville tussen die superintendente van die betrokke lokasies gereël is, en dat die komitee dan gevra is om dit goed te keur. In ander gevalle waar uitsonderings toegelaat is, soos ons later vollediger sal aandui, (vgl. Hoofstuk VIII B.2.) moes die applikant op die voorgeskrewe vorm 'n aansoek by die betrokke superintendent en die blokman indien. Die blokman moes dan nagaan of die informasie wat verstreëk is, korrek is en die aansoek aan die sekretaris van die Sentrale Blokkomitee deur stuur. Op hierdie komitee se vergaderings is hierdie aansoeke dan bespreek en aanbevelings gedoen aan die Sub-komitee vir Behuising wat finaal oor die aansoek moes beslis. Hierdie prosedure het in hoofsaak gegaan in gevalle waar persone binne die lokasie Atteridgeville na ander huise wou verhuis. Indien aansoeke van buite die lokasies ontvang is, moes dit direk na die sekretaris van die Sentrale Blokkomitee gaan vir insluiting in die agenda van hierdie komitee, daarna is dit verwys na die

Sub-komitee.

Soos dit hierbo verduidelik is, kom dit voor asof die Sub-komitee vir Behuising eintlik 'n onderdeel van die Sentrale Blokkomitee vorm in plaas van die by wet ingestelde Adviserende Komitee. Dit moet egter onthou word dat die lede van die Sentrale Blokkomitee presies dieselfde is as die Adviserende Komitee en ook dat die Adviserende Komitee volgens die bepalinge van die wet nie bevoeg is om aanbevelings aan die Afdeling Nie-blankesake te doen nie, maar alleen aan die Stadsraad. Om hierdie rede word die Sub-komitee vir Behuising as 'n "onder-komitee" van die Adviserende Komitee beskou terwyl die aanbevelings waarop hy handel afkomstig is van die Sentrale Blokkomitee.

Dit moet verder onthou word dat die Sub-komitee vir Behuising in praktyk ook die toekennings maak van persele wat vir handelsdoeleindes gebruik mag word. In Atteridgeville is daar geen besondere persele ingerig vir handelsdoeleindes nie, dit kon nie gebou word onder 'n sub-ekonomiese skema nie. Daarom word handel vanuit sekere woonhuise gedryf met die voorbehoud dat dit dan nie vir bewoningsdoeleindes gebruik word nie. In die aanwysing van hierdie woonhuise-cun-winkels moet die komitee ook geken word.

Ten slotte moet dit verder onthou word dat al die naturelle lede van hierdie komitee gewoonlik aan dieselfde politieke party behoort. Die invloed van hierdie feit op die werksaamhede van die komitee sal later bespreek word wanneer ons nader aandag gee aan die besondere politieke konstellasie in Atteridgeville. (Vgl. Hoofstuk VIII B.2.).

#### E. OPSOMMING.

Om die bogenoemde uiteensetting van die ontwikkeling van die verskillende administratiewe instellings terug te plaas in die engere Atteridgeville-verband is dit nodig dat ons kortliks rekapituleer en weereens die opeenvolging van die eenhede spesifiek vir Atteridgeville aandui. Van die kleinste tot die belangrikste instellinge sit die saak dan soos volg in mekaar.

1. Ons vind 7 van die bestaande 10 Blokkomitees in Atteridgeville, elk onder voorsitterskap van 'n blokman wat lid is van die Adviserende Komitee. Elke komitee het 10 lede genomineer deur die blokman, onder vetoreg van die Afdeling Njie-blankesake.

2. Die Blokkomitees is saamgevat in die Sentrale Blokkomitee, bestaande uit 10 lede waarvan sewe Atteridgeville verteenwoordig. Elke lid is blokman in 'n bepaalde blok maar ook terselfdertyd 'n verkose lid van die Adviserende Komitee. Die voorsitter word verkies uit hulle eie geledere, is gewoonlik die leier van die politieke party aan bewind in die Adviserende Komitee en die sekretaris is die verkose sekretaris van die Adviserende Komitee. Kontrole word uitgeoefen oor die verrigtinge deurdat die Bestuurder en/of die superintendente waaronder dié van Atteridgeville, die vergaderings moet bywoon.

3. Naas hierdie suiwer administratiewe blokstelsel vind ons die onderdele van die Adviserende Komitee met 'n duideliker politieke kleur. Hierdie verskillende onderdele is die onderskeie sub-komitees van die Adviserende Komitee tw. die Konsultatiewe komitee, die Beurskomitee en die Sub-komitee vir Behuising. Inlaasgenoemde komitee is die voorsitter die bestuurder van/die Afdeling Njie-blankesake, die ander blanke-lede is die twee superintendente van Atteridgeville en Bantule onderskeidelik. Die naturellelede bestaan uit drie lede van die Adviserende Komitee en die sekretaris wat die sekretaris van die Sentrale Blokkomitee moes wees. Die kwasi-politieke strekking t.c.v. veral die laasgenoemde twee komitees blyk uit die gedurige verdeling blank teenoor nie-blank wat by enige punt van verskil ontstaan.

4. Die laaste eenheid waarop naturelle dien is die Adviserende Komitee soos ingestel deur die Stadsgebiede Wet, 1945. Die ledetel is 10, almal word verkies volgens die stelsel van kommunestemreg. Die voorsitter is 'n blanke Stadsraadslid en die sekretaris, wat slegs nominale pligte vervul word uit die naturellegeledere gekies.

5. Die lokale koördinerende blanke administratiewe instansie in wie die verteenwoordigingslyne deur die Blokkomitees bymekaarkom is die Superintendent van Atteridgeville. Die superintendent is onderhewig aan die kontrole van die Afdeling Nie-blankesake van die Stadsraad onder die Bestuurder. Op hulle beurt moet hierdie kontrolerende liggaam deur die Komitee vir Nie-blankesake van die Stadsraad, aan die Stadsraad self verslag doen.

Die normale alledaagse skakeling binne die lokasie geskied vanaf die verskillende blokkomitees deur hulle blokmanne, deur die sentrale Blokkomitee na die superintendent. Vandaar geskied berrigewing aan die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake, en van hom deur die Komitee vir Nie-blankesake na die Stadsraad. Dit moet egter onthou word dat die ander moontlikheid ook gevolg word nl. die skakeling deur die Adviserende Komitee met die Komitee vir Nie-blankesake na die Stadsraad. Die belangrike kenmerk hier is die feit dat dit vir die naturele moontlik is om hulle klagtes langs die weg buite die kanale van die administrasie om via die Adviserende Komitee direk aan die hoogste instansie, die Stadsraad voor te dra.

Dit is verder nodig dat ons in hierdie stadium weer wys op die duale posisie van die Blokkomitees. Hierdie komitees is in die eerste instansie administratief van aard, en ook ingestel tot hierdie funksie. Die samestellingswyse van hierdie komitees het egter ten gevolge dat hulle feitlik uitsluitlik bestaan uit lede van een bepaalde politieke groep binne die lokasie. Daarom kan hulle ook as politieke eenhede beskou word. Dit moet dus in gedagte gehou word dat dit moontlik is dat die administratiewe verpligtinge van die komitee kan bots met sy politieke vooringenomenheid of selfs dat sy administrasie deur hierdie toestand 'n bepaalde politieke kleur kry. Indien dit sou gebeur kan ons in hierdie stadium reeds voorsien dat die hele blanke administrasie van die lokasie wat sy waardevolste verbintenis met die inwoners deur die blokkomitees verkry op dieselfde wyse 'n bepaalde politieke kleur kan kry.



## H O O F S T U K   V .

### DIE FUNKSIONERING VAN DIE STEI-SEL VAN BLANKE BEHEER EN ADMINISTRASIE.

#### A.   INLEIDING.

By 'n bespreking van die werking van die blanke beheer en administrasiewyse van die lokasie Atteridgeville moet die hoofklem uit die aard van die saak val op die administrasie van die kantoor van die superintendent. Die ander blanke instansies verbonde aan die beheer, nl. die Staatsdepartement van Naturelle sake en die ander departement van die Stadsraad van Pretoria, het weinige indien enige direkte kontak met die naturelle-inwoners van die lokasie.

By 'n bespreking van die werking van die superintendentskantoor, waar die verantwoordelikheid van elke beslissing dié van die superintendent is, raak dit in die eerste instansie die persoonlikheid van die superintendent, d.w.s. daardie karaktertrekke wat hom instaat stel om die vertroue van die inwoners van die lokasie te wen; asook in die tweede plaas die wyse waarop hy die lokasieregulasies toepas. Hierdie regulasies is reeds in kort verduidelik sodat ons nie weer 'n oorsig sal gee van die by regulasievoorgeskrewe optredingswyse nie. (Vgl. Hoofstuk IV C.2(1)).

#### B.   DIE PERSOONLIKHEID VAN DIE SUPERINTENDENT.

Die superintendente van die lokasies in Pretoria is sonder uitsondering op die huidige oomplik mense met besondere universitêre kwalifikasies. Hierdie kwalifikasies kan egter in die praktyk weinig of niks beteken indien die superintendent nie ook oor daardie persoonlikheid beskik wat nodig is om die vertroue van ondergeskiktes binne 'n betreklike kort tyd te wen nie.

Ons naturelle segsmanne het dit baie duidelik gestel. Vir hulle moet die superintendent in die eerste instansie iemand wees in wie hulle, in teenstelling met sy hoofde, vertroue kan stel. Hulle sien graag iemand wat simpatiek na hulle klagtes luister/.....

luister en dat almal wat na hom kom met klagtes en probleme dieselfde regverdigde beoordeling en behandeling ontvang. Langs hierdie weg alleen kan die superintendent die inwoners se vertrouwe wen. Dit is egter 'n langsame proses wat in die afgelope aantal jare bemoeilik is omdat die superintendente in Atteridgeville vanweë verplasings en bedankings teen snelle tempo mekaar opgevolg het. Die ernstigste klagte wat teenoor ons ten opsigte van sommige superintendente geopper was, is dat die inwoners nie altyd, en te alle tye die geleentheid gegun is om hom te spreek en hulle probleme voor te dra nie. Wanneer die superintendent die reputasie verwerf dat hy "altyd besig" is, voel die inwoners dat hy nie werklik begaan is oor hulle probleme en moeilikhede nie. Tereg beskou die meeste naturelle die superintendent as hulle vader; ander het hom selfs as hulle kaptein aangedui. Mens vind dus die eienaardige posisie dat van 'n blanke onverbode aan die interne strominge binne 'n naturelle gemeenskap verwag word om 'n funksie te vervul wat hom as een van hulle, as deel van die naturelle-inwonergemeenskap moet bevestig.

Regverdigheid in sy optrede word deur die meeste inwoners van die lokasie gesien as blote onpartydigheid. Onpartydigheid beteken in die praktyk gewoonlik dat die superintendent nie beskuldig kan word van die verlening van voorkeur aan die lede van een of ander politieke party nie. Beskuldigings van partydigheid teenoor superintendente kom redelik dikwels voor. Die probleem lê egter hierin: die superintendent vind sy vernaamste kontak met die behoeftes van die lokasie deur middel van die blokkomitees, waar hierdie komitees soos ons aangedui het almal dieselfde politieke verbintnisse het, vind mens dikwels dat nie alleen die komitees nie maar ook die superintendent en die hele lokasie-administrasie deur die inwoners van partydigheid beskuldig word. Om dus aan al die voetangels wat in die superintendent se pad geleë is te ontkom, is dikwels, menslik gesproke, onmoontlik.

Die regulasies waaronder die interne beheer in die lokasie

uitgevoer word is veelvuldig. Om hierdie rede vind ons dat die superintendent baie dikwels regulasies nie volledig na die letter toepas nie. Op hierdie wyse word daar bv. deur hom onoffisiël toegewings gemaak oor die toepassing van die aandklok-reël. Dit gebeur egter soos klokslag dat wanneer daar ten gevolge van wantoestande strenger opgetree word binne die bevoegdhede verleen deur die regulasies, dan word daar volgens die inwoners op hulle "regte" inbreuk gemaak. Hoewel die inwoners eerder sien dat die superintendent geregtigheid laat geskied as bloot net om sy regulasies toe te pas, is dit verstaanbaar dat dit moeilik is om te bepaal wat hier met geregtigheid bedoel word, die maatstaf word deur die inwoners aangelê en hulle verskaf die beslissing. Dit is veral in hierdie situasie dat die superintendent iemand van sterk persoonlikheid moet wees. Hy moet met 'n amper intuïtiewe siening instaat wees om te besluit wanneer hy kan skietgee en wanneer die regulasies na die letter toegepas moet word. Sy taak is geen maklike nie.

### C. INTERDEPARTEMENTELE SAMEWERKING.

Die administrasie van die lokasie Atteridgeville vorm slegs 'n onderdeel van die aktiwiteite van die Afdeling Nie-blankesake van die Stadsraad. Hierdie departement verskaf nie alleen behuising aan naturelle nie, maar het 'n monopolie oor die handel in kafferbier ingevolge art. 34 van die Stadsgebiede Wet, 1945, oefen volledige beheer uit oor die binnekoms van naturelle in die stadsgebied Pretoria en behartig die registrasie van dienskontrakte met werkgewers ingevolge arts. 10 en 23 van bogenoemde Wet. Hiernaas bestaan daar 'n munisipale arbeidsburo ingevolge regulasies onder art. 22 (1) (o) van die Naturelle Arbeidsregelings Wet, nr 15 van 1911. Met al hierdie verskillende afdelings van die departement word verwag dat die superintendent van Atteridgeville heelhartig sal saamwerk om op die wyse die grootste moontlike doeltreffendheid in die administrasie te verkry.

Die superintendent is veral gevra om nou saam te werk met

die afdeling vir toestromingbeheer. Hy is verplig om alle inwoners van die lokasie die nodige bewys van goedgekeurde huisvesting te gee vir die verkryging van 'n werksoekpermit. Met die Arbeidsburo word saamgewerk ingevolge 'n reëling dat die superintendent die aanwesigheid van vakatures van 'n bepaalde aard aan die inwoners sal bekendmaak. 'n Voorbeeld van hierdie samewerking is die aansoek om 50 nie-blanke telegram-afleweringbodes van die Hoofposkantoor te Pretoria. Hierdie werk het besondere kwalifikasies vereis en die superintendent moes help om die vakatures te vul. Op dieselfde wyse verwys die superintendent alle arbeiders wat daarvoor geskik is na die Munisipale kampong waar die naturelle-arbeiders van die Stadsraad in diens geneem word.

Die Hoof Registrasiebeampte van die departement, in sy hoedanigheid as die hoof van die toestromingbeheer en registrasieafdelings van die departement, is in die praktyk die persoon wat vergunning aan naturelle verleen om in die stadsgebied aanwesig te wees vir 'n ander doel as om werk te soek. Met hierdie funksionaris werk die superintendent van Atteridgeville nou saam in die uitreiking van permitte om bv. in die lokasie te kom kuier.

Die naturellepolisie wat in Atteridgeville diens doen is in die praktyk onderhewig aan die gesag van die superintendent. Daarom vind ons 'n skakeling tussen die superintendent en die hoof van die polisie wanneer dit gaan oor klagtes oor die vervulling van hulle pligte.

In die verlede, voor daar die vergunning aan die inwoners van Atteridgeville verleen is om self bier te brou, is bier aan die lokasie verskaf deur die munisipale bierbrouery. Hierdie skakeling is egter tans nie meer van praktiese belang nie.

In die teorie is daar nie rede tot veel samewerking tussen die afdeling vir welsyn en ontspanning van die departement en die superintendent nie. In die praktyk is sodanige samewerking egter gebiedend noodsaaklik. Die welsyns en ontspanningsafdeling is in beheer van die plek van veiligheid en bewaring in

Atteridgeville/.....

Atteridgeville as ook die sportvelde en biblioteek in die lokasie. Hiernaas is daar ook 'n naturellewelsynswerker op diens in die lokasie. Die aanwesigheid van hierdie persoon, wat die vertroue van die naturelle-inwoners in 'n baie hoë mate geniet is vir die superintendent van onskatbare waarde. Dit verskaf hom die kanaal waardeur hy vertroulike inligting oor gesondheidstoestande, gevalle van oorbewoning ens. doeltreffend kan ondersoek in plaas van om in alle gevalle van klopjagte gebruik te maak. Klopjagte ten opsigte van persele wat op een of ander wyse ondersoek kan word, is 'n uitsondering in Atteridgeville.

#### D. DIE FUNKSIONERING VAN DIE LOKASIEREGULASIES.

By die bespreking van die uitwerking van die lokasieregulasies soos ons dit in die vorige hoofstuk opgesom het, sal ons ons bepaal, by daardie gedeeltes daarvan wat in die verlede probleme opgelewer het in die praktyk. Daardie gedeeltes van die regulasies wat duidelike en onveranderbare bepalings van optrede en gedrag voorskryf beskou ons as reeds bespreek.

##### 1. Probleme wat voortvloei uit verskuiwing.

Soos ons in die vorige hoofstuk aangedui het is die inwoners van Atteridgeville vir 'n baie groot gedeelte afkomstig van die ou lokasie Marabastad. Hier het naturelle die geleentheid gehad om 'n perseel van die stadsraad te huur en dan self daarop vir hulle 'n huis te bou. So 'n perseelhuurder het dus eiendomsbelang by sy woonplek. Die teoretiese moontlikheid dat iemand uit die lokasie verwyder kon word indien hy nie meer in Pretoria werkzaam was nie, het dus hier 'n praktiese onmoontlikheid gewees. By die verskuiwing na Atteridgeville vanuit hierdie lokasie waar ernstige toestande van oorbewoning geheers het, moes die inwoners daartoe oorgehaal word; want dit sou nie vir hulle moontlik wees om in Atteridgeville eiendomsreg oor die huise te besit nie (1952). Om hierdie rede is daar aan die oorspronklike inwoners van Marabastad by verskuiwing na Atteridgeville die waarborg verstrek dat hulle so vermoontlik geen van hulle bestaande "regte" sou moes prysgee nie, uitgeson-

derd die eiendomsreg oor huise natuurlik. Hierdie belofte het ten gevolge gehad dat bv. alle naturelle winkeliers in Marabastad aanspraak gemaak het op die verkryging van dieselfde reg in Atteridgeville. Ets wat ten gevolge van die afwesigheid van handelspersele nie gedoen kon word nie.

Hierdie toestand van sake verskaf 'n aanduiding van die feit dat die superintendent van Atteridgeville verantwoordelik gehou word vir die feit dat die Stadsraad nie by magte was om sy beloftes aan die naturelle na te kom nie en gedurig moet luister na beskuldigings dat hy 'n administrasie verteenwoordig by wie daar geen konstante en regverdige optrede bestaan nie.

Hierdie beskuldigings werk in die praktyk verder tot die nadeel van die toepassing van regulasies daar die superintendent altyd moet in gedagte hou dat daar sekere beloftes aan die naturelle wat die lokasie vanuit Marabastad binnegekom het, gemaak is. Met die verskuiwing na Atteridgeville waar die bepaling dat lokasie-inwoners in Pretoria moet werk, baie streng toegepas kon word, het dit in praktyk meegebring dat die toeskietlike toepassing van die regulasie ten opsigte van ou inwoners van Marabastad as een van hulle "regte" moes voortduur. Die superintendent is dus voor die moeilike posisie geplaas dat hy moes diskrimineer in die toepassing van sy regulasies om nie weer beskuldigings van troubreuk op die lyf te loop nie. Differensiasie oor so'n belangrike regulasie soos die verbod op die bewoning van die lokasie wanneer die inwoner elders as in Pretoria werk, lok egter protes uit van die teen wie daar gediskrimineer word by gevolg waarvan die superintendent hierdie regulasie versigtig en uitermate oordeelkundig moet toepas.

Die superintendent word verder dikwels daaraan herinner dat een van die beloftes wat gemaak is ten tye van die verskuiwing vanaf Marabastad was, dat die Stadsraad sal probeer om in 'n uitbreiding van die lokasie Atteridgeville aan naturelle die geleentheid te gee om weereens self hulle huise te bou. Ondanks die feit dat die lokasie regulasies reeds sedert 1946 vir hierdie moontlikheid voorsiening maak het die belofte leers in

1955/56 werklikheid geword. Langs die weg is daar dan vandag een moontlikheid van klagte uitgeskakel.

## 2. Die onwettige binnekoms van die lokasie.

Die toepassing van die regulasies wat beheer moontlik maak oor die binnekoms van naturelle in die lokasie en die beperking op oorbewoning wat kan ontstaan wanneer ongemagtigde persone in die lokasie inwoon, is besonder moeilik.

Elke huishuurder is volgens die regulasies daarop geregtig om met sy goedgekeurde afhanklikes 'n bepaalde huis te bewoon. Hy is egter ook verplig om die aankoms van alle ander besoekers of kuiergaste te rapporteer. Die regulasie bepaal verder dat daar vir elke inwoner van 'n huis 'n vasgestelde vloerspasie en lugruimte aanwesig moet wees.

Die normale aanwas van die inwoners van die lokasie na verskuiwing vanuit Marabastad was egter so snel, dat dit in 1952, 12 jaar nadat die eerste gesinne verskuiwe is, 'n bekende feit was dat die lokasie reeds ernstig oorbewoon was. Die oorspronklike toekenning van vloerspasie en lugruimte het nie met hierdie aanwas rekening gehou nie. Aangesien daar geen ander woongeriewe beskikbaar was nie, en die oortollige gedeelte van die lokasie-inwoners bona fide afhanklikes was, het mens dus die verskynsel aangetref dat die regulasies self hierdie toestand van oorbewoning wettig. Al wat die superintendent in die praktyk kan doen is om te probeer om groter gesinne na groter huise te verskuiwe, indien moontlik, of meer gebruiklik, streng beheer toe te pas op gevalle waar loseerders aangevra word of waar addisionele afhanklikes van buite die lokasie hulle intrek wil neem.

Die onwettige binnekoms van persone in die lokasie word beheer deur die hekwagte, periodieke sensusopnames, deur navraag en deur nagtelike klopjagte op verdagte persele.

Hekkontrole is, gedurende die dag, wanneer die grootste in- en uitvloei uit die lokasie plaasvind 'n onbegonne taak. Te strenge deurvoering daarvan, selfs net na die letter van die regulasies word ten gevolge van die groot ongerief aan die lokasiebewoners

siebewoners deur die superintendente as onwenslik beskou. Veel eerder word daar probeer om die samewerking van die inwoners te verkry deur by hulle 'n gevoel van verantwoordelikheid te kweek en weerbarstige gevalle deur direkte kontrole te hanteer.

As afhanklikes ingevolge die regulasies, word gereken alle kinders van verwante van die huishuurder in die lokasie mits die superintendent hulle goedkeur. Gewoonlik geld as algemene reël dat alle verwante van die gesin van die huishuurder, een generasie ouer en een generasie jonger as afhanklikes erken word. Die goedkeuring van alle verwante uitgesonderd natuurlike aanwas word in elke geval egter op meriete behandel en gewoonlik geld as vernaamste oorweging die vermoë van so 'n persoon om elders akkommodasie te verkry. Getroude kinders wat in die lokasie groot geword het moet egter noodwendig as afhanklikes beskou word en aangesien ander moontlikhede van akkommodasie skraal is, is dit veral in hierdie gevalle waar ernstige sosiale misstande ontstaan. Kinders woon met hulle eggenotes by die ouers in en ingevolge die regulasies is die superintendente se hande in meeste gevalle gebind.

Die aangewese punt van optrede is daarom die inkorting van die binnekoms van alle loseerders in die lokasie. Streng beheer word toegepas en die superintendent reik dus geen permitte uit aan persone om iewers in die lokasie losiesplek te gaan soek nie. Vergunning om loseerders te herberg word slegs gemaak na deeglike ondersoek van alle moontlike sosiale toestande wat die toekenning van permitte onwenslik sal maak. Loseerders is egter vir die meeste naturelle 'n ekstra bron van inkomste en die streng optrede van die superintendent word deur baie naturelle afgeskryf as moedswillige kwaadwillige optrede.

Loseerders moet 'n vasgestelde maandelikse bedrag aan die administrasie betaal, een sjieling. Verder is daar geen beperking op die ooreenkoms wat hulle met die huisbaas aangaan nie. Ons ondersoek het gevalle getoon waar loseerders geen huur betaal nie, dan is hulle gewoonlik verwant aan die huishuurder. In ander gevalle wat onder ons aandag gekom het betaal die huishuurder/..... © University of Pretoria



huurder en die loseerder maandeliks om die beurt die totale huishuur aan die administrasie. In die meerderheid van gevalle betaal die loseerder egter ongeveer £1 per maand. Die huishuur in die lokasie is egter so laag (1952) dat selfs dit daarop neerkom dat die loseerder steeds 50% en meer van die maandelikse huur van die huis moet betaal. Hierdie toestand word deur die administrasie as ongesond beskou maar hulle hande is gebind daar dit 'n onderlinge reëling is tussen huisbaas en loseerder wat selde of ooit inmenging regverdig.

### 3. Straathandel.

Soos on in die vorige hoofstuk aangedui het word die toekenning van handelslisensies gereël volgens die betrokke munisipale bywette. Dit geld egter slegs handel wat vanaf 'n perseel in die lokasie gedryf word. Hiermee het die superintendent, behalwe vir sover dit sy goedkeuring moet wegdra, niks te make nie. Kramery op straat word deur die lokasieregulasies toegelaat op voorwaarde dat sodanige lisensie nie die houer die reg sal gee om elders dan in die lokasie straathandel te dryf nie. Hierdie bepaling is moeilik om toe te pas daar die bevolking gedurende die dag nie genoeg is in die lokasie om 'n standvastige ~~kl~~andisie te verseker nie. Om hierdie rede word geen kramery-lisensie in die lokasie toegestaan nie. Dit sou in die eerste plaas tot nadeel van die houer daarvan strek. Hierdeur is egter na die ander uiterste toe oorgegaan en die superintendent het dit goed gevind om 'n middeweg te volg en kramery op beperkte skaal wel toe te laat. Daarom word veral ou naturellevrouens wat 'n sukkelbestaan voer toegelaat om op sentrale plekke sonder lisensie allerhande lekkernye te verkoo. Omdat hierdie vergunning geen wetlike dekking het nie en onderhewig is aan die summere opskorting van die superintendent, voel die naturelle hulle in hierdie "reg" bra onveilig en periodieke agitatie vir die verkryging van wetlike dekking kom daarom voor. In die toekenning van hierdie voorreg moet die superintendent weereens omsigtig te werk gaan sodat die goeie doel waarvoor dit ingestel is nie deur misbruik totale opskorting nodig maak nie.

#### 4. Uitsetting uit die lokasie.

Die magte wat deur die lokasieregulasies aan die superintendent gegee is om inwoners op grond van oortreding uit die lokasie te sit, is 'n bron van veel bekommernis vir die inwoners en die uitoefening van hierdie gesag verskaf die superintendent heelwat moeilikheid. Elke huishuurder wie se huur agterstallig is kan daarvoor gedagvaar word en by verdere wanbetaling uit die lokasie gesit word. Inkomste is egter laag en ten gevolge van siekte of afdanking dikwels onseker. Baie huishuurders is daarom kronies agterstallig in die betaling van hulle huur. As administratiewe reëling geld egter dat slegs alle persone wat meer as twee maande agterstallig is gedagvaar word. Slegs 'n opgeskorte vonnis word opgelê en die naturel het dan verdere geleentheid om sy sake in orde te bring. Na so'n dagvaring gedien is, kom die huishuurder gewoonlik kla en vra vir verdere uitstel, die werklike rede vir die wanbetaling bv. tydelike werkloosheid word ook verduidelik. Ons ondersoek het onteenseglik getoon dat die administrasie in sulke gevalle nie bloot begaan is oor inkomste nie. Hulle besef dat akkommodasie elders as in die lokasie moeilik bekombaar is. Indien 'n persoon se rekord of posisie dit regverdig sal die superintendent hom by so'n verduideliking 'n verdere kans gee om sy huur aan te suiwer. Die superintendent gebruik hier sy diskresie en behandel elke geval op meriete. Weereens dus 'n geval waar hy in die uitvoering van sy plig moet diskrimineer in sy optrede.

Dit moet onthou word dat hy hierdie diskresie alleen kan gebruik waar besondere toestande hom ter ore kom. Gewoonlik kom dit na hom deur die betrokke blokman wat die wanbetaler na sy kantoor vergesel om hom sy saak te help stel. Die klagte is daarom aan ons geopper (hiervoor kon ons geen direkte bewyse vind nie) dat die blokmanne en hulle komitees, synde saamgestel slegs uit lede van een party, in hoofsaak slegs die probleme van lede van hulle party binne die blok behartig. Ons wil slegs hier daarop wys dat die superintendent nie oor die personeel beskik om klagtes van hierdie aard deeglik te onder-

soek nie. Tereg steun hy hier op die tussengang van die blokkomitees. Indien die blokkomitees in hulle aanbieding van sake egter diskrimineer volg dit logies dat die hele superintendentsadministrasie daarop ook 'n politieke kleur kry. Klagtes van sodanige partydigheid het in die verlede daartoe gelei dat inwoners in die aanbieding van hulle klagtes nie van die dienste van blokmanne gebruik maak. Om tussen al hierdie groepsbelange wat aan die superintendent opgedis word sy weg in alle regverdigheid te vind word op die lange duur 'n onmoontlikheid

Op die keper beskou het die superintendent ondanks die regulasies in werklikheid nie absolute uitsettingsmag nie. Ondervinding het geleer dat die hof wat so'n uitsettingsbevel moet wettig indien dit teengestaan word die feit in aanmerking neem dat daar kwalik akkommodasie elders beskikbaar is vir mense wat uit die lokasie uitgesit word. Nogtans voel die naturelle inwoners hulle onder die uitsettingsbepalings uiters onseker want enige klagte oor die lokasieregulasie begin gewoonlik met 'n verdoeming van die reg tot uitsetting van die superintendent.

##### 5. Oprigting van buitegeboue.

Die regulasies van die lokasie maak daarvoor voorsiening dat die superintendent toestemming kan verleen vir die oprigting van buitegeboue mits dit van goedgekeurde en duursame konstruksie sal wees. Die persele in die lokasie is egter so klein dat dit as administratiewe reëling geld dat naturelle nie toegelaat word om sulke toevoegings op te rig nie. Aangesien daar geen garages by die huise in Atteridgeville verskaf word nie en heelwat naturelle hulle eie vervoer besit laat die superintendent egter toe dat die naturelle sodanige geboue oprig volgens goedgekeurde plan, grootte, materiaal en standaard van afwerking. Die superintendent ondervind egter las met hierdie vergunning daar sommige aansoekers van die guns misbruik maak. Die administrasie het ons gevalle genoem waar besondere naturelle na goedkeuring van 'n motorhuis van standaardgrootte dit by oprigting vergroot het tot 'n saaltjie om onder andere, addisionele slaapplek te verkry. In sulke gevalle moet die geboue

© University of Pretoria

dan,/.....

dan, soos verwag kan word, dadelik weer afgebreek word.

#### 6. Rapportering van misstande.

Ten gevolge van gebrek aan voldoende personeel sowel as ten gevolge van die onwenslikheid om administratiewe maatreëls met 'n ysterhand toe te pas, probeer die superintendent om in so veel gevalle moontlik, van die hulp van die inwoners gebruik te maak in die verkryging van besonderhede oor toestande in die lokasie. Op die wyse moet alle geboortes, sterfgevälle, siekte of slegs die aanwesigheid van besoekers aan die superintendent gerapporteer word. Die praktyk het egter bewys dat die bereidwilligheid van die meeste lokasie-inwoners om saam te werk om hierdie noodsaaklike gegewens te verkry, uiters onbevredigend is. In die praktyk is die superintendent dus gedwonge om hom vir die doeleindes van statistiek te verlaat op die gegewens oor siekte, sterfgevälle en geboortes wat deur die munisipale kliniek aan hom verskaf kan word.

Die insameling van gegewens van hierdie aard asook die aanwesigheid van vreemde besoekers in die lokasie en ten laaste ook die aanwysing van diegene wat munisipale eiendom in die lokasie beskadig, is iets wat na die oordeel van die administrasie met reg verwag kan word dat dit deur die blokkomitees behartig sal word. Dit geskied egter nie. Ons wil geen besondere rede vir hierdie toestand aanvoer nie.

Die afkeer teenoor diegene wat die bome langs die strate beskadig is duidelik aanwesig by al die volwasse naturelle maar die vermoë of gewilligheid om die skuldiges selfs wanneer die klaer ooggetuie was van so'n voorval uit te ken ontbreek feitlik geheel en al. Hierdie verskynsel van onvermoë onder die naturelle om die verwagtings van die administrasie te vervul dwing die superintendent om d.m.v. patrollies en klopjagte skuldiges op heterdaad te betrap. In die oë van die naturel is die oortreding nie begaan teenoor die Bantoe-gemeenskap in die lokasie, as sodanig nie, maar bloot slegs teen die blanke administrasie.

#### 7. Kafferbier.

## 7. Kafferbier.

Die voorsiening van en die beheer oor die brou van kafferbier deur die inwoners in die lokasie het die superintendent in die verlede ernstige hoofbrekens besorg.

In die verlede is bier vanaf die Munisipale biersaal aan 'n biersaal in Atteridgeville gelewer vanwaar die inwoners dit kon verkry. Die reëling was egter vir die inwoners onbevredigend en heelwat onwettige brouery het plaasgevind. Klopjagte het gevolg. Dit is waargeneem deur die S.A. Polisie. Die uitgooi van oortollige bier was vir die lokasie-inwoners 'n gruwel. Die wrywing waarmee hierdie en enige ander klopjagte noodwendig gepaard gaan het die Stadsraad op aandrang van die inwoners van die lokasie laat besluit om die tuisbrou van kafferbier voorwaardelik toe te staan. Vandag is elke huishuurder dus geregtig om te eniger tyd die maksimum van vier gelling kafferbier op sy perseel te hê vir huisgebruik. Vir hierdie onderlinge reëling tussen die lokasie-inwoners en die Stadsraad bestaan daar geen wetlike toestemming nie.

'n Verdere bepaling van hierdie "Gentleman's agreement" (die naturelle noem dit so) is, dat geen ongesonde brouers soos Skokiaan en Barberton gebrou mag word nie. Tesame met hierdie reëling en ooreenkoms is die Polisie gevra om hulle klopjagte in die lokasie te staak. Oortredings kom egter nog voor. Die klopjagte word nou egter net deur die munisipale polisie waargeneem. Oortreders van die ooreenkoms ten opsigte van kafferbier word nie voor die magistraat of superintendent gedaag nie: hulle word voor die betrokke blokkomitee gebring, en daargestraf. Die normale vonnis is verbod op die brou van bier vir 'n bepaalde periode. Hierdie strawwe word self deur die blokkomitee gekontroleer en sover ons kon vasstel werk die stelsel baie bevredigend want enige aanhoudende wantoestande wat nie deur die naturelle self opgelos kan word nie, sal die voortbestaan van die hele stelsel in gedrang bring. Mens moet hierdie ooreenkoms in Pretoria sien nie as 'n uitdruklike poging om deur die swaard van Damocles oor die naturelle se koppe te

hou, hulle te dwing om die stelsel te laat werk nie, maar as 'n vergunning wat verleen is aan mense wat moet bewys dat hulle die vergunning waardig is.

### 8. Samewerking.

In die voorgaande het ons reeds verwys na sommige gevalle waar daar 'n gebrek aan die nodige samewerking is tussen die verskillende administratiewe instellings in die lokasie. Dit geld hier in hoofsaak die samewerking tussen die superintendent en die verskillende blokkomitees. Oor die algemeen was ons indruk dat die samewerking tussen die twee eenhede bevredigend is. Daar is egter 'n groot verskil tussen onderlinge vertroue en onderlinge samewerking.

Die belangrikste gebrek in die huidige stelsel van administratiewe verbintenisse soos dit deur sommige administratiewe amptenare gerapporteer word is die feit dat die blokkomitees as administratiewe instellinge onder die superintendent nie deur die superintendent verantwoordelik gehou kan word vir hulle foute nie. Die superintendent bly in alle gevalle finaal verantwoordelik vir enige fout wat in die totale administrasie begaan word sonder dat hy dus in alle gevalle die herhaling daarvan kan voorkom. Hierdie feit werk sekerlik beperkend op die omvang waarin die superintendent in staat is om saam te werk met die blokkomitees waar die beheer in die hande van die naturelle self is.

In sy samewerking met die Adviserende Komitee ondervind die superintendent die werking van party-politieke vooroordeel so sterk dat dit vandag feitlik onmoontlik geword het om 'n bepaalde voorstel op meriete deeglik te bespreek selfs in kamera tussen die superintendent en die blokmanne (lede van die Adviserende Komitee) sonder om te voel dat daar onderhandel word met een hegte, uit-een-mond-sprekende groep. 'n Voorbeeld van wat hier bedoel word is die volgende: Ons onderskei drie politieke partye in die lokasie d.i. die Namuneparty, die Kgudu-Morōhōparty en die Transvaal party, met elk 'n eie partykleur rooi, groen en grys onderskeidelik. In die afgelope aan-

tal jare was die Namune party aan bewind. Gedurende die aanvangsjare van hierdie ondersoek het een van die superintendente van Atteridgeville dit aan die lede van die Adviserende Komitee voorgestel dat die huise van die lokasie weer geverf moet word. Sy voorstel was dat al die dakke rooi geverf moet word en al die deure en vensters groen. Die voorstel is bespreek en onder beskuldigings van partydigheid van die superintendent vir die opposisie party verwerp. 'n Deputasie na die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake het gevolg waarin hierdie beskuldiging van partydigheid herhaal is. As iemand wat kort tevore in die lokasie aangestel is kon die superintendent geen verduldiliking vir die aantyging verskaf nie. Navraag het egter getoon dat hy van partydigheid beskuldig word omdat hy die deure en vensters in die lokasie groen geverf wil hê: die kleure van die opposisie party. Die rooi dakke het egter die Adviserende Komitee se goedkeuring weggedra. Hulle voorstel was dat die munisipale verwers al die dakke moes rooi verf en dan die inwoners van elke huis vra watter politieke party hulle steun. As hulle aan die Namune party behoort moet die vensters en deure ook rooi of oranje geverf word. As hulle aan die opposisie partye d.i. Kgudu Morôhê of die Transvaalparty behoort dan mag hulle deure en vensters groen en grys geverf word volgens die party aanhorigheid. Die Stadsraad het toe op 'n neutrale kleur - bruin, besluit.

In hierdie stadium is dit nodig om aan te stip dat die administrasie van die lokasie of die Stadsraad self op geen wyse verplig is om die aanbevelings van die naturelle by monde van die Adviserende Komitee aan te neem nie. Die instelling van die blokkomitees en die sub-komitee vir behuising het egter die saak verander. Ons het daarop gewys dat die besluite van die komitees onderhewig is aan 'n vetoreg van die administrasie, asook dat hierdie vetoreg nog nooit gebruik is nie. In die praktyk dus kom dit daarop neer dat veral ten opsigte van die laasgenoemde twee komitees die lokasie-administrasie nie sal vlot sonder ten minste die minimum samewerking tussen naturelle

en superintendent nie.

Die superintendent van die lokasie vul sy posisie uit hoofde van sy aanstelling en moet onder verantwoording aan hoër administratiewe gesag sy regulasies toepas, hy is nie daargestel volgens die wens en kontrole van die lokasiebewoners nie. Oor sy eie administrasie is hy op geen wetlike wyse gebind om enige naturel te raadpleeg nie. Nogtans word dit gedoen. Hy besef egter dat die verkryging van die steun van die inwoners van die lokasie alleen langs hierdie weg geleë is. Daarom werk hy so nou saam met die verskillende blokkomitees. Die ongelukkige is egter dat die samewerking van die kant van die naturel in die toepassing van wat vir hom dikwels onnodige regulasies voorkom, kwalik verkry kan word.

#### D. DIE KOÖRDINERENDE POSISIE VAN DIE SUPERINTENDENT.

Ons het reeds by implikasie daarop gewys dat die superintendent se posisie in die lokasie-administrasie een is waar alle drade bymekaar kom. In sy administratiewe hoedanigheid kontroleer die superintendent die aktiwiteite van die verskillende blokkomitees en die sentrale blokkomitee. In sy samewerking met hierdie laasgenoemde komitee kom hy op administratiewe basis nou in aanraking met die verskillende blokmanne wat ook die verkose Adviserende Komiteelede is, die verteenwoordigers van die inwoners van die lokasie. Hy is dus instaat om ook hulle te beïnvloed om 'n rigting in te slaan wat in coreenstemming is met die van die administrasie. Sy lidmaatskap van die Subkomitee vir Behuising spreek vanself.

Benewens hierdie administratiewe posisie van koördinasie was die superintendent in die verlede ook lid van die skoolkomitees van al ses die skole wat in Atteridgeville bestaan. Vandag egter het hierdie gebruik, wat hom die geleentheid gee om die aktiwiteite binne die lokasie ook op ander terreine te koördineer in onbruik geraak. Die superintendent bly egter nog vir al die inwoners in die praktyk die oord by wie klagtes oor alle moontlike onderwerpe ingedien word, en in die afhandeling van hierdie sake moet die superintendent dikwels selfs ingryp in rusies van suiwer huishoudelike aard tussen familie of bure.



## H O O F S T U K VI.

### DIE HISTORIESE ONTWIKKELING EN AANDEEL VAN POLITIEKE PARTYE IN DIE VERKIESING VAN IEDE VAN DIE ADVI- SERENDE KOMITEE.

#### A. INLEIDEND.

Ons het reeds by herhaling in die verbygaan daarop gewys dat die Adviserende Komitee in Pretoria verkies word in 'n politieke verkiesingstryd tussen verskillende partye. Alvorens ons aandag kan gee aan die wyse waarop die Adviserende Komitee hulle pligte vervul as die verkosenes van die inwoners van die lokasie moet hierdie partyverdeling aandag ontvang.

Die politieke partye het op een na almal reeds bestaan toe die naturelle van Marabastad na Atteridgeville verskuif is. Die verskille tussen hierdie partye is net soos by blankes verklaarbaar en verduidelikbaar aan die hand van 'n historiese oorsig oor die ontstaan en invloed van opsplitsing deur onderlinge verskille. 'n Oorsig van die ontstaan en opkoms, versplintering en oorwinnings en nederlae van hierdie partye is noodsaaklik om die leser 'n beeld te gee in historiese perspektief van die partyverdeling soos ons ondersoek dit in die lokasie aange-tref het. Hierdie politieke partye bestaan en funksioneer net soos die Adviserende Komitee vir al die lokasies in Pretoria uitgesonderd die lokasie Vlakfontein wat nie hier bespreek word nie. Om 'n getroue weergawe van die toestande te kan gee moet ons dus weereens die situasie in sy breëre Pretoria-verband beskou.

Ons wil dit graag op hierdie stadium beklemtoon dat ons onself in geen opsig met die doelstellings of optrede van een bepaalde politieke groep vereenselwig nie. Ons doel is om die goeie en die slegte in die stelsel eerder as die eenhede wat daarbinne werkzaam is aan te dui. Waar ons in ons uiteensetting van hierdie stelsel 'n weergawe gee van die onderlinge meningsverskille en vooroordele word dit slegs feitelik weergegee soos ons dit bepaal het aan die hand van offisiële stukke wat tot ons beskikking gestel is en soos ons dit verneem het

uit die mond van leiers en lede van die verskillende partye.

## B. DIE BESTAAN VAN VERSKILLENDE PARTYE.

Gedurende 1948 het die Kgudu Morôhê party 'n memorandum aan die munisipale administrasie voorgelê waarin ons onder andere lees: "We beg to point out that there are two big political parties in the Pretoria Municipal Locations. The Kgudu Morôhê and Namune . . . . . , whether these parties are recognized by the City Council of Pretoria or not, the fact remains that they do exist and both of them work on party lines." Gedurende dieselfde jaar het 'n derde party, die Transvaal party, of na sy volle naam Iekgotla la Kopano ya bana ba Transfala (die vergadering van die kinders van Transvaal), tot stand gekom.

Die twee partye wat aanvanklik genoem is, is reeds baie oud en verteenwoordig tesame 'n politieke eenheid wat reeds in 1927 bestaan het. Baie lank dus, voor die natuurlike na Atteridgeville verskuiwe sou word.

### 1. Historiese ontwikkeling van die huidige party-verdeling.

Oorspronklik was daar in Marabastad en Bantule slegs een organisasie wat die belange van die natuurlike teenoor die Stadsraad behartig het nl. die "Location Rentpayers Association" onder leiding van Simon Peter Matsêkê. Binne hierdie groep was ingesluit, volgens ons inligting, alle huurders van persele en huise wat aan die Stadsraad behoort het. Binne veral die huise van diegene wat persele gehuur het en self hulle huise gebou het, was daar 'n verdere groep nl. die loseerders wat uit hoofde van die feit dat daar geen kontrak tussen <sup>die</sup> munisipaliteit en loseerders bestaan het nie, geen besondere politieke aanhorigheid gehad het nie.

Hierdie organisasie wat Matsêkê gestig het was volgens ons informasie, ingeskakel by die "African National Congress" waarin Matsêkê ook 'n belangrike rol binne Transvaal gespeel het. Alle lede van die Association was ipso facto ook lede van die A.N.C. Voor hierdie tyd was Matsêkê ook 'n leier in die "Industrial and Commercial Workers Union". In sy gedagtes en

aspirasies was hierdie leiers dus op 'n breë uniale grondslag georiënteer. Dit was die toestand in die laat twintiger jare. As vernaamste onderleiers het Matsêkê gehad Alfred H.S. Sehloho en John Lekgetho. Eersgenoemde is vandag die leiers van die Namune party en laasgenoemde is tans (1952) 'n munisipale amptenaar en mag as sodanig nie meer aan die politiek deelneem nie.

#### DIE VERKIESING VAN 1930.

Hoewel daar reeds vroeg struwelinge binne die Association was, het dit eers tot splitsing gelei na 1930. Die leiers van die twee groepe wat stry gekry het was Matsêkê en Sehloho. Sehloho het hierna sy eie party gestig nl. die Namune of „The Pretoria location Residents Association” terwyl Matsêkê se groep hulle naam verander het tot „The United Congress Civic Party” in die wandel bekend as die Kgudu Morôhô.

Die huidige Namune groep het as die vernaamste redes vir hierdie splitsing aangevoer: „We did not want the Association (Rentpayers) to associate with our national movement, the African National Congress. We wanted it purely as a civil association.” Die meer algemeen genoemde rede vir hierdie breuk was egter die volgende.

Marabastad as geheel is verdeel in 'n area waar kleurlinge kon woon en persele huur en 'n natuurlike gedeelte waar hulle kon huur en bou. Die Rentpayers Association het die hele lokaasie beskou as 'n natuurlike woongebied en het geargumenteer dat die natuurlike wat kon, toegelaat moes word om ook in die kleurling gedeelte persele te verkry. 'n Sekere Macdonald Molefe het dus in die jare aansoek om so 'n perseel gedoen, die Stadsraad het die aansoek geweier en met die steun van die Rentpayers Association het hy die saak na die Hooggeregshof geneem. Die saak is verloor en met koste verwerp. Daar is vervolgens geappelleer. Ook hier is die saak verwerp. Die uiteinde was dat die Rentpayers Association van hulle ondersteuners 'n bedrag/moes sowat £400 invorder om die koste te dek.

Sehloho se groep het die saak ondersteun sover as die Transvaalse afdeling van die Hooggeregshof maar het die daarop-

volgende appélas geldnors afgewys. Die lede van hierdie groep was hoofsaaklik mense wat reeds persele in Marabastad gehuur het en sou dus niks wen met enige appél nie. Matsêkê se groep het egter die appél gesteun omdat onder hulle heelwat huurders van munisipale huise was wat graag persele wou bekom. Sehloho se groep die Residents Association het dus in teenstelling met die Rentpayers Association onder Matsêkê besluit om geen pennie tot die hofonkoste by te dra nie.

Ons moet in alle billikheid verduidelik dat daar naas hierdie ernstige beginsel-verskil ook ander verskille tussen die leiers van die twee groepe moes gewees het. Die ondersteuners van elke leier het kant gekies volgens persoon en nie volgens beginsel nie, want die kennis van die gemiddelde lokasiebewoner, uit hierdie tyd oor die feite van verskil is uiters skraal. Die Namune onder Sehloho was in elk geval nie sterk genoeg om die 1938 verkiesing te wen nie.

#### DIE VERKIESING VAN 1938.

Matsêkê met sy medeleiers Lekgetho en Koos Matli het hierdie verkiesing gewen en die voorgestelde verskuiwing na Atteridgeville goedgekeur. Aangesien Sehloho en sy groep die teenstanders was het hulle die verskuiwing teengestaan en aan die kiesers verduidelik dat Matsêkê besig was om hulle belange tot voordeel van die blanke munisipaliteit op die agtergrond te skuiwe. Die propaganda wat op skrif gestel is gedurende hierdie periode was besonder bitter.

Die vernaamste punt wat as praktiese verskil aangegryp is was die kwessie van kompensasie aan die inwoners van Marabastad wat hulle eie huise as eiendom besit het. Matsêkê het in sy ondersteuning van die verskuiwing na Atteridgeville die steun gehad van die naturelle, wat munisipale huurhuise in Marabastad en Bantule bewoon het en wat in die verskuiwing 'n verbetering van hulle toestande gesien het, sowel as die steun van sommige huiseienaars wat die verskuiwing goedgesind was. Hiernaas kon daar op die steun gereken word van die groot aantal loseerders of onder-huurders wat in die verskuiwing na Atteridgeville die

moontlikheid gesien het van die verkryging van 'n eie huis as ook stemreg in lokasie-aangeleenthede. Vir die meerderheid van Matsêkê se ondersteuners was kompensasie hoewel 'n noodsaaklikheid, nie<sup>die</sup>/alles oorheersende faktor en voorwaarde vir verskuiwing nie.

Met die ondersteuners van die Namune party was die toestand anders. Die grootste gedeelte van hulle was huiseienaars en kompensasie het vir hulle die terugbetaling van bestede kapitaal beteken.

Kompensasie by so'n verskuiwing word per. regulasie voorgeskryf in Skedule B van die lokasieregulasie Admin. Kg. nr.561/25 soos gewysig, en sou dus ook in hierdie geval betaal moet word. Dit word deur verskeie van ons informante beweer dat daar toe deur die Namune party propaganda versprei is dat Matsêkê gewillig sou gewees het om die naturelle sonder kompensasie te laat verskuiwe. Hulle het hulleself as kampvegters van voldoende kompensasie voorgelou en benewens kompensasie vir die verlies van<sup>hulle huise</sup> ook kompensasie vir die verlies van loseerders of sub-huurders geëis. Hierdie propaganda het diep ingeslaan. Alle huiseienaars het besef dat indien die verskuiwing plaasvind, hulle sou moes klaarkom sonder die inkomste uit loseerder-huur. Die kleiner maar beter geboude huise te Atteridgeville sou loseerders uitskakel. Veral die weduwees en ander vrouens wat huise besit het in Marabastad sou hierdeur van hulle hoof bron van inkomste beroof word. Daar word selfs deur een informant vertel van 'n byeenkoms in 'n saal te Marabastad toe Sehloho se ondersteuners gebid het om sy hand in die saak te sterk. Daar is gebid: "Ag Vader, - help ons, - re thuse Morêna, u eme le Sehloho - geweën -. "(Help, ons Vader, wees met Sehloho.) Offisieël erken die Namune party vandag nie veel van hierdie toestande nie. Hulle sê: "In the first place the people didn't want to be removed from Marabastad, (They were afraid) that they will be deprived of the little rights they have," bedoelende die reg van onderverhuring, en eiendomsreg oor huise. Hulle ontken die agitاسie vir kompensاسie vir loseerders maar ander bronne bevestig dit eenparig. Hulle be-

weer hulle wou slegs gehad het dat die huiseienaars genoegsame kompensasie vir die boustruktuur moes ontvang en na Atteridgeville verskuif word op voorwaarde dat hulle dieselfde regte nl. eiendomsreg op huise, daar sou ontvang. Tog beskrywe hulle Matsêkê se houding oor kompensasie as "rather rash".

Kompensasie is uiteindelik uitbetaal volgens die gemiddelde waardasie van die eiendomme deur twee verskillende waardeerders, een aangewys deur die Stadsraad en die ander aangewys deur die naturelle self. Soos een informant dit uitgedruk het. Elkeen is uitbetaal, "die wat sleg gebou het met second hout en second mazenke £10 en £20 en die ander wat nuwe goed ingesit het £100 en £200. Hulle het al hulle ekpensasies gekry." In alle regverdigheid meld ons egter hier dat by so'n uitbetaling depresiasie in waarde t.g.v. ouderdom van die geboue ook in aanmerking geneem word.

Naas bogenoemde belangrike verskille tussen die groepe wat splitsing teweeggebring het is daar ook ander minder belangrike verskille wat uit hierdie dae dateer. Die verpligte mediese ondersoek ten opsigte van volwasse manlike persone is deur Matsêkê, so word vertel, ondersteun. Dit is 'n feit soos blyk uit onlangse teenpropaganda dat daar toe deur sommige van die Namune party beweerd is dat alle vrouens wat na Atteridgeville verskuif sou word deur blanke seuns naak ondersoek sou word. By implikasie sou Matsêkê ook dit goedgekeur het. Verder is werklik beweerd, soos verhaal, in die woorde van 'n memorandum aan die administrasie: "They (die Namune) invented and spread the insidious propaganda that the Board (Matsêkê en sy mense) and the Council, by having agreed to the establishment of a location near the Leper Institute (Atteridgeville is redelik na aan die inrigting geleë) had plotted to blot out the people for, said they, leprosy being a contagious disease, it would be introduced into Atteridgeville by the first wind, thereby exterminating the people. Said they further, the then Board and the Council had arranged that as a preliminary of their admission into Atteridgeville women of all ages would be examined in the

nude by young, undisciplined Dutch Boys. Said they finally, if in the end Marabastad were removed, they would either go elsewhere or be the last to go to Atteridgeville." Hierdie sake kon nie anders as om 'n invloed te gehad het op diegene wat Matsêkê ondersteun het nie. (Dit is verder interessant om reeds hier daarop te wys hoe suiwer administratiewe reëlings soos die prosedure by verskuiwing waaroor die Adviserende Komitee slegs advies kon gee, maar dit beslis nie verander nie, deur die ander kant gebruik word as 'n aanduiding dat die belange van die kiesers nie deeglik behartig word nie. Die flatters van die administrasie word vandag nog steeds op die rekening geplaas van die party wat aan bewind is.)

Matsêkê het 'n verdere deel van sy volgelinge verloor oor teenpropaganda oor sy houding ten opsigte van huurvermindering in Bantule. Hy het so word beweer, in hierdie periode van die Stadsraad die belofte ontvang dat hulle 'n vermindering van huur ten opsigte van huise wat die eiendom van die Raad is in die lokasie sou oorweeg mits die huurders gewillig sou wees om 'n coreenkomstige verlaging van die huur aan hulle loseerders toe te staan. Baie huurders was hieroor ontevrede. In teenpropaganda is gesê: „Matsêkê wil ons huise verniet hê, dat die mense (huurders) verniet lewe in ons huis. Daar het die groot dispute uitgekóm. Jy wil ons huis verniet hê om aan die huurders te gee.”

#### DIE VERKIESING VAN 1941.

Deur al hierdie propaganda en teenpropaganda het daar gangedeweg 'n omgeswaai in die kiesers se gesindheid ontstaan. Met die 1941 verkiesing het die Namune 9 van die 10 setels in die Adviserende Komitee verower. Koos Matli van die Kgudu Morôhó, Matsêkê se party, was die enigste amptelike opposisielid in die komitee. Hy het sy plek gevul na lotsbeslissing omdat hy dieselfde hoeveelheid stemme as die laaste moontlike suksesvolle Namunekandidaat getrek het.

In 1942 is daar twee van die Namune lede van die Komitee weens wangedrag uit die Komitee geskors. In die tussenverkiesing/.....

sing wat gevolg het, het nog twee van die Kgudu Morôhê party se kandidate die paal gehaal. Die stand van die partye in die Komitee was nou 7 Namune en 3 Kgudu Morôhê. In 1941 reeds is een van hierdie twee nuwe lede nl. Lekgetho deur Matsêkê as sy opvolger benoem.

Die 1941 verkiesing was 'n bitsige geveg. Van weerskante is daar lasterlike dinge teenoor mekaar as leiers gesê. Die verkiesing is dus as 'n toegif verder in die hof uitgeweg.

Dit was gedurende die bewind van die Namune party dat die blokstelsel wat kort tevore ingestel is so'n groot mislukking was. Blokmanne kon nie met hulle komitees wat deur die inwoners van die blokke verkies is klaar kom nie en uiteindelik is die stelsel afgeskaf soos ons reeds in hoofstuk IV verduidelik het.

#### DIE VERKIESING VAN 1943.

Alvorens ons aandag gee aan die 1943 verkiesing wat met 'n verdere fiasko gepaard gegaan het, wil ons aantoon hoe die Kgudu Morôhê party reeds gedurende hierdie tyd tekens van latere interne splitsing vertoon het. As leier was daar Lekgetho en onder hom was Matli die vernaamste persoon. Matli as ouer persoon het gesteurd gevoel dat die leierskap deur Matsêkê aan Lekgetho gegee is en nie aan hom nie. Laat in 1942 na die mislukking van die blokstelsel het die Stadsraad besluit dat geen munisipale amptenaar voortaan aan politieke agitatie sou deel neem nie en nie verkies sou kon word op die Adviserende Komitee nie. Benewens twee lede van die Namune party in die Komitee sou ook Lekgetho hom dus nie weer vir die 1943 verkiesing verkiesbaar kon stel nie. Sy aanhangers moes hulle dus elders skaar. Matli, Lekgetho en Mîni as die Kgudu Morôhê lede van die Namune bewind moes hulle dikwels as Komiteeledesamewerking met die Namune laat welgeval. Dit het die buitestaande leiers van die Kgudu Morôhê gegrief. Die vernaamste van hierdie persone was C.B. Mbolêkwa. Hy het dus sover moontlik propaganda gemaak om homself as leier verkies te kry wanneer Lekgetho noodgedwonge uit die politieke lewe moes uittree en Matli dus verantwoording sou moes doen van die klagtes van



samewerking met die Namune lede van die Komitee. Mini was van mindere belang.

Mbolekwa is iemand wat hom in die loop van sy politieke loopbaan baie vyande op die hals gehaal het. Een van hulle het ons verkleinerend meegedeel: „He's a man who is interested in the winning side.“ Dit is sover ons kon vasstel korrek om te sê dat hy aanvanklik 'n volgeling was van Sehloho maar in 1938 toe die Kgudu Morôhô gewen het, het hy sy steun aan Matsêkê gegee. Na 'n kort periode in die leër het hy in 1941 weer tot die politiek toegetree en het gou opgang gemaak.

Die 1943 verkiesing verskaf 'n mooi beeld van die feit dat die verdeling in partye eerder 'n verdeling tussen volgelinge van bepaalde leiers is eerder as groepe wat op beginselgronde van mekaar verskil.

Toe die kieserslys vir die verkiesing in 1943 opgestel is, is daar ten gevolge van 'n fout al die kiesers se name uitgelaat wat in die Kaaplokasie en die Asiate Bazaar gewoon het. Die regulasies het tot op hierdie stadium die grootste gedeelte van die Kleurlinglokasie en 'n gedeelte van die Asiate Bazaar ingesluit as kiesgebied vir die Adviserende Komitee. Die plan was egter om dit te verander. Op 19/3/43 het die voornemende kiesers in die Kaaplokasie die Stadsraad deur middel van hulle prokureur laat verwittig dat hulle van voornemens was om 'n interdik aan te vra wat die verkiesing as onwettig verklaar indien hulle name nie op die lys geplaas word nie. Die datum van die verkiesing was op die stadium reeds bepaal vir 31/3/43. Weens gebrek aan tyd (19/3/43 - 31/3/43) kon die Stadsraad nie aan hierdie versoek gehoor gee nie en op 25/3/43 en weer op 29/3/43 is daar toe petisies namens die inwoners van die betrokke gedeeltes in die gebied by die Hooggeregshof ingedien. Die regsadviseurs vir die verskillende partye het ooreengekom dat die hof die interdik sou toestaan en die verkiesing afgelas sou word om die Stadsraad die geleentheid te gee om die saak in die reine te bring. Hierdie interdik is op 30/3/43 toegestaan, een dag voor die voorgenome verkiesing. Kragtens Admin. Kg. 228

van 30/6/43 is die gebied onder dispuut uit die gebied waarvoor die Adviserende Komitee verkies word uitgesny. Die volgende verkiesingsdatum is bepaal vir 29/9/43 onder die nuwe regulasies.

Dit volg dus dat die lokasies vir die termyn 1/4/43 tot 29/9/43 sonder 'n wettige verkose Adviserende Komitee was. Die Stadsraad het daarom besluit om die ou Adviserende Komitee ook vir hierdie termyn te erken om kontinuiteit te verkry. Die Komitee was egter soos ons reeds aangedui het oorwegend Namune verteenwoordigers en hierdie handelswyse het die Kgudu Morôhê geweldig geaffronteer. Hewel hulle drie lede in die komitee gehad het, het hulle hierdie mense geheel en al versaak. Lekgetho as munisipale amptenaar was vir die toekoms nie van belang nie, Mini was 'n minder belangrike leier en Matli is dus te same met die ander beskuldig van samewerking met die Namune.

In hierdie tyd is Mbolekwa as leier van die party aangewys. Hy het homself Chief Whip genoem en openlik tevelde getrek teen hierdie onwettige erkenning. Hy het daarom die Stadsraad versoek om die onkoste wat deur die verskillende partye ten opsigte van die verkiesing aangegaan is aan hulle terug te betaal. Die Stadsraad het nie die reg van die partye om in hierdie saak op te tree erken nie, maar het besluit om aan elke kandidaat 'n bedrag van £2 uit te betaal om enige onkoste wat deur hulle persoonlik aangegaan is te vergoed. Desondanks is daar verdere wilde beskuldigings teen die Stadsraad geslinger wat in mondlinge propaganda verder uitgebuit is. So word beweer dat daar in April 1943 'n openbare vergadering belê is waarop 'n mosie van wantroue in die Adviserende Komitee aangeneem is.

Op 29/6/43 het die bestuurder van die Afdeling Nie-blanke sake 'n brief van die Kgudu Morôhê party ontvang, waarin onder andere die volgende gesê word: „the committee of my party having lost your confidence, has instructed me to request you to state the clause or the act or regulations" waaronder die diens tyd van die Adviserende Komitee verleng kan word. „It is clear that your department is determined to fulfil the wishes of some of your Bantu clerks, (Ex-Board-members), (hier word verwys na

Iekgetho van die Kgudu Morôhông, Moroe en Binda van die Namune party )and not the residents." Die dag vantevore het 'n groep van die Kgudu Morôhông party die raadskamer van die Adviserende Komitee binnegegaan terwyl die Komitee in sitting was en hulle self as 'n deputasie van die inwoners van die lokasie voorgestel. Hulle het onder leiding van Mbolêkwa te velde getrek teen die erkenning van die Adviserende Komitee. Een van die Komitee lede het volgens betroubare bron gesê: "These men of the opposition cannot really say they represent all the African inhabitants, they really came on their own behalf because they dislike a couple of the old Boardmembers." (Hier word verwys hoofsaaklik na die Stadsraads-amptenare wat op die Komitee gedien het. Die ander lede van die Komitee het hulle in dieselfde trant uitgelat ook Iekgetho en Matli as lede van die opposisie het hulle afkeur oor die optrede uitgespreek). Hierdie gebeure is effens volledig behandel omdat dit weereens 'n vingerwysing is na die feit dat die Adviserende Komitee verantwoordelik gehou word deur die opposisie politieke party vir enige flaters werklik of versin wat by die blanke administrasie van die lokasie self ontstaan. In hierdie geval selfs terwyl daar van hulle eie lede as opposisie in die Komitee aanwesig is.

Hierdie gebeure het die Kgudu Morôhông dan ook 'n geweldige morele oorwinning oor die Namune besorg en voorts tweedrag bewerkstellig tussen Matli en Mbolêkwa, albei van die Kgudu Morôhông party. Mbolêkwa was nou onbetwisbaar die leier. Die verkiesingspropaganda van die Kgudu Morôhông party het dan ook van hierdie gebeure getuig asook 'n aanduiding gehad van wie die werklike leier was: Mbolêkwa het militêre diens gedoen. Dit het soos volg gelui.

"V - Victory.

Kgudu Morôhông Civic Association stands for Victory of the Allied nations against the forces of Nazi Germany and other Axis Rogues and for the upholding of the Democratic form of Government in the Municipal Administration.

.....Kgudu wants no Intimidation, Victimization and Expulsion/..... © University of Pretoria

sion from work through pressure of Political Verneukery in Municipal services....."

„Issued by order.

Chief Whip of Kgudu Morôhê."

#### DIE VERKIESING VAN 1945.

Hierdie agitatie van die Kgudu Morôhê het Mbolêkwa in staat gestel om die verkiesings van 1943 en 1945 vir die Kgudu Morôhê te wen. Die Kgudu Morôhê het die Stadsraad in Oktober 1943 gevra om die blokstelsel weer in te stel. Van toe af da- teer die stelsel soos ons dit in 'n voorgaande hoofstuk verdui- delik het.

Die verskille tussen die twee politieke partye is dus nie groot ten opsigte van hulle optrede wanneer hulle eers aan be- wind is nie: Albei vind dat hulle eerder met die administrasie moet saamwerk in plaas van in die wiele ry. Daarom vind ons niks van hierdie geweldige ontevredenheid soos weerspieël in die bobeskrewe agitatie in die notules van die Adviserende Komitee nie. Die leiers van die partye erken dit self. Een van hulle het in kommentaar op die feit dat die verskille tussen die partye eerder geleê is in vetes tussen die verskillende leiers gesê: „The majority of the natives have not got the experience they just follow you blindly, they are like a lot of children really."

#### DIE VERKIESING VAN 1947.

Die 1947 verkiesing het weereens 'n warm stryd oorgelewer tussen die verskillende partye. Die oorsaak hiervan is te vin- de in die gebeure ten tye van die 1946 tussenverkiesing.

Die tussenverkiesing van 1946 het nodig geword omdat een van die lede van die verkose Komitee te sterwe gekom het. Die Kgudu Morôhê het as hulle kandidaat genomineer, E. Mkhobotloane. Die Namune party het I.B. Moroe genomineer. (Hierdie persoon was in 1943 nog munisipale amptenaar maar het intussen bedank). Die totaal van die genomineerde kandidate was egter vier. Dit was in die verlede die gebruik om, soos die regulasies bepaal het, die kandidate toe te laat om uit hulle geledere of ander-

sinds twee opsieners (scrutiniers) te benoem om die kiesbeampte behulpsaam te wees met die identifisering van kiesers. In die verlede is daar altyd ten gevolge van die feit dat die kandidate gelykop verdeel was een opsiener vir elke party verkies. Met hierdie verkiesing egter is albei opsieners, korrek volgens die bepalings van die regulasies, uit die ondersteuners van die Namune verkies. Die genomineerde kandidate het hulle so aangewys. Die uitslag van die verkiesing was 'n oorwinning vir die Namune (Moroe: 500 stemme, Mokhobotloane: 488 stemme, van die twee ander kandidate het een, een stem getrek en die ander geen stemme nie.)

Die Kgudu Morôhê het dadelik vuilspel beweër en die saak na die Hooggeregshof geneem. Op 11 November 1946 het Mokhobotloane 'n petisie ingedien teen Moroe en 11 ander persone waaronder die opsieners, die stembeamptes en die kiesbeampte, waarin hy aangevra het dat die verkiesing nietig verklaar word en 'n nuwe verkiesing gehou word of dat 'n hertelling van stemme gelas word nadat verdere stemaansoeke deur die hof oorweeg word, aangesien daar sekere onreëlmatighede was, aldus die petisie. Na deeglike ondersoek het die hof die aansoek met koste verwerp.

Die 1947 verkiesingstryd het dus in troebel waters geopen. Die Kgudu Morôhê het beweër, dat as die Namune 'n verkiesing kan wen deur soveel kandidate te laat nomineer dat hulle daardeur die opsieners kan verkies en so met die identifikasie van kiesers amok maak, kan hulle dit ook doen. Geweldigse organisasiewerk is gedoen, klagtes teen insluiting en weglatings uit die kieserslys het ingestroom, en kandidate is op groot skaal genomineer. Na sluiting van die nominasie was daar 170 wettig genomineerde kandidate waaruit 10 verkies moes word: Die kiesbeampte het toe besluit om elke party toe te laat om een opsiener te benoem. Sy stap en persoonlike invloed het die grootste gedeelte van die kandidate beweeg om hulle kandidatuur terug te trek. Die uiteindelijke totaal waaruit 10 verkies moes word was desondanks 82 waarvan baie nie eers een, d.w.s.

hulle eie stem getrek het nie.

Om 'n verdere herhaling van die toestand te voorkom is die regulasies per Admin. Kg. 818 van 3/12/47 so gewysig dat elke genomineerde 'n deposito van £5 by die kiesbeampte moet stort. Indien die kandidaat minder as die helfte van die aantal stemme verenig op die laaste suksesvolle kandidaat trek, word sy deposito verbeurd verklaar.

Die uitslag van die verkiesing was weereens 'n oorwinning vir die Namune party. Hulle het egter slegs nege kandidate verkies gekry. Die ander suksesvolle kandidaat was Matli. Hy en Maleka van die Namune party het dieselfde aantal stemme getrek en as die laaste suksesvolle posisie moes daar per lot beslis word. Die lot het Matli aangewys.

Na hierdie verkiesing het die Kgudu Morôhô party onder Mbolekwa openlik teen Matli gedraai en hom weereens beskuldig van ongeoorloofde samewerking met die Namune, want het hulle gesê: „Hy gaan altyd in as al die ander uitval.”

Hierdie aanhoudende twis tussen die leiers het ten gevolge gehad Matli sy eie party gestig het.

Mbolêkwa was 'n persoon wat oorspronklik van buite Transvaal gekom het. Matli was soos die meeste naturelle in die Pretoriase gebied in Transvaal gebore. Daarby was hy ten tye van die struweling en vandag nog die verteenwoordiger in Pretoria van die Bahwadubastan van kaptein Swartbooi Mathibe van Hammanskraal. Daar het by hom en by van sy persoonlike volgelinge die gedagte ontstaan om deur politieke agitatie die Pretoriase gebied gereserveer te kry as werksgebied vir mense wat in Transvaal gebore is. Die gedagte was egter om hierdie verandering nog onder die vaandel van die Kgudu Morôhô te loods. Met die struweling is toe besluit: „Hulle wou die tweede Kgudu maak, om te sê, Renewed Kgudu Morôhô.” Toe daar aan Matli gevra is om die leier te word van die „Renewed Kgudu Morôhô” wou hy eers Mbolêkwa daarvoor raadpleeg. Mbolêkwa het geweier om hom te woord te staan en propaganda teen hierdie verdelingsgedagte het dadelik begin. Volgens sommige van ons informante.

Matli/....

„Matli was told by Mbolêkwa plain and blank, you Transvaal people are uneducated groups. If you want to work anymore with me, you will have to open your own party.“

Daar is egter aanduidings dat die propoganda van Matli se ondersteuners ook ekstremisties van aard was. Hulle het gesê: „Ek is 'n Transvaler. Hoe kan ek gaan vote vir 'n kaal kaffer, Tamboekie, van die Kolonie. Ons is Transvalers, ons moet die beste werk hier kry. Onse kinders is nie mo-tsela-noka nie. (Mense van oorkant die rivier, Vaal). Hoe sê julle broers? Toe sê hulle: Jaaa, Jaaa. Toe gaan hulle na Matli en maak vir Mbolêkwa bietjie ligter terwyl die Namune solid gebly het.“

Die agtergeblewenes in die geledere van die Kgudu het by monde van Mbolêkwa en Mahlatjie, die sekretaris en Modise een van die jonger leiers beswaar aangeteken dat Matli sy party ook Kgudu noem. „As jy Kgudu wil wees moet jy die tweede Kgudu wees jy kannie die eerste wees nie.“ Matli se groep het toegegee en uiteindelik is besluit om die nuwe party „Lekgotla la kopano ya bana ba Transfala“ te noem of soos dit in die wandel bekend gestaan het : Transvaalparty.

#### DIE VERKIESING VAN 1949.

Die gevolg van hierdie nuwe verdeling was dat daar toe met die 1949 verkiesing deur aldrie partye kandidate gestel is. Deur die Namune, die Kgudu Morôhê en die Transvaalparty. Die uitslag hiervan was dat die Namune met 'n oorweldigende meerderheid ingekom het terwyl al die kandidate van die Transvaalparty hulle depositos verbeur het.

Dit is opvallend dat die Namune party gedurende hierdie tydperk van skeuring en splitsing binne die geledere van die opposisie sterk en verenigd gebly het. Splitsing is die gevolg van onenigheid onder die verskillende leiers. Die leiers van die Namune party is mense wie se persoonlikhede mekaar eerder aanvul in die behartiging van die leiding van die party.

Die 1949 verkiesing het weereens onenigheid veroorsaak binne die geledere van die agtergeblewene Kgudu Morôhê nadat Matli en sy groep van hulle weggebreek het. Na die verkiesing

moes daár aan die lede van die party, in praktyk aan die lede van die Uitvoerende Komitee van die party, verslag gedoen word deur die leier oor die besteding van die partyfondse in die verkiesing. Volgens ons segsmanne kon die leier dit nie na behore doen nie en beskuldigings van geldverduistering het gevolg. Die uiteinde van hierdie verskil was dat die hoof-leier deur sy eie party gerepudieer is en saam met 'n groepie volgelinge tans (1952) die politieke woestyn bewandel. (Hierdie persoon is egter later weer in die geleder van die party opgeneem en gedurende 1956 was hy weereens hoofleier van die Kgudu Morôhê.)

#### DIE VERKIESING VAN 1951.

Die 1951 verkiesing is weereens tussen die twee hoofgroepe beslis: die opposisie groepe het almal gemene saak gemaak om die Namune uit die saal te probeer lig. Tussen die Kgudu Morôhê en Transvaalparty is daar 'n koalisie gesluit. Hierdie koalisie het tot stand gekom op versoek van die Kgudu Morôhê ondanks die feit dat hulle die sterkste enkele groep onder die opposisie was. Die voorwaardes wat op hierdie versoek van die kant van die Transvaalparty gestel is, was soos volg: Die Transvaalparty sou ses en die Kgudu Morôhê slegs vier kandidate vir die verkiesing stel. Geen van die kandidate mog "uitlanders" d.w.s. mense van buite Transvaal wees nie. Om praktiese redes is hierdie laaste voorwaarde egter met instemming van die Transvaalparty in die geval van een kandidaat van die Kgudu Morôhê party oor die hoof gesien.

Ondanks hierdie koalisie het die Namune party weer gewen. En dit ondanks die feit dat een van die kandidate vir die Kgudu Morôhê 'n voormalige lid van die Namune Adviserende Komitee (verkies in 1949) was.

#### DIE VERKIESING VAN 1952.

In 1952 het daar 'n tussenverkiesing gevolg. Een van die verkose Adviserende Komitee lede is deur die hof gevonnissen tot ses maande dwangarbeid sonder opsie van 'n boete opgeskort vir 'n bepaalde termyn. Die regulasies dek nie gevalle waar iemand



'n opgeskorte vonnis van hierdie ernstige aard opgelê word nie. Die stryd het onmiddellik ontbrënd.

Die Kgudu Morôhê wou hê dat die lid geskors word sodat hulle kans het om die tussenverkiesing in 'n vertroebelde atmosfeer te kan beveg. Die Namune het beweer dat aangesien die lid nie die vonnis moes uitdien nie hy geregtig is om sy setel te behou. Die Stadsraad het eers regsadvies ingewin. Die beslissing van die voorsitter van die Adviserende Komitee in hierdie saak het dus gesloer van April 1952 toe die vonnis gevel is tot September toe die lid in werklikheid tog ontsetel is. Ook net in tyd daar die Kgudu Morôhê party reeds aanstalties begin maak het om die Stadsraad oor hierdie saak na die hof te neem.

Hierdie tussenverkiesing het ernstige moeilikheid opgelewer vir die twee groepe wat die koalisie gevorm het in 1951. Van die twee kandidate wat gestel is was slegs die een van die Namune party in Transvaal gebore en volgens hulle beleidsverklaring sou die Transvaalparty dus nie die kandidaat van hulle genoot die Kgudu Morôhê kon steun nie. Die kandidaat van die Namune was ewengens vir hulle as opposisie nie ope vir ondersteuning nie.

Hiernaas het die Transvaalparty gevoel dat hulle om verskeie redes gedurende die 1951 verkiesing nie korrek behandel is nie. Soos een van hulle dit ten opsigte van die gedrag van die Kgudu Morôhê uitgedruk het: „Jy moenie 'n mens op sy oog klap nie: hy sien jou dadelik en sal jou weer ken.” Die gevolg hiervan was dat die Transvaalparty hulle eie kandidaat gestel het. Oenskynlik dus geen koalisie nie. Tog het die name van albei hierdie kandidate op die aanbevelingskaart van die Kgudu Morôhê verskyn. Die een was egter doodgetrek met die gevolg dat al die Transvaal ondersteuners wat gaan stem het slegs vir die kandidaat van die Kgudu Morôhê kon stem. (Vgl. in hierdie verband die stemwyse H<sub>0</sub> ofstuk VII J.4.)

Die bogaande is dus die politieke geskiedenis van die lokasie Atteridgeville soos ons dit in die loop van ons ondersoek opgeteken het. Die algemene opset daarvan kan op hierdie stadium reeds beskrywe word as 'n manipulاسie van stemme, en/.....

en populariteit van leiers volgens die beste blanke patroon.

## 2. Die doelstellings van die verskillende partye.

Die bepaling van die doelstellings van die verskillende partye was 'n moeilike taak. Behalwe vir een party, die Transvaalparty kon ons nie daarin slaag om een of verskeie beginselverskille tussen die onderskeie partye aan te toon wat 'n rol speel wanneer kiesers gevra word om die besondere party te steun nie.

Hierdie afwesigheid van diepgaande ideële of beginselverskille tussen die verskillende partye het sy oorsaak in die feit dat die Adviserende Komitee die Stadsraad moet adviseer oor toestande binne die lokasie. Hierdie aanbevelings, wat verskyn in die verkiesingsmanifeste en wat by 'n bespreking daarvan later verder verduidelik sal word, moet dus uit die aard van die funksie van die Adviserende Komitee prakties van aard wees. Die kiesers wat die partye ondersteun is verder ook vir die grootste getal nie begaan oor ernstige beginselverskille nie. Ook vir hulle moet die doelstellings van die partye prakties van aard wees om hulle ondersteuning te lok.

Een van ons informante het daarom ook onomwonde verklaar: „Ek dink dat die twee partye (Kgudu Morôhô en Namune) vir dieselfde ding staan, net die verbetering van die kondisies van die lokasies - dit is al". Die rede vir die verdeling van die partye is vir hom voorts geleë in die feit dat nie een van die leiers van die verskillende groepe gewillig is om onder mekaar te dien nie.

Die afwesigheid van diepgaande en volgehoue prinsipiële verskille het as gevolg dat die leiers soms selfs nie weet wat om te antwoord op die vraag wat hulle party in sy doel onderskei van die ander partye nie. Een van hierdie leiers wat deur ons genader is en wat gedurende 1951 van die Namune na die Kgudu Morôhô party oorgeloop het, het ten opsigte van die doel van die Namune party gesê: „I don't even know what I was standing for, they are a lot of washouts." Op vrae waarvoor hy dan nou in die Kgudu Morôhô staan het hy geantwoord: „Look at the/..... © University of Pretoria

the streetlighting." Toevallig was dit 'n saak wat die Namune in soveel woorde hulle verbind het om te verbeter. Sy antwoord daarop was dat die Namune slegs sê hulle beywer hulle vir die verbetering daarvan: die Kgudu Morôhê is die eintlike voorstaanders van verbeterde straatbeligting. Hierdie afwesigheid van enige werklike beleidsopinie is by al ons informante van al die verskillende partye opgemerk. Een het die situasie kalmweg soos volg gestel: „Die een (Namune) sê dit is so: Gaan na die witsense van die Council (Stadsraad) toe en meneer. So sê ons vra dit so. Dan sê die Kgudu nee ons wil dit só hê.”

Dit is om hierdie rede dat ons ten opsigte van die twee hoofgroepe nl. die Namune en Kgudu Morôhê by die aanduiding van bepaalde doelstellings eerder moes let op die vernaamste verskille wat daar onder die leiers bestaan het as op die begrip van die algemene partyondersteuner van die doelstellings van sy party.

Die eerste en vernaamste van sodanige verskille wat ons hier moet noem is die feit dat die Kgudu Morôhê hom in die verlede, nog onder die leiding van Matsêkê, direk verbind het met die African National Congress. Hierteenoor beskou die Namune leiers dit onwenslik dat die A.N.C. enige aandeel verkry in die hantering van sake wat slegs intern binne die Pretoriase gebied van belang is. Van hierdie verskil soos aan ons verduidelik weet die gemiddelde ondersteuner van die twee partye niks. Dit is 'n geskilpunt wat in die verlede miskien van praktiese belang was. Vandag word dit voorgehou as een van die prinsipiële verskille tussen die partye.

Die tweede belangrike verskil wat deur die leiers van die partye aan ons genoem is, is die feit dat die Namune party die huidige stemstelsel nl. die Kommunestelsel voorstaan. Daarvolgens het hulle reeds vir 'n lang tyd die oorwinning behaal en verkies daarom geen ander nie. Hulle noem dit „true democracy” en vergelyk dit met die hou van 'n referendum onder die blankes. Die Kgudu Morôhê egter staan 'n wyksverkiesingstelsel voor. Dit wil sê dieselfde toestand wat oorspronklik in Kroonstad

geheers het. Ondanks die mening van Brent, /is dit ons oortuiging dat die Kgudu Morôhô vandag hierdie stelsel voorstaan. Hulle reken dat hulle onder so'n stelsel ten minste 'n paar van die verskillende wyke waarvoor lede op die Adviserende Komitee verkies sal moet word, sal kan verower. Ons wil egter beweer dat hierdie beleidspunt sy oorsprong het in die herhaalde nederlae wat hierdie party in die afgelope aantal jare moes ly. Daar is voorts ook aanduidings dat ten minste sommige van die leiers van die huidige Namune party dieselfde stelsel voorgestaan het toe hulle vroeg in die veertigerjare self die onder-spit gedelf het in die verkiesings. Ook hierdie verskil is dus iets wat uit 'n bepaalde situasie gebore is, van huidige praktiese belang geword het, eerder as 'n volgehoue beginselverskil tussen twee opponerende partye.

Ten derde is daar deur sommige informante aan ons verduidelik dat die Namune party in sy wese anti-blank is. Soos een beweer het: "With the Namune there is a feeling that Europeans must give way to African control." Dit word volgens hom weer-spieël in die herhaalde kere wat die Namune reeds geagiteer het vir die <sup>in</sup>diensname van naturelle in poste wat tans deur blankes gevul word. Volgens ons informant is die Kgudu Morôhô nie anti-blank nie. Hulle beseft dat blanke leiding in die lokaasie permanent is en wil slegs hê dat die naturelle geleidelik 'n aandeel in die administrasie gegee sal word soos hulle bekwaamheid daartoe dit regverdig. Dieselfde is egter die uiteensetting van die leiers van die Namune party oor hulle doelstellingen. Dit is om hierdie rede vir ons duidelik en moontlik om te verklaar dat daar in albei genoemde partye ekstremisme is wat die blanke administrasie in die lokaasie nie goedgesind is nie. Om 'n hele party op grond daarvan as anti-blank af te skryf sou egter nie korrek wees nie. Ook in hierdie saak is daar dus geen werklike verskil tussen die partye nie.

Alleen in die geval van die derde party "die Transvaal-party", kan ons duidelike beginsels aandui wat in elkgeval teoreties altans as van deurslaggewende belang beskou moet word

by sy funksionering in die politieke sfeer. Ons het reeds daarop gewys dat hierdie party homself ten doel stel, onder andere, om die hele Transvaal as werkgebied te verkry vir die naturelle wat in Transvaal gebore is. Hulle is daarop teen dat naturelle van ander provinsies en van buite die Unie hier 'n werkgeleentheid moet kry. Hulle sê: „Hoe kan jy kry dat kinders, jou eie kinders, in die huis, gesê word; Kyk hier is te veel kinders in die huis en julle moet uit gaan buitekant toe dat die buitenste mense moet inkom. Jy kan lieverste vir die vreemde mense sê: 'vreemde mense, ek het nie plek nie, my kinders is al die kamers vol'. so ek het nie plek nie. Gaan soek julle plek bietjie vorentoe." „Ons wil nie meer hê uitlandermense moet vir ons lei nie. Ons wil werk enige tyd saam met die Duusvolk van hierdie wêreld.”

'n Verdere argument wat genoem word vir die beveiliging van die inlandsgebore naturelle is die feit dat die naturelle wat vanuit Basoetoland en Betsjoeanaland hier in die Unie kom werk hulle belasting in hulle tuisgebiede betaal terwyl hulle die voordeel het van alle geriewe wat plaaslik verskaf word. „Maar as hulle kinders leer en die skool gepass het dan gaan hy op bursary. Met wie se geld? Onse Transvaal se geld.” „Nou as ons kan in die Board gaan. Die mense kan vir ons vote, dan kan ons die Munisipaliteit gaan advise dat ons dink die uitlander as hulle van ver af kom soos Basotholand ens.: as hulle hier kom - finish, - laat hulle na die plase toe gaan” en nie die beste werkgeleentheid in die stede verkry ten koste van die Transvaalse naturelle nie.

Naas hierdie praktiese toepassing van die beginsel is daar vir die toekoms ten minste by sommige leiers 'n visie van waarheen gestrewe moet word nie alleen in stedelike administrasie van naturelle nie maar ook op 'n breë Uniale basis. Die party strewe daarna om die gesag van die stamkapteins uit te brei na die lede van hulle stamme wat in die stedelike gebiede woonagtig is deur die vestiging van kapteinsverteenwoordigers in stedelike gebiede. Mense van buite Transvaal moet eers inge-

geskakel word onder die gesag van 'n bepaalde plaaslike kaptein voordat hy status kan verkry en voor hy reg kan verkry om werk te soek.

In die praktyk egter, wanneer die party binne die lokasie met ander meeding is die doelstellings wat aan die kiesers voorgelê word in hoofsaak dieselfde as by die ander partye. In alle eerlikheid moet egter vermeld word dat die gedagte van „Transvaal vir die Transvaalse naturelle” ook figureer.

Naas hierdie bogenoemde verskille in die basiese doelstellings van die partye berus die aanhorigheid aan verskillende partye op die volging van individuele leiers en dus ook op die onderlinge vetes wat tussen die leiers bestaan: Elkeen trek sy volgelinge saam wanneer hy van politieke oortuiging verander. Ons informante uit die gelede van die lokasie-inwoners het by nugsere oorweging besluit dat die vyandigheid tussen die verskillende leiers slegs maar is „om naam te soek.”

Wanneer daar binne een party tussen die leiers onenigheid uitbreek stap een van die persone gewoonlik oor na die ander party en neem op die wyse 'n hele aantal stemme met hom saam.

### 3. Die ontstaan en herkoms van die name en kleure van die partye.

Net soos onder die blankes het elke party 'n offisiële benaming. Hiernaas het elkeen egter ook van die opposisie met verloop van tyd 'n bynaam, 'n skeldnaam, ontvang wat later tradisie geword het en erken word as die benaming van die party in die daaglikse omgang.

#### KGUDU MORÔHÔ.

Die Kgudu Morôhô, of die ou Rentpayers Association, was die eerste wat so'n naam ontvang het. Dit is in werklikheid twee name: Kgudu - skilpad, en morôhô - misbredie. (*Amaranthus Thunbergii* Mog. Vgl. Van Zyl : 1944: 74).

Die herkoms van die naam dateer uit die dae van die eerste leier Matsêkê. Hy en sy party was 'n kampvegter vir die belange van die loseerders wat geen vaste woonplek in die lokasie Marabastad gehad het nie. Die ondersteuners van die Rentpayers Association is dus deur die Namane party „skilpaaie” genoem omdat/... © University of Pretoria

omdat hulle net soos die skilpad "hulle huis op hulle rug gedra het." Die Kgudu het egter die naam in hulle guns gedraai deur te verwys na die verhaal van die resies tussen die skilpad en die volstruis (volgens een van ons informante). (Die verhaal<sup>is</sup>/identities met die vertelling van die resies tussen hasie en skilpad.) Die skilpad het die resies gewen. Die Kgudu Morôhê party het dus voorspel dat hulle die verkiesing ook net so sou wen. In 1938 het dit ook werklik so gebeur.

Die kleure van die party is groen en wit. Ons informant het dit soos volg verduidelik: "Hulle het bymekaar gekom om kleure te kies. Toe sê ons, kyk, ons is die Kgudu. Kgudu hy eet mos die groen morôhê. Kgudu eet morôhê. As 'n mens morôhê maak ('n kooksel van groen misbredietoppe) word daar melk ook ingegooi. Nou dan nadat jy geëet het, is jou hart wit. Met die ons moet groen aantrek, om te sê: ons hart is wit. Met die: toe sê ons: white en green."

#### N A M U N E.

Die Namune party of die Residents Association kry sy naam van die versothing van die Afrikaanse woord lemoen - Namune. Daar bestaan twee oorsprongverhale. Die een volgens die Kgudu Morôhê en die ander van die Namune self.

Die Kgudu beweer dat die Namune party met die 1941 verkiesing die inwoners van die lokasie aangespoor het om vir hulle te stem deur te sê: "Vote for Namune. That is Orange Free State residents." Matsêkê die leier van die opposisie party en sommige van sy mees invloedryke ondersteuners het van die Vrystaat gekom. Dit wil dan daarop neerkom dat die Namune probeer het om met 'n slinkse set stemme van die Kgudu Morôhê te steel daar hulle oranje as kleur by die verkiesingstafels gebruik het. Die Kgudu party het hulle egter voorstok gekry. "Toe draai hulle om - "Nee ons meen nie Orange Free State nie, ons meen die namune (lemoen) wat die mense gesond maak in die hospitaal. Hy is die goeie ding. Julle moet vote vir die goeie ding."

Die Namune party se eie segsmanne was effens terughoudend

en wou nie geredelik besonderhede verstrek oor die herkoms van die naam van hulle eie party nie. Die verduideliking soos deur hulle gegee is dat die volgelinge van die party gedurende die 1941 verkiesing oranje as kleur vir uitkenningsdoeleindes gebruik het. Die kleur het partykleure geword en vanweë die kleur is hulle Namune d.w.s. lemoene genoem. In hulle bewering dat die kleur gedurende die 1941 verkiesing as kenteken gebruik is, is die segsmanne korrek, of die naam daarmee saamhang kan vandag nie meer bepaal word nie.

Vanweë die kleur wat deur die party as kenteken gebruik word, word daar ook dikwels deur die opposisie na die Namune verwys as die Lepêpênenê- 'n rooi ding. Dit is egter 'n skeldnaam en word nie deur die ondersteuners van die party self gebruik nie.

### T R A N S V A A L.

Die kleur en naam van die Transvaalparty is meer rasioneel gekies veral omdat dit plaasgevind het toe die ander partye reeds so iets gehad het en die Transvaalparty dus bewustelik in die leemte moes voorsien. Dit is nie aan hulle toegevoeg deur lede van die opposisie partye nie. Die naam is 'n afkorting van die volle naam Lekgotla la kopano ya bana ba Transvala die Raad van die vereniging van die kinders van Transvaal. Die kleur wat as partykleur gekies is grys. „Soos die van die duif“. Die rede hiervoor is dat die duif na Noag gekom het met die boodskap dat die sondvloed byna verby is. Op dieselfde wyse „Die woord het gekom saam met die duif na die Transvaal se kinders dat ons bymekaar te kom om te dink dat ons te veg vir onse land.“ Die lede van die party kan ook 'n wapen te koop kry met die duif daarop.

Hierdie kleure van die drie verkillende partye speel 'n groot rol in die verkiesingstryd by die uitkenning van party-ondersteuners soos ons in 'n verdere afdeling sal aandui.  
(Hoofstuk VII J.4.)

### C. DIE ORGANISASIE VAN DIE PARTYE.

#### 1. Inleiding.



Nêrens as juis in die organisasie van die verskillende partye is die aanduidings so duidelik dat die hele politieke masjinerie van elke party gebou is op die voorbeeld wat die blanke in sy politieke eenhede aan die naturel stel nie. Veral is dit waar ten opsigte van die benaming van die verskillende partyfunksionarisse. Elk van die partye beskik oor 'n sentrale komitee waaronder verskeie ander ressorteer. Ons het daarin geslaag om in meeste gevalle 'n teoretiese uiteensetting van die pligte van die lede van elk van die verskillende komitees te kry. Wanneer hierdie bewerings egter getoets word aan die opvatting van die betrokke funksionaris van wat sy pligte is binne die groter verband was hyself daar nie so duidelik oor as sy partyleiers nie. Hierdie verskynsel het die mening by ons laat ontstaan dat daar oor die algemeen te veel offisiële ampsdraers is vir die omvang van die werk wat behartig moet word.

Dit kom dus daarop neer dat 'n sekere aantal persone posisies binne die party-organisasie beklee eerder as aanduiding van hulle status as van 'n besondere taak wat hulle te verrig het.

Geeneen van die drie politieke partye beskik oor 'n offisiële grondwet of enige geskrewe aanduiding van die innerlike skakeling tussen bepaalde poste binne die partymasjinerie nie. In die gevalle van die Namune en die Transvaalparty was ons dus alleenlik aangewese op mondelinge verduidelikings. Ten opsigte van die Kgudu Morôhô was daar in die offisiële gegewens van die Afdeling Nie-blankesake 'n volledige uiteensetting van die party-organisasie opgestel deur die partysekretaris. Ons aanduidings na mondelinge bespreking van die gegewens was egter dat daar in die praktyk alleen die minimum van tereg kom.

Die wyse waarop die party-organisasie saamgestel is word in elke geval afsonderlik aangedui vir die verskillende partye omdat die wisselende omvang van die gegewens algemene bespreking gevaarlik en selfs foutief sou maak.

## 2. Die Kgudu Morôhô.

### (1) Organisatoriese samestelling.

Die beheer oor die Kgudu Morôhô party setel by 'n

sentrale uitvoerende komitee onder wie daar komitees funksioneer vir elk van die volgende aangeleenthede, verstrekking van regsadvies, party-organisasie, insameling van fondse, toesig oor behuising, toesig oor die pligsvervulling van blokkomitees. Die laasgenoemde twee komitees nl. die vir behuising en die vir die verskillende blokke in die lokasie is die antwoord van die Kgudu Morôhê as die opposisie op die komitees van die administrasie wat dié funksies vervul.

Die partybestuur van die Kgudu Morôhê is in die hande van 31 man wat onderling die plekke vul op die een genoemde vyf komitees. Hiernees vind ons 21 vrouens wat almal dien op 'n African Woman's Executive Committee wat vir werwingsdoeleindes by die partybestuur ingeskakel is.

Aan die hoof van die party staan die Uitvoerende Komitee. Dit is saamgestel uit 'n kabinet bestaande uit die president van die party, die algemene en assistent party-sekretarisse, die voorsitter van die komitee, die regsadviseur, die hoofswep die kapelaan en die party-organiseerder, hiernaas nog 10 lede. Die sogenaamde National Executive Committee bestaan dus uit die geweldige getal van 18 lede.

Onder die komitee vind ons ten eerste die regskomitee. Die regsadviseur van die party is sameroeper en voorsitter. Die sekretaris is die assistent party-sekretaris. Behalwe in geval van uitsondering bestaan die ander sewe lede van die komitee almal uit lede van die Uitvoerende Komitee.

Ten tweede is daar die organisasiekomitee. Organising Committee and Public Meetings, om hom sy offisiële naam te gee. Die sameroeper hier is die party-organiseerder. Die sekretaris van hierdie komitee en vyf van die gewone lede het nie sitting op die Uitvoerende Komitee nie. Die Assistent-partysekretaris, wat hier as gewone lid dien, ses verdere lede en die voorsitter het almal sitting op die Uitvoerende Komitee. Hierdie komitee bestaan dus behalwe die voorsitter, die sekretaris en die assistent-partysekretaris uit 'n verdere 10 lede.

Die derde komitee onder die Uitvoerende Komitee nl. die

Fondse Komitee het as voorsitter en sekretaris lede van die Uitvoerende Komitee. Sowel die Tesourier en sy assistent wat op die komitee dien het nie sitting op die Uitvoerende Komitee nie. In sy geheel bestaan die Komitee uit 16 lede waarvan slegs sewe nie sitting het in die Uitvoerende Komitee nie.

Bogaande is die werklike kern van die party-organisasie. Die pogings wat daar bestaan om 'n geïntegreerde organisatoriese struktuur te verkry kan ons as buitestaanders nie waardeer nie. Hulleself kan geen verduideliking gee vir die afwesigheid van die party-tesourier uit die geledere van die Uitvoerende Komitee nie. Op dieselfde wyse kom dit eienaardig voor dat die meerderheid van die lede van die organisasie-komitee insluitende die sekretaris ook geen sitting het op die Uitvoerende Komitee nie. Dit moet verder op gelet word van watter belang die beslissings van die regsadvies-komitee geag word daar al die lede van hierdie komitee ook op die Uitvoerende Komitee dien.

Naas hierdie komitees wat belas is met werklike party-organisasie vind ons onder die Uitvoerende Komitee verder ook nog die Komitee vir Behuising. Hierdie komitee moet toesig hou oor die aktiwiteite van die departementele Sub-komitee vir Behuising. Die totale ledetal van hierdie komitee is 10 waarvan slegs vier nie op die Uitvoerende Komitee dien nie.

As die laaste belangrike skakel in die party-masjinerie vind ons die blokkomitees wat deur die party vir elke offisiële administratiewe blok ingestel is. Die tien lede van die Uitvoerende Komitee wat nie in die "Cabinet" dien nie is die voorsitters van hierdie komitees. Hierdie voorsitters is gewoonlik die kandidate vir die party in daardie besondere blok by enige verkiesing. Hierdie blokkomitees hou toesig oor die werkverrigting van die offisiële blokkomitees.

Ondanks die geweldig uitgebreide interne organisasie binne die party, die groot aantal komitees en oënskynlik belangrike sub-leiers, is daar in werklikheid slegs vyf posisies binne die party wat van groot belang geag word en wie se woord gewoonlik

die deurslag goe in enige beslissing en tussen wie daar soms binne die geledere van die party onenigheid voorkom. Dit is die hoofleier of president, die voorsitter van die Uitvoerende Komitee, die party-sekretaris, die hoofswep en die party-organiseerder. Ons het reeds aangetoon hoe die bogenoemde funksionaris in meeste gevalle elk 'n bepaalde onderkomitee van die party bystaan. Dit is dus miskien meer korrek om te beweer dat die werklike organisasie van die party behartig word deur bogenoemde persone eerder as deur die verskillende komitees wat genoem is.

Buite die werklike party-organisasie is daar natuurlik nog die "African Womens' Executive Committee" bestaande uit 21 vroue ondersteuners van die party wat behulpsaam is met die organisering van die party gedurende verkiesings. Die vrouens van vier "kabinetslede" het in 1952 op hierdie komitee gedien. Buiten hierdie kontak tussen die Uitvoerende Komitee en hierdie komitee is daar geen organiese verbintenis of kontrole oor die aktiwiteite van die "Womens' Committee" nie.

## (2) Die werking van die stelsel.

By die bestudering van die werking van die party-organisasie van die Kgudu-Morôhê is daar twee duidelike feite wat na vore kom. Die eerste is die betreklik geringe verband tussen party-ondersteuner en party-leiding en die tweede is die ruim geleentheid tot onderlinge naywer binne die partygeledere deur te aspireer vir verskillende posisies. Die eerste gedagte kon netsowel ten opsigte van die ander twee partye ook gesê gewees het.

Om die werking van die party-organisasie deeglik te verstaan is dit nodig om dit van die laagste tot die hoogste funksionerende eenheid te beskou.

Die eenheid met die laagste rang in die party-organisasie is die verskillende blokkomitees. Hierdie komitee bestaan elk uit 'n voorsitter en sewe lede. Daar word geredelik deur almal erken dat die blokkomitees wat deur die administrasie ingestel is die eintlike verteenwoordigers van die inwoners van 'n be-

paalde blok is. Ons informante het om te verduidelik waarom hulle dit ook nodig vind om hierdie skadu-blokkomitees instand te hou, verduidelik dat die ondervinding geleer het dat die offisiële blokkomitees wat slegs uit opposisieledede bestaan nie vertrou kan word om die sake van lede van hulle party ewe naastiglik te behartig nie. Daar was dus beskuldigings van voorttrekkery. Tog word die party aan bewind, tans (1952) die Namune, hierdie beweerde voorttrekkery nie baie ernstig kwalik geneem nie. "That is the general trend of the world" het een van ons informante van die Kgudu Morôhê gesê. Die implikasie is dat ook hulle hulle toe hulle aan bewind was aan sulke moontlike voorttrekkery skuldig gemaak het. In der waarheid is daar destyds toe die Kgudu Morôhê aan bewind was deur die Namune dieselfde beskuldigings geopper.

Die funksie van hierdie onoffisiële blokkomitees is om die belange van partyondersteuners te behartig teenoor die offisiële blokkomitees sowel as teenoor die superintendent. Benevens hierdie praktyk vorm die party-blokkomitee ook 'n oord waar kleiner geskille tussen partylede en ondersteuners bygelê word voor dit by die offisiële blokkomitee aanhangig gemaak word. Wanneer 'n saak te moeilik of in omvang te groot is erken hulle egter dat dit dadelik na die offisiële blokkomitee gaan. Dit moet hier daarop gelet word dat hierdie laasgenoemde aktiwiteit van die party-blokkomitees een is waaraan partyondersteuners hulle vrywillig onderwerp en dat daar geen verpligting daartoe bestaan nie.

Ten tye van 'n verkiesing dien hierdie onoffisiële blokkomitees ook as werwings- en propagandaeenhede onder die toesig van die party-organiseerder elkeen binne sy eie wyk. Hulle werksaamhede word gekoördineer met die huisbesoekprogram van die party-organiseerder en die hoofswep. Die party-blokkomitees is van groot waarde gedurende die werwingsveldtog voor die verkiesing. Teoreties hoort hierdie komitees die partyleiding 'n voortdurende houvas oor en kontak met die partyondersteuners te besorg. In die praktyk werk die saak egter nie so vlot nie.

Die party-leiers het aan ons erken dat daar sommige blokke is wat ongelukkig nie oor sulke komitees beskik nie. In alle gevalle het hierdie komitees ook geen werklike gesag nie en is die werkverrigting maar baie sporadies. Daar is verder aan ons erken dat die gemiddelde party-ondersteuner slegs al om die twee jaar om sy stem genader word. Uitgesonderd dus die werwingsveldtog en die huisbesoek is daar min werklike volgehoue kontak met party-ondersteuners binne 'n bepaalde blok. Die enigste kontak wat wel bestaan is wanneer 'n partylid klagtes oor sy behandeling deur die offisiële blokkomitee kom indien.

Dit is verder aan ons verduidelik dat die voorsitters van hierdie blokkomitees die offisiële party-kandidate sal wees in enige verkiesing. Hierdie mense is slegs gewone lede op die Uitvoerende Komitee wat dan meebring dat geen van die werklike leiers van die party d.w.s. die president, party-sekretaris en hoofswep ens. enige kans het om in die Adviserende Komitee te dien nie. Die leier, president van die party, het aan ons verduidelik dat hulle nie daaraan glo dat die kandidate van die party 'n uitvoerende posisie binne die party moet beklee nie. Hulle moet slegs die mondstukke van die party wees gedurende 'n verkiesing en daarna en daarvoor steeds onderhewig bly aan die kontrole van die Uitvoerende Komitee as hulle hulle sou misdra. Die Kabinet van die party sou dus buite die Adviserende Komitee bly en instaat wees om die kandidate "to tell them what to do, to give them the mandate of the people." Van hierdie omvattende uiteensetting kon ons niks in die praktyk merk nie. In die verkiesings voor 1952 en in die verkiesing wat daarna gevolg het, het die hoofleiers van die party in teenstelling met die voorsitters van party-blokkomitees steeds die belangrikste plek onder die kandidate ingeneem. In die wyse waarop hulle kandidate vir verkiesings geneem word uit die hoogste kringe binne die party, handel die Kgudu Morôhò ondanks wat gesê word, dus net soos die ander partye en ook net soos die voorbeeld wat die blankes stel.

Die blokkomitees skakel as werwingsorgane direk onder die

Organisasiekomitee van die party. Van hierdie Komitee in die vernaamste lede die party-organiseerder as voorsitter en die Chief Whip. Eersgenoemde staan ook binne die Cabinet bekend as Minister of Propaganda.

Die titel Minister of Propaganda spreek vir homself maar die titel Chief Whip moet hier nader toegelig word om die funksie van hierdie pos te verstaan. Sover ons kon vasstel is hierdie titel vir die eerste keer gebruik deur Mbolêkwa om homself aan te dui as hoofleier van die Kgudu Morôhô nadat hy die leierskap van Lekgetho oorgeneem het. Die opvolger van Mbolêkwa het egter die ou term president aangeneem maar die titel Chief Whip het gebly. Die pligte van hierdie funksionaris word deur ons segsmanne verduidelik as die van organiseerder eerder as bewaarder van die party-dissipline. Daar is aan ons verduidelik: „His duties are to whip up the party, to organise going from house to house,” en „He has to whip up the morale of the party.” Dit het ons daarom voorgekom asof die posisie Chief Whip vereenselwig kan word met die plig van hoof-organiseerder.

Tesame met die organiseerder organiseer die Chief Whip dan die verkiesingsmasjinerie, reël vir die verspreiding van gedrukte propaganda en reël vergaderings binne die verskillende lokasies. Hierdie pligte word natuurlik slegs voor en gedurende die verkiesing uitgeoefen.

Naas die Organisasiekomitee is daar slegs die Regsadvieskomitee en die Fondsekomitee wat bepaalde pligte het om te vervul. Ons het reeds daarop gewys dat die partykomitee vir behuising net soos die party blokkomitees eintlik 'n skaduwee is vir sy administratiewe teenhanger.

Die Regsadvieskomitee behartig die organisasie van en voorbereiding van enige hofsake wat deur mondstukke van die party na 'n verkiesing gedryf mag word met die fondse van die party. Nie een van die lede van hierdie Komitee is regsgeleerdes nie, nogtans is hulle funksie, gesien die aantal hofsake wat deur die party in die verlede gedryf is, nie onbelangrik nie. Die huidige lede van hierdie komitee is nie almal seker wat hulle

pligte/.....

pligte presies behels nie. Sommige het aan ons verduidelik dat in hulle afwesigheid op die komitee verkies is.

Die Fondsekomitee het normaalweg geen besondere pligte nie, behalwe voor verkiesings wanneer hulle verantwoordelik is vir die insameling van fondse. Gedurende die verkiesing en daarna moet hulle aan die Uitvoerende Komitee kan verslag doen van die besteding van die party-finansies. Wanneer daar 'n hofsaak gedryf gaan word is hierdie komitee verantwoordelik vir die beskikbaarstelling van fondse ook vir hierdie doel. Soos ons later sal aandui bedra die fondse wat deur hierdie komitee gereguleer word dikwels honderde van ponde.

Ons het reeds daarop gewys dat al hierdie komitees verantwoording verskuldig is aan die Uitvoerende Komitee van die party wat as sentrale koördinerende liggaam optree.

Die feit dat daar geen konstitusie bestaan waarvolgens die lede van hierdie verskillende sub-komitees van die Uitvoerende komitee verkies word nie, en verder ook geen vasgelegde reëling bestaan waarvolgens die lede van die Uitvoerende Komitee verkies word nie, is een van die oorsake van struweling binne die geleedere van die party-leiers. Daar word geaspireer na die volgende hoër posisie maar die aspirant het geen kans om sy senior te lig nie tensy die Uitvoerende komitee as geheel ontevrede is met die pligsvervulling van sy senior nie. Hierdie verskynsel het al in die verlede daartoe gelei dat die party geskeur het eerder as om slegs 'n alternatiewe leier te kan kies. Die bogenoemde verskillende komitees is dus 'n permanente instelling. Die omvang is egter so groot dat geen enkele informant ons 'n deeglike uiteensetting van die samestelling en ledetal van die verskillende komitees kon gee nie.

Vir die aanwysing van die lede van die verskillende blok-komitees bestaan daar insgelyks geen besondere reëling nie. Die lede word deur die Chief Whip in samewerking met die voorsitter van die Uitvoerende Komitee en die President van die Party aangestel.

### 3. Die Transvaalparty.

Die organisasie van die Transvaalparty en ook van die



Namune party kon in geen geval so volledig nagespeur word as onder die Kgudu Morôhê nie. Die rede is slegs dat waar ons in die geval van die Kgudu Morôhê die voordeel gehad het van offisiële stukke waarin die organisasie verduidelik word was ons in die geval van die Transvaalparty en die Namune aangewese op mondelinge mededelings van ons informante. Daar was geen geskrewe stukke wat bestudeer kon word nie.

In die geval van die Transvaalparty bestaan daar ook soos by die Kgudu Morôhê 'n sentrale koördinerende Uitvoerende Komitee. Die pligte wat in die geval van die Kgudu Morôhê aan subkomitees oorgedra is word hier deur individue behartig.

As vernaamste funksionaris binne die partymasjien onderskei ons hier 'n leier, 'n onderleier, 'n sekretaris, 'n voorsitter van die algemene Komitee en 'n Chief Whip. Die plig van die laasgenoemde persoon is eweneens as in die vorige geval "to whip the party". Tans 1952 word die posisie van leier en Chief Whip deur dieselfde persoon gevul.

As die hoogste gesag binne hierdie party, vergelykbaar met die posisie van die Cabinet by die Kgudu Morôhê, vind ons die Executive Committee bestaande uit die hoofleier as voorsitter, die voorsitter van die Algemene Komitee en 10 ander lede, die meeste waarvan die party se aangewese kandidate sal wees by 'n verkiesing.

Alle sake word eers binne die Executive Committee bespreek en gaan daarna na die Algemene Komitee vir bekragtiging. In hierdie komitee is die Algemene voorsitter die voorsitter en die hoofleier van die party en die ander lede van die Uitvoerende Komitee is slegs gewone lede. Van die leier word hier verwag om verslag te doen aan die ander lede van die besluite van die Executive Committee. Die ledetal van hierdie komitee is 25 en sluit onder andere in die drie organiseerders en die voorsitters van die takke van die party in die drie lokasies Marabastad, Bantule en Atteridgeville.

Ondanks die feit dat daar dus duidelik voorsiening gemaak is vir die behartiging van plaaslike partymasjinerie het die

leiers van ook hierdie party aan ons erken dat daar nie veel direkte kontak met die party se ondersteuners gemaak word nie. Die kontak met die party-ondersteuners word alleen verkry ten tye van die verkiesing deur middel van die organiseerders se aktiwiteite en deur die hou van openbare vergaderings.

Ook by hierdie party is daar 'n afwesigheid van 'n grondwet wat die party-organisasie verder verduidelik. Geen vrou het 'n aandeel in die komitees van die party nie hoewel hulle hulp gedurende verkiesingstyd vanselfsprekend is.

Die afwesigheid van volledige gegewens oor die organisasiewyse van hierdie party moet ten dele daaraan gewyt word dat die party in die onmiddellike verlede (voor 1952) die verkiesings beveg het in koalisie met die Kgudu Morôhô waardeur hulle in hoofsaak van laasgenoemde party se organisasie gebruik gemaak het.

#### 4. Die Namune.

Die Namune party het aan die hoof van die party 'n paar persone van sterk karakter. Mense wat spoos ons reeds verduidelik het mekaar eerder aanvul as opponeer. By hulle het ons dus geen verwysing na die aanwesigheid van 'n grondwet verneem nie want dit was nie nodig om die bepalings van 'n grondwet te soek om van opstandiges ontslae te raak nie. Op ons vraag of hulle oor 'n grondwet beskik was die antwoord: " Our constitution is like that of the English people: Unwritten." Ook in hierdie geval was ons dus slegs aangewese op mondelinge mededelings oor die skakeling van die party-organisasie.

Die party word in praktyk gedra deur die hoof-leier, die sekretaris en drie hoof-organiseerders waarvan een 'n vrou is. Daar is aan ons verduidelik dat hulle geen tesourier het nie, behalwe gedurende die verkiesing wanneer iemand vir daardie pligte aangewys word. Dit moet verder daarop gelet word dat hierdie party in die huidige toestand aan bewind is vir die begryping van die werking van die organisasie.

Die Uitvoerende Komitee van hierdie party bestaan uit die leier, die sekretaris, die party-organiseerders, die tien adviserende/.....

serende raadslede, (d.i. die suksesvolle kandidate van die party) as voorsitters van die tien blikkomitees, die tien vise-voorsitters van die blokkomitees en enige ander persoon wat deur die bogenoemde lede gekoöpteer wil word. Aangesien die leier en die sekretaris op die Adviserende Komitee as lede dien, en dus ook blokmanne is, wil dit voorkom asof hierdie Uitvoerende Komitee uit 23 lede bestaan d.i. 10 blokmanne, 10 vise-voorsitters van die blokke en die drie party-organiseerders wat nie op enige blokkomitee as voorsitter of vise-voorsitter dien nie.

Onder hierdie Uitvoerende Komitee bestaan daar normaalweg geen kleiner komitees vir die suiwere administratiewe aktiwiteite van die party nie. Sulke sake word normaalweg deur die sekretaris behartig behalwe gedurende die verkiesingstryd wanneer daar verskillende komitees vir verskillende pligsvervulling aangewys word uit die lede van die Uitvoerende Komitee en ander party-ondersteuners.

Op die plaaslike vlak, word die blokkomitees wat deur die administrasie ingestel is en waarvan die lede deur die administrasie besoldig word, gebruik vir party-organisasie. Hierdie blokkomitees dien dus 'n tweeledige doel as deel van die lokaal-administrasie en as deel van die party-organisasie vir werwingsdoeleinde gedurende die verkiesingstryd. Die leiers van hierdie party het die saak op opgesom: „Whilst we are in power, we are the government for everybody“. By gevolg erken hulle nie die noodsaaklikheid van die bestaan van die skadublokkomitees van die Kgudu Morôhê nie. Wanneer hulle party egter die opposisie vorm word hulle blokkomitees egter ook deur hulle behou. Wanneer die party dus aan bewind is gaan die normale offisiële blokkomitees op in die blok-organisasie vir party-administrasie anders vorm hulle soos by die Kgudu Morôhê slegs deel van die party-administrasie.

Ons wil graag die aandag baie ernstig vestig op die bogenoemde toestand. Die enkel feit wat deur hierdie mense erken word nl. dat die blokkomitees in 'n offisiële en partyhoedanigheid diens doen, kan reeds regverdiging verskaf vir aantygings

van die opposisie dat die wyse waarop sake deur die blokkomitees behartig word nie onbevooroordeeld is nie. Hierdie gevoel van onsekerheid by die opposisie, werklik of versin oor die bonafides van die optrede van die blokkomitees is verantwoordelik vir baie van die ontevredenheid binne die lokasie en is ook die oorsaak dat die opposisie in alle gevalle dit nodig vind om hulle eie blokkomitees daarop na te hou wat desnoods hulle partylede se sake by die superintendent kan gaan voordra. Ons maak hier geen beskuldiging teen 'n bepaalde party nie want van die voormalige leiers van die Kgudu Morôhê het na hierdie gebruik van die blokkomitees vir party-doelêindes as normaal ook gedurende hulle periodes van administrasie, verwys. Die aanduidings is verder vandag nog daar dat die Namune die Kgudu Morôhê nog steeds beskuldig van partydige optrede in die behartiging van die sake van lokasie-inwoners deur die blokkomitee gedurende die periodes toe hulle aan bewind was. Ons kan nie nalaat om weereens die aandag daarop te vestig dat hierdie gebruik die opening verskaf vir beskuldigings teen die superintendent van partydigheid wanneer hy optree ooreenkomstig die aanbevelings van die offisiële blokkomitees nie.

Die verskillende organiseerders van die party is in samewerking met die sekretaris van die party verantwoordelik vir die opstel van enige propagandamateriaal en vir die reëling van openbare vergaderings. Die leiers van ook hierdie party het aan ons erken dat daar geen werklike volgehoue kontak bestaan tussen ampsdraers van die party en die ondersteuners nie. Die doel is ook hier slegs om kort voor 'n verkiesing nuwe ondersteuners te werf en seker te maak van die steun van ou ondersteuners.

Anders as by die ander partye is die aandeel van vroue in die organisasie van die party hier direk geskakel met die Uitvoerende Komitee, deurdat die vroue-organiseerder ook sitting het op die Uitvoerende Komitee. Haar plig is om die stemme van vroue te werf want soos die leier van die party dit self uitdruk: „The better approach is a woman to a woman.”

Nieteenstaande die feit dat daar oënskynlik geen beter verband tussen partyleiers en kiesers by hierdie party bestaan nie, moet ons onthou dat die lede van die party wat aan bewind is baie meer dikwels met die ampsdraers van die party in aanraking kom as wat by ander partye die geval is. Nie alleen moet hulle na die blokmanne en hulle komitees gaan in alle partysake nie, maar alle klagtes, rapporte en aanbevelings wat hulle mag hê oor lokasie-aangeleenthede moet via die blokman verder gevoer word. Hier benewens woon die 10 genomineerde lede van die blokkomitee, wat almal lede van die "regerende" party is, tussen hulle in die blok. Dit is on hierdie rede dat die party wat aan bewind is dit altyd makliker vind om te organiseer vir 'n komende verkiesing as enige van die opposisie partye.

#### D. METODES VAN LEDEWERWING.

##### 1. Die ledetal van die verskillende partye.

Hoewel elke party 'n uitgebreide party-organisasie het wat lede moet werf en namens die party hulle belange moet behartig, is dit tog 'n feit dat nie een van die drie genoemde partye in staat was om ons 'n ledelys te toon nie. Nie een van die partye kan selfs 'n redelike korrekte aanduiding gee van die totale ledetal van die party nie. Allermens dus vir die een bepaalde lokasie, Atteridgeville, waarin ons geïnteresseerd is.

Hierdie feit en die erkenning van aldie die groepe dat daar nie 'n jaarlikse subskripsie van lede geëis word nie, het ons tot die aanvaarding gedwing dat daar van werklike lede in die blanke/<sup>party-</sup>politieke sin by hierdie partye werklik geen sprake is nie. Al wat die kiesers wat vir die verskillende partye stem, genoem kan word, is ondersteuners. Ons vind ook geen periodieke bearbeiding van bepaalde gebiede of blokke wat as doel het die bepaling van die sterkte van die party binne die area nie.

Gewoonlik probeer elke party sy sterkte bepaal na aanleiding van die kieserslys en die uitslae van vorige verkiesings.

In die algemeen beskou is die Namune party die sterkste terwyl die Kgudu Morôhê en Transvaal partye onderskeidelik twee-

de en derde plek vul. Teoreties skat die Mamune party die sterkte van hulle ondersteuners op tussen 800 en 1000 stemme uit 'n moontlike totaal van 1976 (1952) in al die lokasies waarvoor die Adviserende Komitee verkies word. Indien ons aanneem dat daar ongeveer 100 tot 300 stemme is wat geen besondere politieke tuiste het nie is die sterkte van die ander twee partye saam ongeveer 800. Hierdie is 'n uiters teoretiese skatting. Die uitslag van verkillende verkiesings in die verlede waarvan ons die uitslae op 'n ander plek aandui, (Vgl. Hoofstuk VII J.5) is egter 'n bewys vir die aanname dat die sterkte van die twee hoofgroepe net nie meer as 200 verskil, gereken binne die raamwerk van die groot totaal nie. Dit was vir ons onmoontlik om 'n basis te vind vir die verdeling van die 800 stemme tussen die Kgudu Morôhô en die Transvaal partye.

Gedurende die ampstermyn van die Adviserende Komitee is daar geen of weinig kontak tussen kieser en sy party nie; maar op die vooraand van die verkiesing word daar ernstig georganiseer, beloftes gemaak en probeer om stemme op elke moontlike wyse te werf. Die bearbeiding van kiesers voor die verkiesing geskied hoofsaaklik deur die verkillende blokkomitees aan albei kante sowel as deur die verskillende organiseerders.

## 2. Individuele bearbeiding.

In hoofsaak bestaan die aktiwiteite daarin dat alle bekende party-ondersteuners aangespoor word om aan die verkiesing mee te doen terwyl lede van albei soorte blokkomitees rondgaan om diegene wat nie van 'n oortuigde politieke gesindheid is nie na hulle kant oor te haal. Die feit dat die organiseerders van die verskillende partye op hierdie stadium nog nie weet watter van die mense wat hulle bearbei op die kieserslys sal verskyn nie, maak enige beraming van die sterkte van die partye op hierdie stadium onmoontlik. Die bearbeiding voor elke verkiesing wat in September gehou word begin reeds vroeg in die jaar. Die kieserslys berus egter op die betaling van huur tot en met die einde van Junie van daardie jaar en die kieserslys verskyn eers in sy finale vorm gedurende Augustus. Alles faktore wat onse-

kerheid oor die uiteindelijke stemgeregtigheid van kiesers in die hand werk.

Dit is om hierdie rede dat die organiseerders wat van huis tot huis rondgaan om partymanifeste en vlugskrifte te versprei, probeer om seker te maak dat die betrokke kieser sy huur in die lokasie tot op datum betaal het. As die huur nie ten volle betaal is nie word die mense aangespoor om hulle huur ten volle te betaal sodat hulle kan stem. In baie gevalle in die verlede het die mees noukeurige beramings van die party organiseerders skeef geloop omdat mense wat sê hulle huur ten volle betaal is nie beseef het dat die betaling wat in Junie gemaak is in werklikheid 'n betaling van agterstallige huur vir twee of drie maande gelede is nie. Gedurende die 1955 verkiesing het die administrasie heelhartig met die verkillende organiseerders saamgewerk en aan hulle alle informasie insake agterstallig huur verskaf. Die gevolg was dat groot bedrae aan agterstallige huur ingevorder is en dat die aantal kiesers op die lys en ook die persentasie stemme wat uitgebring is alle vorige rekords oortref het.

Die vroue-organiseerders van elke party is besonder bedrywig voor elke verkiesing. Hulle aktiwiteite is nie net beperk tot vrouens wat huis huurders is en daarom stemgeregtig is nie. Enige vrou word deur hulle bearbei. Aangesien man en vrou gewoonlik van dieselfde politieke oortuiging is laat hulle dit dan aan die vrou oor om haar man te oortuig. Met die 1951 verkiesing het 'n interessante geval onder ons aandag gekom. 'n Sekere vrou wou namens haar man kom stem. Haar stem is geweier en luidkeels het sy aan die kiesbeampte verduidelik dat as sy nie in haar man se plek kan stem nie, sy sal toesien dat haar man ook nie kom stem nie want hy sal vir die verkeerde party kom stem. Die vroue-organiseerders doen hulle oortuigings-werk normaalweg op teepartye wat deur hulle binne bepaalde blokke van die lokasie gehou word.

Ook onder mans vind ons hierdie bearbeiding van individue. Een informant het aan ons verduidelik: "Sê nou ek het 'n broer

wat/.....

wat aan die ander party behoort. Ek probeer om vir hom te wys dat onse twee kan nie uitmekaar gaan nie. Ons moet maar aan een party behoort." Organiseerders en getroue lede van die verkillende partye doen ewe naarstiglik mee aan hierdie individuele oortuigingswerk.

### 3. Oorheersing van 'n besondere groep.

Hoewel ons daarna navraag gedoen het kon ons in geen geval daarvan oortuig raak dat 'n bepaalde party hoofsaaklik sy lede trek uit een bepaalde groep of laag binne die lokasie nie. Daar is geen besondere verband tussen party-ondersteuning en aanhorigheid aan 'n besondere kerkgenootskap of ander sosiale groep nie. Dieselfde is ook waar ten opsigte van stamverband. Ons het reeds daarop gewys dat die Transvaalparty die Transvaalse gebied graag as werksgebied vir naturelle, in Transvaal gebore, wil verkry. Desondanks is hulle lidmaatskap nie net beperk tot mense wat in Transvaal gebore is nie.

Ons het wel gevind dat die Kgudu Morôhê die Namune daarvan beskuldig dat hulle 'n "ou vrouens party" is en ook dat hulle ondersteuners al die winkels in die Atteridgeville beheer. Hierdie beskuldigings is egter nog geen bewys van ondersteuning deur hoofsaaklik slegs een belange groep nie. Die ou vrouens waarvan hier gewag gemaak word, is in hoofsaak ou weduwees wat reeds in Marabastad stemgeregtig was en wat dáár die Namune party ondersteun het omdat hulle die belange van die huiseienaars probeer bevorder het deur die gedagte van voldoende kompensasie sterk te stoot. Tans is daar egter ook weduwees en geskeide vrouens wat in Atteridgeville woon wat die Kgudu Morôhê party ondersteun. Daar is dus ou vrouens onder die ondersteuners van albei partye.

Die Namune verteenwoordig ook nie juis 'n bepaalde winkeliersklas nie. Wat wel waar is, is dat die leiers van die Namune party oor die algemeen meer bemiddeld is as die van die Kgudu Morôhê en om die rede miskien beter in staat was om van hulle besighede 'n groter sukses as die van die ondersteuners van die Kgudu Morôhê te maak.



winkels in die lokasie is ook in die hande van ondersteuners van die Kgudu Morôhô. Om dus die teenstander van groepsbevoordeling te beskuldig terwyl jy self daaraan onderhewig is, het ons eerder na propaganda as geloofwaardige beskouings voorgekom.

Ons kon dus in die lokasie geen aanduiding vind dat een van die genoemde partye as die mondstuk van enige bepaalde groep binne die gemeenskap optree nie.

#### 4. Verskillende soorte vergaderings.

Die hou van vergaderings is die vernaamste wyse waarop elke party sy verkiesingsbeloftes en propaganda onder die aandag van die kiesers bring. Aangesien daar in Atteridgeville geen geskikte bymekaarkomplek is nie, geskied sulke vergaderings gewoonlik in die ope lug.

Die vergaderings word deur middel van handbiljette onder die aandag van die kiesers gebring. Aangesien die vergaderings gewoonlik op een van die sentraalgeleë oop stukke grond gehou word is die opkoms bevredigend. Dit is egter 'n feit dat daar heelwat mense teenwoordig is wat bloot toevallig daar bly staan. Die sprekers op sulke vergaderings is gewoonlik een of meer van die belangrikste leiers van een van die politieke partye. Op sulke vergaderings word daar dan ook een of meer van die kandidate aan die inwoners van die lokasie voorgestel. Die getal vergaderings wat deur elke party georganiseer word, is egter nooit so veel dat al die kandidate aan die kiesers voorgestel kan word nie. Daar is te veel kandidate.

Ons informante het die aard van die vergaderings wat in verband met die verkiesing gehou word in twee hoof groepe verdeel. Die eerste is party-vergaderings wat agter geslote deure gehou word en waarop slegs party-ondersteuners teenwoordig mag wees. Hier word finansiële sake en verkiesingstaktiek verduidelik. Die tweede en meer algemene tipe is openbare vergaderings wat almal mag bywoon en waarop daar bewustelik propaganda teen die teenstaanders gemaak word.

Die eerste van hierdie tipe vergaderings noodsaak die gebruik/..... © University of Pretoria

bruik van 'n huis of ten minste van 'n toegekampte erf waar toegang gekontroleer kan word. Die feit dat die huise in Atteridgeville hulle nie leen tot hierdie tipe vergadering nie, noodsaak die partye om in een van die ander lokasies 'n saal te huur of om verskillende sulke vergaderings in die verskillende blokke binne Atteridgeville te belê. Op sulke vergaderings word dan die finansiële verpligtinge van die party ten opsigte van die verkiesing verduidelik, pligte word aan verskillende ondersteuners uitgedeel en die verkiesingsmasjinerie word nagesien.

Algemene vergaderings soos ons reeds in breë trekke hierbo aangedui het, vind hoofsaaklik net voor die verkiesing plaas. Bywoning is hier nie beperk nie en beleid en beloftes word in praktiese terme aan die kiesers verduidelik. Vrae aan die sprekers word verwelkom: „As een wil praat, lat hy vra. Gewoonlik ons lat hy tussen praat en dan antwoord ek op die end. Nou as ek (die leier) praat moet ek sambok sit op hulle woorde lat die mense kan vergeet hulle woorde, net my woorde moet bly.“

Gewoonlik geskied sulke vergaderings nie so ordelik as wat die informant wat ons hierbo aanhaal, by implikasie te kenne gee nie. Die lede van die opposisie wat die vergaderings bywoon vra nie net vrae nie, maar beskuldig die sprekers ook van verdraaiing van feite ens. Veral is dit die geval waar die party wat aan bewind is se 'n vergadering hou. Beskuldigings van "wanbestuur" is altyd aan die orde. Wanneer die opposisie op hierdie wyse probeer om die vergadering oor te neem, word hulle gewoonlik of doodgeskree of selfs hardhandig verwyder. Anders word vrae toegelaat onder belofte dat dit beantwoord sal word en dan word die vergadering doelbewus gesluit voor daar enige antwoorde gegee is. Ons moet hier in gedagte hou dat die vrae gedurende die toesprake gevra word en nie noodwendig aan die einde van die spreker se betoog nie.

Hierdie vergaderings is die enigste vorm van werklike kontak wat die gemiddelde kieser met die leiers van sy party het. Aangesien hierdie vergaderings selde anders as kort voor die

verkiesing plaasvind, sien dit as verdere bevestiging vir ons waarneming dat die verskillende partye hoofsaaklik oor die stemme van die inwoners begaan is: want ondanks wat gesê word weet en erken al die leiers dat die toestande in die lokasie deur die administrasie beheer word en daaraan nie bygevoeg of afgedoen kan word deur hulle bemoeiinge nie.

Op hierdie algemene vergaderings word desondanks wilde beloftes gemaak oor die sake wat die besondere party in die lokasie sal verbeter, terwyl hulle in werklikheid net aanbevelings kan maak.

Die vra van vrae en die hou van eie vergaderings is die gouste metode waarop 'n nuweling binne die politieke sfeer 'n persoonlike aanhang en status kan verkry. Die lokasie-inwoners onthou nog goed die geval van 'n sekere leier wat toe hy die eerste keer die lokasie binnegekom het die vergaderings van albei die politieke groepe bygewoon het. Dit is 'n onvergeeflike sonde in die oë van die lokasie-inwoners. Op die vergaderings van albei partye het hy dan vrae gevra en kritiek gelewer. „As hy die Namune vergadering gaan bywoon dan vra hy om ook te praat omdat hy so slim is en advies kan gee. Dan laat hulle hom so maak. Aág dan práát hy, g,g,g. Nee maar ons wil jou hê. Dan vat hulle hom en maak openbáring van A tot Z. Daarna gaan hy na die Kgudu. Hy is net soos in jakkals en hy kom altyd die mense se ore byt en steek hulle op na altwee kante.“ Wat opinies ook al mag wees bly dit 'n feit dat toe die persoon uiteindelik sy politieke tuiste gevind het, het hy 'n hele aantal stemme van die teenoorgestelde party met hom saam geneem.

##### 5. Oorstep van leiers en terrorisasie van kiesers.

Soos uit bogaande paragraaf geblyk het, word party aanhorigheid 'n groot mate bepaal deur die aanhang van die persoon van een of ander leier. Dit gebeur dan periodiek dat wanneer daar binne een party struweling kom, dat leiers na die opposisie oorloop baie dikwels met behoud van status bv. as kandidaat. Wanneer dit gebeur, soos ons in ten minste drie gevalle in die lokasie kon vasstel, volg die persoonlike ondersteuners van daardie/... © University of Pretoria

daardie leier hou en kan sy nuwe party verseker wees van hierdie addisionele stemme in die verkiesing.

Gedurende ons ondersoek het verskeie informante van albei die vernaamste politieke groepe die opposisie daarvan beskuldig dat hulle deur aanrandings en ander subtiele metodes die kiesers dwing om vir hulle te stem. Ons kon geen gronde vir hierdie bewerings vind nie. Daar is sover ons kon vasstel geen verband tussen die verskillende tsotsi-bendes in die lokasie en die verskillende politieke partye nie. Van een van die leiers van 'n bepaalde party het ons selfs die erkenning verkry dat sulke aantygings nie in 'n ernstige lig beskou moet word nie want dit word gedoen eerder om die propagandawaarde as die korrektheid van die feite.

Dit <sup>hier</sup>gaan hoofsaaklik om twee verskynsels. Van die kant van die Namune is daar 'n Civic Guard gestig om die lokasie as hulp vir die polisie te help patroleer. Die Kgudu Morôhê het by 'n ander geleentheid om die belangstelling onder jong mense in politieke sake te wek 'n jeugafdeling gevorm waarvan die doel onder andere was dat hulle <sup>sou</sup>toesien dat die vergaderings van die eie party nie opgebreek word nie. Van die kant van die Kgudu Morôhê het daar beskuldigings gevolg dat die Civic Guard hulle magte misbruik het en gediskrimineer het teen lede van die opposisie partye. Die Namune het beweer dat die stigting van 'n jeugbrigade die begin is van 'n periode van terrorisasie deur die Kgudu Morôhê.

Hierdie aanwending van gebeurlikhede as propaganda is 'n duidelike voorbeeld van die probleme wat die navorser moet oorkom in die aanbieding van 'n objektiewe weergawe van partybewerings waarin propaganda "waarhede" nie noodwendig juisthede is nie.

## 6. Beloftes en Omkoperij

Dit gaan in hierdie afdeling nie oor die normale verkiesingsbeloftes nie maar oor daardie gevalle waar voordele beloof is of gegee is onder die voorwaarde dat die persoon vir 'n bepaalde party stem.

...teereens/.....

Weereens was dit vir ons besonder moeilik om die omvang van sulke beloftes van voordeel aan individue te bepaal. Ons kan egter met veiligheid beweer dat die voorkoms daarvan nie op 'n skaal is dat dit die uitslag van 'n bepaalde verkiesing na die een of die ander kant kan beïnvloed nie. Dat dit wel voorkom is blykbaar waar. Sommige van hierdie gevalle het onder die aandag van die administrasie gekom en ons bepaal ons bevindings eerder hierop as op die wilde bewerings wat aan ons deur alle partye gemak is. Die administrasie vind dit egter besonder moeilik om teen sulke wanpraktyke op te tree omdat positiewe bewyse en gewilligheid om getuieis in die verband af te lê kwalik verkry kan word.

Die mees algemene gebruik skyn te wees die belofte aan individue om woonhuise in die lokasie te verkry vir voornemende inwoners onder voorwaarde of op belofte van die kant van die aansoeker dat hy dan vir die betrokke party sal stem. Een van die insiggewendste gevalle onder die paar wat ons onteenseglik bewys kon kry, is die volgende: Die sekretaris van 'n sekere blokkomitee het aan die voorsitter van die komitee, die blokman, 'n aansoek gestuur van 'n sekere naturel wat graag 'n leë huis in die lokasie wou betrek. Die voorsitter het twee dokumente ontvang. 'n Brief vir sy eie informasie en die skriftelike aansoek wat hy aan die superintendent moes oorhandig. Ongelukkig vir hom, het die blokman albei die dokumente aan die superintendent oorhandig. Daaruit het dit duidelik geblyk dat die sekretaris die blokman vra om die aansoek soveel moontlik te bepleit daar die aansoeker belowe het dat indien die huis aan hom toegeken word, hy in die toekomst vir daardie party sou stem.

Die werwing van moontlike stemme langs hierdie weg hoef nie noodwendig voor 'n verkiesing plaas te vind nie. Dit kan binne en buite seisoen deur die partye gedoen word. Dit is en bly 'n verdere onweerlegbare feit dat die party wat aan bewind is baie groter geleentheid het om sy offisiële posisie tot hierdie praktyke aan te wend. Dit is ook die party wat uit die

aard/....

van die saak ten onregte die meeste daarvan beskuldig word.

Dit moet in hierdie verband onthou word dat dit vir die werwing van stemme nie noodwendig nodig is dat daar resultate moet kom nadat sulke beloftes gemaak is nie. Die blote versekering dat die aansoek tot die uiterste verdedig en prominent voorgelou is, is gewoonlik genoeg om die stem van die aansoek-er te verseker. Wanneer 'n party daarin slaag om op hierdie wyse 'n bepaalde kieser van hulle bereidwilligheid om sy probleme by die administrasie te stoot, oortuig, wen hulle gewoonlik nie alleen sy stem nie maar in baie gevalle ook die van ander familieleden van die bepaalde kieser. Hierdie metode van stemmewerf, hoe ongewens dus ook al, sal steeds 'n versoeking bly, so lank die huidige stelsel van verkiesing voortduur.

Werklike gevalle van omkoperij deur middel van geld of goedere kon ons nie bewyse voor kry nie. Dit bly 'n feit dat nie een van die partye ekonomies so sterk is dat hulle hierdie metode van stemmewerwery op groot skaal sal kan toepas nie. Dit is makliker om beloftes te maak. Wat ons wel kon bewys is dat dit by sommige groepe gebruik is om aan kiesers van wie die huur agterstallig is, soms die nodige voor te skiet uit die kas van die party om seker te maak van die bepaalde stem. Hierdie lenings moet dan later weer terug betaal word. Die omvang van sulke praktyke is egter beperk. Daar word ook op meer subtiele wyses van omkoperij deur individue gesinspeel. Ons verwys hier na beskuldigings as sou gedurende skaarstye goedere by sommige winkels alleen aan party-ondersteuners verkoop word. Vir hierdie laasgenoemde bewering kon ons geen werklike bewyse vind nie.

#### 7. Algemene beloftes vervat in die verkiesingmanifeste.

Ons bespreking van die verkiesingsbeloftes soos vervat in die verskillende verkiesingsmanifeste van die partye is ongelukkig beperk tot die verkiesing van 1951 en die tussenverkiesing van die jaar daarop toe dieselfde sake aan die orde was. Ons was verder gedwing om ons ondersoek te beperk tot die geskrewe stukke van die Igudu Morôhê en Namane partye. Die Transvaal-party het in geen een van die jare as afsonderlike eenheid die

kiesers op sulke beloftes vergas nie. Hulle het die Namane in albei jare beveg in koalisie met die Kgudu Morôhó party.

Die verklarings van die verkillende strydende groepe sal eers afsonderlik aangedui word waarna ons 'n kort vergelyking sal gee.

(1) Die "Kgudu Morôhó" en "Transvaal" partye.

Die manifes wat deur hierdie koalisiegroep ten tye van die 1951 verkiesing uitgegee is, gee 'n deeglike oorsig van al die toestande in die praktyk wat die party belowe om te verbeter indien hulle aan bewind kom. Uit die aard van die saak is die doelstellings baie prakties gestel sodat die inwoners van die lokasie duidelik moet kan sien waarom hulle gevra word om juis vir hierdie party te stem.

Die manifes word hier in hoofsaak volledig weergegee om nie die gees van die uiteensetting geweld aan te doen nie.

MANIFESTO OF THE UNITED CONGRESS CIVIC PARTY -PRETORIA  
1951.

Pretoria .... enjoys the distinction of not having a Cape Coloured township which has been separately proclaimed, .... so that in terms of the Urban Areas Act 1923, .... both the Cape Coloureds and the African Communities for the purposes of Urban Non-European administration, fall under the Non-European Townships, commonly known as the Pretoria Native location or Marabastad. This brings to light the essential unity of purpose and identity of social and civic interests, between the Cape Coloureds and African residents.

The United Civic Party is an off-spring of the old Rate-payers Association (eintlik na regte die Rentpayers Association) of Marabastad and Bantule under the dynamic and matchless leadership of the late Simon Peter Matseke, who with his natural gift and inborn qualities as a leader dedicated his life to the cause of all down-trodden masses in order that they may recover their soul and be imbued with an unceasing determination to strive for self realization and the ideal of nationalism.

.....

With the passing of time, and certain changes being necessary, if local movements were to be part and parcel of the national struggle, it was decided to change the name of the Rate-payers Association to that of the United Congress Civic Party as an indication that in our local battles with the authorities, we stand for a common cause, eg. more house, trading rights etc

A few of the accomplishments of the United Congress Civic party are hereunder.

(a) The reduction of Police raids for Lodger's and Visitors permits.

(b) Provision for library facilities, Bursaries for school children, better transport of the P.U.T.C. Co., Ltd. But the United Congress Civic Party feels that more issues are to be fought and therefore we advocate that:

1. All Africans and Coloureds should be members and strong supporters of the African National Congress and the A.P.O (African Peoples Organization) respectively, for you cannot be genuine when you dissociate yourself from national movements. Ministers of religion, teachers, Trade Unionists and all professional and labourers alike, should belong to the people because their task is to fight on a United front to gain for what is due to us as a people (a) abolition of R5 Deposit for the Native Advisory Board nominations. Is it not ultra vires the Urban Areas Act?

2. The Native Advisory Board should be run on the WARD SYSTEM - a tried democratic principle for efficient administration with the satisfactory representation for each ward.

3. Every zone should have a Community Centre or a Public Hall for social and civic matters so that each separate community should advance its cultural and other aims.

4. Public market halls for all zones are the primary goal in the economic sphere, for individuals operating small enterprises.

5. The Government should provide a railway service to Atteridgeville to augment the meagre transport facilities. The



increase in the taxi services is the special task of the Party.

6. Home-made Products, Particularly for the benefit of School children and especially fat-cookies, fried fish, etc. Open stalls under a veranda, to be temporarily built with poles and roofed with zinc-iron near the present location offices in Atteridgeville and at Bantule Location, established as a means of livelihood for widows and others denied the privilege of trading rights. Kgudu will bring relentless pressure to the Local Authorities, if elected, to have temporary shelters immediately built .

7. Nobody could deny the need for a Post Office at Atteridgeville staffed by the Non-Europeans, to serve the interests of our people.

8. Building Loans.: Non-Europeans do not desire to burden local and Government authorities with the task of building houses for them. The authorities should set aside land, - Freehold and leasehold - and grant building loans to suitable applicants on the basis operative in Bloemfontein, Kroonstad and other O.F.S. Locations.

9. We want Homes for the teachers, ministers of religion, nurses. In Atteridgeville, we advocate for one Community Hall, for bios, etc., and also for an All African Hotel in the centre of the City (vermoedelik Atteridgeville en nie Pretoria nie) to cater for visitors and workers whilst at the places of their employment.

We advise you to elect men who will achieve for us that which will restore the self-respect of all Non-Europeans and gain a reassurance of self-determination with the final objects of attaining that freedom which is the aim of all the oppressed.

10. Dairy Monopoly. Being far out of town, it is the duty of the Local Authority to abolish dairy monopoly and to permit the residents, as is done in the majority of Union Urban Locations, to own domestic animals for dairy purposes and for transport.

In conclusion we submit the foregoing, the Kgudu ask you

as an educated and thinking person to reflect seriously on the matter and decide whether you are going to subscribe to a foolish policy which is the perpetuation of slavery advocated by a certain party, whose policy is to benefit the selected few who own all the shops of Atteridgeville and who permit nincompoops to represent the wards notwithstanding that they were not elected on the Ward System. It is the same group (Namune) which sabotaged the Ward System before the authorities. Namune leaders sit on the Central Ward Committee, and yet dare oppose the system. The Namune party is diametrically opposed to the Ward System, still drawing money as representatives of Wards. Can they deny this, is it honesty or justice?

We appeal to you men and women to support and Vote for the one party (Kgudu Morôhô) with written principles and not for individuals.

11. Candidates and Trading Rights: Kgudu candidates, even if finally elected to the Native Advisory Board shall not apply for trading facilities unless their applications were there before a candidate was nominated."

Hierdie manifest is uitgegee onder die hand van die destydse president en voorsitter van die Uitvoerende Komitee van die Kgudu Morôhô party.

Hierdie manifest is na rege reeds versprei gewees voor die koalisie. Met die werklike sluiting van die koalisie is hierdie selfde manifest slegs met 'n ander aanhef onder die kiesers versprei as die 11 punte waarop die Koalisiegroep die verkiesing sal dryf. Die belangrikste gedeelte van hierdie veranderde vlugskrif lees soos volg. "We therefore appeal to the Voters that Wednesday 26th September, 1951, should be a great and memorable day - when men and women Voters should vote solidly for the ten candidates of Coalition. We pledge to root out Namune tyranny and bring happiness, love and cooperation between the Local Authority and the African residents. The tin God of Namune is trembling. End Dairy monopoly and all maladministration"

Dit is opvallend dat die praktiese doelstellings van 'n

bepaalde party nie eers vir die duur van die verkiesingsgeweg konstant bly nie. Op die uiteindelijke verkiesingskaart waarop die name van al die kandidate verskyn naas die sake wat die party voor sal veg, het slegs die volgende verskyn: Die Koalisiegroep belowe om te sorg dat die wyksverkiesingstelsel ingestel word in die lokasie, asook dat daar 'n gemeenskapsentrum en 'n poskantoor, en die voorgestelde markgebou opgerig word. Die belofte dat die melkmonopolie sal verbreek word het verander in 'n agitاسie vir meer winkels en die grootse All African Hotel het 'n guesthouse geword waarin mense wat die lokasie van die stamgebied kom besoek kan tuisgaan.

Die oproep om by die A.N.C. aan te sluit, die agitاسie vir 'n spoorlyn na die lokasie, die versoek om lenings sodat natuurlike <sup>self</sup> kan bou, die agitاسie vir vry huise vir predikante ens. is totaal buite rekening gelaat in hierdie geskrif. In plaas van hierdie beloftes het daar verskyn beloftes om 'n creche te help instel vir kinders van moeders wat bedags moet gaan werk terwyl die kinders tuis moet bly, asook om 'n hospitaal en 'n kraamnrusting in die lokasie te verkry; 'n agitاسie vir vermindering van huur in die lokasie, asook vir die uitbetaling van kompensاسie vir onkoste aangegaan vir verbeterings aan die grond en huise wat in die lokasie van die Stadsraad gehuur word; die agitاسie vir die bou van meer huise in Atteridgeville met hoë binnemure en 'n binnedeur in elke kamer; agitاسie vir die verwydering van kliphope uit die strate van die lokasie en die teer van meer strate in die lokasie. Hiernaas agiteer die party vir die onbeperkte tuisbrou van kafferbier en vir vry vuilgoedblikke vir die Kaaplokasie en 'n gedeelte van Bantule lokasie waar die dienste aan die persele deur die Stadsraad op 'n ekonomiese basis verskaf word.

Dit kan in hierdie stadium daarop gewys word dat, die belangrikste punt van verskil tussen die ander partye en die Transvaalparty, nl. die agitاسie vir Transvaal as werkgebied vir die naturelle van Transvaal, nie gedurende hierdie verkiesing genoeg is nie. Met die 1949 verkiesing toe hierdie party as

selfstandige eenheid sy eie kandidate gestel het is dit ook nie gedoen nie. Dit is dus duidelik dat waar ons in 'n vorige gedeelte hierdie beleidspunt van die Transvaalparty behandel het, dit 'n weergawe was van die ideaal eerder as die praktiese politiek.

Hierdie bogenoemde beleidsverklaring van 11 verskillende punte het ons met verskeie van hulle leiers bespreek. Van nie een van die leiers van hierdie koalisiegroep kom ons 'n volledige weergawe kry van al elf of meer, propagandapunte nie. Op die vraag waarvoor die Kgudu Morôhô as die senior vennoot in die koalisie eintlik staan was die leiers slegs in staat om 'n paar van die aangehaalde propagandapunte te noem. Dit wil ons dus voorkom of die samvattende partyprogram soos ons dit hierbo geskets het die samevatting is van die griewe en sienswyses van verskillende leiers. Die feit dat daar dan binne die propagandastukke van een party by een verkiesing so 'n geweldige wisseling kan voorkom is dan die gevolg van die feit dat die opstel van die stukke deur verskillende groepe binne dieselfde party behartig word.

Die leiers wat ons oor hierdie saak ondervra het, het almal min of meer iets anders bekleentoon, gesamentlik weereens vorm hulle opvattinge die vernaamste hoofpunte van die koalisie se praktiese werkprogram.

"The Kgudu Moroho absolutely stands for the benefit (bettering) of housing" het een van die leiers aan ons verduidelik. In 'n latere verkiesingsmanifes word daar verduidelik dat die party selfs sal toesien dat die huise in die lokasie Atteridgeville met 'n 100,000 vermeerder sal word. Hierdie groep beweer hulle nog steeds vir die verkryging van die reg dat natuurlike net soos in die ou Marabastad die reg moet verkry om hulle eie huise te bou. "No man should be just put into a house, not knowing what is the expenses of the house, not knowing how it is built. In short we may just say we stand for economic housing in stead of the present sub-economic houses." Op hierdie bewering kom ons later weer terug.

... een van die belangrikste klagtes wat deur hierdie groep geopper/.... © University of Pretoria

geopper is, is die feit dat die huise in die lokasie geen bin-nedeure het nie en dat die mure wat die kamers van mekaar skei relatief laag is. "Baas it is very bad. Low walls is not nice. I myself have grownup daughters and grownup sons. How do I stay in the house with my wife?" Hierdie gebrek aan privaatheid binne die huise het baie van die meer gegoede naturelle in die lokasie daartoe gebring om die mure binnenshuis self op eie koste te verhoog en ook om deure in te sit. Die party reken dat dit die plig is van die Stadsraad om hierdie geriewe ook aan almal kosteloos te verskaf.

Die Koalisiegroep, waarvan die Kgudu Morôhê die toon aangewende gedeelte is, voel baie sterk oor die bestaan van slegs een melkery in die lokasie. Die saak word verder vererger deur dat die monopolie in die hande is van die leier van die Namune party. In die verlede het ondersteuners van die Kgudu Morôhê aansoek gedoen om 'n verdere lisensie as melkhandelaars. Dit is steeds deur die opposisie geopponeer. Die behoefte aan 'n verdere melkery in die lokasie het dus nou 'n politieke speel bal geword en word sterk gestoot omdat dit die geleentheid bied om 'n figuurlike oorwinning oor die Namune te behaal.

„Another difference is this question of the ward system. You will find in the location that quite a number of people don't vote at the elections ....they are indifferent about it." Volgens hierdie partye groep is die oorsaak hiervan die feit dat die mense gevra word om te gaan stem vir individue wat hulle nie ken nie en wat selfs in 'n ander lokasie as Atteridgeville woonagtig kan wees. Hierdie party staan daarom verkiesing voor van 'n verteenwoordiger vir elke wyk of blok verkies deur die inwoners uit hulle eie geledere. Ons het reeds daarop gewys dat die moontlikheid dat hierdie gedagte geleë is in die feit dat die Kgudu Morôhê die afgelope aantal verkiesings verloor het, nie uitgesluit is nie.

In die algemeen moet ons verder daarop let dat al daardie beloftes aan die kieserspubliek wat groot uitgawes sal meebring, en wat die leiers van die party dus weet, nie 'n gunstige

ontvangs by die administrasie sal kry nie, nie weer mondelings aan ons genoem is nie. Dit geld hier sake soos die bou van 'n marksaal en 'n All African Hotel. Op dieselfde wyse is die oopreep dat alle ondersteuners van die party aan die African National Congress moet behoort, nie weer mondelings aan ons genoem nie. Ons wil verder die aandag daarop vestig dat al die beloftes van verbetering van toestande, uitgesonderd een, nl die verskaffing van 'n gratis vuilgoedverwyderingsdiens in Bantule aan die inwoners van Atteridgeville gerig is. Dit toon duidelik waar die grootste steekrag in die lokasies geleë is.

## (2) Die Namune Party.

Ons kon ongelukkig nie 'n verkiesingsmanifes van die Namune in die hande kry nie. Die leiers van die party het verklaar dat die praktiese doelstellings van die party op die verkiesingskaartjies verskyn tesame met die name van die verskillende kandidate. Op vergaderings word daar dan slegs op hierdie algemene uiteensetting uitgebrei. Op ons versoek is hierdie verskillende beleidspunte aan ons breedvoeriger uitgelê.

Die samevatting van die doelstellings soos dit op die verkiesingskaartjies verskyn lees soos volg. „We promise to make representations on the following:

1. Better bus services and cheaper fares.
2. Protection of residents against ejectment.
3. Home brewing of Kaffir Beer.
4. Appropriate compensation on removal of houses from Marabastad and Bantule.
5. General improvement of Municipal locations.
6. Better sporting facilities.
7. Employment of more Africans in Municipal offices.
8. Education and Bursaries.
9. More Businesses."
10. Geleentheid vir die lokasie inwoners om hulle eie huise te bou.

Die belangrikste van die bogenoemde praktiese beleidspunte het die verskillende leiers soos volg aangedui.

Die busdiens na die lokasie word verskaf deur die Public Utility Transport Co., Ltd., 'n privaat maatskappy wat met die interne politieke struweling in die lokasie niks te doen het nie. Die insluiting van hierdie saak op die beleidsverklaring het egter 'n historiese agtergrond.

Met die verskuiwing van die naturelle van Marabastad na Atteridgeville is daar deur een van die blanke Stadsraadslede die ongelukkige belofte aan die naturelle gemaak dat hulle huishuur en transportkoste by verskuiwing na die nuwe lokasie maandeliks nie meer as £1 sal wees nie. Hierdie onbesonne belofte is werklik gemaak.

Die Stadsraad en die administrasie was by die instelling van die lokasie nie eers instaat om die belofte gestand te doen nie daar die maandelikse huur vir 'n twee-, drie- en vierkamerhuis by die aanvang 18/-, £1- 5- 6 en £1- 8-0 respektiewelik was. Hiernaas het die Munisipaliteit aan die vervoermaatskappy 'n subsidie betaal ten bedrae van 1/- per week per weeklikse buskaartjie geldig op die Atteridgeville roete volgens offisiële opgawes?

In 1947 het die Stadsraad besluit om hierdie subsidie af te skaf. Vanaf Januarie tot September het die Kgudu Morôhê wat toe aan bewind was hierdie besluit beveg en na hulle het die Namune dieselfde gedoen. Die vervoermaatskappy het in dieselfde tyd die tariewe ten gevolge van verhoogde bedryfskoste verhoog en 'n busboikot het gevolg. Na onderhandelings met die Stadsraad het die maatskappy egter toegestaan om die tariewe weer na die ou peil te verlaag maar om 'n korter roete in te stel. Kragtens Oorlogsmaatreël is die subsidie weer van staatsweë ingestel, die ou roete weer ingebruik geneem terwyl die prys van die kaartjie steeds 3/9 per week gebly het.

Tans probeer die verskillende partye waaronder die Namune as die party aan bewind, om die ou tarief met die ou subsidie weer ingestel te kry.

(b) Uitsetting uit die lokasie.

Die aantal mense wat maandeliks deur die administrasie/. © University of Pretoria

nistrasie in die hof aangespreek moet word oor hulle agterstal-  
 lige huur beloop 'n redelike totaal. Kragtens die regulasies  
 van die lokasie, soos dit ook in die verlede streng toegepas is,  
 is hierdie mense op beslissing van die superintendent alleen  
 vervolg. Tans word sulke gevalle eers na die betrokke blokkomi-  
 tee verwys vir advies voor opgetree word. Die gevoel ontstaan  
 dus nou dat die blokkomitees, wat ook 'n politieke eenheid vorm,  
 die verantwoordelikheid dra vir sulke beslissings. Dit is nie  
 na wense nie. Om hierdie rede agiteer hierdie party vir 'n gro-  
 ter beveiliging van die posisie van die lokasie-bewoner.

(c) Kafferbier.

Die inwoners van die lokasie is onder 'n permit  
 van die superintendent geregtig om vier gelling kafferbier tuis  
 te brou. Hierdie reëling het egter geen wetlike dekking nie.  
 Gedagtig aan die gevalle in die verlede waar die Stadsraad nie  
 hulle beloftes tot in die letter nagekom het nie, voel hierdie  
 party dat dit nodig is dat daar 'n beter wetlike dekking aan die  
 inwoners in hierdie saak verskaf word. Hulle wil graag die  
 „gentleman's agreement" oor kafferbier gewettig hê.

(d) Kompensasie.

Die versekering van voldoende kompensasie aan die  
 inwoners van Marabastad by verskuiwing na Atteridgeville is een  
 van die ou strydvrage in die lokasiepolitiek: Hierdie saak is  
 nog steeds van praktiese belang en is prominent onder ons aandag  
 gebring deur die leiers van hierdie party.

(e) Lokasietoestande.

As sake binne die lokasies wat die leiers van hier-  
 die party graag verander wil sien is aan ons die volgende ge-  
 noem. Die administrasie, sê hulle, verwag van die inwoners van  
 die lokasie dat hulle volgens Europese standaarde moet leef,  
 ondanks die feit dat die lokasie 'n sub-ekonomiese skema is  
 word alle fasiliteite nie verskaf nie. Die inwoners kry 'n  
 koolstoof sonder 'n plek om die steenkool te bewaar. Hulle word  
 veronderstel om tuin te maak maar mag nie eers 'n hok bou om  
 tuingereedskap in te bewaar nie.



Die party verlang ook meer geteerde strate in die lokasie en die verwydering van kliphope uit sommige strate. Op ons vraag of hierdie hope klippe nie deur 'n aksiekomitee van die inwoners sonner self verwyder kan word nie, was die antwoord: „In addition to paying rent?" 'n Uitbreiding van die straatbeligting word verlang en 'n verbetering in die toevoer van water en die verskaffing van riolering word aangevra.

By ons uiteensetting moet steeds onthou word dat hierdie party ten tye van die onderhoud met die leiers aan bewind was. Daarom vind mens dat die volgende ook deur hulle as misstande aan die kiesers voorgedra word: Soos by die meeste groot Munisipaliteite toon die Naturelle Inkomsterekening jaarliks 'n verlies. Hierdie party wat insae gehad het in die algemene begroting van die rekening beweert dat hierdie verlies die gevolg is van die gebruik van hoogbesoldigde blanke amptenare as administrators wie se salarisse uit die rekening gedek moet word. Hulle stel daarom voor en bepleit as een van hulle verkiesingse planke dat naturelle op groter skaal blankes in die Afdeling Nie-blanksake moet vervang. Hulle voorstel is daarom dat alle rekords in die departement, alle registrasie van dienskontrakte sowel as die toepassing van alle toestromingsbeheerregulasies in die hande geplaas moet word van naturelle klerke in teenstelling met die blanke amptenare wat die pligte op die oomblik behartig. Blankes moet slegs in die hoedanigheid as toesighouers aangestel word. Die lokasie-administrasie moet geheel en al uit naturelle bestaan behalwe die superintendent wat 'n blanke mag wees.

(f) Onderwys.

Volgens ons segsmanne sal die party hom ook beweer vir die verbetering van die onderwysgeriewe aan naturelle in Pretoria. Die fasiliteite vir primêre en sekondêre onderwys in Pretoria is na hulle oordeel voldoende maar die party voel dat die tyd aangebreek het dat daar in Pretoria ook geleentheid gegee moet word aan die Santoe om hulle te bedien van Universitêre onderrig. Hulle beoog die stigting van 'n Santoe-Universiteit in Pretoria.

(g) Reg om huise te bou.

By die verskuiwing uit Marabastad was een van die beloftes van die Munisipaliteit, die feit dat naturelle so gou moontlik die geleentheid sou kry om op geskikte persele net soos in Marabastad hulle eie huise op te rig. Hierdie belofte kon die Stadsraad eers gedurende 1956 'n werklikheid maak. Ten tye van ons ondersoek (1952) was die afwesigheid van so'n skema ook vir hierdie party 'n ernstige nadeel benewens die feit dat die kiesers deeglik daarop gewys is dat die Stadsraad nie hulle beloftes in ere hou nie.

(3) Vetes tussen die partye.

Naas bogenoemde praktiese beleidsbepalings van die verskillende partye is daar 'n verdere toestand wat daartoe aanleiding gee dat kiesers hulle steun aan die een of ander van die verskillende partye toesê. Hierdie verskynsel hou verband met 'n gevoel van partydigheid en die toesegging van steun aan een van die partye in die vetes wat in die loop van jare ontstaan het. 'n Persoon hoort aan 'n bepaalde party en sal sy tradisionele partyverband eerder as sy aanhoor van oortuigingstoesprake laat bepaal waar sy stem getel sal word. Aan hierdie vetes word jaarliks verder bygevoeg. Die vernaamste van hierdie jongere groepsvormings in die daaglikse lewe is die volgende.

Gedurende 1951 het die inwoners van die lokasie Atteridgeville 'n afvaardiging na die Kommissaris van Polisie gestuur en gevra vir 'n polisiestasie in die lokasie beman deur naturelle polisieamptenare om die inwoners addisionele beveiliging te gee teen die vlaag van aanrandings deur tsotsi-bendes wat in die lokasie aan die toeneem is. Die versoek is geweier.

Hierna het die destydse Agviserende Komitee bestaande uit die kandidate van die Namune party met die stilswyende goedkeuring van die polisie besluit dat die inwoners self hulle eie veiligheidsmag moet stig in die vorm van 'n Civic Guard. 'n Openbare vergadering is belê en die lede van die Civic Guard is gekies uit die leiers en lede van sowel die Namune as die Kgudu Morôhê.

Kort na sy instelling was daar klagtes dat die Wag sy magte te buite gegaan het, Mans, vrouens en kinders wat nie rede kon aanvoer vir hulle aanwesigheid op straat na 'n sekere uur in die aand nie, is sumier tot 'n pak slae veroordeel. Gaandeweg het die lede en leiers van die Kgudu Morôhê uit hierdie Wag bedank sodat daar teen 1952 slegs 2 uit 'n totaal van 50 lede van hierdie party afkomstig was. Die klagtes het steeds ingestroom maar hierdie keer dat slegs lede van die Kgudu Morôhê party deur die Civic Guard gevang en geslaan word. Die superintendent het ingegryp en die orde is weer herstel. Die instelling en instandhouding van sulke Burgerwagte is uitendelik deur proklamasie 284 van 5/12/52 onwettig verklaar sonder die erkenning daarvan deur die Ministers van Naturellesake en Justisie. Die Burgerwag te Atteridgeville is nooit op die wyse erken nie.

Desondanks het die beskuldigings voort geduur en in die verkiesings geskrifte van die Kgudu Morôhê word daar steeds na die Namune verwys as Bangelalala omdat hulle kwansuis die verantwoordelikheid moet dra dat mense gevang en op banke oopgetrek en geslaan is deur hierdie Civic Guard.

In die tweede plaas geld as vete tussen die partye die feit dat die handel binne die lokasie oorwegend in die hande is van ondersteuners van die Namune party. Die bewering is gemaak en herhaaldelik aan ons bevestig dat daar dan deur winkeliers by die lewering van goedere wat skaars is onderskeid gemaak word op grond van party-aanhoorigheid. Die omvang van hierdie praktyk kon ons nie vasstel nie. Die feit dat winkeliers, waaronder ook die leier van die Namune party, aktief aan die politiek deelneem is 'n doring in die oog van die gemiddelde opposisie-ondersteuner. Hy koop teen sy sin. Vandaar dan ook dat daar herhaaldelik op hierdie toestand gehamer word in die propaganda wat deur die Kgudu Morôhê versprei

word/.....

word, ondanks die feit dat daar onder hulle ondersteuners ook diegene is wat winkels het. Dit is ook daarom interessant om te verwys na die verkiesingsmanifes van die Kgudu Morôhê party waarin uitdruklik verklaar word dat hulle kandidate nie sal aansoek doen om handelslisensies na hulle verkies is nie. Om hierdie rede ook verskyn daar op die aankondigings van vergaderings van hierdie party die volgende: The tin-god of Mamune is white with rage he fears the might of the people. Smash Dairy monopoly open the gates of Commerce."

(4) Vergelyking.

Wanneer ons die gebruik van beloftes in verkiesingsmanifeste deur die verkillende partye wil nagaan, word mens uit die staanspoor getref deur die groot ooreenstemming wat daar bestaan tussen die praktiese voorstelle van die verskillende groepe. Soos ons informante dan ook besluit het staan al die partye vir dieselfde saak nl. die verbetering van die toestande in die lokasie. Ondanks die ooreenstemming is dit ook duidelik dat daar sommige verbeteringe deur die een en sommige verbeteringe deur die ander groep voorgestaan word. Dit word allerweë as 'n gebrek aan goeie maniere beskou as een party skielik die beginsels van die ander sou bepleit.

Naas hierdie algemene siening is dit tog moontlik om by nadere vergelyking die volgende aan te stip:

a. Getrou aan sy opvattinge soos aan ons verduidelik, is daar oënskynlik slegs een party wat hulle agitatie om verbeterings in die lokasie teen die breëre uniale toestande van die naturelle wil sien. Die verbintenis van die A.N.C. met die propagande van die Kgudu Morôhê party getuig hiervan. Hierdie propaganda is afwesig by die Mamune party ondanks die feit dat ons

weet/.....

weet dat ook hulle leiers n aandeel neem in organisering van die African National Congress in Pretoria. Hulle is egter heeltemal reg in hulle beskouing dat die gemiddelde lokasie-inwoner geen waardering het vir die gebruik van nasionale en internasionale propaganda in lokasiesake nie.

b. Wanneer ons die aard en omvang van die verkiesingsbeloftes nagaan word ons getref deur die feit dat albei groepe, ondanks die feit dat dit nie deur die Namune so duidelik op skrif gestel word nie, deur hierdie beloftes die kiesers onder die indruk bring dat die partye werklik in staat is om hulle beloftes gestand te doen en die verbeterings wat voorgestel word in die kort ampstermyn van twee jaar 'n werklikheid te maak. In geen van die verkiesingsmanifeste of toesprake is daar doelbewus op gedui dat die lede van die Adviserende Komitee slegs adviserende bevoegdheid en nie uitvoerende magte ingevolge hulle instelling het nie. Die kiesers word doelbewus deur wilde en duur beloftes soos die vermeerdering van die aantal huise in die lokasie, die bou van 'n marksaal en 'n spoorweg na die lokasie onder die indruk gebring dat die beloftes binne afsienbare tyd na die besondere party verkies word, 'n werklikheid sal word. Dit is verder gebruikelik dat wanneer die bepaalde party verslag moet doen aan die kiesers oor hulle beloftes die skuld vir die wannakoming daarvan op die administrasie en die Stadsraad gepek word. Dat langs hierdie weg nog nie ernstige struweling in die lokasie plaasgevind het nie, is beslissig die gevolg van besadigde optrede deur die verskillende partye nie.

c. Dit moet verder daarop gelet word, dat ten gevolge van hierdie toestand, die party wat aan bewind is 'n baie groot voorsprong het bo die opposisie se beloftes. Hulle is instaat om, en doen dit ook gereeld om, al die verbeterings wat deur die administrasie in die lokasie toestandgebring is gedurende hulle dienstermyn as hulle prestasie te eis. Dit is om hierdie rede dat die Kgudu Morôhê in hulle verkiesingsmanifeste verwys na die instelling van 'n biblioteek en beurse vir skoolkinders

gedurende hulle dienstermyn, asook na die vermindering van klopjagte in die lokasie. Dit geld egter ook vir die teenoorgestelde party.

Wat ons hier bedoel word duidelik weerspieël in die gebeure in die lokasie gedurende 1952. Dit sal onthou word dat die Kgudu Morôhê ten tye van die 1951 verkiesing die instelling van 'n poskantoor in die lokasie voorgestaan het. Die Namune is met die verkiesing van daardie jaar verkies. In 1952 is daar na vertoë van die administrasie so 'n poskantoor in die lokasie ingestel. Onder groot verontwaardiging van die Kgudu Morôhê, is dit onmiddellik deur die Namune as een van hulle prestasies aan die kiesers voorgehou gedurende die tussenverkiesing wat in 1952 plaasgevind het.

Hierdie gebruik wat deur albei partye gevolg is kan egter 'n twee snydende swaard word. Die opposisie is ten gevolge van hierdie gebruik, geregtig om die party aan bewind verantwoordelik te hou vir alle ongewenste maatreëls wat deur die administrasie ingestel word gedurende die ampstermyn van daardie party. Ondanks die ernstigste teenkanting kan dit daartoe aanleiding gee dat die regerende party val. Dit het geskied in 1947 toe die Namune die Kgudu Morôhê verantwoordelik gehou het vir die verandering van die bustariëws deur die onttrekking van die voersubsidie. 'n Soortgelyke toestand is tans aan die ontwikkel omdat die Kgudu Morôhê die Namune verantwoordelik hou vir die omskepping van Atteridgeville in 'n ekonomiese lokasie gedurende 1956 op 'n basis wat nie deur die partye aanvaar word nie.

d. Die ooreenkoms in die verkiesingsverklaring van die verskillende partye is beperk tot sake van praktiese aard wat deur die hele lokasie as van groot belang beskou word. Naas die verwydering van kliphope uit die strate wat deur albei partye aangevra word, word ook klem gelê op die verbetering van die straatbeligting en die teer van meer strate. Naas hierdie sake wat tot elke lokasie-inwoner spreek vind ons egter ook ooreenkoms ten opsigte van die agitasie vir meer winkels en die vermoë om huise self te bou, naas die vooropstelling van 'n verander-

ing in die regulering van verlot tot selfbrou van kafferbier. Hierdie laasgenoemde sake is almal aangeleenthede waaroor daar in die verlede deur die Munisipaliteit bepaalde beloftes aan die naturelle gemaak is wat ten gevolge van hulle onvermoë om dit werklikheid te maak nie deur die Stadsraad nagekom is nie. Dit is wel waar dat met die vergroting van die lokasie in 1955/56 grond vir selfbou onder die erf-en-diensskema aan naturelle beskikbaar gestel is en dat 'n mens kan verwag dat in die nuwe gedeeltes van die lokasie daar verdere winkels opgerig sal mag word. Dit bly egter 'n feit dat die beloftes in hierdie sake reeds gemaak is ten tye van die verskuiwing van die naturelle vanuit Marabastad. Dit kan die inwoners van die lokasie dus nie kwalik geneem word dat hulle agiteer teen die feit dat die nakoming van beloftes op die lange baan geskuiwe is nie. Dit pas die administrasie dus om kennis te neem van die ooreenkoms in die verkiesingsverklarings van die partye eerder as om alles teen die pos van propaganda af te skrywe.

e. Ten slotte wil ons weereens daarop wys dat die beloftes wat deur die verskillende partye ten tye van die verkiesing gemaak word van alle kante so rooskleurig en aanloklik vir die kiesers moet voorkom dat die werklike rede vir die konstante verhouding tussen die ondersteuners van die verskillende partye soos weerspieël in die verkiesingsuitslae elders gesoek moet word. Dit bring ons steeds by die aanvaarding dat die kiesers in hulle voorkeur van 'n bepaalde party nie noodwendig gelei word deur propaganda nie maar deur hulle volging van 'n bepaalde leier of leiers binne die lokasie.

(5) Invloed van blanke politiek op verkiesingsmanifeste.

Wanneer ons later die woorde van een van ons informante aanhaal waarin hy sê dat die naturelle alles netso moet doen as die blankes sal ons 'n deeglike besef kan vorm van die geweldige invloed wat daar deur die blanke voorbeeld op veral die politieke aktiwiteite binne die lokasie uitgeoefen word.

Ons bewoon Suid-Afrika saam met die naturelle, en net soos

ons beskou hulle die totale gebied van die Unie as hulle vaderland, ten regte of ten onregte: ons sienswyse in die saak is vir hulle van minder belang. Om hierdie rede stel hulle belang, stel hulle wesentlik belang, in alles wat die blanke binne die Unie tot stand bring. Te meer so, daar hulle hulleself verder as 'n onvervreembare deel van die geheel sien binne die politieke raamwerk van die land vanweë hulle aandeel in die verkiesing van sommige Senaatslede.

Die strominge binne die blanke politieke lewe vind 'n direkte weerklank ook in hulle aktiwiteite. Ons het reeds spore hiervan aangedui in die wyse waarop hulle eie party-politieke masjinerie inmekaar steek, later sal ons ook wys op ooreenkoms in die werking van die verkiesingsmasjinerie, tans wil ons aandui hoe hierdie verbintenís tot uiting kom by die opstel van propaganda.

Gedurende 1943 toe die blankes onder omvangryke oorlogspropaganda deurgeloopt het, het die leier van die Kgudu Morôhó as oud-gediende homself geregtig gevoel om die volgende verkiesingsmanifes te versprei:

"V - Victory

Kgudu Morôhó Civic Association stand for Victory of the Allied Nations against the forces of Nazi Germany and other Axis Rogues and for the upholding of the Democratic form of Government in the Municipal Administration.

Kgudu is a symbol of Democracy and clean administration.

Kgudu wants no Intimidation, Victimization and Expulsion from work through pressure of Political Verneukery in Municipal Services.

Morôhó wants direct representation in the City Council under the principle as prevail in the House of Assembly and the Senate.

Morôhó says:

To hell with lodgers' and visitors' permit.

To hell with police raids to hell with press taps.

Issued by order

Chief Whip of Kgudu Morôhó."

© University of Pretoria  
 Weereens/.....



Weereens, gedurende 1952 toe daar beskuldigings van die kant van die blanke opposisie gekom het dat die regering hom van dieselfde metodes as die van Hitler bedien, het die Kgudu Morôhô as opposisie in die lokasie geskrywe: „'Muso oa Namune ke oa Hitlera.' (Die regering van die Namune is die van Hitler).

Op dieselfde bladsy word verklaar dat die Kgudu Morôhô van voornemens is om 'n „Kgudu Youth Brigade - Torch Commando", te stig. „Kgudu appeals to the youth of the race to take active and keen interest in civics politics." Kronologies val hierdie verklaring saam met die stiging van die „Torch Commando" onder die blankes.

Bostaande is slegs enkele voorbeelde van politieke skeldtaal, verkiesingsverklarings en partyvertoon waarin die nawerking van die politieke verdeling onder die blankes duidelik nagespurs kan word. Indien ons dus nie tevrede is met die metodes wat die naturelle in hulle eie areas in sake op die politieke terrein volg nie, pas dit ons om te onthou dat ons hulle ook hierin 'n voorbeeld stel.

### B. VERDERE KONSOLIDERING VAN LEDE.

Naas die organisering van ondersteuners gedurende die verkiesing vind ons dat die party probeer om met hulle ondersteuners deur middel van verenigings wat met die verskillende partye skakel meer aktief en permanent in aanraking te bly. Hierdie verskynsel het ons by al die verskillende groepe aangetref. Die belangrikste verbintenisse is die volgende:

#### 1. „The Kgudu Morôhô Youth Brigade (Torch Commando)".

Soos die naam aandui is hierdie groep verbind met die Kgudu Morôhô party. Die Namune party het geen teenvoeter of ekwiwalent van hierdie vereniging nie. Hoewel die aankondiging van die stigting van hierdie vereniging skriftelik gedoen is en ten minste een informant ons volledige besonderhede kon gee, was ander leiers van die party nie duidelik oor, of die Youth Brigade wel bestaan of nie. Almal was dit egter eens oor die noodsaaklikheid van die instelling van so'n vereniging onder die vaandel van die party.

Die lede van hierdie vereniging moet volgens ons kennis almal tussen 18 en 25 jaar oud wees. Dit beteken dat al die lede van hierdie vereniging met enkele moontlike uitsonderings nie stemgeregtig is en dus nie vir verkiesingsdoeleindes as ondersteuners van die partye gereken kan word nie. Tog het hulle 'n belangrike rol om te speel. Die houding van die Namane party is juis dat hierdie jeugdige groepe wat nog geen verantwoordelikeheid in die lokasie het nie, nie toegelaat behoort te word om aan die grootmens-speletjie "politiek" mee te doen nie: "We believe in responsibility. We feel they haven't reached the stage of responsibility we don't want them to muddle up the things."

Die vereniging is gestig omdat daar die gevoel ontstaan het dat dit nodig was dat die Kgudu-Morôhê die jeug binne die lokasie meer politiekbewus moet maak, sodat daar altyd nuwe leiers sal wees om die posisie van die oueres oor te neem as hulle wegval. Baie jong mense leef as getroudes binne die huise van hulle ouers. In die geval van weduweemoeders betaal hulle selfs die huur. In albei gevalle het hulle egter nie stemreg nie omdat hulle geen huis op hulle naam van die Stadsraad huur nie. Die Kgudu Morôhê probeer dus om hierdie potensiële stemgeregtigdes te bearbei. Soos een van ons segsmanne dit uitgedruk het "Until the youth takes its place in these things, the future is very dark."

Ondanks die ander doelstellings is dit as 'n moontlike wyse waarop die jeug sy stem kan laat hoor genoem dat dit 'n seun sou vry staan om na te laat om sy moeder se huur te betaal sodat sy nie stemgeregtig sal wees by enige verkiesing indien sy vir die opposisie party sal gaan stem nie. Hierdie jeugvereniging is deur ons informante vergelyk met die Jeugfront van die Nasionale Party en die Youth League van die Verenigde Party onder die blankes. Die vernaamste doel sou wees: "to ginger up the old people of the party." Ander informante het na die vereniging verwys as iets soortgelyk aan die blanke "Torch Commando" vgl. ook die naam in die opskryf.

In aansluiting by die laaste vergelyking wat getref is, het

ons segsmanne gesê dat die gedagte om so'n vereniging te stig ontstaan het vanweë die noodsaaklikheid (?) vir die leiers van die party om 'n lyfwag daarop na te hou gedurende die periode t toe die Civic Guard van die Namune (?) hoogty gevier het. Dat sommige lede van die vereniging in die kapasiteit gebruik is, is aan ons erken. Die bewering is verder gemaak dat die stigting van so'n vereniging nodig geword het om die party daarteen te vrywaar dat van hulle vergaderings opgebreek word. Dieselfde segsmanne het erken dat sulke attenties van die kant van die Namune of enige ander groep nog nooit voorgekom het nie, desondanks wil hulle graag voorbereid wees. Die oogmerk is verder om lede van hierdie vereniging in die toekoms te gebruik om vrae te gaan vra op vergaderings van die teenoorgestelde partye en om mosies van wantroue in hulle leiers te gaan instel.

Volgens ons waarneming was van hierdie militante gedagtes in die praktyk nie veel te bespeur nie. Ondanks die feit dat die vereniging bestaan het, was dit nie vir sy voorgegewe doel gedurende 1951 of 1952 gebruik nie. Die persoon wat tans (1952) aan die hoof van die vereniging staan, het beslis ontken dat daar enige verband is tussen die vereniging en die A.N.C. Youth Brigade: Van geen ander bron kon ons enige bevestiging van so'n verbintenis verkry nie. Die huidige leier het egter erken dat hy vir sy leiding van die vereniging verantwoording verskuldig is aan die Uitvoerende Komitee van die Igudu Morôhê.

Na bewering bestaan die beweging tans (1952) alleen binne Atteridgeville en omvat vier selfstandige takke met 'n totale geskatte ledetal van 180. Dit is egter ons oortuiging dat hierdie syfer afkomstig van slegs een bron oordryf is. Elke afsonderlike groep het sy eie voorsitter en sekretaris en kassier. Daar is geen beperking op lidmaatskap binne die aangegewe ouderdomsgrense nie. Mans en vrouens kan daaraan behoort. Ons kon geen leiding van blankes vasstel nie. Kleurlinge mag by die beweging aansluit mits hulle as naturelle binne die lokasie woon. Binne elk van hierdie takke is daar geen kleiner eenhede nie. Die takke vergader afsonderlik.

Volgens ons segsman is die meeste van die lede vrouens. Ongeveer vyf vroue lede vir elke twee mans volgens sy skatting. Die rede hiervoor: "You know what the men like, the men like to go where the women are. If you stop away the women, we won't have this thing (Youth Brigade)."

Die ledetal van die vereniging word redelik konstant gehou deur die gebruikmaking van die mogodisô-sirkel. Hierdie groepsbyeenkomste word dan gebruik as addisionele inkomstebron vir die party.

Byeenkomste word volgens die mogodisô-patroon om die beurt georganiseer aan huis van die verskillende lede. Die vergaderings vind ongeveer elke veertien dae of elke maand plaas. Wanneer die lede so bymekaarkom betaal ekeen 2/6 aan die kassier. Hiervan ontvang die lid in wie se huis die byeenkoms plaasvind, en wat die kos en koeldrank verskaf 2/- per aanwesige lid. Die orige 6d. per lid word deur die kassier in die fondse van die party oorbetaal. Elke lid moet getrou sy byeenkomste bywoon en sy fooie betaal anders verbeur hy sy geleentheid om ook voordeel te kan trek uit die mogodisô-gelde wanneer dit sy beurt is om die lede te onthaal. Om hierdie rede vind mens dikwels agterstallige betalings van 5/- - 7/6 en selfs meer.

Op sulke byeenkomste vermaak die aanwesiges hulle gewoonlik met sang, solo en gesamentlik. Kerkliedere en partyliedere word geoefen. Die kiers van die Kgudu Morôhê verskyn somtyds om lesings by so'n byeenkoms te lewer. Musiek word gemaak met grammofoon en orkes en die aanwesiges dans of "jive". Geen tradisionele musiek of tradisionele musiekinstrumente word gehoor nie.

Daar is geen skeiding van die geslagte nie. Almal verkeer slegs gesellig saam. Dit is aan ons genoem dat dit soms voorkom dat daar op sulke partye kafferbier, jenever en brandewyn beskikbaar is. Waar laasgenoemde twee dranksoorte vandaan kom was onmoontlik om vas te stel.

Die lede op sulke byeenkomste dra ook geen bepaalde uniform nie. Dit is egter aan ons verduidelik dat indien die lede by vergaderings/..... © University of Pretoria

belange begin ontwikkel as die ou inwoners van Marabastad, as huurders van Munisipale huise in teenstelling met diegene in Marabastad wat hulle eie huise kon bou. Hiernaas is daar veral gedurende 1955 en later groepe naturelle in Atteridgeville gevestig wat van elders as die oorspronklike Marabastad gekom het. Hierdie mense het dus nie die agtergrond van die huidige politieke verdeling geken nie.

Met die instelling van die blokstelsel, het die ou stemstelsel gebly. Die gevolg is dus vandag dat al die stengeregigdes binne die lokasies Atteridgeville, Bantule en Marabastad elk tien stemme het, een vir elke Adviserende Komiteelid wat verkies moet word uit die kandidate wat deur drie verskillende partye gestel word. Hierdie stelsel staan vandag onder die naturelle bekend as die „Communal Vote“, en het in die praktyk min of meer die volgende gevolge.

Elke party of koalisiegroep stel tien kandidate en omdat die kiesers so getrou volgens party-aanhorigheid stem, word daar behalwe in uitsonderlike gevalle, slegs kandidate van die een party verkies. Die aanwesigheid van enige opposisie op die Adviserende Komitee is 'n rariteit. Dit gebeur gewoonlik dat 'n kieser nie eers al tien kandidate van sy eie party ken nie, laat staan nog die kandidate van die opposisie. Omdat die lede van die Adviserende Komitee dus in toto verkies word, het dit in die verlede gebeur dat daar nie genoeg van die lede in Atteridgeville woonagtig was om daar as blokmanne te dien nie. Dan vind ons die onbevredigende toestand dat 'n Komiteelid wat in Bantule woon verantwoordelik word as blokman vir 'n bepaalde blok in Atteridgeville.

As verdere gevolg noem ons slegs weer dat die superintendent van die lokasie moet saamwerk met blokmanne en blokkomitee-lede wat nie die totaal van die lokasie-inwoners verteenwoordig nie daar almal van dieselfde politieke oortuiging is.

## 2. Voor- en nadele volgens informante.

Die meriete van die stemstelsel soos hierbo beskryf word deur ons informante soos volg verduidelik.

ondersteuners van die Kgudu Morôhê het in die verlede bekend gestaan as Leitlho la motse, (die (wakende) oog van die stat). Dit het egter tot niet gegaan ten gevolge van struwelinge oor die wyse waarop die boeke gehou is. In 1952 was daar sprake dat 'n verdere vereniging van die soort die „United Womens' Burial Society" gestig sou word. Besonderhede hiervan kon egter nie verkry word nie.

Naas hierdie twee tipes verenigings waardeur 'n persoon begrafnis voordele kan bekom, vind ons egter dat daar ten opsigte van die lede van alle partye 'n derde wyse is waarop lede van elke bepaalde party voordele kan verkry. Dit geld hier nl. spontane vorderings wat binne bepaalde blokke ten behoeve van die bedroefde familie onder medepartylede gedoen word. Bydrae is weereens nie verpligtend nie.

By die Namune party het hierdie gebruik in die verlede daar uit bestaan dat daar 'n kollekte gehou is onder die aanwesiges wat met die familie gaan simpatiseer het. Die geld sou hoofsaaklik gebruik word om die onkoste wat die familie moet aangaan om die simpatiseerders van verversings te voorsien te bestry. „It developed into such that we felt paying out of hand causes some inconvenience. Some people want to help (the bereaved); but have not got the money on the spot." Daarom bestaan daar in sommige blokke, soos ons verduidelik is, 'n blokkfonds vir hierdie doel. Bydraes hiertoe is vrywillig en uit hierdie fonds word dan uitbetalings gedoen wanneer 'n ondersteuners van die party in daardie blok te sterwe kom. Dit geld bo en behalwe die kollekte by die sterfhuis.

Omsommenderwys kan mens dus sê dat 'n lid van 'n bepaalde party by die afsterwe van 'n familielid die volgende voordele kan ontvang.

1. Die reeling van die begrafnis deur 'n begrafnisonderneming verbind met 'n bepaalde begrafnisvereniging.
2. Kontant voordele van 'n „Mourning Society" waartoe hy as partylid kan behoort.
3. Kontant voordele uit 'n blokkfonds.

#### 4. Kontant voordele van besoekende simpatiseerders.

In die geval van die Transvaalparty moet ons egter nog 'n 'n verdere moontlikheid aandui. Dit is wanneer daar 'n state funeral van 'n begrafnis gemaak word. Dit geskied alleen by die afsterwe van die vernaamste lede van die Uitvoerende Komitee van die party. In so 'n geval word daar kollektelyste vir gebruik dwarsdeur die party geopen. Dit word van alle party-ondersteuners verwag om hulle bydraes hier te lewer. Die gevorderde gelde word dan gebruik nie alleen vir bevoordeling van die familie van die oorledene nie, maar ook vir die betaling van die onthaal- en begrafnisonkoste, omdat die begrafnis dan 'n partykarakter aanneem.

In al die bogenoemde gevalle was ons segsmanne baie duidelik dat behalwe waar iemand hom uitdruklik daartoe verbind het, en dit as 'n voorwaarde vir sy lidmaatskap gestel is, is die bydraes vir begrafnisdoeleindes vrywillig en het geen verband met die normale party-finansies nie. Die omvang van die aktiwiteite van begrafnisverenigings net soos die aanwesigheid van die Youth Brigade is daarom eerder 'n aanduiding van die invloed wat daar reeds van die partye op sosiale terrein uitgaan naas die feit dat dit die geleentheid bied om die ondersteuners van die party op meer praktiese en blywende wyse met mekaar in verband te bring.

#### F. DIE WYSE WAAROP PARTY-FONDSE VERKRY WORD.

Geen een van die partye wat ons te Atteridgeville ondersoek het, vorder enige ledegeld nie. Hierdie bewering word gestaaf deur die feit dat nie een instaat was om selfs by benadering die sterkte van sy party te beraam nie. Die onkoste wat die partye moet aangaan vir die bevegting van die verkiesing, die gee van onthale op 'n beperkte skaal en die vereffening van hofonkoste ten opsigte van sake wat uit die verkiesing voortspruit, noodsaak 'n inkomste van 'n redelike omvang. Die normale gebruik by almal is dus om by wyse van kollekte van die ondersteuners van die party die nodige te verkry vir die vereffening van die onkoste. Die heffing wat op die ondersteuners gelê word vir 'n

verkieping wissel gewoonlik van 1/- tot 2/6 per stengeregtigde of simpatiseerder. Hierdie heffing kom konstant eenmaal elke twee jaar voor ten tye van die verkieping.

Vir die vereffening van onkoste ten opsigte van hofsake en partyonthale word in elke geval 'n afsonderlike heffing georganiseer. Hierdie heffings vind natuurlik plaas slegs wanneer daar rede toe is. Hierdie laasgenoemde heffings sowel as die ten opsigte van verkiesingsonkoste moet nie noodwendig deur alle ondersteuners betaal word nie. Die bydrae is in alle gevalle vrywillig.

In die geval van die Kgudu Morôhê moet in die verband nog die inkomste uit die byeenkomste van die Youth Brigade vermeld word.

Aangesien hierdie sake sake nie eers aan alle lede verduidelik word nie was ook ons nie instaat om 'n weergawe te verkry van die relatiewe onkoste van verkiesings en onthale van die verskillende partye nie. In die geval van hofsake egter is bedrae van tot \$500 aan ons genoem. Hierdie laaste syfer beskou ons as korrek omdat dit uit 'n baie betroubare bron afkomstig is.



## H O O F S T U K VII.

### DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE AANDEEL VAN POLITIESE PARTYE IN DIE VERKIESING VAN LEDE VAN DIE ADVISERENDE KOMITEE. (VERVOEG).

#### G. DIE STEMSTELSEL.

##### 1. Historiese ontwikkeling.

In ons uiteensetting van die historiese ontwikkeling van die stelsel van verkiesing van lede vir die Adviserende Komitee het ons reeds daarop gewys dat die verkiesing twee bepaalde fases deurgemaak het. Die eerste met die aanvanklike instelling toe slegs drie lede verkies is deur die naturelle-inwoners van die lokasie en die tweede na 1939 toe die ledetal vermeerder is tot 10 en al die lede deur die naturelle self verkies is. (Vgl. Hoofstuk IV. D.1.)

Sover ons kon vasstel was die Adviserende Komitee ten opsigte van die lede daarop wat verkies is, steeds slegs op een wyse verkies nl. volgens 'n stelsel waar alle stemgeregtigdes soveel stemme gehad het as wat daar vakante setels op die Komitee was. Gedurende die aanvanklike periode toe slegs drie lede verkies is, was hierdie stelsel geregverdig omdat die administrasie deur hulle reg om lede op die Komitee te benoem kon toesien dat die inwoners op 'n waardige en volledige wyse op die komitee verteenwoordig sou wees. Daarby was die aantal stemme wat per stemgeregtigde toegeken is nl. drie, relatief min in vergelyking met die huidige toestand. Die komitee het verder sy funksie vervul vir een lokasie-gebied waarin belange in hoofsaak ooreengestem het. Dit moet verder onthou word dat daar in hierdie aanvanklike stadium kwalik sprake was van 'n bepaalde verdeling in partye. Die verdeling in verskillende partye het eers gekom kort na die verandering van die samestelling van die Komitee.

Met die toestandkoming van die nuwe lokasie Atteridgeville 'n hele paar myl vanaf die oorspronklike Marabastad, waarheen die inwoners van die laasgenoemde lokasie gestadig oorgeskuive is, is daar geen nuwe Adviserende Komitee tot stand gebring nie. Desondanks het die inwoners van Atteridgeville geandeweg ander

Die Namune party wat met die afgelope aantal verkiesings daarin geslaag het om die meerderheid te verkry is heeltemal tevrede met hierdie stelsel. Hulle beskou dit, soos 'n informant verduidelik het as „True Democracy.” „Democracy says the most people must rule.” Dit is vir hulle in ooreenstemming met hulle leuse „Een drag maak magt - Unity is strength”. Hulle verwys na die toestand onder die blankes waar, so word beweer, die Verenigde Party, wat by hulle hoog aangeskrewe staan, eintlik ook voorstanders is van die Communal Vote: want ondanks die feit dat hulle die meeste stemme verteenwoordig is hulle nogtans nie aan bewind nie. Vandaar hulle (die Verenigde Party) se agitatie dat hulle eintlik die regering in hande moet hê.

Die wykverkiesingstelsel is vir die Namune 'n onding, en so redeneer hulle verder, die inwoners van die lokasie steun ons in hierdie sienswyse want die verandering van die stemstelsel tot 'n wykverkiesingstelsel was vir die afgelope aantal verkiesings steeds een van die platformplanke van die Kgudu Morôhê en Transvaal partye. „They were soundly beaten by a big majority”

Hierdie party vrees ook dat die instelling van die wykverkiesingstelsel in die lokasie sal lei tot swak administrasie deur die verskillende blokmanne en hulle komitees. Onder die huidige stelsel, beweer hulle, kan die party die tien beste persone uit sy geledere as kandidate laat nomineer en verkies kry „with the present system we retain the cream of our people.” Die implikasie van hierdie argument, nl. dat die gemiddelde lokasie-bewoner in Pretoria nie geskik is om as demokratiese leier van sy mense op te tree nie, word egter nie ingedagte gehou nie.

Getrou aan die verdeling staan die opposisie natuurlik die wykverkiesingstelsel voor. Die stelsel van die kommune stem is vir hulle onwaardig. Ons oortuiging is egter dat die vernameste rede waarom hulle hierdie stelsel voorstaan, die feit is dat hulle kans sien om ten minste in 'n paar blokke die verkiesing te wen. Ondanks die feit dat hierdie groep beslis suur druiwe eet is daar tog ander argumente teen die huidige stelsel

van die kommune stem wat ons aandag verdien.

Die mees algemene beswaar wat aan ons genoem is, is dat ondanks die feit dat die lede van die Adviserende Komitee volgens die kommune stem verkies word, die daaropvolgende administrasie van die lokasie op die blok- of wykstelsel georganiseer is. Indien die stelsel konsekwent deurgevoer moet word moet iemand sy klagtes by enige een van die lede kan inhandig in plaas van net by een aangewese blokman. „As dit Communal is moet hulle (die Komiteelede) elkeen help as jy by hom kom. Al bly jy in Bantule en jy gaan vir 'n man vra in Atteridgeville: hy moet daardie ding werk vir jou want jy het hom gekies.“ Vandag is dit nie so nie.

'n Verdere argument word genoem in 'n memorandum van 1952 van die Kgudu Morôhê aan die administrasie: Die mense ken in die meeste gevalle nie al tien die kandidate van die verskillende partye nie en in die verlede het dit gebeur dat iemand as blokman aangestel is wat aan daardie blok onbekend is en nie eers daar woon nie. Om die rede staan hulle die wykverkiesingstelsel voor waar die kandidate woonagtig binne die bepaalde blok deur die inwoners van daardie blok self verkies sal word. „The Block system will make people vote for substance and not for sham, because they will know how to compare the aspirant candidate in his individuality, make a minute an assessment of his declarations, know why they should vote for him, and finally, be at liberty to criticize him for any misdemeanour in his management of the block he represents. . . . . Voting under the communal system is like a fisherman (die kieser) casting his net into the sea in the hope of getting as many fish, only to find that his net is full of crabs, frogs and other water inhabitants. (D.w.s. natuurlik as die opposisie wen.) The people never know the credentials of the majority of the candidates and sometimes have no personal contact with them, and vote for the entire party just because of the influence and gab of one or two men.“ (Die laaste bewering is natuurlik ook 'n tweesnydende swaard.)

Die feit dat daar selfs nie eens die moontlikheid bestaan

dat lede van die opposisie tot die Adviserende Komitee verkies kan word nie, is 'n besondere grief van die huidige twee onsuksesvolle partye en 'n geldige argument teen die huidige stemstelsel. In die lig van die feit dat die aanhorigheid aan die twee partygroepe volgens die stemstatistiek redelik gelyk verdeel is, is hierdie beswaar een wat nie uit die oog verloor kan word nie. Die Adviserende Komitee, soos hy tans saamgestel word, word deur hierdie mense bestempel as 'n „secret society". Omdat daar geen opposisie binne die Komitee is nie bestaan daar geen rede waarom die verkose lede enige kontak met die kiesers van sy blok sal hou nie. Verslagvergaderings is iets wat uiters selde voorkom. Die gevoel bestaan dat die kiesers slegs as stemmee gebruik word. „This communal vote does not satisfy the public, it works onesided. Now here with this communal vote, I can sleep at my house for the whole of two years, then when the election come, I go to a few houses and get my votes."

Die argument is verder aan ons genoem dat aangesien die verkiesingstatistiek toon dat die verskil tussen die sterkte van die twee groepe baie gering is, dit juis ten gevolge van hierdie geringe verskil teoreties moontlik is dat die inwoners en stemgeregtigdes van die gebiede buite die lokasie Atteridgeville verantwoordelik kan wees vir die stemme-oorwig in die guns van een of ander party. Solank die huidige stelsel voortduur is dit 'n onvermydelike toestand. Dit moet onthou word dat die magsewig ten opsigte van kiesers vir die Adviserende Komitee wat sy hoof funksie binne Atteridgeville vervul dan buite die lokasie geleë sal wees. Die gebrek aan kennis deur die partye self van hulle eie sterkte soos die kiesers in verskillende gebiede woonagtig is, het ons egter verhoed om hierdie argument te staaf of te weerlê.

In die lig van die bogaande getuienis van albei kante is dit ons oortuiging dat die kommune stemstelsel nie die mees geskikste vir die lokasies van Pretoria is nie. Ons wil in hierdie bewering nie een van die twee groepe in hulle argumente steun nie; ondervinding het geleer dat die een wat die verkiesing wen

met die stelsel tevrede sal wees. Dit is egter aan ons erken aan ons erken dat die party-politieke stelsel 'n ernstige knou sal kry indien die wykverkiezingstelsel gevolg sal word. Na ons oordeel sal so'n vermindering van die belangrikheid van gewaande politieke verskille alleen tot voordeel van die inwoners kan strek.

#### H. DIE OPSTEL VAN DIE KIESERSLYS.

Elke keer wanneer daar 'n volkskaalse verkiesing van lede vir die Adviserende Komitee moet plaasvind, moet daar volgens Admin. Kg. 29/43 'n kieserslys van stemgeregtigde persone opgestel word.

Kragtens die regulasies word hierdie lys opgestel deur 'n beampte van die Tesourie-afdeling van die Stadsraad, nie later as 7 Augustus van die jaar van die verkiesing nie. Op hierdie lys verskyn dan die name van alle persone wat huurders is van Munisipale huise of persele waarop hulle self kan bou en wat alle gelde wat aan die Stadsraad verskuldig mag wees ten opsigte van huur en dienste volledig tot 30 Junie van die jaar van die verkiesing betaal het. Hierdie gelde moet deur die administrasie voor of op 7 Julie van die jaar van die verkiesing ontvang gewees het. Na behoorlike sertifisering word hierdie lys by al die superintendentskantore opgeplak en afskrifte aan belangstellendes teen 1/- per afskrif beskikbaar gestel.

Enige besware teen insluitings of weglatings op die kieserslys moet by die kantoor van die Stadsklerk binne sewe dae na die afkondiging van die kieserslys ingehandig word. Die beslissing van die Stadsklerk oor hierdie aansoeke is in terme van die regulasies finaal. Die finale kieserslys word dan nie later as 21 Augustus van die jaar van die verkiesing openbaar gemaak nie. Die regulasies verklaar verder uitdruklik dat die uiteindelijke onopsetlike weglating of insluiting van die name van persone op die kieserslys nie die geldigheid van die verkiesing kan beïnvloed nie. Hierdie kieserslys bly dan geldig tot die volgende algemene verkiesing van lede vir die Adviserende Komitee.

Ten opsigte van die werking en toepassing van hierdie regulasies/... ©.University of Pretoria

lasies moet daar op die volgende gelet word:

Volgens hierdie regulasies word stemreg toegeken aan alle huurders van Munisipale eiendom, dit wil dus sê mans sowel as vrouens. Die reg van vrouens om enige aandeel te verkry in sake van politieke belang is soos ons aangedui het in ons opsomming van die tradisionele politieke lewe van die Sotho, behalwe vir enkele uitsonderings totaal onwontlik (Vgl. Hoofstuk IIID.) Die naturelle in die lokasie aanvaar die huidige toestand omdat dit nie nou meer gaan oor seggenskap in tradisionele politieke sake nie maar bloot om die stemkrag.

In die verlede het dit gebeur dat diegene wat in die lokasiepersele gehuur het met die doel om handel te dryf, hierdie winkelpersele op hulle vrouens se name laat registreer het om op die wyse 'n dubbele stem te verkry. Vanaf 1942 egter, ingevolge 'n beslissing van die Bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake is dit nie meer wontlik nie. Die ratio van hierdie beslissing was dat die huur wat vir winkelpersele ontvang word nie ingevorder word ingevolge die regulasies wat op bewoning van huurhuise betrekking het nie. Die handelspersele in die lokasie het dus geen stem nie.

Ingevolge die lokasieregulasies het alle ander persone as bona fide huurders van munisipale persele en huise geen stem nie. Dit beteken dan dat geen loseerder of volwasse kind wat by sy ouers inwoon enige stem het nie. Dit geskied ondanks die feit dat hierdie mense hulle maandelikse loseerderspermit moet vereffen.

Hierdie bepaling is 'n doring in die oog van al die verskillende politieke groepe binne die lokasies. Volgens die toestande is hierdie beswaar egter hoofsaaklik beperk tot die ander lokasies: in Atteridgeville word loseerders kwalik toegelaat. Die argument om aan hierdie persone ook stemreg te laat toekom is dat hierdie loseerders naas hulle loseerders permitte ook gewoonlik die hele of die grootste gedeelte van die huur van die betrokke huis betaal. In een geval wat duidelik onder ons aandag gekom het was die huur wat maandeliks aan die Stadsraad ver-

skuldig was £1- 5- 6 en die gelde wat die loseerder maandeliks aan sy huisbaas moes betaal £1- 5- 0. In ander gevalle kon ons bewys dat die huur van die huis maandeliks om die beurt deur die loseerder en die huisbaas betaal word. Dit is om hierdie toestande wat heers dat albei die politieke groepe voel dat die uitbreiding van die stemreg na alle loseerders en miskien ook na alle manlike belastingbetalers naas die huidige stemgeregtigdes 'n welkome verandering sal wees.

Die klagtes wat teen die kieserslys ingedien word bereik in die meeste gevalle 'n redelike aantal. Die uiteindelijke verandering wat op die lys aangebring word is egter gering. Baie aansoeke om insluiting op die lys kom van naturelle wat nie in staat is om te besef dat betalings wat voor 30 Junie gemaak word ten opsigte van agterstallige huurgelde vir Mei van dieselfde jaar hulle ondanks die datum op die kwitansie nie stemgeregtig maak nie.

Hiernaas is die klagte teen ons geopper dat die aansoeke om toevoegings tot die kieserslys deur die verskillende blokmanne namens die inwoners van hulle blok behartig word. Sommige het dan die blokmanne daarvan beskuldig dat hulle alleen die aansoeke van lede en ondersteuners van hulle party aan die administrasie oordra maar die van die opposisie verswyg. Vir hierdie aantygings kon ons geen bevestiging verkry nie. Wat wel egter nie weggeredeneer kan word nie is dat die verskillende blokmanne en hulle komitees as die plaaslike verteenwoordigers van hulle party die organisering van die blok met die oog op die verkiesing behartig; hulle erken dit self. Dit kan daarom verstaan word dat die blokman as deel van hierdie struktuur en as deel verder van die administratiewe masjinerie homself en die lokaal administrasie by sy behandeling van klagtes oor die kieserslys baie maklik beskuldigings van partydigheid op die hals kan haal.

By 'n vergelyking van die aantal geregistreerde kiesers op die lys met die aantal huurders wat moontlik stemgeregtig kan wees word mens dadelik getref deur die relatiewe lae persenta-

sie wat binne Atteridgeville as kiesers geregistreer is. Die betrokke syfers is soos volg.

TABEL I.

% kiesers in Atteridgeville op kieserslys.			
	Totaal moontlike aantal kiesers	Totaal van kiesers op lys	% kiesers op lys.
1951	1513	941	62.3
1952	1513	939	62.1
1953	1513	844	55.8
1955	2157	1819	84.3

TABEL II. % Manlike en Vroulike geregistreerde kiesers in

Atteridgeville volgens kieserslys.					
	Totaal M. ge- reg. kiesers	Totaal V. ge- reg. kiesers	Totaal ge- reg. kiesers	% M. Gereg.	% V. Gereg.
1951	724	217	941	76.9	23.1
1952	723	216	939	77.0	23.0
1953	629	215	844	74.5	25.5
1955	1461	358	1819	80.3	19.7

(Opmerking: Die bowegaande syfers is verkry van die kantore van die Superintendent van Atteridgeville en die kantoor van die Naturelle-kommissaris van Pretoria. Die berekening van die totale moontlike aantal kiesers is bercken volgens die totaal van die huise in Atteridgeville met voorsiening vir daardie gevalle waar geen stem getel kon word nie soos in die geval van winkelpersele asook met inagneming van die aanwesigheid van meer as die normale aantal stemme in gevalle waar persele vir enkelbehuising gebruik is.)

Vir die interpretasie van die syfers is dit nodig om te onthou dat daar 'n redelike aantal naturelle, ongeveer 200 gesinne in totaal, gedurende 1955 voor die vertreesing van daardie jaar huisvesting in die lokasie ontvang het. Hierdie mense se huur was uit die aard van die saak vir die opstel van die kieserslys betaal. Daarby moet onthou word dat die nuwe inkomelinge in hoofsaak mans was sodat die % geregistreerde vrouens op die kieserslys gedaal het. Die groot getal geregistreerdes in hierdie jaar kan verder in verband gebring word met die feit dat die



administrasie die lys van huurders wat huurgelde agterstallig was aan die organiseerders van die verskillende partye oorhandig het, waardeur groot bedrae agterstallige huurgelde ontvang is.

Die betreklik lae aantal persone wat op die kieserslys verskyn uit die moontlike totaal in Atteridgeville beteken in die eerste plaas ondanks die bowestaande dat daar 'n groot groep naturelle binne die lokasie woonagtig is wat nie hulle huur op datum betaal het nie. Dit word deur die superintendent erken. Wanneer ons die syfers van Atteridgeville met die van Marabastad in 1952 vergelyk, 448 uit die moontlike 473 kiesers geregistreeer, kan 'n mens nie anders as om te aanvaar dat die vermoë om addisionele inkomste deur die inneem van loseerders in hierdie lokasie te verkry, daarvoor verantwoordelik is dat die persentasie geregistreeerde kiesers veel hoër is as in Atteridgeville nie.

Volgens tabel II is die verdeling in manlik en vroulik met inagneming van die inkoming van nuwelinge in die lokasie redelik konstant. Die belangrike faktor is dat vrouens ten minste 20% van die totale geregistreeerde stemme verteenwoordig. Hulle totaal as 'n groep is groot genoeg om die verkiesing in die guns van die een of die ander party te laat verloop, vandaar die klem wat deur albei kante gelê word op die deelname deur vrouens aan die politieke lewe ondanks die feit dat so iets vir die meerderheid van die naturelle wat nog die stamlewe ken, iets ongerymds is.

#### I. DIE NOMINASIESTRYDstryd.

Kragtens Admin. Kg. 29/43 word daar op versoek van die Stadsraad van Pretoria deur die Naturellekommissaris 'n kiesbeampte, 'n assistent-kiesbeampte en ses stemopnemers aangestel. Hierdie persone word aangewys uit die personeel van die kantoor van die Naturellekommissaris en is belas met die ontvangs van nominasies en die uitvoering van die verkiesing. Met hierdie sake het die amptenare van die Stadsraad niks te doen nie. Trouens die regulasies verbied enigiemand anders as die aangestelde beamptes om in die stemlokaal aanwesig te wees.

Die nominasies vir die verkiesing moet by die kiesbeampte ingedien word voor 31 Augustus van die jaar van die verkiesing tussen die ure 9 v.m. en 6 n.m. Geen nominasie word as geldig beskou tensy die genomineerde aan die vereistes voldoen nie. Die belangrikste van hierdie kwalifikasies is die feit dat die persoon vir ten minste twee jaar in die lokasies van Pretoria woonagtig moet wees, stemgeregtig moet wees, en nie binne 'n bepaalde tyd wat sy nominasie voorafgaan aan 'n ernstige misdaad skuldig bevind is nie. Hiernaas word die nominasie aanvaar alleen indien nominasiebrief onderteken is deur ten minste tien sekondante wie se name ook op die kieserslys verskyn. In die praktyk gebeur dit egter dat die nominasiebriewe gewoonlik deur vyftien tot twintig persone onderteken word om seker te maak dat daar tien stemgeregtigdes se naamtekeninge daaronder voorkom.

Binne sewe dae na die ontvangs van die nominasiebriewe moet die uitslae van die aanvaarde kandidate bekend gemaak word. Indien nominasies afgekeur word moet die rede daarvoor verstrekkend word. Afwysing geskied egter maar selde en dan gewoonlik om rede van die feit dat die nominasiebrief per slot van rekening nie deur tien stemgeregtigdes onderteken is nie.

Elke suksesvolle genomineerde kandidaat moet 'n bedrag van £5 by die kiesbeampte deponeer. Hierdie geld word verbeurd verklaar indien die kandidaat sy kandidatuur terugtrek of indien daar nie op hom die helfte van die stemmetotaal wat op die laaste suksesvolle kandidaat uitgebring word, uitgebring word nie.

Die partye in die lokasie het almal aan ons erken dat die nominasie van kandidate nie so 'n individuele saak is as wat moontlik uit die regulasies afgelei kan word nie. Nominering van kandidate is 'n partyesaak. Werklike nominasiestryd soos ons dit onder die blankes ken, word egter nie aangetref nie. Volgens ons informante word daar deur die twee hoofgroepe binne die lokasie twee verskillende prosedures gevolg.

By die Kgudu Morôhō wag die Uitvoerende Komitee die aansoeke van aspirant kandidate in. Daar was in die verlede steeds meer as die benodigde tien. Die finale keuse word uit hierdie aansoeke/... © University of Pretoria

aansoeke deur die Uirvoerende Komitee gedoen. In hulle keuse word die Komitee beïnvloed deur die aspirantkandidaat se opvoedkundige kwalifikasies, sy welsprekendheid en sy aansien en invloed binne die lokasies. „We look first of all (to) the behaviour of the man, his influence etc." Sommige informante het ons meegedeel dat die aspirantkandidate dan na ontvangs van hulle nominasiebriewe hulle sekondante gaan soek in die blokke wat hulle in die Komitee sal verteenwoordig indien hulle verkies word. Ons oortuiging is egter dat dit 'n individuele handeling is en beslis nie noodwendig beperk hoef te wees tot een bepaalde blok nie.

Die kandidate van die Namune party word na bewering aangewys deur 'n gesamentlike vergadering van al die blokmanne en al die blokkomitees. Die resultaat is egter ook in hierdie geval dieselfde: tien party kandidate.

Voor 1942 was dit moontlik vir die verskillende partye om kandidate te benoem uit die geledere van munisipale amptenare. Kragtens 'n besluit van die Stadsraad op 30/4/42 is hierdie gebruik egter afgeskaf. Die rede hiervoor is geleë in bewerings, waarvan ons die grondigheid nie kon toets nie, dat munisipale amptenare in die verlede van hulle posisies misbruik gemaak het om stemme te werf. Hierdie bepaling het albei die partye getref. Die erkenning is aan ons gemaak dat dit veral by een besondere party 'n gevoelige slag was daar die beste kandidate hierdeur hulle posisies ontnem is en dit gevul moes word deur minder bewaare mense. Die implikasie hiervan nl. dat daar in die lokasies in Pretoria nie genoegsame persone is wat die nodige agting en ondersteuning het om as demokratiese leiers op te tree nie, kan kwalik deur die party direk erken word.

## J. DIE VERKIESING.

### 1. Inleiding.

Indien daar toevallig slegs soveel kandidate benoem word as wat daar vakatures op die Komitee is volg dit logies dat daar geen verkiesing gehou word nie. Indien minder as tien genomineer word is hulle outomaties verkose en verdere nominasies

moet deur die kiesbeampte aangevra word om die orige posisies te vul. Hierdie nominasies moet ontvang word binne sewe dae na afkondiging van die inwagting van verdere nominasies. Indien meer as die vereiste aantal in hierdie geval genomineer word, kan daar slegs 'n verkiesing ten opsigte van hierdie laaste groep kandidate plassvind. Indien daar vir die tweede keer te min kandidate genomineer word kan die Stadsraad volgens die regulasies lede benoem vir die oorblywende vakante posisies. Hierdie bogenoemde regulasies was egter nog nooit in Pretoria toegepas nie.

Indien in die eerste instansie meer as tien kandidate genomineer word is dit volgens die regulasies die plig van die kiesbeampte om die dag van die verkiesing te bepaal as die laaste Woensdag in September, gedurende die ure 8 v.m. tot 1 n.m. en van 2 n.m. tot 11 n.m. Gewoonlik word daar in die lokasie twee stemdistrikte afgebaken nl., een te Atteridgeville en een vir die res van die gebied. In Atteridgeville vind die stemming plaas by die Superintendent se kantoor en in Marabastad en Bantule word die Dougall-saal vir hierdie doel gebruik.

## 2. Aanstelling van opsieners.

Na die nominering van kandidate, maar voor die dag van die verkiesing, word al die kandidate deur die kiesbeampte bymekaar geroep en aan hulle die geleentheid gegee om uit eie geleedere of uit die geleedere van hulle aanhangers persone te verkies om die stembeampte behulpsaam te wees met die uitkenning van die kiesers. Die regulasies bepaal verder dat elke groep of party die reg het om een opsiener te verkies vir elke stemlokaal wat gebruik word. In praktyk beteken dit dus dat daar in elke stemlokaal gewoonlik twee sulke opsieners aanwesig is.

Hierdie laasgenoemde bepaling van die regulasies asook die bepaling dat elke kandidaat 'n deposito van £5 moet betaal, is die gevolg van die fiasko met die 1947-verkiesing toe daar deur die verskillende partye altesaam 170 kandidate genomineer is in 'n poging om deur die nominering van die meeste kandidate al die opsieners as ondersteuners van een party verkies te kry.

Soos ons reeds verduidelik het (Hoofstuk VI B.1), het die kies-beampte deur bemiddeling die partye daartoe gekry dat elk een opsiener vir elke stemlokaal benoem het. Hierdeur is die aantal uiteindelijke kandidate verminder gekry tot 82. Na afloop van die verkiesing is die wysiging toe per Admin. Kg. 818/47 in die regulasies aangebring.

### 3. Die verkiesingstryd.

Aan die wyse waarop die verkiesingsveldtog deur middel van vergaderings en individuele bearbeiding gevoer word, het ons reeds <sup>gewoonlik</sup> uitvoerig aandag aan geskenk. (Hoofstuk VI.D.) Dit word dus nie weer hier herhaal nie. Die aard en inhoud van die verskillende verkiesingsvlugskrifte is eweneens reeds deeglik bespreek.

Ons wys hier slegs weer daarop dat die verkiesingsveldtog reeds gedurende Mei van die jaar van die verkiesing deur die opposisie geopen word met propagandavergaderings. Die party aan bewind antwoord daarop met ewe bitsige vergaderings waarop onder andere aan die kiesers verslag gedoen word. Deur die opposisie word daar op hierdie vergaderings teen die party aan bewind te velde getrek en die skuld van alles wat verkeerd is aan hulle adres en aan die adres van die Stadsraad gerig. Hiernaas is dit 'n bekende feit dat algemene landsbeleid ten opsigte van die administrasie van naturelle gereeld ter sprake kom. Ten slotte moet onthou word dat dit op hierdie vergaderings gebruiklik is vir die party wat aan bewind is om enige verbeterings wat in die lokasie deur die administrasie tot stand gebring is aan hulle ywer en bemoeing toe te skrywe.

Ten opsigte van die verkiesingsvlugskrifte, aankondigings van vergaderings en manifeste wat aan die kiesers voorgelê word wil ons slegs aanmerk dat die taal waarin dit opgestel is in hoofsaak Sotho en Engels is. Die Sotho is 'n mengsel van Suid- en Noord-Sotho met hier en daar leen woorde uit Kgatla, 'n Tswana dialek, asook Afrikaans en Engels. Die talryke spelfoute wat voorkom maak dat die betekenis vir 'n oningewyde leser dikwels onverstaanbaar word.

#### 4. Die Stemprosedure.

Die verkiesingsveldtog bereik sy hoogtepunt net voor die dag van die verkiesing. Op die stembag word die kantore van die Superintendent te Atteridgeville en die Dougall-saal in Marabastad tydelik deur die kiesbeampte, die stemopnemers, die opsieners verkies deur die verskillende partye en 'n aantal naturelle polisie-amptenare van die S.A. Polisie oorgeneem.

##### (1) Toestande buite die stemlokaal.

Buite die stemlokaal te Atteridgeville word daar deur die betrokke partye vir elk 'n tafel ingerig. By elk van hierdie tafels is daar kaartjies verkrygbaar waarop die name van die tien kandidate wat deur die betrokke party gestel is voorkom asook 'n beknopte oorsig oor die vernaamste sake wat die party belowe om te verbeter indien hy die verkiesing wen. Elke party-ondersteuner meld hom by sy party se tafel aan, en een van die kaartjies word aan hom oorhandig. Van die tafel word hy deur een van die helpers daar vergesel na die deur van die stemlokaal om te verseker dat een van die helpers van die ander partye nie een van hulle kaartjies met hulle kandidate daarop aan die betrokke kieser opdring nie.

Hierdie verkiesingskaartjies is gedruk in die kleure van die verskillende partye. Rooi of oranje vir die Namane en groen of wit vir die Kgudu Morôhê. Die kaartjies speel 'n uiters belangrike rol in die uitbring van die stem soos ons later sal aandu. Die verkryging van die kaartjies is vir almal so'n gewortelde voorvereiste vir die binnegaan van die stemlokaal dat een van die vernaamste leiers van die partye in die lokasie aan ons verduidelik het dat geen persoon die stemlokaal mag binnegaan alvorens hy nie sy kaartjie ontvang het nie. Die regulasies swyg egter oor hierdie vereiste wat die praktyk meegebring het. Die gebruik van hierdie partykaartjies is reeds baie oud in die lokasies. Al die betrokke partye het dit reeds voor 1942 geken.

Vanaf ongeveer vyfuur die middag begin die drukte toeneem en die vrouens wat tot nou toe in bevel van die partytafels was,

word afgelos deur mans, gewoonlik van die kandidate self. Vanaf ongeveer hierdie tyd kom die hele verkiesingsmasjien in werking en word kiesers wat van die werk af huistoe kom per bus 'en, karre en in 1951 selfs 'n trolliewa na die stembus aangery. Met die 1952 verkiesing het elke party ongeveer drie karre per stembus in gebruik gehad. Die busse wat gebruik word, word deur die partye van 'n vervoermaatskappy gehuur en vervoer van die stad na die lokasie geskied dan op die onkoste van die betrokke party.

(a) Kleurvertoon.

By elke partytafel word die kleure van die betrokke party deur al die helpers gedra asook deur die oorgrote meerderheid van die kiesers wat hulle daar aanmeld om hulle kaartjies te kry.

Gedurende die 1951 verkiesing het hierdie kleurvertoon op die partykaarte wat aan die kiesers gegee is amper moeilikheid veroorsaak. Die kaarte van die Namune was ligroos terwyl die van die Kgudu Morôhô ten gevolge van 'n ongelukkige drukkersfout rooi was in plaas van groen. Daar is dadelik deur die Namune op die ernstigste wyse protes aangeteken deur die kwaadwillige gebruik van hulle kleure deur die Kgudu Morôhô om te probeer om langs die weg verdere stemme te werf. Want baie kiesers stem slegs op die kleur af soos ons sal aantoon.

By elke tafel van die betrokke partye en ook elders op strategiese plekke rondom die kantoor van die superintendent verskyn daar vlae met die kleure van die verskillende partye. Selfs die karre en busse wat die kiesers na die stembus vervoer is met gekleurde linte van die betrokke party versier of in die geval van die Namune dikwels deur 'n paar lemoene wat op 'n stok geryg is.

Die vernaamste vertoning van kleure geskied egter aan die persoon van die kiesers self. Dit word in sy uiterste vorm aangetref by die vrouens wat by die partytafels help en by die lede van die groepe dansers van elke party. Die lede van die Namune groepe dra geel of rooi rokke, tjalies of kopdoeke terwyl die algemene drag van die Kgudu Morôhô groen rompe met wit

kopdoeke/.....

kopdoeke of bloese is.

Die manlike helpers van elke party dra meesal rosette gemaak van die verskillende kleure van sy party, soms is dit egter slegs stukkies rooi of groen lap wat op die lapel gespeld word, of miskien 'n das waarop die partykleure voorkom. Die ondersteuners van die Namune gebruik ook graag oranje Afrikaners (Marigolds) op die lapel of selfs 'n lemoen in die hand of 'n stukkie lemoenskil op die lapel om hulle kleur te wys. Lemoene is ook as voorkop versiering gedra deur die dansers van die Namune.

Met die 1952 verkiesing is hierdie kleurvertoon tot 'n uiterste gevoer toe daar slegs rooi en oranje koeldranke by die tafels van die Namune of groen koeldrank by die tafels van die Kgudu Morôhô verkrygbaar was.

(b) Dans vertoon.

Benewens die blote vertoon van die partykleure aan die persoon van die kiesers word daar deur die vrouens van die lede van elke party 'n groep dansers afgerig wat op die dag van die verkiesing en veral gedurende die aandure op die maat van prysliedere van hulle party of spotliedere op die leiers van die opposisie aan dansvertonings deelneem. Die dansers word in albei gevalle begelei in die ritme deur dromme vervaardig van paraffien- of ander blikke en fluitjies. Die dansery gaan in die geval van die Namune gepaard met die swaai van stokke waarop lemoene gesteek word; in die geval van die Kgudu Morôhô word groen takke gebruik.

Gedurende die dansvertoon met die 1952-verkiesing was dit opvallend dat behalwe in twee gevalle waar tradisionele kraleversierings bo-oor die blanke kleredrag gedra is, daar nie in die minste enige vertoning of gebruikmaking was van tradisionele kleredrag of versiering nie. Dit was ook opmerklik dat selfs kinders aan hierdie dansery deelneem deur die volwasse vrouens spontaan te volg. Die meeste van ons informante wat hieroor kommentaar gelewer het, het hierdie verskynsel afgekeur: dit is tog 'n geleentheid vir volwassenes en nie vir kinders nie.



Elke kar of bus wat by die stemlokaal aankom word deur al die aanwesige ondersteuners maar veral deur die vrouens met skril geskree en toejuiging begroet.

Die prysliedere wat by hierdie geleentheid gesing word bestaan gewoonlik slegs uit een sin wat met melodieuze variasies herhaal word. Ongelukkig kon ons slegs daarin slaag om sommige van die liedere van die Namune party op te teken. Al die ander partye beskik egter oor soortgelyke liedere.

- (1) Siyathatha livote; Ons is besig om die verkiesing te wen (Zulu).
- (2) Namune yangena : Die Namune is besig om in te gaan, (d.w.s. om te wen.) (Zulu).
- (3) Siyankunyathela wena Mbolêkwa: Ons trap jou Mbolêkwa (Zulu).

Pasopo Namune ea tla. : Pasop die Namune kom (Sotho)

- (4) Kgale re ne re sa iketla,  
 re ne re tshwengwa ke Kgudu,  
 byalo mušo ke wa senthawane, senthawane, senthawane: \*  
 In die verlede was ons nog voorspoedig  
 (toe) is ons gepla deur die Kgudu.  
 Nou is die regering die van senthawane, senthawane,  
 senthawane.

(\* opmerking: Senthawane is, volgens die verklaring van ons segsmanne, 'n mitologiese dier - 'n wolf-leeu - waarvan die hare en die vet, kragtige „medisyn" is. Om dit te besit bring op sigself reeds groot geluk. Dit is egter ook die bynaam van I.B. Moroe, een van die vernaamste leiers van die Namune. Dit sinspeel dus op Moroe as die gelukbringer van die Namune party.)

Hierdie bogenoemde kleurvertoon, dansery en singery is reeds 'n jarelange kenmerk van die dag van die verkiesing. Die aanwezigheid daarvan word verklaar deur die opmerking: „The election lasts so long. The people must while away their time singing by their and chanting."

(2) Toestande binne die stemlokaal.

Nadat die kieser sy kaartjie ontvang het by die tafel van/...

van sy betrokke party gaan hy vergesel van een van die helpers na die deur van die stemlokaal. Hier word sy bona fides eers deur die twee opsieners een vir elke party nagegaan om seker te maak dat hy werklik stemgeregtig is en of hy nie dalk op iemand anders se naam kom stem nie. Hierdie laasgenoemde versoek word natuurlik nie toegestaan nie, nogtans kom dit redelik dikwels voor.

Hierna oorhandig hy sy partykaartjie waarop die name van sy party se kandidate voorkom aan die stembeampte met die verklaring dat hy vir hierdie mense wil stem. Sy naam word op die kieserslys doodgetrek deur die beampte en kragtens regulasie word die kieser se stem deur die kiesbeampte namens die betrokke kieser uitgebring by wyse van kruisies op die stembrief agter die name van die kandidate soos op die partykaartjie vermeld. Hierdie prosedure word deur die regulasie bepaal hoewel dit die kieser ook vry staan om self sy stembrief te neem en op sy eie, sy stem daarop aan te dui. Om die stemmery geheim te hou bepaal die regulasie verder dat daar slegs een kieser op 'n keer in die stemlokaal aanwesig mag wees. Hierdie, vir die blanke sonderlinge bepalings moes in die regulasies ingevoeg word omdat so'n groot persentasie van die kiesers ongeletterd is en dus nie instaat is om self hulle stem aan te dui nie. Hierdie wyse van stem moet ons as die normale beskou. Die aantal kiesers wat hulle eie stembriewe invul is onbeduidend laag binne die groot totaal.

Ten gevolge van die heersende toestand van ongeletterdheid onder die kiesers kan ons verstaan waarom dit vir elke party so uiters belangrik is om hulle ondersteuners van kaartjies waarop die name van hulle kandidate voorkom, te voorsien. Dit geld hier nie alleen net ongeletterdheid nie maar ook die feit dat baie min van die kiesers die name van al die kandidate van hulle party ken.

Dit is ook verstaanbaar waarom die kieser wat by die partytafel aangedoen het tot by die deur van die stemlokaal deur een van die helpers vergesel moet word: anders kan een van die hel-

pers van die opposisie, deur hom sy kaartjie te laat omruil sy stem vir hulle party verkry. Dit is nou ook duidelik waarom eenkleurige kaartjies vir albei partygroepe so maklik 'n fiasko kan afgee. Baie kiesers stem bloot slegs volgens kleur: die kleur van bv. die lemoen wat hulle self in die hand dra, die kleur van die vlag wat by die tafel van die betrokke party wapper, die kleur van die kaartjie wat aan hom by daardie party se tafel oorhandig word.

Die aantal bedorwe stembriefies by elke verkiesing is verder ten gevolge van hierdie stemmetode buite verhouding laag tot die aantal ongeletterde en swak geletterde kiesers wat aan die verkiesing meedoën. Gewoonlik is die aantal bedorwe stembriefies uitgebring by albei stemlokale in die hele verkiesing minder as tien.

Onmiddellik na die sluitingsuur van die verkiesing word die stemme getel en onmiddellik daarna die uitslag van die verkiesing bekend gemaak aan die wagtendes buite. By die telling van die stemme mag die verkillende kandidate teenwoordig wees maar hulle mag nie sonder toestemming van die verkiesingsbeampete die lokaal verlaat nie. Indien dit gebeur dat twee kandidate dieselfde aantal stemme trek en dit onmoontlik is om albei verkies te verklaar maak die regulasies voorsiening dat daar tussen hulle deur die lot beslis kan word.

#### (5) Die uitslag van die verkiesing.

Om aan te toon hoe duidelik daar volgens party aanhorigheid gestem word, word hier die uitslae van verkiesing in die Pretoriase lokasies vir vyf agtereenvolgende verkiesings gegee.

#### 1947 Verkiesing:

By geleentheid van hierdie verkiesing is aanvanklik 170 kandidate genomineer (Vgl. Hoofstuk VI B.1). Deur terugtrekking is die totaal later verminder tot 82. Ongelukkig is slegs die syfers ten opsigte van die tien suksesvolle kandidate beskikbaar.

NAMUNE PARTYKGUDU MOROHÔ PARTYTRANSVAAL PARTY.

Mareka	635
Moroe	634
Masemola	633
D. Mathole	622
Gillinge	622
Sehloho	622
Gomba	620
Thabane	619
Legodi	619

Matli	618	*
-------	-----	---

\*Hierdie kandidaat het sy verkiesing te danke gehad aan lotsbeslissing toe hy dieselfde aantal stemme getrek het as die laaste moontlik suksesvolle Namune kandidaat. Hierdie toestand verteenwoordig een van die weinige toe daar opposisielede in die Adviserende Komitee verkies was.

1949 Verkiesing.

Vir hierdie verkiesing is daar slegs 30 kandidate genomineer.

<u>NAMUNE PARTY</u>		<u>KGUDU MOROHÔ PARTY</u>		<u>TRANSVAAL PARTY.</u>	
K. Masemola	758	C. Mbolekwa	471	J. Mutsila	208
F. Mareka	754	A. Mahlatjie	470	M. Mokatle	204
I. Moroe	753	J. Mashishi	469	K. Matli	202
A. Sehloho	752	S. Modiselle	468	F. Ntombeni	194
P. Gillinge	749	E. Kekane	468	E. Morola	193
I. Thabane	746	S. Legodi	468	H. Nkitle	191
A. Gomba	745	E. Mafole	467	F. Mojapela	189
S. Maleka	744	M. Ndongeni	467	F. Mofapelo	187
D. Mathole	740	P. Chauke	465	L. Lekoko	185
J. Legodi	738	T. Moela	465	A. Kola	185.

Met hierdie verkiesing het al die kandidate van die Transvaalparty hulle depositos verbeur omdat hulle nie die helfte van die stemme wat uitgebring is op die laaste suksesvolle kandidaat kon trek nie.

1951 Verkiesing.

Vir hierdie verkiesing is slegs 20 kandidate genomineer: Die twee onsuksesvolle partye by die vorige verkiesing het nou 'n koalisie gevorm.

NAMUNE PARTYKGUDU MOROHÔ PARTY EN TRANSVAALPARTY.

K. Masemola	613
I. Moroe	610
A. Gomba	610
P. Gillinge	609
A. Sehloho	608
J. Legodi	607
S. Maleka	606
D. Mathole	604
J. Segola	603
S. Mogale	603

F. Mareka	517
L. Letsebe	517
K. Matli	516
D. Modise	515
W. Lepule	514
A. Mahlatjie	513
L. Lekoko	512
H. Nkitle	511
A. Kola	509
S. Mooko	508

1953 Verkiezing.

Ongelukkig is alleen die resultaat vir die tien suksesvolle kandidate beskikbaar:

NAMUNE PARTY.

K. Masemola	561
I. Moroe	560
P. Gillinge	559
R. Brander	556
A. Sehloho	556
J. Segola	555
D. Mathole	555
N. Lehabe	555
J. Legodi	555
S. Mogale	554

1955 Verkiezing.

<u>NAMUNE PARTY</u>		<u>KGUDU MORÔHÔ PARTY</u>		<u>TRANSVAAL PARTY.</u>	
K. Masemola	772	F. Mareka	756	K. Matli	127
I. Moroe	765	T. Mote	753	R. Pucane	127
A. Sehloho	765	B. Mngadi	753	E. Kwinana	125
P. Gillinge	763	A. Mahlatjie	752	F. Lepaku	125
J. Legodi	760	L. Moleele	752	J. Sachane	125
D. Mathole	760	C. Mbolekwa	751	D. Sekgabi	125
S. Mogale	760	P. Nkoana	751	S. Mphaki	124
J. Segola	759	H. Mabokela	749	F. Mojapelo	123
R. Brander	758	H. Nkittle	748	J. Moleele	121
N. Lehabe	758	W. Molako	746	<u>ONAFHANKLIK</u>	
				J. Mogale	44

Met hierdie verkiesing het die koalisie van twee jaar gelede weereens opgebreek in die twee oorspronklike groepe. By die vergelyking van hierdie uitslag met die voriges moet dit in gedagte gehou word dat die persentasie stem wat gedurende dié verkiesing uitgebring is die hoogste was gedurende die duur van hierdie ondersoek. Dit kan in hoofsaak toegeskrywe word aan (1) die feit dat daar ernstige verdeeldheid onder die inwoners gekom het oor die voorgestelde verandering van die lokasie Atteridgeville van 'n suiwer sub-ekonomiese skema na 'n suiwer ekonomiese behuisingskema, en (2) die feit dat die lokasie 'n paar maande voor die verkiesing groot getalle nuwe inwoners van die verskillende plakkerkampe rondom Pretoria ontvang het. Mense dus wat die heersende politieke tradisie effens versteur het en wat te oordeel na die verkiesingsuitslag hulle steun in groter getalle by die opposisie ingegooi het.

Die voorgaande verkiesingsuitslae vir die Pretoriase lokasies in geheel genome toon baie duidelik hoe daar feitlik in alle gevalle/.....

le gevalle streng volgens party-aanligheid gestem word. Die statistiek toon verder ook duidelik die geringe verskil tussen die stemme wat op al die kandidate van een besondere party uitgebring word. Dit is die gevolg van die vermoë om kiesers met partykaartjies te lei om slegs vir hulle party se kandidate te stem. Die bestaande verskille kan toegeskrywe word aan daardie geringe persentasie kiesers wat ten volle geletterd is en daarom self hulle stembriewe invul asook aan daardie groepie wat onder die indruk dat hulle al tien die kandidate ken en ook geletterd is, en self probeer om hulle stembriewe in te vul en dan of vir sommige „verkeerde“ kandidate stem of nie hulle stem op tien kandidate uitbring nie. Indien ons in die lig van die verkiesingsuitslae hierdie kiesers se totaal op rofweg 50 stel bring dit persentasiewys gedurende die 1955 verkiesing mee dat .3% stemme op hierdie wyse uitgebring word.

Wanneer ons die uitslag van die verkiesing binne die lokasie Atteridgeville alleen wil beskou is ons aangewese op die offisiële kieserslys wat deur die verkiesingsbeampte aldaar gebruik is. Dit bring mee dat ons geen verdeling van stemme volgens party-aanligheid kan vasstel nie, want die stemme word na afloop van die verkiesing as 'n totaal getel. Die twee vernaamste partygroepe beweer egter albei dat die verdeling in Atteridgeville omtrent gelyk is met so'n geringe oorwig aan die kant van die party wat die informasie verskaf.

Die ontleding van die offisiële kieserslys wat gebruik is in Atteridgeville toon egter op interessante tendense. Die ondergenoemde syfers is in alle gevalle ontleen aan daardie lysie wat goedgegunstiglik aan ons beskikbaar gestel is deur die Naturellekommissaris van Pretoria. Die bepaling van die totale moontlike aantal stemgeregtigdes in die lokasie berus op gegewens verkry van die kantoor van die Superintendent van Atteridgeville. Die syfers is soos volg.

TABEL III.

TABEL III                      % MANLIKE EN VROULIKE STEMME WAT UITGEBRING IS  
 IN ATTERIDGEVILLE.

:Jaar	:Totaal M. : gestem	: Totaal V. : gestem	:Totaal stemme: : uitbring.	% : M.stem.	% : V. stem.
: 1951:	382	123	505	75.6	24.4
: 1952:	409	142	551	74.2	25.8
: 1953:	249	93	342	72.8	27.2
: 1955:	1065	295	1360	78.3	21.7

TABEL IV.                      % GEREГИSTREERDE KIESEERS WAT VAN HULLE STEMREG IN  
 ATTERIDGEVILLE GEBRUIKMAAK.

:Jaar:	: GEREГИSTREER :			: GESTEM :			% GESTEM :		
	M	V	Tot.	M	V	Tot.	M	V	Tot.
:1951:	724	217	941	382	123	505	51.6	56.7	53.7
:1952:	723	216	939	409	142	551	56.6	65.7	58.7
:1953:	629	215	844	249	93	342	39.5	42.8	40.5
:1955:	1461	358	1819	1065	295	1360	72.9	82.4	74.2

TABEL V.    WERKLIKE % STEM UITGEBRING.

:Jaar	: MOONTLIKE TOTAAL:			: WERKLIKE TOTAAL :			: WERKLIKE% :		
	:STEMGEREGTIGDES :			:STEMME UITGEBRING:			:STEMME UITGE- :BRING. :		
1951	: 1513			: 505			: 33.4		
1952	: 1513			: 551			: 36.4		
1953	: 1513			: 342			: 22.6		
1955	: 2157			: 1360			: 63.1		

TABEL VI.    WERKLIKE % MANS EN VROUENS VAN DIE MOONTLIKE  
 STEMGEREGTIGDES WAT HULLE STEMME UITBRING IN  
 ATTERIDGEVILLE.

:Jaar	M	V	Tot.	M	V	Tot.	M	V	Tot.
:1951	:1117	:396	: 1513	: 382	: 123	: 505	: 34.2	: 31.1	: 33.4:
:1952	:1117	:396	: 1513	: 409	: 142	: 551	: 36.6	: 35.9	: 36.4:
	: Moontlike stem- : geregtigdes.			: Werklike stemme : uitbring.			: Werklike % : gestem.		

By 'n vergelyking van die syfers soos hierbo uiteengesit  
 val die volgende ons op:

(a) Wanneer ons die persentasie verdeling tussen die ge-

slagte beskou soos weerspieël in Tabel II volgens die kieserslys en in Tabel III volgens die relatiewe aandeel in die stemme wat uitgebring word, is dit duidelik dat ons min of meer dieselfde verdeling in albei gevalle aantref. Die vermoë van vrouens om 'n aktiewe aandeel te hê aan politieke bedrywighede is in die tradisionele kultuur haas onbekend. Die feit dat hulle in Atteridgeville hulle reg tot so'n deelname gelykwaardig met die mans beoefen sonder dat daar enige vyandige openbare mening daarteen bestaan, iets wat op sy beurt weer in die statistiek aangedui sou kon word, is 'n aanduiding van die mate waarin die inwoners van Atteridgeville hulle reeds losgemaak het van die tradisionele beperkinge van die stamatosfeer. Dit gaan hier om stemme en stemgeregtigdes word gelykwaardig erken en die reg tot uitoefening daarvan gegun.

(b) Wanneer ons egter die relatiewe verhouding in stemkrag tussen die geslagte soos aangedui in Tabel III vergelyk met die mate waarin die geslagte aktief aan die verkiesing deelneem soos weerspieël in die persentasie van die betrokke geslag wat as geregistreerdes hulle stemme uitbring, Tabel IV, is hierdie tendens nog duideliker. In al die jare waaroor ons gegewens het stem daar meer vrouens uit die totaal geregistreer as mans. Die verklaring hiervoor, wat aan ons genoem is, was dat die saamhang met die feit dat die vrouens oordag in die lokasie aanwesig is en dus makliker as die mans hulle tyd kan kies om die stembus te gaan besoek. Hierdie verklaring gaan ons insiens nie heeltemal op nie daar dit geen verklaring is vir die deelname van vrouens ook in ander aspekte van die politieke lewe as bloot slegs die uitbring van hulle stemme nie.

(c) Die lae persentasie stemme wat by elke verkiesing uitgesonderd 1955, uitgebring is, soos aangedui in Tabel IV, is 'n verdere kenmerk van die verkiesing. Ondanks die feit dat daar slegs ongeveer 60% van die moontlike stemgeregtigdes geregistreer is (Tabel I) is daar volgens Tabel IV ten minste 40% van hierdie kiesers wat nie hulle stemme uitbring nie. Die hoë aantal geregistreerde kiesers in 1955 en die relatief hoë persenta-



sie stemme wat met die verkiesing uitgebring is kan beslis toegeskryf word aan die feit dat die hulp van party organiseerders ingeroep is om diegene wat hulle huur nie tot op die voorgeskrewe datum betaal het nie, en daarom geen stem sou hê nie, aan te spoor om die huurgelde aan te suiwer. Na ons oortuiging kan dit egter in 'n groter mate toegeskryf word aan die voorgestelde omskepping van Atteridgeville in 'n ekonomiese behuisingskema waardeur elke persoon opnuut politiek bewus geraak het omdat die Adviserende Komitee die kanaal is wat vertoë en aanbevelings aan die Stadsraad maak. Hiernaas moet ook genoem word dat die moontlike aantal stemme met ruim 644 in 1955 gestyg het ten gevolge van die uitbreiding van die lokasie.

(d) Indien ons die resultate van Tabelle IV en V vergelyk met die oog op die bepaling van die werklike persentasie van die moontlike stemgeregtigdes wat by die verkiesing die gevoel van die inwoners van die lokasie vertolk, is hierdie tendens van afsydigheid en laksheid om te stem of om selfs aan die politieke lewe deel te neem nog duideliker merkbaar. Uitgesonderd die 1955 verkiesing toe naasteby  $2/3$  van die moontlike kiesers hulle stem uitgebring het was die Adviserende Komitee vir sover dit Atteridgeville aangaan deur slegs ongeveer  $1/3$  van die moontlike kiesers aangewys. Na ons oordeel verteenwoordig hierdie laasgenoemde toestand die normale. Indien ons verder aanvaar dat die twee vernameeste partygroepe korrek is in hulle bewering dat hulle aanhang in Atteridgeville naasteby gelyk is, en daar is aanduidings, hoewel nie met syfers aanduibaar, dat ons dit as 'n basis van redenasie kan gebruik, dan beteken dit dat die Adviserende Komitee vir sover dit Atteridgeville aangaan, aangewys word deur iets meer as  $1/6$  van die totale aantal moontlike kiesers wat dan die suksesvolle party steun; aangewys word vir die gemeenskap as 'n geheel want daar is op hierdie Komitee gewoonlik geen opposisie nie.

(6) Laksheid om te stem.

Die swak deelname aan die verkiesing was so ver ons kon vasstel nog steeds in die verlede 'n kenmerk van die poli-

tieke lewe in Atteridgeville. Die oorsake hiervoor is uiters moeilik te bepaal en in elke geval onmoontlik reduseerbaar tot syfers. Die vernaamste van die oorsake van hierdie toestand wat aan ons genoem is van verskeie kante is:

Die onvermoë om die huurgeld tot op datum te betaal voor die vasgestelde tyd. Hierdie groep potensieelstemgeregtigdes wat steeds nie hulle stemme kan uitbring nie en wie se name nie op die kieserslys kan verskyn nie was in die verlede soos uit tabel I afgelei kan word ongeveer 35% van die totale aantal moontlike kiesers.

Ten tweede is aan ons genoem die feit dat baie van die persone wie se name op die kieserslys verskyn te oud is of gebrekklik is en om die rede nie hulle stem uitbring nie. Die kiesbeampte kan geen plaasvervangers vir hierdie mense toelaat nie ondanks die gereelde aansoeke van familielede om namens hierdie persone te kom stem. Die omvang van hierdie groep is te oordeel na die getuienis van die kiesbeampte en die rekords van die superintendent van die lokasie redelik gering sodat die oorsaak van hierdie laksheid om te stem gesoek moet word, na ons oortuiging in 'n verdere rede wat aan ons verstrekkend is nl:

Die aanwesigheid van 'n apatieuse houding teenoor die verkiesing in besonder en die politieke lewe in die algemeen by daardie groep van die inwoners wat beseft dat die Adviserende Komitee geen werklike mag het om enige saak daadwerklik te verbeter nie, asook die bestaan van struwelinge tussen individue en een of meer van die leiers van al die verskillende partye. In hulle uiteensetting van die verdelinge binne die lokasie het al die politieke leiers die inwoners in twee groepe verdeel, nl. aan die een kant diegene wat redelik gevestigde verbintenisse met die stamtoestande het, en diegene wat in die stad gebore is en geen belang erken by die politieke masjinerie nie. Diegene wat stem is die „roukaffers. It is the people who know law and kgotla from their houses. (They know) that a thing cannot be put right unless it is brought before the kgotla. The majority of the people are from the kraals, they will never fail to vote.

They know that nothing can be rectified or put right unless it it comes to the kgotla."

Die ander groep, die verstedelikes wat deur die ander veragtelik met die term Boesman aangedui word is diegene wat ten gevolge van hulle kennis uit die verlede in ver twyfeling is oor die waarde van hulle deelname aan die partypolitiek. Of soos een van ons informante dit verduidelik het. „Those who have (been) born as slaves who has no other language they speak but Afrikaans but are as black as myself. He has no background. He has no tradition." Daarom stem hy nie. In hierdie verkla- ring is na ons oordeel opgesluit die werklike oorsaak vir die apatiese houding by sommige teenoor die politieke lewe wat steeds probeer om die bestaande vir hulle aanvaarbare toestande te verander. Die omvang van hierdie groep kan met geen syfer gemeet word nie. Die heftigheid waarmee al die leiers teen hier die mense te velde getrek het regverdig egter die beskouing dat hulle getalle nie onaansienlik is nie. Dit moet egter onthou word dat wanneer die toestande in die lokasie radikaal verander word deur die blanke administrasie mens sal moet verwag dat hierdie apatiese houding sal verdwyn. Dit is dan ook wat gedurende 1955 plaasgevind het toe die verkiesing geveg is onder die skaduwee van die voorgestelde verandering van die sub-ekonomiese skema na 'n ekonomiese.

(7) Die afwikkeling van die verkiesing.

Die gevoelens wat voor en gedurende die dag van die verkiesing tot sy maksimum hoogte opgesweep is neem gewoonlik 'n hele tydjie om tot bedaring te kom en tot die normale lewe terug te keer. Gedurende hierdie laaste fase van die „verkiesing vind mens dan gewoonlik aanklagte van omkoperij, algemene beskuldigungs en oneerlike gedrag van een party teenoor die ander wat in die geval van individue dikwels tot handgemene uitloop tussen vroeëre vriende of in die geval van die partye as geheel dikwels in die hof besleg word.

Die mees algemene van hierdie lasterlike beskuldigings wat na elke verkiesing voorkom is klagtes dat die winkeliers in

hulle verkoop van skaars artikels gedurende die verkiesing diskrimineer tussen die volgelinge van hulle eie party en die van die opposisie. Beskuldigings as sou die een party gevolglik sy ondersteuners verbied het om by die winkeliers wat leiers is van die opposisie te gaan koop, is ook teenoor ons gemaak. In dieselfde asem volg dan ook beskuldigings dat sulke winkeliers van suiker en meel gebruik maak as omkoopmiddele om stemme te werf vir hulle party. Die regerende party word verder steeds daarvan beskuldig, maar op sy heftigste gedurende die periode dat hulle huise aan voornemende intrekkers in die lokaal belowe op voorwaarde dat daar vir hulle gestem sal word. Hierdie gerugte en beskuldigings is so konstant dat ons moes aanvaar dat daar wel grond voor bestaan. Dat die omvang daarvan egter onbepaalbaar en dus gering behoort te wees moet ons ook erken. Veral is dit die geval ten opsigte van die klagtes oor die verspreiding van skaars goedere. Die winkeliers is bewus daarvan dat so'n gedrag sy nawerking langer as wat nodig sal hê in die vyandigheid van sommige kliënte. Daarom soos een van hulle dit aan ons uitgedruk het: „I can take money from anybody, as long as he pays his money whether he has got a tail (or not). I take money from him and let him go with his tail.” (Bedoelende daarby dat die opposisiegroep bobbejane is.)

Die nawerking van die vyandigheid vind ons egter nie net tussen volwassenes nie, maar kinders speel ook dikwels hulle rol. Kinders neem soos ons getoon het deel aan die sing van die verkiesingsliedere: „After all we need their good voices.” Ongelukkig hou hulle aan om hierdie liedjies te sing teenoor lede van die opposisiegroep lank na die verkiesing verby is. Klagtes teenoor die ouers van sulke kinders en 'n algemene afkeuring van hierdie kwaaijongenshekelry kom dus algemeen voor.

Net soos onder die blankes die geval is vind ons dat daar gereeld gepoog word deur die party wat die verkiesing verloor het om, al is dit dan slegs by wyse van dreigement, die uitslag van die verkiesing voor die hof te betwis. Die leiers en die meeste van die kandidate van al die partye ken die verkiesingsregulasies dikwels beter as die blankes. Gewaande of werklike klagtes/.....

klagtes oor die hantering van die verkiesing kom so gereeld soos klokslag voor aan die adres van die verkiesingsbeampte; en veral waar die uitslag van die verkiesing met een of slegs 'n paar meer in die guns van 'n bepaalde party verloop is 'n petisie by die Hooggeëgshof oor die geldigheid van die uitslag feitlik onafwendbaar. Dit was die geval in 1946 en weer in 1955<sup>toe</sup> albei petisies met koste verwerp is.

### 8. Die bestryding van die verkiesingsonkoste.

Volgens regulasies mag geen kandidaat vir die verkiesing van die Adviserende Komitee uitgesonderd sy deposito meer as £5 ten opsigte van verkiesingsonkoste spandeer nie. Van hierdie bedrag bepaal die regulasies uitdruklik mag niks gespandeer word om die kiesers te onthaal nie. Die verkiesingsbeampte het ook die reg om van elke kandidaat rekenskap te eis ten opsigte van die besteding van hierdie geld. Indien hy bevind dat daar 'n oortreding van die regulasies was, moet hy die betrokke kandidaat ontsetel en 'n tussenverkiesing gelas.

Geen kandidaat tree egter normaalweg onafhanklik op by die verkiesing nie. Die besteding van alle gelde vir die verkiesing is dus 'n partyaangeleentheid. Vir die regulering of beperking van sodanige besteding maak die regulasies geen voorsiening nie.

Die aard van die verkiesingsonkoste vir die partye is min of meer die volgende:

- (1) Betaling van die depositos van die kandidate.
- (2) Huur van busse en huurmotors vir die aanry van kiesers
- (3) Drukwerk.
- (4) Verskaffing van gratis verversings by die party-tafels.
- (5) Onkoste ten opsigte van hofsake wat uit die verkiesing voortvloei.

Die enigste toelaatbare inkomste vir die bestryding van hierdie onkoste is die vordering van £5 per kandidaat. In die meeste gevalle word die depositos deur die kandidate self betaal. Hulle is egter volgens verklaring onder die morele verpligting om nie hierdie depositos terug te neem nie maar om dit

in die partykas te stort. In praktyk dus laat dit 'n werklike bedrag van tussen £75 en £100 wat deur die party van die kandidate ontvang word vir bestryding van die verkiesingsonkoste.

Hierdie gelde word dan in hoofsaak bestee ten opsigte van die bogenoemde items (2) en (3) aangesien die verskaffing van verversings gewoonlik gratis deur die vrouens gedoen word. Die omvang van die inkomste wat op hierdie wyse in goedere gelewer word kan nie bepaal word nie.

Ten gevolge van die afwesigheid van enige balansstaat ten opsigte van verkiesingsonkoste moes ons ook hier ons gegewens mondelings ontvang. Geen party wou geredelik erken dat die onkoste in praktyk, uitgesonderd natuurlik die depositos van die kandidate meer as £50 tot £30 beloop nie.

Ons kan egter sonder voorbehoud beweer dat dit nie altyd gebeur dat kandidate hulle eie depositos betaal nie. Asook dat die kandidaat geen verdere uitgawe het naas die moontlike betaling van sy deposito nie. In die meeste gevalle word die werklike onkoste van die verkiesing bestry uit 'n heffing wat op die ondersteuners van die party gelê word na die verkiesing en in sommige gevalle, soos b.v. ten opsigte van ten minste een kandidaat met die 1952 tussenverkiesing, word die deposito van die kandidate ook uit hierdie fonds bestry. Die heffing wat gevorder word beloop gewoonlik tussen 1/- en 2/6 per ondersteuner en word ingevorder deur die verskillende komitees van elke party in die verskillende blokke in die lokasie. Dikwels bedra die geïnde bedrag uiteindelik tussen £100 en £180, hierby natuurlik inbegrepe die oordrag van hulle depositos aan hierdie fonds deur die kandidate na afloop van die verkiesing. Enige oorskot wat mag voorkom word oorgedra na die volgende geleentheid van party-optrede.

Sulke oorskotte en addisionele heffings op die ondersteuners vorm ook die basis van die finansiering van hofgedinge na die verkiesing.

Van die ontvangs van hierdie gelde en die besteding daarvan word deur die partytesourier verslag gedoen aan die Uit-

voerende Komitee. Geen sodanige verslag word ooit geouditeer nie. Klagtes van wanbesteding van sodanige gelde en beskuldigings selfs van verduistering is aan ons gerapporteer. In een geval het die leier van 'n bepaalde party hierdie verslag self behartig maar aangesien sy eie huurmotors vir die verkiesing gebruik is, kon daar nie tot bevrediging van die Komitee oor die gelde verslag gedoen word nie. Sover ons kon vasstel is daar van die kant van die party geen verdere stappe teen hom geneem nie.

#### 9. Algemene opmerkings oor die verkiesingstelsel.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die verkiesing van die lede van die Adviserende Komitee totaal oorheers word deur die aktiwiteite van die verskillende partye. In die nominasie, die stemwyse en selfs in die dryf van hofsake na die verkiesing geskied alles volgens party-aanhoorigheid. Die wenslikheid van 'n demokratiese verkiesingstelsel hoort na ons oordeel bepaal te word deur die vermoë van die individuele kiesers om die stemreg te kan beoefen. Ten gevolge van die besondere stemwyse en die aanwesigheid van so'n groot aantal ongeletterdes onder die bevolking van die lokasie is daar van so iets kwalik sprake.

Die lae werklike persentasie stem bereken op die potensiële stemkrag wat aktief aan die stelsel kan meedoën, bring die vraag na vore of die beginsels van die demokrasie nie juis hier deur die uitwerking in die praktyk, verkrag word nie.

Indien ons hierby neem dat al die betrokke partye by hulle verkiesing slegs in 'n raadgewende hoedanigheid kan funksioneer en dat die doelstellinge van al die partye gemik is op die bereiking van sekere algemene verbeterings in die lokasie en dus in hoofsaak dieselfde is, asook dat die verkiesing van die een of ander party deur die leiers self aangedui word met: „It is a confidence the people have in the leaders of this party.” kan ons nie anders as om weereens daarop te wys dat die politieke partye binne die lokasies van Pretoria in werklikheid slegs persoonsgroepe is nie. Persoonsgroepe wat 'n onregverdige belangrikheid bereik het deur die toepassing van partypolitieke

metodes op 'n groep kiesers wat hulle gemaklik laat lei deur die voorspraak van sekere individue.

---



## H O O F S T U K VIII.

### DIE WYSE WAAROP DIE ADVISERENDE KOMITEESTELSEL IN PRETORIA FUNKSIONEER.

#### A. DIE NATURELLE ADVISERENDE KOMITEE SELF.

##### 1. ALGEMEEN.

###### (1) Vergaderingsprosedure.

Nadat die tien lede van die Adviserende Komitee ooreenkomstig die regulasies volgens die werking van die partystelsel verkies is, moet hulle, (Vgl. Hoofstuk IV D.1.(2)) 'n blanke 'n Stadsraadslid, as voorsitter aanwys en 'n sekretaris uit hulle eie geledere verkies. Hierdie sekretaris vervul, ten opsigte van die Adviserende Komitee slegs 'n nominale funksie en neem byvoorbeeld nie die notule af nie. Dit word gedoen deur 'n blanke amptenaar van die Nie-blankesake departement van die Stadsraad, aangestel deur die voorsitter van die Komitee in samewerking met die Stadsklerk. Hierdie blanke Komiteeklerk is dan ook verantwoordelik vir die opstel van die agendas.

Op die vergadering van die Komitee is die prosedure soos bepaal en voorgeskryf volgens regulasie suiwer volgens die blanke patroon. Kennis van enige mosie wat deur lede van die Komitee voorgelê wil word, moet sewe dae voor die betrokke vergadering by die klerk van die Komitee vir insluiting op die agenda ingedien word. Geen lid mag meer as een mosie per vergadering op die agenda hê nie. Hierdie reëls geld egter nie vir die voorsitter as lid van die Komitee nie en is dus nie van toepassing op sake wat die Stadsraad vir advies na die Komitee verwys nie. Hierdie mosies op die agenda word dan in 'n bepaalde orde volgens die diskresie van die voorsitter aan die vergadering voorgelê.

Die wyse van bespreking geskied ook volgens die blanke patroon. Elke mosie moet gesecondeer word, en daarna kan dit nie sonder toestemming van die Komitee teruggetrek word nie. Alle lede moet die vergadering staande toespreek. Voor daar oor 'n mosie gestem kan word moet dit weereens deur die klerk van die Komitee voorgelees word.

In 1946 is hierdie regulasies kragtens Administrateurs kennisgewing nr. 381 van 24/7/46 verder gewysig deur die sprekk-beurte van die lede te beperk. Geen lid van die Komitee mag tans die vergadering twee maal oor dieselfde onderwerp toesprek nie, behalwe die voorsteller van die mosie wat die reg van repliek het. Hierdie wysiging het nodig geword omdat die sprekers op sulke vergaderings geneig was om tot in die oneindige dieselfde argumente te herhaal, sodat Komiteevergaderings tot in die laat ure van die nag voortgeduur het. Sulke beperkende reglemente is gewoonlik nie die reël by die vergaderings van komitees nie. Hierdie regulasie is dan ook die vernaamste regulatiewe vingerwysing na die agiterende houding wat die lede van die Komitee op die vergaderings inneem. Dit het beslis nie die gevolg dat die lede meer algemeen aan die besprekings deelneem nie. Elke lid is verder per regulasie verplig om sy stem by verdeling uit te bring tensy hy tot die bevrediging van die voorsitter 'n verklaring kan gee waarom hy dit nie sal doen nie. Geen lid mag teenwoordig wees by die bespreking of pleit of stem ten opsigte van enige saak waarby hy private belang mag hê nie.

In die praktyk word daar egter geen mosie by die Komiteeklerk ingedien alvorens dit nie deur die "koukusvergadering" bespreek is nie. Die Koukus is 'n private byeenkoms van al die naturellelede van die Komitee waarop alle voorgenome mosies eers onder mekaar bespreek word. Dit is 'n instelling van die lede self wat tradisie geword het en word nie deur die regulasies gedek nie. Ondanks die feit dat al die lede van die Komitee aan dieselfde party behoort, word so'n byeenkoms nogtans nodig gevind. Soos een dit aan ons gestel het: „If for instance, I have got a motion to put before the Council (bedoelende die Stadsraad van Pretoria), I can't take my colleagues by surprise; since we may not share the same opinion; but I take it before the Caucus and we thresh it and thresh it untill I can convince them." As dit nie gedoen word nie, is aan ons verduidelik sal die voorsitter van die Komitee, die blanke Stads-

raadslid, mos genoegsaak wees om, wanneer daar verskil van mening is, aan die Stadsraad te gaan rapporteer dat die Adviserende Komitee nie eers eengesind oor hulle eie voorstelle is nie.

Hierdie voorkoms van Koukusvergaderings het na ons oordeel ten gevolge dat openhartige besprekings met die inwoners van die lokasie by monde van hulle verteenwoordigers, een van die nuttige pligte wat die Komitee kan vervul, onmoontlik word. Dit verskaf aan die vergaderings 'n formele karakter buite verhouding tot die status van die Komitee of die belangrikheid van sy advies. Dit dien verder daarop gelet te word dat dieselfde verskynsel, die aparte vergadering van naturellede om 'n eenheids standpunt te bereik oor sake op die agenda, ook 'n kenmerk was van die vergaderings van die mislukte Naturelle Verteenwoordigingsraad ingestel per Wet nr. 12 van 1936, vir raadpleging op 'n Uniale basis met naturelle. (Vgl. Verbatim Report of the Proceedings of the Natives' Representative Council, adjourned Meeting of the 9th Session held at Pretoria, 20-26th November 1946.)

Hierdie Koukusvergaderings word by alle partye aangetref wanneer hulle aan bewind is volgens duidelike getuigenis van alle betrokke partye. In gevalle waar, soos in die verlede soms "ongelukkig" gebeur het, 'n minderheids-opposisiegroep in die Komitee bestaan, spreek dit vanself dat hulle uitgesluit is van die vergaderings van die Koukus van die party met die meerderheid op die Komitee.

## (2) Aanstelling van Sub-Komitees.

Elke keer wanneer daar 'n nuutverkoese Adviserende Komitee vergader, word daar uit die geledere van die Komitee die Blokmanne vir die besondere blokke in die lokasies aangewys. Hierdie besluit word deur die lede self bereik en die resultaat daarvan slegs oorgedra aan die Departement Nie-blankesake. Hieroor later meer.

Ten tweede word daar op 'n vergadering van die Komitee verteenwoordigers van die Komitee verkies op die departementele Sub-komitee vir Behuising en die Beurskomitee. Oor die werking

van hierdie komitees later meer. Daar moet egter op gewys word dat die verkiesing van hierdie lede, vier op elk van die genoemde komitees, nie soveel politieke poste is wat aan verskillende verdienstelike lede van die Adviserende Komitee toegewys word nie: Op elk van hierdie komitees sowel as die ondergenoemde „Consultative Committee” dien met weinige uitsonderings altyd dieselfde vier persone. Anders gestel beteken dit dat die leiers van die betrokke party in die Adviserende Komitee asof vanselfsprekend op hierdie komitees verkies word. Dit beteken dus in praktyk, dat wanneer die administrasie die houding van die inwoners van die lokasie moet verneem ten opsigte van die toekenning van huise en beurse, maar veral eersgenoemde saak, die mening van slegs vier persone en altyd dieselfde vier persone ter sprake is.

Ten derde verkies die Adviserende Komitee gewoonlik op hulle eerste vergadering vier lede uit hulle geledere op die „Consultative Committee”, 'n komitee wat aan geen regulasie sy bestaan ontleen nie. Hierdie komitee word saamgestel om die administrasie oor enige dringende saak te spreek of omgekeerd. Dit is feitlik die dagbestuur van die Adviserende Komitee. Dit is baie moeilik om ten opsigte van die funksie van die lede van hierdie komitee onderskeid te maak tussen hulle verbintenis met die Adviserende Komitee en die Sentrale Blokkomitee wat ons later bespreek. Die lede van hierdie komitee, die leiers van die sterkste politieke party in die lokasies, tree in die praktyk op as segsmanne namens die Adviserende Komitee teenoor die betrokke onderkomitees van die Stadsraad. Ten gevolge van hulle verbintenis met die Sentrale blokkomitee, hulle is hier ook die leiers, tree die lede van die komitee ook op as deputasies na die Departement Nie-blankesake van die Stadsraad met wie die Sentrale blokkomitee deur die superintendent van die lokasies, skakel. Vir die gedagte van die naturel is hierdie onderskeid nie van besondere betekenis nie.

Anders as in die geval van die drie voorgenoemde komitees (tw. Blok- Behuising- en Beurskomitee) het hierdie Consultative Committee sy bestaansreg alleen te danke aan die besluite van die/..... © University of Pretoria

die Adviserende Komitee. Die ander komitees is almal deur die Stadsraad ingestel. In werklikheid is hierdie komitee dan die enigste ware sub-komitee van die Adviserende Komitee, want op die ander dien daar slegs verteenwoordigers van die Adviserende Komitee. Die Beurskomitee en die Behuisingskomitee is dus in werklikheid sub-komitees van die Departement Nie-blankesake. In hulle diening op die verskillende blokkomitees is die lede van die Adviserende Komitee ook nie verkies of aangewys deur die Adviserende Komitee nie, maar dien hulle as kwasi-administratiewe amptenare onder die superintendent van die lokasie en is, teoreties, aan hom en nie aan die Adviserende Komitee verantwoordig verskuldig nie.

In die wandel word egter deur die inwoners van die lokasies na al hierdie komitees verwys as sub-komitees van die Adviserende Komitee en daar word geglo dat sake in die blok-, behuisings- en beurskomitee afgehandel word volgens die wens en voorskrif van die Adviserende Komitee, of anders gestel, volgens die wense en voorskrifte van die regerende party. Ons gee later afsonderlik aandag aan hierdie verskillende komitees.

### (3.) Bywoning van vergaderings.

Ons ondersoek het getoon dat die bywoning deur die naturellede van die vergaderings van die Adviserende Komitee 'n besondere hoë persentasie handhaaf. Oor 'n periode van twee en 'n halwe jaar wat ons as steekproef gebruik het, d.w.s. Februarie 1948 tot Augustus 1950, was die lokasies aan geen ernstige interne struwelinge en geskille tussen inwoners en administrasie blootgestel nie. Desondanks was die gemiddelde bywoningsyfer vir die maandelikse vergadering van die Adviserende Komitee 84%. Die bywoning deur die naturellede van die vergaderings van die verskillende genoemde sub-komitees het hierdie selfde tendens getoon. Dit dui na ons oordeel daarop dat die verkose verteenwoordigers van die inwoners van die lokasies hulle pligte ernstig opneem en dit getrou probeer vervul.

Hierdie hoë bywoningsyfer het noodwendig meegebring dat dit nog nooit in die verlede nodig was om 'n lid van die Adviserende

Komitee te ontstel omdat hy, soos die regulasies daarvoor voorsiening maak, vir drie agtereenvolgende vergaderings van die Komitee sonder verlof afwesig was nie.

## 2. Pligsvervulling deur die Adviserende Komitee.

Kortliks saamgevat het die Adviserende Komitee adviesregten opsigte van enige saak of aangeleentheid wat die Minister van Naturellesake of die Stadsraad van Pretoria vir kommentaar na hulle mag verwys. Die Komitee word verder ook by wet verplig om kommentaar te lewer oor enige regulasie wat die Stadsraad ten opsigte van die natuurle in die Stadsgebied wil instel asook oor die jaarlikse begroting van die Naturelle-inkomsterrekening. Hiernaas is by regulasie deur die Stadsraad bygevoeg die verpligting om die superintendent van die lokasies behulpsaam te wees in die handhawing van wet en orde sowel as die vergunning om as die mondstuk van die natuurle in enige gebied van die Stadsgebied op te tree in enige saak tenoor die Stadsraad. Die Naturelle Adviserende Komitee word dus in die Wet en regulasies aan ons voorgestel as die kontakpunt tussen die Stadsraad en administrasie aan die eenkant, en die natuurle-inwoners van nie alleen die lokasies waarbinne die Komitee verkies word nie, maar ook vir al die natuurle-inwoners van die stadsgebied van Pretoria, aan die ander kant. Funksioneel gesien vorm die Adviserende Komitee dus 'n deel van die administratiewe masjinerie wat deur die Stadsraad van Pretoria in stand gehou moet word vir die hantering van natuurle belange binne die stadsgebied.

Hiernaas moet egter onthou word dat die Adviserende Komitee in die vervulling van hierdie bevoegdheid tot voorspraak namens die natuurle nie los gedink kan word van die politieke party wat die verkiesing gewen het nie, en wat hulle advies daarom aanbied indirek as lede van die bepaalde sterkste politieke party in die lokasies alleen nie. Die Adviserende Komitee sien homself nie as deel van die administratiewe masjinerie nie maar in die eerste plaas 'n liggaam wat die natuurle-inwoners van die lokasies verteenwoordig.

Aangesien al die doelstellinge van die verskillende partye saamgevat kan word as "die verbetering van die toestande in die lokasies" hoort hierdie politieke agtergrond van hulle advies vir hierdie afdeling met reg buite rekening gelaat te kan word. Dit kan egter nie. Ons moet onthou dat enige adviserende liggaam in sy advieslewering, rekening moet hou met die praktiese uitvoerbaarheid van sy voorstelle, deur die hoër instansie. In elkgeval moet hy sorg dat die wyse waarop sy aanbevelinge gestel word steeds getuig dat hy sy eie aanbevelinge sien as 'n praktiese moontlikheid eerder as 'n ultimatum waaraan voldoen moet word as voorvereiste vir toekomstige samewerking met die hoër instansie. Na ons oordeel is dit juis in hierdie laaste opsig dat die politieke verbintenisse van die Adviserende Komitee tot uiting kom. Hierdie mense beloof aan hulle kiesers om verbeteringe te verkry wat hulle nie by magte is om te eis of self in te stel nie. Die voldoening aan die verkiesingsbeloftes vereis ten minste dat 'n militante houding teenoor die Stadsraad ingeneem word. Dit het op sy beurt beslis 'n inwerking op die hartlikheid van samewerking tussen Komitee en Stadsraad ten gevolge.

Ondanks die feit dat die Adviserende Komitee soos dit per Wet en regulasie ingestel is suiwer adviserend van aard is, het die Stadsraad dit goed gedink om aan die Komitee in twee instansies verantwoordelike bevoegdheid te verleen. Ons verwys hier na (a) die besteding van 'n bepaalde bedrag deur die Komitee vir die onthaal van vername naturelle-besoekers aan die stadsgebied asook die traktering van die "ordehouers" in die lokasie gedurende die Kersgety, (Persone aangestel deur die Adviserende Komitee) en (b) die verlening van die reg aan die Adviserende Komitee om gedurende die Kersgety mense aan te wys of te laat verkies om die handhawing van wet en orde in die lokasie te verseker sodat daar gedurende hierdie tyd van die jaar minder polisie-klopjagte nodig sal wees. Soos ons sal aantoon is juis die wyse waarop hierdie verantwoordelikheid uitgevoer word 'n steen des aanstoots vir die opposisie partye in die lokasie. Die invloed van interne lokasie politiek word dus ook in hierdie verband gevoel/.....

gevoel en is daarom ter sprake.

By 'n bespreking van die pligsvervulling van die Adviserende Komitee sal ons dus die nakoming van die adviseringsverplichting sowel as die verantwoordelike besteding van finansies nader moet beskou.

In hierdie bespreking moet dit verder in gedagte gehou word dat sewe van die tien blokke waarvoor die Adviserende Komitee verkies word in Atteridgeville geleë is. Dit spreek dus van self dat die besprekinge en aanbevelinge van die Komitee in hoofsaak gemik sal wees op die verbetering van toestande in Atteridgeville. Ten gevolge van die werking van die Koukus word alle aanbevelings van die Komitee gewoonlik eenparig aangeneem.

(1) Nakoming van adviesverplichting.

(a) Algemeen.

Die feit dat die Naturelle Adviserende Komitee 'n liggaam is wat volgens bepaalde partypolitieke metodes as die verteenwoordigers van die inwoners van die lokasie daargestel word, beheers hulle optrede en adviesgewing volkome. As skuldenaars in die beloftes wat gedurende die verkiesingsveldtog aan die kiesers gemaak is, begin die Adviserende Komitee gewoonlik hulle adviesverbintenis met die Stadsraad deur 'n vergadering waarop die naturellelede self die meeste mosies voorstel. Gewoonlik vind hierdie vergadering plaas teen Februarie van die jaar na die verkiesing. Op hierdie vergadering word al die aanbevelings vir verbeterings wat die kiesers as beloftes gemaak is aanbeveel, en na die Stadsraad vir oorweging deurgestuur. Die meeste van hierdie aanbevelinge geld gewoonlik verbeteringe van strate, behuising, ontspanning ens. in die lokasies. Omdat die aanvaarding van hierdie aanbevelings in alle gevalle groot adisionele uitgawes sou meebring, keur die Stadsraad hierdie aanbevelings gewoonlik stereotiep af. Vir die duur van hulle diens termyn word hierdie aanbevelings in sy geheel of gedeeltelik herhaaldelik aan die Stadsraad voorgelê. Die resultaat bly steeds dieselfde. Samewerking tussen Adviserende Komitee en Stadsraad word dus teruggevoer tot 'n basis waar daar aan die Stadsraad



onrealistiese eise gestel word, wat om daardie rede nie deur die Stadsraad oorweeg word nie. Voorbeelde van konstruktiewe advies wat deur die Stadsraad aanvaar is, is die uitsondering eerder as die reel. Geen wonder dus dat die Naturelle Advise-rende Komitee hulleself as 'n liggaam voel wie se opinie gevra word bloot omdat die Wet dit voorskryf, met die vooraf aanvaar-ding dat die advies nie gevolg sal word nie.

(b) Behuising.

Die belangrikste saak waaaroor by die Stadsraad deur die Adviserende Komitee aanbevelings gemaak word, is vir die lede van die Komitee sekerlik die behuisingsprobleem in die lokasie. Die behuisingstoestande in Atteridgeville was tot on-langs (1955), voor die omskepping van die lokasie in 'n ekono-miese behuisings-skema en die gevolglike verdubbeling van die grootte van die lokasie, nie na wense nie. Naas ander oorsake van behuisingsnood soos die aanwesigheid van aansteeklike siek-tes binne een huis het die onvermoë van die Stadsraad om akkomo-dasie te verskaf aan slegs die natuurlike aanwas binne die loka-sie ten gevolge gehad dat daar dikwels deur ons gevalle aange-tref is waar 12 tot 17 persone een drie-kamer huis moes bewoon. D.W.S. drie tot vier gesinne. Hierdie toestande moet gewyt word aan die onwilligheid van die Stadsraad om voort te gaan met 'n sub-ekonomiese behuisings-skema waarop die Stadsraad self verplig is om 'n sekere gedeelte van die verlies te dra. Die voortsetting van die skema kon dus slegs die verhoging van die verlies wat uit die sak van die blanke belastingbetaler aange-suiwer moet word, beteken. Ondanks die feit dat die Adviserende Komitee van hierdie houding van die Stadsraad bewus was, is daar herhaaldelik aanbeveel dat die sub-ekonomiese skema verder uitge-brei moet word. Op een stadium is aanbeveel dat die Stadsraad dadelik 500 nuwe huise moet bou, 300 vier-kamer en 200 vyf-kamer huise vir die verligting van die toestande van oorbewoning en vir die onmiddellike verskuiwing van die oorblywende inwoners van Marabastad na Atteridgeville. By 'n ander geleentheid is gevra vir die aanbou van 100 huise per maand. Nodeloos om te

sê is nie een van hierdie aanbevelings deur die Stadsraad aanvaar nie omdat hulle dit prakties onuitvoerbaar gevind het.

As variasie op hierdie selfde tema van behuisingsnood vind ons veral in die jaar 1948 en daarna dat die Munisipaliteit, gedagtig die belofte aan die inwoners van Marabastad en die feit dat die regering hom ten gunste van ekonomiese behuisingskemas verklaar het, herhaaldelik gevra is om dan tog ten minste 'n ekonomiese gedeelte in Atteridgeville tot stand te bring. So is in hierdie tyd deur die Komitee besluit: „In view of the agreement between the City Council and the residents of Marabastad, (when the removal of the said location was embarked upon) that the people of Marabastad who owned houses, would not be totally deprived of their ownership, and considering the serious shortage of houses, this Board humbly but strongly requests the City Council to embark upon the economic housing scheme immediately so as to afford an opportunity to those who are anxious to acquire their own houses." Die Stadsraad was hierdie versoek nie ongunstig gesind nie en het verklaar dat die saak ondersoek sou word. So iets duur egter lank, langer as die aangevraagde onmiddellike instelling van die skema. By gevolg is dieselfde versoek vir twee agtereenvolgende jare aan die Stadsraad herhaal, nou egter in breëre verband. Die aanvaarde mosie wat by twee geleenthede ingedien en aan die Stadsraad sonder gevolg deurgestuur is lui soos volg: „(a) That the City Council adopt the system applied by the Central Government at Temba Location, Hamanskraal, that after the occupier of each house has paid all the cost of the erection, the house becomes hers/his. (b) Or that the houses built by the Municipality be inherited by the next-of-kin provided they also reside in the Municipal location; because the residents vested their interest in the houses they occupy. They improve the houses by digging stones, planting trees, painting the inside walls etc., (c) The Location becomes the permanent home of many workers and is built for that purpose. Therefore, their interests should be protected and encouraged."

Uiteindelik/.....

Uiteindelik, het die Stadsraad in 1956 daartoe oorgegaan om die hele Atteridgeville lokasie in 'n ekonomiese skema te omskep. Toe dit egter vir die naturelle duidelik geword het dat dit in alle gevalle 'n vermeerdering van huur sou meebring, dikwels selfs 'n verdubbeling van die vroeëre sub-ekonomiese huur volgens die inkomste van die huurder, het dieselfde Adviserende Komitee op hulle vorige aanbeveling teruggegaan en die instelling van so 'n ekonomiese skema heftig afgekeur: die kiesers was nou daar teen. Ons kan dus tot geen ander gevolgtrekking geraak as dat die Adviserende Komitee in hierdie saak aanbevelings gemaak het waarvan hulle die implikasies allermens tot ponde, sjielings en pennies deurgedink het nie; of anders dat die Adviserende Komitee in hulle aanbevelings, gedagtig hulle politieke verbintenisse, hulle seile na die sterkste wind span sonder inagneming van hulle verpligting tot konstruktiewe advies.

(c) Onwilligheid tot verantwoordelike besef.

Uit die voorgaande dien dit daarop gelet te word dat die Adviserende Komitee as die mondstuk van die inwoners van die lokasie hulleself sien as 'n permanente gevestigde groep binne die munisipale gebied van Pretoria. Vir hulle huisvesting welsyn en in die algemeen vir die woonomstandighede is <sup>egter</sup> /alleen die Stadsraad verantwoordelik. Hiervoor moet hy sorg nie na eie wil en vermoë nie maar na die eise en die wense van die inwoners soos vertolk deur die Adviserende Komitee. Ons kan nie anders as om onomwonde tot die oortuiging te geraak dat die Adviserende Komitee in sy aanbevelings blyke toon dat hy onwillig is om in die praktyk enige verantwoordelikheid te aanvaar en te onderneem vir die verbetering van toestande in die lokasie. Ons kon in die tydperk van ons ondersoek nie daarin slaag om 'n enkele geval aan te toon waar die Adviserende Komitee as die verteenwoordigers van die inwoners spontaan uit eie beweging in die praktyk probeer het om die inwoners te organiseer tot gemeenskapsdiens nie. Ons voel dat so 'n daad die eerste stap sou wees in enige ernstige eis om die toekenning van verantwoorde-

likheid aan die Adviserende Komitee.

Die praktyk bewys egter dat van die Stadsraad verwag word om vir alles en almal te sorg. Daarom vind ons byvoorbeeld in 1948 dat toe die Stadsraad dit onder die aandag van die Adviserende Komitee gebring het dat die stoofstene in die stowe van die lokasie-inwoners teen 'n geweldige tempo uitbrand, daar geantwoord is dat dit gebeur omdat die inwoners nie geld het om vir hierdie reparasies te betaal nie. Die Adviserende Komitee het daarom aanbeveel dat stoofstene voortaan op onkoste van die Stadsraad vervang moet word. Van hierdie aanbeveling het niks gekom nie. Om dieselfde rede is daar vanaf 1949 herhaaldelik deur die Adviserende Komitee gevra dat die kliphope wat in sommige kleiner strate in Atteridgeville te vinde is deur die Stadsraad verwyder moet word. Op ons vraag waarom die Adviserende Komitee nie hulle erns in die saak toon deur self die verbeterings van die toestand in die lokasie vrywillig te onderneem nie, was die antwoord: „In addition to paying rent?”

In hierdie selfde katagorie van aansoeke van die Adviserende Komitee, waarvoor die Komitee of die inwoners van die lokasie self geen bydrae wil maak nie, en wat tog die Stadsraad groot bedrag geld uit die sak sou jaag, geld aansoeke, om meer en beter straatbeligting, die aanlê van meer geteerde strate en die reparasie van die bestaandes, die oprigting van 'n crèche vir die klein kinders van werkende moeders, die aanbou van garages aan die huise en les bes die oprigting van 'n stadsaal in Atteridgeville. Al hierdie sake is nie deur die Stadsraad aanvaar nie. Dit is nie ons doel om al hierdie aansoeke van die Adviserende Komitee af te skryf as onnodig nie. Intendeel, die behoefte is daar en strek dikwels nog wyer as die genoemde sake. Dit gaan hier om die gesindheid waarmee hierdie sake van die Stadsraad „gevra-eis” word.

Die versoek om die aanbou van 'n saal in Atteridgeville illustreer baie mooi die geweldige uitgawes wat verwag word dat die Stadsraad sal aangaan: Die agitاسie om 'n saal in Atteridgeville waarin danse, gesellighede, bioskoopvertonings

gehou sou kon word, is reeds baie oud en is deur albei die ver-  
naamste partygroepe as 'n verkiesingsplank gebruik by verskeie  
verkiesings. Toe die aansoek daarom vir die eerste keer by die  
Stadsraad aanhangig gemaak is, het dit duidelik die tekens van  
die onverantwoordelike verkiesingsbelofte gedra. Daar is gevra  
dat die oprigtingskoste £15,000 moet wees. "The hall must be  
a double storey building, with modern equipment and well fur-  
nished. The ground floor to be used as a hall .....while the  
upstairs should have a Board Room and separate offices must be  
provided for each member of the Board." Die aansoek is geweier.  
Aanbevelings van hierdie aard kan ons nie anders as om te ver-  
bind met 'n onverantwoordelikheid wat voortspruit uit die Advi-  
serende Komitee se onwilligheid om self die implikasies van sy  
aanbevelinge te interpreteer nie. Ten tye van hierdie aansoek  
het die lokasie nog geen kliniek gehad nie, en was daar meer as  
een geval van oorbewoning. Trouens dieselfde Adviserende Komit-  
tee het om meer huise gevra.


(d) Wye adviesmagte.

Ons het reeds daarop gewys dat die Adviserende  
Komitee binne die stadsgebied van Pretoria baie wyer adviesmag-  
te het as bloot slegs oor die belange van die lokasie-inwoners  
wat die lede van die Komitee verkies het. Hierdie feit word op  
sy duidelikste in die praktyk getoon wanneer die jaarlikse be-  
grooting van die Naturelle-inkomsterekening volgens die eise van  
die Wet voor die Komitee moet dien. Die aanbevelinge van die  
Komitee by geleentheid van hierdie gebeure bestaan gewoonlik uit  
klagtes oor die wanbestuur van finansies soos weerspieël in die  
groot bedrae wat aan blankes aan salarisse uitbetaal word, die  
groot bedrae wat uit die Naturelle-inkomsterekening aan ander  
departemente uitbetaal moet word vir die lewering van water,  
elektrisiteit, sanitasie en ander dienste in die verskeie loka-  
sies, asook die gewaande wanbestuur van die gelde in die kaffer-  
bierrekening ten opsigte van ontspanning en welsynsdienste.

Dit het in die verlede herhaaldelik gebeur dat bedrae vir  
die bogenoemde doeleindes deur die Komitee "afgestem" word.

Die begroting as geheel word gewoonlik jaar vir jaar aan die Stadsraad teruggestuur met die aanbeveling dat daar meer gebruik gemaak moet word van naturelle-arbeid as besparingsmaatreël ten opsigte van die uitgawe wat die Komitee as te hoog beskou en daarom "afgekeur" het. Die Stadsraad het hom in die verlede reeds ten gunste van die dienslewering van naturelle aan naturelle verklaar. As voorbeeld van die voorstelle van die Komitee in hierdie verband neem ons die volgende besluit van 1950: „That the City Council of Pretoria be requested to implement its policy of employing suitably qualified Africans in/responsible positions in predominantly Native Areas, that a start be made in the position of Assistant-Superintendent at Atteridgeville and Bantule.” By die geleentheid is die salaris van die assistent-superintendent deur die Komitee afgekeur. Die konstruktiwiteit van die bogaande voorstel word effens bleker as mens in ag neem dat die bespreking wat die voorstel voorafgegaan het onder andere gevra het dat die bestuurder van die Afdeling Nie-blankesake van die Stadsraad 'n naturel moet wees.

Die feit dat die Komitee hom oor geheel die Naturelle-inkomsterekening kan uitspreek, bring mee dat die begroting ten opsigte van die hantering van die toestromingbeheer en registrasie-regulasies ook ter sprake is. Die hele wyse van naturelle-administrasie binne die Stadsgebied Pretoria is ten minste een maal per jaar voor hierdie Komitee ter sprake. Op dieselfde wyse word kommentaar gelewer oor alle verbindings wat die Stadsraad aangegaan het met die plaaslike besture van omliggende dorpie om namens hulle in hulle gebiede die administrasie van toestroming- en dienskontrakregulasies te onderneem. Die aanbevelings ten opsigte van hierdie laasgenoemde punt was in die verlede nog steeds negatief: Daar word gevra dat die amptenare belas met die hantering van toestroming en registrasie binne die stad en in die omstedelike gebied, naturelle moet wees. Die Stadsraad het in die verlede sulke aanbevelings en trouens al die aanbevelings wat voortspruit uit die bespreking van die Naturelle-inkomsterekening deur die Komitee gewoonlik afgekeur.

Die Stadsraad is ver/der W<sup>et</sup> verplig om die Adviserende Komitee/.... 

Komitee te raadpleeg in enige verandering van die regulasies van toepassing op naturelle binne die Pretoriase gebied. Dit bring mee dat enige verandering in die lokasie-regulasies, die regulasies ten opsigte van gelisensieërde behuising elders in die stad, die toestromingbeheer en registrasie-regulasies, enige wysiging van fooie in die naturelle hostel vir enkellopendes, die kafferbierregulasies almal voor die Komitee vir aanbeveling moet dien. Dit het in die verlede soos klokslag gebeur dat die Komitee alle sodanige veranderinge in die bestaande toestand wat na hulle oordeel tot nadeel van die naturelle in die algemeen sou strek, afgekeur het. Ons kan alleen weereens daarop wys dat alleen die eersgenoemde stel regulasies die werklike adviseringssterrein van die Komitee genoem kan word, omdat hulle slegs binne die lokasie deur die inwoners verkies word. Die feit dat die Stadsraad by Wet verplig word om die Adviserende Komitee te raadpleeg oor sake waarby die inwoners van die lokasies nie direk belang het nie, bring noodwendig mee dat die raadpleging geskied slegs ten gevolge van die wetlike vereiste en nie soseer uit behoefte om die samewerking van die Adviserende Komitee of van die lokasie-inwoners te verkry nie.

(e) Naturelle-belange in die lokasie.

Die Adviserende Komitee het hom in sy aanbevelings van die verlede steeds op die beginsel gestel dat die belange van die naturelle binne die lokasies die deurslag moet gee en nie tot voordeel van ander groepe ingekort darf word nie. Dat die Komitee hom hierdeur op die standpunt stel dat die lokasie waarin hulle woon 'n onveranderlike permanente instelling is, spreek vanself.

Die bevliging van die belange van naturelle binne die lokasie dra die goedkeuring van die Stadsraad weg. Die afwysing van aansoeke soos die opening van 'n privaat praktyk deur 'n blanke tandarts binne die lokasie en die versoek aan die Stadsraad dat die kliniekdienste verder uitgebrei word, is deur die Stadsraad gunstig ontvang. Op dieselfde wyse is instemming betoon met die Komitee se afkeuring van die aansoek van blankes

om 'n minatuurspoorweg as vermaaklikheid vir die inwoners van die lokasie te open.

In dieselfde kader val pogings van die Komitee om volledige wetlike dekking van die Stadsraad te verkry vir die bestaande onderlinge ooreenkoms wat die tuisbrou van kafferbier reël. Hierin was die Komitee nie suksesvol nie.

(f) Afkeer aan die tradisionele.

Die Adviserende Komitee bestaan as 'n deur die blanke ingestelde liggaam waarvan die prosedure suiwer op die blanke lees geskoei is. Die lede van hierdie Komitee beklee hulle posisie van leierskap binne 'n half-verwesterde gemeenskap juis omdat hulle ook in die aanname van die westerse lewenswyse in hulle eie lewe die voortou neem. Om hierdie rede vind ons by Adviserende Komitees saamgestel uit lede van albei die vernaamste partygroepe dat daar 'n heftige afkeer is aan enige gebruik wat herinner aan die tradisionele lewenspatroon van die Bantoe. In hierdie afkeer en die aanbieding van advies in ooreenstemming daarmee gaan die Komitee baie beslis buite hulle kennis van wat vir baie van hulle getrouste ondersteuners aan geen stigma onderhewig is nie.

Die drie sake waarteen gewoonlik die ernstigste te velde getrek word, is die organisering van stamdans deur die welsyns- en ontspannings afdeling van die Departement Nie-blankesake, die bestaan van 'n Amalaita-sportgrond, en die Vlakfonteinse behuisingskema soos dit oorspronklik deur die Stadsraad aangevoer is.

Die organisering van die stamdans word deur die Komitee beskou as die georganiseerde voortsetting van baroerse gebruike.

Die Vlakfonteinskema sou aanvanklik uitgelê word met behoud van die tradisionele perdehoef of Kgôrô-struktuur. Oor die skema is aan ons gerapporteer: „An open challenge was opened from all angles against the scheme, as most primitive and unsuitable to match with the trend of modern times.” Die aandeel



van die Adviserende Komitee in hierdie verdoeming was nie gering nie.

Ten opsigte van die Amalaita-sportgronde is die feite soos volg: Die jong naturelle huisbediendes van die stad vergader elke Sondagmiddag naby die lokasie Bantule om daar onder polisie-toesig bietjie stoom af te blaas met kaalvuis-gevegte. Die instelling geniet groot populariteit onder die groep en omdat streng toesig deur die polisie gehandhaaf word, is ongewenste insidente uiters skraal. Die Adviserende Komitee hou egter vol om steeds mosies soos die volgende oor hierdie saak aan te neem „That the City Council of Pretoria be requested to abolish the Amalaita Sports Ground at Bantule and transfer the maintenance grant of £100 to be used for a more modern type of Sports and Recreation.” Van hierdie aanbeveling het niks gekom nie.

(g) Wyer Uniale Adviesmagte.

Die formulering van die adviseringsbevoegdheid van die Adviserende Komitee in die Stadsgebiede Wet, 1945, en in die lokasieregulasies, is so gestel dat dit 'n uitdruklike vergunning behels om sake wat na die oordeel van die Komitee die naturelle van die Unie raak aan die Minister van Naturellesake voor te dra. Omgekeerd kan die Minister ook enige saak vir kommentaar aan die Komitee voorlê. Hierdie laaste omgekeerde aksie het sover ons kon vasstel nog nooit ten opsigte van die Adviserende Komitee van Pretoria, plaasgevind nie.

Die Adviserende Komitee spreek hom dus periodiek uit oor die landsbeleid ten opsigte van naturelle. Hierdie advies kan saamgevat word as 'n verdoeming van alle differensiërende maatreëls ten opsigte van naturelle en agitasie vir die verkryging van groter werkgeleentheid vir naturelle.

Die Uniale beleid van verskaffing van openbare dienste aan naturelle deur naturelle is deur die Komitee verwelkom, en die Stadsraad is daarom in 1949 versoek om aan die Minister van Naturellesake oor te dra dat die Komitee graag die indiensneming van naturelle as kaartjiesondersoekers op die Spoorweë wil sien. By 'n ander geleentheid is gevra dat daar voorsiening in

alle poskantore gemaak moet word vir die bediening van natuurlike deur natuurlike.

Ten opsigte van die maatreëls wat na hulle oordeel teenoor natuurlike diskrimineer het die K<sub>3</sub>mittee hom in 1947 net na die onluste te Moroka soos volg uitgelaat. "That the Board requests the City Council to interview the Minister of Native Affairs for the purpose of repealing all the pass laws. The pass laws, as a law had outlived its time and object, hence: All the riots at the Reef and elsewhere, Pass Laws, Service Contract, Curfew, they manufacture crime and hatred between the police and Africans." Dit dien daarop gelet te word dat in die bogenoemde gevalle die advies oor uniale aangelentehede aan die Stadsraad verstrek word met die versoek om dit na die regte oord deur te stuur. Die eersgenoemde versoek (1949) is deur die Stadsraad aan die Minister deurgestuur, die tweede egter nie. 'n Voldoening aan die laasgenoemde versoek (1947) sou beteken het dat die Stadsraad hom met die aanbeveling van die K<sub>0</sub>mittee vereenselwig.

In die lewering van uitspraak oor die belange van natuurlike in Uniale verband, neem die Adviserende K<sub>0</sub>mittee van Pretoria in 'n groter mate deel as algemeen besef word. Die Adviserende Komitee is elke jaar verteenwoordig op die jaarlikse Uniale Kongres van die Naturelle Adviserende K<sub>0</sub>mittees van die land. Hierdie Kongres word onder natuurlike voorsitterskap gehou in een van die groter sentra van die Unie. Hierdie jaarlikse Kongres is die naaste bestaande parallel aan die ou Naturelle Verteenwoordigende Raad. Deur die stuur van waarnemers neem die Departement van Naturellesake kennis van die houding en opinie van afgevaardigdes. Die Kongres het geen wetlike status nie en daarom ook geen erkende adviseringsbevoegdheid nie. Dit is daarom opvallend dat besluite soos die twee voorbeelde hierbo genoem deur die Adviserende Komitee van Pretoria geneem word kort na afloop van hierdie Kongres.

(h) Advies by wyse van petisie.

Soos ons uit die voorgaande kan aflei word die grootste gros van die aanbevelings van die Adviserende Komitee nie/..... © University of Pretoria

nie deur die Stadsraad aanvaar nie. Hierdie feit skep 'n ongelukkige gevoel van gefrustreerdheid by die lede van die Komitee wat hom sodanig openbaar dat sommige van ons blanke informante na die Komitee verwys het as 'n opposisie liggaam van die Stadsraad.

Hierdie gevoel van frustrasie kan in 'n mindere mate ook gewyt word aan die feit dat die kontakpunt tussen Stadsraad en Komitee, die blanke voorsitter van die Adviserende Komitee is. Die feit dat 'n blanke die aanbevelings van die Komitee voor die Stadsraad moet gaan verduidelik en toelig is iets wat die Komitee lede nie aanstaan nie. Om hierdie rede vind ons dikwels dat die advies van die Komitee nie noodwendig slegs as geskrewe aanbevelings aan die Stadsraad en sy onderkomitees voorgelê word nie: Dit het herhaaldelik gebeur dat die aanbevelinge van die Adviserende Komitee by wyse van mondelinge voordragte voor die Komitee vir Nie-blankesake van die Stadsraad plaasvind.

By geleentheid van sulke mondelinge verduideliking van hulle aanbevelinge is dit gewoonlik die Consultative Committee wat optree. Die sake wat voorgedra word, geld gewoonlik aangeleenthede waarvoor reeds onsuksesvol skriftelike advies aan die Stadsraad gelewer is. Die inhoud van sulke mondelinge aanbevelinge toon 'n bonte verskeidenheid van onderwerpe. Gedurende die duur van ons ondersoek en kort daarvoor is versoeke langs die weg gerig vir die afskaffing van alle pasverordeninge, die afskaffing van die Amalaita-sportgrond, die invoering van meer natuurle in die diens van die Stadsraad waar dit die bediening van natuurle self geld, die oprigting van meer huise in die lokasie en die voorsiening van 'n ekonomiese behuisingskema in die lokasie; asook „In respect of residential rights for the residents of Atteridgeville, the speaker stated that natives residing in the Cities had come to regard the locations as their home, and that they should be granted the right to remain in their homes irrespective of the locality in which they are employed." Kinderders van inwoners in die lokasies moet ook toegelaat word om te woon in dieselfde lokasie as hulle ouers ongeag waar sulke kin-

ders hulle werkgeleentheid vind. By 'n ander geleentheid lees die geskrewe verslag soos volg: „X continued his address by warning the Committee that there was every likelihood of an outbreak of violence by the natives against the Indian cafe proprietors in the Asiatic Bazaar who own, "juke boxes" which the natives contend are demoralising the native youth in Pretoria, and which leads to immoral dances, rowdism, congestion of streets, missing of busses etc. He stated that since the innovation of these "recordplaying machines" school children had failed badly in their examinations." Die versoek wat by hierdie geleentheid aan die Stadsraad gerig is, was dat die aanhou van sulke blêrkaste deur Asiats verbied moet word. Ten opsigte van nie een van hierdie deputasies van die Adviserende Komitee na die Komitee vir Nie-blankesake van die Stadsraad, kon ons naspoor dat daar enige gevolg aan die versoeke verleen is nie. Alle versoeke was soos ons reeds gesê het oor sake waarvoor daar reeds skriftelike advies aan die Stadsraad deurgestuurd is: maar sonder gevolg.

Deputasies van hierdie aard en die aanhoor daarvan deur die betrokke Komitee van die Stadsraad verskaf egter aan die lede van die Adviserende Komitee groter bevrediging in die nakoming van hulle pligte as die blote deurstuur van hulle aanbevelings aan die Stadsraad elke maand. Die Stadsraad en sy Komitees hoor hierdie deputasies moontlik aan, in die gedagte dat die geleentheid om so stoom af te blaas, 'n veiligheidsklep vir die gevoel van gefrustreerdheid by die Adviserende Komitee sal verskaf. Daar word egter vergeet dat indien ook hierdie mondelike advies nie aanvaar word nie, die Adviserende Komitee, heeltemal te-reg ook, in sy rapport aan die inwoners van die lokasie die sending van sulke deputasies sal gebruik as bewys vir die voortreflike wyse waarop die belange van die inwoners van die lokasie bevorder word. Die afwysing van hulle ernstige mondelike advies word steeds ten laste van die Stadsraad en sy administrasie gelê. Die gevoel van frustrasie bly. Wanneer hulle dan hulleself begin afvra wat bly nou nog oor om te doen na ons deputasies afgewys is, staan die Stadsraad of Pretoria administrasie/....

strasie dikwels voor probleme van die volgende aard:

Klagtes is in die verlede soms by die Naturellekommissaris van Pretoria ingedien dat die Stadsraad die aanbevelinge van die Adviserende Komitee geheel ignoreer. „Now and again members of the Board have to meet their electors to give an account of their stewardship but in the absence of written replies to the request whether in the affirmative or negative, their position becomes untenable." Sulke pogings om die Naturellekommissaris te gebruik om die Stadsraad te verplig om uitvoerig op skrif op die aanbevelinge van die Komitee te antwoord het in die verlede nog steeds misluk.

Die volgende stap is dan gewoonlik dat 'n administratiewe amptenaar van die Stadsraad uitgedaag word om namens die Stadsraad die beleid van die plaaslike bestuur op 'n openbare vergadering aan die inwoners van die lokasie te verduidelik. Dit spreek vanself dat die amptenare van die Stadsraad nie bereid is om in die openbaar te antwoord op beskuldigings van 'n politieke leier wat saam met hom van dieselfde platform optree nie.

Die gevoel van frustrasie bly dus steeds 'n kenmerk van die verhouding tussen Adviserende Komitee en die Stadsraad.

Ten gevolge van hierdie optrede in die verlede en die presedent wat deur die Adviserende Komitee self geskep is, is dit nie foutief om te beweer dat die lede van die Adviserende Komitee hulleself in sommige opsigte as 'n magtelose opposisieliggam teenoor die Stadsraad beskou nie.

## (2) Uitoefening van verantwoordelike magte.

Soos ons verduidelik het, het die Adviserende Komitee in Pretoria slegs ten opsigte van twee aangeleenthede enige verantwoordelike verpligtinge. Dit geld hier (a) die aanwysing van mense om die orde in die lokasie te bewaar gedurende die Kersgety asook (b) die hou van 'n geselligheid na afloop van hierdie pligte vir hierdie burgerwagte. Tesame met die genoemde onthaalverpligting geld ook die vermoë van die Adviserende Komitee om vername besoekers aan die lokasie te onthaal op onkoste van die Stadsraad volgens die bedrag wat daarvoor toege-

staan is. Die gelde vir hierdie onthale word alles beskikbaar gestel uit die Kafferbierrekening.

Die aktiwiteite van die Adviserende Komitee ten opsigte van die onthaal van besoekers in die lokasie, het in die verlede nie groot omvang aangeneem nie. Daar is wel in die loop van 'n aantal jare verskeie Transvaalse natuurlike-kapteins en een kaptein uit Basoetoeland onthaal. Ten opsigte van een kaptein is daar in 1942 deelname met sy afsterwe betuig en in dieselfde jaar is die afgevaardigdes na die African Womens' Congress wat toe in Pretoria gehou is, onthaal. Sommige aansoeke om onthale is egter deur die Stadsraad afgewys. Die belangrikste hiervan was 'n aansoek in April 1946 om £800 vir die bou van 'n Vredefees.

Die instelling van 'n burgerwag en die onthaal van die lede daarvan is egter 'n jaarlikse gebeurtenis waarby tussen £60 en £70 betrokke is. Hierdie vergunning dateer vanaf 1945 waarna dit 'n jaarlikse instelling geword het. Hierdie saak vorm steeds een van die vernaamste struwelingspunte tussen die twee partye omdat, so word beweer, die aanwysing van die lede van die burgerwag en die uitnodiging van gaste na die geselligheid nie onpartydig genoeg geskied nie. Veral gedurende die Kersgety 1949/50 is ernstige moeilikheid ondervind. Die burgerwag word verkies op 'n vergadering van alle inwoners en het in 1949 lede bevat van albei politieke groepe. So'n verkiesingsprosedure het in die verlede uitstekend gewerk. Ongelukkig het die burgerwag hulle gedurende die genoemde periode die reg aangematig om self te arresteer, te veroordeel en lyfstraf toe te dien. Na klagtes dat sodanige strawwe hoofsaaklik gemik was teen ondersteuners van die Kgudu Morôhê party, die destydse opposisie, het die lede van hierdie party hulle aan die burgerwag onttrek. Die klagtes wat ingekom het, was so omvangryk dat die wag onmiddellik onder uiters strenge kontrole van die superintendent geplaas is. Die Adviserende Komitee kon hier nie sy verantwoordelike pligte tot bevrediging van al die inwoners van die lokasie uitvoer nie.

Met die jaarlikse fees was daar ten gevolge van die moeilikheid met die burgerwag in 1949/50 ook klagtes. In 'n brief aan die bestuurder van die Departement Nie-blankesake word verklaar dat/...

dat die 1949-fee 'n partyfunksie van die Namune was. Daar word deur die opposisie gekla dat hulle nie uitgenooi is nie. „Would the members of the Board deny that these Celebrations were held in Private residence, with flags of their Party hoisted?” Dit is aan ons beweer dat sodanige fees 'n openbare geleentheid moet wees want die geld waarmee dit gehou word is Stadsraadsgeld. „The Council is not a part of one section, it is a part of all.”

Die ware feite is egter dat hierdie jaarlikse fees nie 'n openbare geleentheid is nie. Dit is bedoel alleen vir diegene wat gehelp het met die ordehouding gedurende die Kersgety. Aangesien die meeste van hierdie mense gekies word uit die gelede-re van die onderskeie blokkomitees, spreek dit vanself dat die lede van die burgerwag oorwegend leiers en aanhangers sal wees van die betrokke party wat aan bewind is. Wat die fees van 1949/50 betref is dit 'n bewese feit dat lede van die opposisie wel uitgenooi is en dat sommige van hulle die fees bygewoon het. Die partyvlag wat by die geleentheid vertoon is, moet egter be-treur word.

Dit is na ons oordeel duidelik dat ondanks die ruime mate van politieke verdagmakery wat agter klagtes van die opposisie teen die wyse waarop die Adviserende Komitee hulle openbare ver-plichtinge nakom, steek, daar nog steeds ruimte is vir groter om-sigtigheid in die voorkoming van moontlike gronde tot aanstoot vir die opposisie. Dat nie een van die partye by hierdie op-merking uitgesluit is nie, spreek vanself.

(3) Die mate waarin opposisie ondervind word.

Ons het reeds daarop gewys dat die Adviserende Komitee soos dit tans saamgestel word bestaan <sup>slegs</sup> uit lede van een party. Teenkanting teen die optrede van die Komitee as geheel of teen die pligsvervulling van lede daarvan as blokmanne kom dus nie binne die Komitee voor nie. Dit kan normaalweg alleen plaasvind by wyse van petisie, memoranda en ander geskrewe klagtes wat die opposisieparty so gereeld soos klokslag aan die Departement van Nie-blankesake laat toekom.

Gedurende die periode wat ons ondersoek dek was daar slegs by vier geleenthede verkose lede van die opposisie in die Komitee. Die eerste was met die 1941 verkiesing toe 9 Namune kandidate verkies is en een Kgudu Morôhê kandidaat deur lotsbeslissing die paal gehaal het. In 1942 is hierdie opposisie tot 3 vermeerder toe twee Kgudu Morôhê kandidate die tussenverkiesing van daardie jaar suksesvol beveg het. Die derde geval was in 1946 toe die Namune kandidaat die tussenverkiesing gewen het, daar was toe dus 9 Kgudu Morôhê lede en een Namune lid. Die vierde geval was ten tye van die 1947 verkiesing toe nege Namune lede verkies is en die tiende 'n Kgudu Morôhê lid deur lotsbeslissing aangewys is. Die aanwesige opposisielede was dus altyd ver in die minderheid. Van 1949 tot 1956 was daar nooit weer enige opposisielede in die Komitee nie. Ons het reeds daarop gewys dat die opposisielede, wanneer daar sulkes in die Komitee is, uitgesluit is van die kookusvergadering van die meerderheidparty. Op ons navraag na die werkverrigting binne die Komitee wanneer daar sodanige opposisie was, was daar net een antwoord: „It was more of a dog fight. We could not reason soundly.“

Die teenkanting teen die optrede van die Adviserende Komitee van die dag en sy lede, vind ons daarom noodwendig in die memoranda wat die opposisiegroepe direk aan die Departement deurstuur. Die taal waarin in hierdie memoranda en klagtes voorgedra word, is meesal breedspraking en die klagtes self gewoonlik ekstremisties en ongegrond, omdat politieke verdagmakery oorweeg. Soos ons later weer sal aandui is hierdie opposisie aktiwiteite geensins 'n korrekte maatstaf vir die Departement Nie-blanke sake ten opsigte van die wyse waarop die Adviserende Komitee sy pligte vervul nie.

Die belangrikste klag na ons oordeel is by herhaling mondelings aan ons en in die verlede ook skriftelik aan die departement geopper. Dit is 'n klagte wat inherent eie is aan die wyse van pligsvervulling van die Adviserende Komitee en is nie gebind aan enige politieke party nie: nl. dat die lede van die



Adviserende Komitee na hulle verkiesing, in hulle amptelike hoedanigheid en veral as verteenwoordigers van die verskillende blokke in die lokasie nie vir die kiesers vindbaar is nie. In 'n memorandum van die Transvaal-party aan die Departement Nie-blankesake word dit gestel as "the incommunicability of the Board - they go to Inter-Advisory Board conferences, they meet the Council now and again, but never consult the people before going, and report nothing on their return." 'n Informant het die feit dat daar langs die weg van werklike verteenwoordiging nie veel sprake is nie soos volg gestel: „Ek het altyd gesê, 'n lid van die Advisory Board is net soos 'n messenger. Hy het niks wat hy kan gaan praat self, daarso nie, sonder die mense nie. Voordat hy Raad toe gaan moet hy die mense bymekaar roep op so-en-so 'n dag: „ons gaan vergadering hou; en wat wil julle hê moet ek vir julle doen?" Dan moet die mense hulle klagtes gee en so aan en dan moet hy weer terug kom om te sê: „ons het so-so gewerk; om te sê hulle het daardie ding mooi ontvang of hulle het daardie ding uitgeskop. Nou voel die mense al het ons niks gekry nie, ons man het sy beste gedoen." Verskeie ander informante het die feit beklemtoon dat die lede van die Adviserende Komitee allerhande beloftes maak waarvoor nooit verslag gedoen word nie. Oor die wyse waarop die Komiteeledes as blokmanne toeganklik is later meer. (Hoofstuk VIII B.) Hierdie houding van ons informante en ook van ander inwoners in die lokasie sou ons graag as indirekte opposisie wil beskrywe. Dit kan nie anders as om 'n uitwerking te hê op die deelname van die gemiddelde inwoner aan die lokasiepolitiek nie.

By die behandeling van klagtes wat teen die Adviserende Komitee deur die georganiseerde opposisie-groepe ingedien word, moet onthou word dat die klagtes oor die werkverrigting van die Komitee nie noodwendig beperk sal wees tot die Komitee se raadgewende verpligtinge nie. Ons het reeds getoon dat die lede van die Adviserende Komitee in hulle hoedanigheid as blokmanne, en as verteenwoordigers van die Adviserende Komitee op die Beurskomitee en die Komitee vir Behuising, medeseggenskap het in administra-

ticwe beslissings wat vir die lokasie-inwoners van groter praktiese belang voorkom as die blote advieslewering. (Die blokstelsel behandel ons later. Hoofstuk VIII B.) Ongesag die aanwezigheid van die blanke lede van die administrasie op hierdie komitees, word die Adviserende Komitee verantwoordelik gehou vir alle beslissings aldaar. Die klagte teen die werkverrigting van hierdie komitees is altyd een/<sup>van</sup>beoordeling van eie ondersteuners ten koste van ondersteuners van die ander partye. Die inskakeeling van politici as administratiewe funksionariesse binne die blanke administrasie verleen dan noodwendig/<sup>aan</sup>die hele administrasie om 'n bepaalde politieke vooringenomenheid in die oë van die opposisie.

As voorbeeld van die aanbiedingswyse en die aard van die klagtes aan die departement haal ons die volgende brief aan die Bestuurder aan. Ons ondersoek het getoon dat die beginsel van die klagte gesteun kan word. Ons beskou dit egter as aksiomaties dat die onderstaande klagtes nie as bewese aanvaar kan word nie.

Ons gebruik die brief slegs as aanduiding van waarheen die huidige stelsel kan lei. As gronde dus vir die noodsaaklikheid van kennisname deur die departement van die houding en klagtes van die opposisie-groepe hoewel hulle nêrens verteenwoordig is nie. "I wish to draw your attention and that of your Department to a growing sense of frustration and uneasiness among the location-residents with regard to the way in which matters affecting them and the Administration are conducted. If a resident approaches the Administration on any issue he is directed to some "channel". He is told to go to the Central Wards Committee or the Housing Committee. These two bodies are not provided for by the Natives Urban Areas Act, nor do they appear anywhere in the Locations Regulations of Pretoria duly promulgated. These two bodies are made up of members of the Native Advisory Board whose statutory position is that of an advisor not an administrator. The position today is that the fate of the interests of location-residents is decided by the non-statutory bodies of the Central Wards Committee or the Housing Committee. The two bodies reject or/..... © University of Pretoria

or accept with or without reason any matter brought before them. (Afgesien van die foutiewe aanduiding van die samestellingswyse van die behuisingskomitee, die miskenning van die feit dat die blokstelsel wettig kragtens Stadsraadsbesluit ingestel is, geld die aantyging natuurlik ten opsigte van die werkverrigting van alle behuisingskomitees van die verlede). Little is heard (of) the Native Advisory Board which only meets to approve what the other bodies have done. But there are other matters which are steered clear of these two bodies and brought directly before the Board as urgent matters. In plain language there is no policy followed other than that dictated by the influential section of the Board.

Different officials of the Administration have been approached by different people, on different issues, on purely administrative matters, and these officials have expressed views sympathetic with the issues raised. (In hoofsaak aansoeke om huise in Atteridgeville). But as soon as the matter is referred to the Board or its subsidiary Bodies the matter is thrown right out. In the Board the resident is faced with a wall of blind prejudice and political vindictiveness if he does not belong to the party of the majority of the Board members. The administration has put into the hands of the Board a club that it wields without mercy over the residents. Has the Administration relegated its authority to the Native Advisory Board? What the residents know to be a fact is that it does not matter what reasonable request he may have to make from the Administration if he is not "in" with the Board, his case never receives consideration. Board members get anything they want in the nature of houses for themselves and their friends and relatives and followers. ....The residents are losing confidence in the administration. It is common cause that there is corruption and bribery when the Board is given power to administer matters that are legally that of the Administration. I want to receive some assurance from your administration that the case of every resident that is brought to you will be decided on its merits and if

advice of the Board is sought then the Board should give nothing but advice which may not be followed if it is contrary to public policy!

Ondanks die feit dat die bogaande brief vertolk kan word as kritiek op die stelsel eerder as die wyse van pligsvervulling van 'n bepaalde politieke groep binne die stelsel, is dit na ons oordeel teen die party eerder as die stelsel gemik. Die vae en ongestaafde aanklagte teen die lede van die Adviserende Komitee kan ons nie aanvaar nie. Die beginsel van die klagte word egter ernstiger wanneer ons daarop let dat ten minste twee van die leiers van die party waarvan die skrywer van die brief nie 'n geringe lid is nie, hulle, soos bewys is, aan dieselfde oortredings skuldig gemaak het as waarvan hy die anderkant beskuldig: nl. aan pogings tot die onregmatige toesegging van huise deur middel van die Behuisingskomitee aan verwante en party-ondersteuners.

Wanneer dit kom by klagtes teen die aktiwiteite van blokkeerders, lede van die Adviserende Komitee soos dit in die verlede voor die Komitee gedien het, vind ons die volgende sterk bewoorde aanklag in 1947 van die party wat in daardie jaar die verkiesing verloor het, ten opsigte van die prosedure by die uitreiking van permitte vir die tuisbrou van kafferbier. "Our people under this system are treated as dogs. They are asked a lot of questions. Sometimes insulting words are passed to them! What party do you belong to? Why did you vote for fools? You must promise now that you will vote for us next time otherwise we shall not give you the recommendation paper, You see your party is composed of fools and uneducated persons." Weereens 'n klagte teen die stelsel terwyl die eintlike beswaar geleë is in die wyse van pligsvervulling binne die stelsel. Sulke klagtes teen die stelsel kom nooit voor terwyl die eie party aan bewind is nie.

In 1948 gaan daar van dieselfde groep 'n brief aan die Stadsklerk waarin 'n persoon kla dat lede van sy party kafferbierpermitte geweier is deur die superintendent omdat hulle eers

'n aanbeveling daartoe van die betrokke blokman moet kry. Dit is die normale prosedure wat gevolg moet word. „It is also brought to your notice, that in some areas of the location persons applying from the so-called blockman for recommendation letters have to pay a certain fee of 2/6." Hierdie bewering kan ons nie sondermeer weerlê nie.

Die inhoud van al hierdie dokumente is baie meer te sake as uitinge van die gevoel van 'n onvertegenwoordigde opposisie as ons daarop let dat dergelike aantygings die normale verskynsel is watter party ook al aan bewind is. Departementele ondersoek het in die verlede feitlik alle beskuldigings van bogenoemde aard as ongegrond bewys, nogtans bly dit oorsake van werklike ontevredenheid in die lokasie.

Van die mees omvangryke petisies van hierdie aard het oor die 700 naamtekeninge bevat. 'n Verdere petisie met 143 handtekeninge daarop gedurende 1950 is teruggevoer na die aanhangers van sommige kommunisties-gesinde leiers in die lokasie. Die oorgrote meerderheid van die geskifte is egter briewe wat namens lede deur die leiers van die opposisie partye geskryf word.

Die feit bly egter onbetwisbaar, dat die departement nie by magte is om die werklike waarheid agter sodanige klagtes te bepaal nie. Die ondervinding wat in die verlede wel opgedoen is ten opsigte van departementele ondersoeke, het in 1950 die volgende verklaring ten opsigte van 'n aangevraagde ondersoek regverdig: „I believe that such an enquiry would entail in a colossal wastage of time and money spent entirely in listening to endless and nebulous complaints and recriminations between the two major political factions among the Pretoria Bantu." Ten opsigte van die aktiwiteite van een besondere leier wie se herhaaldelike aanklagte van korrupsie in die verlede ondersoek is, is reeds in 1948 verduidelik: „Finally, X is in the habit of making false accusations in writing, purporting to come officially from the bodies of which he is secretary; whereas on enquiry it invariably turns out that this is not the case."

Desondanks kan dit nie weggedeneer word dat sodanige

foute en beskuldigings meer as blote moontlikhede is nie. Ondanks die feit dat die partye mekaar oor en weer van dieselfde dinge beskuldig wanneer hulle die opposisie vorm, en hulle daardeur geen regverdiging het om die stelsel as sodanig te kritiseer nie, is dit tog ons oortuiging dat die ruim geleentheid vir misstande wat bestaan binne die huidige reëling waar verkose verteenwoordigers op ongekontroleerde wyse administratiewe funksies uitoefen, 'n logiese voortvloeiing van die stelsel eerder as die persoonlike onbetroubaarheid van die verteenwoordigers van die een of die ander party is.

Aan die stelsel van verkiesing en verteenwoordiging sowel as die blokstelsel, wat in Pretoria tot stand gekom het ooreenkomstig die wens van die lokasie-inwoners self, (vgl. ons historiese uiteensetting, (Hoofstuk VI.B.)) wou die die Departement Nie-blankesake in die verlede niks verander nie. Daarom was hulle houding teenoor klagtes teenoor die stelsel nog steeds soos volg: „If the actions of members of the Native Advisory Board give the Bantu inhabitants a feeling of frustration, then the latter are frustrating themselves, since all the said Board members are elected by them alone.....If your statement of the inhabitants being frustrated by this system is correct, let them say so in this year's election of members of the Board .....General charges of bribery, corruption and political bias among board members must be supported by specific instances of such offences. Such specific instances have never been brought to my notice by you or anyone else. If you or anyone else are able to bring and prove such specific instances to me, I shall take the strongest possible action against the offenders." In 'n ander antwoord word die betrokke opposisie-party prontuit verduidelik: „The opposition leaders who lost the last election must therefore settle down and make use of their own elected representatives."

Die houding van die Adviserende Komitee ten opsigte van beskuldigings van misbruikmaking van hulle posisie wat gewoonlik vir kommentaar aan hulle voorgelê word, was ten opsigte van een

besondere geval die volgende: „Y drew attention to the fact when this party was in power in the Native Advisory Board, all residents had to obtain recommendations from them. Since they were defeated they try on every occasion to circumvent the well known and well founded block system." In 'n ander geval was die antwoord: „Since their first defeat at the polls in 19-- , this memorandum is only one of a series from their individual and collective members who try by all means, foul and libellous, to discredit the present Native Advisory Board in the eyes of all concerned. But the residents have persistently disregarded these charges as they know them to be unfounded and false. The policy of the present Board was even more overwhelmingly endorsed by the residents of Atteridgeville, Marabastad and Bantule at the 19-- polls only less than five months ago. That the present Advisory Board had to introduce drastic changes in the system of allocating houses in order to remove the corruption which was prevalent during the regime of the X group in this respect." (Ons wys net daarop dat die Adviserende Komitee officieel nie verantwoordelik kan wees vir enige „drastic changes in die wyse van toekenning van huise nie. So'n bevoegdheid berus by die administrasie alleen.)

Uit die voorgaande is ons geregverdig om te beweer dat die grootste gros van klagtes afkomstig van die opposisie teenoor die wyse waarop die Adviserende Komitee sy pligte vervul, gebou is op die feit dat die druiwe suur geword het. Tog is dit onteenseglik waar dat sommige van die klagtes in die verlede wel grondig was. Dit is daarom noodsaaklik dat die Departement Nie-blankesake kennis neem van die klagtes wat daar onder opposisie-groepe bestaan, want afgesien van hulle plig om korrupsie te bekamp bly dit steeds 'n ernstige feit dat enige klagtes teen die pligsvervulling van lede van die Adviserende Komitee in werklikheid klagtes is teen die onbesprokenheid van die administratiewe stelsel in sy geheel. Hierdie feit vloei voort uit die gebruik van die verkose lede as administratiewe amptenare. Die enigste weg waarlangs van sodanige klagtes kennis geneem kan word, is en bly op die huidige die onverantwoordelike be-  
toeg/..... © University of Pretoria

toog in memoranda en klagskrifte omdat hierdie opposisie-groepe nerens elders 'n offisiële kanaal van voorspraak het nie.

(4) Omvang van korrupsie.

Ondanks die feit dat ons ondersoek onafhanklik van die ondersoeke van die departement in die verlede getoon het dat die voorgaande klagtes van korrupsie in meeste gevalle ongegrond is, bly dit 'n feit dat die departementele ondersoeke in die verlede ten minste drie gevalle van werklike korrupsie ontmasker het. In al drie gevalle was dit lede van die Adviserende Komitee wat hulle posisie misbruik het deur vir verwante en volgelinge voordele te verkry. Die gevalle van bewese korrupsie is afkomstig uit die geledere van albei partye.

As sodanig wil dit 'n geringe misstand voorkom, maar as 'n gedagte gehou word dat sulke wanpraktyke onder die onwetende beskerming van die blanke administrasie gepleeg word, is dit duidelik dat die administrasie van die lokasie noodgedwonge nie alleen 'n bepaalde politieke kleur in die oë van die opposisie-ondersteuners moet kry nie, maar ook die stigma van korrupte politieke bevoordeling sal moet dra. Weereens is dit die gevolg van die stelsel en die aktiwiteite van een of twee gewetenlose individue, maar die kwaad is gedaan. Te meer nog daar hierdie sake lank reeds in die lokasie as skinderstories rondlê voor daar werklik opgetree kan word. Vandaar ons bewering dat ondanks die houding van die Departement Nie-blankesake en die Adviserende Komitee daar geen wyse is waarop die werklike waarde van die opposisiebetogings bepaal kan word nie.

B. DIE WYSE WAAROP DIE BLOKSTELSE EN ANDER KOMITEES FUNKSIONEER

1. Die Blokstelsel.

Die herkoms van die blokstelsel waarvolgens elke lid van die Adviserende Komitee ten opsigte van sommige administratiewe sake tesame met 'n komitee verantwoordelikheid ten opsigte van 'n bepaalde blok in die lokasie aanvaar is reeds breedvoerig verduidelik. (Vgl. Hoofstuk IV. D.2.).

Volledigheidshalwe meld ons hier slegs weer dat Atteridge-



ville sewe van die tien blokke waarin die lokasies van Pretoria verdeel is bevat. Ondanks die bepalinge van die Stadsraadsbesluit van 25/7/46, waarvolgens hierdie stelsel vandag in werking is, is die indeling van al hierdie blokke oor 'n periode van nege jaar staties gehou. (Vgl. Kaart in Bylae) Die verpligting wat op die bestuurder van die Departement Nie-blankesake in samewerking met die Adviserende Komitee en die onderskeie superintendente van die lokasies gelê word deur klousule 1 van die Raadsbesluit nl. dat die lokasie na afloop van elke verkiesing opnuut in blokke verdeel moet word is in die praktyk dus onnodig gevind. (Met die vergroting van die lokasie in 1955 en die bykans verdubbeling van die getalle van die lokasie-inwoners is die blokindeling egter wel verander, op so 'n wyse dat die aantal blokke dieselfde gebly het maar nou slegs groter afmetings aangeneem het.)

Elke blokman, voorsitter van die blokkomitee en lid van die Adviserende Komitee, word bygestaan deur 'n komitee van tien lede insluitende of uitsluitende die sekretaris van die komitee wat aangewys moet word. Hierdie sekretaris is verantwoordelik vir die kennisgewing van maandelikse vergaderings aan lede, die opstel van die agenda en die hou van die notule op sulke vergaderings. Besluite op die vergaderings van die blokkomitees geskied by wyse van meerderheidstem; die voorsitter beskik oor 'n gewone sowel as 'n beslissende stem. Elke blokman, sekretaris en lid van die verskillende komitees ontvang 'n besoldiging vir sy dienste van die Stadsraad.

Die rede vir die instelling van die blokstelsel is eweneens reeds deur ons genoem (Vgl. Hoofstuk IV.D.2.) as 'n poging om die naturelle 'n aandeel te gee in die verantwoordelikheid van plaaslike administrasie en om 'n hoër mate van samewerking tussen die verkose verteenwoordigers van die inwoners van die lokasie en die blanke beherende instansie, die Stadsraad, te verkry.

(1) Die samestelling van die komitees.

Ons het in 'n vorige hoofstuk (IV.D.2.) daarop gewys dat die samestellingswyse van die blokkomitees onafskeidbaar/<sup>verbind</sup>is

met die Adviserende Komitee as politieke liggaam en dat ons ons daarom die reg veroorloof om hierdie administratiewe eenhede in te skakel by die bespreking van die funksionering van die verskeie politieke instellings binne die lokasie.

Die historiese ontwikkeling van die samestellingswyse van die blokkomitees, aanvanklik deur verkiesing uit die geledere van die inwoners van elke blok en later deur nominasie deur die blokman uit sy vertrouelinge woonagting in die blok is reeds behandel (Vgl. Hoofstuk IV D.2.). Ons sal ons dus hier in hoofsaak bepaal by die praktiese uitwerking van die huidige samestellingswyse.

Die aanwysing van 'n bepaalde blok aan 'n spesifieke blokman, lid van die Adviserende Komitee, geskied volgens sommige van ons informante, deur lotsbeslissing. Die meer algemene verklaring is dat die verskillende blokke deur die vernaamste leiers van die party wat die verkiesing gewen het, dit wil sê die persone wat as voorsitter en sekretaris van die Sentrale Blokkomitee verkies word, aan die ander suksesvolle kandidate toegesê word. In praktyk bring dit dan dikwels mee dat die aangewese blokman nie woonagtig is in sy blok nie, en meer ernstig selfs, dat hy in geheel 'n ander lokasie woonagtig is. In die geval van Atteridgeville gebeur dit gewoonlik dat sommige blokmanne in Bantule woon: ruim sewe myl van die grense van Atteridgeville af. Hierdie gebruik word deur die Stadsraad toegelaat.

Die lede van elke blokkomitee word vandag binne tien dae na die verkiesing deur die betrokke blokman genomineer uit inwoners van die bepaalde blok. Die sekretaris wat deur die komitee aangewys word, moet ook verkieslik binne die blok woonagtig wees. Hierdie prosedure bring mee dat die lede van die komitee, synde ondersteuners van die blokman, almal lede is van sy party. Normaalweg kry hierdie samestellingsprosedure 'n verdere politieke kleur deurdat die name van die genomineerdes nie direk deur elke blokman aan die superintendent van die lokasie oorgedra word nie, maar dat die name van al die lede gesamentlik deur die Adviserende Komitee op hulle eersvolgende vergadering vir kennisname aan

die Komitee vir Nie-blankesake van die Stadsraad aangestuur word.

Onder argument dat aangesien daar gestem word vir blokmanne, lede van die Adviserende Komitee, volgens die kommune stem; en elkeen dus die belange van die hele lokasie op die hart moet dra en die blokman dus geregtig behoort te wees om die lede van sy komitee uit die gemeenskap van die lokasie in plaas van uit een blok alleen te neem; het een besondere blokman hom in 1949 die volgende antwoord van die Departement Nie-blankesake op die hals gehaal. „It is clear from the resolution of the Council 28/10/43 when the blocksystem was set up, that the intention of the Council was that small committees would be set up consisting of residents in the immediate area in which the elected Advisory Board members resided. If, therefore, a Board member sets up a block committee consisting of persons who reside in widely dispersed areas as mentioned in your letter, the object that the Council had in view ..... is defeated. I regret therefore being unable to support your claim for payment of the members of your committee as at present set up." Indien hierdie geskrif die bedoeling van die Stadsraad met die instelling van die blokstelsel korrek weergee, lees ons daarin, naas 'n afwysing van die nomineering van nie-inwonende lede op die komitee, ook die bepaling dat die Stadsraad bedoel het dat blokmanne ook binne die blok woonagtig moet wees. Vandag word hierdie gedagte wat werklik vroeër gehuldig is in die praktyk nie meer konsekwent toegepas nie. Lede van die Komitee moet egter nog in die blok woon.

Hierdie feit, tesame met die eensydige politieke samestelling van die komitees, is die vernaamste besware wat teen die blokstelsel soos dit vandag bestaan ingebring kan word. Een van ons informante het dit besonder sterk gestel en gesê, dat gedagtig die verpligting van die blokman en sy komitee om medeverantwoordelik te wees vir die handhawing van wet en orde binne die blok, kan dit van die blokman verwag word dat hy moet kom kyk as daar in die nag struweling uitbreek binne sy blok. Indien die blokman nie daar woon nie is dit onmoontlik. Gedagtig

aan die beswaar van die Kgudu Morōhō party dat die verkiesing van blokmanne, lede van die Adviserende Komitee, slegs binne elke besondere blok moet plaasvind, word die huidige stelsel deur hulle verdoem. Die inwoningsvereiste vir blokmanne bly dus steeds ook 'n politieke strydpunt.

Die ander vernaamste klagte teen die huidige samestellingswyse van die blokkomitees wat na ons oordeel gegrond is, is die feit dat die blokman in die vermoë is om slegs persoonlike vertrouelinge en in elke geval altyd party-ondersteuners te benoem. Hierdie feit bring mee dat die sterk opposisiegroepe binne die lokasie op geen punt offisieel in kontak met die lokasie-administrasie kom nie. Waar die blokkomitees juis belas is met administratiewe hulpverlening bring dit noodgedwonge mee dat die skakeleenhede tussen die superintendent en die lokasie-inwoners 'n bepaalde eensydige politieke kleur kry en by gevolg, soos reeds herhaaldelik beklemtoon, hierdie politieke kleur ook oorplaas op geheel die blanke administrasie van die lokasie. Hoe sterk die aanstelling van persoonlike volgelinge en vertrouelinge deurgevoer word kan eers begryp word aan die hand van gebeure in 1949 toe twee blokmanne blokke omgeruil het. Ondanks die feit dat albei lede van dieselfde party was en die lede van die komitees ook, kon die ruiling eers bewerkstellig word nadat goedkeuring verkry is dat die betrokke komitees hersaangestel sou kon word.

Ondanks al hierdie geregverdigde besware teen die huidige samestellingswyse van blokkomitees wat ons van verskeie onafhanklike informante verneem het, moet ons tog in alle regverdigheid verklaar dat dit die verklaarde praktyk is van sommige blokmanne van die huidige (1952) meerderheidsparty in die Adviserende Komitee, om lede van die opposisiepartye op hulle blokkomitees aan te stel. Toevallig is dit ook juis daardie komitees teen wie die inwoners van die lokasie die minste griewe kon lug. Die feit dat so'n toestand die uitsondering eerder as die reël is kan egter nie ontken word nie. Normaalweg gee die aanwesigheid van opposisie ondersteuners op die blokkomitee ernstige interne/.....

ge interne struweling af soos duidelik die geval was toe lede van die blokkomitees nog verkies is.

(2) Die wyse waarop die blokkomitees hulle pligte vervul.

Die toets van die sukses van 'n administratiewe instelling soos die blokkomitee is na ons oordeel nie soseer geleë in die mate van uiterlike sukses wat dit vertoon nie, maar eerder in die ruimte wat daar in sodanige stelsel self bestaan om vir misbruik van gesag vatbaar te wees. Waar ons dus hier ten opsigte van die werking van die stelsel kyk na die aard en omvang van die moontlike defekte van die stelsel volgens ons stellingname, moet dit onthou word dat die blokkomitees in die verlede 'n bruikbare administrasie daargestel het ondanks die leemtes in die stelsel wat ons graag wil aantoon.

Die posisie van blokman as voorsitter van sy komitee is, soos die inwoners dit sien, „to try to settle matters up between people who have disputes”, asook om die superintendent van enige misstande te verwittig en in die algemeen as mondstuk van die inwoners van die blok teenoor die superintendent op te tree. Die superintendent gebruik graag die blokkomitee tot hierdie doel en dikwels in die verlede is reeds waardevolle hulp verleen. Dit bly egter 'n feit dat die eensydige politieke verteenwoordiging hier na vore tree in bewerings van die meerderheidsparty, „Whilst we are in power we are the government for everybody,” aan die een kant, en hewige kritiek teen die sogenaamde diskriminasie wat teen hulle lede beoefen word, van die opposisiegroepe, aan die ander kant. Al was daar geen sodanige kritiek nie sou die blote feit dat die opposisiegroepe almal skadu-blokkomitees in stand hou, tog op 'n eienaardige toestand gedui het.

Wanneer ons op die omvang van die klagtes wat aan ons genoem is van diskriminasie teen lede van die opposisieparty let, en dit sien bloot as moontlikhede waar wel diskriminasie kan voorkom, rack die sukses van die blokstelsel werklik aanvegbaar. Nodeloos om te sê ons sluit geen een van die partygroepe uit

waar ons sulke moontlikhede aan die hand van gebeure uit die verlede wil aan-toon nie. In die woorde van een van ons informante: "Ek sien hulle sorg vir hulle eie mense, die Namune. Ek weet nie of die Kgudu sal so doen nie, maar ek weet X het so gedoen toe hy Kgudu was. Maar by my het ek vir hulle gesê: „Kyk as ek gekies (is), nou as ek hier kom vergadering (hou), ek dra Maspalitie (munisipaliteit) uniform. Ek sien nie of jy Kgudu, Namune of wat lat jy is nie. As jy voor my kom, jy het 'n saak, jy het iets moeilik, ek moet met jou deel. Al is dit my kind. As hy fout gemaak het by die Namune of Kgudu se mense, ek sê vir hom, jy is verkeerd, want ek gaan hom nie lat staan oor hy sê hy's my party nie. Dan as ek klaar uit die office kom agter die arbitration, as ek by my eie huis is, is ek Kgudu. Dan kan jy my daarso kom dat ons Kgudu se besigheid gesels, nie in die tien manne se komitee nie." So'n houding van onpartydigheid word volgens ons inligting nie deur alle blokmanne in hulle komitees konsekwent gehandhaaf nie.

Die blokman is die oë en ore van die superintendent in sy besondere blok. Hy moet die superintendent byvoorbeeld verwtigtig van waar te veel bier gebrou word. So'n kennisgewing kom eintlik neer op 'n aanbeveling vir 'n klopjag op die betrokke perseel. Die blokman moet ook aanbevelings vir die uitreik van permitte vir die tuisbrou van kafferbier verskaf, die inwoners behulpsaam wees in die versekering dat alle lede van die huisgesinne binne sy blok geregistreer is, alle gevalle van ongemagtigde inwoning aan die superintendent bekendmaak, alle aansoeke om leë huise in sy blok ontvang en seker maak dat die besonderhede daarin vervat juis is en die superintendent so adviseer, weduwees behulpsaam wees met die oorplasing van huise op hulle naam of op die oudste seun se naam na die afsterwe van die huishuurder, ens. Dit is ten opsigte van die vervulling van hulle pligte in hierdie sake dat die blokmanne beskuldig word van partydigheid vir hulle eie party-ondersteuners.

Al kan daar niks bewys word nie is die gevolg van hierdie praatjies van bevoordeling dat die beskuldiging aan die adres

van die superintendent gerig word dat hy, in die woorde van ons informante, die mense, d.w.s. die opposisie, onderdruk, hoewel hy maar slegs handel op die advies van diegene wat tot daardie doel daargestel is. Die aanwesigheid van so'n houding onder die inwoners van die lokasie is bekend by die superintendentskantoor en die vrees vir diskriminasie word volgens vorige superintendente bewys uit die talle aansoeke om registrasie van nuwe inkomelinge in die lokasie, ondersteuners van die opposisie, wat direk by sy kantoor ingehandig word in plaas van om deur die normale kanaal die blokkomitee behandel te word. Sulke persoonlike aansoeke word desondanks steeds na die betrokke blokkomitee vir aanbeveling verwys. Dit is tot ons bevrediging bewys dat daarin sulke instansies gevalle voorgekom het waar die blokkomitee die saak nie aandag gegee het nie. In alle eerlikheid moet ons egter konstateer dat so'n optrede die uitsondering eerder as die reël is. 'n Verdere onbetwisbare feit is dat gevalle van onwettige bewoning in die huise van ondersteuners van die opposisie die ore van die superintendent baie geredeliker bereik as soortgelyke gevalle by party-ondersteuners. In hierdie stelling sonder ons geen besondere politiekegroep as oortreder uit nie en spreek ons ook geen van die groepe by implikasie vry nie.

Die saak wat binne die lokasie egter die grootste ontevredenheid gaande maak is die feit dat die blokman aansoeke om huise moet ondersoek en aanbeveel. Die superintendent of die administrasie is beslis nie gebind om die aanbeveling te aanvaar nie. Aangesien toesegging van huise gewoonlik in die Behuisingskomitee plaasvind waar die lede van die Adviserende Komitee gewoonlik oor 'n meerderheid beskik kan dit en het dit in die verlede beslis meegebring dat 'n gunstige rapport van die blokman die deurslag gee. Dit is tot ons bevrediging bewys dat lede van albei die politieke groepe in die lokasie hulle in die verlede aan sulke praktyke gewaag het en dat daar selfs omkoopgeld ontvang is. Van die minder as vyf onafhanklike informante kon ons bevestigde getuienis oor hierdie saak kry nie. Die partye beskuldig mekaar ook oor en weer openlik van hierdie praktyke met die/..... © University of Pretoria

die klem daarop dat van die aansoeker vir so'n guns verwag word dat hy in die toekoms vir die betrokke regerende party sal stem. Dit is hierdie ongeoorloofde stemnowerwery wat gelaak word. Dit is vir ons duidelik dat daar nie noodwendig 'n suksesvolle gevolg op so'n aansoek moet wees om die aansoeker vir die betrokke party te laat stem nie. Die blote bewering dat alles in die vermoë gedoen is om die saak te bevorder is gewoonlik genoeg. „En natuurlik sal daardie man voel: dis die mense wat my gehelp het. En as hy ok by my eendag kom om te sê, ek wil hê jy moet vir my stem, dan moet ek vir hom stem.”

Die mate van noodwendige partydigheid wat die buitestaander in die administrasie van die superintendent opmerk word nog duideliker as ons let op die volgende gevalle wat voorgekom het. In 'n sekere geval het die blokman die superintendent namens 'n vrou kom vertel dat haar man tydelik uit die lokasie weg is en dat die huis daarom nie aan iemand anders toegesê behoort te word nie. Die man was in werklikheid permanent verplaas en die superintendent moes optree. In 'n verdere geval het 'n ander blokman meegehelp, weereens by 'n permanente verplasing, om dit te laat voorkom asof die huurder slegs tydelik weg is, met 'n versoek van die huurder of hy nie iemand in sy huis kan plaas om dit tydelik op te pas nie. Die meubels van die wettige huurder is met sy medewete stilweg uit die lokasie verwyder en die oppasser het met sy hele gesin die huis wat so ontruim is betrek. Die Stadsraad het steeds die maandelikse huur ontvang op die naam van die wettige huurder. By ondersoek is die misstand opgespoor maar voor die administrasie stappe kon doen het die Behuisingskomitee die onwettige bewoner as nuwe huurder van die perseel aanbeveel. By 'n ander geleentheid het 'n naturel na die superintendentskantoor gekom en aan hom 'n aansoek om 'n huis in die lokasie oorhandig. By die aansoek was £5 ingesluit. Onvrae waarvoor die geld bedoel was, was sy antwoord dat dit mos die korrekte prosedure sou gewees het as hy die aansoek by 'n lid van die Adviserende Komitee, blokman, ingehandig het. Feitlik dieselfde het in die geval van 'n buitelandse naturel



gebeur. Hierdie naturel het by die superintendent die sleutels van 'n sekere ontruimde huis kom vra. O, vrae waar die aansoekvorm vir die huis is, was sy antwoord dat dit reeds ingehandig is by die onder-voorsitter van 'n sekere blokkomitee en dat hy die nodige gelde reeds betaal het en 'n kwitansie daarvoor ontvang het. Die kwitansie was 'n ontvangsbewys vir drie pond met 'n verdere inskrywing daarop dat £2 uitstaande was. Die onder-voorsitter het sy oortreding erken.

Al hierdie bogenoemde voorbeelde is geneem uit die persoonlike ondervindinge van superintendente. In alle gevalle is daar teen die oortreders opgetree. Die kwaad is egter gedaan en die skinderstories leef nog steeds in die geheue van die lokasie-inwoners. Dat sulke praktyke meermale as slegs die bewese paar voorkom is nie onmoontlik nie, gesien die herhaaldelike voorkoms van die bedrag £5 in die antwoord op ons vrae. Een verdere informant was selfs getuie by die oorhandiging van so'n "parcel."

Dit dien verder daarop gelet te word dat wanneer 'n blokman hom aan sulke wanpraktyke skuldig maak en sy komitee sy aanbevelings in die wind slaan, ten opsigte van aansoeke om registrasie of die betrekking van leë huise, daar geen rede sou wees, uitgesonderd persoonlike eerlikheid, waarom die blokman nie die teenoorgestelde sou beweer wanneer hy alleen voor die superintendent in geval van registrasie, of alleen teenoor sy medelede van die Sentrale Blokkomitee, in geval van 'n aansoek om 'n huis, sou optree nie. Die grootste swakheid in die blokkomiteestelsel is daarom na ons oordeel geleë in hierdie meontlikheid van die blokman om van sy posisie misbruik te maak. Die ernstigste van die hele saak is dat die blokman, ondanks die feit van sy aandeel in die blanke administrasie aan geen blanke instansie wat werklik die verantwoordelikheid van die administrasie dra, verantwoordelikheid verskuldig is nie. In gevalle waar herhaaldelike foutiewe gegewens verstrekkend word, kan die superintendent die blokman alleen bestraf. Verder kan dit nie gaan nie, want ondanks die feit dat hy ampspligte vervul, is die blokman 'n verkose verteenwoordiger van die inwoners van die lokasie en

moet as sodanig, behalwe by ernstige kriminale oortredings, toegelaat word om die dienstermyn waarvoor hy verkies is, uit te dien.

Ondanks al hierdie geregverdigde kritiek oor die wyse waarop die onderskeie blokmanne en hulle komitees hulle van hulle take kwyf, kan ons nie anders as om te benadruk dat die aktiwiteite van blokmanne reeds 'n onmisbare deel van die lokasie-administrasie geword het veral waar dit die probleem van arbitrasie tussen naturelle in kleiner geskille raak nie. Die superintendent word selde gepla met klagtes oor struwelinge tussen mans en hulle vrouens, oormatige lawaai in huise van bure of klein oortredings soos die diefstal van een of twee hoenders. Waar daar genoeg getuienis is word al sulke sake deur die blokmanne behartig en teen vervulling van hierdie plig van arbitrasie is daar merkwaardig genoeg relatief baie min klagtes. Blokmanne en hulle komitees het geen wettige vermoë om apologiese te eis in gevalle van laster nie, ook nie vir die oplegging van strawwe van skadevergoeding by geringe diefstal nie. Tog erken die inwoners van die blok hierdie reg en lê hulle stilswyend daarby neer. Die blokman en sy komitee het die nodige sosiale aansien en prestige om namens die gemeenskap sulke strawwe tot die skande van die oortreder gereken te laat word. Daarom het sommige van ons informante die blokstelsel vergelyk met die hofhouding binne die kgôrô onder stamtoestande, „it decides its own indabas.“ Na ons oortuiging is hierdie vergelyking onvanpas en aanvegbear. (Vgl. Hoofstuk VIII C.2.)

Vir hulle dienste ontvang blokmanne en lede van die blok-komitee besoldiging teen 'n skaal wat reeds aangedui is (Vgl. Hoofstuk IV D.2.) en wat tans in die geval van die meeste blokmanne slegs £2- 5- 0 per maand bedra. Vroeër was daar selfs geen besoldiging nie. Gedagtig aan die feit dat ons hier in werklikheid met amptenare van die administrasie te doen het, is hierdie besoldiging, hoewel miskien 'n aanduiding van die waarde wat die Stadsraad aan die sukses van die instelling van blokmanne heg, na ons oordeel juis een van die redes waarom geen nougesetter

en aktiewer medewerking verwag of geëis kan word nie. Die inkomste van 'n blokman is vir hom gewoonlik 'n by-inkomste. Indien dit ons gedagte is om die goedkoop administratiewe stelsel van die sogenaamde Indirekte Beheer ook in stedelike gebiede te bevestig moet ons onthou dat ons hier nie soos in die stangebied bestaande gesag erken, nie, maar dat ons hier nuwe gesag bevestig. Die verbintenis met die blanke gesag is veel nouer en die kontrolemoontlikheid van onderdane oor die draers van die gesag veel geringer. Kontrole moet dus van die blanke administrasie uitgaan en daartoe moet besoldiging noodwendig heelwat verhoog word om met reg aanspraak te hê op die tyd wat nodig is vir die vervulling van die plig van blokman of blokkomiteelid.

### (3) Die Sentrale Blokkomitee.

Die Sentrale blokkomitee bestaan soos ons reeds verduidelik (Hoofstuk IV D.2) het uit die tien blokmanne van die Pretoriase lokasies. Die voorsitter en sekretaris word aangewys uit hulle eie geledere. Hierdie komitee dien as inklaringshuis vir mosies van wyd uiteenlopende aard. Sommige probleme soos klagtes oor toestande in die lokasies word verwys na die **Adviserende Komitee** vir finale kommentaar aan die Stadsraad, ander sake word by wyse van deputasie direk aan die Departement Nie-blankesake voorgedra.

Hierdie Komitee, die hoogste administratiewe eenheid in die hande van die natuurlike self is die kruispunt tussen die suiwer administratiewe skakeling deur die superintente na die Departement Nie-blankesake en die politieke skakeling via die Adviseerende Komitee na die Stadsraad. Net soos by die ander blokkomitees is die lede hier ook geensins verantwoordelikheid verskuldig aan die superintendent of ander administratiewe instelling vir hulle besluite nie.

Die vernaamste aangeleentheid op die agenda van die Sentrale blokkomitee was nog steeds die toesegging van huise. Alle aansoeke om huise deur inwoners van Atteridge/<sup>ville</sup>gaan vanaf die betrokke blokkomitee na hierdie Sentrale blokkomitee waar sulke aansoeke weer bespreek word, voordat dit na Sub-komitee vir Be-

huising deurgestuur word vir afhandeling. Aansoeke om huise van mense van buite die lokasie moet by die sekretaris van die komitee ingehandig word. Alle aansoeke moet ook by die superintendentskantoor ingedien word, maar die finale besluit daaroor word <sup>die</sup> in/Behuisingskomitee geneem.

## 2. Die Departementele Sub-komitee vir Behuising.

Ons het reeds daarop gewys (Hoofstuk IV D.3.) dat die Behuisings<sup>komitee</sup> bestaan uit die bestuurder van die Departement Nie-blankesake of sy gevolmagtigde as voorsitter; die ander blankelede is die twee superintendente van Atteridgeville en Bantule. Die naturellelede bestaan uit vier lede van die Advieserende Komitee waarvan een die sekretaris van die Sentrale Blokkomitee as sekretaris van die komitee moet wees. Die naturellelede was dus in die meerderheid.

Aangesien die lokasie Atteridgeville ingestel is om die ou Marabastad, onder die superintendent Bantule, te verskuiwe, beteken dit dat die Behuisingskomitee nooit volle seggenskap gehad het in die toesegging van huise in Atteridgeville nie. Die omvang van die beslissingsreg van hierdie komitee het na Junie 1948 toe dit ingestel is, was alleen beperk tot sulke huise wat in Atteridgeville om een of ander rede ontruim word en waarvan die akkommodasie nie genoegsaam was om binne die gedagte van verskuiwing betrek te word nie. Die huise in Marabastad is gewoonlik bewoon deur van twee tot vier gesinne. Om dus een huis in Marabastad te ontruim en te sloop sou vier in Atteridgeville vir die verskuiwing nodig wees.

Hiernaas het die Stadsraad besluit dat daar by die toesegging van huise in Atteridgeville voorkeur verleen kon word aan:

(a) Onderwysers, sosiale werkers, polisie, munisipale werknemers, verpleegsters, predikante, „and other parties essential to the proper administration and wellbeing of the population of Atteridgeville." Elke geval moes volgens meriete behandel word.

(b) Kinders van Marabastad-inwoners wat getrou het na hulle name ten tye van die sensus met die oog op verskuiwing opgeneem is, sonder in agneming waar hulle hulle intussen gevestig het.

Dit is verder ook bepaal dat hierdie gevalle van voorkeur nooit meer as 10% van die totale toeseittings in die lokasie mag wees nie. Die toeseittingsreg van die Behuisingskomitee sover ons kon vasstel was dus slegs beperk tot hierdie tien persent van gevalle en dan nog onderhewig gemaak aan verdere bepalings deur die Stadsraad.

Oor die wyse waarop hierdie komitee sy pligte vervul het was daar in die loop van jare 'n geweldige aantal klagtes, petisies en deputasies van die opposisie-groepe aan die Departement Nie-blankesake gerig, want die departement het die reg van veto behou oor die beslissings van die komitee. Die klagtes waarvan ons die aard reeds aangedui het in die bespreking van die werking van die blokstelsel, was hoofsaaklik dat daar voorkeur verleen word aan die aansoekers van die lede van die eie party. Aangesien albei partye in die verlede in die geleentheid was om die komitee so te misbruik, meer as een informant het hierdie feit bevestig, was die houding van ons informante dikwels: "I suppose it is only a natural thing in order to further the interests of your own people, to strengthen the party," of "That is human, I don't blame them much myself, I think the Kgudu too has done it".

So'n algemene erkenning van die opposisie-leiers wat by ander geleenthede juis die klaers is, skep 'n ernstige klag teen die integriteit van die blokmanne in die algemeen en die aktiwiteite van die Behuisingskomitee in die besonder. Daarbenewens moet ons onthou dat die naturelle lede op die komitee die meerderheid gevorm het. By alle beslissings is normaalweg bankvas teen die blanke lede gestem, indien daar verskil van opinie ontstaan het. Geen wonder dus dat klagtes soos die volgende op die Departement van Nie-blankesake gereën het nie. Daar word gekla teen "the introduction of non-municipal residents into Pretoria Municipal Locations for party strength, some from as far afield as the Reef." By 'n ander geleentheid lui die geskrif so: "Our party was defeated at the polls by only 11 votes. But the treatment we get at the hands of the Board is intolerable . . . . . We ask that the onesided housing Committee be abolished immediately". Die normale gevolg was dan 'n departementele ondersoek/.... © University of Pretoria

ondersoek van een of ander aard in daardie gevalle waar sulke klagtes gemaak gegaan het met die naam van spesifieke voorbeelde van misstande.

Hierdie talryke ondersoeke van die departement het in die verlede slegs enkele gevalle van onregmatige bevoordeling by die toesegging van huise aan die lig gebring. Van ons kent het ons egter die indruk gekry dat almal alles sal probeer om 'n huis in Atteridgeville in die hande te kry, wettig of onwettig. Wanneer dit later geleë is om kritiek te lewer geskied die vae klagtes met die besef dat die heler nou kla. Dit is ons duidelik bewys dat terwyl 'n sekere leier namens sy party klagtes by die departement teen die werkswyse van die K<sub>0</sub>mittee ingedien het, hyself gelyktydig daarmee ten behoewe van 'n derde persoon wat nie daarop geregtig was nie, aansoek om 'n huis in die lokasie by hierdie komitee gedoen het.

Die naturellelede van die komitee het hulle teen sulke aanklagte in die verlede steeds soos volg verdedig: „The present system of allocating houses has been designed in such a way that it is impossible to practise partisanship and favouratism as alledged. Applications for houses are written in triplicate: one for the superintendent of the location, the other to the residential secretary (d.w.s. die sekretaris van die K<sub>0</sub>mittee), and the third is retained by the applicant. The residential secretary then compiles the list of applications which he circulates to the Manager, Superintendents of locations and to the different Ward Committees for scrutinizing. At the monthly Central Ward Committee (meeting).....these applications are considered and, if approved are passed on to the established Housing Committee for allocation according to the more deserving and pressing cases regardless of party affiliations. (En dan hulle antwoord aan die klaers). The fact is, having failed once again so hopelessly at the polls, this group, individually and collectively, seeks ways and means to discredit the present Native Advisory Board in and out of season. This we contend is very mean indeed.”

Dit/....

Dit kom ons alleen jammer voor dat die beslissings van 'n departementele komitee waarop blanke lede, van wie onpartydigheid geëis word, dien, langs die bogenoemde weë midde in die politiek gesleep word. Ondanks die feit dat die departement op alle klagtes teen die beslissinge van die komitee veruidelik dat die instelling en werkverrigting van die komitee bevredigend is, dreun die klagtes steeds voort: „The Board is a party Board, and so also the Housing Committee, the Board will only be in favour of giving houses to their people“. Volledigheids-halwe moet ons noem dat die departementele Behuisingskomitee, waardeur gepoog is om naturelle 'n aandeel te gee in die toekenning van huise onder 'n sub-ekonomiese stelsel afgeskaf is kort voor die lokasie Atteridgeville omskep is in 'n ekonomiese behuisingskema.

### 3. Beurskomitee.

Aangesien die komitee geen besondere administratiewe funksie vervul nie is 'n volledige bespreking daarvan tot nou agterweë gelaat. Om egter 'n begrip te vorm van die totale omvang waarin lede van die Adviserende Komitee die Stadsraad op besondere komitees adviseer, moet ons die aktiwiteite van die Komitee hier kortliks behandel. Die feite soos ons dit verstrekkend tot en met Junie 1952.

Die Stadsraad van Pretoria stel jaarliks 'n aantal beurse beskikbaar vir aanwending ten behoeve van naturelle kinders wat uit die Pretoriase lokasies afkomstig is. Die totale bedrag wat hiermee gemoeid is, was op Junie 1952, £400 gewees.

Die toekenning van die beurse word aanbeveel deur 'n komitee bestaande uit die bestuurder van die Departement Nie-blanke-sake, die prinsipaal van die Hofmeyer Hoërskool te Atteridgeville die naturellesekretaris van die Adviserende Komitee, die voorsitter van die Sentrale Blokkomitee en een verdere lid aangewys deur die Adviserende Komitee uit hulle geledere. Die bestuurder is die voorsitter van die komitee en as sekretaris geld die naturellesekretaris van die Adviserende Komitee. Die enigste persoon met besondere opvoedkundige kwalifikasies op hierdie

komitee is die prinsipaal van die Hofmeyer Hoërskool. Die lede verdeling is behalwe vir die blanke voorsitter geheel geneem uit die geledere van die naturelle self. Voor 1952, het die komitee slegs bestaan uit die bestuurder as voorsitter met vier verkose lede van die Adviserende Komitee as verdere lede. Die vervanging van een van hierdie lede met die prinsipaal van die plaaslike naturelle-hoërskool kan alleen verwelkom word. Die aanbeveling van hierdie komitee geskied aan die Adviserende Komitee wat die besluite via die Komitee vir Nie-blankesake aan die Stadsraad laat toekom.

Soos dit uit die regulasies blyk, is die meeste van hierdie beurse alleen beskikbaar vir die kinders van inwoners in die Pretoriase lokasies. Lady Selborne as naturelledorpsgebied is dus van die voordele van die regulasies uitgesluit. Die toekenning van beurse aan kinders in primêre skole kan dus alleen geskied ten opsigte van primêre skole in Atteridgeville en Bantule. In die verlede is hierdie toekennings gemaak volgens 'n lys van name wat die sekretaris saamgestel het uit gevalle wat na die komitee verwys is deur die verskillende prinsipale. Hierdie besonderhede wat verstrekk is het geen gegewens oor skoolprestasie bevat nie, en waar die toekenning dan geskied het vanaf die lys van die sekretaris was die toekenning dikwels op niks meer as raaiwerk gebasseer nie.

Dit het in die verlede dan gebeur dat die naturellelede op die komitee die aansoek van besondere gevalle op die lys in die besonder gesteun het om redes aan hulleself bekend, eerder as op grond van onbevooroordeelde beslissing volgens die besonderhede voor die komitee. Onderling opposisie onderlede van die komitee was skaars. Dit moet onthou word dat die twee toonaangewende figure in die lokasiepolitiek die leier en onderleier van die party aan bewind, wat verkies word as voorsitter en sekretaris van die Sentrale Blokkomitee, albei op hierdie komitee dien, en ook hier, soos elders, die toon aangee. Gegewens oor die prestasie van persone op die aansoeklys asook bevestiging van die feit dat die ouers van die betrokke kind wel in die lokasies woonagtig/.....



tig is, is in die verlede sommer mondelings verstrekk deur die naturellede van die komitee.

Dit het in die verlede verder gebeur dat daar beurse toegeken is aan persone wat nooit hulle opwagting maak by die inrigtings waar die beurse gebruik kon word nie. Dit geld hier veral beurse toegeken vir verdere opleiding aan inrigtings vir hoër-  
 onderwys. Omdat die komitee in die verlede ook nie streng daarop gelet het dat verslag ontvang word van die betrokke inrigting oor die vordering van die beurshouers nie, is na ondersoek gevind dat sulke inrigtings geld ontvang vir 'n besondere doel wat dan nie daarvoor gebruik word nie. Om hierdie verskeie redes dan, is die regulasies waarvolgens beurse toegeken word op 29/2/52 volgens Stadsraadsbesluit na oorleg met die Adviserende Komitee gewysig en bepaal nou kortliks die volgende:

Alle beurse is na toekenning beskikbaar vanaf ingang 1 Julie elke jaar. Die toekenning geskied egter reeds in Januarie. Die feit dat beurshouers gewoonlik ses maande moet wag voor die uitbetaling van die toegekende gelde, bloot omdat die Stadsraad se finansiële jaar van Julie tot Junie strek, kom ons as ongelukkig voor.

Daar word jaarliks beurse ter waarde van £120 in beurse van £6 elk, per jaar, aan leerlinge in die primêre skole toegeken met die oog op die voortsetting van hulle opleiding aan die Hofmeyer Hoërskool in Atteridgeville. Behoud van die beurs vir die duur van die hoërskoolopleiding berus op bevredigende prestasie van leerlinge soos verstrekk in 'n jaarlikse verslag aan die komitee deur die prinsipaal van die skool. Nie meer as sewe nuwe beurse per jaar mag aan primêreskool-leerlinge toegeken word nie. Alle toekennings moet geskied na oorweging van 'n skriftelike rapport van die hoof van die betrokke laerskool oor die prestasie en karakter van die aansoeker.

Vir Hoërskoolleerlinge word jaarliks drie beurse toegeken vir voortsetting van studie, een ter waarde van £65 per jaar aan die Suid-Afrikaanse Naturelle Kollege te Ford Hare en twee beurse elk van £25 per jaar vir opleiding as onderwyser of tegniese

instrukteur aan 'n geskikte inrigting. Toekemming en behoud van beurse geskied, in die eerste geval na bevredigende rapport van die prinsipaal van die Hofmeyer Hoërskool, en in die tweede geval na rapport van die hoof van die betrokke inrigting.

Hier benewens word daar ook jaarliks 'n beurs van £30 toegeken vir voortsetting van studie aan die Jan Hofmeyer Skool vir Maatskaplike Werk asook een van £50 vir voortgesette studie aan die Kollege ya Bana ba Afrika. Albei hierdie beurse is ope beurse en toekemming kan dus geskied aan enige verdienstelike leerling aan die twee genoemde inrigtings. Desondanks word hierdie beurse relatief selde toegeken.

Naas die bogenoemde ope beurse is daar ook nog die volgende een ope beurs vir matrikulasiestudie aan die Hofmeyer Hoërskool ter waarde van £20, 'n verdere ope beurs vir opleiding as onderwyser ter waarde van £20 per jaar, en in die laaste instansie 'n beurs ter waarde van £60 per jaar vir universitêre studie. Aansoeke en voortgesette toekennings geskied alleen na bestudering van skriftelike verslae van die hoofde van die betrokke inrigtings.

Die plasing van die toekenningswyse van die bogenoemde beurse op 'n gesonde opvoedkundige grondslag deur die aanstelling van die prinsipaal van die Hofmeyer Hoërskool op die komitee moet met nadruk goedgekeur word. Dit het baie daartoe bygedra om kleinlike klagtes van politieke bevoordeling in die toekening van beurse deur die komitee te laat verdwyn. In die verlede was ook die toekening van beurse onderhewig aan klagtes en skinderstories dat die komitee let op die politieke verband van die ouers by die toekening van beurse. Vir hierdie klagtes kon ons geen gronde vind nie en verhaal daarom daar niks van nie.

#### C. WAARDESKATTING VAN DIE WERKING VAN DIE ADVISERENDE KOMITEE EN DIE BLOKSTELSEL.

##### 1. Die Adviserende Komitee.

Uit die voorgaande uiteensetting van die aanwesigheid van verskeie politieke partye in die Atteridgeville lokasie, en ook in die hele Pretoriase munisipale gebied, en die omvang van die

aktiwiteite en praktyke wat die partye hulle veroorloof in die tweejaarlikse verkiesing van lede van die Adviserende Komitee, kan ons nie anders as om te beweer dat die stemstelsel waardeur die verteenwoordigingswyse in die praktyk neerkom op 'n „Een-party regering“ 'n uiters ernstige uitwerking het op die wyse waarop die Adviserende Komitee die kragtens wet aan hulle toegekende adviserende verpligtinge nakom nie.

Reeds voor die Komitee verkies is, is die lede daarvan ten gevolge van hulle aandeel in die partypolitiek gebind om hulle beloftes aan die kiesers gestand te doen. Ons ag onself dus geregtig om te beweer dat die Adviserende Komitee sy pligte vervul onder die wolk van sy eie verkiesingsbeloftes. Die huidige stelsel in Pretoria waarvolgens daar leemte is vir bevoordeling van die lede van die eie party in die aktiwiteite van daardie komitees waarop die lede van die Adviserende Komitee oor die meerderheid van stemme beskik, en die bewese feit dat dit in die verlede wel soms so plaasgevind het, dui in ons oordeel op 'n gewilligheid tot misbruik van geleenthede tot eie verantwoordelikhedaanvaarding.

Die feit dat die Komitee, gebind deur sy eie uitspattige verkiesingsbeloftes, gedwing word of in elke geval in die versoeking kom, om in sy advieslowering aan die Stadsraad 'n uiters onrealistiese houding in te neem van watter verbeteringe in die lokasie aangebring kan word, het ten gevolge dat daar voortdurend 'n verhouding van skaakmat tussen die Stadsraad en sy adviseurs in hierdie komitee heers.

Hierdie toestand het dan by die gemiddelde lokasie-bewoner 'n gevoel van ontevredenheid ten gevolge oor die wyse van pligsvervulling deur die Adviserende Komitee. Daar word deur die inwoners self voorsien dat die Adviserende Komitee se samestelling drasties verander moet word voor dit in die lokasie groter steun sal geniet. Daar word veral gevra vir die instelling van die wykverkiesingstelsel, want hierdeur sal die aktiwiteite van die partye, indien nie geheel verdwyn nie, wel 'n gevoelige klap ontvang. Dit is juis die aktiwiteite van die partye in die prak-

tyk waarteen die grootste beswaar gemaak word.

Ook die lede van die Adviserende Komitee self is ontevrede met die toestande wat heers. Daar heers 'n algemene gevoel van frustrasie omdat die Stadsraad "onwillig" is om hulle aanbevelings te aanvaar. Hierdie eie gevoel van frustrasie probeer die lede van die Adviserende Komitee na die beste van hulle vermoë ook oordra op die bewoners van die lokasie want, per slot van rekening is dit die kiesers wat hulle verkies het en hulle voer maar net die wil van die kiesers uit. Dat die wense van die kiesers in hierdie verband in meeste gevalle sy herkoms het uit partybeloftes word vir hierdie argument deur hulle buite rekening gelaat. Hierdie interne wisselwerking tussen lokasie-inwoner en lede van die Komitee moet die lede van die Adviserende Komitee noodwendig na vore laat tree as agitators wat in sy veldtog vir vermeerderde, "regte" die openbare mening tot sy guns probeer vorm. Die redmiddel wat die Adviserende Komitee self aan die hand doen in hierdie toestand van skaakmat is 'n versoek dat die pligte van die Komitee so uitgebrei word dat dit bepaalde verantwoordelikhede sal omvat. Die Adviserende Komitee van vandag is nie effektief genoeg nie "in that they are taken very lightly by the authority concerned." Die Stadsraad en andere reken, so beweer hulle, dat hulle sienswyses sommer buite rekening gelaat kan word; maar "they don't see the seriousness, the essential of the Native Advisory Board. That the legislator cannot go to parliament to legislate for an advisor and then that advisor can be just left out." Die feit dat die Komitee oor adviesreg beskik kweek die geregverdigde aanvaarding dat die advies tog iets meer werd sal wees as die papier waarop dit staan want "our aim is to represent the people before the Municipality and the Government." Tot die volledige verwerkliking van hierdie doel voorsien die Komitee die noodsaaklikheid van of direkte verteenwoordiging in die Stadsraad wat hulle moet adviseer of dan verteenwoordiging in die Stadsraad op dieselfde basis as in die Senaat. Hiernaas ook "we must be given executive power. That we could make the law, that we control our loca-

tion." Oor die mate waarin aan hulle verantwoordelike verpligtinge geskenk moet word is die Komitee self nie volkome duidelik nie, behalwe dat daar aan hulle die geleentheid en die vermoë gegee moet word om hulle wense in die praktyk te bewerklik indien die Stadsraad hulle nie wil gelyk gee nie. Langs die weg voorsien hulle dat hulle wense en aanbevelinge bindend op die Stadsraad sal wees.

Dit moet daarop gelet word dat daar nie gevra word dat die adviserende bevoegdheid ten voordele van verantwoordelike verpligtinge verruil moet word nie. Verantwoordelikeaansvaarding ten opsigte van sommige plaaslike aangeleenthede moet toegevoeg word tot die huidige adviseringsvermoë. Langs die weg sal daar, na die opinie van die lede van die Adviserende Komitee, nie alleen groter tevredenheid bereik kan word nie maar ook na ons oordeel die deur geopen wees vir steeds verdere deelverkryging in die vorming van staatsbeleid ten opsigte van natuurlike, waartoe die Komitee adviserende magte sal behou, terwyl die versekering van die suksesvolle toepassing daarvan in stedelike gebiede soos Pretoria juis vierkantig op die skouers van die Adviserende Komitee self sal neerkom. Die wenslikheid van so'n stap sal in die volgende hoofstuk beredeneer word.

Na ons oordeel is al die belanghebbende groepe vandag ontevrede met die totstandkoming en pligsvervulling van die Adviserende Komitee. Die huidige navorsers keur die stelsel af omdat die Adviserende Komitee in Pretoria as 'n suiwer adviserende liggaam in die lig van ons ontleding van die stemstatistiek deur 'n te geringe gedeelte van die lokasie-inwoners verkies word om werklik as spreekbuis van die gemeenskapsopinie te kan dien. Die stelsel word ook afgekeur omdat die huidige kunsmatige verdeling van die lokasie-inwoners in twee opponerende politieke partye, in werklikheid persoonsgroepe, enige eerlike poging van 'n verkose lid om namens die gemeenskap te spreek vertoebel. In die laaste instansie word die stelsel afgekeur omdat die wyse adviesmagte van die Komitee buite verhouding is tot hulle vermoë om hulleself as verteenwoordigers van alle natuurlike

le in die Pretoriase munisipale gebied voor te stel.

Die inwoners en sommige lede van die Komitee keur die huidige vorm af omdat dit alleen tot 'n gevoel van frustrasie by albei groepe lei. Die Stadsraad kla oor die feit dat daar weinig, indien enige, voorbeelde bestaan van konstruktiewe advies wat getuig van gewilligheid tot samewerking. Van die kant van die Stadsraad is die lede van die Adviserende Komitee slegs soveel agitators en daar word daarom soms vergeet dat die lede werklik geen ander taak kan sien om te vervul nie. Dit alles vanweë die huidige wyse van totstandkoming van die Komitee. Die Stadsraad se gevoel word goed vertolk, en die posisie kernagtig opgesom in die woorde van 'n hooggeplaaste amptenaar van die munisipale administrasie, waarin verduidelik word dat die taak om die inwoners van die lokasie op te lei in die vermoë tot eie selfregering en te besiel met „civic pride and responsibility” baie moeilik is omdat die lede wat tot die Adviserende Komitee verkies word, persone is, „who are notorious for their political activities rather than their standard of education, intelligence and culture; so that you get a Native Advisory Board which merely attacks competent and sympathetic departmental officials and fights for individual privileges for its own particular political followers and completely neglects and overlooks all constructive work for the well-being of the Native inhabitants as a whole.” (Ek onderstreep). Ons sal aandui dat Pretoria nie die enige munisipaliteit in die land is, wat dié mening toegedaan is ten opsigte van die sukses van die Adviserende Komiteesisteen nie.

Die huidige stelsel van Adviserende Komitees sal dus na ons oordeel verander moet word.

## 2. Die Blokstelsel.

Die blokstelsel as deel van die lokasie-administrasie is 'n poging van die kant van die blanke administrasie om 'n bepaalde beperkte verantwoordelike bevoegdheid aan naturelle self te verskaf. Dit is ingestel om die inwoners deel te laat kry in die huidige stelsel van lokasie-administrasie in plaas van

van om soos ten opsigte van die Adviserende Komitee, alleen slegs die huidige stelsel te kritiseer. Die instelling van die blokstelsel moet daarom gesien word as iets wat totstandgekóm het as teenvoeter vir die Adviserende Komitee wat geen organisasie verband met die blanke administratiewe beheer oor die lokasie het nie. Dit is 'n sisteem gebore uit 'n behoefte van die blanke administrasie om noue kontak met die lokasie-inwoner te verkry en te behou.

Na ons oordeel was die motiewe by die instelling van die sisteem gesond. Omdat dit egter gebou was op die polities georiënteerde verteenwoordigingswyse van die Adviserende Komitee is die pogings om kontak te verkry met die inwoners grootliks verydel. Die blokmanne kan in 'n sekere sin ook as amptenare van die Stadsraad beskou word maar in hierdie hoedanigheid is hulle beslis nie onderhewig aan skorsing, afsetting, verplasing of ander wyses van administratiewe vergelding van wangedrag nie. Trouens omdat die verskillende blokmanne geen verantwoording aan die administrasie verskuldig is vir hulle optredingswyse nie is daar indirek 'n beperking geplaas op die uitbreidingsmoontlikheid van die blokmanne se administratiewe gesag.

Blokmanne is naas amptenare in die tweede plaas, en volgens baie in die eerste plaas, verteenwoordigers van die inwoners van 'n bepaalde blok in die lokasie, hulle moet dien as mondstuk vir die griewe van die inwoners. Die administrasie kan daarom nie optree teen 'n verkosene van die inwoners nie en moet hom toelaat om sy termyn waarvoor hy verkies is uit te dien. Die blokman is dus politikus oom administrator. Soos die stelsel tans in Pretoria in swang is, waar alle blokmanne en die oorgrote meerderheid van alle lede van die blokkomitees slegs aan een party behoort, skep dit 'n gevaarvolle toestand vir die blanke administrasie wie se onpartydigheid dikwels ingeboet word ten gevolge van die politieke gekleurtheid van die aanbevelinge van die blokkomitee. Om hierdie toestande af te skryf as die wens van die inwoners daar hulle die huidige stelsel in plaas van die meer algemene wyksverkies en - verteen-

woordigingsstelsel volgens die uitslae van die verkiesing aan vaar, is gevaarlik. Die administrasie is vir sy onpartydigheid nie verantwoordig verskuldig aan die inwoners van die lokasie nie maar teenoor hoër blanke gesag.

Hierdie swakhede inherent aan die stelsel word noodwendig oorgedra op die funksionering van die Sentrale Blokkomitee waar die lede as soveel politici cum amptenare beraadslaag. Dit is daarom ons oortuiging dat die ongewenste toestande alleen oneindig vergroot sal word indien daar aan die blokmanne groter verantwoordelikhede toegeken word onder die huidige bedeling volgens die eise van die Adviserende Komitee.

Dit is aan ons genoem dat die instelling van 'n wyksverkie-singstelsel sal meebring dat 'n blokman woonagtig in die blok werklik die mondstuk van sy blok sal word, en dat die verkiesing van die lede van sy blokkomitee deur die inwoners van die blok sal meehelp in die versekering van kontrole oor sy uitlatings en optrede. Ten laaste sal so'n verandering 'n gevoelige slag wees indien nie die nekslag nie, vir die huidige oorbelangrike politieke poppekastery in die lokasie. So'n verandering sal uiters gewens wees maar bring na ons oordeel nog geen verandering mee in die basiese misstand nl. dat 'n verkose persoon administratiewe pligte vervul waarvoor hy alleen aan die blanke administrasie en nie aan sy kiesers verantwoordig verskuldig kan wees nie.

Ons wil verder betoog dat die blokman as verteenwoordiger van 'n bepaalde wyk binne die lokasie nie spreek namens 'n ge-integreerde en permanente gemeenskapseenheid nie. Die blok of wyk as 'n bepaalde area is 'n arbitrêraangewese afdeling binne die lokasie. Hoe volkome daar ook al taalkundige ooreenstemminge mag bestaan bly die inwoners vir hulle aanwesigheid binne die blok steeds onderhewig aan die beperking dat hulle teenwoordigheid bepaal word deur die feit of hulle arbeiders is, al dan nie. binne die munisipale gebied van Pretoria. Interne eenheid binne die blok is dus ondanks die feit dat die inwoners baie lank in die stedelike gebied en in een besondere blok woonagtig mag wees, steeds 'n kunsmatige eenheid omdat die normale binding



binne enige sosiale eenheid wat berus op die werking van verwantskaps- en gesinsverband so maklik, en in praktyk so dikwels ontbrek. Die blokadministrasie is daarom iets wat van bo af, deur die blanke administrasie ingestel is, en nie vanuit die blokgemeenskap ontwikkel het nie. Die oppervlakkige ooreenkoms wat mag bestaan tussen die blokstelsel en die stambestuurstelsel, op grond waarvan sommige van ons informante probeer het om vergelykings te tref, skyn na ons oordeel skipbreuk te ly. op die feit dat die blokman in werklikheid 'n verkose verteenwoordiger in plaas van 'n gemeenskapsleier is. Dit worddeeglik gestaaf deur ons uiteensetting van die ontwikkeling van en totstandkoming van wyke en distrikseenhede binne die stambestuurstelsel in hoofstuk III. Dit spreek dus vanself dat doeltreffende kontrole oor die handelswyse van die blokman kwalik alleen in die hande van die blokinwoners of kiesers gelaat kan word.

Dit geld na ons oordeel verder as grondige kritiek dat die uiters belangrike funksie wat aan blokmanne deur die administrasie toegeken word nl. die versekering van noue persoonlike kontak met die inwoners, vervul word op 'n deeltydse basis daar alle blokmanne in hulle lewensbehoeftes voorsien uit ander inkomstes as die verkry uit gemeenskapsdiens. Sommige is arbeiders van verskillende soorte en ander is winkeliers. Geen is in staat om 'n lewensbestaan te voer op die £2- 5- 0 per maand wat die administrasie aan hulle toeken nie. In hierdie opsig kan die blokstelsel alleen vergelyk word met ander stelsels van inboorlingadministrasie waar 'n stelsel van indirekte beheer teen uiters geringe koste instand gehou word. In hierdie verband kan ons slegs weer daarop wys dat indien dit ons doel is, ons nie hier bestaande gesag erken nie maar in werklikheid nuwe gesag totstandbring wat baie nouer as normaalweg by indirekte beheersisteme met die blanke administrasie verbind is. Kontrole oor hierdie gesag moet daarom uit die aard van die saak in 'n groter mate deur die blanke beherende instansie behartig word. Dit is juis hier afwesig.

Die Blokstelsel soos ons dit in Pretoria leer ken het,

moet na ons oordeel grondig gewysig word vir gebruik as administratiewe instelling tensy die beginsel aanvaar word dat natuurlike in stedelike gebiede uiteindelik eie selfbeskikkingsreg in hulle lokasie sal hê en in 'n hoër mate as tans by die blanke sisteem ingeskakel sal wees. Oor hierdie punt meer in die volgende hoofstuk.

### 3. Die Superintendent.

Waar ons in ons bepaling van die waarde van die wyse van pligsvervulling van die Adviserende Komitee en Blokmanne met hulle komitees herhaaldelik gewys het op die houding van inwoners en lede van die Adviserende Komitee teenoor die huidige stelsel van administrasie vir sover dit die aktiwiteite van die genoemde eenhede geld, is dit nodig, vir die verkryging van die volle beeld, om aandag te gee aan die houding van die inwoners en lede van die Adviserende Komitee teenoor die posisie van die superintendent. Die superintendent is die persoon wat die blanke administrasie verteenwoordig en wat onder die verpligting van verantwoording-doening aan die hoër blanke administratiewe gesag, moet sorg vir die handhawing van die prestige van onpartydigheid en dit te midde van die kleinlike groepsvendettas wat aan hom voorgehou word en waartussen hy 'n pad van regverdigheid moet stuur.

Die algemene instemming met die aanwagtheid van die pos van superintendent onder die natuurlike-inwoners van die lokasie en onder die lede van die Adviserende Komitee spreek boekdele vir die mate van sukses wat behaal is in die handhawing van 'n onpartydige administrasie deur superintendente in die verlede. Die algemene houding ten opsigte van die posisie van die superintendent kan saamgevat word in die woorde van 'n belangrike lid van die Adviserende Komitee van 1952: "Generally with the position of superintendent we all agree." En by 'n verdere geleentheid binne die Adviserende Komitee het dieselfde persoon gesê: "To the residents of the locations, however, this position (of the superintendent) is of the utmost importance even more important than that of Manager of the Non-Europeans

Affairs Department. The superintendent of a location is regarded by the residents as their chief."

Die superintendent is vir alle partye die persoon wat daargestel is as die opperste gesag in hulle alledaagse lewe en daarom moet hy te alle tye bereid wees om enige iemand oor enigiets te woord te staan. Dit is wel waar dat daar klagtes oor die regulasies wat hy moet toepas, bestaan. As die verneemste bepalinge wat ontevredenheid wêreld is aan ons geneem die dagvering vir agterstallige huurgelde, die dringemente van uitsetting uit die lokasie by wanbetaling van huur en die hou van klopjagte deur munisipale polisie ten opsigte van gevalle van oorbewoning en onwettige bierbrouery. Al hierdie sake is teer punte in die gedagte van die gemiddelde lokasie-inwoner. Dit is interessant om daarop te let dat die optrede in al die bogenoemde gevalle juis daardie is waar die superintendent ten nouste met sy blokmanne probeer saamwerk.. Ons wil nie die gevoel van ontevredenheid in die lokasie <sup>nie</sup> alleen ten laste van die blokmanne lê nie, maar dat hulle nie van alle blaam onthef kan word nie, is eweneens waar.

Dit is daarom opvallend om te let op die beskouinge van 'n informant wat aan geen spesifieke politieke party behoort nie, en daarom na kritiek op die huidige stelsel die volgende uitspraak gee: „Die Stadsraad moet net vir ons 'n witman gee, 'n duidelike witman, dan moet die twee goete (die partye) gelatstaan word."

Ons het hierdie algemene relatief tevrede gevoel met die posisie van die superintendent in krasse teenstelling gevind met die wydverspreide ontevredenheid met die pligsvervulling van die funksionaris in die blokstelsel en die Adviserende Komitee as instelling.

DIE POSISIE VAN DIE ADVISERENDE NATURELLEKOMITEE  
IN DIE TOEKOMS.A. INLEIDING.

In ons tweede hoofstuk het ons daarop gewys dat enige bepaalde afsonderlike aanduibare politieke ordening waarbinne ons die selfstandige wisselwerking tussen owerheidsgesag en onderdaansgehoorsaamheid aantref, gekenmerk word deur die aanwesigheid van 'n bepaalde afsonderlike sosiaal-organisatoriese eenheid en die bewoning van 'n eie aparte vaderland, die woongebied waarbinne 'n bepaalde gesagvoerende eenheid wat uit die gemeenskap voortkom, gesag uitoefen en op die gehoorsaamheid van sy onderdane aanspraak kan maak.

Ons het aangetoon (Hoofstuk II B.1 & 4) dat daar binne hierdie politieke eenheid deur die onderlinge wisselwerking van kulturaanraking, 'n gelykmakende proses intree ten opsigte van die lewenswyse, die kultuur, van alle groepe onderdane omdat die gesagsbeoefening en reg van kritieklewering daarop, setel by die kerngroep binne elke sodanige gemeenskap. Die aanvaarding van die lewenswyse van die kerngroep deur alle onderdaansgroepe, die eenwording met die kerngroep, bring mee die uitbreiding van die reg tot kritiek uitoefening oor die wyse van gesagsbeoefening. (Die reg van elke volk om hierdie prosedure te volg by die verlening van volle burgerskap kan na ons oordeel nie binne die bestek van hierdie verhandeling bespreek word nie. Die bewering is egter onbetwisbaar waar). Ons het daarom politieke organisasie in die breë gedefinieerde as, daardie organisatoriese geheel, gebaseer op instellinge waarvolgens bepaalde gesagsinstansies namens en ten behoeve van die gemeenskap, na buite teenoor ander gemeenskappe met gesag optree, en binne die eie gemeenskap orde handhaaf deur die gee van leiding en die uitoefening van gesag in die wydste sin van die woord; binne die vaderland waar die interne gesagseenhede die beoefeningsreg van gesag deur delegasie en erkenning van die sentrale gesag ontvang het, en waar die beoefeningswyse van gesag steeds onderworpe is aan die toets van

die bereidwilligheid van die gemeenskap om as onderdane te gehoorsaam. (Vgl. Hoofstuk II B.5).

Hierdie gevolgtrekking gemaak uit die stelling en oortuiginge van bestaande volkekundiges, hoort ten opsigte van alle volke op die wêreld waar te wees. Die feite-materiaal waarop die bogenoemde beginsels en definisie van politieke ordening egter gebou is, is feitlik in die geheel ontleen aan die politieke strukture van die primitiewe volke van die wêreld. Ons het self getoon dat ook die politieke organisasie van die Suid-Afrikaanse Sothostamme dieselfde kenmerke vertoon. (Vgl. Hoofstuk III).

By die bepaling van die politiek-organisatoriese eenheid waarbinne die Adviserende Komiteestelsel en die stedelike natuurlike bevolking van Pretoria en elders, in die lig van hierdie prinsipiële uitgangspunte inpas, onderskei ons drie moontlikhede: Die bestaan daarvan as 'n eie selfstandige politieke struktuur; strukturele aansluiting by die bestaande tradisionele patroon, of strukturele aansluiting met die westerse politieke struktuur van Suid-Afrika. Die bepaling van die posisie van die stedelike natuurlike bevolking moet by elk van die drie moontlikhede aan dieselfde beginsels getoets kan word. Dit is daarom nodig om die geldigheid van die bogenoemde prinsipiële uitgangspunte aan toestande binne westerse staatsorde te toets. Vir die tradisionele toestand is dit reeds in hoofstuk III gedaan.

Wanneer ons dan die westerse begrip Staat vergelyk met die totale politieke outonome eenheid by primitiewe volke word 'n Staat soos volg aangedui: „ when we speak of the world being divided up into a number of separate states.....we are thinking of the word as indicating, in the first place, a group or collection of people. Next, it is an organised group, not a casual crowd. And by that is meant in general terms, that there is within it some person or body of persons who are regarded in some sense as speaking or acting for the whole and who make decisions which are recognised as binding on the whole." (Field: 1956: p.55). Binne die Staat is daar dus ordenende politieke gesag. Die essensiële vereiste vir lidmaatskap is volgens Field

'n territoriale en onderdanigheidsvereiste aan hierdie gesag. „Broadly speaking, the state is composed of the individuals resident on a particular tract of land. There are minor exceptions to this, such as resident aliens not yet naturalised or citizens of the state living abroad,..... The decisions of the accepted ruling authority in the state are binding on all those living in its territory as long as they are there, even though they are not properly members of the state". (Field: 1956:P.56/7)

By die samevatting van hierdie beskouinge in 'n definisie sien Field die Staat „as a territorial society, the people living on a particular tract of land organised under a common governing body which has, if not complete, at any rate a very special degree of authority over them." (Field: 1956:57).

Wanneer ons nou hierdie uiteensetting van die westerse staatvorm met die politieke eenhede van primitiewe volke wil vergelyk is daar ten minste gemeenskaplike erkenning van die geldigheid van een van die beginsels van politieke ordening nl. die noodwendige bestaan van 'n bepaalde landsgebied, 'n vaderland. In minder volledige mate is daar ook erkenning van 'n tweede beginsel nl. die noodwendigheid van die bestaan van 'n sosiaal-kulturele eenheid binne daardie vaderland. By primitiewe volke moet hierdie sosiale eenheid noodwendig in verband gebring word met moontlike kulturele eenheid, innerlike eenheid. By westerse volke met hulle heterogene herkoms van die verskillende volkskomponente is dit te verwagte dat hierdie kulturele eenheid nie so sterk beklemtoon sal word nie. In die plek daarvan kan dan 'n meer geregimenteerde eenheid bewerkstellig word. Ons het daarop gewys dat sodanige kulturele eenheid ook nie by die Sotho noodwendig aanwesig hoef te wees nie (Hoofstuk III C.) Dat dit in 'n hoër mate aanwesig is as by westerse volke, moet, op grond van die organiese oorsprong van 'n Sotho-stam, of enige primitiewe volkstam, hier as onweerlegbaar erken word. Dat sodanige eenheid by westerse state, indien dan nie in die praktyk, dan wel in die ideaal geld, lê vir ons voor die hand indien ons die begrippe vaderlandsliefde en nasionalisme ontleed,

naas die duidelik aanduibare verskille tussen Franse, Duitse, Britse en Italiaanse staatsvorme.

In die beginsel vind ons hier geen verskil nie. Westerse volke en primitiewe volke ken as politieke eenhede elk sy eie vaderlandsverband waarbinne die volk geken word aan 'n eie nasionale karakter.

Indien ons die voorgaande aanvaar beteken dit dat enige verskil tussen westerse en primitiewe groter politieke eenhede alleen geleë kan wees in die aard van die gesag wat oor 'n besondere vaderland gesag voer en die verhouding van die onderdane daartoe. Indien uiterlike verskille buite rekening gelaat word en ons slegs ten opsigte van die prinsipiële en primêre kenmerke 'n vergelyking tref, vind ons die volgende:

Ten opsigte van die aard van politieke gesag in westerse state word daar volgens Field dikwels foutief aanvaar dat „it ought to be possible to find in any state one authority which is absolutely supreme and whose commands must always be obeyed, and that this authority must not be subject to control by any outside authority.” (Field: 1956: p.58). Die bestaan van so'n soewereine of oppermagtige gesag is deur Austin en andere as kriterium vir die bestaan van 'n Staat aangevoer. Hoewel Field die bestaan van soewereine gesag in alle state aanvaar, kan hy Austin nie daarin gelyk gee dat aan die politieke gesag in die Staat 'n supersoewereine posisie toegeken kan word, sonder enige vorm van kontrole nie: Kontrole oor die pligsvervulling van alle politieke gesag is daar wel. Dit bepaal die omvang van die soewereiniteit van die politieke gesag. Ons kan alleen met Field akkoord gaan waar hy daarop wys dat die mate van soewereiniteit van politieke gesag op die verhouding tussen gesag en onderdane berus. Die soewereiniteit van 'n bepaalde staatsgesag word vir hom nie aan daardie gesag verleen deur die gemeenskap of self geskep deur sy vermoë om met geweld te dwing nie. Soewereiniteit word totstand gebring deur die gewilligheid van die onderdane om gesag te gehoorsaam. „Sovereignty is consent, or, if that seems going too far, it is created or constituted by consent/.....

consent. At any rate, the central fact is that there is a person or body of persons in the habit of issuing orders expecting them to be obeyed and a body of people who habitually obey them. The latter is, perhaps the more fundamental side of it, if it is legitimate to speak of one as more fundamental than the other. But they are really two inseparable sides of the one state of things which can be called sovereignty from the point of view of the ruling authority and consent from the point of view of the people. Sovereignty is, thus, a psychological fact, a state of mind of the members of a community." (Field: 1956:p.62).

Hierdie instemming word nêrens bewustelik deur die onderdane gegee nie, maar berus in die stilswyende gewilligheid om te gehoorsaam. Alleen wanneer die onderdane in geheel 'n onwilligheid tot gehoorsaamheid openbaar, word die soewereiniteit verbreek en kan dit byvoorbeeld in 'n uiterste geval gevestig word in 'n opkomende en suksesvolle rewolusionêre gesag. Daar bestaan ook geen geskrewe of gebruiksvorskrifte ten opsigte van sake waarin die onderdane onwillig tot gehoorsaamheid sal wees nie. Dit vloei alleen stilswyend voort uit die bepaalde lewensomstandigheid binne die Staat. Daarom sê Field ook: „Sovereignty in any sense is constituted by consent, by the development of the habit of obedience, and by that alone." (Field:1956: p. 75) en verder ook: „It is said not infrequently that the fundamental fact in politics is power, .... But in reality the assumption is incorrect. Power, important as it is, is a derivative fact. The fundamental fact in politics, so far as one can talk of such a thing, is obedience, and it is from that that power comes. (Field: 1956: 78).

Om hierdie verhouding tussen owerheid en onderdaan as 'n kontrak te beskou is ook nie korrek nie. 'n Bewustelike kontrak tussen owerheid en onderdaan soos deur Hobbes veronderstel, veronderstel 'n derde party wat by verbreking uitspraak sou kon gee of ten minste 'n geregimenteerde regsistiem waarvolgens die bepalinge van die kontrak vasgelê sou kan word. „A contract itself is a legal idea, and seems to imply a framework of law al-



ready there which control its terms and gives it authority." (Field: 1956: p. 33). Die verhouding tussen owerheid en onderdaan kom veel nader aan Rousseau se Sosiale Kontrak waar die Staatsgesag gesien word as die Algemene Wil, die samevatting van die Individuele Wil van al die lede van die gemeenskap. Die Algemene Wil moet steeds in volle harmonie met die Individuele Wil optree om die instemming te verskaf wat nodig sou wees vir die optrede van die staatsgesag. Maar ook Rousseau fouteer omdat geen staatsgesag so nougeset gebind is aan die algemene instemming van sy onderdane nie. Dit het 'n handelingsbevoegdheid van sy eie. Die algemene gewilligheid om te gehoorsaam verdwyn nie noodwendig indien die soewereine staatsgesag byvoorbeeld erkende lewensgebruike sou verander nie. Dit word so aanvaar. Die beperking geld alleen in hoeverre die soewereine staatsgesag toegelaat sal word om byvoorbeeld hierdie vermoë tot lewensverandering uit te oefen. Field se effens ingewikkelde maar tog logiese uiteensetting van die aard van staatsgesag en die verhouding van owerheid en onderdaan word dus deur ons ten opsigte van westerse volke aanvaar.

Sover ons kan nagaan speel hierdie selfde wisselwerking tussen gesag en onderdaan sy rol by primitiewe volke. In albei gevalle kan ons dus praat van gesag uit die gemeenskap namens die gemeenskap en dat die politieke gesag in sekere sin die samevatting van die gemeenskap is. Die enigste verskil wat ons in hierdie opsig tussen westerse en primitiewe volke kan aandui is een van graad eerder as beginsel ten opsigte van die mate waarin die politieke gesag hom moet laat lei en gebind moet ag deur die gebruike en presedente van die verlede waarop die gewilligheid tot onderdanigheid by primitiewe sowel as westerse volke berus. Die feit dat politieke gesagsinstansies by primitiewe volke en by die Bantoe aan die hand van toestande by die Sotho, in besonder, hulle so streng moet hou aan die voorskrifte van tradisie (Hoofstuk III C. 3.) verleen aan die aksiesfeer daarvan 'n meer onveranderbare en statiese gestalte as by westerse volke. Aangesien dit egter reeds gewoonte geword het by westerse/....

terse volke om hulle gewilliglik te onderwerp aan maatreëls van verandering wat getref word om te kan tred hou met die dinamika van die moderne lewe, kan ons nogtans sê dat die sentrale politieke gesag altyd moet optree ooreenkomstig president en die algemene kultuur van elke volk.

In die lig van die voorgaande vind ons daarom geen beginselverskil tussen die politieke gesag wat die lewe by primitiewe en beskaafde toestande orden nie. Ons kan dus voortgaan om die posisie van die Naturelle Adviserende Komitee en stedelike naturelle op politieke terrein te bepaal aan die hand van die vasgestelde algemene kenmerke vir politieke ordening: die bestaan van 'n sosiale organisasie; die erkenning van 'n eie vaderland en die erkenning van 'n gesag binne daardie vaderland aan wie die inwoners onderdanigheid verskuldig is.

#### B. ADVISERENDE KOMITEE IN BREËRE POLITIEKE VERBAND.

##### 1. Politieke aanskakeling van die Adviserende Komitee en stedelike naturelle.

###### (1) Binne selfstandige eenheid.

Die Naturelle-inwoners van die lokasie Atteridgeville sien hulleself graag as 'n permanent gevestigde verstedelike groep. Die feit dat sommige van hulle vir meer as twee geslagte reeds in die stedelike gebied van Pretoria woon, sterk hulle in hierdie aanvaarding. As individue het baie van hulle enige verbintenis met die tradisionele stamlewe afgesweer. Desondanks kan ons nie sê dat die inwoners daarin geslaag het om 'n eie afsonderlike sosiaal-organisatoriese eenheid op te bou waaraan hulle as 'n selfstandige nuwe gemeenskap geken kan word nie. Die inwoners van die lokasie vorm geen geïntegreerde sosiale eenheid nie. Almal is hier aanwesig as arbeiders werksaam in die stad en die aanwesigheid van sommige vir twee geslagte of meer was nie in staat om die nodige integrasie te bewerkstellig nie. Ten grondslag van hierdie stelling lê die feit dat familie gesins- en afkomseenhede, waarop alle sosiale ordening gebou moet wees juis in die stedelike gebied tot so'n groot hoogte totaal afwesig is omdat sommige van die lede in Pretoria werk, ander/...

ander aan die Rand werkzaam is en 'n verdere miskien op die platteland en in die reservate woonagtig is. Die nuwe sosiale eenhede wat wel ontstaan het in die stedelike gebied soos begrafnisverenigings, jeugverenigings, spaarklubs, sportklubs en politieke partye is eerder die gevolg van toevallige en nuwe belangstellingsfere as 'n duursame basis vir die totstandbringing van 'n nuwe selfstandige sosiale ordening. Selfs die verdeling van die lokasie in verskillende buurskappe soos Green-side, Modderfontein, Colbyn en andere deur die inwoners wanneer hulle self praat, dui eerder op bepaalde areas in die lokasie as besondere aparte sosiale gemeenskappe binne die lokasie.

Ondanks hierdie uiterlike vorme van lewensverandering speel die tradisionele sosiale ordening nog tot op groot hoogte sy rol in Atteridgeville. Veral ten opsigte van die wyse van huwelikesluiting en, onder die jongere intrekkers, die voortdurende handhawing van die verbintenisse met agtergeblewe verwante in die stamtuiste, asook ten gevolge van die verskynsel dat selfs bemiddelde en grotendeels verwesterde individue daarna strewende om grond te koop in oopgestelde gebiede waar hulle later op hulle ou dag sal kan gaan lewe. Al hierdie dinge tesame met die versplinterende uitwerking wat die heterogene stamherkoms en taalgebruik op die moontlike totstandkoming van 'n nuwe gemeenskapseenheid het, lei daartoe dat die tradisionele stamkultuur nog nie in onbruik geraak het nie en dat alle bande nog nie daarmee verbroek is nie. En dit ondanks die feit dat die sosiale eenhede van die tradisionele kultuur alleen in baie beperkte mate in die stedelike gebied werkzaam kan wees.

Dit is egter 'n onbetwisbare feit dat die ideaal van die meeste inwoners die aanvaarding is, ten minste na die uiterlike, van die westerse lewenswyse. Trouens status binne die stedelike gemeenskap berus in 'n baie groot mate op die mate waarin hierdie ideaal reeds werklikheid geword het. Die beweging is bewustelik weg van die stamtradisie na die westerse. In hierdie lewenshouding word die naturelle ook gelei deur die voorgang van hulle eie verkose leiers: „If they (the Europeans) would

give us the right all along to live as a European, all the laws affecting a European, it would also be a good thing. But they don't want to do that, they want to keep us half of this and half of the other thing. Look at the location here. They give you a small yard, but they want you to be as a European and they don't give you the full right like a European, but they still want you to be like a European. They give you little money, but they still want you to maintain the standard of the European. If you can't be like a European, they say you must be like a Native, but, you are away from the Native and can't be like a Native. You are put in the middle."

Hierdie feite bring mee dat die Bantoe in Atteridgeville en in stedelike gebiede in die algemeen, ondanks die aanwesigheid van stam- en taalverskille wat nog sy rol speel, hulleself nie meer gebonde voel aan die stamgebied, die vaderland van weleer nie. Die lokasies self is te klein om as oppervlakte eenhede ten opsigte van politieke aangeleenthede gesien te word. Die visie is nou veel groter. Daar word bewustelik gesoek na eenwording met die blanke ook op dié terrein. Geheel Suid-Afrika is nou hulle Vaderland. In die woorde van een van ons informante: "But the fact remains, die mense is eenmaal hier, hulle het nie ander plek om heen te gaan nie. As die vyand kom eendag die land in te val, it is going to kill Black and White." Ons kan slegs weer daarop wys dat hierdie aanvoeling van die stedelike natuurlebevolking as sou geheel Suid-Afrika hulle vaderland wees, nie so ongeregverdig voorkom as ons in gedagte hou dat die blanke juis hierdie mense 'n aandeel saam met hom laat verkry het in die verdediging van Suid-Afrika gedurende die afgelope twee wêreldoorloë nie. Ook hierdie feit het sy weerklank in die lokaalpolitiek. Een van die leiers van die Transvaalparty soos <sup>aan</sup>hy/almal trots verklaar, is een van die weinige oorlewendes van die troepeskip Mende wat op die hoogte van die Franse kus gedurende die eerste wêreldoorlog gekelder is. Die verkiesingsvlugskrifte uit die tydperk van die tweede wêreldoorlog in die lokasie is ingestel op daardie tyd (Vgl. Hoofstuk III D.7(5)). Dit kan

as onbetwisbare feit gestel word dat die Bantoe in ons stede en in Pretoria in die besonder, beweeg in die rigting ~~wa~~ hulle uiteindelik met reg sal kan sê dat hulle geen ander vaderland as Suid-Afrika ken nie.

Langs dieselfde weg erken die Bantoe-inwoners in Atteridgeville as 'n geheel nie uitdruklik enige besondere verbintenis met 'n bepaalde of verskeie van die steeds bestaande tradisionele politieke gesagseenhede in die stamgebiede nie. Ondanks die feit dat baie van hulle individueel nog opgesoek word deur kapteinsverteenvoordigers in die stadsgebied en dat van lede van ten minste een stam wat in die lokasie woonagtig is steeds verlang word om aktief by te dra tot stamsake in die vorm van spesiale belastingsheffings, is hierdie verbintenisse vir baie uit die ou doos en word dit bewustelik afgesweer hoewel alle spore daarvan nog lank nie verdwyn het nie. In teenstelling met die stamgesag word daar ook geen eie stedelike gesag deur hulle self oor hulle afsonderlike doen en late erken nie. Alleen die blanke administratiewe gesag as 'n afkaatsing van die regering van die dag word erken. Die Adviserende Komitee kom nie in aanmerking vir die posisie nie. Die stedelike Bantoe weet dat hulleself en die instellinge waarop hulle dion met geen werklike gesag bekleed is nie. Gesag setel alleen dus by die blanke en daarom ook vir die naturelle, by die blanke parlementêre instelling in Suid-Afrika. Dit is om hierdie rede dat stedelike naturelle en ook die inwoners van Atteridgeville so intens belangstel in die pro en kontra beloftes van die regerende en opposisie partye onder die blanke in hierdie land. Die party wat vir hulle in sy naturellebeleid die rooskleurigste beloftes voorhou ontvang al hulle morele steun ondanks die feit dat hulle as individue geen stemreg in Suid-Afrika het nie.

Met inagneming van die feite soos in die voorgaande paragrawe verstrek, word ons tot die gevolgtrekking gedwing dat die inwoners in die Atteridgeville lokasie geen eie aparte politieke ordening verteenwoordig nie. Die basiese vereistes vir die bestaan van eie politieke ordening is hier totaal afwesig. Die

bestaan van eie afsonderlike gesag, die bestaan van 'n eie afsonderlike vaderland ontbreek; sonder gesag kan daar van selfstandigbestaande onderdanigheid geen sprake wees nie; die sosiale verbintenisse binne die lokasie vertoon geen innerlike bindkrag wat dit as 'n afsonderlike sosiale ordening aanduibaar maak nie.

(2) Binne die bestaande tradisionele Bantopatroon.

By die betragting van die moontlike strukturele verband van die naturellebevolking in stedelike gebiede enersyds, en die Adviserende Komiteestelsel andersyds, met die tradisionele politieke struktuur, in die lig van ons vier prinsipiële kriteria: die bestaan van 'n sosiaal-organisatoriese eenheid, die erkenning van 'n eie vaderland, die erkenning van 'n bepaalde gesag en die gewilligheid tot onderdanigheid aan die gesag, sal ons die twee verskynsels van mekaar moet skei.

Ten opsigte van die strukturele ooreenkoms van die Adviserende Komiteestelsel met die tradisionele sisteem, moet ons enige konformiteit onmiddellik as negatief aanwys. Teenoor die tradisionele politieke gesag wat uit die gemeenskap voortkom en daarom namens die stam kan optree (Vgl. Hoofstuk III.D.), waar die reg tot gesagsbeoefening onder tradisionele omstandighede so nou saamhang met verwantskapsenioriteit en prestige binne die sosiale eenheid, (Vgl. Hoofstuk III C.l.,2. en 3), vertoon die Adviserende Komitee 'n totale verskil in wese. Die instelling is nie gebou op 'n bestaande sosiale organisme nie. Dit spreek wcl namens 'n klomp mense. Die Komitee beoefen geen gesag uit die gemeenskap namens die gemeenskap nie. Dit ontleen sy bestaansreg vanuit 'n wet gemaak deur blankes en vervul as sodanig 'n behoefte van die blanke administrators.

Die ondergeskiktes van die Komitee gehoorsaam die gesag daarvan nie uit erkenning van leierskap nie maar uit die kennis dat dit geskraag word deur die gesag van die blanke administrasie. Omdat die Adviserende Komitee in wese geen ooreenkoms met die tradisionele patroon vertoon nie en in der waarheid nêrens bewustelik by enige tradisionele gesagsinstelling sy bestaansreg

ontleen nie, het dit nie die minste innerlike of historiese verband daarmee nie.

Ten opsigte van die stedelike naturellebevolking as soveel lede van 'n ongeordende sosiale verband, is die prentjie egter anders. Gesamentlik vorm hulle geen nuwe sosiaal-organisatoriese eenheid nie. Hulle strewende wel individueel tot verwestering maar vind hulle herkoms en historiese geaardheid in 'n verskeidenheid van sosiale organismes: hulle onderskeie stamverbande. Hulle bewandel die middeweg van innerlike chaos op die botsingslyn tussen die tradisionele sosiale orde en die westerse orde. Hulle besit verbintenisse met albei ordes.

Dieselfde is waar ten opsigte van die erkenning van gesag. Die tradisionele gesagvoerders word nog deur hulle erken as die beliggaming van gemeenskapsleiers uit die ou orde. Individueel erken hulle egter vandag die blanke gesag wat uit hoofde van hulle stedelingskap oor hulle bevestig is.

Dieselfde dubbele verband geld ook die betoning van onderdanigheid. Enersyds word dikwels deur kontak te hou met familieleden in die stamtuistes of deur die gesag van kapteinsverteenwoordigers in die stede te erken, onderdanigheid aan die gesag van die ou orde betoon. Andersyds word die direkte gesag van die blanke owerheid in die stedelike gebiede erken net soos dit ook in die stamtuistes indirek bo die kapteinsgesag erken moet word.

Die landsgebied wat die stedelike naturellebevolking as hulle vaderland erken, vertoon egter nie hierdie dubbele karakter nie. Dit is waar dat die stamtuistes as die individuele herkomsgebiede aangevoel en erken word. Die insluiting van die tradisionele stamtuistes binne die staatsverband van die blanke eenhede is egter so oud dat baie min naturelle vandag in Atteridgeville hulle vaderland as 'n teenstelling tot die blanke staatkundige verband, waarin hulle betrekke is, beskou.

Ons moet daarom besluit dat hoewel die Adviserende Komiteestelsel geen strukturele verband met die tradisionele politieke sisteem het nie, die inwoners van stedelike lokasies, nog steeds

in groot mate individueel verbindbaar is met die tradisionele stambindinge omdat daar binne blanke stedelike gebiede nog geen nuwe afsonderlike eie patroon ontstaan het nie.

(3) Binne die bestaande Blanke politieke orde.

Alleen wanneer ons die derde moontlikheid nl. inpas-  
sing by die politieke ordening van die blankes beskou, vind ons 'n positiewe antwoord ten opsigte van sowel die Adviserende Komiteestelsel as die stedelike naturellebevolking ingesêel. Sowel die vaderland as die gesag van die blanke politieke sisteem word deur die naturelle-inwoners van Atteridgeville en die Adviserende Komitee aanvaar. Hulle stel hulleself aan die gesag onderdanig. Die uiteindelijke bereiking van die nodige sosiale eenheid met die blankes waardeur hulle volledig binne die blanke politieke struktuur gheberg sal wees, is vir baie die ideaal. Ons sien dit in die verklaarde strewende om die blanke lewenswyse na sy geheel volledig oor te neem.

Dit kom dan daarop neer dat die stedelike Bantoe-inwoners van Atteridgeville tans op die kruispad staan in 'n proses van kultuurverandering. Die feit dat daar deur hulle self 'n premie geplaas word op die westerse lewenswyse, verseker dat die verandering van kultuur in 'n westerse rigting sal ontwikkel. Verwestering in die noue nabysyn van 'n reeds westerse gemeenskap, kan vir baie alleen langs een weg, die maklikste plaasvind nl. deur middel van 'n proses van integrasie, volledige deelwording van die bestaande blanke westerse gemeenskap. Op geen ander terrein kan hierdie eenwording makliker aangevoer word as juis op die politieke nie. Die eerste voorwaarde vir die deelverkryging van die kant van die natuurlike sal slegs wees: die gewilligheid om die bestaande politieke gesag onderdanig te wees en om Suid-Afrika as hulle vaderland te erken. Inskakeling en eenwording op sosiale terrein kan later volg. Maar omdat die beslissingsreg oor deelverkryging aan die blanke politieke struktuur uiteindelik berus in enige verdere voorwaardes wat die blankes, die kerngroep in Suid-Afrika, kan stel, is dit nodig om na te gaan in watter mate daar reeds erkenning verleen is deur die



blankes in Suid-Afrika aan hierdie groeiende besef van deelhebbing in 'n nuwe eenheid onder die stedelike Bantoe.

2. Die mate van verbintenis met die blanke politieke struktuur.

(1) Direkte deelverkryging.

Sonder om te diep in te gaan op die aard en verskeidenheid van die verskillende onderafdelings in die politieke struktuur van Suid-Afrika, kan ons beweer dat ons in Suid-Afrika as demokratiese land aantref: 'n liggaam aan wie wetgewende bevoegdheid toegeken is: die Volksraad en Senaat; 'n liggaam aan wie uitvoerende bevoegdheid toegeken is: die Kabinet en die Goewerneur-Generaal en 'n administratiewe instelling wat die verpligting het om die bepalinge van die wetgewende en uitvoerende afdelings van die staatsorganisasie uit te voer: die Staatsdiens.

Van hierdie drie kan ons die wetgewende en uitvoerende gesag gesamentlik aandui as die soewereine staatsgesag. Die verhouding van gewilligheid tot gehoorsaamheid en die vermoë om met gesag te reguleer, die verhouding tussen onderdaan en owerheid, is vindbaar in die verhouding van die onderdane tot die Volksraad, die Senaat en die Kabinet gesamentlik. Dit is ook korrek so daar die soewereine gesag, die Volksraad en die Senaat verdwyn sodra die kiesers onder die demokratiese stelsel hulle onwilligheid om die bepalinge van die parlementêre instellinge verder te gehoorsaam, by 'n bepaalde verkiesing bekendmaak.

Naas die soewereine staatsgesag en die administrasie wat die voorskrifte van eersgenoemde werklikheid moet maak, vind ons egter in die Suid-Afrikaanse staatsbestuur adviserende rade van 'n wye verskeidenheid wat die Kabinet of uitvoerende gesag oor besondere sake mag adviseer. Hierdie rade is gewoonlik saamgestel uit deskundiges wie se raad gesoek word deur die uitvoerende gesag.

Hierdie algemene staatsorde vind sy voortsetting in sowel die wetgewende, uitvoerende as administratiewe vertakkinge op die provinsiale en dorpsraadvlak deur die delegering van magte

en bevoegdhede om op te tree in kleiner interne sake. Dit, dien/ daarop gelet te word dat die algemene staatsbeleid soos neergelê deur die soewereine staatsgesag nie deur hierdie kleiner instansies oor die hoof gesien mag word sonder die sekerheid van botsing vroeër of later nie. (Vgl. Inligtingsdiens, Naturelle-sake/ Verwoerd :1956:7.).

So vind ons dan op die vlak van die plaaslike bestuur wetgewende en uitvoerende bevoegdhede verleen aan die Stadsraad wat sy eie administrasie in stand hou vir die regulering van sy plaaslike verpligtinge. Binne hierdie verband vind ons dan die Adviserende Naturellekomitee as 'n adviserende liggaam wat die Stadsraad en die uitvoerende staatsgesag moet adviseer. (Vgl. Art.21, Wet 25 van 1945). 'n Liggaam dus met bepaalde status in die verhouding met sowel die plaaslike as die sentrale gesagsinstelling in Suid-Afrika.

Dit dien daarop gelet te word dat die Adviserende Naturellekomitee geen vergadering van spesialiste is in die sin van die ander, bogenoemde, adviserende liggame in die stelsel van staatsbestuur nie. Die Adviserende Komitee moet dien as mondstuk van 'n deel van die bevolking, die stedelike naturelle-bevolking wat nie 'n volledige aandeel in die reg van die blankes, om verteenwoordigers in die sentrale en plaaslike liggame van die land te verkies het nie. Op die werklike funksie wat die Adviserende Komitee vervul in die uitoefening van hierdie kragtens wet aan hom verleende bevoegdheid, kom ons later weer terug. Dit geld hier alleen die feit dat daar aan naturelle en aan stedelike naturelle in die besonder 'n bepaalde posisie toegeken is, hoe gering ook al, binne die blanke staatsorganisasie van die land. Deur sy reg tot advieslewering is die Komitee verbind met die uitvoerende gesagsinstellinge op die uniale sowel as die plaaslike vlak. Omdat die Komitee ook optree as kies-kollege vir die verkiesing van sommige senatore ooreenkomstig die bepalinge van die Naturelle Verteenwoordigingswet van 1936, is daar 'n aandeel verkry ook in die wetgewende gesag van die land. Daar is geen beperking geplaas op die stembevoegdheid van hierdie senaats-

verteenwoordigers/.....

verteenwoordigers nie. Dit beteken dus dat die verteenwoordigers van die naturelleburgers van die land net so volledig as die verteenwoordigers van die blankes die reg het om 'n opinie uit te spreek ten opsigte van die betaling van subsidies aan mielieboere of die Unie se buitelandse beleid.

Ook in die administratiewe sisteem van die land is daar vir die lede van die Adviserende Komitee 'n plek ingeruim binne die plaaslike stadsadministrasie by wyse van die bloksisteem. Die gebruik van die lede van die Adviserende Komitee as administratiewe amptenare op ondergeskikte vlak binne die lokasie-administrasie is deur ons elders beskrywe. (Vgl. Hoofstukke IV D.2 en VIII B.) Ander skrywers het tot dieselfde gevolgtrekking gegaan as sou hier verkose verteenwoordigers administratiewe pligte toegeken word. Ten opsigte van die Stad Bloemfontein sê Taljaard in verband met blokmanne: „By wyse van verduideliking kan hier gemeld word dat 'n Blokman in die eerste plek verkies word om die belange van die persone wat hy verteenwoordig te beskerm en as verteenwoordiger van die stadsraad by die inwoners van sy blok of wyk op te tree. In mindere mate kan hy as deeltydse amptenaar van die Raad (Bloemfontein) gereken word aangesien hy belas word met sekere geringe administratiewe pligte... ” (Taljaard: 1953: p.201). Ten opsigte van toestande in die Unie as geheel sê senator J.D. Rheinalt-Jones: „It is however becoming more common for the boards to be used as an effective arm of municipal administration. "Blockmen" are being used to supervise their own blocks or wards, and, generally speaking, the more active they are the more effective is the advisory board.” (Rheinalt-Jones: 1937: p.85).

Ons het dus hier die merkwaardige teenstrydigheid dat van persone verkies of genomineer (verkies in Pretoria) om die Stadsraad en die Staat te adviseer ten opsigte van naturelle-administrasie en -beleid, self verwag word om hierdie beleid waarmee hulle in die meeste gevalle nie saamstem nie in die praktyk uit te voer en te bestendig. 'n Toestand wat alleen na hierdie prinsipiële beskouing verwag kan word om probleme op

te lewer. Hierdie posisie wat aan lede van die Adviserende Komitee toegeken is bereik nog verder 'n toestand van rariteit as ons die werklike funksie van die Adviserende Komitee as instelling binne die blanke politieke struktuur, waarvan dit deel vorm, beskou.

(2) Die posisie van die Adviserende Komitee as drukgroep.

Die feit dat naturelle stedelike bewoners geen direkte seggenskap binne die demokratiese verkiesingsorganisasie van die land het nie, bring nie noodwendig mee dat hulle geen wyse gegun is om hulle wense aan die staatsgesag oor te dra nie. Die feit dat ons in die geval van die Adviserende Komitee (ook in Pretoria) 'n verteenwoordigende liggaam kragtens wet ingestel vind, om die wense en belange van die inwoners in 'n lokasie en van die naturelle in die algemeen, aan die plaaslike en staatsgesag oor te dra en te vertolk, bring mee dat ons die Adviserende Komitee kan sien as 'n drukgroep binne die blanke politieke struktuur op die plaaslike en uniale vlakke. Key sê ten opsigte van drukgroepe: „Pressure groups fill a gap in our formal political system by performing a function of representation beyond the capacities of representatives chosen by the voters in geographical districts.” (Key: 1953: p.152).

Indien ons sou argumenteer dat sodanige pogings tot druk uitoefening deur die Adviserende Komitee geen noodwendige sukses sal hê omdat die Komitee oor geen eie politieke mag beskik om krag aan sy aanbevelings te verleen nie, moet ons onthou dat politieke mag waardeur die volume van die aanbevelings van die Adviserende Komitee of enige ander drukgroep, beoordeel kan word, nie noodwendig duidelik meetbaar hoef te wees nie. In die woorde van Franz Neumann: „Political power is social power focussed on the state. It involves control of other men for the purpose of influencing the behaviour of the state, its legislative, administrative and judicial activities.” (Aangehaal deur Key: 1953: p.6 uit Political Science Quarterly: 65 (1950) pp. 161-180). Ook in die woorde van Key self kan die Adviserende Komitee/.....

Komitee as die verteenwoordigers van 'n bepaalde groep van mense nie sonder politieke mag wees nie: „Power may shade off by degrees from brute force to the most gentle persuasion.” (Key: 1953: p.4).

Die vervulling van die funksie van drukgroep ten behoeve van 'n bepaalde stedelike gemeenskap deur die Adviserende Komitee in Pretoria, kan nie sonder meer in beginsel afgekeur word nie. Dit is die logiese uitbouing van die kragtens wet verleende bevoegdheid van die Adviserende Komitee. Die wat min het maak tot die maksimum van verleende regte gebruik. Die feit dat die Adviserende Komitee daarom by die Stadsraad aandring op 'n mate van verantwoordelike vermoë, direkte of indirekte verteenwoordiging op die Stadsraad, die afskaffing van alle beperkende pasmaatreele op naturelle, die algemene uitbreiding van die regte van stedelike naturelle onder andere in besonder ten opsigte van die vermoë om vaste eiendom te besit, kan binne die Pretoria verband gesien word as onmoontlike eise of aspirasies van die naturelle-inwoners waaraan, ten gevolge van die heersende landsbeleid, geen gevolg verleen kan word nie. Tog is dit maar slegs voorbeeld van die te verwagte aktiwiteite in die poging om die Stadsraad in 'n bepaalde rigting te beïnvloed. Hierdie soort aanbevelinge kan wel met reg binne plaaslike verband as van minder belang geag word, gesien die lae persentasie stemme wat by die verkiesing van Adviserende Komiteelede uitgebring word en die gevolglike geringe persentasie kiesers namens wie die Komitee met reg aanbiedinge kan maak.

Wanneer, egter, dieselfde soort aanbevelinge stereotiep van ander Adviserende Komitees in die land ondervind word, (vgl. Olivier: 1955: p.196 en verder) byvoorbeeld te Kaapstad waar dieselfde waarnemings ten opsigte van die lae persentasie stem in Adviserende Komitee verkiesings gemaak is, vind ons eers die werklike optredesfeer van die Adviserende Komitee as drukgroep in wat die naturelle sou noem „higher politics”, op uniale grondslag. (Volgens die Bestuurder van die Departement Nie-blankesake in Kaapstad wissel die persentasie stem ten opsigte

van ongetroude en getroude kiesers tussen 8% en 25%. (Olivier: 1955: p.194). Dit gaan hier om die algemene koördineringsaanbevelings aan blanke Stadsrade op uniale grondslag. Die Adviserende Komitees binne die verskillende munisipale areas in die land het hulleself saamgeskakel in 'n eenheid wat sy uitdrukking vind in 'n jaarlikse kongres van Adviserende Komitees. R.H. Godlo sê in sy Urban Native Legislation: „The Congress was established in 1928, as a result of a meeting convened by Mr. A.M. Jabavu, with the object of uniting all urban advisory boards and securing an improvement of Africans in municipal locations; promoting co-operation and understanding between municipal authorities and the urban residents; and of making representations to Government and local administrative authorities.” (Aangehaal deur Simons: 1940: p.111). Hierdie uniale samehoorigheidsgevoel het dan totstand gekom binne vyf jaar na die aanvanklike aanname van die Stadsgebiede Wet in 1923. Binne hierdie sameskakeling geld die persentasie stem waarmee die verskillende Adviserende Komitees verkies is nie as van belang nie. Dit geld hier die koördineringsaanbevelings van die persoonlike aspirasies van verskillende verkose politieke leiers saamgebring van oor die lengte en breedte van die Unie.

Hierdie kontaksoeking vir die meer eenvormige aanbieding van hulle aspirasies aan munisipaliteite, is egter nie alleen beperk tot mede-Adviserende Komitees nie. Die aspirasies, waarvan ons 'n voorbeeld verskaf het ten opsigte van die Adviserende Komitee van Pretoria, (Vgl. Hoofstuk VIII A.2(1)(g) en C.1), vind sy verdere voortsetting as die verklaarde beleid van liberale skrywers en organisasies soos die Institute of Race Relations, onder blankes, sowel as die African National Congress, onder naturelle in die algemeen, sowel as die Congress of Democrats onder alle groepe in die land. Vergelyk in die verband dr. Simons waar hy sê: „In view of the large number of Africans in urban areas who have acquired a western standard of living and whose political aspirations are directed by the ideals of western democracy, I do not think that there is any prospect of effecting/.....

effecting a satisfactory adjustment between the African and the European community in these areas, except on the basis of direct representation for the African community in the local Government." (Simons: 1946: p.44).

Vergelyk ook die Institute of Race Relations wat hom in dieselfde trant uitgespreek het: „The Institute's conviction is that in any democratic state the conferment of the franchise can be determined only by the capability of the person to exercise that right. Such capability is in no way affected by the colour of his skin. (S.A.I.R.R.3: 1954: p.16). Asook: „We propose the conversion of these boards (dit is Adviserende Komitees) into bodies advising the representatives of the natives on the Town Council. Their position would be analogous to rate payers and political party organizations in European society." (S.A.I.R.R.2: 1947: p.53).

Ook die African National Congress deel dieselfde standpunt soos uit hulle konstitusie ten opsigte van politieke aangeleenthede aangehaal kan word:

„(b) Political Rights

1. Right of franchise for Africans.
2. Participation of Africans in the building of a Union policy acceptable to all sections including the Africans.
3. Representation of Africans in all Government chambers and other governing departments." (Aangehaal deur De Villiers: 1949: p.518).

Die Congress of Democrats verkondig dieselfde ideale in sy konstitusie: „Equal Political rights: the right to vote in and to stand for election to state and local-law-making bodies on the basis of Universal and Equal Adult Suffrage." (Congress of Democrats: 1953: P.31).

Teen hierdie agtergrond vorm die Adviserende Komitee in sy agitatie 'n onderdeel van 'n liberale beweging binne die land vir die volkome en in baie gevalle onmiddellike integrasie van stedelike en ander naturelle binne die bestaande blanke verbande in/.....

in Suid-Afrika. Die Adviserende Komitee word gretig sy plek gegun in die ry van organisasies wat hulle hiervoor beywer en het in die aanbieding van sy aspirasies die voordeel bo die ander dat dit 'n amptelike orgaan is, deel van die bestuursorganisme van die land.

Binne hierdie stroming is die skakeling met die verskillende Adviserende Komitees gewoonlik daarin geleë, dat lede van die Komitees ook lede van die verskillende genoemde organisasies is, veral die African National<sup>2</sup> Congress. Dit is so in Pretoria. Van leiers van albei die vernaamste politieke groepe in die lokasie het ons gehoor: „I recognise it as my national organisation." In alle regverdigheid moet ons ook erken dat meer as een van ons informante onder die politieke leiers in die lokasie beduie het, dat hulle nie akkoord gaan met sommige verbintenisse wat die African National Congress aangegaan het nie. Die verbinding met die Indian Congress word in besonder gelaak vanweë die gedagte dat die Bantoe daardeur deur die Indiërs in Suid-Afrika uitgebuit sal word.

Indien ons die verbinding tussen die doelstellings van die African National Congress en die politieke propaganda van die plaaslike politieke partye in Pretoria soek, vind ons die eerste gaping in die ketting; ondanks die ooreenkoms tussen die aanbevelinge van vorige Adviserende Komitees en die African National Congress wat ons reeds aangedui het. (Vgl. Hoofstuk VIII C.1) Behalwe vir kursoriese herhaling van clichés op vergaderings en in pamflette (Vgl. Hoofstuk VI D.7.) speel die gedagte van die uitbreiding van die posisie van die naturel en die gedagte van inskakeling binne die blanke samelewing geen direkte rol nie. Alle partye het aan ons verklaar dat sulke sake doebewus buite die lokale politiek gehou word, omdat die strewe van die African National Congress, die „bigger issues" en „higher politics", sake is waarvoor die gemiddelde lokasiebewoner geen verstand voor het nie. Die rede hiervoor in die oë van ons informante, self lede van die African National Congress, is dat die doelstellinge van die Congress geen betekenis het vir die gemiddelde



stedelike naturel nie. Dit is iets wat alleen deur „geleerde” mense verstaan word. Geleerde mense soos onderwysers, munisipale amptenare en andere wat wyer as die blote plaaslike sake kyk, mense wat hulle koerant lees. Dit is aan ons soos volg gestel: „Atteridgeville is the dying place of the African National Congress, it is a dying place of everything because the people are not interested.” Dit is egter 'n feit dat die African National Congress en ander liberale bewegings hulle kontakte in die lokasie het en op klein skaal propaganda maak. Dit is net so beslis 'n feit dat die leiers van die verskillende politieke groepe, wanneer hulle aan bewind is, volgens hulle persoonlike aspirasies besluit wat goed sal wees vir die lokasie-inwoners wanneer hulle aanbevelinge aan die Stadsraad maak. Die gedagte dat die meeste volgelinge van die partye sal volg waar daar ook al gelei word is deur die naturelleleiers aan ons uitgespreek in die woorde: „The majority of the natives have not got the experience, they just follow you blindly; they are like a lot of children really.”

Indien ons die bowegaande waarnemings as korrek aanvaar, en daar is by ons sekerheid dat dit wel korrek is, beteken dit dat die Adviserende Komitee in Pretoria en in Atteridgeville in besonder, in die aanbieding van sy voorstelle gegrond op die uiters liberale gedagte van integrasie in een of ander vorm, nie ten volle namens die gemeenskap spreek nie en dat hulle in die handhawing van verbintenisse met ander Adviserende Komitees deur die jaarlikse Kongresse, en met ander organisasies deur persoonlike lidmaatskap, ver buite die aspirasies optree van kiesers en inwoners in Atteridgeville, wat steeds slegs in terme van plaaslike politiek redeneer. Dit is egter nie vir ons om kritiek te lewer op die wyse waarop die Adviserende Komitee binne die huidige verbintenis as drukgroep optree nie, want die uitbouing van die gewettigde Adviserende Komitee as plaaslike drukgroep tot iets groter binne uniale verband, het geskied met die stilswyende goedkeuring van die staat sonder enige daadwerklike aanduiding aan die naturelle dat daar in hierdie rigting/.....

ting, moontlike geen bevrediging vir hulle aspirasies gegun sal word nie.

'n Drukgroep is egter nie slegs blote vertolker van die opinie en gesindheid van sy lede of ondersteuners nie. Key sê dit baie duidelik: „Furthermore, pressure organizations are not only reflectors of group opinion; they are also to a considerable extent manufacturers of opinion. Their leaders play an important role in determining the views of the members of the group and in pointing out and persuading them wherein their interest lie ..... This function of manufacturing opinion is closely related to the function of agitation. The leaders and permanent staffs of pressure groups are continually sounding the alarm of threatening dangers to arouse their members and prospective members. In fact, one sometimes suspects that the paid staffs of some pressure organizations thrive by attempts to panic their members by horrendous accounts of what is to come in the way of public regulation." (Key: 1953: p.153). Ook hierdie bewering kon netsowel van die Adviserende Komitee ten opsigte van die plaaslike verband in Pretoria gesê word, met die uitsondering natuurlik dat ons hier geen betaalde personeel by die partye aantref nie, tensy ons die blokmanne en hulle komitees as sodanig wil beskou. Dit is in 'n besondere sin waar ten opsigte van die twee politieke partye wat mekaar in Atteridgeville opponeer. Vergelyk maar in die verband propaganda wat gemaak is ten tye van die aanvang met die verskuiwing van die inwoners van Marabastad na Atteridgeville. (Vgl. Hoofstuk VI.D.1 1938 verkiesing). Die funksie van die beïnvloeding van die openbare mening geskied egter ook ten opsigte van die voorstellingswyse aan die inwoners van die sukses, al dan nie, van hulle aanbevelings aan die Stadsraad. Daar word dikwels doelbewus 'n gevoel van frustrasie en vyandigheid teenoor die Stadsraad gekweek. Dit is verder ook waar dat lede van die Adviserende Komitee, in hulle persoonlike hoedanigheid, steun werf vir die standpunte (Vgl. Hoofstuk VIII C.1.) van die Adviserende Komitee insake die verkryging van reg op vaste eiendom, direkte of indirekte ver-

teenwoordiging/.....

teenwoordiging op die Stadsraad en die algemene verkryging van 'n groter geïntegreerdheid van die naturelle by die blanke gemeenskap. Dit is ook waar dat die houding wat die lede van die Adviserende Komitee inslaan, waar deputasies deur die blanke instansies te woord gestaan word, die is van agitators. Te alle tye word voorgegee dat alle inwoners vierkantig agter hulle staan in eise om groter verantwoordelikheid ekonomiese behuisingkemas ens. Enige poging van die kant van die blanke administrasie om die ware mate van ondersteuning in sulke sake te bepaal, word in die sterkste taal verdoem. Hierdie selfde verskynsel doen hom ook voor in ander munisipaliteite, byvoorbeeld in Kaapstad, waar die bestuurder van die Departement Nie-blanke/sake gesê het: „Unfortunately the type (of member elected) belong to what are commonly known as the "agitator class". (Olivier: 1955: p. 194). Ten opsigte van die aktiwiteite van die Adviserende Komitee ten opsigte van die mobilisering van die openbare mening vind ons duidelike getuienis ook aan die Rand in die verslag van die Louw-kommissie waar duidelik gewys word op die aandeel van lede van die Adviserende Komitees in die organisering van 'n busboikot. (Unie van S.A. Louw-kommissie: U.G.47/50: p. 3 en 6).

Indien ons nou hierdie feite in ag neem, beteken dit kortweg dat die blankes in hierdie land, deur die instelling van die Adviserende Komitee, erkenning verleen het aan die regverdigheid van die totstandbringing van 'n drukgroep, onder naturelle, vir die uitinggewing aan hulle wense op plaaslike, sowel as op unia~~de~~ grondslag. Aangesien die leiers van hierdie drukgroep as blokmanne ook betaalde amptenare van die stedelike administrasie is, beteken dit dat die blanke administrasie hierdie „amptenare“ deur die betaling van hulle salarisse, en deur die stilswyende goedkeuring van hulle optrede, die reg gee om te agiteer vir die omskepping van die huidige Suid-Afrikaanse orde tot een waarin daarna gestreef word, om die naturelle, ten minste na die stedelike bewoners, by die blanke maatskappy te integreer.

Die reg van die Adviserende Komitee en blokmanne tot hierdie/.....

die aktiwiteite is nog nooit misken nie. Die blote bestaan van die Adviserende Komitee as aangeskakel suiwer by die blanke politieke struktuur verskaf reeds die regverdiging vir agitering om die verkryging van steeds nouer verbintenisse daarmee.

C. DIE GEVOLGE VAN VOORTBOUING OP DIE HUIDINGE TOESTAND.

1. Die huidige verhouding tussen Adviserende Komitee en die Stadsraad.

Gesien in die lig van die vorige paragrafe moet ons die leiers van die Adviserende Komitees dit ter ere na gee, dat hulle na eie oortuiging en in die kennis van hulle verbintenisse met die blanke bestuursorganismes, en in die behoefte om die blanke gelyk te word, alles in hulle vermoë gedoen het om hierdie ideale by wyse van agitatie te propageer. Juus hierdie handelswyse het meegebring dat die Adviserende Komitee, as raadgewende instelling tot voordeel van die Stadsraad, in die doel wat die wetgewer voorsien het, misluk het. Die antwoord op die vraag van die Fagan-kommissie: „Are the existing Native Advisory Boards adequate? What education or other qualifications should Boardmembers possess?” soos verstrek deur die Stadsraad van Kaapstad, kan sonder uitsondering net so op Pretoria van toepassing gewees het: „So far as Cape Town is concerned the advisory board system can hardly be described as a success. The Board feels that it is a futile body since it has no executive power whatsoever. The Board appears to possess virtually no understanding of the many and varied activities and elaborate nature of the Municipal machine. Neither does the Board appear able to see in the true perspective the position of the Native Community in relation to other sections of the city's population, nor appreciate the extent to which the ratepayers of the City can reasonably be expected to contribute financially for the benefit of the Native people.

Having no authority or executive power, the Board's usefulness and prestige are dependant on the degree of co-operation mutual understanding and respect which may be created in the course of representations and references passing between the

Board and the responsible Committee of the Council. The Board is dissatisfied with the basis upon which to secure the goodwill of the Council and to acquire influence and prestige in the location. The failure of numerous resolutions to secure the approval of the Committee is alleged to discourage the Board which has degenerated into little more than a body uttering ill-founded grievances and complaints and continually railing against authority. The Board is, however, in the wealth of requests it submit for consideration inclined to lose sight of many amenities and advantages which have been introduced as a result of its representations and to magnify its unsuccessful efforts which are mostly directed against the whole Native policy of the country. So far as concerning the questions of educational qualifications for Board members, it may be remarked that some of the wisest, level-headed counsels in the affairs of past Boards have emanated from men practically unschooled." (Aangehaal deur Olivier: 1955: p.194/5).

In sy geheel geneem verteenwoordig hierdie aanhaling ook die strekking van die ondervinding van ander plaaslike besture met die Adviserende Komitee as instelling. (Vgl.Olivier: 1955: p.472 oor toestande in die res van Wes-Kaapland). Hierdie toestand van byna skaakmat wat tussen die Stadsraad en die Adviserende Komitee heers word deur Simons soos volg gestel: „The Board can do very little more in most locations than to find out what the peoples' grievances are and place them before the council; secondly, to obstruct (ek onderstreep) as far as they can the adoption of measures that the residents oppose." (Simons 1940: p.109). Dat die Adviserende Komitee, as raadgewende instelling in stedelike gebiede, misluk het ten gevolge van die agiterende houding wat die lede daarvan ingeneem het is deur ons as 'n feit in Pretoria waargeneem. Dit is ook die gevolgtrekking waartoe ander groot munisipaliteite geraak het. Die selfde standpunt word ook ingeneem deur die Fagan-kommissie (Unie van S.A. 4 Fagan-kommissie: U.G. 28/48: parf. 32) sowel as die Louw-kommissie (Unie van S.A. 1/Louw-kommissie: U.G. 47/50: parf.202)

ten opsigte van sukses, al dan nie, van die Adviserende Komitee as instelling.

Dit is om hierdie rede dat ons geregverdig is om die blokstelsel te sien as die poging van verskeie plaaslike besture om deur die gee van 'n beperkte aandeel in die verantwoordelikheid van administrasie, 'n uitweg te soek in die doolhof van onkonstruktiewe, deur agitatie geïnspireerde, aanbevelinge van die bestaande Adviserende Komitees. Hierdie pogings, ook die pogings van die Stadsraad van Pretoria, was tot mislukking gedoem, omdat daar langs geen weg werklike verantwoordelikheid aan die naturelle, of aan enige liggaam saamgestel uit hulle gededere, toegeken kon word nie. Verantwoordelikheid vir die administrasie van die lokasie moes steeds, ooreenkomstig landsbeleid, in die hande van die blanke administrasie bly. Die natuur het dus steeds die aanhanger van die blanke sisteem gebly. By die verlening van administratiewe bevoegdheid aan blokmanne was nog nooit enige positiewe rigting aangedui waarlangs die gewekte politieke aspirasies kon ontwikkel nie.

## 2. Implikasies van die logiese uitbouing van huidige verhouding.

### (1) Logiese voortsetting.

Dit bly dus nou die vraag: wat ten opsigte van die Adviserende Komitee in stedelike gebiede gedoen moet word, gesien die duidelike vraagteken wat die ontevredenheid van die kant van die naturelle lede en die plaaslike bestuur daarvoor geplaas het.

In die oplossing van hierdie probleem, met die minimum beginsel verandering, sal ons in gedagte moet hou dat ons sal moet voortbou op 'n beginsel wat in die praktyk deur die staat erken is nl. dat stedelike naturelle 'n plek gegun moet word binne die totale blanke staatsbestuur van die land. In die lig hiervan kan ons dan die uitskakeling van die probleme van die praktyk sien, langs die weg van verdere gevolgverlening aan hierdie beginsel. Dit wil sê dat die volgende logiese stap sal wees die verlening van groter verantwoordelike mag aan 'n beheerende verkose/.....

kose liggaam oor elke bepaalde lokasie. 'n Liggaam saamgestel uit die naturelle self, met 'n verbintenis met die blanke stadsraad deur middel van direkte of indirekte verteenwoordiging op die Stadsraad. Sodanige ontwikkeling sal die enigste logiese voortbouing op die gestelde prinsiepe daarstel en die latente ontwikkelingsmoontlikheid van die Adviserende Komiteestelsel wat met die aanvanklike invoering van die stelsel in gedagte kon gewees het, uitput. Die praktiese implikasie van die instelling van so'n voorstel bespreek ons later.

In die bogaande gevolgtrekking sluit ons dan aan by skrywers soos Mathewson, Phillips, Guenault en Randall, wat so'n ontwikkeling ook as die enigste logiese beskou en dit daarom bepleit. Mathewson sê baie duidelik: „The legislators at the time undoubtedly intended Advisory Boards to be the forerunner of the granting of responsibilities which had to come in the realisation that the evolution of a people cannot be halted.” (Mathewson: 1956: p.11). In alle eerlikheid moet ons egter erken dat hierdie skrywer direkte of indirekte verteenwoordiging van naturelle op Stadsrade as prakties onmoontlik beskou.

Phillips verduidelik by implikasie dat die gedagte van direkte verteenwoordiging op Stadsrade in die verlede gesien is as die normale ontwikkelingsrigting van die huidige Adviserende Komitee, Hy sê: „As long ago as 1924 Cooper of Bloemfontein spoke tentatively of 'complete reform of the governance of Native urban communities,' but decided that, we are not ready either for the ideal (ek onderstreep) Native Council or for the secondary stage (ek onderstreep) of direct Native representation on Urban Municipal Councils.” (Aangehaal deur Phillips: 193-:341 uit J.R. Cooper: Address to the European-Bantu conference, Bloemfontein, July 1933.)

Guenault en Randall het hulle ook reeds in 1940 soos volg uitgelaat oor die ontwikkelingsmoontlikheid van die Adviserende Komitee: „The powers of the Advisory Boards are so small that it is doubtfull whether they provide any really valuable training in self-government. Presumably it is not intended that the urban

Native shall never govern himself within his own areas.....  
 This means that they must gradually be given some power over the Native Revenue Account. (Guenault en Randall: 1940:99).

Die uitbouing van die Adviserende Komiteestelsel soos deur die voorgenoemde skrywers voorgestel, noodsaak egter wetgewing van een of ander aard om die eenvormige toepassing van die verandering oor die hele Unie moontlik te maak. Asof dit juis die doel sou wees van die staat om die Adviserende Komitee langs hierdie weg uit te bou, vind ons reeds die vereiste wetgewing as die gepubliseerde wetsontwerp op Stedelike Bantoe-owerhede, 1952 (gepubliseer in die Buitengewone Staatskoerant van 22/2/52 (Vol. CLXVII nr. 4791)). Hierdie wetsontwerp moet ons sien as die gevolgverlening deur die staat aan die verslag van die Fagan-kommissie wat die verdere ontwikkeling van die Adviserende Komitee gesien het: as die verlening van groter verantwoordelikheid aan 'n verkose verteenwoordigende liggaam uit die stedelike naturelle, wie se aanwesigheid as permanente stedelike bewoners hierdie Kommissie as 'n onafwendbare feit aanvaar het. (Vgl. Unie van S.A. 4/Fagan-kommissie: parf. 30).

Die vernaamste bepalings van die bogenoemde wetsontwerp, en ook van die sewende Bylae van die Fagan-verslag (Unie van S.A. 4/Fagan-kommissie: p.76/77), is die volgende:

1. Die vestiging van stedelike naturelle-bewoners sover moontlik volgens etniese verband binne afsonderlike wyke van dieselfde lokasie. (Art. 2-4).
2. Die verkiesing van verteenwoordigers op 'n wykskomitee vir elke wyk, deur die manlike belastingbetalers binne elke wyk. (Art. 2(6) en (8)) . Dit wil sê stemreg ten opsigte van lokasie-sake word aan alle naturelle mans verleen na die bereiking van die ouderom van agtienjaar.
3. Die vorming van 'n Stedelike Bantoe-owerheid uit die wyke van die lokasie soos volg saamgestel.
  - (a) 'n Voorsitter aangestel deur die Minister van Naturellesake in oorleg met die plaaslike bestuur. (Hierdie persoon mag moontlik 'n naturel wees).



- (b) Verteenwoordigers van elke wykskomitee aangewys deur die komitee self. (Hierdie lede sal naturelle wees.)
- (c) Addisionele lede benoem deur die plaaslike bestuur onder goedkeuring van die Minister van Naturellesake. (Art.2(7)).
4. Die skakeling tussen die stedelike Bantoe-owerheid en die plaaslike bestuur word verkry deur samesprekings tussen die twee liggame ten minste een maal elke ses maande (Art.4(4)).
5. Ondanks enige verantwoordelikhede wat aan die stedelike Bantoe-owerheid toegeken mag word, behou hy steeds dieselfde adviesverpligtinge as die ou Naturelle Adviserende Komitee. (Art.3.)
6. Die pligte wat aan so'n stedelike Bantoe-owerheid onder toetsig van die plaaslike bestuur opgedra kan word, en wat alleen met toestemming van die Minister weer teruggetrek kan word, is:
- (a) Die invordering namens die plaaslike bestuur van elle gelde wat die inwoners aan die plaaslike bestuur verskuldig is;
- (b) Die uitvoering van wetsbepalings ten opsigte van die oorbekvolking van lokasies deur naturelle;
- (c) Die handhawing van wet en orde en die beskerming van die ingesetenes en hulle eiendom;
- (d) Die aanleg en instandhouding van paaie, brûe, slote, dreinerings- en rioolstelsels, die verskaffing van water en elektriese krag en die voorsiening van vervoer-, gesondheids-, en ander dienste;
- (e) Die regulering van die toekenning van akkommodasie vir woon en besigheidsdoeleindes in die lokasie;
- (f) Die voorkoming van ongemagtigde okkupasie en die verwydering van ongemagtigde okkuperders. (Art.4).
7. Die uitvoering van hierdie bogenoemde pligte moet geskied met, onder andere, finansiële vermoëns wat die plaaslike bestuur aan die stedelike Bantoe-owerheid uit die Naturelle Inkomste Rekening moet oorbetal, sowel as uit inkomste verkry uit die heffing van 'n plaaslike belasting van £1 per volwasse manlike naturel per jaar binne die regsgebied van die stedelike Bantoe-owerheid/...

owerheid. Die wetsontwerp maak hiervoor voorsiening. (Art. 5 en 8).

Daar word dus in kort die stigting van 'n kleiner munisipaliteit binne die grense van die bestaande blanke munisipaliteite voorgestel om gevolg te verleen aan die gedagte van die uitbouing van die Adviserende Komiteestelsel. Ons kan slegs daarop wys dat so'n stap sal beteken: die volkome voldoening aan die eise van die Adviserende Komitee van Pretoria ten opsigte van die behoud van die reg tot advieslewering naas die toevoeging van verantwoordelike bevoegdheid. (Vgl. Hoofstuk VIII C.1). Dat daar deur hierdie wetsontwerp dus geen poging aangewend word om die bestaande drukgroep van naturellekant ten gunste van groter integrasie by die blankes, sy offisiële status as adviserende liggaam te ontnem nie, kan ons alleen beskou as 'n verskuiving in die rigting van verdere erkenning van die feit dat die naturelle se eise tot integrasie geregverdig is.

## (2) Implikasies vir Pretoria.

Hoewel dit uiters ongewens is om op onwerklikhede te redeneer kan ons tog probeer om in die lig van ons kennis van toestande in die lokasie Atteridgeville, 'n projeksie te maak van die implikasies van die toepassing van die voorgestelde uitbreiding van die Adviserende Komiteestelsel in hierdie lokasie.

Die invoering van 'n vestigingswyse van die inwoners gebaseer op etniese verband asook die instelling van 'n wyksverkie-singstelsel, sal, na alle waarskynlikheid, soos reeds daarop gewys (Vgl. Hoofstuk VIII C.1) ten gevolge hê dat die huidige partyverdeling in die lokasie óf sal verdwyn óf 'n baie gevoelige slag toegedien sal word. So'n verdwyning van die politieke poppekas in die lokasie kan alleen aangeprys word. Dit moet egter verwag word dat die herverskuiwing van die lokasie-inwoners op 'n etniese grondslag ontevredenheid ten gevolge sal hê. Die Fagan-verslag en die voorgestelde stelsel van verantwoordelikhedsverlening aan die Adviserende Komitee, stel dit as 'n feit dat naturelle in stedelike gebiede daar permanent woonagtig is en dat die mense hier op gans ander basis as die van suiwer stam-

herkoms nuwe eenhede vorm en belange kan verwerf en verwerf het. waarom moet die „uitgediende“ stamverband by die vestigingswyse betrek word?

By die toekenning van pligte aan die wykskomitee en die stedelike Bantoe-owerheid, sowel as by die verkiesing van lede vir hierdie eenhede, moet in gedagte gehou word dat die bekwaamheid van die verteenwoordigers nou nie meer gemeet mag word aan hulle bevoegdheid om advies te gee nie, maar aan hulle vermoë om verantwoordelikheid te aanvaar en 'n doeltreffende administrasie te beheer. Ons twyfel in die eerste plaas aan die ontwikkeldheid van die gemiddelde kieser wat ten opsigte van die bekwaamheid van die kandidate sal moet onderskei. Ons ag ons hierin geregtig ten gevolge van die werking van die stemstelsel vir die huidige Adviserende Komitee (Vgl. Hoofstuk VII. J.). Daarby kan ons nie anders as om te onthou dat een van die partye juis onder die huidige bedeling die wyksverkiesingstelsel afkeur nie, omdat daar binne elke wyk nie genoeg bekwame leiers woonagtig sê wees nie. Ons neem hierby ook in ag dat albei partye die verbod wat daar geplaas is op die deelname van munisipale amptenare aan die lokasie politiek, betreur: hierdeur is verskeie leiers uit sirkulasie geneem. Ons twyfel dus aan die gehalte van trusthouerskap wat die wyksverteenvoordigers, verkies uit die geledere van die lokasie-inwoners, aan die dag sal kan lê.

Ons verwag verder dat die instelling van die voorgestelde bedeling sal meebring dat die leiers wat wel in die lokasie verkies word, ten gevolge van die verval van die interne en bestaande politieke partye, 'n poging sal aanwend om ten minste, tot op sekere hoogte, hulleself saam te snoer, vir die vorming van 'n gemeenskaplike stem teenoor die blanke Stadsraad, van wie die grootste gedeelte van hulle fondse ontvang sal moet word. Dit geld vir ons aksiomaties dat hierdie politieke groepering ook op uniale grondslag bewerkstellig sal word. Gesien die verskeie moontlike keuses voorsien ons dat die beoogde sameskakeling op uniale verband sal kan geskied deur 'n opvolger van die huidige Kongres van die Adviserende Komitees of moontlik deur middel van

die African National Congress wat deur die erkenning van die permanente aanwesigheid van naturelle in stedelike gebiede 'n groot stoot vorentoe sal ontvang.

Die toekenning van persele en geboue vir woon- en besigheidsdoeleindes en die toesiening dat daar geen oorbewoning plaasvind nie, asook die voorkoming van ongemagtigde okkupasie, deur die stedelike Bantoe-owerheid, sal steeds nog moet plaasvind onder verordeninge wat die Stadsraad van Pretoria daarstel: want die bevoegdheid om oor hierdie sake self wetlike bepalinge te maak, is spesifiek deur die wetsontwerp uitgesluit, (Vgl. Art. 4(1)(b)) van die bevoegdhede van stedelike Bantoe-owerhede. Bewoning van die lokasie Atteridgeville is onder die huidige regulasies beperk tot naturelle-arbeiders uit die stadsgebied Pretoria en hulle gesinne. In die lig van die ongerymdhede wat in die verlede plaasgevind het toe die naturelle 'n aandeel gehad het in die toekenning van huise, (Vgl. Hoofstuk VIII B.2.) in die lig van die feit dat feitlik alle besighede in die lokasie in die hande is van huidige of voormalige lede van die Adviserende Komitee, (Vgl. ook in die verband Gordin: 1945:34) en in die lig van die feit dat die verpligting om huisvesting te verskaf steeds by die Stadsraad van Pretoria volgens die bepalinge van die Stadsgebiede Konsolidasie/<sup>wet</sup> van 1945 sal berus, betwyfel ons dit baie sterk of die behartiging van hierdie plig deur die stedelike Bantoe-owerheid bevredigend sal wees. Dit is verder onrealisties om die naturelle kiesers deur hulle verteenwoordigers die reg te gee om uitspraak te lewer oor die omvang van die behuisingsverpligting van die Stadsraad omdat behuisingskemas aangepak word met en bepaal word deur die beskikbaarheid van staatsgeld en omdat dit so nou skakel met ander aspekte van die stedelike naturelle-administrasie soos toestromingsbeheer en pogings tot die kanalisering en stabilisering van naturelle-arbeid wat onveranderd in die hande van die Stadsraad gelaat word.

Ten opsigte van die bevoegdheid wat aan die stedelike Bantoe-owerheid toegeken kan word vir die instandhouding en instelling/.....© University of Pretoria

stelling van paaie, dreinerings- en rioolstelsels en die voorsiening van water-, ligte-, en gesondheidsdienste, moet ons daarop wys dat al hierdie dienste tans behartig word deur die betrokke Stadsraadsdepartement wat dit ook ten opsigte van blanke voorstede doen. Die implikasies van die instelling van totaal aparte dienste vir die lokasie ag ons vanweë die koste as geheel onprakties. Die huidige toestand sal moet voortduur. Feit is egter dat 'n groot aantal klagtes oor toestande in die lokasie juis voortspruit uit die wyse waarop die dienste tans aan die lokasie gelewer word: die aanwesigheid van kliphope in sommige strate, die afwesigheid van genoegsame teerstrate, die ontoereikende hantering van stormwater, die verstoppings in die rioolstelsel, die periodieke water tekort in die hoogliggende dele van die lokasie, die afwesigheid van genoegsame straatbeligting, elektriese kragonderbrekings ten gevolge van oorlading van die stelsel, die afwesigheid van 'n creche ens. ens. Dit moet dus voorsien word dat die inwoners dieselfde eise aan die stedelike Bantoe-owerheid sal stel. Daar laasgenoemde liggaam dit slegs weer kan terug plaas as eise en klagtes teen die Stadsraad, voorsien ons eindelose probleme in die voorsiening van hierdie dienste in die lokasie.

Ons moet verder daarop wys dat die uiteindelijke oorhandiging van die volle finansiële bestuur van die lokasie aan die naturelle-inwoners sal meebring dat hulle volgens die 1952 begroting, 'n begroting sal moet hanteer van tussen £80,000 en £90,000 wat onder blanke bestuur steeds jaarliks 'n tekort van £30,000 tot £40,000 toon. 'n Tekort waarby reeds rekening gehou word met 'n staatssubsidie van bykans £30,000. 'n Tekort wat nie aangevul sal kan word uit die vermoëns van die lokasie-bewoners nie. 'n Tekort waarby geen voorsiening gemaak is vir addisionele kapitale uitgawes wat nodig sal wees om die inwoners se klagtes ten opsigte van die bogemelde sake reg te stel nie. Die enigste ongetapte bron van inkomste is die Algemene Fondsekening van die Stadsraad waaruit hierdie tekort na die huidige aangevul word. Dit bly dan die vraag of die Stads-

raad sy weg sal oopsien vir die oordrag van gelde afkomstig uit die sakke van die blanke belastingbetalers vir besteding deur 'n liggaam waar die effektiwiteit van die aanwending nie deur die Stadsraad self gekontroleer kan word nie.

Ten slotte moet ons die aandag daarop vestig dat die lewering van dienste aan die natuurlike lokasies, gelykwaardig aan die van die blanke, en die voorsiening van doeltreffende behuising, 'n lewenswyse en lewensstandaard in die lokasie tot stand sal bring wat uit die aard van die saak veel hoër sal wees as die in enige reservaat of stamgebied. Sover ons insig strek kan die oorhandiging van die kontrole aan die natuurlike-inwoners in die stedelike gebiede oor hierdie geweldige kapitaalbelegging alleen meebring dat ons die stedelike natuur in toenemende mate as 'n integrale deel van blank Suid-Afrika sal moet erken en aanvaar. Juis deur die verhoging van sy lewensstandaard en die verandering van sy lewenswyse sterf hy totaal af van sy verwante wat nog in stamgebiede woon.

Die aanvaarding van die verantwoordelikheid deur natuurlike in die stedelike lokasie Atteridgeville, volgens die skaal wat voorgestel is, skyn daarom vir ons so verbind te wees met probleme wat in die praktyk kwalik oorkom kan word, dat ons die moontlike gevolg van so 'n stelsel as beslis onsuksesvol moet afskrywe. Hiernaas dwing die feit dat so 'n stelsel onvermydelik moet lei tot die administrering van die lokasie deur 'n invloedryke en ontwikkelde groep verteenwoordigers, wat ver bo die gemiddelde lokasie-inwoner in bekwaamheid sal moet uitstyg, ons tot dieselfde gevolgtrekking. Bestuur van hierdie aard moet gevestig wees op die waaksaamheid van die kiesers oor die wyse waarop hulle belange behartig word vir enige mate van sukses. Hierdie vermoë is voorasnog onder die natuurlike kiesers van die lokasie afwesig.

Ons kan ook nie anders as om te voorsien dat sodanige beklemtoning van die reg van natuurlike tot permanente vestiging in stedelike gebiede, noodwendig met verloop van tyd moet aanleiding gee tot die hervatting van die agitatie vir verdere integrasie op alle terreine met die blanke nie. Mathewson sê: „If the Bantu/..... © University of Pretoria

Bantu Authority must always be subservient to a local authority, a continuously increasing agitation could be expected for direct representation, whereas, if the principle of parallel development is adopted the Bantu Authority may yet become an acceptable and contented power in its own right answerable to higher authority. Realising that advancement cannot be repressed, our endeavour should be aimed at guiding and preparing the Bantu for whichever eventuality is selected, so that they will be in a position to finally attain their ambitions peacefully. (Ek onderstreep) (Mathewson: 1956:11).

Ons kan nie met Mathewson saamstem as sou die totstandbringings van parallel geskakelde selfverantwoordelike bestuurs-eenhede in lokasies langs blanke stede die moontlikheid van verdere agitatie uitskakel nie. Erens, indien dan nie op die plaaslike, dan wel op die provinsiale vlak, sal daar 'n direkte aanskakeling tussen die blanke en Bantoe-eenhede bewerkstellig moet word. Die beginsel bly vir ons in albei gevalle dieselfde. Indien die een onwenslik is moet die ander ook afgekeur word. Dit sou verder onrealisties en onbillik wees om, indien die stelsel in die praktyk, argumentshalwe, 'n sukses blyk te wees, die stedelike naturelle-inwoners wat dan in so'n hoë mate getoon het dat hulle ten opsigte van verantwoordelikhedsaanvaarding die blanke se gelyke is, selfs binne die beoogde ineengestremde verbintenis tussendie gesagsgebiede van die stedelike Bantoe-owerheid en die plaaslike bestuur, enige verdere uitbouing van hierdie verbintenis te ontsê. Tereg praat Mathewson van die ambisies van die stedelike naturel. Dit berus by geen blanke om te bepaal wat die presiese omvang daarvan is of sal wees en wanneer die Bantoe sal besluit dat die proses van gelykberegtiging met die blanke volledig voltrek sal wees nie. Die Bantoe self is die beslisser van hierdie saak. Voortdurende agitatie vir inskakeling met die blanke eenheid op plaaslike sowel as die provinsiale vlakke skyn vir ons die mees logiese toekomsprent te wees.

Met so'n duidelike stap in die rigting van die erkenning van/....

van die ambisies van die stedelike naturel, soos kragtens die weg van instelling van stedelike Bantoe-owerhede beoog word, kan ons nie saamgaan nie omdat dit onvermydelik tot die hewigste botsing tussen Blank en Bantoe in die stedelike gebiede sal moet lei. Die blanke is tans nie bereid om so'n oplossing vir die probleem wat die stedelike Bantoebevolking op politieke gebiedskap te aanvaar nie. Daar is soos ons sal aantoon ook geen vooruitsig dat hierdie gesindheid in die voorsienbare toekoms sal verander nie.

#### D. ONMOONTLIKHEID VAN DIE AANVAARDING VAN POLITIEKE SAMEGROEING

##### 1. Onwilligheid van die Blanke.

Ondanks die feit dat dit onwenslik is om ten opsigte van die probleem van die Adviserende Naturellekomitee in 'n politieke kontrovers, te beland is dit tog onvermydelik dat ons uit die voorgaande die gevolgtrekking moet maak, dat toestande onder die stedelike Bantoe en die ontwikkelingsmoontlikhede wat daar vir hulle geskep word, nie losgedink kan word van die algemene landsbeleid ten opsigte van naturelle nie: dit is juis hier waar die Blanke se onwilligheid tot samegroeiing hom baie duidelik kenbaar maak.

Sonder om op die historiese ontwikkeling daarvan in te gaan wil ons dit as 'n feit stel dat die Blanke vandag die behurende posisie in die land beklee en dat hy besonder gevoelig is vir enige beleid en maatreël wat hierdie meerdere posisie van hom sal skaad of in gevaar sal stel. Die oorsaak hiervan is nie geleë in 'n perverse besef van baasskap en rassekundige meerderwaardigheid nie, maar is geleë in die feit dat die Blanke in die 300 jaar wat hy hom in die land gevestig het, hom steeds gevoel het as die draer van die westerse beskawing en die Christelike geloofsvorm wat albei hierdie belangrike erfenisse alleen aan die omwonende Bantoe kon oordra, mits hy sy eie identiteit bewaar. Hierdie beskawings- en kersteningsbewustheid was een van die mees dwingende faktore wat in die loop van ons geskiedenis die Blanke afwysend laat staan het teen enige vorm van integrering en vermenging met die Bantoe. 'n Afwysende houding wat



maklik bewaar kon word ten gevolge van die duidelike rasse-  
 kundige en kulturele verskille tussen die twee sametreffende  
 bevolkingsgroepe.

Die belangrikste oorsaak, na ons oordeel, vir die bewaring  
 van die Blanke se eie identiteit gedurende die verloop van die ge-  
 skiedenis in Suid-Afrika, is egter die feit dat daar hier 'n af-  
 sonderlike Blanke volk sy beslag gevind het. 'n Volk met eie be-  
 lange, met 'n eie taal, die drang tot eie selfhandhawing en eie  
 beskikkingsreg oor sy nasionale vryheid. 'n Volk wat in die be-  
 reiking van hierdie status met wapengeweld enige ander as blote  
 kulturele verbintenisse met die stamlande afgeveg het. Hierdie  
 feit word deur alle skrywers erken en deur die Tomlinson-kom-  
 missie soos volg gestel: „.....maar in die afgelope 300 jaar het  
 die Blanke bevolking hier in die Unie tot 'n selfstândige en  
 volledige nasionale organisme ontwikkel, en verder ook die karak-  
 ter van 'n biologiese (rassiese) entiteit bly behou. Vir die  
 behoud en handhawing van hierdie twee beginsels: sy nasionale  
 en biologiese entiteit, sal hy vandag alles opoffer, en daar be-  
 staan nie die geringste gronde om aan te neem dat die Blanke be-  
 volking in die toekoms bereid sal wees om sy karakter as nasio-  
 nale entiteit (dit wil sê, as afsonderlike en selfstândige volk)  
 en as Blanke rassegroep prys te gee nie.” (Ek onderstreep)(Unie  
 van S.A. 2. Tomlinson-kommissie: H.25: parf.37). Geen wonder dus  
 dat die Tomlinson-kommissie onafwendbaar moes besluit: „Dit sou  
 dwaas wees om hierdie feite te verontagsaam of as van minder be-  
 lang te beskou. Dit kan nie van die Blanke bevolking verwag  
 word dat hy bereid moet wees om van sy nasionale en rassies-bio-  
 logiese bestaansreg afstand te doen nie; en dit is baie duidelik  
 dat hierdie feit as die oorheerëende feit in die Suid-Afrikaan-  
 se situasie beskou moet word.” (Unie van S.A. 2. Tomlinson-kom-  
 missie: H.25; parf. 40).

Die aanvaarding van hierdie feite bring onweerlegbaar mee  
 dat ons moet besluit dat daar van enige ewolusionêre, of vreed-  
 same, ontwikkeling van 'n proses van samegroeiing en integrasie  
 op die ekonomiese, politieke, sosiale en biologiese lewenster-

reine van Blank en Bantoe geen suksesvolle resultaat verwag moet word nie. Die stelling is in besonder waar ten opsigte van die politieke terrein waar die Blanke ten gevolge van die bepalinge van die huidige staatsorde die vernaamste vormende element is in die bereiking van enige beslissing. Dit wil sê, indien daar samegroeiing en volledige sameskakeling binne die staatsbestuur van Blank en Bantoe moet plaasvind, dit juis die Blanke sal moet wees wat die eerste wetgewende stap in die rigting doen. In die genoegdoening aan die Bantoe se aspirasies sal sulke stappe nou gedoen moet word om toekomstige probleme te voorkom. Die Blankes in Suid-Afrika is tans hiertoe beslis nie bereid nie.

Dit is waar dat ons ten gevolge van die instelling van die Adviserende Naturellekomitee, en die moontlike toekomsprojeksie van die ontwikkeling van hierdie instelling, moet besluit dat daar wel stappe in die rigting van politieke verbinding gemaak is. Ons wil egter beweer dat dit gedaan is onder druk van ekonomiese toestande en sonder deeglike inagneming van die implikasie van die stappe. Dit is gedaan beslis sonder die aanvaarding van die beginsel van uiteindelijke volkome eenwording. Dit beteken dat ons aanvaar dat by die logiese voortgang van die voorgestelde projeksie die Blanke op 'n gegewe stadium sal weier om aan die politieke verbintenis verder gevolg te verleen. So'n stap sal dan wannêr dit sou plaasvind ten regte, deur die Bantoe as 'n ongeregverdigde vertragingsaksie beskou kan word. Die gevoel van frustrasie wat langs hierdie weg kan ontstaan moet vroeër of later aanleiding gee tot botsing en bloedvergieting.

Tereg bevind die Tomlinson-kommissie daarom: „Dit is duidelik dat indien die twee bevolkingsgroepe in 'n groter mate ineen-gestrengeel raak die nodige vreedzaamheid bereik en/of gehandhaaf kan word slegs -

(i) indien die Blanke bevolking bereid is om sy opvattinge en oortuiginge so vinnig te verander dat volle bevrediging van die toenemende en reeds aktiewe behoeftes en aspirasies aan die Bantoebevolking gegee kan word; of

(ii) / .....

(ii) indien die Bantoe bevolking vir 'n onbepaalde tyd bereid is om in die bestaande toestand te berus." (Unie van S.A. 2. Tomlinson-kommissie: H. 25. parf. 55.)

Nie een van hierdie twee voorwaardes kan in die onmiddellike toekoms in Suid-Afrika in die praktyk bereik word nie. Van die bestaan van 'n ineengestremgelde staatsorde van Blank en Bantoe kan daar in die voorsienbare toekoms dus geen sprake wees nie. Indien die toekomsbeleid nie een gaan wees van doelbewuste onderdrukking van enige politieke aspirasies van die stedelike naturel en van die Bantoe in die algemeen nie, moet daar gemik word na die bereiking van die totstandkoming van afsonderlike nasionale eenhede vir die Blanke en die Bantoe bevolkingsdele van die land.

## 2. Beleidsverdeeldheid.

Ondanks die feit dat ons van die bewese onwilligheid van die Blanke om hom te berus by die uiteindelijke samegroeiing met die Bantoe sou kon aflei dat hierdie gesindheid hom in 'n gekoördineerde landsbeleid ten opsigte van naturelle sou laat uitkristaliseer, is dit nie volledig die geval nie.

Verskeie skrywers onder andere Janisch het die saak soos volg opgesom: „There are two conflicting tendencies in the Unions policy with regard to the African people. The general policy of segregation, and the continual demand that the African shall develop only along his own lines; are in direct conflict with the general demand for Bantu labour in European industrial centres and on farms." (Janisch: 1941: 4).

Ons het getoon hoe die aanwesigheid van hierdie arbeiders in stedelike gebiede aanleiding gegee het tot, onder andere, die totstandkoming van die Adviserende Naturellekomitee stelsel reeds in 1923 en hoe daar ten gevolge van hierdie stap, aan individue wat 'n aanhanklike verbintenis met die Blanke ekonomiese struktuur verkry het, die belofte voorgehou is van moontlike politieke eenwording met die Blanke ingevolge die logiese uitbreidingsmoontlikhede wat daar vanaf hierdie suiwer raadgewende basis sou kon bestaan. Dit bring dan mee dat daar twee beginsels in die

Uniale naturellebeleid onderskei sou moet word nl. (i) Die gedagte van afskeiding of segregasie soos gefundeer op die Blanke se onwilligheid tot die totstandkoming van 'n Blank-Bantoenasionale eenheidsgemeenskap: 'n gedagte wat die spoorslag was van die naturellebeleid van die Unie vanaf 1910 tot die huidige.

(ii) Die gedagte van integrasie, volledige opname binne die Blanke eenheid van arbeiders na die stede getrek volgens die behoeftes van die snelontwikkelde Blanke ekonomie. Na ons oordeel is hierdie laaste gedagte steeds ondergeskik gestel aan die eerste, gesien die uiters stadige vordering wat daar langs die weg van integrasie ondervind is. Daar is in stedelike gebiede eerder probeer om die status quo te handhaaf as om die toenemende aspirasies van die Bantoe tot verdere integrasie positief tegemoet te kom.

Dit is vir ons duidelik dat die Blanke die Bantoe nie hierin sal tegemoet kom nie. Die toestand wat hieruit voortvloei, nl. waar die Blanke sekere geregverdigde verwagtinge by die stedelike Bantoe opwek, net om dit deur 'n verdragingsaksie nog aanlokliker te maak en dit uiteindelik summier te weier, kan nie volgens enige objektiewe standarde as veroorloof beredeneer word nie.

Na ons oordeel is dit gebiedend noodsaaklik dat die hantering van die naturellebevolking van die Unie, langs watter weg ookal, moet geskied volgens 'n eenvormige en gekoördineerde beleid waarin die relatiewe plek en posisie van elke deel van die naturellebevolking in beginsel verklaar sal wees. Wisselvalligheid waar met mense gewerk word is reeds voorheen in Suid-Afrika as innerlike swakheid en innerlike verdeeldheid gesien. (Vgl. in die verband die Engelse Naturellebeleid aan die Oosgrens van die Kaapkolonie. (Wiid: 1951: 399)). Dit is om hierdie rede ook dat die Tomlinson-kommissie in sy verslag verklaar: „Die Kommissie wens.....te beklemtoon dat hy oortuig is dat 'n duidelike doelgerigte beleidsrigting en konsekwente deurvoering en koördinering daarvan 'n absolute noodsaaklikheid is.” (Unie van S.A. 2 Tomlinson-kommissie: H.25: parf.3.). Ten opsig-

te van stedelike naturelle sê Mathewson daarom tereg met dieselfde gedagte as agtergrond: „It is a matter of prime importance that the policy followed in urban Native Administration should harmonise with the policy of the country generally." (Mathewson 1956: 4.)

### 3. Regeringsbeleid.

Die onwegredeneerbare feit dat enige beleid wat op samegroeiing gemik is in Suid-Afrika ten gevolge van die onwilligheid van die blankes daartoe, tot mislukking gedoem is, en die feit dat so'n beleid ook afgekeur kan word ten gevolge van die onbillikheid daarvan teenoor die Bantoe, (Unie van S.A. 2/Tomlinsonkommissie: H. 25:Parf. 51(e)) het die Tomlinsonkommissie tot slegs een oplossing van die kontaksituasie in Suid-Afrika gedwing. „Die enigste weg waarlangs dit (rassebotsing) vermy kan word, sal wees om 'n rigting in te slaan wat voorsiening sal maak vir die bestaan van afsonderlike gemeenskappe in hul afsonderlike gebiede waar elk die volle geleentheid tot eie uitlewing en ontwikkeling sal hê." (Unie van S.A. 2/ Tomlinson-kommissie: H.25: parf: 62.) Alleen langs dié weg voel die Kommissie dat gevolg verleen kan word aan die Bantoe se strewe om die westerse lewenswyse deelagtig te word, terwyl daar ook die nodige vrywar- ing teen die gevolge van integrasie vir die Blanke sal wees. Hierdie beleidsaanduiding wat die Kommissie verskaf is suiwer in die tradisie van die Suid-Afrikaanse naturellebeleid vir die afgelope 47 jaar. Ongelukkig is die beleid van die verlede nie konsekwent in beginsel deurgevoer in stedelike gebiede nie. Met hierdie herformulering van die Suid-Afrikaanse naturellebeleid sal die innerlike teenstrydigheid van die verlede in die prak- tyk uitgeskakel moet word anders bly die meeste van ons begin- selbesware teen die toestande in stedelike gebiede nog steeds voortbestaan.

In 1956 het die huidige Eerste Minister die ideaal van to- tale gebiedskeiding tussen Blanke en Nie-Blanke met die moont- likheid van eie aparte ontwikkeling elk in sy eie tuisgebied, soos volg gestel: „Soos daardie vriende beweeg in die rigting

van totale integrasie en terwyl ons totale territoriale apartheid nie as beleid kan aanvaar nie, is ons hele beleid daarop gemik om meer in daardie rigting te beweeg, soos ek dit netnou hier gestel het..... Ek wil dit weer stel nl. dat blank en nie-blank in so'n mate territoriaal geskei en apart gehou moet word dat die blankes in hulle gebied....., nie gevaar sal loop om deur getalle oorrumpel te word nie, maar inteendeel in staat sal wees om hulleself en hulle heerskappy te handhaaf; en om dan tegelykertyd ten einde botsings tussen blank en nie-blank, wat andersinds onvermydelik sal wees, te voorkom, reg aan die naturelle te laat geskied deur aan hulle die geleentheid te gee om onder ons leiding en voogdyskap in hulle eie gebiede te ontwikkel na hulle eie aard en vermoë en om dáár die regte en voorregte te beoefen wat ons hulle om begryplike redes nie kan toelaat om in ons gebied te beoefen nie." ((Unie van S.A.3/ Hansard: 1956: kol.5618). Hierdie selfde gedagte van afsonderlike ontwikkeling van die Bantoe in hulle eie vaderlande is reeds by herhaling deur die huidige Minister van Naturellesake gestel. (Vgl. b.v. Verwoerd: 1954:9).

Die Bantoe moet, aangesien hulle verdeel kan word in diegene woonagtig in die Bantoegebiede en die woonagtig in blanke gebiede, noodwendig ten opsigte van die laasgenoemde groepe gedifferensieerde behandeling ontvang. Die vooruitsig word baie duidelik gestel dat hulle nie toegelaat sal word om vir die Blanke skadelike regte in Blankegebiede te verkry nie. Binne Bantoegebiede egter sal die ontwikkeling soos aangevoer alleen beperk wees deur die eie werkkrag en vermoë. Die spoorslag vir die aanvaarding van eie beheer in eie gebiede is geleë in die Wet op Bantoe-owerhede, 1951, (nr.68 van 1951). Minister Verwoerd het dit duidelik gestel: "Die grondgedagte is dwarsdeur, Bantoe-beheer oor Bantoegebiede namate dit vir hulle moontlik is om daardie beheer doeltreffend en behoorlik uit te oefen ten bate van hulle eie mense." (Aangehaal Coertze: 1954: 28). Die Blanke kan hom egter nie alle verantwoordelikheid ontsê ten opsigte van die voorgestelde ontwikkelingskemas nie. Daar sal

hulp verleen moet word: „Ons moet vertrouwe hê in die Bantoe se bekwaamheid om self dinge te kan doen. Laat ons hulle kans gee om foute te maak en laat ons hulle help om op te staan as hulle struikel." (Coertze: 1954: 35).

Ten opsigte van die Bantoe binne stedelike gebiede is die toepassing van die beleid van die staat reeds in 1950 duidelik gestel deur die destydse Minister van Naturellesake, die agbare dr. E.G. Jansen: „Dat daar natuurlike in stedelike gebiede sal wees, word erken, maar dit word uitdruklik verklaar dat hulle daar geen politieke of gelyke sosiale of ander regte met die blankes sal hê nie. Hulle sal verkeer in blanke gebied waar sodanige regte aan hulle nie toegeken kan word nie en waar hulle nie as permanente inwoners beskou kan word nie. In hulle eie aparte woonbuurte egter is die plan om hulle die kans te gee om langamerhand hul eie mense te bedien. Dit sal natuurlik alles onder behoorlike toesig wees en die plaaslike owerheid moet in beheer bly." (Staatsinligting: 1950: 9). Hierdie gedagtes is in 1956 deur Minister Verwoerd weereens ondubbelsinnig bevestig. (Unie van S.A. 3/ Hansard: 1956: kol. 5586).

Dit dien daarop gelet te word dat onder die bedeling gesag in stedelike gebiede sal setel by die Blanke administrasie wat na sy goeëdunke ten bate van voordele van die Bantoe-bevolking sal optree. Daar is egter soos die Minister verklaar het, niks ongerymds in die gedagte om natuurlike te gebruik in die administrasie wat die Blanke van hierdie doel daarstel nie. Die voorbehoud is egter baie duidelik dat hulle amptenare van 'n blanke administratiewe sisteem sal wees en aan die hoër administratiewe instellinge en nie aan 'n uit die inwoners verkose liggaam, verantwoordelik sal wees nie. Die aspek van die beleid is reeds in die praktyk werklikheid gemaak onder andere in die nuwe lokasie Daveyton te Benoni waar die ideaal is om die dienste wat gelewer word deur die poswese, polisie en Munisipaliteit uitgesonderd moontlike blanke senior personeel met natuurlike persone te verskaf. „Although the ultimate aim is to fill all the responsible positions with Bantoe, this process

must of necessity be a gradual one in order to ensure its absolute success." (Mathewson: 1956: 41.)

Die positiewe deurvoering van enige gekoördineerde staatsbeleid ten opsigte van naturelle kan alleen verwelkom word. Tog is daar vandag nog, ondanks die logiese beleidsuiteensetting daer wat nie gerym kan word met die aangeduide beleidsbeginsels nie. Vergelyk in die verband byvoorbeeld die aanvoring van die stelsel van stedelike Bantoe-owerhede (1952) nadat die teenoorgestelde as beleid deur die Minister aangekondig is.

Dit is uit ons voorgaande beredenering duidelik, dat waar die blanke houding soos dit uitkristaliseer in staatsbeleid tans afstuur op die totstandbringings van eie Bantoe politieke gesagseenhede in die stamlande, die blanke hom ten gevolge van die landsbeleid uitdruklik uitgespreek het teen die totstandkoming van sodanige eenhede binne blanke gebiede omdat so iets alleen integrasie in die hand kan werk. Ons kan alleen in die stadium daarop wys dat die weg waarlangs ons die moontlike ontwikkeling van die Adviserende Komitee-stelsel voorsien het nou gesluit is. Die aspirasies wat by stedelike naturelle gewek is oor die moontlike toekomstige verbintenis met die blanke sisteem is in beginsel veroordeel en teruggetrek. Daarenteen word daar nou by die stamnaturel aspirasies gewek van eie selfstandige politieke ontplooiing..... (Vgl. die toepassing van die Wet op Bantoe-owerhede nr.68 van 1951). Dit is getoon dat die huidige staatsbeleid nie in soveel woorde die totstandkoming van totaal outonome politieke eenhede in die stangebiede voorsien nie. Dit bly nou nog oor om te bepaal in watter mate hierdie ommeswaai in die praktyk by die toepassing van die beginsels van die wetenskap ondersteun of veroordeel moet word. Hieroor meer in die volgende afdeling.

Ons wys hier alleen daarop dat die huidige stelsel van Adviserende komitees soos ons dit in Pretoria leer ken het geen toekomstige bestaansregverdiging het nie: ten eerste vanweë die probleme wat reeds in die praktyk duidelik geword het (Vgl. Hoofstuk VIII C.) en ten tweede omdat daar geen plek vir so'n instelling/.....



instelling in stedelike gebiede gesien kan word vir 'n liggaam wat steeds voortbeur op die pad van groter inskakeling by die Blanke binne die raamwerk van die beleid van die staat wat ons in hierdie afdeling geskets het nie.

By enige sisteem van direkte administrasie soos tans in stedelike gebiede in die vooruitsig gestel word, is dit wenslik om kontak te vind met die gemeenskap wat administreer word. Die Adviserende Komitee kan, gesien die pligsvervulling in die verlede in Pretoria, nie in hierdie behoefte voorsien nie. Dit sal vervang moet word. Binne die raamwerk van die huidige beleid is dit verder nodig om die stedelike naturelle bevolking in verbintenis te plaas met hulle tradisionele herkomsgebiede waar die volle geleentheid tot ontwikkeling voorsien word. In die vervulling van hierdie kulturele skakeling kan die Adviserende Komitee wat suiwer op die blanke lees geskoei en binne die blanke staatsorde sy bestaansregverdiging vind, geen suksesvolle rol speel nie; allermins in Pretoria waar alle handelswyses steeds deur die opposisie onder die politieke vergrootglas beskou word.

#### E. DIE REG VAN DIE TOEGEPASTE VOLKEKUNDE OM HOMSELF UIT TE SPREEK.

Die Volkekunde en Toegepaste Volkekunde het 'n besondere reg om hulle uit te spreek ten opsigte van die verskynsels binne die Suid-Afrikaanse kontaksituasie. 'n Kontaksituasie waarin ons nie alleen die te verwagte kultuur beïnvloeding van Blanke en Bantoe onderling aantref nie; maar ook die implimentering waarneem van 'n gekoördineerde naturellebeleid waardeur gepoog word om die Bantoesamme te lei in die verandering van hulle lewenspatroon in 'n westerse rigting en waar daar ten opsigte van die groot getalle stedelike naturelle voorsiening gemaak moet word vir die herinskakeling by die ontwikkelende stamgroepe. Die reg van die wetenskap om hom uit te spreek kom voort uit die feit dat die Volkekunde hom besig hou met die bestudering van die mens en sy lewenswyse soos hy dit beoefen binne geïntegreerde volksverbande. Dit kom ook voort uit die feit dat die Toegepaste Volkekunde daardie deel van die Volkekunde is wat hom beywer vir die toepassing van die beginsels van die moederwetenskap.

moederwetenskap in die praktyk veral daar waar skielike of drasiese verandering en verwording in die lewe van volke en hul kulture intree, om watter rede ook al. By uitbreiding geld dit veral gevalle waar westerse volke die administrasie van inboorlingvolke waarneem en daar ten gevolge van so'n toestand 'n proses van verwestering plassvind met gevolglike botsings en probleme in die kultuur van die volke wat die westerse lewenswyse onder leiding van die blanke administrators deelagtig word. (Vgl. Forde: 1953: 842).

### 1. Omvang van Uitspraaksbevoegdheid.

Dit spreek vanself dat die Volkekunde as wetenskap hom nie die vermoë van 'n dikterende gesag kan toe-eien nie. Die wetenskap kan slegs leiding gee. Die definiëring van die verhouding tussen die administratiewe gesag en die wetenskap wie se beginsels daarmee gemoeid raak, is egter gebiedend noodsaaklik vir die versekering van die doeltreffende samewerking in die praktyk tussen twee kragte wat dikwels nie noodwendig hoof saam te stem nie. Ons onderskei na die praktyk drie verskillende woontlike wyses van afbakening van die onderskeie velde.

#### (1) Die Britse metode.

Die verbintenis tussen volkekundige en administrator in Britse koloniale administrasie is reeds baie oud. Volgens Forde moet die gedagte van die hulp van Toegepaste Volkekunde in die administrasie „refer to the actual application of anthropological knowledge by those administratively responsible in the formulation and execution of government policy." (Forde: 1953:841)

Dit beteken dus dat die administrasie die mikpunte van beleid bepaal, dit is dus as aanvaarde wenslike oogmerke vooropstel, en van die volkekundige alleen die feitelike besonderhede verwag wat hom instaat sal stel om volgens eie insig die tempo in die verwesenliking van die oogmerke te bepaal. In die woorde van Nadel vind ons die volkekundige „working as instructed or requested studying a particular range of problems, so that his employer can then utilize his knowledge and..... apply it to practical problems." (Sol Tax: 1953: 178). „Those in authority

are apt to welcome information only in so far as it helps them, to achieve ends already decided upon." (Mair: 1950: 186).

Hierdie verhouding tussen volkekundige en administrator bring dan mee dat dit die volkekundige as raadgewende wetenskaplike, nie veroorloof word om gedagtes oor die wenslikheid van 'n bepaalde beleid uit te spreek of om bestaande beleid self te kritiseer in die lig van die tempo waarmee dit volvoer word nie. Hierdie gedagtegang word deur sommige Engelse volkekundiges aanvaar as sou dit groter objektiwiteit en wetenskaplike suiwerheid meebring. In die woorde van G. Wilson: „The social anthropologist cannot, as a student, judge of good and evil, but only of objective social fact and its implications..... There is no scientific ideal of human welfare; there can be no scientifically authoritative direction of events; the social anthropologist is entitled, as a man, to his own moral and political views - they are no more and no less worthy of respect than of those of any other well informed citizen - but he is not entitled to pass them off as „scientific“. (G. Wilson: 1940: Anthropology as a Public Service. Africa. XIII. 43-61, aangehaal Forde: 1953: 858). Vir Wilson kan die aanbevelings van die volkekundige alleen deur hierdie voorbehoud deur sowel die regering as die opposisie as bo verdenking beskou word.

Langs hierdie weg voel ons word van die wetenskaplike 'n tegnikus gemaak wat nie die reg gegun word om die volledige stelling van die wetenskap te beoefen nie, want „He can show from his knowledge of the people what would be the probable effect of certain measures, or if certain results are desired, what would be the most suitable methods of achieving them.“ maar niks meer nie. (Schapera: 1949: Some problems of anthropological research in Kenya Colony, aangehaal Forde: 1953: 860).

Ons kan dus nie met hierdie, na ons oordeel te enge siening van die moontlike aanwendingsbevoegdheid van die Volkekunde as wetenskap, saamstem nie en moet saam met Nadel verklaar: „If the anthropologist knows enough about societies to be asked; he is also a judge of how and what to plan for these societies .....

The employer should be made aware that the anthropologist has the qualifications to make definite proposals and suggestions." (Sol Tax: 1953: 179).

(2) Die metode van Beals.

Geheel na die ander uiterste is die gedagte van Beals gerig. In die aanvaarding van die reg van die Volkekunde om ook oor die goed en kwaad, die wenslikheid, al dan nie, van beleid aanbevelinge te maak, maar steeds in die vrees dat die Volkekunde sy kennis en vermoëns daardeur sal aanwend en laat aanwend tot die manipulering van 'n gegewe kontaksituasie in die belangrigting van die sterkste groep, in meeste gevalle die westerse beskawing, staan Beals die volgende metode voor. „It is time some, if not the primary, emphasis of applied anthropology should be on determining what people want and aiding them to get it rather than on how they can best be persuaded to do what people in another culture think is best for them. The latter is too often a rationalization really concealing what is thought best for the dominant culture. I would argue for cultural self determination to the fullest extent compatible with world needs..... those of sensitive consciences may sleep better of nights doing this kind of application than do those serving the cause of "policy" and administrative expediency." (Sol Tax: 1953: 183).

Ook met hierdie verklaring van die moontlike arbeidsveld van die Toegepaste Volkekunde kan ons nie saamstem nie. Die volkekundige kan hom nie, ook volgens Beals nie, die reg aanmatig om beleid te dikteer nie; maar hy hoort tog instaat en verplig te wees om ten opsigte van 'n gegewe kontaksituasie wetenskaplik gemotiveerde voorstelle te maak. Sy aanspreeklikheid vir die uiteindelijke gevolge kan slegs sover as sy aanbevelinge strek, die finale beslissing moet by die staatsgesag van watter aard ook al geleë wees. Dit sou egter weereens foutief wees en beslis onwetenskaplik wees as die volkekundige hom in sy beleidsaanbevelings laat lei deur die wense van slegs een groep binne die toestand van aanraking. Botsing en wrywing kan sy herkoms hê in die houding van albei die aanrakende groepe.

### (3) Die Amerikaanse metode.

Teenoor die bogaande twee gedagterigtings vind ons in die geval van die meerderheid van die Amerikaanse volkekundiges groter wetenskaplike balans in hulle siening van die taak van die Volkekunde in kontaksituasies. Ons wil die metode soos deur hulle voorgestaan soos volg opsom.

Die volkekundige het die reg om te aanvaar dat hy ten opsigte van enige gegewe situasie beleid kan formuleer waarvolgens „native cultures are to be considered and fostered in a program of social progress." (MacGregor: 1955: 428). Dat die volkekundige in die formulering van hierdie beleid die wense en die ontwikkelingsgewilligheid van albei aanrakende groepe inag moet neem, spreek vir hierdie mense uit ondervinding ten opsigte van hulle eie beleid teenoor die Rooihuide, (Vgl. MacGregor: 1955: 422 et. seq. en Kennard: 1953: 834 et. seq.) sowel as ondervinding opgedoen in die hantering van Japanese krygsgevangenes wat as immigrante na Amerika gekom het. Van hierdie laasgenoemde groep sê Leighton, aangehaal deur Kennard en MacGregor: „Leighton, in his study, *The Governing of Man*, which describes the research at Camp Poston, makes explicit an important point that was largely ignored in the early experience of anthropologists in the Bureau of Indian Affairs, namely, that it is equally important to study the assumptions, social organization, and behaviour patterns of the administrative group, as well as those of those administered, since the two groups constitute an interacting continuum." (Kennard: 1953: 837).

Beleid kan dus volgens die Amerikaanse metode geformuleer word met inagneming van die gesindhede van albei die aanrakende groepe. Die feit dat die volkekundige hom moontlik hierin mag laat lei deur sy eie vooroordele daar hy moontlik lid van een van die aanrakende groepe kan wees, iets waarvoor die Britte so bang is, word as 'n moontlikheid genoem, maar nie as van groot belang geag nie. Die bereiking van wetenskaplike objektiwiteit is vir die Amerikaners blykbaar makliker as vir die Britte. Die bereiking van 'n neutrale en wetenskaplik suiwere houding teen-

oor die feite materiaal word deur die Amerikaners as 'n bereikbare moontlikheid aanvaar. (Vgl. Barnett: 1956: 182).

Hierdie reg van die Volkekunde om hom uit te spreek oor beleidsaangeleenthede, om dit selfs te kritiseer, sal nogtans vrugteloos wees tensy die skakeling tussen beleidsbepaler en die volkekundige so nou is dat die een met vrug uit die ander se kennis kan put. Hoewel so'n toestand ten dele nog bewustelik bepleit moes word, is dit ten opsigte van die hantering van die Trustgebied van die Verenigde State in die Stille Oseaan Eilande, (Vgl. Barnett: 1956: H. III & IV) en in die hantering van Japannese krygsgevangenes reeds in die praktyk suksesvol getoets. Leighton stel dit soos volg: „We thus became aware of what would seem to be a basic principle in the application of social science to a fastmoving administrative program, namely, that the research staff have direct access to the policy-makers and participation in policy meetings. This does not mean responsibility in operation; it means that there be a constantly open channel from the research work to the top group in the administration who make policy from day to day.” (Leighton: The Governing of Man: 1946, p. 396. Aangehaal Barnett: 1956: 173). Hierdie noue skakeling wat by die ander metodes ontbreek, het sy herkoms in die aanvaarding van die volkekundige as iemand wat gekwalifiseerd is om 'n positiewe bydrae tot beleidsformulering en die uitwerking daarvan te lewer.

Die evaluering van die praktiese toepassing van beleid en die aanbieding van oplossings vir probleme wat voortspruit uit die navolging van 'n bepaalde beleid is eweneens die taak van die Toegepaste-volkekundige. (MacGregor: 1955: 427). Hierdie evaluering en praktiese voorstelle moet geskied aan die hand van deeglike veldnavorsing. (Barnett: 1956: 62). Verandering wat voorgestel word moet deeglik rekening hou met die wense en belange en kulture van die geadministreerde gemeenskap. Volgens Barnett geld as hoofsaak: „that change should be orderly and that it should not take place at the expense of genuine values in the subject culture.” (Barnett: 1956: 62 & 137).

Die volkekundige is dus hier geen aanhanger van die administrasie nie maar by uitstek navorser-adviseur. Hy het naas die behoeftes van die administrasie ook sy eie wetenskaplike toetsstene waaraan sy bevindinge moet voldoen.

Vir die suksesvolle invoering van samewerking langs hierdie weg tussen volkekundige en administrator geld egter die noodsaaklikheid van die verskaffing van basiese volkekundige kennis en oriëntasie aan amptenare wat andere moet administreer wat nie draers is van die eie kultuur nie. In die woorde van MacGregor: „The anthropologist should contribute to the orientation and specific training of public administrators entering upon a cross cultural program.” (Macgregor: 1955: 428). Hierdie onderrig is nodig, nie in die Britse sin om die administrators gewillig te maak tot samewerking met volkekundiges nie (Vgl. Mair: 1950: 188), maar om 'n bewussyn te kweek van die omvang van die moontlike bydraes van die volkekunde tot die bereddering van praktiese probleme van die administrasie.

Die feit dat die volkekundige onder al hierdie praktiese verpligtinge steeds wetenskaplike bly, word beklemtoon deur die erkenning van sy reg om ook navorsing te doen suiwer ingestel op die teoretiese behoeftes van die vak eerder as op die praktiese sy. (MacGregor: 1955: 427).

Dit moet egter beklemtoon word dat waar 'n bepaalde beleide weg ingeslaan is, die volkekundige by sy aanbieding van praktiese hulp aan daardie beleid gebonde is. Beleid word nie verander na die wense van die Volkekunde nie en die finale beslissing daarvoor berus by die staatsgesag wat per slot van rekening ook ander dwingende faktore as die objektiewe wetenskaplike gesigspunte in aanmerking moet neem. (Barnett: 1956: 66). Om nou daarteen te waak dat die volkekundige nie vrywillig die insig gebore uit die beginsels van die wetenskap verruil vir die navolging van 'n immorele onderdrukkingsbeleid nie, het die Amerikaanse „Society for Applied Anthropology” vir hulleself morele rigsgoere van optrede vasgelê wat in hoofsaak die volgende beskryf:

„That no applied anthropologist may undertake a commission on/.....

on behalf of any interest, or segment, or section of a group, which anthropologically we recognize as an interrelated system of human relationship, without a specific avowal, to those on whose behalf he undertakes the task, of his intention of taking the whole into account. He should recognize also that actions taken on behalf of any such group may create crises in the system or in individual members, and that it is the duty of the applied anthropologist to point out the needs for other measures not previously included in the group's program, to provide for recovery after such crises or disturbances have occurred.

That the applied anthropologist should recognize a special responsibility to use his skill in such a way as to prevent any occurrence which will set in motion a train of events which involves irreversible losses of health or the loss of life to individuals or groups or irreversible damage to the natural productivity or the physical environment." (Human Organization: 10 No. 2. 1951, p.32 Aangehaal: Barnett: 1956: 183).

Dit wil dus sê, na 'n verdere aanhaling uit die Kode deur Redfield: „the applied anthropologist must never maintain that he is merely a technician unconcerned with the ends toward which his scientific skills are directed." (Report of the Committee on Ethics. Human Organization. VIII No. 2. 1949. Aangehaal Redfield in Sol Tex: 1953: 181).

Die beslissing van die korrekte moraal in sy aanbevelinge en optrede berus in die eerste instansie by die volkekundige self en in die laaste instansie by die geskiedenis wat oor die uiteindelijke gevolg van sy bemoeiinge uitspraak gee. Hoeveel meer gewens is 'n benadering soos hierdie as die waar alleen die geskiedskrywer uitspraak gee in die handelswyse van 'n administrator wat hom van ongekoördineerde volkekundige kennis moet medien! Na ons oordeel is die suiwerste toetssteen vir die moraliteit van die aanbevelings van enige volkekundige, sy bereidwilligheid om juis die teendeel van sy aanbevelinge te bepleit as een of genoegsaam van die faktore wat 'n rol gespeel het in sy beslissing onherroeplik verander.



Van die drie verbintenismoonlikhede tussen die administrasie en die Volkekunde geld die Amerikaanse vir ons as die mees aanvaarbare.

## 2. Uitspraak in die Suid-Afrikaanse situasie.

Indien ons nou die Amerikaanse metode en gedagtegang op die Suid-Afrikaanse kontaktsituasie toepas na sy eerste fase, nl. die formulering van doeltreffende beleid, geskied dit in die stellige verwagting dat die volkekundiges van hierdie land die geleentheid gegun sal word om ook in die verdere fases, in die praktyk, in groot getalle mee te help met die praktiese implementering daarvan sowel as in die aanbeveling van die tempo waarteen beweeg moet word.

Volgens die Amerikaanse metode kan ons binne die Suid-Afrikaanse situasie die volgende feite as van deurslaggewende rol beskou in die bepaling van enige beleid.

(a) Die bestaande staatsbeleid, vir die afgelope 47 jaar en langer gebou op 'n gedagte van afskeiding van die Bantoe.

(b) Die onwilligheid van die Blanke om een te word met gemeenskappe wat ten gevolge van hulle getalle oorwig, andersoortige kultuur, en die bestaan van 'n eie nasionale organisme onder die Blanke, 'n besliste katastrofale botsing en vernietiging van die Blanke kultuur te weeg sou bring indien kulturele en biologiese samegroeiing wel sou plaasvind.

(c) Die gretige gewilligheid van die Bantoe om die westerse lewenswyse te aanvaar, dikwels slegs na die uiterlike en die gevolglike innerlike verval van die tradisionele lewenspatroon.

(d) Die aanwesigheid van groot getalle Bantoe, vir opeenvolgende geslagte arbeiders, binne die oerwegend Blanke gebiede. Die gevolglike losmaking van hierdie mense van eie stamverbande en die feit dat hulle ondanks hulle langdurige aanwesigheid op kwalik meer as nominale integrasie in die Blanke organisme kan roem.

(e) Die aanwesigheid van 'n gevolglike gevoel van frustrasie by hierdie mense.

(f) Die noodsaaklikheid om voorsiening te maak vir die ver-

westering van die tradisionele lewenspatroon van die Bantoe, vanweë, die hunkering wat by hulleself bestaan na die westerse, die noue geografiese kontak tussen hulle gebiede en die van mense met 'n westerse lewenswyse en, die feit dat die natuurlike potensiaal van die naturellegebiede deur die tradisionele verbouingsmetodes onherwinbaar vernietig word.

(1) Indien die volkekundige in die lig van die bogenoemde feitelike toestand beleid moet voorstel, kan dit alleen geskied onder die alles-oorheersendegedagte van verwestering van die lewenswyse van die Bantoe: Verwestering egter met die duidelike inagneming van die stadige tempo wat gevolg sal moet word vanweë die moeilikheid wat 'n groot massa mense het om oor te skakel van een lewenspatroon na 'n ander, veral waar die lewenspatrone ver van mekaar verskil. Verder sal daar ook moet rekening gehou word met die positiewe waardes wat in die tradisionele kultuur aanwesig is, om persoonlikheidsontwrigting tot 'n minimum te beperk. Dit moet dus 'n proses van verwestering wees wat ten doel het die innerlike kulturele assimilasië eerder as die blote uiterlike oornam van materiële goedere en tegniese prosesse.

(2) Op dieselfde wyse kan die volkekundige se aanbeveling vanweë die duidelike gewilligheid van die Blanke om sy afsonderlike nasionale volksbestaan selfs met wapengeweld te verseker, en die onteenseglike verlies van menseleuens en menslike lyding wat enige verpligte inskakeling van die Bantoe, selfs die reeds verwestertes ten gevolge sal hê, alleen gestel wees teen enige gedagte van integrasie. Juis daarom kan hy van die Blanke eis die bereidwilligheid om die Bantoe as selfstandig onafhanklik-ontwikkelende volksgroepe in eie vaderlande, te erken, en om homself te weerhou van alle gebruike waardeur hyself deur die skepping van 'n onderlingverbonde samelewing, veral op die ekonomiese terrein, steeds vir die Bantoe die begeerlike kroon van integrasie in die vooruitsig stel. Ten slotte kan die volkekundige ook van die Blanke eis dat alle redelike hulp aan die tdstandkoming van hierdie nuwe Bantoe volkseenhede verleen word.

Die gesindheid van die Blanke in die maak van die voorgestelde opofferings en die erkenning van die volledige ontwikkelingsmoontlikhede in die Bantoegebiede is die voorwaarde vir die regverdiging van die derde voorstel.

(3) Ten gevolge van die onmoontlikheid van enige afsienbare toekomstige hoop vir die gewilligheid van die kant van die Blanke vir integrasie tussen Blank en Nie-blank, en vanweë die spanninge en lyding waarmee so'n proses noodwendig sal moet geskied kan daar nie voortgegaan word om selfs in die geringste mate die verwagting hiertoe by die Bantoe op te wek by wyse van bestaande praktyke ten opsigte van Bantoe woonagtig binne Blanke gebiede nie. In besonder dui ons hier op die voortbestaan van instellings soos die Adviserende Naturellekomitee. Die aanskakeling tussen die stedelike Bantoe en die ontwikkelende eenhede in die stamgebiede moet op waardige wyse gescek word sodat dit duidelik aangedui is dat hierdie mense hulle ideale alleen binne die stamtuistes, wat onvervreembaar vir hulle aangewys is, moet soek.

In hierdie aanbevelinge vind ons ons dus in volkome ooreenstemming met die aanbevelings ten opsigte van beleid van die Tomlinson-kommissie. Hoewel ons dit moet toegee dat die huidige staatsbeleid nie in alle opsigte na die verklaring daaryn 'n uitvoering saarstel van ons voorstelle nie, is die uitkristalisering daarvan in die praktyk baie na aan die ideaal wat ons hier wetenskaplik probeer fundeer het. Indien die beleid soos deur ons verduidelik in hoofsaak deur die staat uitgevoer word, moet ons die beleidsrigting as gesond aanmerk en bevind dat die Adviserende Naturellekomitee, uit die ervaring van die praktyk, uit hoofde van die staatsbeleid en uit die wetenskaplike bevonde ideaal, geen verdere bestaansreg in die Suid-Afrikaanse verband het nie.

Dit kan nou met reg gearchumenteer word dat die Volkekunde sy kennis deur die propagering van so'n beleid tot die beskikking stel van 'n bedeling wat daarop bereken is om deur druk en manipulasie te bewerkstellig: die verwestering van die Bantoe,

iets wat teen tradisionele stamstelsel indruis;grootskaalse ver-  
 skuiwing van mense wat reeds bekend geraak het met 'n moderne  
 westerse lewenstandaard,na gebiede waar die bereiking daarvan  
 nie onmiddellik moontlik sal wees nie. Die hele beleidsvoorstel  
 sou dan om daardie rede moreel af te keur wees,omdat daar van  
 volledige selfbeskikkingsreg van die tradisionele kultuur geen  
 sprake is nie. Die antwoord wat op so'n bewering gegee kan word  
 is,dat die verandering van die lewenswyse van die Bantoe noodwan-  
 dig sal moet tred hou met hulle aanpassingsvermoë aan 'n nuwe or-  
 dening en dat die gevolge wat te voorsien is indien geen manipu-  
 lasie in hierdie ineengestrengelde situasie geduld word nie,veel  
 erger ontwrigting in die hand sal werk as die bogaande voorstelle  
 sal bewerkstellig. In die woorde van Barnett kan ons verklaar:„It  
 (anthropology)acknowledges manipulation,and it acknowledges the  
 moral responsibility of the anthropologist for his part in it or  
 in any decision to which he contributes." (Barnett:1956: 185).

#### F. VOORSTELLE VIR DIE TOEKOMS TEN OPSIGTE VAN DIE ADVISERENDE KOMITEE.

Indien ons nou vir die praktiese toepassing van die beleid  
 soos ons dit hierbo geskets het, voorstelle moet maak en motiveer  
 ten opsigte van die veranderde posisie wat aan stedelike naturel-  
 le toegeken moet word, kan ons dit in die lig van ons navorsing  
 alleen langs die volgende weg doen.

##### 1. Afskaffing van die Adviserende Naturellekomitee.

Die huidige stelsel van Adviserende Naturellekomitees sal  
 moet afgeskaf word tesame met enige sub-komitees wat daarmee in  
 die Pretcrias<sup>e</sup> verband verbind is. Hierdie aanbeveling ge-  
 skied omdat die Adviserende Komitee sy huidige bestaansreg ont-  
 leen aan die bevoegdheid wat kragtens wet aan naturelle in ste-  
 delike gebiede verleen is om hulle belange as 'n aparte groep,  
 onverbonde met stamtoestande, waar ander instellinge geld, te  
 propageer en aan die blanke owerheid oor te dra. So'n liggaam  
 kan in die toekomsbedeling wat ons in die vooruitsig stel, geen  
 nuttige funksie te vervul hê nie. Die feit dat die lede van  
 die Adviserende Komitee in Atteridgeville na die oordeel van die  
 administrasie en ookna ons oordeel hulle eerder as agitators  
 wat eise stel bewys het, as om gewilligheid tot samewerking te  
 openbaar, geld ook as motivering vir ons aanbeveling. Nie omdat  
 sodanige optrede binne die huidige verbindings inherent ver-  
 keerd is nie, die reg daartoe word in die wet nie misken nie  
 maar/..... © University of Pretoria

maar juis omdat die Adviserende Komitee in die verlede deur die stelling van eise in sy aanbevelinge nie noodwendig rekening gehou het met die werklike gevoelens van diegene wat hulle verteenwoordig het nie. Ons dink hier byvoorbeeld aan die herhaaldelik beklemtoonde afkeer aan enige vorm van stamdanse en enige ander vorm van tradisionele ontspanning; asook die feit dat die Adviserende Komitee in Atteridgeville te eniger tyd in die verlede nie die werklike reg gehad het om te beweer dat die sienswyse van albei partygroepe in die lokasie deur hulle as mondstuk, as verteenwoordigers van die inwoners, die ore van die administrasie bereik het nie.

## 2. Afskaffing van die Blokstelsel.

Die Blokstelsel soos ons dit in Pretoria en in Atteridgeville leer ken het, kan ook 'met vrug afgeskaf word. In beginsel is ons daarteen, omdat ook die blokmanne as sodanig spreek namens 'n arbitrêr bepaalde inwonergroep wat geen ander belange gemeen het as juis die wat in die lokasie sy herkoms het nie. Na die praktyk is ons daarteen, ten gevolge van die politieke verbintenis tussen blokman en Adviserende Komitee en die feit dat die administrasie desondanks die funksionariesse ingeskakel het by die blanke administratiewe sisteem. Ons het dit reeds veelvuldige kere genoem dat afgesien van die feit dat die blokman en sy komitee, deur sy verkiesing en hulle benoeming, polities nie verteenwoordigend van die inwoners van selfs daardie blok is nie, dit uiters onwenslik is om die onpartydigheid van die blanke administrasie in gevaar te stel deur die gebruik van persone wat nie aan die administrasie verantwoording verskuldig is nie en oor wie se moontlike politieke bevoordeling daar geen kontrole bestaan nie.

## 3. Afskaffing van die Adviserende Komitee Kongres.

Ons wil ook voorstel dat die Native Advisory Board Congress, of enige opvolger daarvan, as 'n erkende instelling, afgeskaf word. Die feit dat stedelike naturelle deur hierdie liggaam die reg verkry het om hulle op uniale basis te organiseer en daardeur agiteer vir volledige integrasie by die Blanke, word/....

word afgewys omdat daar juis aan hierdie integrasionistiese rigting geen verdere voortgang verleen kan word nie. Dit is nie die bedoeling van die voorstel dat die Adviserende Komitee Kongres summier kragtens wet verbied moet word nie. Dit is geen kragtens wet ingestelde liggaam nie. Dit sou ook wensdenkery wees om enige verdere agitatie van die Bantoe-kant vir integrasie by die Blanke met die streep van 'n pen te wil laat verdwyn. Ons bedoel hier slegs dat dit praktiese beleid sal word dat die uniale Departement van Naturellesake geen erkenning aan hierdie liggaam se vergadering sal verleen deur, soos in die verlede verteenwoordigers of waarnemers daarheen te stuur nie, en dat plaaslike besture nie gewillig sal wees om die onkoste van afgevaardigdes uit hulle lokasies daarheen te vergoed soos soms die geval in Pretoria was nie. Langs hierdie weg dan sal daar ten minste die offisiële erkenning van die geregverdigde bestaan van 'n uniale drukgroep onder naturelle ten gunste van integrasie met die Blanke, wëggeneem word.

Ons vind die aangeduide verbintenis in doelstelling tussen die Adviserende Komitee Kongres en die African National Congress en ander liberale instellinge van Blanke kant nie so belangrik dat dit direkte optrede regverdig nie. Veel belangriker is dit om hierdie mense die regverdiging te ontnem dat hulle as verkosenes van soveel duisende stedelike naturelle vir integrasie agiteer. In hierdie eise spreek hulle na ons oordeel nie volgens die gevoel van die massa wat hulle verteenwoordig nie. Hierdie doel sal bereik word onder andere deur die uiteindelijke afskaffing van die Adviserende Naturellekomitee as verkose instelling.

#### 4. Behoud van Blanke administrasie.

Dit is ons voorstel dat die posisie van superintendent as die direkte punt van blanke kontrole oor die lokasie behou word. Dit is ons oortuiging dat enige gedagte van die ontwikkeling van 'n verantwoordelike liggaam in die lokasie aan wie verantwoording gedoen moet word oor aspekte van die administrasie, soos voorsien in die Wetsontwerp op Stedelike Bantoeowerhede 1952,

afgewys moet word as integrasionisties en daarom onversoenbaar met enige gedagte van verbinding van die stedelike naturelle bevolking met die stangesag. Dit is nie ons bedoeling om enige liggaam saamgestel uit die inwoners van die lokasie te veronderstel wat namens die inwoners hulle goedkeuring of misnoeë met die superintendentsadministrasie kan uitspreek nie. Die praktyk het in Atteridgeville geleer dat sodanige ontevredenheid onder die inwoners maklik genoeg aan die lig kom. Alwat vereis word is snelle optrede en doeltreffende kontrolering van die handelwyse van die superintendent deur sy meerderes in die administrasie. Dit is ons oortuiging dat enige klagtes oor die ongeoorloofde gebruik van sy gesag deur die superintendent in 'n baie hoë mate uitgeskakel kan word deur die aanstelling van persone wat die nodige akademiese kwalifikasies verwerf het en die nodige persoonlikheidskwaliteite besit.

In die lig van ons navorsing en die bevindinge van ander (Vgl. Mathewson: 1956) skrywers voel ons beslis ten gunste van die indiensname van sowel naturelle as moontlik as ondergeskikte amptenare onder die superintendent vir die bediening van die Bantoerepubliek. Sodanige optrede is geregverdig mits dit duidelik onthou word dat hierdie mense amptenare van die blanke administrasie sal wees en bly. Ons vind in beginsel daar niks mee verkeerd dat die pos van superintendent oor 'n bepaalde lokasie of die pos van onder-superintendent, aangedui word as 'n posisie waarheen sulke Bantoe-amptenare kan aspireer nie. Dit moet egter vir die interne funksionering van die administrasie duidelik gestel word dat dit dan die absolute maksimum daarstel waarheen sodanige Bantoe-amptenare binne die Blanke administrasie kan uitstyg.

##### 5. Etniese vestiging.

Alvorens ons oorgaan tot die aanduiding van watter instellings die bogenoemde afgekeurde eenhede moet vervang, wil ons dit graag duidelik stel dat ons besef dat die stedelike Bantoe ten gevolge van die aansien wat die huidige lede van die Adviserende Komitee as die leiers van die gemeenskap geniet, by

die afskaffing van die Adviserende Komitee en die daarmee verbandhoudende instellinge, deur dié mense tot protes aangespoorsal word. Dit is daarom nodig dat die Staat by herhaling sy onwilligheid om hierdie instellinge te laat voort duur as implemente van integrasie, baie duidelik stel en aan die Bantoe dit voorhou dat die volledige bereiking van hulle ontwikkelingsaspirasies alleen in die stamgebiede geduld sal word. Ons wil dit ook beklemtoon dat blote beleidsverklarings in hierdie rigting sonder dat dit wat beloof word reeds in 'n mate tasbaar en sigbaar sal wees in die stamgebiede, nie die gewenste oortuigingskrag sal hê nie.

Dit is vir ons aksiomaties dat daargeen moontlikheid bestaan van die bereiking van 'n funksioneerbare verbintenis tussen die Bantoe van die stad en van die stamgebied sonder die daarstelling van ten minste sommige ooreenkomstige belange nie. Die vernaamste van hierdie bestaande ooreenkomstige belange wat in die stede met vrug uitgebou kan word is die etniese en taalverband van die Bantoe wat deur hulleself nog in ere gehou word.

Dit is om hierdie rede dat ons geregverdig voel om te onderskryf dat in alle nuwe lokasies wat beplan word ingevolge regeringsbeleid, die inwoners verplig<sup>word</sup>/om te woon volgens etniese verband. In reeds bestaande lokasies soos Atteridgeville is dit wenslik dat sodanige vestigingswyse gestadig ook werklikheid gemaak word.

By die erkenning van die noodsaaklikheid van etniese vestiging bedoel ons nie noodwendig afbakening van die inwoners volgens stamherkoms uit hoofde van onderdanigheid of voormalige onderdanigheid aan 'n bepaalde stamkaptein nie, maar ten eerste vestiging in ten minste die hoof taal- en kultuurgroepe onder die Bantoe van die Unie, tw. Sotho, Nguni, Venda, Shangana-Thonga ens. Dit is ons oortuiging dat samewerking met die uniale arbeidsburo-stelsel verkry behoort te word om sover doenlik te verseker dat die arbeiderskorps van kleiner sentra etnies homogeen gehou sal word.

Langs die weg word daar dan in stedelike lokasies wyke tot



stand gebring waarbinne die inwoners ten minste ten opsigte van die minimum 'n gemeenskapsbewussyn, gegrond op taalooreenkoms sal besit. Die geweldige individualisering wat in stedelike lokasies ten gevolge van verwestering intree sal hierdeur ten minste in 'n mate minder aktief werkzaam wees.

Waar binne een lokasie, soos byvoorbeeld Atteridgeville, die inwoners in 'n oorwegende mate van een taalgroep is, is dit nodig om in die vestigingswyse verdere aandag te verleen aan fyner etniese verband. In hierdie geval onderdanigheid of vroeëre onderdanigheid aan bepaalde stamkapteins. Sodanige vestigingswyse veronderstel 'n deeglike opname van die etniese herkoms van die inwoners van die lokasie.

Ons kan egter verklaar dat waar in die praktyk sodanige vestigingswyse sou meebring dat mense van verskillende stamherkoms vanweë die eise van die praktyk in een wyk tereg sou moet kom, dit nie noodwendig 'n verkragting van die beginsel van etniese vestiging meebring nie. Die administrasie is egter in so 'n geval verplig om bewustelik voorkeur te verleen aan een van die twee of meer samewonende groepe as die erkende. Sodanige vestigingswyse en erkenning kan geregverdig word uit die stamstruktuur, (Vgl. Hoofstuk III: (1 en 2) waar vreemdelinge wat by 'n ander stam gaan inwoon, by daardie gemeenskap se politieke struktuur geïntegreer word.

Die totstandkoming van 'n gemeenskap wat 'n eenheid of eenhede vorm op ander gronde as bloot slegs die van inwoning in 'n bepaalde stedelike lokasie is vir ons te Atteridgeville dubbeld gewens omdat dit na ons oordeel die vernaamste waarborg vorm vir die verdwyning van die bedrywighede van die verskillende politieke partye wat hulle propaganda rig tot die massa en nie tot een of ander groep binne die lokasie nie. Die bestaan van politieke partye binne Atteridgeville in diens van die „belange" van slegs hierdie gemeenskap het in die verlede ten gevolge gehad dat die politieke samehörigheid sy uitbreiding ook na ander terreine van die lewe gehad het. Ons dink hier aan die totstandkoming van begrafnisverenigings, vrouevereni-

gings en jeugverenigings van die verskillende partye naas bewerings as sou aanhorigheid aan bepaalde politieke groepe ook 'n invloed gehad het op die verhouding tussen lede van dieselfde kerk, lede van die personeel van dieselfde skool asook op die verhouding van winkelier tot klant. Die totstandkoming van nuwe sosiale eenhede binne stedelike gebiede langs die weg en die voorbeeld van die westerse patroon kan nie bewustelik afgeweer word nie. Daar kan alleen getrag word om te verseker dat hulle steeds verband sal hou met die basiese etniese verdeling in plaas van die huidige politieke; volgens die huidige waar die omgekeerde geld word stedelike naturelle as 'n totaal aparte groep van die stamnaturel bevestig.

Ten slotte wil ons ten opsigte van hierdie voorstel slegs meld dat die populêre beskouing as sou etniese groepering in lokasies aanleiding gee tot gevegte onder die stamme wat so verdeeld naby mekaar sal woon, na ons oortuiging ongegrond is. Samespreking met hooggeplaaste polisie-offisiere het bewys dat die oorwegende aantal gevalle van werklike struweling waar 'n verdeling volgens stamverband ter sprake was, voorgekom het in kampongs waar dit verwag kan word dat die afwesigheid van enige verantwoordelikheid teenoor die eie gesin, tot enige vorm van baldadigheid aanleiding sal kan gee. Waar struwelinge wel in stedelike lokasies voorgekom het, was dit in hoofsaak gegrond op verskille wat hulle ontstaan het binne die stedelike omgewing waarin die mense saamleef en nie gebou op stamherkoms nie. Dit geld hier hoofsaaklik die aanhorigheid aan bepaalde bendes. Atteridgeville het enige vorm van massageweldpleging nog nooit geken nie. Dit sou vir ons uiters eienaardig wees as sodanige geweldpleging onder die voorgestelde bedeling sou plaasvind: die ernstigste faktor van stryd, nl. die politieke verdeling word juis verwyder.

#### 6. Instelling van Kapteinsverteenvoordigers.

Die twee<sup>de</sup> belangrike brug wat ons by wyse van praktiese voorstel wil slaan tussen die toestande in die stedelike lokasie en die stamtuislande is die volgende:

Dit is vir ons noodsaaklik dat die huidige sisteem van blokmanne vervang deur een waar die leiding binne elke etniese wyk geneem word deur 'n plaaslik benoemde verteenwoordiger van die kapteinsgesag in die stangebied. Sodanige kapteinsverteenvoordiger sal benoem moet word deur kapteins wie se bevoegdheid hiertoe op grond van senioriteit of die oorweging van getalle van sy onderdane onder die inwoners van 'n bepaalde wyk deur die staat en die plaaslike administrasie erken moet word. So'n benoemde kapteinsverteenvoordiger moet tegelykertyd 'n bevredigende besoldigde amptenaar van die lokasie-administrasie gemaak word. So'n plaaslike amptenaar moet beperkte verantwoordelike bevoegdheid binne sy wyk uitoefen en ten opsigte van daardie verpligtinge volkome verantwoording aan die superintendent, die draer van die blanke gesag in die lokasie, verskuldig wees. So'n benoemde kapteinsverteenvoordiger kan dan bygestaan word deur 'n raad deur homself benoem uit die inwoners van sy wyk onderhewig aan die instemming van sy kaptein en die administrasie.

In hierdie beklemtoning van die uitbreiding van kapteinsgesag tot binne stedelike lokasies is ons voorstel nie sonder president nie. Dit is 'n welbekende en aan ons bewese feit onder die naturelle in Atteridgeville dat sommige kapteins of hulle verteenwoordigers die lokasie periodiek besoek met die oog op die bewaring van kontak met stamgenote; meesal met die doel om bydraes in te vorder tot die stamfonds vir die implementering van verbeteringe in die stangebied. Ander kapteins beskik reeds oor hulle eie aangestelde verteenwoordigers vir die stedelike area van Pretoria, maar ten gevolge van die verspreide woonwyse van stamgenote en die feit dat hierdie verteenwoordigers geen offisiële erkenning geniet nie, voer hulle 'n kwynende bestaan. Die verkryging van doeltreffende kontak met stamgenote berus tans alleen op die bereidwilligheid van die stamgenote tot onderwerping aan en erkenning van die stamgesag.

Die feit dat by so'n skema hoofsaaklik gebruikgemaak sal word van die tradisionele leierskorps van die Bantoe, die kapteins en sy verwante, afstammelinge van die kapteinshuis, is

ook nie 'n vergesogte gedagte binne die bestaande raamwerk te Atteridgeville nie. Van agt van die vernaamste politieke leiers wat ons in die lokasie oor hierdie saak ondervra het, was presies die helfte lede van die kapteinshuis van een of ander Bantoe-stam. Slegs twee kon geen besondere stamverband aandui nie en van hierdie twee was een uit Basoetoeland afkomstig. Een van die agt, die hoofleier van die Transvaalparty, was die aangestelde kapteinsverteenvoordiger van die Bahwaduba van Hammanskraal vir Pretoria.

Ons sien hierdie voorgestelde kapteinsverteenvoordigers in die eerste plek as die kulturele gesante van die stamkaptein aan sy onderdane in die stad. Iemand dus wat deur die kaptein gebruik kan word om die nodige kontak met sy onderdane te behou; iemand wat namens hom belasting kan vorder; iemand wat namens hom kontrole kan uitoefen oor diegene wat hulle in die stamgebied misdra en in die stede in anonimiteit probeer verdwyn. 'n Waardevolle middel dus in die verskerping van kontak tussen die stam en die individu wat in stedelike gebiede kom werksoek.

Ons sien hierdie kapteinsverteenvoordiger in die tweede plaas egter ook as administratiewe amptenaar, besoldig deur en in diens van die blanke administrasie, aan wie hy verantwoording verskuldig kan wees vir die handhawing van wet en orde binne sy wyk, die beslegting van kleiner geskille, die aanbeveling van applikante vir permitte om bier tuis te brou, die aanbeveling van aansoeke om leë huise in sy wyk; „kortom die normale funksies van die huidige blokman met die verskil dat die superintendent in hierdie geval die reg van optrede en selfs skorsing met kennisgewing aan die betrokke kaptein sal hê as hierdie amptenaar hom misdra.

Ons wil by die inwerkingstelling van hierdie stelsel uitdruklik waarsku teen die moontlikheid om hierdie wykshoof, deur die inwoners van die wyk te laat verkies, of selfs om sy moontlike raad of komitee so te laat verkies. Demokratiese verkiesing is 'n begrip geheel vreemd aan die kultuur van die Bantoe soos ons dit in Hoofstuk III verduidelik het. Die invoering

Daarvan moet uiters versigtig oorweeg word. In die lig van ons navorsing in Atteridgeville moet ons beslis afwysend staan teen so'n stelsel, ten eerste omdat die stemstatistiek die geringe belangstelling van die inwoners getoon het ( Vgl. Hoofstuk VII J. 5.), Al sou hierdie beswaar verval ten gevolge van die invoering van die stamverbintenis en die organisering van verkiesing op 'n kleiner basis, binne die wyk, bly dit nog steeds 'n onbetwisbare feit dat verkiesings gepaard gaan met propaganda-making, gepaard gaan met die bevestiging van die voortreflikheid van die een of ander kandidaat vir die bevordering van die belange van die inwoners. Ons het hier te doen met die aanwysing van 'n amptenaar en 'n kapteinsverteenvoerder. Die te verwagte onwilligheid van 'n verkose amptenaar om met die superintendent saam te werk sal slegs die misstande van die blokstelsel herstel en weereens die vraag open of so iemand aan die superintendent of aan die inwoners wat hom verkies het verantwoordig verskuldig is. Teenoor die kaptein wat dan die verkosene van stedelike inwoners slegs moet erken, sal onwilligheid tot samewerking 'n ongelukkige posisie van skaakmat skep waardeur die beoogde versterking van die stamverbintenis juis onmoontlik gemaak sal word.

Hoewel ons dit op hierdie stadium nie wil aanbeveel nie, wil ons daarop wys dat die implementering van bogenoemde stelsel die weg open vir die toekenning van beperkte wetlike regspraakbevoegdheid oor kleiner sake aan die kapteinsverteenvoerder. Die uitbreidingsmoontlikheid van so'n stelsel sal eers in die praktyk volledig duidelik word.

Die hoofsaak is egter dat die bogaande vir ons die enigste weg skyn te wees waarlangs die bestaande politieke verbintenis tussen Blank en Bantoe in hierdie land binne stedelike gebiede nie tot verdere samegroeiing hoef te lei nie.

## HOOFSTUK X.

### SAMEVATTING.

#### A. TIPERING.

1. Die Adviserende Naturellekomiteestelsel soos ons dit binne die stedelike gebied van Pretoria aantref, verteenwoordig, binne die gesigsveld van ons prinsipiële uitgangspunte, nie die gesag van 'n eie selfstandige politieke organisme nie. Dit omvat nie die totale beliggaaming van die politieke lewe van die inwoners van die lokasie Atteridgeville nie.

2. As 'n sisteem, skakel dit nie met, of vind nie sy herkoms uit, die tradisionele politieke struktuur nie. Hoewel die inwoners van die lokasie Atteridgeville ten dele die stamgesag nog erken, skakel hulle politieke owerheidsliggaam nie daarmee nie.

3. Die Adviserende Komiteestelsel is in werklikheid 'n uitbreiding van die blanke politieke en administratiewe struktuur. Dit vorm alleen een van verskeie gesagsinstansies wat van blanke kant oor naturelle in stedelike gebiede bevestig is. Deur die toekenning van 'n besondere adviesreg aan hierdie Komitee, wat die inwoners van die lokasie verteenwoordig, het die naturelle-inwoners van die lokasie deel geword van die blanke politieke struktuur waarbinne hulle as drukgroep op die plaaslike en uniale vlakke, deur middel van die Komitee, hulle aspirasies verkondig.

#### B. BRUIKBAARHEID.

1. Die Adviserende Naturellekomiteestelsel vertoon hom in die huidige praktyk onvrugbaar en onbruikbaar vir die doel waarvoor dit deur die blankes ingestel is, omdat die lede in die aanbieding van hulle advies 'n onrealistiese agitatorshouding inslaan. Dit vloei binne die Pretoriase verband voort uit die wyse waarop die Komitee verkies word waardeur die lede van die Komitee, as verteenwoordigers van een politieke party, sonder

enige/....

enige offisiële opposisie in die Komitee, deur hulle verkiesingsbeloftes gebind is om eise te stel.

2. Binne die raamwerk van landsbeleid vind ons die Komitee ook onbruikbaar daar dit aan stedelike naturelle 'n gewettigde eis om voortgang in 'n proses van politieke integrasie gee. Dit vind ons lynreg in stryd met die landsbeleid van skeiding tussen Blank en Bantoe. Dit kan nie binne enige gekoördineerde uitbouing van dié beleid pas nie.

### C. UITBOUING.

1. Binne die raamwerk van die Suid-Afrikaanse situasie ag die Volkekunde en Toegepaste Volkekunde hom geregverdig om aan te beveel dat enige beleidsverklaring ten opsigte van naturelle rekening moet hou met 'n noodwendige proses van verwestering van die Bantoeleweniswyse. Gesien die onwilligheid van die Blanke tot enige vorm van integrasie en die noodwendige lyding en bloedvergieting en persoonlikheidontwrigting, by die Bantoe, wat langs hierdie weg ondervind sal word, word daarteen uitspraak gegee.

2. In die lig van die bogaande stellingname word daarom van die Blanke die bereidwilligheid om die Bantoe 'n volledige en eie volksbestaan in sy verskeidenheid van eenhede te gun, geëis.

3. Met hierdie regverdiging staan ons die afskaffing voor van die Adviserende Komiteestelsel, die sisteem van Blokkomitees soos tans saamgestel, asook enige ander instelling wat met sodanige integrasionistiese eenhede verband hou.

4. Daar word in die plek van hierdie eenhede binne stedelike lokasies voorgestel: vestiging van inwoners binne etniese verband en die instelling van kapteinsverteenvoordigers as skakels tussen die inwoners van die lokasie aan die een kant en die stamgesag, wat uigebou staan te word, en die blanke administrasie aan die anderkant.

- Allen, C.P. 1930 : Law in the making. (Sec. edit.), Oxford.
- Allison, J.S. 1940: Urban Native Legislation. (Race Relations Vol. VII, 4.1940.
- Ashton, E.H. 1937: Notes on the Political and Judicial organisation of the Tswana. (Bantu Studies Vol.11, 1937. p. 67)
- 1938: Political Organisation of the Southern Sotho. (Bantu Studies Vol. 12, 1938. p.287).
- 1946: The Social Structure of the Southern Sotho Ward. (Univ. of C.T., Comm. from the School of Afr. Studies, New Series No. 15, Sept. 1946.)
- 1947: Democracy and Indirect Rule. (Africa Vol.17. 1947, p.235.)
- Ashton, H. 1952: The Basuto. (Oxford Univ. Press.)
- Barnett, H.G. 1956: Anthropology in Administration. (Row, Peterson & Co., New York).
- Beals, R.L. en  
Hoijer, H. 1953: An Introduction to Anthropology. (Macmillan, New York.)
- Bentley, A.F. 1949: The Process of Government. (Principia Press, Bloomington.)
- Boas, F. and  
Others 1938: General Anthropology. (Heath & Co., New York.)
- Bothma, C.V.: M.S.: Ongepubliseerde navorsing oor die politieke ordening van die Bataw.
- Brent, J.R. M.S.: Unpublished manuscript on Urban Native Administration.
- Breutz, P.L. 1941: Die politischen und gesellschaftlichen Verhältnisse der Sotho-Tswana in Transvaal und Betschuanaland. (Schriften des Kolonial-Instituts der Hansischen Universität, Band 3, Völkerkundliche Reihe I. )( Hamburg.)
- Brookes, E.H. 1934: Some Municipal Problems and how the Institute can help. (Race Relations Vol. 1,2, p.14)
- Brown, J.T. 1926: Among the Bantu Nomads. (Seeley, Service & Co., London.)
- Casalis, E. 1861: The Basutos. (James Nisbet, London).
- Coertze, T.F. 1954: Bantoe-owerhede. (Bantoe, Okt.1954. nr. 7.)
- Congress of :1953. The Threatened People. The case for a South  
Democrats : African Democracy.
- Colston Re- :1950: Principles and Methods of Colonial Administra-  
search Society tion. (Butterworth, London).
- Comhaire, :1953: Aspects of Urban Administration in Tropical  
J.L.L. : and Southern Africa. (Univ. of C.T., Comm. from the School of Afr. Studies. New Series No. 27.)



- Diamond, A.S. 1950: Primitive Law. (Sec. edit., Watts, London)
- De Villiers, R.M. 1949: Politics. (In Handbook on Race Relations in South Africa. Edit. E. Hellmann.)
- Donohugh, A.C. 1935: Essentials of African Culture. (Africa Vol. 8, p. 329).
- Driberg, J.H. 1928: Primitive Law in Eastern Africa. (Africa Vol. 1. p. 63).
- Eggleston, F.W. 1941: Search for a Social Philosophy. (Melbourne.)
- Eiselen, W. 1932: Über die Häuptlingswürde bei den Bapedi. (Africa Vol. 5, p. 297.)
- Eloff, J.F. 1952: 'n Volkekundige studie van aanpassing en ontwikkeling in die gesinslewe van die naturelle van Atteridgeville. (Magister-verhandeling, Universiteit van Pretoria.)
- Forde, D. 1953: Applied Anthropology in Government: British Africa. (In A.L. Kroeber. (Edit.): Anthropology Today.)
- Fortes, M. en Evans-Pritchard E.E. (Edit.) 1940: African Political System. (Oxford Univ. Press.)
- Field, G.C. 1956: Political Theory. (Methuen & Co., London.)
- Gordin, E. 1945: Shopping Problems in the Pretoria Location. (Race Relations Vol. XII, 2.)
- Guenault, P.H. 1946: The African in Local Government. (Race Relations Vol. XIII, 2.)
- Guenault, P.H. & Randall, R.J. 1940: Some Financial Aspects of Urban Native Segregation. (Race Relations Vol. VII, 4.)
- Gutmann, B. 1935: The African Standpoint. (Africa Vol. 8, p. 1.)
- Harries, C.L. 1929: The Laws and Customs of the Bapedi and Cognate Tribes of the Transvaal. (Hortors & Co.)
- HAVEMANN, E.A. 1951: Principles underlying Urban Native Administration in the Union. (Race Relations Vol. XVIII, 1.)
- Hellmann, E. en Abrahams, L. (Edit.) 1949: Handbook on Race relations in South Africa. (Oxford Univ. Press.)
- Herskovits, M.J. 1949: Man and his Works. (A. Knopf, New York.)
- Hoebel, E.A. 1949: Man in the Primitive World. (McGraw-Hill, New York.)
- 1954: The Law of Primitive Man. (Harvard Univ. Press.)
- Hoijer, H. 1953: Sien Beals en Hoijer.
- Inligtingsdiens: 1956: H.F. Verwoerd: Plaaslike Owerhede en die Naturellesake Staat. Openingsrede gelewer deur sy edele dr. H.F. Verwoerd, by geleentheid van die vyfde Jaarkongres van die Instituut van Administrateurs van Nie-blanke aangeleenthede/..... © University of Pretoria

hede in Suidelike Afrika op 17 September 1956. (Staatsdrukker).

- Janisch, M. 1941: Some Administrative Aspects of Native Marriage Problems in an Urban Area. (Bantu Studies Vol. 15 nr. 1.)
- Kelsen, H. 1949: General Theory of Law and State. (Transl. by A. Wedberg.) (Harvard).
- Kennard, E.A. & MacGregor, G. 1953: Applied Anthropology in Government: United States. (In A. L. Kroeber: Anthropology Today.)
- Key, V.O. 1950 Southern Politics in State and Nation. (A. Knopf, New York.)
- 1953: Politics, Parties and Pressure Groups. (A. Knopf, New York.)
- Krige, E.J. en Krige, J.D. } 1947: The Realm of a Rain-queen. A study of the pattern of Lobedu society. (Oxford Univ. Press, 3rd Impression.)
- Kroeber, A.L. 1953: Anthropology Today. (Univ. of Chicago Press) (Edit.)
- Kuper, H. en Kaplan, S. 1944: Voluntary Associations in an Urban Township. (African Studies Vol. 3. no. 4.)
- Language, F.J. 19--: Kapteinskap onder die Tlhaping. (D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.)
- 1943: Stamregering by die Tlhaping. (Pro Ecclesia, Stellenbosch.)
- Lestrade, G.P. 1928: Some Notes on the Political Organization of the Bechwana. (S.A. Jnl. of Sc. Vol. 25, p. 427)
- Linton, R. 1936: The Study of Man. (D. Appleton-Century, New York.)
- Lips, J.E. 1938: Government. (In Boas: General Anthropology.)
- Macgregor, G. 1955: Anthropology in Government: United States. (In W.L. Thomas (Edit.) Yearbook of Anthropology.)
- : Sien ook Kennard en MacGregor.
- MacGregor, J.C. 1909: Some Notes on the Basuto Tribal System, Political and Social. (S.A. Jnl. of Sc. Vol. 6. p. 276.)
- Mair, L.P. 1936: Chieftainship in modern Africa. (Africa Vol. 9. p. 305.)
- 1950: The Role of the Anthropologist in Non-autonomous Territories. (In Colston Research Society: Principles and Methods of Colonial Administration.)
- Marwick, J.S. 1918: The Natives in the larger Towns. (S.A. Jnl. of Sc. Vol. 15, p. 590.)
- Mathewson, J.E. 1955: Some aspects experienced in establishing a large Bantu Township. Address before the 27th Annual Session of the Native Advisory Boards' Congress. (Bantoe, April 1955 nr. 4.)
- 1956: Recent developments in Urban Native Administration Paper delivered at the Annual General/...

ral Meeting of the Council of the S.A.  
Instit. of Race Relations, Durban.  
(Bantoe, Mrt. April en Mei 1956 nrs. 3, 4  
en 5.)

- Olivier, M.J. 1955 : Stedelike naturelle-administrasie in Wes-Kaapland. (Magister-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.)
- Phillips, R.E. 193-: The Bantu in the City. (Lovedale.)
- Randall, R.J. : Sien Guenault en Randall.
- Rheinalt-Jones: 1934: The Social and Economic Condition of the Urban Native. (In I. Schapera (Edit.): Western Civilization and the Natives of S. A.)  
J.D.
- 1937: Natives in Urban Areas. The Natives (Urban Areas) Act, 1923 as amended by Acts 25/30 and 46/37, paraphrased and analysed with comments. (Race Relations Vol. IV, 4, p. 75.)
- 1947: Native Urban Administration. The functions of Native Advisory Boards. (Race Relations. Vol. XIII, 2, p.53.)
- Rogers, H. 1949: Native Administration in the Union of South Africa. (Sec. edit. Revised by P.A. Linnington.) (Staatsdrukker).
- Schapera, I. 1933: The Bakgatla Bagakgafêla. Preliminary report of field investigations. (Africa Vol. 6, p.402.)
- 1934: The Old Bantu Culture. (In Schapera (Edit.) Western Civilization and the Natives.
- 1935a: Field Methods in the Study of modern Culture Contacts. (Africa Vol. 8, p. 315.)
- 1935b: The Social Structure of a Tswana Ward. (Bantu Studies Vol. 9, p.203.)
- 1938: A Handbook of Tswana Law and Custom. (Oxford Univ. Press.
- 1940: The Political Organization of the Ngwato of Bechuanaland Protectorate. (In Fortes and Evans-Pritchard: African Political Systems.)
- 1947: The Political Annals of a Tswana Tribe. (Univ. of C.T. Comm. from the School of Afr. Studies, New Series no. 13.)
- 1956: Government and Politics in Tribal Societies. (Watts & Co., London.)
- Schapera, I. 1934: Western Civilization and the Natives of (Edit.) South Africa. (Routledge, London.)
- Simons, H.J. 1940: Some Aspects of Urban Native Administration (Race Relations Vol. VII, 4.)
- 1946 The Claims of the African in Municipal Government. (Race Relations Vol. XIII, 2.)

South/.....

- South African Institute of Race Relations (S.A.I.R.R.)
- 1.1941: Findings of the Urban Native Administrative Conference. 30/6--2/7/41. (Race Relations Vol. VIII, 4.)
  - 2.1947: Getuienis voor die Naturellewette-kommissie, 1946-48. (Race Relations Vol. XIV, 2.)
  - 3.1954: The Political Rights of the Coloured People. (Race Relations Vol. XXI, 2.)
  - 4.1931: 2nd Annual Report  
3rd and all following Annual Reports up to and including the 24th Annual Report (1954)
  - 5.1949: A Survey of Race Relations 1949-50; 1951-52; 1952-53.
  - 6.1943: Race Relations News. All numbers scrutinised from Jan. 1943 up to Nov. 1954.
- Spannaus, G. 1929: Züge aus der politischen Organisation afrikanischer Völker und Staaten. (Leipzig.)
- Staatsinligtingkantoor:
- 1950: Jansen: Naturellebeleid van die Unie van Suid-Afrika. Verklarings deur dr. die Agbare E.G. Jansen, Minister van Naturelle sake op 20/4/50. (Staatsdrukker.)
  1952. Verwoerd: Naturellebeleid van die Unie van Suid-Afrika. Verklaring deur Sy Edele dr. H.F. Verwoerd, Minister van Naturellesake, in die Senaat van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, 20/5/52. (Staatsdrukker.)
- Taljaard, J.C. 1953: Die Naturelle-administrasie van die stad Bloemfontein. (Magister-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.)
- Tax, S. and Others } 1953: An Appraisal of Anthropology Today. (Univ. of Chicago Press.)
- Thomas, W.L. (Edit.) 1955: Yearbook of Anthropology 1955. (Wenner-Gren Foundation for Anthropological Research Inc., New York.)
- Thurnwald, R. 1935: Die menschliche Gesellschaft in ihren ethno-soziologischen Grundlagen. Band 4.: Werden, Wandel und Gestaltung von Staat und Kultur im Lichte der Völkerforschung. (Walter de Gruyter, Berlin.)
- Tucker, A.N. 1929: The Comparative Phonetics of the Suto-Chuana group of languages. (Longmans Green London.)
- Unie van Suid-Afrika
1. 1950: Louw-kommissie; Verslag van die Kommissie wat benoem is om Onderzoek in te stel na geweldade wat deur naturelle in Krugersdorp, Newlands, Randfontein en Newclare gepleeg is. (U.G. 47/50, Staatsdrukker.)
  2. 1954/55.: Tomlinson-kommissie: Verslag van die Kommissie vir Sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, Boekdeel III, Volume 11. (Staatsdrukker.)

- 3.1956: Hansard: Debatte van die Volksraad, 4de Sitting van die elfde parlement 14-18 Mei 1956. (Staatsdrukker).
- 4.1948: Fagan-kommissie: Verslag van die Naturelle wette-kommissie 1946-48. (Staatsdrukker, U.G. 28/48.)
- Van Zyl, H.J. 1944: Voedsel en Voedselvoorsiening by die Baxa-Moletši van Noord-Transvaal. (Magister-verhandeling, Universiteit van Pretoria.)
- 1952: 'n Volkekundige studie van die Ekonomiese lewe en posisie van die Bakgatla Bagamosêthlha. (D. Philproefskrif, Universiteit van Pretoria.)
- Venables, L.I. 1946: The Relations of a Municipality with its African People. (Race Relations Vol. XIII, 2.)
- Verwoerd, H.F. 1954: Co-ordination between a sound Native Policy and Industry. (Voordrag voor die Verenigde Kamers van Koophandel, Kaapstad 26/5/54) (Bantoe Aug. 1954 nr. 5.)
- Wiid, J.A. 1951: Die Filantropiese Faktor: Britse Kleuren Grensbeleid voor 1854. (In: Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L.: Geskiedenis van Suid-Afrika Deel II) (Nasionale Boekhandel Bpk. 1951).
-